| 11.4 | Die *hersieningsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1983-1990 | 421 |
| 11.4.1 | Die taak van hersiening begin ten opsigte van die 1983 katkisasiehandleidings | 421 |
| 11.4.2 | Die redaksionele afronding van die handleiding | 425 |
| 11.4.3 | Finalisering van die handleidings | 428 |
| 11.5 | Die *vernuwingsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1990-2000 | 430 |
| 11.5.1 | Dilemma met navorsingsbronne | 430 |
| 11.5.2 | Kommentaar op die handleidings | 430 |
| 11.5.3 | Voortgaande hersiening van handleidings | 432 |
| 11.5.4 | Omvangryke rapport aan die Nasionale Sinode | 433 |
| 11.5.4.1 | Vorige ondernemings het nie gerealiseer nie. | 433 |
| 11.5.4.2 | Werkswyse | 433 |
| 11.5.4.3 | Onderhandelings met MEMA | 434 |
| 11.5.4.4 | Vordering tot einde Junie 1999 | 434 |
| 11.6 | Die *moderniseringsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 2000-2009 | 436 |
| 11.6.1 | Werkswinkel te Wapadrant | 436 |
| 11.6.2 | Bosberade September 2007 en Februarie 2008 en kursusse in gemeentes. | 436 |
| 11.6.3 | Uitgangspunte in die samestelling van die sillabus | 437 |
| 11.6.3.1 | Beginsel 1: Ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die geloofsonderrig van hulle kinders | 437 |
| 11.6.3.2 | Beginsel 2: Geloofsonderrig stel God aan die kind bekend deur die Woord | 437 |
| 11.6.3.2.1 | Godsopenbaring | 438 |
| 11.6.3.2.2 | Openbaringsgeskiedenis | 438 |
| 11.6.3.2.3 | Samevatting | 440 |
| 11.6.3.3 | Geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis | 440 |
| 11.5.3.3.1 | Geskiedenis tussen die lesse ingevoeg | 440 |
| 11.6.3.3.2 | Handleiding vir openbaringsgeskiedenis | 440 |
| 11.6.3.3.3 | Kerk (geskiedenis) | 441 |
| 11.6.3.3.4 | Koninkryk | 441 |
| 11.6.3.3.5 | Belydenis | 442 |
| 11.6.3.4 | Beginsel 3: Die doel van die onderrig is om die kind tot kennis, vertroue en uitlewing van die geloof te bring | 442 |
| 11.6.3.5 | Samevatting | 443 |
| 11.6.4 | Die indeling van die lesse | 443 |
| 11.7 | Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die periode 1970-2009 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika | 445 |
| 11.7.1 | Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1970-2009 | 445 |
| 11.7.2 | Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 | 445 |
| 11.7.3 | Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1970-2009 | 445 |
| 11.7.4 | Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 | 446 |
| 11.7.5 | Die *teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 | 446 |
| 11.7.6 | Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 | 446 |

11.7.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ....447
11.7.7.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ....448
11.7.7.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese ....448
11.7.7.8.2 Lokale en hulpmiddele ....449

# 12 'N SAMEVATTENDE KONKLUSIE

12.1 Inleidend ....452
12.1.1 Die fokuspunt ....452
12.1.2 Die probleemstelling ....452
12.1.3 Die oorkoepelende doelwit ....453
12.1.4 Die basiese hipotese ....453
12.1.5 Die samevatting ....453
12.2 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009. ....454
12.3 Die diakoniologiese faset van die kategese as kerklike diens deur die amp in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. ....455
12.4 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. ....455
12.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. ....457
12.6 Die Teosentriese faset ten opsigte van die Subjek van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. ....458
12.7 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. ....459
12.8 Die metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. ....461
12.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .... 462

Opsomming ....463
Summary ....466
Internetsoektog : sleutelwoorde ....470
Moontlike onderwerpe vir verdere studie ....472
Bibliografie ....474
Bylaag 1 ....494
Bylaag 2 ....496
Bylaag 3 ....499
Bylaag 4 ....502

# HOOFSTUK 1
# VERANTWOORDING EN ORIËNTERING

## Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

# HOOFSTUK 1 VERANTWOORDING EN ORIËNTERING


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Oriëntering | 30 |
| 1.2 | Aktualiteit | 31 |
| 1.3 | Probleemstelling | 31 |
| 1.4 | Probleemstelling raak die kategese as woorddiens | 32 |
| 1.5 | Doelwitte en doelstellings | 32 |
| 1.6 | Basiese hipotese | 32 |
| 1.7 | Metode van ondersoek | 32 |
| 1.7.1 | Die *navorsingsmetode* omvat die volgende fases | 33 |
| 1.7.2 | Heuristiek | 33 |
| 1.7.3 | Hermeneutiek | 33 |
| 1.7.4 | Mnemoniek | 34 |
| 1.8 | Die *navorsingsproses (Historiek)* | 34 |
| 1.9 | Woordverklaring | 34 |
| 1.9.1 | Geskiedenis | 34 |
| 1.9.1.1 | Geskiedenis-as-verlede | 35 |
| 1.9.1.2 | Geskiedenis-as-wetenskap | 35 |
| 1.9.2 | Wêreldgeskiedenis | 36 |
| 1.9.3 | Heilsgeskiedenis | 36 |
| 1.9.4 | Dogmageskiedenis | 37 |
| 1.9.5 | Kerkgeskiedenis | 37 |
| 1.10 | Die navorsingsproses (*Historiek*) | 40 |
| 1.10.1 | Vraagstelling aan die verlede | 41 |
| 1.10.2 | Identifisering van 'n onderwerp | 41 |
| 1.10.3 | Soektog na inligting rakende die onderwerp | 41 |
| 1.10.3.1 | Primêre bronne | 41 |
| 1.10.3.2 | Sekondêre bronne | 41 |
| 1.10.4 | Die insameling van inligting (Heuristiek) | 41 |
| 1.10.5 | Die gebruikmaking van 'hulpwetenskappe' waar dit nodig mag blyk | 42 |
| 1.10.5.1 | Bronnekritiek (Kritiek) | 42 |
| 1.10.5.2 | Interpretasie (Hermeneutiek) | 43 |
| 1.10.5.3 | Transmissie deur herinnering (Mnemoniek) | 43 |
| 10.5.4 | Stilistiese benaderings tot die verlede (Historiografie) | 43 |
| 1.10.6 | Tussentydse verslaglewering | 44 |
| 1.10.7 | Finale verslaglewering | 44 |
| 1.11 | Hoofstukindeling | 44 |

Skematiese voorsteling van die korrelasie tussen die sub-probleemstelling en die doelstellings .. 45

# HOOFSTUK 1

# VERANTWOORDING EN ORIËNTERING

## 1.1 Oriëntering

Om die verbondskinders van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kategeties te onderrig en te leer is 'n goddelike opdrag. Die kategese as verkondigende onderrig en onderrigtende verkondiging het die heilsekerheid en heilstoe-eiening van die kerkjeug as doelpunt. Die Kerk het die roeping om die verbondsjeug so te vorm en te beïnvloed dat hulle visie nie net kerklik-institutêr gerig sal wees nie, maar dat hulle sal opgroei om na vore te kom as kragtige stryders en werkers op alle lewensgebiede in die Koninkryk van God. In hierdie studie word daar gesoek na die praktiese vormgewing van die kategese in die kerklike lewe en na die teologiese uitgangspunte wat daaraan ten grondslag lê soos toegepas in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Om hierdie doelwit te bereik is 'n studie van die algemene geskiedenis van die kategese onontbeerlik, waarna die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ondersoek word.

✦ Daar word gefokus op die *kategese* en in die besonder die *geskiedenis van die kategese* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die gedoopte verbondskinders word as dooplidmate op grond van die genadeverbond kategeties met God se Woord bedien. Omdat die kategese deur die jare heen op 'n bepaalde wyse in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geskied het, kan die historiese verloop daarvan in die besonder bestudeer word.

✦ Die studie neem **kerkkatkisasie** as fokuspunt: Die Sinode van Dordtrecht, 1618-1619, het onderskei tussen huiskatkisasie, skoolkatkisasie en kerkkatkisasie. Vanweë die omvang van die studie word nét op die *kerkkatkisasie* gefokus en gegewens ten opsigte van huiskatkisasie en skoolkatkisasie word net betrek waar dit absoluut noodsaaklik is. Dit sal geskied waar die omstandighede van skoolkatkisasie en huiskatkisasie 'n besondere invloed uitgeoefen het op kerkkatkisasie.

## 1.2 Aktualiteit

Sedert die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1859 word die opdrag van God ten opsigte van die kategetiese onderrigleer van die dooplidmate, 150 jaar lank reeds uitgevoer. In hierdie opsig is dit nie net die algemene geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat histories belangrik is nie, maar die geskiedenis van die *kategese* is van ewe groot belang wanneer dit kom by die gehoorsame toepassing en uitlewing van die Woord van God. Ten opsigte van die kategese is daar relatief min op akademiese vlak geproduseer vergeleke met die ander praktiese vakke. Verskillende Nasionale Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in mindere of meerdere mate aandag geskenk aan die kategese. In die periode van 150 jaar van die bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is daar net 3 studies op meestersgraadvlak[5] en 2 op doktorsgraadvlak[6] ten opsigte van die kategese voltooi. Drie oorsigtelike en kort samevattende studies ten opsigte van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is in 1943, 1984 en 1990 geskryf.[7] Juis om hierdie rede ondersoek die navorser ook die Europese geskiedenis van die kategese om die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 'n verantwoorde perspektief te sien. Aan die einde van elke hoofstuk word die inhoud daarvan getoets aan die beginsels van die kategese wat uiteindelik in die slothoofstuk sintese bereik.

## 1.3 Probleemstelling

Die probleemstelling waarop in die studie gekonsentreer word, is om op wetenskaplike wyse navorsing te doen en op te teken wat die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is. 'n Geheelbeeld oor die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is noodsaaklik vir die evaluering en beplanning.

---

5 **Meestersgrade:**
B. VAN DER WALT, 1976. Rypheid en aflegging van geloofsbelydenis. (Verhandeling - Th.M. PU vir CHO).
G. BREED, 1989. Onderrigleer tot getuienis as 'n doelpunt van die kategese. (Verhandeling - Th.M.. PU vir CHO).
C.N. VAN DER MERWE, 1999. 'n Diakoniologiese ondersoek na kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (Verhandeling - Th.M. PU vir CHO).

6 **Doktorsgrade:**
G. BREED, 1994. Kategese en geloofsopvoeding. (Proefskrif - Th.D. PU vir CHO).
C.N. VAN DER MERWE, 2004. Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk. (Proefskrif – Ph.D. Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus).

7 **Studie ten opsigte van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika:**
C.J.H. DE WET, & J.Chr. COETZEE, 1943. Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese onderwys. Kaapstad : Nasionale Pers.
J.J. VAN DER WALT, 1984. Kategetiek I. Potchefstroom: PU vir CHO. (Klasdiktaat).
B. SPOELSTRA, 1990b Gereformeerde Kategetiek en kategese. Afdeling 2. Historiese Kategetiek. Klasdiktaat. PU vir CHO: Potchefstroom.

## 1.4 Probleemstelling raak die kategese as woorddiens

Die begrippe κατηχεω en διδασκω wys kategese in die Nuwe Testament aan as *woorddiens.* Die woorddiens in die kategese is van 'n besondere aard: dit is ***Woord-opening***, ***Woord-ontsluiting***, ***Woord-vertolking*** en ***Woord-toepassing*** vir die verbondskinders wat dooplidmate van die kerk is. Die vraag om in hierdie studie te beantwoord is: *Hóé het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kategese, in gehoorsaamheid aan God se opdrag, as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer, prakties beoefen deur Woord-opening, Woord-ontsluiting, Woord-vertolking* en *Woord-toepassing om die verbondskinders te bring tot heilsekerheid* en *heilstoe-eiening?* Om hierdie doel te bereik sal die historiese gegewens ten opsigte van kerkkatkisasie opgediep, georden en geïnterpreteer moet word.

## 1.5 Doelwitte en doelstellings

Die oorkoepelende doelwit van die studie is om na te gaan op watter wyse die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1859 in die kerklike praktyk God se opdrag om verbondskinders te onderrig, nagekom het. Die doel van die studie is gerig op die geskiedenis van die ***kerkkatkisasie*** in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

## 1.6 Basiese hipotese

Dat die navorsing oor die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal dien om groter begrip te kry van hoe die Gereformeerde Kerke God se opdrag tot kategese nagekom het.

## 1.7 Metode van ondersoek

Alhoewel dit in hierdie studie gaan om kategetiek, 'n vak uit die Praktiese Teologie, word die gebruiklike metode van Zerfass vir navorsing in die Praktiese Teologie, nie gevolg nie. Die navorser het tot die konklusie gekom dat die navorsingsmodel van Zerfass vir die Praktiese Teologie, in hierdie studie oor die geskiedenis van die katgese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, nie die beste metode is nie en dat 'n ander model gevolg moet word. Dié studie het nie die *Prinsipiële Kategetiek* as studieveld nie maar die *Historiese Kategetiek.* As gevolg van

die eiesoortigheid van die navorsingsproses ten opsigte van geskiedenis word die dissipline gevolg wat in *geskiedenis* van toepassing is (historiek). Daar word dus van die riglyne uitgegaan ten opsigte van kerkhistoriese navorsing en daarmee saam die toetsing en beoordeling van die historiese stof aan die hand van die beginsels van die kategese.

### 1.7.1 Die *navorsingsmetode* omvat die volgende fases:

#### 1.7.1.1 Heuristiek

Heuristiek is die proses waarvolgens identifisering, klassifisering, konsolidering en ordening van bronne plaasvind. Heuristiek is die kuns om deur logiese redenering stap vir stap 'n bepaalde waarheid te vind.[8] Dit is die leer van die metodiek van die ontwikkeling van waarhede deur middel van kombinasie, induksie, eksperiment, deduksie, hipotese ens.[9] Heuristiek is die proses en wyse in die geskiedeniswetenskap "waarop inligting geïdentifiseer, ingesamel, georden, en vir die doeleindes van verwerking voorberei word".[10] Heuristiek is die kuns van opspoor.

#### 1.7.1.2 Hermeneutiek

Die begrip hermeneutiek het betrekking op die tegniek van vertolking of interpretasie. Hermeneutiek is die wetenskap wat ondersoek instel na watter beginsels en met watter hulpmiddele die betekenis van geskrifte bepaal moet word.[11] Hermeneutiek is die teorie van eksegese, veral van Bybeluitlegging. Drieërlei fasette kan hier onderskei word:

- *Algemene hermeneutiek* handel oor die beginsels waardeur 'n mens hom moet laat lei by die opspoor van die sin van 'n uitspraak in die algemeen.
- *Besondere hermeneutiek* bepaal hom by een enkele geskrif of soort geskrif om alles aan te wys wat in ag geneem moet word vir 'n juiste begrip daarvan.
- *Bybelse hermeneutiek* is die inleiding ten dienste van eksegese met as onderwerp die inleidende vraagstukke betreffende die geskiedenis van die uitlegkunde, die taal en vertalings en uitgawes van die grondteks, die vorm en styl daarvan; maar veral die aanwysing van die juiste metode van die Bybelse eksegese.

---

8 Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 1981:239.
9 Vergelyk Stoker, 1961:49-107.
10 Tempelhoff, 2000:58.
11 Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 1981:211.

#### 1.7.1.3 Mnemoniek

Mnemoniek het te doen met die **basiese beginsels** waarop die geheue en gewoontevorming berus. In hierdie opsig is mnemotegniek die geheel van tegnieke of sisteme wat op die verbetering van die geheue gemik is. "A technique designed to help one's memory, e.g. listing alphabetically the items that one needs to remember."[12]

## 1.8 Die *navorsingsproses (Historiek)*

Ten opsigte van dié studie gaan die navorser die volgende navorsingsproses volg:[13]

- Vraagstelling aan die verlede.
- Identifisering van 'n onderwerp.
- Soektog na inligting rakende die onderwerp.
- Die insameling van inligting (Heuristiek).
- Die verkenning van wetenskap en tegniek.
- Bronnekritiek (Kritiek).
- Interpretasie (Hermeneutiek).
- Tussentydse verslaglewering.
- Finale verslaglewering.

## 1.9 Woordverklaring

Vooraf sal die navorser duidelikheid moet verkry ten opsigte van enkele begrippe wat vir die studie van betekenis is.

1.9.1 Geskiedenis.

1.9.2 Wêreldgeskiedenis.

1.9.3 Heilsgeskiedenis.

1.9.4 Dogmageskiedenis.

1.9.5 Kerkgeskiedenis.

### 1.9.1 Geskiedenis

*Historie*[14] het betrekking op 'ondersoek' of 'navraag' wat op die waarheid gebaseer moet wees. Die Afrikaanse woord *geskiedenis* is uit die Germaanse spraak oorgeneem waar dit in Duits

12 Deist, 1984:180.
13 Tempelhoff, 2002:41.
14 Historie kom van die Griekse en Latynse ἱστορέω en *historia* wat te doen het met die vertelling van die verlede.

*Geschichte* en in Nederland *geschiedenis* heet. Dié woord kom van die werkwoord *geskied* of *geschehen,* d.i. gebeur. Historie of geskiedenis is die bestudering van die verlede volgens bepaalde metodologiese riglyne. Dit handel oor ideë, ideale, emosies en handelinge van mense wat in 'n samelewing funksioneer. J.W.N. Tempelhoff [15] stel: *Geskiedenis is 'n dissipline wat met die bestudering van die mens en die proses van verandering binne 'n tydruimtelike konteks verband hou. "Geskiedenis, blyk dit, het betrekking op die bestudering van die menslike verlede."*

Dreyer[16] tref 'n tweërlei onderskeid:
Geskiedenis-as-verlede.
Geskiedenis-as-wetenskap.

#### 1.9.1.1 Geskiedenis-as-verlede

Die term ***geskiedenis-as-verlede*** dui op die mens waar hy besig is om homself en sy wêreld te bewaar, af te breek en op te bou in gehoorsaamheid aan bepaalde waardes en norme; m.a.w. die mens wat gedurig besig om is te bewaar en op te bou omdat hy dink dit is die beste, of besig is om wat is, om te skep tot wat die mens meen dit behoort te wees. Die mens is in hierdie saak die aktiewe en die passiewe party. Geskiedenis sluit alles in wat met die mens en sy wêreld gebeur het en wat hy gedoen het.

*Geskiedenis-as-verlede* sluit alles in aangaande die mens, die doen en late, denke en geloof, liefde en haat, vreugde en smart, opbou en afbreek, oorlog en vrede, voorspoed en rampe – *alles aangaande die mens en sy wêreld.* Dreyer dui hierdie bonte menigvuldigheid aan met die term **die mens in sy leefwêreld.** *Geskiedenis-as-verlede* dui op die mens in sy leefwêreld, maar dan gesien in 'n **bepaalde tydsperspektief,** nl. die verlede. Geskiedenis-as-verlede handel oor die verlede en nie oor die hede en die toekoms nie. Die hede is die oomblik in die tydsverloop waar die navorser self staan en die verlede is die ganse totaliteit van die tydsverloop wat daardie oomblik voorafgaan.

#### 1.9.1.2 Geskiedenis-as-wetenskap

***Geskiedenis-as-wetenskap*** is 'n bepaalde wetenskap en moet aan die vereistes van die wetenskap voldoen. Die belangrikste vereistes is:

---

15 2002. Verhuidiglikte Verlede. Die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis. Vanderbijlpark: Kleio. 285 p.
16 DREYER, P.S. 1971. Kerkgeskiedenis, Heilsgeskiedenis en algemene geskiedenis. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 1:1-11.

1.9.1.2.1 Wat ***inhoud*** betref, het wetenskaplike aktiwiteit een doel, nl. ***kennis***, wat *wetenskaplike kennis* genoem word. Wetenskaplike kennis is kennis wat opgedoen is volgens streng geykte metodes; genoegsaam gefundeer is; verifieerbaar is deur enigeen met die nodige bekwaamheid; en algemeen geldig en objektief is.[17]

1.9.1.2.2 Wat ***vorm*** betref, is dit 'n vereiste dat 'n wetenskap 'n bepaalde, betreklik omvangryke gebied as studie-objek moet hê en dat die wetenskaplike kennis sistematies aangebied moet word. Wat die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, is die studievoorwerp die **geskiedenis-as-verlede**, soos die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor die saak van die kategese gehandel het. Die enigste gegewens wat die navorser aangaande 'n studie onderwerp het, is "oorblyfsels wat uit die verlede in die hede oorgebly het en wat hoofsaaklik bestaan uit dokumente en momente".[18] Die navorser moet dus die saak van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika met besonder geykte metodes uit die oorblyfsels bestudeer en daaruit die verledewerklikheid rekonstrueer. Die resultaat van die navorser se arbeid bied hy dan aan in die vorm van 'n verhaal van die verlede. Die resultaat is egter nie net 'n **reproduksie** van die dokumente en momente nie; dit is 'n **rekonstruksie** uit die oorblywende gegewens uit die verlede.

### 1.9.2 Wêreldgeskiedenis

Die algemene geskiedenis omvat die hele historiese verlede van die mens en die hele historiese verlede is studie –objek vir die geskiedenis-as-wetenskap. In die studie van die algemene geskiedenis kan bepaalde onderdele daarvan onder die soeklig kom, bv. kunsgeskiedenis, geskiedenis van die Middeleeue, geskiedenis van die Groot Trek ens. Die eenheid van die geskiedenis staan vas vir elkeen wat by die kruis van Christus vol is van die krag van die opstanding van die Gekruisigde. Alles is aan Hom onderwerp (Ef. 1:20 v.). Die eenheid van die geskiedenis is gegrond in die Drie-enige God self, in sy Raad wat bestaan, in sy welbehae wat Hy sal doen.

### 1.9.3 Heilsgeskiedenis

Onder heilshistories verstaan ons die beskrywing in die Bybel van dinge soos dit gebeur het: "Salvation history is a special sort of history; it records the 'mighty works of God' rather than

17 Stoker, 1961:84-101
18 Dreyer, 1971:2

men."[19] Dit gaan om die selfopenbaring van God binne ons geskiedenis, waardeur ons werklikheid in sy lig te staan kom, en waardeur ons God in waarheid kan leer ken. So het God Hom in die Paradys geopenbaar in die heilige evangelie (Gen. 3:15). Die evangelie is deur die eeue heen deur die profete verkondig (Jes. 40:5). Die evangelie is ten laaste deur Jesus Christus vervul (1 Kor. 2:8-18). Dit is nie menslike wysheid wat tot die openbaringskennis gelei het nie. Openbaring is die onthulling van verborge wysheid. Dat daar van heilsgeskiedenis sprake kan wees, dank ons aan die Godsopenbaring in Christus deur die Heilige Gees.[20]

God openbaar Hom in Jesus Christus (1 Kor. 2:8). "God openbaart Zichzelf. En dat gebeuren kent een geschiedenis."[21] Dit is die geskiedenis van belofte, profesie én vervulling. Die heerlikheid van die Here gaan oor jou op – so lui die **profesie**. "Die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn." (Luk. 2:9.) So lui die **vervulling** in Christus. Dit is heerlikheid wat deur die mens gesien is "wat Hom aangeneem het" en kinders van God geword het (Joh. 1:12). As daar van heil *in* die geskiedenis sprake is, berus dit op die *historiese* handel van God in Christus.[22] Dit maak *hiérdie* geskiedenis van Christus tot heilsgeskiedenis *pro nobis* – vir ons. En ons *weet* dit kragtens God se unieke selfopenbaring. In die middel van die geskiedenis én in die middel van die heilsgeskiedenis staan die kruis van versoening.[23]

### 1.9.4 Dogmageskiedenis

Dogmageskiedenis is die historiese verloop van die kerk se leerstukke. Dogmageskiedenis is die historiese bestudering van die kerklike dogmas. Die dogmageskiedenis rig sy aandag op die historiese ontwikkeling wat agter die formulering van die dogmata lê.

### 1.9.5 Kerkgeskiedenis

Die benaming *kerkgeskiedenis* gaan terug tot die welbekende pionier op die gebied van die kerkgeskiedskrywing, Eusebius (oorl. ca. 339), wat sy werk *Historia Ecclesiastica* genoem het.[24] Vir Kuyper[25] is kerkgeskiedenis "de historie van de Kerk, gelijk ze als eigen organisatie, d.i. in institutairen vorm, is opgetreden". Kerkgeskiedenis moet dus verstaan word "*als de historie van het kerkelijk instituut*". Kerkgeskiedenis het te doen met die *geskiedenis van die Kerk as liggaam*

19 Salm, 1984:xiii.
20 Van't Spijker, 1981:78.
21 Van't Spijker, 1981:85.
22 Van der Merwe, 2004:200-207.
23 Van't Spijker, 1981:90.
24 Eybers, König, Stoop, 1982:121.
25 1909:281.

*van Christus* – 'n liggaam waarvan Hy self die Hoof is. Die boodskap van kerkgeskiedenis is: **Christus hou sy Kerk in stand en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie** (Matt. 18:18).

As daar gevra word na die plek van die mens in die kerkgeskiedenis, weet ons dat God in die geskiedenis werk in en deur sy geroepe werktuie. Die apostel Paulus skryf in 1 Korintiërs 3:9, "Ons is medewerkers (συνεργοί) in diens van God." Van der Vyver[26] verklaar συνεργοί dat dit op 'n saamwerking, 'n innige verbondenheid tussen God en mens wys oor die volle linie heen.[27] Die verhouding *God en kerkgeskiedenis* en *mens en kerkgeskiedenis* toon aan dat die kerkgeskiedenis nie net 'n aaneenskakeling van reekse en reekse feite is nie. Die sleutel tot deurgronding van die diepere sin van die kerkgeskiedenis, naamlik die *Goddelike lyn* in die kerkgeskiedenis en die *medewerking van die mens* daarin, het Jesus self in die derde bede gegee: "laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde". Die Heidelbergse Kategismus verklaar dit so: "Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees, sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer soos die engele in die hemel." (Sondag 49.)

"Die term 'kerkgeskiedenis' dui dan eenvoudig op die verhaal van die aard, veranderinge, aktiwiteite en lotgevalle van die kerk soos ons dit in die gang van die geskiedenis kan onderskei."[28]–"Kerkgeschiedenis is de geschiedenis van de weg die de Koning der kerk met Zijn gemeente gaat. Zij dient bedreven te worden ten dienste van de kerk en gezien haar aard een geheel theologische discipline."[29] Kerkgeskiedenis beskryf die weg waarlangs die georganiseerde kerk op aarde ontwikkel.

Die kerkgeskiedenis stel hom dit ten doel om die lewe in die verlede te bestudeer en te probeer vasstel watter kragte en oortuiginge die verskynsels, gebeurtenisse en toestande in die verlede tot stand gebring het. Heyns en Jonker[30] skryf dat vir die kerkgeskiedenis dit spesifiek beteken dat die historikus probeer om die werking van die evangelie in die kerk en deur die kerk in die wêreld na te speur, met as noodsaaklike aspek daarvan ook die insig in die "lot" wat die evangelie in die kerk en wêreld te beurt geval het, met al die verrassende en teleurstellende daarvan. Sedert die Reformasie het die kerkgeskiedenis as 'n besondere teologiese vak

26 1976:12.
27 Vgl. Van der Merwe, 2004:147-190.
28 Dreyer, 1971:8.
29 Van't Spijker en Selderhuis, 1994:181.
30 1974:288.

ontwikkel; eers *apologeties*, daarna *teties,* veral nadat die historiese karakter van die kerk en Christendom duideliker bekend geword het.

Hierdie drie fasette (profane-, heils- en kerkgeskiedenis) bestaan naas mekaar. Isolement lei op die duur tot versmalling van die blik. Die geloof wil na sy eie aard die dinge deur God se oë sien en so ook die onderlinge verhouding verstaan tussen die *wêreldgeskiedenis*, die *heilsgeskiedenis* en die *kerkgeskiedenis*. Daarby mag die gedagte van die eenheid van die geskiedenis ons nooit loslaat nie. Die eenheid word gevind in die Raad van die Drie-enige God, "willen we nu om het wezen van de verscheidenheid te vatten, ook van Hem uitgaan".[31] Skepping, Verlossing en Heiliging is die werk van die Drie-enige God. So moet dit moontlik wees om die *wêreldgeskiedenis* te beskou in die lig wat vanuit die **skepping** daarop val. Die *heilsgeskiedenis* is dan die geskiedenis van die **verlossing**. *Kerkgeskiedenis* kom te staan in die teken van die **heiliging**. Op hierdie wyse is 'n visie moontlik, wat aan sowel die eenheid as die verskeidenheid van die geskiedenis reg laat geskied. ***Dit is één en dieselfde God wat skeppend, verlossend en heiligend in die geskiedenis werk.***

Kerkgeskiedenis deel die historiese metode van gewone Geskiedenis. Hy maak ook krities gebruik van historiese bronne en vermy alle vorme van moedswillige subjektiwiteit. Die kerkhistorikus beoefen as teoloog die **teologiese metode**. Dit beteken dat hy die kerk aanvaar as liggaam van Christus soos in die Skrif geopenbaar. Hierdie liggaam het egter ook 'n aardse gestalte en menslike geskiedenis wat krities ondersoek en opgeteken moet word. Die kerkhistorikus toets en beoordeel die loop van die geskiedenis van die kerk en die handelinge van mense in die kerk, volgens die norme van die Skrif.

Dat ons daarvan kennis dra, is te danke aan die prediking van die evangelie. Ons sou van God se heil niks geweet het sonder die verkondiging nie. En daar is ons by die ***kerkgeskiedenis*** wat nie verstaan kan word sonder die werk van die Drie-enige God nie. Daaragter is die wonder van die verkiesing. Dit is die hart van die kerk. Die diepste geheim van die kerk is in die hart van die verkiesende God self. *In die kerk kom die Liggaam van Christus in die geskiedenis*. Die Seun van God vergader, beskerm en onderhou die gemeente. Na hierdie kant toe mag die kerk onsigbaar wees, 'n saak van die geloof, dit neem nie daarvan weg, dat die kerk op grond van die werk van die Heilige Gees in die historiese werklikheid tree nie. Hy is die Skepper Gees. Daardeur staan die kerk midde in die geskape werklikheid en midde in die werklike geskiedenis. Hy is die Gees van Christus. Daardeur is die kerk op 'n wonderlike wyse aan Christus, die Hoof,

31 Van't Spiker, 1981:188) [vgl. Art. 9, NGB].

verbonde. Hy is die Gees van die heiliging. Die kerk is onsigbaar, verborge, geestelik. Maar die kerk is ***hoorbaar***. Die hele lewe en wese van die kerk bestaan in die Woord van God. God het gesorg dat daar mense is by wie die kerk en die Woord gevind kan word, want die twee kan jy nie van mekaar skei nie. So tree in die Woord en ook in die Sakramente die kerk in die sigbaarheid, en so kan 'n kind van 7 jaar weet wat die kerk is, nl. die heilige gelowiges en die skape wat die stem van die Herder hoor.

## 1.10 Die navorsingsproses (*Historiek*)

'*Navorsing*' en '*skryf*' kan nie van mekaar geskei word nie, aangesien daar deurlopend sprake is van **denkprosesse** wat by die navorser aan die orde is. Die doel is om die verlede opnuut in die hede te ontsluit. Die navorsingsproses ten opsigte van die geskiedenis staan bekend as **historiek**. *Historiese navorsing is 'n planmatige ekskursie wat in die vorm van 'n breë wetenskaplike werkstegniek gebruik word om primêre en sekondêre bronne na te gaan wat waardevolle inligting kan voorsien vir die ontsluiting van 'n kennisveld rakende die verlede.*[32]

Navorsing is die getroue en sistematiese ondersoek na alle relevante inligting wat in die 'vervaardiging van 'n boek' gebruik kan word.
Primêr moet gelet word op die inhoud van ervaring wat oor die verlede beskikbaar is en hoe daardie inligting in die hede sinvol in beskikbare getuienis soos bronne manifesteer.
Die historikus moet die relevante getuienis so 'onpartydig' moontlik insamel en daardie materiaal dan so goed as moontlik verklaar.
Dit beteken dat vanuit 'n spesifieke invalshoek op bronne gelet moet word met die doel om 'n bepaalde tema te ontsluit waarin gespesialiseer word.

Ten opsigte van dié studie gaan die navorser die volgende navorsingsproses volg:[33]

- Vraagstelling aan die verlede.
- Identifisering van 'n onderwerp.
- Soektog na inligting rakende die onderwerp.
- Die insameling van inligting (*Heuristiek*).
- Die verkenning van wetenskap en tegniek.
- Bronnekritiek (*Kritiek*).
- Interpretasie (*Hermeneutiek*).

32 Tempelhof, 2002:40.
33 Tempelhoff, 2002:41.

- Tussentydse verslaglewering.
- Finale verslaglewering.

### 1.10.1 Vraagstelling aan die verlede

Die vraagstelling van die historikus is die resultaat van realiteite waarvan hy self bewus is en genoeg na waarde skat om oor 'n lang tydperk onder die spreekwoordelike wetenskaplike vergrootglas vir ondersoekdoeleindes te plaas. Die essensiële vraagstelling sou wees: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Hoe? Waarom? Die voorwaarde is egter dat die vraagstelling aan die verlede relevant is. Daardeur word die hede en die verlede in 'n verstaanbare eenheid saamgesnoer wat in die toekoms vanuit bepaalde invalshoeke ondersoek sal word met die doel om verslag te lewer.

### 1.10.2 Identifisering van 'n onderwerp

Die identifisering van die navorsingsonderwerp het gekom deur verdere studie op M- en D-vlak. In beide die Th.M.-verhandeling en die Ph.D.-proefskrif het die navorser 'n leemte geïdentifiseer ten opsigte van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.[34]

### 1.10.3 Soektog na inligting rakende die onderwerp

#### 1.10.3.1 Primêre bronne

Primêre bronne is materiaal waarvan die getuienis bestaan uit gegewens van ooggetuies wat sintuiglik (spraak) of op skrif (notules/geskrifte) inligting weergee oor gebeure wat plaasgevind het.

#### 1.10.3.2 Sekondêre bronne

Sekondêre bronne is inligting wat saamgestel is deur mense wat nie teenwoordig was toe bepaalde gebeure plaasgevind het nie. Dit is bv. navorsingsbevindinge en verteenwoordig 'n bepaalde ordeningsmetode om antwoorde te verstrek op vrae aan die verlede.

### 1.10.4 Die insameling van inligting (Heuristiek)

34 VAN DER MERWE, C.N. 1999. 'n Diakoniologiese ondersoek na kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (Verhandeling - Th.M. PU vir CHO). VAN DER MERWE, C.N. 2004. Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk. (Proefskrif – Ph.D. Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Die *heuristiese proses* in die geskiedeniswetenskap kan beskou word as die wyse waarop inligting geïdentifiseer, ingesamel, georden en vir verwerking in 'n proefskrif voorberei word. Voordat gegewens verwerk kan word, moet dit sinvol ingesamel word. Die insamelingstegnieke is uiteenlopend van aard en kan op verskillende maniere onderneem word. Dit is deur opname, afdrukke, skanderings, kernaantekeninge of samevattings. ***Heuristiek*** is die kuns van opspoor. Heuristiek is eintlik die werk wat onder die oppervlak gedoen word. Vir die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal die volgende as bronne dien:

- Die **argief** van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, te Potchefstroom met die doel om tersaaklike gegewens op te spoor in handelinge, notules, verslae, rapporte wat betrekking het op die werksaamhede van Kerkrade, Klassisse, Partikuliere Sinodes en Nasionale Sinodes rakende die kategese.
- Die **biografieë** van ds. Dirk Postma (GCP van der Vyver), prof. Jan Lion Cachet (JL Ras) en prof. JD du Toit (dr. VE d'Assonville) en ds. MPA Coetzee (JL Ras).
- **Gedenkskrifte** van Kerke, Klassisse en Partikuliere Sinodes.
- **Notules** en **rapporte** van deputate vir Kategese soos aangewys deur verskillende Nasionale Sinodes.
- **Die Gereformeerde Katkisant** wat baie jare lank die middel was waardeur die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika georden en weergegee is.
- **Handboeke** en **handleidings** wat in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het as hulpmiddele en ordeningsmiddele van die leerinhoud van die kategese.
- **Proefskrifte, verhandelings** en **tesisse** op meesters- en doktorale vlak ten opsigte van kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- **Artikels** ten opsigte van kategese in Die Kerkblad, Die Gereformeerde Vroueblad, die Slingervel en In die Skriflig.
- **Diktate** en **handleidings** opgestel vir studente in kategetiek.

### 1.10.5 Die gebruikmaking van 'hulpwetenskappe' waar dit nodig mag blyk

#### 1.10.5.1 Bronnekritiek (Kritiek)

'n Belangrike onderdeel van die historiek is om die metodologie van bronnekritiek noukeurig toe te pas. Dit is om vas te stel in watter mate die bronne vir die doeleindes van die studie geskik is. In hierdie opsig is dit belangrik dat die navorser die outentisiteit van die bronne sal vasstel.

### 1.10.5.2 Interpretasie (Hermeneutiek)

Hermeneutiek is die tegniek van interpretasie, wat deel is van die hermeneutiese benadering tot die geskiedenis. Hermeneutiek het betrekking op vertolking en uitleg. In wese is hermeneutiek 'n teorie wat ook as verstaansleer omskryf kan word. Metodologies impliseer hermeneutiek die bestudering van elke enkele relevante dokument wat op 'n bepaalde aspek rakende die verlede betrekking het. Dit begin met die analise van die inhoud met die doelwit om tot 'n begrip te kom van die werklike betekenis wat die outeur daaraan gegee het. Hermeneutiek as 'n tegniek van uitleg het in die antieke geskiedenis sy beslag gekry.

### 1.10.5.3 Transmissie deur herinnering (Mnemoniek)

Gesien vanuit 'n metodologiese perspektief, is herinnering seker een van die oudste dimensies van die menslike historiese bewussyn omdat dit in wese die hele denkwêreld van die verlede dek. Herinnering is veelsydig. Dit oorspan die volledige terrein van die verlede. Die *mnemoniese tegniek* kan in wese as 'n meer verfynde vorm van poëtiese logika beskou word wat gefundeer is in die primordiale struktuur van poëtiese uitdrukking. Dit verteenwoordig herinnering. Hoe verwant hierdie denkdimensie aan die geskiedenis verbind is, word reeds in die Griekse mitologie uitgespel in die feit dat **Mnemosine** (geheue/herinnering), as die moeder van Kleio, die muse van geskiedenis, bekend staan. Selfs verbeelding is met herinnering geïntegreer, aangesien aanvaar word dat die herinnering as bron van inspirasie vir die skeppende verbeelding dien.

### 1.10.5.4 Stilistiese benaderings tot die verlede (Historiografie)

Daar is diversiteit in geskiedsbeoefening want die tyd en omstandighede waarin die historikus hom bevind, bepaal die styl van geskiedskrywing wat relevant is. *Dit gaan oor 'n vraag wat aan die verlede gestel word.* Historiografie is die **sintese** van historiese data in 'n narratiewe konteks, wat voortdurend nuwe insigte bring op die navorser se perspektief van die bestudering van 'n verhuidiglikte verlede is.

### 1.10.6 Tussentydse verslaglewering

Die belangrikste deel van die navorser se werk is om verslag te lewer oor bevindinge wat uit die dokumentasie gemaak is. Dit geskied telkens wanneer 'n afgehandelde faset van die studie saam met die promotor deurgegaan word.

### 1.10.7 Finale verslaglewering

Die finale verslaglewering sal by wyse van 'n proefskrif geskied.

## 1.11. Hoofstukindeling

1. Inleiding, oriëntering, probleem- en doelstelling.
2. Kategese vanuit Bybelse perspektief.
3. Geskiedenis van die kategese van die eerste eeu tot die elfde eeu.
4. Geskiedenis van die kategese voor en tydens die Reformasie met die oog op die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
5. Geskiedenis van die Nadere Reformasie met die oog op die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
6. Geskiedenis van die kategese in Suid-Afrika van 1652 tot 1858 voor die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
7. Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedurende die eerste vyftig jaar, 1859 tot 1909.
8. Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949.
9. 'n Onderdeel van die geskiedenis van die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie wat homself ontvou van 1935 tot 1958.
10. Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – Die periode van prinsipiële besinning van 1960 tot 1970
11. Ontstaansgeskiedenis van die handleidings vir kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1970-2009
12. Gevolgtrekkings en aanbevelings.

- **Skematiese voorstelling van die korrelasie tussen die sub-probleemstelling en die doelstellings**

| Probleemstelling | Doelstelling en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| Om ondersoek in te stel na hoe die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kategese, in gehoorsaamheid aan God se opdrag, as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer, prakties beoefen het deur Woord-opening, Woord-ontsluiting, Woord-vertolking en Woord-toepassing om die verbondskinders te bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening. | Die oorkoepelende doelwit van die studie is om na te gaan op watter wyse die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1859 in die kerklike praktyk God se opdrag om verbondskinders te onderrig, nagekom het. Die doel van die studie is derhalwe gerig op die geskiedenis van die kerkkatkisasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. | Die gang van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word kronologies nagevors en opgeteken. |
| In die Historiese Kategese word nie *basisteorieë* uit die teologiese tradisie gevorm nie. Die historikus se opdrag is om op te teken *hóé* en op *wátter wyse* basisteorieë in die gang van die Historiese Kategese gevorm en toegepas is. | Om histories na te gaan watter Basisteoretiese perspektiewe 'n rol gespeel het in die kategetiese praktyk in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1859. | Deur middel van die heuristiese metode sal nagegaan word op watter wyse die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebly het by of afgewyk het van God se opdrag. |
| Om vas te stel wat die mees relevante metateoretiese perspektiewe, die interdissiplinêre koppeling, tussen Kategese en die Gedragswetenskappe is, wat in die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangetref word. | Om in die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vas te stel watter metateoretiese perspektiewe 'n rol gespeel het in die kategetiese onderrigleer soos dit in die bronne nagevors is. | Die metode om te volg om die metateoretiese perspektiewe in die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na te speur is die heuristiese proses. |

# HOOFSTUK 2
# KATEGESE VANUIT BYBELSE PERSPEKTIEF

## Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 2


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleidend | 49 |
| 2.2 | Onderrig is 'n goddelike opdrag | 49 |
| 2.2.1 | Inleidend | 49 |
| 2.2.2 | Onderrig in die Ou Testament | 50 |
| 2.2.2.1 | Onderrig in die algemeen | 50 |
| 2.2.2.2 | Deuteronomium 6 | 50 |
| 2.2.2.3 | Psalm 78 | 51 |
| 2.2.2.4 | Spreuke | 52 |
| 2.2.2.5 | Afleidings uit die Ou Testament | 52 |
| 2.2.3 | Onderrig in die Nuwe Testament | 52 |
| 2.2.3.1 | Inleidend | 52 |
| 2.2.3.2 | Κατηχέω | 53 |
| 2.2.3.2.1 | Die begrip κατηχέω | 53 |
| 2.2.3.2.3 | Lukas 1:4 | 53 |
| 2.2.3.2.3 | Handelinge 18:25 | 54 |
| 2.2.3.2.4 | Handelinge 21:21 en 24 | 54 |
| 2.2.3.2.5 | Romeine 2:18 | 55 |
| 2.2.3.2.6 | 1 Korintiërs 14:19 | 55 |
| 2.2.3.2.7 | Galasiërs 6:6 | 55 |
| 2.2.3.2.8 | Samevatting | 56 |
| 2.2.3.2.8.1 | Kategese is besondere onderrig | 56 |
| 2.2.3.2.8.2 | Kategese is betroubare onderrig | 56 |
| 2.2.3.2.8.3 | Kategese is verder spesiale onderrig. | 56 |
| 2.2.3.2.8.4 | By hierdie gebruik het die Christelike Kerk hom aangesluit en die woord κατήχεω is ingespan om die amptelike onderrig van die kerk aan te dui | 56 |
| 2.2.3.2.9 | Afleiding ten opsigte van punt 2.1.3 | 56 |
| 2.2.3.3 | Διδάσκω | 57 |
| 2.2.3.3.1 | Die begrip διδάσκω | 57 |
| 2.2.3.3.2 | Afleiding ten opsigte van punt 2.1.3.3 | 57 |
| 2.2.3.4 | Samevatting ten opsigte van κατέχεω en διδάσκω | 58 |
| 2.2.3.5.1 | Matteus 28:19-20 | 58 |
| 2.2.3.5.1.1 | Die inhoud van Matteus 28:19-20 | 58 |

2.2.3.5.1.2 Betekenis van Matteus 28:19-20 vir die kategese ........ 59
2.2.3.5.2 Efesiërs 4:11-16 ........ 59
2.2.3.5.2.1 Die inhoud van Efesiërs 4:11-16 ........ 59
2.2.3.5.2.2 Betekenis van Efesiërs 4:11-16 vir die kategese ........ 60
2.2.3.5.3 2 Timoteus 3:14-15 ........ 60
2.2.3.5.3.1 Die inhoud van 2 Timoteus 3:14-15 ........ 60
2.2.3.5.3.2 Betekenis van 2 Timoteus 3:14-15 vir die kategese ........ 60
2.2.3.6 Samevattende afleidings uit die Nuwe Testament ........ 61
2.2.3.7 Finale afleidings by punt 2.1 – onderrig in die Skrif as 'n Goddelike opdrag ........ 61
2.3 Leer is 'n Goddelike opdrag ........ 61
2.3.3 Onderrig en leer ........ 61
2.3.4 'n Bybelse opdrag ........ 62
2.3.4.1 Die Ou Testament ........ 62
2.3.4.1.1 Deuteronomium 31:12-13 ........ 63
2.3.4.1.2 Deuteronomium 5:1 ........ 63
2.3.2.1.3 Deuteronomium 4:10 ........ 64
2.3.2.1.4 Deuteronomium 17:19 ........ 64
2.3.4.2 Die Nuwe Testament ........ 65
2.3.3 Samevattende afleidings uit punt 2.2 ........ 65
2.4 Finale afleidings by punte 2.1 en 2.2 – onderrig ........ 66
2.5 **Besluit** en leer in die Skrif is 'n Goddelike opdrag ........ 66

# HOOFSTUK 2

# KATEGESE VANUIT BYBELSE PERSPEKTIEF

## 2.1 Inleidend

Met die oog op 'n studie van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word van die volgende definisie van kategese uitgegaan: *kategese is, in opdrag van die Drie enige Verbondsgod, amptelike diens van die kerk aan sy verbondskinders om hulle, deur verkondiging van en onderrigleer in die woord van God, te bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening, sodat elkeen openlik belydenis van geloof kan doen.*[35] Die grondslag van die kategese is dat dit 'n opdrag van God is. Indien die geskiedenis van die kategese opgeteken word, moet noodsaaklikerwys by die opdrag begin word. Daarom word die aandag kortliks gevra vir 'n oorsigtelike beskrywing van die kategese in Bybelse perspektief. Tweërlei aspekte van God se opdrag aan die kerk kom in hierdie hoofstuk onder die soeklig: Enersyds het die kerk die opdrag om die verbondskinders kategeties te **onderrig**. Andersyds is daar die opdrag aan die verbondskind om dit waarin die kerk hom onderrig te **leer**. Aan die een kant is daar die **onderrigopdrag** aan die kerk en aan die ander kant die **leeropdrag** aan die verbondskind. Die Bybelse riglyne ten opsigte van beide die *onderrigopdrag* en die *leeropdrag* moet nagegaan word. Daarmee val die twee hoofaspekte van Hoofstuk 2 uiteen:

1. Die onderrigopdrag aan die kerk.
2. Die leeropdrag aan die verbondskinders.

## 2.2 Onderrig is `n goddelike opdrag

### 2.2.1 Inleidend

Wesenlik is kategese ***verkondiging*** van en ***onderrigleer*** in God se Woord aan die onmondige dooplidmate van die kerk.[36] Onderrig is, Bybels gesien, die sistematiese en volledige oordra,

35 Van der Merwe, 2004:455.
36 Dijk, 1954:24; Van der Merwe, 2004:421.

verklaring en lewensgerigte toepassing van die kennis wat God aangaande Homself in en deur Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees, kenbaar gemaak het in sy Woord.[37]

### 2.2.2 Onderrig in die Ou Testament

#### 2.2.2.1 Onderrig in die algemeen

In die Ou Testament het elke ouer die plig gehad om te verseker dat hulle kinders onderrig word. Die aard van die onderrig was byna in geheel godsdienstig. In die Bybelensiklopedie vir die jeug[38] word drie fasette genoem waarop in die onderrig van die kinders gekonsentreer is:

- Deur onderrig moes die kinders die gebeure leer ken waarin God se betrokkenheid met Israel as sy verbondsvolk aangedui word.
- Die kinders moes onderrig ontvang in God se wette want hulle moes geleer word om "die weg van die Here" te bewandel. Daarom moes hulle die weg ken om daarop te wandel. Dié pad kan hulle nét ken as hulle daarin onderrig word.
- Deur onderrig moes die kinders van Israel insig en begrip vir hulle lewe as kinders van God ontwikkel.

Dit is nie in die opset van die studie moontlik om alle Skrifgegewens in hierdie verband te bespreek nie. Daar word vervolgens oorsigtelik aandag geskenk aan drie Skrifgedeeltes Deuteronomium 6, Psalm 78 en die Spreukeboek.

#### 2.2.2.2 Deuteronomium 6

Die sentrale boodskap van Deuteronomium is Hoofstuk 6:4-5. Die Here (Jahwe) is die enigste ware God en Israel is aan Hom en aan Hom alleen alle liefde, trou en lojaliteit verskuldig.[39] Prakties beteken dit: "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."[40] Die opdrag om God lief te hê kan op drie maniere nagekom word: a) God se woorde moet in hulle harte wees, b) hulle moet dit vir hulle kinders inskerp en c) hulle moet dit as herinneringsteken aan hulleself en hulle huise en poorte aanbring.[41] Die onderrig moes plaasvind, by wyse van voortdurende herhaling (vers 9). Hoe die onderrig gedoen moet word word uitgedruk in die woord "***inskerp***". Dit beteken om met 'n skerp voorwerp iets in te graveer. Die woorde van God moet in die kinders se harte ingegraveer of ingebeitel word by wyse van

---

37 Breed, 1989:135.
38 1980:250.
39 Kyk ook Deuteronomium 6:14-15.
40 Vgl. ook Psalm 119:11; Matteus 22:37.
41 Breed (1994:34.

voortdurende herhaling. Die vrug van die onderrig word in Deuteronomium 6:20-25 genoem. Indien die kinders hulle ouers sou vra wat die verordeninge van die Here beteken, is daar `n tweeledige antwoord. Eers die antwoord op die "*waarom*"-vraag: Die kinders moet vertel word hoe God die volk uit Egipte verlos het, want hulle moet God leer ken en dien as die Verlosser uit die slawerny van Egipte.[42] Hulle lewe kan nie diens aan God wees as hulle God nie ken soos Hy Hom aan hulle geopenbaar het nie. Dan kom die antwoord op die "*waartoe*"-vraag: "sodat dit altyd goed kan gaan met ons en sodat ons kan bly lewe soos dit tans die geval is".[43] Dit omvat die dankbaarheidslewe vir die verlossing wat Israel onverdiend van God ontvang het.

Die betekenis van en verantwoordelikheid met betrekking tot die godsdienstige onderrig van verbondskinders word in Deuteronomium 6 beklemtoon. God se opdrag is dat elke verbondskind onderrig moet word in die verlossingsdade van die Drie-enige Verbondsgod. Die ouers het die besondere en primêre opdrag om die kinders te onderrig. Naas die ouers het die priesters ook as leermeesters opgetree.[44] Die amptelike onderwys van die priester was noodsaaklik, omdat God 'n verbond met die volk gesluit het, en die onderrig dus verbondsonderrig was. Na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap het die Leviete die priesters bygestaan in die onderrig van die volk.[45] God se opdrag in Deuteronomium was dus ook 'n ampsopdrag.[46]

#### 2.2.2.3 Psalm 78

'n Aantal psalms handel oor God se werke in die geskiedenis van Israel.[47] Psalm 78 word uitgelig vir bespreking, alhoewel die Psalmdigter nie 'n geskiedskrywer is nie. Die belangrikste temas wat aan die orde kom, is die uittog uit Egipte, die woestynreis, die verbondsluiting by Horebberg en die intog en vestiging in Kanaän. Dit gaan in die besonder om die ingrype van God in die lewe van sy volk.[48] Psalm 78 gedenk die wonder van God se oordeel en uitverkiesende genade dwarsdeur die geskiedenis van sy hardnekkige volk.[49] Die wyse van onderrig word nie in besonderhede aangedui nie maar die opdrag in Psalm 78:3-6 bestaan daarin dat die vaders die kinders moet vertel van die groot dade van God. Die jeug moet so omvattend onderrig word dat hulle op hulle beurt bekwaam sal wees om hulle nageslag te leer om te leef volgens die eise van die verbond, volgens die wil van die Here, deur sy verbond te hou en sy wet te gehoorsaam.[50]

---

42 Deuteronomium 6:21-23.
43 Deuteronomium 6:24-25.
44 Deuteronomium 4:44 - 6:25; Deuteronomium 33:10; Miga 3:11; Maleagi 2:7.
45 Nehemia 8:9.
46 2 Kronieke 15:3; Levitikus 10:10; Esegiël 22:26.
47 Psalms 78; 105; 106; 136; in Deuteronomium 32 word dieselfde inhoud gevind.
48 Black, 1979:30
49 Helberg, 1981:163.
50 Black, 1979:31.

God se opdrag is dat die kinders van Israel onderrig moet word ten opsigte van die groot dade van God. Die onderrig wat die kinders moet ontvang, het as inhoud wie God is, wat God doen en wat God se wil is. Die verbondskinders moet eers leer **wie** God is, daarna **wat** God doen en dan eers kom die kennis van wat God se **wil** is vir die mens om te doen. Die nakoming van wat God **wil** is `n antwoord op wie God **is** en wat God **doen**. Dit is ook God se wil dat die verbondskinders onderrig moet word in sy groot almagsdade sodat hulle Hom as die ewige en almagtige God kan ken in teenstelling met die nikswerd en magtelose afgode van die heidense nasies wat hulle omring het.

#### 2.2.2.4 Spreuke

God se doel met Spreuke is naamlik om die jongmanne op te voed. Spreuke is gerig aan "my seun". Dit is God se opdrag dat die verbondsjeug onderrig moet word in die wysheid van die Here. Wat was die doel van die onderrig? Dit is om by die jeug die basiese grondslae te lê ten opsigte van God se heerskappy en van die regte verhouding met Hom. Die jongmanne word in die onderrig aangemoedig om wys te wees, om wysheid aan te neem en om goed te besin sodat hulle met wysheid kan optree.[51] Dit gaan nie om wêreldse kennis nie maar die kuns om doelmatig in diens van die Here te lewe volgens die riglyne van sy Woord.

God se opdrag om die verbondskinders van Israel te onderrig in die wysheid van God is volgens Spreuke primêr die taak van die vader. Die wysheidsleraar speel 'n sekondêre rol. Die opdrag is om die kinders te onderrig in die instellings van God en van 'n regverdige optrede.[52] Dit gaan dus om die kennis aangaande die Here wat sowel die tydelike as die ewige insluit.

#### 2.2.2.5 Afleidings uit die Ou Testament

**2.2.2.5.1** In die Ou Testament is verbondsonderrig 'n opdrag van God want dit is die wyse waarop hulle leer hoe om God persoonlik te ken en soos verloste kinders van God te lewe.

**2.2.2.5.2** God se doel met die verbondsonderrig is dat die verbondskinders praktiese geloofskennis daardeur kan ontvang vir hulle daaglikse lewe as verloste kinders van die Drie-enige Verbondsgod.

### 2.2.3 Onderrig in die Nuwe Testament

#### 2.2.3.1 Inleidend

51 Lion-Cachet,1980:10, Helberg, 1976:44.
52 Spreuke 1:2-6.

Daar word in die Nuwe Testament geen direkte opdrag tot kategese gevind in die sin waarin dit vandag praktyk is nie.[53] Tog vereis die wese van die kerk en die inhoud van die Christelike geloof dat daar so 'n onderrig sal wees.[54] Wat wel waar is, is dat die Nuwe Testament 'n baie duidelike leeropdrag aan die kerk gee. Daar word eerstens verkenning gedoen van die gebruik van die begrippe κατηχέω en διδάσκω, waarna ander Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament ook behandel word.

#### 2.2.3.2 Κατηχέω

#### **2.2.3.2.1 Die begrip κατηχέω**

Die woord κατηχέω het laat in die sekulêre Grieks ontstaan en is besonder skaars.[55] In dié sin word dit gebruik in twee betekenisse: (a) "to recount something to someone", (b) "to instruct someone." In die LXX kom dit geensins voor nie. In die Nuwe Testament word dit gebruik in die sin van: om iemand iets te vertel.[56] Louw en Nida[57] onderskei twee betekenisvariasies van κατηχέω. Die eerste is "to teach in a systematic or detailed manner". Verder kan κατηχέω ook verstaan word as "concerning the things that you have been taught".

In die Nuwe Testament kom κατηχέω sewe keer voor: in Lukas 1:4, dan 3 keer in Handelinge (18:25; 21:21 en 24) en die volgende 3 keer by Paulus.[58] Kittel[59] skryf dat κατηχέω alleenlik by Paulus net in die betekenis van (b) voorkom, naamlik: "to give instruction concerning the content of faith". In die Nuwe-Testamentiese gedeeltes waarin κατηχέω voorkom, beteken die woord in wese kerklike onderrig.[60]

**Afleiding: Κατηχέω** het kerklik geyk geraak as die term waarmee kerklike onderrig aangedui is.

Kortliks word na die Skrifgedeeltes waarin κατηχέω voorkom, gekyk.

#### **2.2.3.2.2 Lukas 1:4**

53 Prins, 1973:174.
54 Biesterveld, 1900:12; De Villiers, 1957:22; Achelis, 1906:190.
55 Kittel, 1968:638.
56 Kittel, 1968:638.
57 Louw en Nida, 1989b:414.
58 Romeine 2:18; 1 Korintiërs 14:19; Galasiërs 6:6.
59 Kittel, 1968:638.
60 Kittel, 1968:638; Abbott-Smith, 1956:241; Waterink, s.a.:1; Spoelstra, 1990a:17,22; Biesterveld, 1900:67; Van Veldhuizen, 1925:5.

*"So kan u te wete kom dat die dinge waarin u onderrig* (κατηχήθης) *is, heeltemal betroubaar is."*[61] Hier is van mondelinge onderrig sprake en die onderrig is ἀσφάλειαν (betroubaar).[62] Die onderrig is betroubaar omdat Lukas dit opgeteken het aan die hand van die oorlewering van ooggetuies en dienaars van die Woord. "Theophilus shall know that the faith he has embraced has an impregnable historical foundation."[63] Die "dinge" (λόγων) waarin Teofilus onderrig (κατηχήθης) is, is volgens Kittel[64] "reports or accounts rather than doctrines". Lukas stel hom ten doel om "alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde" op te teken (Luk. 1:3).

Afleiding: Κατηχέω moet in Lukas 1:4 verstaan word as onderrig in `n meer algemene sin.

#### 2.2.3.2.3 Handelinge 18:25

*"Hy (Apollos) het in die leer van die Here onderrig* (κατηχημένος) *ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer."* (ἐδίδασκεν) (Hand. 18:25.) (Beide κατηχέω en διδάσκω kom hier in een vers voor.) Die onderrig wat Apollos ontvang het in die weg (leer) van die Here word κατηχημένος genoem en die onderrig wat hyself gee, word ἐδίδασκεν genoem. Die onderrig wat hy ontvang het, het vrug in sy lewe gehad. *"Hy was `n begaafde spreker met `n deeglike kennis van die Skrif."* (Hand. 18:24.) Die onderrig wat Apollos ontvang het was mondelinge onderrig en daar is van herhaling gebruik gemaak ("to teach by repeating").[65] Κατηχέιν "denotes elementary instruction in the Christian faith and διδάσκειν the teaching constantly given to believers".[66]

***Afleiding:*** Κατηχεω ***moet in Handelinge 18:25 verstaan word as elementêre onderrig in die Christelike geloof.***

#### 2.2.3.2.4 Handelinge 21:21 en 24

Die twee begrippe κατηχεω en διδασκω kom in Handelinge 21:21 weer saam voor net soos in Handelinge 18:25: *"Hulle het gehoor dat jy al die Jode wat onder die heidene woon, leer* (κατηχήθησαν) *om van die wet van Moses af te sien. Jy sou hulle geleer het* (διδάσκεις) *om nie meer hulle kinders te laat besny nie en om nie die Joodse gebruike te onderhou nie."*

61 Lukas 1:4.
62 Rienecker, 1980:138.
63 Rienecker, 1980:138.
64 Kittel, 1968:640.
65 Rienecker, 1980:311)
66 Kittel, 1968:639).

(Hand 21:21). In vers 24 word κατήχηνται in die Afrikaanse Bybel (1983) vertaal met "gerugte", iets wat in verband met Paulus oorvertel is. Wat op hierdie wyse van Paulus oorvertel is, was van historiese betekenis en nie van leerstellige belang nie.[67]

Afleiding: Κατήχεω moet in Handelinge 21:21 en 24 verstaan word in die sin van om iets oor te vertel of in die passiewe vorm, om berig oor iets te ontvang. In beide vorme gaan dit oor iets wat mondeling oorgedra is.

**2.2.3.2.5 Romeine 2:18**

*"Jy ken sy wil en jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom, omdat jy deur die wet onderrig word."* (κατηχούμενος) (Rom. 2:18.) Κατηχούμενος ἐκ τοῦ νόμου verwys na (a) "jy ken sy wil" en (b) "jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom". Van kindsbeen is die Jode in die wet onderrig. ***Afleiding***: Κατήχεω moet in Romeine 2:18 verstaan word as om in die wet te onderrig.

**2.2.3.2.6 1 Korintiërs 14:19**

"*Maar in die byeenkoms van die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand praat om ook ander te onderrig* (κατηχήσω), *as duisend woorde in ongewone tale of klanke.*"[68] Rienecker[69] haal Conzelman instemmend aan: "Paul only uses the word in the sense of theological instruction." ***Afleiding***: In 1 Korintiërs 14:19 is κατήχεω se belangrike betekenis om in geloofswaarhede onderrig te word.

**2.2.3.2.7 Galasiërs 6:6**

"*Iemand wat onderrig ontvang* (κατηχούμενος) *in die Woord van God, moet sy leermeester* (κατηχοῦντι) *laat deel in al die goeie dinge wat hy het.*" (Gal. 6:6.) Kittel[70] wys daarop dat κατηχοῦντι in Galasiërs 6:6 en διδασκαλοι in 1 Korintiërs 12:28 en Efesiërs 4:11 sinonieme is. Paulus gebruik nie net die algemeen bekende woord διδάσκειν as dit by onderrig kom nie maar ook die minder bekende, en in `n groot mate onbekende in die religieuse woordeskat van die Judaïsme, κατήχεω, as `n tegniese term vir Christelike onderrig. "The word selected was in fact very apt to assume the exclusive sense of Christian instruction, and it finds an echo today in

67 Kittel: 1968:638, Rienecker, 1980:321, Abbott-Smith, 1956:241, Greek Lexicon, s.a.:225
68 1 Korintiërs 14:19
69 Rienecker, 1980:436.
70 Kittel, 1968:639.

the word catechism."[71] Κατήχεω het gedui op onderrig in die Christelike waarhede veral vir die voorbereiding op die doop, en die persoon wat vir die sakrament voorberei is, is 'n *kategumeen* genoem. ***Afleiding***: In Galasiërs 6:6 gee κατήχεω die inhoud weer van onderrig in die waarhede van Jesus Christus.

**2.2.3.2.8 Samevatting**

Die Skrifgedeeltes waarin κατήχεω voorkom, beteken samevattend die volgende:

| | |
|---|---|
| Lukas 1:4 | Onderrig in meer algemene sin. |
| Handelinge 18:25 | Elementêre onderrig in die Christelike geloof. |
| Handelinge 21:21 en 24 | Die mondelinge oordrag van 'n waarheid. |
| Romeine 2:18 | Onderrig in die wet van die Here. |
| 1 Korintiërs 14:19 | Onderrig in geloofswaarhede. |
| Galasiërs 6:6 | Onderrig in die waarhede van Jesus Christus. |

Indien die inhoud van hierdie verskillende teksverse ontleed word, bied dit die volgende waarhede ten opsigte van die betekenis van κατήχεω:

2.2.3.2.8.1 Kategese is **besondere onderrig** in die waarhede van God se openbaring.[72]

2.2.3.2.8.2 Kategese is **betroubare onderrig** in die leer aangaande Christus.[73]

2.2.3.2.8.2 Kategese is **spesiale onderrig** aan diegene wat nog nie tot 'n eie ondersoek in die waarhede van die evangelie in staat is nie en hulle kennis deur **onderrig** moet ontvang.

2.2.3.2.8.3 By hierdie gebruik het die Christelike Kerk hom aangesluit en die woord κατήχεω is ingespan om die **amptelike onderrig** van die kerk aan te dui.[74]

**2.2.3.2.9 Afleiding ten opsigte van punt 2.1.3**

Die begrip κατήχεω wys op betroubare kerklike onderrig uit die Woord van God wat met gesag geskied aan hulle wat hulleself nie in hierdie waarhede kan leer nie. Waar hierdie woord in sekulêre gebruik op alledaagse onderrig dui, is dit in die Bybel 'n aanduiding van besondere

71 Kittel, 1968:639.
72 Handelinge 18:25; Galasiërs 6:6,
73 Lukas1:4.
74 Waterink s.a.:2; Waterink, 1934-1935:2; Kittel, 1968:639; Berkelbach van der Sprenkel, 1956:132.

onderrig, naamlik onderrig aangaande God se openbaring. Daarom het κατήχεω in die vroeë Christelike Kerk geyk geraak as die term vir kerklike onderrig wat met gesag meegedeel word.

2.2.3.3 Διδάσκω

**2.2.3.3.1 Die begrip διδάσκω**

Διδάσκω is `n baie algemene woord vir onderrig in die sin van onderrig in die Christelike boodskap.[75] In die meeste gevalle word διδάσκω gebruik om mondelinge onderrig aan te dui.[76] Louw en Nida[77]dui die betekenis van διδάσκω aan as "to provide instruction in a formal or informal setting". Διδάσκειν is 'n veel ryker begrip in die Skrif as κατήχεω en kom ook veel meer in die Woord van God voor. Dit omvat en dra die hele leeraspek van die kerklike lewe.[78] Die onderrig (διδάσκειν) in die Nuwe-Testamentiese tyd het op verskillende plekke plaasgevind.[79] Die onderrig vind hoofsaaklik plaas waar die gemeente teenwoordig is.[80] Die inhoud van die onderrig is God se genadige verlossing en beloftes soos die Bybel daarvan getuig. Die doel van die onderrig is 'n lewe van geloof in en gehoorsaamheid aan God tot opbouing van sy gemeente.[81]

**2.1.3.3.2 Afleiding ten opsigte van punt 2.1.3.3 in verband met διδάσκω**

Διδάσκω word in Bybelse sin gebruik vir besondere onderrig, naamlik onderrig aangaande God se openbaring, sy genade en sy gebooie. Die doel is om die lewe van die een wat in die waarhede van God se openbaring onderrig word, te omvorm tot 'n lewe van geloof in en gehoorsaamheid aan God. Διδάχη is die heilsmededeling in die vorm van onderwysing, by wyse van uiteensetting.[82] Ridderbos[83] wys ook daarop dat διδάχη in die briewe van Paulus, veral die pastorale sendbriewe, die betekenis het van onderwysing in die Christelike geloof. Dit het die betekenis van Christelike leerwerksaamheid en leerinhoude.[84] Die begrip **onderrig** (διδάσκειν) in die Nuwe Testament dui op die sistematiese en volledige oordrag, verklaring en gerigte toepassing van die kennis wat God aangaande Homself in en deur Jesus Christus, deur die

75 Kolossense 1:28.
76 Kittel, 1971:135; Richards, 1975:32.
77 Louw en Nida; 1989a:413.
78 Prins, 1975:174.
79 Gewoonlik in die sinagoge (Matt. 4:23; Mark. 1:21, Luk. 4:15), die tempel (Matt. 21:23; Mark. 11:17,35; Luk. 20:1; Joh. 7:14,28; Hand. 5:21,42) of in die gemeente (Hand. 11:26; 1 Kor. 4:17). Ook op die vlakte van Judea (Mark. 10:1), in stede (Matt. 11:1; Luk. 13:22), op strate (Luk. 13:26), in huise (Hand. 20:20; Hand. 28:30) selfs ook langs die see (Mark. 2:13).
80 Beukes, 1974:22.
81 Deuteronomium 6:10; Psalm 51:15; Beukes, 1974:25; Richards, 1975:22.
82 Ridderbos, 1955:137.
83 Ridderbos, 1955:138.
84 Handelinge 11:26; Romeine 12:7; Kolossense 1:28; 1 Timoteus 2:12.

werking van die Heilige Gees kenbaar maak.[85] Kategese is dus Woordverkondiging by wyse van onderrig en onderrig in die Woord by wyse van verkondiging. Die kategese word van die ander gestaltes van die Woordbediening onderskei deur sy objek: die nog onmondige verbondskinders in die kerke.[86]

### 2.2.3.4 Samevatting ten opsigte van κατέχεω en διδάσκω

Na sy wese, afgelei van die betekenis en gebruik van **κατέχεω** en **διδάσκω**, kan kategese gereken word tot die Woorddiens in die kerk soos dit deur God aan die kerk opgedra is.[87] Kategese is ***verkondiging*** van en ***onderrigleer*** in God se Woord aan die onmondige dooplidmate van die kerk. Kategese is in wese ***onderrigtende verkondiging*** en ***verkondigende onderrigleer*** met die Woord van God as eerste bron. Die opdrag tot lering (διδάχη) soos dit in die Skrif staan, behoort tot die Nuwe-Testamentiese heilsverkondiging. Wesenlik is kategese die onderrig van die kerk uit die Woord van God aan die verbondsjeug, by wyse van verkondiging en ook verkondiging van die Woord by wyse van onderrig. Dit is bediening van die Woord van God in die vorm van onderrig.

Daar word vervolgens aandag geskenk aan ander gedeeltes in die Nuwe Testament om vas te stel wat God se voorskrif is ten opsigte van ***onderrig.***

### 2.2.3.5.1 Matteus 28:19-20

#### 2.2.3.5.1.1 Die inhoud van Matteus 28:19-20

Die bevel van Christus in Matteus 28:19-20 is van ingrypende betekenis en kan as die fondament van alle kerklike onderrig geneem word.[88] Die opdrag om te leer (**διδάσκοντες**), grond die Here Jesus Christus op sy allesomvattende mag. Indien die dissipels uitgaan om uitvoering te gee aan die opdrag van die Here Jesus, naamlik:

- om na al die nasies toe te gaan,
- om die mense dissipels van Jesus te maak,
- om hulle te doop,
- om hulle te leer (διδάσκοντες),

geskied dit in die sekerheid dat die Opdraggewer oor alle mag beskik.[89]

85 Breed, 1989:135.
86 Van der Walt, 1992:11.
87 Matteus 28:19-20.
88 De Villiers, 1957:21; Van Uchelen, 1945:36.
89 Black, 1979:50.

Van der Walt[90] skryf dat "maak dissipels" uit drie aspekte bestaan:

- die verkondiging van die Evangelie,
- die inlywing van dié wat glo deur die doop,
- die opvolgende onderrig.

Die opdrag om te leer is net so wesentlik deel van die kerk se bestaan en roeping as die opdrag tot prediking. Eerstens moes die dissipels getuies wees van Jesus Christus en moes hulle die verlossingsboodskap aan alle mense oor die wêreld heen verkondig. Dit is die proklamasie van die heilsdade van Jesus Christus en ook 'n oproep om die heil in Christus te aanvaar. Hulle moet die heil in Jesus Christus deur die geloof vir hulleself toeëien, dit moet hulle eie word. Daarop volg die doop as sigbare teken van die inlywing in Christus.[91] Wie tot geloof en bekering gekom het, wie op die nuwe lewensweg gekom het in Jesus Christus, moet bly voortwandel met Christus in volle gehoorsaamheid en daarin moes die mense wat tot geloof en bekering gekom het, onderrig word. Christus se allesomvattende heerskappy moet sigbaar word in hulle lewe nadat hulle daarin onderrig is. Dit is die doel van Christus se leeropdrag! Van der Walt[92] merk hierby op dat die opdrag om die gedoopte kinders te "leer om alles te onderhou" inhoudelik gelyk is aan die opdrag in Deuteronomium 6:7 om die waarhede van God vir die kinders in te skerp om

- die enigste Here te ken,
- God lief te hê,
- in sy verbond met God te lewe.

#### 2.2.3.5.1.2 Betekenis van Matteus 28:19-20 vir die kategese

Verkondiging, doop en onderrig kan nie van mekaar geskei word nie, alhoewel hulle van mekaar onderskei moet word. Die onderrig sluit aan by die **verbond** waarvan die doop 'n teken en seël is. Verkondiging en onderrig is 'n direkte opdrag van die Here aan die kerk. Die onderrig het veral te doen met die geestelike vorming en toerusting van die gedooptes.

### 2.2.3.5.2 Efesiërs 4:11-16

#### 2.2.3.5.2.1 Die inhoud van Efesiërs 4:11-16

90 Van der Walt, 1992:7.
91 Prins, 1975:174.
92 Van der Walt, 1992:8.

Hierdie gedeelte uit die brief van Paulus aan die gemeente in Efese bevat 'n rykdom inligting wat op verskillende terreine van groot waarde is. Vir die doel van hierdie studie is dit van belang om te let op God se doel met die verskillende "gawes" wat in die gemeente gegee is. Apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (διδασκάλους) is deur Jesus Christus "gegee" (vers 11). "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus." (vers 12.) Onder hulle wat die Here gegee het, is die leraars (διδασκάλους). 'n Leraar is iemand wat bekwaam moet wees om ander te kan onderrig in die Skrifte.[93] Die leraar moet nie net die Woord van God ken nie maar hyself moet ook prakties uit die Woord van God lewe, tot voorbeeld van hulle wat deur hom onderrig word. Die doel van die onderrigtaak was "om die gelowiges toe te rus" (vers 12). Dit sluit almal in; doop- en belydende lidmate.[94] Die opdrag aan die kerk om te onderrig spreek duidelik in hierdie Skrifgedeelte.[95]

#### 2.2.3.5.2.2 Betekenis van Efesiërs 4:11-16 vir die kategese

Christus het leraars (διδασκάλοι) aan die gemeente gegee om hulle te onderrig. Die inhoud van die onderrig is die hele Skrif waarin Christus die sentrale plek inneem (vers 15-16). Die doel van die onderrig is die toerusting en opbou van die lidmate vir hulle diens en geestelike volwassenheid (vers 13). Die doel van die onderrig is om die lidmate te laat groei in die geloof van geloofskinders tot geloofsvolwassenes (vers 14). Dit is God se opdrag.

### 2.2.3.5.3 2 Timoteus 3:14-15

#### 2.2.3.5.3.1 Die inhoud van 2 Timoteus 3:14-15

Paulus se briewe aan Timoteus is daarop gerig om die jongman op te roep om met oortuiging vas te staan in die geloof en weerstand te bied teen al die dwalinge.[96] Die waarheid is dat Timoteus van kleins af in die heilige Skrif onderrig is (vers 15). Timoteus was van die tweede geslag gelowiges wat nie uit die heidendom tot bekering gekom het as gevolg van die prediking nie, maar hy het as gelowige grootgeword omdat sy moeder en grootmoeder hom in die waarhede van God onderrig het. Hieruit spreek die noodsaaklikheid dat verbondskinders onderrig sal word. God dui dit aan as die plig van die kerk om die lidmate (mondig en onmondig) "*in die waarheid te onderrig*" (διδασκάλιαν) (vers 16).

#### 2.2.3.5.3.2 Betekenis van 2 Timoteus 3:14-15 vir die kategese

93 2 Timoteus 2:2 1:13
94 Black, 1979:55.
95 Richards, 1975:231.
96 1 Timoteus 1:3-20; 2 Timoteus 2:16-18.

In die lewe van Timoteus het die onderrig geskied deur die ouers en ook die ampte.[97] Die doel van die onderrig was om die geloof in Jesus Christus te bewerkstellig en om die geloof te bewaar. Hier is inderwaarheid in die Ou en Nuwe Testament sprake van verbondsonderrig van kleins af tot op 'n latere ouderdom.[98]

#### 2.2.3.6 Samevattende afleidings uit die Nuwe Testament

2.2.3.6.1 Die kerk ontvang van die Here Jesus Christus 'n opdrag om te **onderrig** wat wesenlik tot kerkwees behoort.

2.2.3.6.2 Die **doel** met die onderrig is om die gelowiges toe te rus vir 'n aktiewe, gehoorsame lewe in diens van God.

2.2.3.6.3 Die **uiteindelike doel** met die opdrag om te onderrig is om lidmate te laat groei van kinders in die geloof tot geloofsvolwassenes.

2.2.3.6.4 Die onderrig is ook nodig ter wille van die **geloof** in Jesus Christus en die bewaring van die geloof.

#### 2.2.3.7 Finale afleidings by punt 2.1 – onderrig in die Skrif as 'n Goddelike opdrag

2.2.3.7.1 Om verbondskinders te onderrig in die Woord van die Here is nie 'n besluit van die mens nie – dit word direk deur God beveel omdat Hy Homself so bekend maak, asook sy dade en sy wil.

2.2.3.7.2 In sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament word die opdrag gegee dat die verbondskinders onderrig moet word in die groot dade van God waarop hulle met 'n lewe van dankbaarheid moet antwoord.

2.2.3.7.3 Die leeropdrag wat van God kom, behoort wesenlik tot kerkwees en mag nie nagelaat word nie.

## 2.3 Leer is 'n Goddelike opdrag

God se opdrag aan die kerk om die verbondskinders kategeties te **onderrig** is in punt 2.1 behandel. Daar is egter 'n ander sy van die kategetiese opdrag wat ook aandag moet geniet en dit is die opdrag aan die verbondskind om dit waarin hy onderrig word te **leer**. Aan die een kant is daar die **onderrigopdrag** aan die kerk en aan die ander kant die **leeropdrag** aan die verbondskind. Die Bybelse riglyne ten opsigte van die **leeropdrag** word vervolgens nagegaan.

### 2.3.1 Onderrig en leer

97 2 Timoteus 1:5; 2 Timoteus 1:13.
98 Black, 1979:58.

Onderrig en leer is nie dieselfde ding nie. Du Plessis[99] tref soos volg onderskeid: Onderrig is die **middel** en leer is die **doel**. Dit beteken dat onderrig nie op sigself 'n doel is nie: die doel van alle onderrig is dat leer sal plaasvind. Onderrig moet leer bewerkstellig. Onderrig is sinloos sonder leer en die beplanning van onderrig moet daarop gemik wees om maksimum leer teweeg te bring.[100] Du Plessis[101] beskou leer as die verwerwing van feitekennis, probleemoplossings- en ander intellektuele vaardighede, waardes, motiewe, houdings en interpersoonlike vaardighede. Onderrig het altyd as eindpunt die leerwins van die leerder. Op die vlak van die kategese sal dit belangrik wees om te weet in hoeverre die onderrig gelei het tot lewensverandering by die verbondskind as leerwins.[102] Te alle tye moet in gedagte gehou word dat die opdrag om te onderrig gemik is op die leer van die verbondskind met die oog op leerwins. Die leerdoelwit is dit waarna gestreef word om deur onderrigleer bereik te word. Die leeruitkoms is nuwe kennis, vaardighede en waardes wat verkry is na onderrigleer. Leerdoelwitte en leeruitkomste is dus kante van dieselfde munt, dit hang af van watter kant dit bekyk word. Verderaan word die term leeruitkomste hoofsaaklik gebruik en by uitsonderlike gevalle die term leerdoelwitte. As daar duidelik, bepaalde en geformuleerde leeruitkomste is, kan onderrigleer direk daarop afgestuur word. Onderrigleer sal doeltreffender wees as die uitkomste duidelik is. Vir die kategese beteken dit dat die onderrig van die kategeet en die leer van die verbondskind in samehang met mekaar met die oog op leerwins gesien moet word.

### 2.3.2 'n Bybelse opdrag

*Uit die Skrif (pt 2.1) is gelet op die opdrag aan die kerk om die verbondskinders te onderrig. Vervolgens word vasgestel of die Skrif dit aan die verbondskinders opdra om dit waarin hulle onderrig word, te leer.*

#### 2.3.2.1 Die Ou Testament

In die Ou Testament is לָמַד een van twaalf woorde vir *onderrig* of vir *opleiding gee*. Volgens Harris[103] het לָמַד in die Kal die betekenis van "learn" en in die Piël die betekenis van "teach", terwyl die Grieks van die Nuwe Testament in hierdie opsig twee woorde het, naamlik μανθάνω

99 Du Plessis, 1998:2.11.
100 Du Plessis, 1998:2.11.
101 Du Plessis, 1998:2.11.
102 Kolossense 1:9-11; 2 Timoteus 3:16-17.
103 Harris, 1980:480.

= "learn" en διδάσκω = "teach." Harris[104] meld dat hierdie twee Griekse woorde "each having its own content, goal, and methods", maar die Hebreeus (לָמַד) "uses the same root for both words because all learning and teaching is ultimately to be found in the fear of the Lord (Deut. 4:10; 14:23; 17:19; 31:12,13)". Daar word vervolgens verder aandag geskenk word aan enkele van die Skrifgedeeltes waarin לָמַד in die Kal gebruik word.

#### 2.3.2.1.1 Deuteronomium 31:12-13

In Deuteronomium 31:9-13 beveel Moses dat die wet en verordeninge van God een maal in sewe jaar aan Israel voorgelees moet word. Mans, vroue en kinders moet by die heiligdom bymekaar geroep word. Die rede: "*sodat hulle kan luister en die wet kan* ***leer*** (יִלְמְדוּ), *sodat hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam, sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan. So sal hulle kinders wat nie hierdie wet ken nie, dit kan hoor en* ***leer*** (לָמְדוּ) *en sal hulle die Here julle God kan dien*". Die wette is aan die hele volk voorgelees sodat almal, ook die kinders, al die wette kon hoor. Dit is hoe die volk in die wette **onderrig** is, by wyse van voorlesing. Omdat daar in daardie stadium nie boeke was waardeur die volk die Woord van God kon leer ken nie, moes die volk staatmaak op mondelinge oordrag en op hulle geheue.[105] Dit was baie belangrik om die Woord van God van buite te ken, want as almal dit ken, sou geen ongehoorsame kon aanvoer dat hy nie geweet het hy oortree die wet van God nie. Die **onderrig** het plaasgevind deur voorlesing en herhaling en die **leer** het plaasgevind deur herhaaldelik te luister en te memoriseer.

Die onderrig moet as leeruitkoms hê die diens en gehoorsaamheid aan God, volgens alles wat in die wet staan.

#### 2.3.2.1.2 Deuteronomium 5:1

Moses roep die Israeliete bymekaar en sê vir hulle: "*Israeliete, luister na die voorskrifte en die bepalings wat ek vandag hier in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer* (לְמַדְתֶּם), *dit gehoorsaam en daarvolgens lewe.*" Deuteronomium 5:1 maak melding van twee aktiwiteite: Die eerste is die **luister** na die voorskrifte en die bepalings wat aan die volk voorgelees word. Die tweede is die **leer** (לְמַדְתֶּם) van die voorskrifte en bepalings, met die doel dat die volk dit sal

104 Harris, 1980:480.
105 Vosloo, 1993:284.

gehoorsaam en daarvolgens sal lewe. Wat gebeur as die opdrag van God om te **leer** nie gehoorsaam word nie? Dan ken daardie mense God nie.[106]

Die onderrig moet gehoorsaamheid aan God en 'n praktiese lewe in ooreenstemming met alles wat in die wet staan, as leeruitkoms hê.

### 2.3.2.1.3 Deuteronomium 4:10

*"Julle moet hulle van dié dag laat leer (יְלַמְּדוּן) toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God."* Nadat Moses aan die volk voorgehou het watter seën hulle van God kan verwag en dat by God vir hulle lewe en wysheid is[107] "wordt nu door Mozes uiteen gezet, aan welke primaire eis het evenwel zal hebben te voldoen, wanneer het straks in Kanaän woont".[108] Die opdrag word aan die ouers gegee: "Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp." (vers 9.) Dit is die een kant van die opdrag van God. Die kinders en kleinkinders moet **onderrig** word in die wysheid van God. Maar dan kom die ander kant ook ter sprake: "Julle moet hulle van dié dag laat leer (יְלַמְּדוּן) toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God." (vers 10.) Die kinders moet onderrig word oor hoe God by Horebberg die Tien Gebooie aan die volk gegee het. In hierdie feite moet die kinders onderrig word en hulle moet dié waarhede leer.(יְלַמְּדוּן). Die doel word volgens Vonk[109] in vers 39 gegee: "Weet dan nou en neem dit ter harte: die Here is God. In die hemel daarbo en op die aarde hieronder is daar nie nog 'n god nie."
Die onderrig moet as leeruitkoms hê dat die verbondskinders die eerste gebod nakom.[110]

### 2.3.2.1.4 Deuteronomium 17:19

As daar vir Israel 'n koning aangestel word (Deut.17:14-20), moet die koning 'n afskrif van God se wet ontvang. *"Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer (יִלְמַד) om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe."* God se doel daarmee was dat die koning vir die duur van sy koningskap dit gereeld moet lees sodat hy kan leer (יִלְמַד) om die Here sy God te dien

106 Spreuke 30:3.
107 Deuteronomium 4:1-8.
108 Vonk, 1966:460.
109 Vonk, 1966:461.
110 Vonk, 1966:460

deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens hierdie voorskrifte te lewe (vers 19).

Die onderrigleer moet gehoorsaamheid aan God en oorgegewe diens as koning volgens alles wat in die wet staan, as leeruitkoms hê.[111]

### 2.3.2.2 Die Nuwe Testament

Die verband tussen **onderrig** en **leer** word ook op verskeie plekke in die Nuwe Testament gevind. Paulus skryf aan Timoteus oor sy optrede teenoor die weduwees en voeg by: "Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer (μανθανὲτωσαν) om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom." (vers 4.) Die verbinding van ***onderrig*** en ***leer*** vind ons ook in Johannes 6:45. "En hulle sal almal mense wees wat deur God geleer (διδακτοὶ) is. Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer (μαθὼν) het, kom na My toe." In Johannes 6:45 sien ons die verbinding van **onderrig** (διδακτοὶ) met **leer** (μαθὼν). In bogenoemde teksverse word die werkwoord μανθάνω gebruik. Volgens Louw en Nida[112] kan dié woord die volgende beteken: "A. Learn. B. Learn the location of something. C. Learn something against someone. D. Try to learn. E. Be willing to learn. F. Be ready to learn, pay attention. G. Recognize." In die gebruik van die woord μανθάνω in die Nuwe Testament, word gekies vir die betekenis in subdomein A, volgens Louw en Nida[113]. Louw en Nida formuleer die betekenis só: "to acquire information as the result of instruction, whether in an informal of formal content". μανθάνω kom net 25 keer in die Nuwe Testament voorkom terwyl διδάσκω vier maal meer gebruik word, maar daarmee word die belangrikheid van die betekenis van μανθάνω nie verskraal nie. **Μανθάνω** is in eie reg 'n woord wat betekenisvol is vir die saak van kategetiese onderrigleer.[114]

---

111 Daar kan ook op die volgende teksverse gelet word sonder bespreking daarvan:
[1] Deuteronomium 14:23. "Jy moet die tiende opsy sit van jou koring, jou wyn en jou olie en dan ook nog die eerstelinge van jou grootvee en jou kleinvee, sodat jy kan leer (תִּלְמַד) om die Here jou God altyddeur te eer."
[2] Psalm 119:71. "Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer (אֶלְמַד)."
[3] Psalm 119:73. "U hande het my gemaak en my toeberei; maak my verstandig, dat ek u gebooie kan leer (אֶלְמְדָה)."

112 Louw en Nida, 1989:325.

113 Louw en Nida, 1989:327.

114 Sonder verdere bespreking word na die volgende teksgedeeltes verwys: [1] 1 Korintiërs 14:31: "Julle kan almal profeteer, maar een vir een, sodat amal daaruit kan leer (μανθάνωσιν) en almal bemoedig kan word". [2] Romeine 16:17: "En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer (διδαχὴν) wat julle geleer (ἐμάθετε) het, en vermy hulle". [3] Matteus 9:13: "Gaan leer (μάθετε) wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars". Kittel (1969:408) toon aan dat Jesus die Fariseërs daarop wys om uit die Skrif te leer, in hierdie geval (Hosea 6:6). "Gaan leer (μάθετε) wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars." Kittel (1969:408) kom tot die slotsom: "μανθάνειν takes place when God's will is learned from Scripture and taken up into one's own will."

### 2.3.3 Samevattende afleidings uit punt 2.2

2.3.3.1.1 Die Here gee 'n opdrag om dit wat **onderrig** word, te **leer** sodat die vrug daarvan sigbaar kan word.

2.3.3.2 In die Nuwe Testament is daar nie net die onderrigopdrag wat aan die kerk gegee word nie, maar die verbondskinders kry ook die opdrag om dit waarin hulle onderrig word, te leer.

2.3.3.3 Die **leeruitkoms** met die onderrig is juis om by die gelowiges leeruitkoms te bewerk wat 'n aktiewe, gehoorsame lewe in diens van God is en wat die hele lewe omvat.

## 2.4 Finale afleidings by punte 2.1 en 2.2 – onderrig en leer in die Skrif is 'n Goddelike opdrag

2.4.1 Om verbondskinders te onderrig in die Woord van die Here, is 'n opdrag van God wat ook die leer van die verbondskinders insluit. Wat aan hulle onderrig word, moet deur hulle geleer word.

2.4.2 In sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament word die opdrag gegee dat die verbondskinders onderrig moet word in die groot dade van God en dat hulle dit deur leer vir hulleself moet toeëien.

2.4.3 Die onderrig- en leeropdrag wat van God kom, behoort wesenlik tot kerkwees en mag nie nagelaat word nie.

### 2.4.4 Besluit

Op grond van die Skrifgegewens sal die woord ***onderrigleer*** voortaan gebruik word om die aktiwiteit van onderrig en leer wat in die kategese plaasvind, aan te toon. Kategese word derhalwe gesien as **onderrigtende verkondiging** en **verkondigende onderrigleer.**

# HOOFSTUK 3
# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VAN DIE EERSTE TOT DIE ELFDE EEU

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## INHOUDSOPGAWE - HOOFSTUK 3

## GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VAN DIE EERSTE TOT DIE ELFDE EEU


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleidend | 70 |
| 3.2 | Die vroeë Christelike Kerk: Die eerste en die tweede eeu (100-199) | 70 |
| 3.2.1 | Oorgang van die Nuwe Testament tot die eerste eeu | 70 |
| 3.2.2 | Geskiedenis van die kategese in die eerste en tweede eeu (100-199 n.C.) | 72 |
| 3.2.3 | Die apostoliese vaders in die eerste en tweede eeu (100-199) | 73 |
| 3.2.3.1 | Justinus die Martelaar (100-165 n.C.) | 73 |
| 3.2.3.2 | Irenaeus (140/160-?200 n.C.) | 73 |
| 3.2.3.3 | Clemens Alexandrinus (± 150-215 n.C.) | 73 |
| 3.2.3.4 | Tertullianus (155-222 n.C.) | 73 |
| 3.2.3.5 | Hippolytus (170-236 n.C.) | 74 |
| 3.2.4 | Didache | 74 |
| 3.2.5 | Die kinderkategumenaat in die ou Christelike Kerke | 74 |
| 3.2.6 | Ontstaan van verskillende skole | 75 |
| 3.2.6.1 | Die kategumene skool | 76 |
| 3.2.6.2 | Die kategeteskole | 76 |
| 3.2.6.3 | Die episkopaalse skool | 76 |
| 3.2.6.4 | Die kloosterskool | 76 |
| 3.3 | Die vroeë Christelike Kerk: Die derde tot die vyfde eeu | 76 |
| 3.3.1 | Die algemene ontwikkeling | 76 |
| 3.3.1.1 | Die derde eeu na Christus | 76 |
| 3.3.1.2 | Die vierde en vyfde eeu na Christus | 77 |
| 3.4 | Die Kerkvaders | 77 |
| 3.4.1 | Cyrillus van Jerusalem (315-18 Maart 387 n.C.) | 77 |
| 3.4.2 | Aurelius Augustinus (354-430) | 77 |
| 3.5 | Die Middeleeue | 78 |
| 3.5.1 | Vervlakking en verstarring | 78 |
| 3.5.2 | Die verval van die kategumenaat | 78 |
| 3.5.3 | Karel die Grote (742-814) | 79 |

3.6 Afleiding uit die eerste tot die elfde eeu ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese ... 80
3.6.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens van die eerste tot die elfde eeu ... 80
3.6.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens van die eerste tot die elfde eeu ... 80
3.6.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese van die eerste tot die elfde eeu ... 80
3.6.5 Die faseologiese[115] faset ten opsigte van die *objek* van die kategese van die eerste tot die elfde eeu ... 81
3.6.6 Teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese, ons Drie-enige Verbondsgod, van die eerste tot die elfde eeu ... 81
3.6.7 Die didagonale[116] faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese van die eerste tot die elfde eeu ... 82
3.6.8 Die metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes en aanbieding* van kategese van die eerste tot die elfde eeu ... 82
3.6.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese van die eerste tot die elfde eeu ... 83

115 Die begrip *faseologies* dui op die wordingsgang van die kind [Olivier, 1985:257]. Lombard [1999] dui die betekenis van die woord *faseologies* aan as dit wat in fases voorkom of verloop. *Faseologies* word dus gebruik in die betekenis van die verskillende fases waardeur die kind beweeg op weg na volwassenheid.

116 Didakties is 'n té omvattende woord om net op leerinhoude te dui. Didagonale is die afgeleide byvoeglike naamwoord van διδάχη wat die leerinhoude aandui. Derhalwe word didagonale eerder as didaktiese gekies.

# HOOFSTUK 3

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VAN DIE EERSTE TOT DIE ELFDE EEU

## 3.1 Inleidend

Nadat in Hoofstuk 2 gekyk is na die situasie van die kategese in die lig van die Skrif, is dit nodig om 'n kort historiese ondersoek te doen na hoe daar deur die eeue op kerklike terrein gehandel is ten opsigte van die kategese om uiteindelik te kom tot die evaluering van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3.1.1 `n Keuse is gemaak ten opsigte van die historiese ondersoek. Derhalwe word daar net ondersoek gedoen ten opsigte van gegewens uit die kerklik-kategetiese ontwikkeling in Europa wat betrekking het op die kategetiese situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009.

3.1.2 In hierdie opsig sal daar oorsigtelik gelet word op die geskiedkundige ontwikkeling van die kategese van die eerste tot die elfde eeu.

3.1.3 Met die oog op die situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1859-2009, sal meerdere aandag gewy word aan die kategetiese situasie tydens die Reformasie en veral die Nadere Reformasie wat 'n sterk invloed gehad het op die situasie aan die Kaap, 1652-1859, en dus ook op die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vanaf 1859.

3.1.4 Die Dordtse Sinode 1618/1619 het tussen Huis-, Skool- en Kerkkatkisasie onderskei. Vir hierdie studie word sleg op die ***Kerkkatkisasie*** gefokus, en nié op die Huis- en Skoolkatkisasie nie.

## 3.2 Die vroeë Christelike Kerk: Die eerste en die tweede eeu (100-199)

### 3.2.1 Oorgang van die Nuwe Testament na die eerste eeu

Oorspronklik was die kategese niks anders nie as prediking.[117] "Once the kerygma had been proclaimed the task of the Christian communities was to prepare future believers by a complete

117 Waterink, 1928:12.

and essential instruction that would simultaneously broaden and deepen the elements of the proclamation proper. Such instructions were called 'catecheses', to teach orally, where the teaching is nothing but the echo of a word already spoken: that of God. In this sense catecheses is primarily the re-echoing of God's word through the voice of the catechist." Die wyse waarop, volgens Handelinge 2, die bekering van vele op Pinksterdag plaasgevind het, nl. deur Woordverkondiging,[118] is 'n voorbeeld van hoe die situasie tydens die eerste dekades van die kerk se bestaan was, nl. "the re-echoing of God's word". Christus se opdrag was dat die blye evangelie van verlossing in die wêreld gepreek moet word (Matt. 28:18-20; Mark. 16:15; Luk. 24:47-48; Hand. 1:8). Lukas 24:45-48 wys op die metode wat gevolg is toe Christus die dissipels se verstand geopen het om die Skrif te verstaan. Hy sê toe vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word van Jerusalem af en verder.'" Die wat tot *geloof* en *bekering* kom, moet gedoop word. Heel aan die begin was prediking die wyse waarop mense onderrig is om tot geloof, bekering en die doop te kom (Hand. 2:41; 8:12; 10:48; 16:15; 16:33; 18:8).

Howden[119] skryf selfs van "*Catechetical Preaching*". Hier het hy veral in gedagte die prediking kort voor of net na die kategumene se doop. "Usually preached on successive days, these didactic sermons explained the central mysteries of the faith to the new Christians. The homily form was normally maintained, but the text expounded was not from scripture but from the liturgy; the baptismal rite, the eucharist, the creed, the Lord's Prayer. Although these sermons still came after the reading of the scripture text for the day, and many scriptures were cited during the sermon, it was the liturgy itself that was expounded step-by-step."[120]

In 1 Korintiërs 1:17 wys Paulus op die verkondiging van die evangelie met betrekking tot die doop. In hierdie tyd van volwasse doop is dit eers die verkondiging en dan die doop. Die verkondiging van die evangelie kan nie van die doop losgemaak word nie. "Die prediking is die onderbou vir die doopsbediening."[121] Die Heilige Gees verkondig en deel die heilsweldade wat deur die prediking. Kategese is ook Woordbediening op 'n eie unieke wyse maar dit verskil wesenlik van Woordbediening as prediking. Die onderskeid tussen "onderrig" (διδάσκειν) en "verkondiging" (κηρύσσειν) is nie te vind in die **inhoud** daarvan nie maar wel in die **vorm**

118 Handelinge 2:14-47.
119 Howden, 1990:748.
120 Howden, 1990:749.
121 Floor, 1983:57.

waarin beide geskied.[122] Beide prediking en kategese het God se Woord as inhoud maar, terwyl κηρύγμα die werk is van die herout, stam διδάχη uit die lewenskring van religieuse onderwys. Prediking is κηρύγμα, **verkondiging**, terwyl kategese διδάσκειν, **onderrigleer** is. "Op welke wyze werd nu dat onderwys gegeven? Wel staat vast, dat in de eerste eeuw de catechese het werk was van particulieren en niet van een opzettelyke kerkelyke ordinatie of instantie."[123] 'n Ouderling, of in die algemeen 'n ampsdraer, het die onderrigleer waargeneem.

Jesus het ook bekendgestaan as "onderwyser" (διδάσκαλε - Matt. 8:19; Matt. 12:38). In Antiogië was daar profete en ook "onderwysers" (διδάσκαλοι - Hand. 13:1). Paulus skryf ook van die "onderwysers" (διδασκάλους - 1 Kor. 12:28) in die gemeente van Korinte naas die apostels en die profete. Paulus maak ook melding van diegene wat onderrig gee as gewone gelowiges (ὁ διδάσκων, ἐν τῇ διδασκαλίᾳ - Rom. 12:7; vgl ook Jak. 3:1; Hebr. 5:12). "Teachers as a separate category are found principally in the role of catechists preparing converts for baptism.[124] This activity was under the direction of the bishop, and increasingly the activities of the ordained ministers left no room for the unordained teachers."[125]

### 3.2.2 Geskiedenis van die kategese in die eerste en tweede eeu (100-199 n.C.)

In die oud-Christelike Kerk was die onderrig van "candidaat-lede der kerk nog niet gereeld, aller minste bij hen, die door den Doop bij de kerk werden ingelijfd".[126] Die kerk het in dié tyd uitgebrei deur die opname van dié mense, wat uit die Jodedom of die Heidenwêreld tot bekering gekom het. Voordat diegene in die Christelike kerk ingelyf is, is hulle onderrig in die hoofwaarhede van die kerkleer. Kategese het in hierdie periode aan die doop vooraf gegaan. Onderrig is in hierdie periode gekoppel aan die doop en die opname in die kerk. Dijk[127] skryf dat die kategese in die apostoliese tyd kort geduur het. Later is die onderrig uitgebrei namate die kinderdoop gebruik is. Die instelling van die kategumenaat sou bestempel kon word as die eerste Christelike instelling wat daarop gemik was om onderrig ten opsigte van die geloof te gee. Van die kategumenaat in die eerste en tweede eeu is baie min bekend. Vanweë die omstandighede van die kerk in die vroegste eeue was die tyd nog nie ryp vir sistematiese kategetiese onderrig nie.

---

122 Ridderbos, 1955:137.
123 Waterink, 1928:12.
124 Soos in Hyppolytus, Trad. Ap. 16; 18; 19.
125 Ferguson, 1990:883.
126 Waterink, s.a.:5.
127 Dijk, 1954:116.

### 3.2.3 Die apostoliese vaders in die eerste en tweede eeu (100-199)

#### 3.2.3.1 Justinus die Martelaar (100-165 n.C.)

Die eerste berig oor die kategumenaat is in Justinus se Apologie gevind.[128] In sy "Apologia Maior", Hoofstuk 61, skryf hy dat diegene wat oortuig is van die waarheid van die leer en dit glo en die belofte aflê dat hulle hulle lewe na hierdie leer wil inrig, en ook met vastye bid om vergewing van sondes, vir hulle bid die kerk ook. Dan word hulle gedoop, die gemeente binnegelei en met 'n heilige kus (φιλήματι ἁγίῳ[129]) ontvang en neem dan ook deel aan die nagmaal.

#### 3.2.3.2 Irenaeus (140/160-?200 n.C.)

In Desember 1904 is 'n werkie van Irenaeus, presbiter in Lyon, Frankryk, gevind: Ενδειξις του αποστολινου κηρυγματος. In die eerste deel van die werk word 'n oorsig gegee van die geskiedenis van die openbaring van die Ou Testament en hoedat die profesieë van die Ou Testament vervulling gevind het in Jesus Christus.[130] In die tweede deel, wat sterk apologeties is, word die heidendom weerlê in die lig van die Skrif. Kategese was in daardie tyd hoofsaaklik 'n inleiding tot die Christendom. Daarom was dit nodig dat daar in die onderrigleer van die kerk ingegaan is op die prinsipiële verskil tussen die heidendom en die Christendom.

#### 3.2.3.3 Clemens Alexandrinus (± 150-215 n.C.)

In sy tweede brief noem Clemens Alexandrinus die kategese die roeping van die gemeente waardeur die heidene, wat tot die geloof in Christus gekom het, geleer word om hulle lewe as afgodsaanbidders te verander.[131]

#### 3.2.3.4 Tertullianus (155-222 n.C.)

Alhoewel die kinderdoop in die tyd van Tertullianus reeds toegepas is, keur hy dit af. Hy is van mening dat daar 'n noodsaaklike kategetiese onderrig aan die doop moet voorafgaan.[132]

---

128 Biesterveld, 1900:13.
129 Romeine 16:16; 1 Korintiërs 16:20; 2 Korintiërs 13:12; 1 Tessalonisense 5:26.
130 Waterink, s.a.:6.
131 Bijlsma, 1969:45.
132 De Villiers, 1957:96.

Tertullianus se *De baptismo* is die eerste geskrewe werk wat omvattend handel oor die kategese van die dopelinge.

### 3.2.3.5 Hippolytus (170-236 n.C.)

By Hippolytus is daar ook gegewens wat dui op die onderrig van kategumene met die oog op hulle doop. Ongeveer in die jaar 217 n.C. verwys hy na "the Apostolic Tradition, which was formerly known as the Egyptian Church Order".[133] Die kategumene is onderrig ten opsigte van die lewe van 'n bekeerling.

### 3.2.4 Didache

Die vroegste getuienis ten opsigte van die kategese in die ou Christelike Kerke word in die Διδαχή (Didache[134]) gevind. Die Διδαχή het tussen die jare 70 en 110 na Christus ontstaan as leerboek vir onderrigleer. Die leerinhoude wat in die Διδαχή opgeneem is, handel oor die gebooie, verklaring van die doop en die nagmaal, die Ons Vader, voorskrifte in verband met die gemeente en sy voorgangers en 'n vermaning tot waaksaamheid met die oog op Christus se wederkoms.[135] Die indelingsordening van gebod, sakramente, gebed en geloof skemer hier deur.[136] Dit toon alreeds 'n uitbreiding op die situasie in die Nuwe Testament waar slegs 'n kort uiteensetting van Jesus Christus en sy verlossingswerk as voldoende vooronderrig vir die doop geag is (Hand. 2:41; 8:38; 16:33). In die Διδαχή is dit duidelik dat daar baie vroeg in die eerste eeu al vooruit beweeg is wat leerinhoude betref waarin in die kerklike onderrigleer plaasgevind het. Die skrywer van die Διδαχή is onbekend.

### 3.2.5 Die kinderkategumenaat in die ou Christelike Kerke

Van oudsher af reeds vorm die kategumene (doopleerlinge) 'n afsonderlike stand in die kerk. Die kategumene is al *christianus*, maar nog nie *fidelis* (gelowige) nie. By die toename van die kinderkategumenaat het die proseliete-kategumenaat in betekenis afgeneem en steeds korter geword sodat in die jaar 610 te Bracara die voorbereidingstyd op twintig dae vasgestel is.[137] In die behandeling van die kinderkategumenaat in die ou Christelike Kerke sal duidelik word wat die standpunt was ten opsigte van die *objek van die kategese*. Omdat dit hoofsaaklik die heidene en Jode was wat tot bekering gekom het, wat gedoop is, was die doop van kinders nog nie deel

---

133 Stander en Louw, 1988:59.
134 Leer van God deur die twaalf apostels aan die heidene. ΔΙΔΑΧΗ Κυρίου διὰ τῶ δώδεκα ἀποστόλων τοῖς ἔθνεσιν.
135 Bijlsma, 1969:44.
136 Viljoen, 1985:212.
137 Kleynhans, 1957:7.

van die praktyk van die kerk en die daarvoorafgaande kategetiese onderrig nie. Die onderrig is hoofsaaklik gerig op volwasse heidene en Jode wat tot bekering gekom het en by die kerk ingelyf moes word by wyse van die doop.[138] Die opkoms van die kinderkategumenaat het geleidelik ontwikkel.

Die doop het algaande die uitgangspunt geword en namate, deur die kerstening van die massas, groot druk op die kategese van die kerk geplaas is, het die doel van die kategese as onderrig van die enkeling verskuif na die onderrig van die massas. Onder die invloed van Karel die Grote (712-814 n.C.) word die kategese nie alleen beskou as die inleiding tot die kultus nie, maar verkry dit as doelpunt : kennis. Elke lid van die kerk moet minstens die Credo en die Paternoster ken.[139] Karel het onder andere die biskoppe verplig om die katkisante in die geloofsleer te onderrig. Hierdie tyd word gekenmerk deur die oplewing van die biegpraktyk en die eerlike pogings van Karel die Grote om die onderwys op 'n hoë peil te bring.

### 3.2.6 Ontstaan van verskillende skole

Vanaf die middel van die tweede eeu het skole met religieuse vakke in verskillende stede bestaan. Daar het vier soorte skole ontwikkel waarin daar in mindere of meerdere mate "kategetiese" onderrigleer gegee is.

#### 3.2.6.1 Die kategumene skool

'n Kategetiese skool (Διδάσκαλεῖον) is in die tweede eeu deur Pantaenus in Alexandrië in Egipte gestig met die doel om te dien "as a centre of higher studies, exegesis and theology, sponsored and controlled by the local bishop". Die leerinhoude vir onderrigleer het in die kategumene skole bestaan uit die heilsgeskiedenis as openbaring van God, die Wet met die oog op die Christelike lewe en die verwagting van die opstanding van die dode en die laaste oordeel.[140] Die bloeityd van die kategumene skool val in die derde eeu, toe bekeerlinge in groot getalle by die kerk wou aansluit en daar, ten opsigte van hulle, meer aandag aan die onderrig gegee moes word met die oog op die opname van die nuwe bekeerlinge. Maar reeds teen die end van die vierde eeu het die betekenis van die kategumene skool baie afgeneem en in die vyfde eeu het dit sy ondergang genader vanweë die toenemende toepassing van die kinderdoop en die verval van die proselietekategumenaat.

138 Van de Bank, 1983:138.
139 Berkelbach van der Sprenkel, 1956:182.
140 Coetzee, 1963:100, Spoelstra, 1990b:18, Biesterveld, 1900:15.

#### 3.2.6.2 Die kategeteskole

Die opkoms van sektes en die behoefte aan 'n deeglike apologie teen die klassieke filosofie en die heidendom het die opleiding van leraars en teoloë noodsaaklik gemaak (2 Tim. 2:2). Net goed opgeleide leraars wat deeglik onderrig is in die metodiek van onderrigleer, sou suksesvol wees. Hierdie leraars is kategete genoem.[141] Op verskillende plekke het van die kategeskole bestaan waar leraars opgelei is vir die taak as kategete.

#### 3.2.6.3 Die episkopaalse skool

Die derde soort skool wat in die eerste eeue ontstaan het, was die episkopaalse skool, 'n inrigting met 'n doel verwant aan dié van die kategeteskool, naamlik die opleiding van leiers vir die volk.[142] Die onderrig het geskied in die wonings van die biskoppe en die leerinhoude was hoofsaaklik van asketies-praktiese aard omdat dit die inslag van die onderrigleer in daardie tyd was.

#### 3.2.6.4 Die kloosterskool

Pagonius (292-346) word beskou as die stigter van die Egipties-Koptiese monnikdom waardeur die mense hulle teruggetrek het uit die lewe ter wille van verdieping en hulle het hulle kinders in die klooster laat bly. Die kloosterskool het saam met die kloosterlewe gegroei. Die doel van die onderrigleer in hierdie skole was sedelik-godsdienstig van aard en die leerinhoude vir onderrigleer was hoofsaaklik die Bybel en die kultus.[143]

## 3.3 Die vroeë Christelike Kerk: Die derde tot die vyfde eeu

### 3.3.1 Die algemene ontwikkeling

#### 3.3.1.1 Die derde eeu na Christus

In die derde eeu n.C. het die kerk steeds te make met 'n toenemende belangstelling. Duisende het hulle by die kerk aangemeld om daarin opgeneem te word. Weë moes gevind word om hierdie aanhoudende stroom op te vang. Die kategumenaat is die periode tussen die aanmelding by die ampsdraers van die gemeente en die doop in die paasnag. In hierdie periode was die duur van die

141 Spoelstra, 1990b:19.
142 Coetzee, 1963:101.
143 Berkelbach van der Sprenkel, 1956:163.

kategumenaat 2 tot 3 jaar. Die leerinhoud was die vernaamste dogmata en 'n korte verklaring van die doopsimbool en die Apostolicum.

#### 3.3.1.2 Die vierde en vyfde eeu na Christus

Die vierde tot die vyfde eeu is die periode in die geskiedenis van die Kerk waarin die proselietekategumenaat oorgegaan het in die kinderkategumenaat.[144] Die kinderdoop het die proselietekategumenaat mettertyd laat verdwyn en die doop het algaande die uitgangspunt van die kategese geword. In hierdie periode begin die onderrigleer in die vernaamste dogmata. Dit was eintlik maar net 'n kort weergawe van die Christelike geloof en die konsekwensies daarvan vir die praktiese lewe, asook 'n kort verklaring van die doop, die Apostolicum en die Onse Vader.[145]

## 3.4 Die Kerkvaders

### 3.4.1 Cyrillus van Jerusalem (315-18 Maart 387 n.C.)[146]

Cyrillus, biskop van Jerusalem vanaf 348, skryf sy *Katechesis*[147], 'n werk wat uit 24 hoofstukke bestaan. Dit is toesprake wat hy oor die Christelike geloof geskryf het. In hierdie lesse is die aanstaande dopelinge in die vastyd voor Paasfees gereed gemaak om gedoop te word. Grotendeels aan die hand van die Geloofsbelydenis gee hy 'n kort uiteensetting van die geloofsleer. Die laaste vyf kategetiese lesse (20-24), die sogenaamde mistagogiese lesse, kom na die doop aan die orde as voorbereiding vir die gebruik van die nagmaal. In hierdie lesse is die betekenis van die sakramente (die sogenaamde "mysteria" of geheimenisse) behandel. In hierdie pennevrug van Cyrillus kom die vernaamste dogmata, 'n verklaring van die Apostolicum en 'n inleiding in die sakramente voor as leerinhoude vir die verbondsleer.

### 3.4.2 Aurelius Augustinus (354-430)

Van belang is die *De Catechizandis Rudibus* van Augustinus wat hy in 397 na Christus geskryf het. Deogratias was 'n kategeet wat, ten spyte van sy vermoë om kinders kategeties te onderrig, getwyfel het oor 'n paar sake. Hy was in die eerste plek nie seker van die metode wat hy moet volg nie en tweedens het hy getwyfel of hy aan die kategumene net 'n opsomming van die morele verpligtinge moet gee of meer as dit. In 'n brief vra hy raad by Augustinus. Augustinus

144 Van der Walt, 1976:16.
145 Waterink, s.a.:7.
146 Daar moet duidelik onderskei word tussen Cyrillus van Alexandrië (375-444) en Cyrillus van Jerusalem (315-387).
147 *Kategeeses* = kategetiese lesse.

se antwoord aan Deogratias is die ***De catechizandis rudibus***, die eerste handleiding vir kategese in die geskiedenis van die Kerk. Augustinus toon opmerklike kreatiwiteit in sy uiteensetting ten opsigte van kategese. Die gebruik van heilshistorie[148] as fondament vir die kategese was in sigself ongewoon in die vroeë kerk. Ten minste drie verwysings in die *De catechizandis rudibus*[149] dui aan dat die kategese wat Deogratias in gedagte gehad het, bedoel was vir die mense wat vrae te vra het oor die Christelike geloof. Met ander woorde, hulle was nog nie kategumene nie. Ongetwyfeld is dit die rede waarom Augustinus heilsgeskiedenis gebruik as die voertuig, want dit is makliker om vrae daaruit te beantwoord as uit die streng dogmatiese benadering.[150]

## 3.5 Die Middeleeue

### 3.5.1 Vervlakking en verstarring

Die geskiedenis van die Middeleeue strek van die vyfde tot die elfde eeu. Ongeveer 500 tot 1500. Dit is die periode tussen die *oudheid* en die *herlewing*. 'n Ontwikkeling in die middeleeue op liturgiese vlak het die kategetiese element ten opsigte van die doop verdring. Dit het gebeur toe die kinderdoop in die middeleeue onder die gekerstende Germaanse volke algemeen geword het. Met die verskuiwing van die kategumene doop tot die kinderdoop is die seremonies rondom die doop nie aangepas nie. Die gebruike by volwasse doop is voetstoots op die kinderdoop oorgedra. Die enigste liturgiese probleem van die kerk was dat die klein kindertjies nie kon praat nie. Die ouers of die pete moes op hierdie punt vir die kinders instaan. Hulle spreek en handel in die naam van die kind.

### 3.5.2 Die verval van die kategumenaat

Gedurende die Middeleeue is agteruitgang op alle lewensvlakke sigbaar, en in dieselfde mate in die kerklike lewe. Na die kerstening van Europa het daar ten opsigte van die kategese 'n jammerlike terugval gekom. Die middeleeuse kategese vertoon onmiskenbare tekens van verval. Troelstra[151] dui die verval soos volg aan: "Bij gebrek aan toezicht werden het godsdienstig onderwijs, de preek en catechismus op vele plaatsen verwaarloosd, de Sacramenten karig

---

148 *"salvation history"*, openbaringsgeskiedenis of heilsgeskiedenis.
149 1. 1.1; 2. 16.24; 3. 26.50.
150 Fitzgerald, 1999:144.
151 Troelstra, 1903:XIII.

toegediend, de kerken slecht bezocht en de viering van den Zondag nie genoegsaam behartigd. Bij gebrek aan onderwijs moest de jeugd zonder eenige vorming opgroeien."

Die leerinhoud van die kategese is gereduseer tot die Credo en die Pater Noster terwyl daar oppervlakkig aandag geskenk is aan die sakramente en die Dekaloog vervang is met die sondelyste wat gerig is op die bieg. Geleidelik is die Pater Noster vervang met die Ave Maria. Die biegstoel het mettertyd die kategese ingesluk.[152] Die biegpraktyk het die keuse van leerinhoude bepaal. In hierdie onderrig het die klem geval op die praktyk van die godsaligheid, die Tien Gebooie en die tien hoofsondes. Die leerinhoude van die latere Middeleeue sentreer in die leer van sonde en deug.[153] Die Bybel as leerinhoud is glad nie vir die godsdienstige onderwys van die kinders in berekening gebring nie. Calvyn verwyt die Middeleeuse kerk dat daar afgewyk is van die praktyk van die ou Christelike kerk ten opsigte van onderrigleer aan die jeug.[154]

### 3.5.3 Karel die Grote (742-814)

Tydens die regeringstyd van keiser Karel die Grote het daar 'n momentele opflikkering gekom omdat hy die onderwys in die algemeen opgeknap het en dit tot gevolg gehad het dat daar vir 'n kort periode 'n oplewing en verdieping van die kategese was.[155] Hy het bepaal dat die kinders die Credo en die Pater Noster in hulle moedertaal moet leer. Dopelinge moes ook onderrig word in verband met die sondes waarvan 'n Christen hom moet weerhou. Geskrifte wat die Apostolicum en die Pater Noster toelig, het onder andere in Duitsland ontstaan.[156]

Die vierslag wat in die loop van die eerste eeue geyk geraak het vir kategetiese onderrigleer van die verbondskinders van die kerk, naamlik die Credo, Pater Noster, Dekaloog en Sakramente, vind ook neerslag in die Middeleeuse kategetiese onderrigleer, alhoewel dit later uiters verskraal is met die oog op die biegpraktyk. In 'n groot mate word dit waarin die kinders onderrig word en waaruit hulle moet leer egter net formules wat uit die kop geleer moet word.

152 Bijlsma, 1969:57.
153 Troelstra, 1903:7.
154 Van 't Veer, 1942:139.
155 Beukes, 1983:48.
156 Viljoen, 1985:215.

### 3.6 Afleiding uit die eerste tot die elfde eeu ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese

#### 3.6.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens van die eerste tot die elfde eeu

In die eerste tot die elfde eeu blyk dit dat die kategese wat bedryf is in wese **kerklike diens** was omdat dit 'n opdrag van die Drie-enige Verbondsgod is. Die kategese is nie buite-Kerklik bedryf nie. Vanaf die stigting van die kerk as instituut is die opgelegde taak van die vergadering en versorging van die volk van die Here besef.

#### 3.6.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens van die eerste tot die elfde eeu

Kategese is **kerklike diens** deur middel van die **amp.** In die periode van die eerste tot die elfde eeu is die amptelike karakter van die kategese besef en is die kategetiese arbeid van die kerk deur die ampte verrig. Die kerk is nie alleen vrug van Christus se diens nie maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Die amp is in Christus, die Koning van die kerk, gewortel en gegee ter wille van die kerk, tot opbou daarvan (Matt. 16:18, Ef. 4:12). Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, deur middel van die amp, het die kategese in die eerste tot die elfde eeu dus 'n **amptelike karakter**.

#### 3.6.3 Die pistologiese[157] faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese van die eerste tot die elfde eeu

Die leeruitkoms van die kategese het in die periode van die eerste tot die elfde eeu telkens verskuif. Die leeruitkoms van die kategese is aanvanklik daarin gesien dat volwassenes en kinders ontvang het met die doel om gedoop te word en so by die kerk ingelyf te word. In die vroeë eeue was die leeruitkoms van die kategese ook om die heidene vir hule opname in die kerk te onderrig. Met die opkoms van die kinderkategumenaat is die leeruitkoms van die kategese gesien in die verbondsonderrig van die verbondskinders met die oog op geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis (Matt. 28:19-20, Hand. 1:8).

157 Pistologies, die afgeleide byvoeglike naamwoord van πιστευω, om te glo [πιστός - geloof], word verkies eerder as die gebruiklike *pisties*, wat 'n wysgerige lading dra.

Anders gestel: Die leeruitkoms van die kategese is die werking, onderhouding en uitbouing van die **geloof** van die kategumene in wat in die verbond **beloof** is.

### 3.6.5 Die faseologiese[158] faset ten opsigte van die *objek* van die kategese van die eerste tot die elfde eeu

In die eerste 15 eeue van die bestaan van die Christelike kerk het die objek van die kategese telkens verander. Aanvanklik was die objek van die kategese volwassenes uit die jodedom en die heidendom wat tot geloof en bekering gekom het en voorberei moes word vir hulle doop en opname in die kerk. Geleidelik het die kinderkategumenaat posgevat sodat die objek van die kategese verskuif het van die proseliete-kategumenaat na die onderrig aan die verbondskinders. Toe is die objek van die kategese die kinders van die gemeente wat deur die verbond, waarvan die dooop teken en seël is, by die kerklike gemeenskap ingelyf is. Die objek van die kategese is *verbondskinders,* wat lidmate van die *kerk* is, en in wie se hart die **geloof** gewerk word.

### 3.6.6 Teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese, ons Drie-enige Verbondsgod, van die eerste tot die elfde eeu

Die Subjek van die kategese is die Drie-enige Verbondsgod. Die feit dat die Drie-enige Verbondsgod die Subjek is wat wedergeboorte en geloof gee,[159] maak kategese anders as sekulêre onderwys waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur aan die jonger geslag oordra (Spoelstra, 1990a:37). As Subjek van die kategese, werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Slegs wanneer God Drie-enig self in die kategese teenwoordig is, kan daar sprake wees van suksesvolle kategese (Hand. 2:47, Hand. 3:26, Hand. 4:19-21, Hand. 20:28 en 32, Rom. 10:15, 1 Kor. 3:6-9, 2 Kor. 5:20). Die Drie-enige Verbondsgod is Subjek van die kategese omdat Hy sy verbondsvolk verkies, die verbond, waarby die kinders ook ingesluit is, met hulle sluit en die verbond vir hulle werklikheid maak in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Kategese is dus teosentriese onderrigleer en begeleiding. Met die ontwikkeling van die Rooms-Katolieke dogma is die kerk gesien as die subjek van die kategese en in 'n stadium ook die Pous.

---

158 Die begrip *faseologies* dui op die wordingsgang van die kind [Olivier, 1985:257]. Lombard [1999] dui die betekenis van die woord *faseologies* aan as dit wat in fases voorkom of verloop. *Faseologies* word dus gebruik in die betekenis van die verskillende fases waardeur die kind beweeg op weg na volwassenheid.

159 Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 3 en 4, Artikel 12-15, Ef. 2:8.

### 3.6.7 Die didagonale[160] faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese van die eerste tot die elfde eeu

Die leerinhoude wat in die vroeë Christelike Kerke voorkom, is die gebooie, verklaring van die doop en die nagmaal, die Ons Vader, voorskrifte in verband met die gemeente en sy voorgangers.[161] Die derde tot die vyfde eeu is die periode in die geskiedenis van die Kerk waarin die proselietekategumenaat oorgegaan het in die kinderkategumenaat. Die leerinhoud in hierdie periode was die vernaamste dogmata. Dit was eintlik maar net 'n kort weergawe van die Christelike geloof en die konsekwensies daarvan vir die praktiese lewe, asook 'n kort verklaring van die doop, die Apostolicum en die Onse Vader. In die *Kateecheesis* van Cyrillus kom die vernaamste dogmata, 'n verklaring van die apostolicum en 'n inleiding in die sakramente, voor as leerinhoude vir kategese. In die *De Catechizandis Rudibus* van Augustinus is die leerinhoude die geloof, gebed, gebod en die sakramente. Die volle aandag van die kategese val vir Augustinus op die Heilige Skrif as Godsopenbaring.

### 3.6.8 Die metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes en aanbieding* van kategese van die eerste tot die elfde eeu

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** daarvan. Die vraag moet gestel word: Hoe moet die leerinhoude aan die verbondskinders oorgedra word? Die metodes van onderrigleer in die kategese word in genoemde periode nie duidelik vermeld nie. Uit die beskikbare bronne kan die volgende afgelei word: Die metode van kategese in die vroeg-Christelike kerk was prediking - dus mondelinge oordrag. Die onderrigleer was homileties-verklarend en die metode word die analitiese metode genoem. Gedurende die vroeë Middeleeue geskied die onderrigleer volgens die samespraakvorm in vraag-en-antwoord, bekend as die erotematiese metode. In die periode van die latere Middeleeue, vanweë die opkoms van die skolastiek, het die behoefte ontwikkel om die geloofswaarhede wetenskaplik te ondersoek en te formuleer en in 'n sisteem vas te vang. Dit het tot 'n nuwe metode gelei, te wete die logies-deduktiewe metode. Terselfdertyd het die intellektualisme gelei tot die dialektiese metode.[162] Die elfde eeu word beheers deur die skolasties-tematiese metode en die twaalfde eeu, wat die kenmerk van die nominalisme van Abelardus en Lombardus dra, het die nomisties-moralistiese

160 Didakties is 'n té omvattende woord om net op leerinhoude te dui. Didagonale is die afgeleide byvoeglike naamwoord van διδάχη wat die leerinhoude aandui. Derhalwe word didagonale eerder as didaktiese gekies.

161 Dit toon al klaar 'n uitbreiding op die situasie in die Nuwe Testament waar slegs 'n kort uiteensetting van Jesus Christus en sy verlossingswerk as voldoende vooronderrig vir die doop geag is (Hand. 2:41; 8:38; 16:33). In die Didache is dit duidelik dat daar baie vroeg in die eerste eeu al vooruit beweeg is wat leerinhoude betref waarin in die kerk onderrigleer plaasgevind het.

162 Coetzee, 1963:134.

onderrigleermetode in die praktyk van onderrigleer ontwikkel. Die dertiende en veertiende eeu belewe die mistiek as reaksie teen die strenge skolastiek en die kategetiese metode van dikteer, en memoriseer maak plek vir die mistieke metode van meditasie en kontemplasie.[163] Met die opkoms van die biegpraktyk moes die kinders 'n deeglike kennis van die hoofsondes hê en by die biegstoel is die sondes behandel aan die hand van die **vraag-en-antwoordmetode**. Die bieg het dus verloop as 'n erotematiese gesprek.

### 3.6.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese van die eerste tot die elfde eeu

In die beskikbare bronne is die praktyk van die kategese gedurende die verskillende fases nie genoem nie. Dit is sake soos: die tydsduur van elke les, die aantal lesse wat per jaar beplan is; die lokaal waarin die kategese plaasgevind het, die hulpmiddele wat gebruik is.

163 Coetzee, 1963:134.

# HOOFSTUK 4
# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VOOR EN TYDENS DIE REFORMASIE

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 4

## GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VOOR EN TYDENS DIE REFORMASIE


4.1 Inleidend ..... 88

4.2 Die geskiedenis van die kategese vóór die Reformasie ..... 88

4.2.1 Die twaalfde eeu ..... 88

4.2.2 Die dertiende eeu ..... 88

4.2.3 Die veertiende eeu ..... 89

4.2.4 Die vyftiende eeu ..... 89

4.2.5 Die sestiende eeu ..... 89

4.2.6 Die Waldense (± 1200) ..... 91

4.2.7 Jan van Zyric (1294) ..... 91

4.2.8 Die Broeders des Gemenen levens (± 1300) ..... 91

4.2.9 John Wicliff (± 1329-1384) ..... 92

4.2.10 Johannes Hus (1374-1415) ..... 92

4.2.11 Die Boheemse Broeders ..... 92

4.3 Afleiding uit die Voor-Reformatoriese tydperk ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese ..... 93

4.3.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 93

4.3.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 93

4.3.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die voor tydperk ..... 93

4.3.4 Die faseologiese faset ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 93

4.3.5 Teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese, ons Drie-enige Verbondsgod, in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 94

4.3.6 Die didagonale faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 94

4.3.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metode* en aanbieding van kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 94

4.3.8 Die Praktykgerigte faset van die kategese van die eerste tot die vyftiende eeu ..... 95
4.4 Die geskiedenis van die kategese tydens die Reformasie ..... 95
4.4.1 Radikale verandering ..... 95
4.4.2 Die Kategese in Genève tydens die Reformasie ..... 96
4.4.2.1 Die stempel van Calvyn ..... 96
4.4.2.2 Die leeruitkoms van die kategese in Genève ..... 97
4.4.2.3 Die praktyk van die kategese in Genève ..... 97
4.4.2.2 Die kenmerke van die kategese in Genève ..... 98
4.4.2.3 'n Samevatting van Calvyn se standpunt ten opsigte van die kategese in Genève ..... 98
4.4.3 Die Kategese in Wittenberg tydens die Reformasie ..... 99
4.4.3.1 Die wieg van die kategese ..... 99
4.4.3.2 Die metode en leerboeke van die kategese ..... 99
4.4.3.3 Die leeruitkoms van die kategese ..... 99
4.4.3.4 Kenmerke van die kategese in Wittenberg ..... 100
4.4.3.5 Martin Luther (1483-1546) ..... 100
4.4.4 Die kategese van die Reformasie soos in Zürich gevind ..... 102
4.4.4.1 Zwingli en Luther ..... 102
4.4.4.2 Kategese en die kinderdoop ..... 102
4.4.4.3 Geloofsbelydenis ..... 103
4.4.4.4 Die leerinhoud van die kategese ..... 103
4.4.4.5 Kenmerke van die Switserse kategese ..... 103
4.4.4.6 Ulrich Zwingli (1484-1531) ..... 103
4.4.5 Afleidings uit die Reformasietyd ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese ..... 103
4.4.5.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens in die Reformatoriese tydperk ..... 103
4.4.5.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die karakter van die kategese as amptelike diens in die Reformatoriese tydperk ..... 104
4.4.5.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese in die Reformatoriese tydperk ..... 104
4.4.5.4 Die kategetiese leeruitkoms in die Gereformeerde kategese ..... 104
4.4.5.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese in die Reformatoriese tydperk ..... 105

4.4.5.6 Teosentriese faset ten opsigte van die Subjek van die kategese, ons Drie-enige Verbondsgod, in die Reformatoriese tydperk ..... 105
4.4.5.7 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die kategese in die Reformatoriese tydperk ..... 105
4.4.5.8 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding van kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk ..... 107
4.4.5.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese ..... 107

# HOOFSTUK 4

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VOOR EN TYDENS DIE REFORMASIE

## 4.1 Inleidend

4.1.1 In Hoofstuk 2 is rekenskap gegee van die Skriftuurlike begronding ten opsigte van kategese.

4.1.2 In Hoofstuk 3 is 'n kort studie gedoen ten opsigte van die geskiedenis van die kategese gedurende die eerste tot die vyftiende eeu na Christus.

4.1.3 Die voortgang van die geskiedenis van die kategese word vervolgens nagevors in die periode voor en tydens die Reformasie.

## 4.2 Die geskiedenis van die kategese vóór die Reformasie

### 4.2.1 Die twaalfde eeu

Vanaf die 12de eeu vorm geleerdes "skole" in sommige bisdomme en kloosters waa r aandag aan "kategetiese onderrig" geskenk word. Die behoefte ontstaan onder andere om die Bybel self te ondersoek, wat 'n besondere uitwerking vir die kategese gehad het, nl. dat die Skrif sélf as leerinhoud aan die orde gekom het. Die Renaissance dui sowel die einde van die Middeleeue aan, as die begin van die moderne Europese tydperk. In 1287 word die Ave Maria, die Pater Noster en die simbole voorgeskryf as leerinhoude vir die onderrig van die kinders. In die algemeen het die geloof, die wet, die gebed en die sakramente deel uitgemaak van die leerinhoude waarin die kinders in die algemeen onderrig is.[164]

### 4.2.2 Die dertiende eeu

Teen die dertiende eeu het die Roomse kerk onherkenbaar anders gelyk as die ou Christelike kerk gedurende die eerste eeue waar die Woord regeer het. Die lidmate het nou gedwee die degraderende benaming van "leke" aanvaar en het hulleself nie meer as die kerk, die volk van

164 Troelstra, 1903:11.

God beskou nie. Die kerk was die leër van geestelikes buite hulle en bo hulle. Hulle was 'n laer verdieping van "leke" wat moet buig voor die "kerk". Dit het ook gevolge gehad vir die kategese in die sin dat die leerinhoude van alle erns ontneem is omdat die Skrif nie daarvan deel uitgemaak het nie.

### 4.2.3 Die veertiende eeu

Teen die veertiende eeu begin die reaksie teen die kerk in kloosters en onder "leke" ernstige afmetings aanneem. Soms ontstaan dit uit 'n geloofsverlange na die Skrif en soms uit die toenemende selfstandigheid en geleerdheid onder die burgery namate die Renaissance in momentum toeneem.

### 4.2.4 Die vyftiende eeu

Gedurende die vyftiende eeu is die Roomse kerk in 'n treurige situasie vanweë geldsug, aflaathandel, luiheid, onsedelikheid en uitbuiting van die ongeloof en bygeloof van die eenvoudige volkslae aan die een kant, en die toenemende aanval op die Roomse kerk deur die Albigense, Waldense, Wycliff, Huss en ander, aan die ander kant. Daar is al hoe meer klem gelê op uiterlike plegtighede, en dit wat van waarde is, is nagelaat. "Bij gebrek aan onderwijs moest de jeugd zonder eenige vorming opgroeien."[165] Die karakteristieke van die kategetiese onderwys van die 15de eeu was hierin geleë dat dit hoofsaaklik biegonderwys was. Die kategese was voorbereiding vir die bieg en die kategese word beheers deur die biegpraktyk. Die doel van die kategese is gesien in die onderwerping van die kind aan die Kerk.[166] In die vyftiende eeu word die Tien Gebooie die vernaamste leerinhoud vir die kategese en die leerinhoude word uitgebrei deur die sewe boetpsalms by te voeg.

### 4.2.5 Die sestiende eeu

Wanneer die sestiende eeu aanbreek, is die kerklike horison pikdonker. Die gedagte van "hervorming" word hoogstens en uitsluitlik op die lewe van die geestelikes betrek. Wie op die dwalinge en valse leer van die Rooms-Katolieee kerk wys, word verdoem. Dit lyk asof alle pogings om die kerk van Christus in die Weste te red, moet misluk omdat die kragtige Roomse kerk hom teen die Bybelgegronde proteste van die Waldense verset. Die Middeleeue (600-1400)

165 Troelstra, 1903:XIII.
166 De Villiers, 1957:103.

het die kerklike katkisasie daartoe laat meewerk om die massa tevrede te stel met uiterlike kennis van die leerstukke, met die gevolg dat daar noodwendig van geestelike assimilasie geen sprake kon wees nie. Dit is nie die doel van Rome om die kerklede op te voed tot geestelike selfstandigheid en mondigheid nie, omdat Rome die lidmaat steeds afhanklik hou van die ampsdraers.[167]

Met die sestiende eeu breek 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Europa met krag deur. Die opkoms van die Renaissance in Italië en van die Humanisme in Frankryk en Duitsland het baie daartoe bygedra ten opsigte van die nuwe tydperk. Die beklemtoning van die eiewaarde van die mens en die nuwe bronne het nuwe gedagtes gestimuleer. Gedra deur die nuwe uitvinding van die boekdrukkuns het God se Woord die Roomse kerk in sy rus en die ou Middeleeuse wêreld tot op sy fondamente geskud. Die groot herskeppende krag van die Woord van God en die geloof wat daardeur gewek word, het Europa kerklik, maatskaplik en polities 'n ander wêreld as voor die optrede van die Reformatore se optrede gemaak. In die sestiende eeu was daar 'n herontdekking van God se Woord. Die herontdekking van die Bybel sal ook in die kategese 'n vernuwing bring want dit berus op twee beginsels:

i. Die eerste is die ***formele beginsel*** dat die Heilige Skrif die Woord van God is en dat dit die enigste bron van die waarheid is. Dit is die eerste punt wat die Reformatore teen die Rooms-Katolieee kerk stel.
ii. Die tweede is die ***inhoudelike beginsel*** (die dogmatiese) van die regverdigmaking deur die geloof alleen deur die soewereine genade van God; deur die enigste Saligmaker Jesus Christus.

- Die Reformasie was **noodsaaklik** deur die vervalle toestand van die kerk.
- Die Reformasie is **medevoorberei** deur die Renaissance en Humanisme.
- Die Reformasie is **aangehelp** deur die uitvinding van die boekdrukkuns.
- Die Reformasie is **aangewakker** deur voorlopers soos Wicliff en Huss.
- Die Reformasie is **verwerklik** deur 'n nuwe verstaan van die Heilige Skrif.[168]
- Die Reformasie het **moontlik** geword deur die politieke toestand in Europa.

In die eerste rimpelinge wat die Reformasie voorafgegaan het, kan reeds ‘n herlewing bespeur word ten opsigte van die kategese.

167 De Villiers, 1957:105
168 d'Assonville, 1992:96.

### 4.2.6 Die Waldense ( ± 1200)

Die Waldense het hulle kinders deeglik onderrig in die Bybel, veral in die Nuwe Testament en hulle volledige Bybelboeke van buite laat leer, veral die evangelies.[169] In 'n Waldensiese Kategismus wat in ongeveer 1100 ontstaan het, word die leerinhoude vir die kategese ingedeel na aanleiding van die drie gronddeugde volgens 1 Korintiërs 13:13 - geloof, hoop en liefde.[170] Onder geloof word die Apostolicum behandel en by wyse van 'n enkele vraag oorgegaan tot die Dekaloog. Onder die temas liefde en hoop word allerlei leerinhoude behandel, byvoorbeeld die kerk en die sakramente.[171] Dit is baie duidelik dat die Waldense sigbaar wegbeweeg het van die Middeleeuse biegpraktyk as uiterlike dwang en nie innerlike drang nie. Die prominente plek wat die Skrif inneem en die onderrigleer uit die Kategismus van 1100 laat blyk dat die Waldense moontlik die persoonlike verhouding waarin die gelowige voor God staan as uitgangspunt geneem het vir die inkleding van die kategese.

### 4.2.7 Jan van Zyric (1294)

Jan van Zyric, die biskop van Utrecht, het in 1294 met 'n sinode in sy bisdom die volgende vier dele vir die kategese voorgeskryf: Apostolicum, Dekaloog, Pater Noster, en die sakramente.[172] Sy bedoeling was dat die geloofsleer onderrig moes word deur die verklaring van die Pater Noster en die Credo.[173] Hy voeg ook as leerinhoud by, die *"articuli fidei"*. "Met articuli fidei bedoelde men de geloofsleer, de kerkleer of de catechetische hoofdstukken in 't algemeen."[174] Onder die articuli fidei is inbegrepe die Pater Noster, die Ave Maria en die simbole, maar nié die Dekaloog of die Sakramente nie. Daarmee het biskop Jan van Zyric bedoel dat die geloofsleer onderrig moet word deur die verklaring van die Pater Noster en die Credo. Onderwys in die sedeleer het geskied deur die behandeling van die Dekaloog.

### 4.2.8 Die Broeders des Gemenen levens ( ± 1300)

Vanaf die veertiende eeu het die Broeders des Gemenen Levens onder leiding van Geert Groote (1340-1384) heelwat klem begin lê op die lees van die Bybel en op die lewens van Bybelfigure

169 Waterink, s.a.:12.
170 Van 't Veer, 1942:149.
171 Van 't Veer, 1942:187.
172 Bijlsma, 1969:57.
173 Troelstra, 1903:107.
174 Troelstra, 1903:107.

en die Kerkvaders.[175] Hulle bedoeling was om die kennis van die Heilige Skrif onder die volk te verbreed.[176] Alhoewel die historiese drie leerinhoude, Apostolicum, Dekaloog en Credo deel uitgemaak het van die leerinhoude vir kerklike onderrig, laat die Broeders die hoofaksent val op die kennis van die Bybel.

### 4.2.9 John Wicliff ( ± 1329-1384)

John Wicliff het in Engeland meer as die gebruiklike aandag aan die kategese gewy. Hy het wel geen kategismus geskryf nie, maar in sy werkie ***Pauper Rusticus*** gee hy 'n verklaring van die geloof, die gebed en die gebod met 'n uitbreiding oor die geloofslewe en die geloofstryd. Wicliff het die geloof en die geloofslewe as verlostes in Jesus Christus as kern van die kategetiese leerinhoude beskryf.

### 4.2.10 Johannes Hus (1374-1415)

Wicliff het die Boheemse kerkman, Johannes Hus, beïnvloed om twee boekies te skrywe waarin die Apostolicum, die Pater Noster en die Dekaloog behandel is.[177] Hierdie twee boekies van Hus het die inhoud gebied vir die eerste Hussitiese Kategismus wat in ongeveer 1430 verskyn het.[178]

### 4.2.11 Die Boheemse Broeders

Die Kategismus van Hus en die Raudnitzer Kategismus het beide gedien as bronne vir die eerste kategismus van die Boheemse of Morawiese Broeders wat in 1502 in Boheems en in 1522 in Duits verskyn het. Dié Kategismus is juis opgestel met die uitsluitlike doel dat dit kan dien as onderrigmiddel in die kategese. Die tot nou toe tradisionele leerinhoude vir die kategese word verklaar aan die hand van die indeling geloof, hoop en liefde. Geloof is die simbole. Liefde is die wet. Hoop is die gebed en die sakramente.[179] Hulle lê veral baie klem op die verstaan van die Kategismus.[180]

175 Beukes, 1983:49, Moll, 1855:11.
176 Van't Veer, 1942:121.
177 a. Das dreigeflochtenes Tau aus Liebe, Glauben, Hoffnung, 1412. b. Expositio symboli, decalogi et dominicae orationes.
178 Waterink, s.a.:13.
179 Waterink, s.a.:13.
180 Beukes, 1983:49.

### 4.3 Afleiding uit die Voor-Reformatoriese tydperk ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese

#### 4.3.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens in die Voor-Reformatoriese tydperk

Die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk was in wese **kerklike diens**. Al kom daar agteruitgang in die kerk en die gepaardgaande verwaarlosing van die onderrig van die kerkjeug is kategese nie beoefen as 'n buite-kerklike motief vir die onderrig van die kerkjeug nie. Die kerk aanvaar kategetiese onderrig as 'n opdrag van God wat slegs deur die kerk vervul kan word.

#### 4.3.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens in die Voor-Reformatoriese tydperk

Diakoniologies is die kategese **kerklike diens** deur middel van die **amp**. Die amptelike karakter van die kategese is gehandhaaf en die onderrig is waargeneem deur ampsdraers veral waar die biegonderrig deel was van die kategetiese opdrag soos deur die kerk geïnterpreteer.

#### 4.3.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die voor-Reformatoriese tydperk

In die Voor-Reformatoriese tydperk was die leeruitkoms van die kategese die aanleer van kennis. Die doel was alleenlik om kennis aan te kweek, "welke dienen moest, niet om die jonge menschen tot zelfstandigheid te brengen, maar om hen in onderwerping aan het ambt te houden".[181] Die jeug moes kennis opdoen sodat hulle kon weet hoe hulle hulle in die kerk moet gedra en hoe hulle die sakramente moet ontvang. Ook by die Waldense het die aanleer van kennis as leeruitkoms gedien.

#### 4.3.4 Die faseologiese faset ten opsigte van die *objek* van die kategese in die voor-Reformatoriese tydperk

Faseologies was die **kerkjeug** in die periode voor die Reformasie die **objek** van die kategese. Vanweë die loslaat van die proselietekategumenaat vir die doopkategumenaat was die **gedoopte**

181 Waterink, s.a.:11.

**kinders** van die kerk die objek van die kategese. Die kerk moes toesien dat die gedoopte kinders onderrig word.

### 4.3.5 Teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese, ons Drie-enige Verbondsgod, in die Voor-Reformatoriese tydperk

Teosentries gesien was die Drie-enige Verbondsgod die Subjek van die kategese. Vir die kerke in die Voor-Reformatoriese periode was dit 'n aanvaarde waarheid. Die Drie-enige God is Subjek van die kategese vanweë en op grond van die uitverkiesing, die verbond en die wedergeboorte. In die lig van hierdie waarheid is die kategese teosentriese onderrigleer.

### 4.3.6 Die didagonale faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die voor-Reformatoriese tydperk

Didagonaal is die leerinhoude van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk aanvanklik die simbole uit die ou kerk. Daarna het die dekaloog bygekom, wat saamgehang het met die leer van die verdienstelikheid. Die credo, dekaloog en Pater Noster was van die vernaamste leerinhoude vir die kategese. Die Rooms-Katolieee kerk het die 7 sakramente en die Ave Maria bygevoeg. Aan Bybelse geskiedenis is weinig aandag geskenk en aan Openbaringsgeskiedenis geensins nie. Die Waldense, die Broeders des Gemenen Levens, Jan van Zyric, John Wicliff, Johannes Hus en die Boheemse Broeders het die Bybel 'n sentrale plek as leerinhoud vir die kategetiese onderrigleer gestel, en ook die Kategismus van Hus, die Raudnitzer Kategismus en die eerste Kategismus van die Boheemse Broeders.

### 4.3.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes* en aanbieding van kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk

Die metodologiese faset van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk raak die wyse waarop die leerinhoude aan die kinders oorgedra is. Dit gaan om *oordrag* en nie *voordrag* nie. Daar is sterk nadruk gelê op die geheue van die kinders. Die leerinhoude is die kinders monologies ingeprent en hulle moes dit van buite leer. Dit hang in 'n groot mate saam met die Intellektualisme van die Skolastiek. Hierdeur is die erotematiese metode (vraag-en-antwoordmetode) in die praktyk van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk gebruik. Die metode is toegepas veral met die oog op die biegonderwys. Die priester moes, voor die kind

toegelaat is om te bieg, hom van die kennis en insig van die kind vergewis en dit is erotematies gedoen.

### 4.3.8 Die Praktykgerigte faset van die kategese van die eerste tot die vyftiende eeu

Die bronne wat vir die studie gebruik is, deel niks mee insake die praktyk van die kategese gedurende die Voor-Reformatoriese tydperk nie. Dit is sake soos: die tydsduur van elke les, die aantal lesse wat per jaar beplan is; die lokaal waarin die kategese plaasgevind het, die hulpmiddele wat gebruik is en so meer.

## 4.4 Die geskiedenis van die kategese tydens die Reformasie

### 4.4.1 Radikale verandering

Ten opsigte van die leerinhoude vir onderrigleer in die kategese het die Reformasie 'n radikale verandering gebring. Van 't Veer[182] kom tot die konklusie dat dit by nadere beskouing oor die leerinhoude van die kategese by die Reformatore blyk dat hulle nie bloot wou terugkeer na die praktyk van die ou Christelike Kerk nie. Die Reformatore wou die vrugte van 'n eeue-lange historiese proses ten opsigte van die kategetiese leerinhoude, "nadat ze getoetst waren aan en waren gezuiverd naar de Schrift, bewaren. Het continuiteits-principe eenerzijds en de zuiverings-actie naar de beginselen van de Schrift anderzijds waren de twee voorname factoren, die beslisten over de vraag wat als catechetische stof zou worden opgenomen."[183] Die belangrikste wins van die Reformasie was dat die leerinhoude, in teenstelling met die oorbelading van die vroeg-Middeleeuse kategese wat op die bieg gekonsentreer het, gereduseer is tot die hooftemas van die geloof. Die Bybel word die middelpunt waarom alles draai. "De H. Schrift wordt onder het stof der eeuwen vandaan gehaald: daardoor worden ook de lammeren der kudde gelaafd."[184] Kennis van en insig in die geopenbaarde heilswaarhede staan voorop. Dit is een van die groot verdienstes van die Hervorming dat die Bybel 'n sentrale plek in die kategetiese onderrigleer gegee is.[185] Kategese is beskou as diens van die Woord aan die verbondskinders van die kerk.[186]

182 Van 't Veer, 1942:176.
183 Van't Veer, 1942:176.
184 Hagenbeek, 1947:27.
185 Viljoen, 1985:218.
186 De Villiers, 1957:106.

Ten opsigte van die bespreking van die kategese in die Reformatoriese periode gaan in hierdie studie die volgende metode gevolg word:

In die bespreking word gekonsentreer op enkele gemeentes en die posisie van die kategese aldaar in plaas daarvan om nét die kategetiese standpunte van Reformatore te ontleed. Reformatore wat besondere bydraes gelewer het ten opsigte van die kategese in een van die sentra onder bespreking, se optrede sal oorsigtelik aan die orde kom by die behandeling van die betrokke gemeente. Die situasie van die kategese in die volgende 3 gemeentes sal aan die orde kom: Genève onder invloed van Calvyn, Wittenberg onder invloed van Luther en Zürich onder invloed van Zwingli.

### 4.4.2 Die Kategese in Genève tydens die Reformasie

#### 4.4.2.1 Die stempel van Calvyn

Die kategese van die Reformasietydperk het in Genève 'n bloei beleef en dra die stempel van Calvyn. Die kategetiese taak van die kerk was vir Calvyn 'n hoë prioriteit in die werksaamhede van die gemeente.[187] Die kategese het in Genève op die volgende wyse plaasgevind: Om 12:00 op 'n Sondag word in drie kerkgeboue die Kategismusdiens vir die kinders gehou.[188] Die skoolgaande kinders is deur hulle onderskeie onderwysers na die diens gebring en die ander kinders deur hulle ouers. Die gang van sake het in Genève dus só verloop: Die "inprenten van de leerstukken" vind tuis of in die skool plaas. Die "instructie" vind plaas tydens die katkisasie in die kerk. Die "gememoriseerde en het geïnstrueerde word geëxamineerd" by wyse van herhaalde opsê. Die leerboekies wat gebruik is, was die "*Instruction*" van 1537 en die "*Catechismus*" van 1542. "Beide boekjes zijn echter te moeilijk."[189] Daar is ook gebruik gemaak van die "*Institution puerile*"[190] wat tussen 1538 en 1541 vermoedelik deur Calvyn self geskryf is.[191] Die Bybel was deel van die leerinhoud en Calvyn het ook Psalmgesang bygevoeg.[192]

---

187 Verboom (1986:60) haal Hedtke aan as hy die doel van die kategese omskryf as: "Die Überwindung der rudesse und ignorance in der doctrina und eine Unterrichtung in den Fundamenten christlichen Glaubens".

188 Verboom, 1986:60.

189 Verboom, 1986:61.

190 Die "Institution puerile" se volledige titel is: l' Institution puerile de la doctrine chrestienne faicte par maniere de dualogue. Die volgorde van behandeling in die "Institution puerile" is: Apostolicum, Pater Noster, Decaloog.

191 Die "*Institution puerile*" is ook in die Franse gemeente te Straatsburg gebruik.

192 Balke (1976) skryf dat Calvyn die Psalms wat in die eredienste gesing sou word "aan de buitenkant van de kerkdeur liet aanbrengen" sodat die gemeentelede dit voor die eredienste tuis kon aanleer en oefen.

### 4.4.2.2 Die leeruitkoms van die kategese in Genève

Die definitiewe leeruitkoms van die onderrigleer in die kategese te Genève verwoord Calvyn in vrae 1 en 7 van sy Kategismus van 1545.[193]

- *Vraag 1*: Wat is die belangrikste doel van die mens se lewe? *Antwoord*: Om God deur wie die mens geskape is, te leer ken.
- *Vraag 7*: Wat is die wyse waarop Hy na behore vereer moet word? *Antwoord*: Dit is as ons vertroue ten volle in Hom gevestig is; as ons ons beywer om Hom met ons hele lewe te dien deur aan sy wil gehoorsaam te wees; as ons Hom aanroep so dikwels as wat nood ons druk; as ons ons saligheid en alle goed wat nagejaag kan word, in Hom soek; as ons Hom ten slotte in hart en mond as die Skepper van alle goeie dinge erken. "Binnen dit uiteindelijke doel wordt het dichterbij liggende doel gevormd door de *openbare geloofsbelijdenis*."[194]

### 4.4.2.3 Die praktyk van die kategese in Genève

Die volgorde van die kategetiese onderrigleer in Genève was die volgende:

- Eerstens die kategetiese **onderbou**: Dit is die teenwoordig wees in die Sondagse Kategismusdiens om onderrig te ontvang.
- Dan volg die **bobou**:
  - (a) Nou maak die kind die ondersoek mee wat vier maal per jaar waargeneem word op die Sondae vóór Nagmaal.
  - (b) Blyk dit deur die geloofsondersoek dat die kind oor voldoende geloofskennis beskik, word hy tot die Nagmaal toegelaat.

As daar bereken word dat die verbondskind op ongeveer op 10-jarige leeftyd by die **onderbou** van die kategetiese onderrigleer ingeskakel word, begin die **bobou** as die kind in die tweede van drie klasse van die skool gekom het. Dan kry die kinders op skool nie meer Kategismusonderrig nie, moontlik omdat hulle in daardie stadium deur middel van die kerklike kategetiese onderrigleer op die belydenis van geloof voorberei word. "Veronderstellen we dat dit onderricht

193 In die Afrikaans vertaal deur prof.dr. H.W. Simpson uitgegee deur die Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 1981.
194 Verboom, 1986:62.

een paar jaar duurt, dan ligt de leeftijd, waarop kinderen belijdenis doen op ongeveer twaalf jaar."[195]

#### 4.4.2.2 Die kenmerke van die kategese in Genève

Verboom[196] eien die volgende vier kenmerke van die kategese in Genève:

1. Die eerste kenmerk van die Geneefse kategese is die feit dat die kennis wat die verbondskinders moet opdoen gekwalifiseerde kennis is, naamlik geloofskennis.[197] Die leer staan in die kragveld van die Heilige Gees, Wie die jong verbondskinders na die eksistensiële belydenis van die geloof lei.[198]
2. By Calvyn speel die amp 'n groot rol as dit by die kategese kom. Tog was dit nie alleen die predikante wat in Genève kategeties onderrig het nie maar ook die "Doctores" van die skole. Die Heilige Gees is die eintlike Kategeet wat Hom bedien van Woordelike en amptelike onderrig. "Catechese is voluit *medium* salutis."[199]
3. Onderrigleer is vir Calvyn 'n proses wat die hele lewe omvat. Die gemeente is 'n leergemeenskap. Die verskillende vorme van onderrig binne die gemeente is op mekaar afgestem.
4. Kategese is primêr onderrig in die Heilige Skrif. "*Doctrina* en *Scriptura* zijn correlaten. Catechese als ontvouwing van de *Doctrina* is principieel ontvouwing van die *Heilige Skrif*."[200]

#### 4.4.2.3 'n Samevatting van Calvyn se standpunt ten opsigte van die kategese in Genève

Calvyn het die kategetiese onderrig gesien as onderrig in die Heilige Skrif en die kategismus. Volgens beide kategismusse van Calvyn (1537 en 1541) beskou hy as die vernaamste leerinhoude vir die kategese die Credo, Dekaloog, Pater Noster en sakramente.[201] Van't Veer[202]

---

195 Verboom, 1986:62.

196 Verboom, 1986:64-65.

197 Teenoor die "fides implicita" van Rome is die "fides cognitio" by Calvyn sentraal in die leeruitkoms van die kategese. Vraag 1 van die Geneefse Kategismus vra: "Wat is die belangrikste doel van die mens se lewe?" Die antwoord is dan: "Om God deur wie die mens geskape is te leer ken." Hiermee stem ooreen die definisie van die geloof in die Institusie, 3.2.7. – "divinae erga nos benevolentiae firma certaque cognitio".

198 Die opsê van die leerinhoude van die kategese dra 'n belydende karakter. Die aflê van geloofsbelydenis bestaan uit die herhaling van die leerinhoude; daar is nie skeiding tussen die fides qua creditur en die fides quae creditur nie. Die fides qua creditur is die subjektiewe geloofsinhoud en die fides quae creditur is die objektiewe geloofshouding. In die saak van die geloof gaan dit om beide die *fides qua*, dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade* (die subjektiewe geloof waardeur iets gebeur) en om die *fides quae*, dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud*, (die objektiewe heil wat geglo moet word).

199 Verboom, 1986:65.

200 Verboom, 1986:65.

201 Van der Walt, 1976:29

202 Van't Veer, 1942:210.

vind hierin 'n belangrike bepaling: "De beide catechismi van Calvijn bewijzen duidelik, dat de verklaring van de traditioneele hoofdsommen met die sacramenten het plan van die leerstof bepalen." Calvyn het hierin aangesluit by die uitgangspunt van Luther. Calvyn het dus nie na 'n nuwe "indeelings-principe der stof" gesoek nie; "hij kon aansluiten bij het door Luther verworven en in zijn catechismi vastgelegde resultaat".[203] Sodra die hoofsake van die kategismus ten opsigte van hierdie vier temas geken is, is die kinders toegelaat om belydenis van geloof te doen. Calvyn het aan die geloofsbelydenis die regte plek gegee. Hy het die verband tussen doop en nagmaal in die belydenis van geloof vasgehou. Die belydenis dra by Calvyn die karakter van 'n ondersoek na die geloofskennis. Volgens sy Institusie[204] waar Calvyn sê wat hy onder die rekenskap van die geloof verstaan, is dit duidelik dat hy nie van intellektualistiese vorming alleen wil weet nie.

### 4.4.3 Die Kategese in Wittenberg tydens die Reformasie

#### 4.4.3.1 Die wieg van die kategese

In Wittenberg het die wieg van die reformatoriese kategese gestaan.[205] Luther (1483-1546) het self hier in Wittenberg 'n sentrale rol gespeel. Die reformatoriese vernuwing van die kategese dra die stempel van Luther se persoonlike bydrae. Benewens die eredienste waartydens die kategismus verklaar is, ken die Kerkorde van 1533 ook die instelling dat daar vier keer per jaar spesiale kategesedienste gehou is. Tydens die dienste is die leerinhoude eers voorgelees en die kinders het dit daarna opgesê. Uit hierdie dienste het die latere *"Kinderlehre"* (Sondagskool) voortgespruit. Die predikante het die *"Kinderlehre"* waargeneem en hulle is soms gehelp deur die kapelane, die diakens en die kosters.[206]

#### 4.4.3.2 Die metode en leerboeke van die kategese

Die leermetode wat gebruik is, was dat die leerinhoude eers verduidelik is ("explicatie"), waarna die kinders die leerinhoud moes opsê ("recitatie").

#### 4.4.3.3 Die leeruitkoms van die kategese

Die leeruitkoms van die kategese in Wittenberg bestaan nie alleen in die aanleer van die kategetiese leerinhoude nie, maar "kent een veel bredere actieradius. Het gaat er om dat jongeren

---

203 Van't Veer, 1942:211
204 Institusie, 4,19,13.
205 Verboom, 1986:11.
206 Verboom, 1986:22.

geleerd wordt als christen te leven".[207] Die kategese was ook die middel waardeur die kinders voorberei is vir die bieg. Luther knoop hier aan by die destyds bestaande reëling in die Rooms-Katolieke kerk.[208] Wat die leeruitkoms van die kategese in Wittenberg betref, het die deelname aan die nagmaal 'n belangrike rol gespeel. Die uitgangspunt was dat die lidmate nie die nagmaal op 'n waardige manier kan gebruik as hulle nie verstaan waarom dit gaan nie. "Luther wijst hier met nadruk op, als hij in zijn bekende *Gründonnerstagpredigt* van 1523 de gewoonte van de hand wijst om zonder kennis aan het Avondmaal deel te nemen."[209] Die *"Kinderlehre"* is mede met die oog hierop ingestel. Wie sonder kennis is, kan nie tot die christene gereken en tot die sakrament toegelaat word nie.

#### 4.4.3.4 Kenmerke van die kategese in Wittenberg

1. Die kategese in Wittenberg het voortgebou op die bestaande vorme. Luther het nie bewustelik op 'n breuk afgestuur nie. Dit het vir hom daarom gegaan om die onderrigleer van binne uit te vernuwe. Daarom sluit hy aan by die kwartaalkategese, die kategismuspreke vir die volk en die Biegkategese. Wat die leerinhoude betref, het Luther ook ingeskakel by die bestaande leerinhoud.
2. Die kategese in Wittenberg het 'n praktiese inslag gehad.
3. 'n Nuwe faset van die kategese in Wittenberg was die nagmaalskategese wat ingevoer is om te verhoed dat iemand sonder kennis die nagmaal onwaardig gebruik.
4. Die kategese in Wittenberg wou Bybelse onderrig wees. Op hierdie punt was daar 'n duidelike breuk met die voor-Reformatoriese kategese.

#### 4.4.3.5 Martin Luther (1483-1546)

De Villiers[210] skryf dat die besondere belangstelling wat Luther in die kategese gehad het, aan hom die naam besorg van: "vader van die kategetiese onderwys". Alhoewel die Reformatore kategese allereers gesien het as 'n opdrag aan die gesin, het Luther dit nie op kerklike terrein verwaarloos nie.[211] Luther was van mening dat die doel van die kategese nie daarin geleë was dat

---

207 Verboom, 1986:26.

208 Die vierde Lateraanse Concilie van 1215 het bepaal dat dit vir elkeen verpligtend was om eenmaal per jaar te bieg. Die kinders moes ook bieg sodra hulle oor onderskeidingsvermoë beskik. Luther het die bieg nie afgewys nie, al neem hy ten aansien van die sakramentele karakter daarvan 'n aarselende houding aan. Die wesenlike van die bieg sien Luther in die persoonlike skuldbelydenis voor God. Dit gaan om die toesegging van die vergewing van sondes. Luther se eerste kategetiese pennevrugte is bedoel as biegonderrig.

209 Verboom, 1986:27.

210 De Villiers, 1957:106-107.

211 Bijlsma, 1969:65.

die verbondskinders slegs enkele stukke uit die kop moes leer nie. Die doel was ook nie om aan hulle kerklike wette in te prent nie, maar om die waarheid wat uit God is deur die enkeling te laat ken in al sy krag en betekenis en dit te laat belewe, sodat hy as mondige lidmaat van die kerk in staat sal wees om sy verpligtinge na te kom.[212] Die Reformatoriese daad van Luther het daarin bestaan dat hy die veelheid van die kategetiese leerinhoude teruggebring het tot die drie hooftemas (geloof, gebed, wet), aangevul deur die hoofstuk oor die sakramente.[213] Luther het die breed uitgewerkte sonde- en deugdeleer van die Middeleeue tot die gebooie van die Dekaloog gereduseer en het daaraan 'n selfstandige plek as kategetiese leerinhoud naas die geloof en die gebed gegee. Luther verklaar dat hierdie drie hooftemas vir kategetiese onderrigleer 'n direkte geskenk van die Here is: God het die Dekaloog self gegee, Christus het die Pater Noster voorgeskryf terwyl die Credo onder leiding van die Heilige Gees opgestel is.[214] In 1520 verskyn 'n boekie van Luther waarin 'n kort uiteensetting gegee word van die drie kategetiese leerinhoude wat al geyk geraak het: geloof, gebed en wet. In 1522 volg nog 'n werkie van Luther gebaseer op die vorige een van 1520, wat hoofsaaklik geskryf is vir die jeug. Naas die behandeling van die geloof, gebed en wet skenk Luther ook aandag aan die Ave Maria. Ten opsigte van die leerinhoude vir die kategese, het Luther in 1525 'n kategismusboekie die lig laat sien waarin hy die wet, geloof, gebed, doop en nagmaal behandel het. Hy volg dit in 1529 op met sy Klein en Groot Kategismus wat as inhoud het die wet, geloofsbelydenis, gebed, bieg, vryspraak, doop en nagmaal. Die kern van die onderrig was die wet, die geloofsbelydenis en die Pater Noster.[215] Luther het onderskeid getref tussen die kategetiese leerinhoude in engere sin, wat elkeen moet ken wat hom by die kerk wil voeg, en die leerinhoude in breëre sin, vir die mense wat reeds tot die nagmaal toegelaat is.[216] In sy Kategismusse het Luther aan die sakramente as leerinhoude 'n vaste plek gegee. Onderrigleer uit die Woord van God is gesien as die plig van die ouers. Luther se optrede het wel beteken dat daar 'n kwantitatiewe beperking van die leerinhoude gekom het, maar terselfdertyd 'n kwalitatiewe verdieping. Van't Veer[217] maak die opmerking dat die "continuiteits-principe eenerzijds en de zuiverings-actie naar de beginselen van de Schrift anderzijds" die twee vernaamste faktore by Luther was in die bepaling van die leerinhoude vir die kategese. Van't Veer[218] beskou die verskyning van Luther se Klein en Groot Kategismus as "een einde aan het jarenlange zoeken en tasten naar het beginsel, waardoor de catechismusstof zal worden gekozen". In hierdie uitspraak word dus gemeen dat as

212 Biesterveld, 1900:88.
213 Van 't Veer, 1942:182.
214 Van 't Veer, 1942:190.
215 Beukes, 1983:51.
216 Van't Veer, 1942:192.
217 Van't Veer, 1942:176.
218 Van't Veer, 1942:192.

Luther die Credo, Dekaloog en Pater Noster kies as leerinhoude vir die kategese en daarby 'n vierde komponent, die sakramente voeg, 'n nuwe seleksie- en ordeningsbeginsel gevind is. Luther se optrede word ook gesien as 'n histories-genetiese ontwikkeling vanuit die biegpraktyk van die Middeleeue.[219] Dit is nie duidelik hoe van't Veer die feit dat Luther 'n vierde komponent, naamlik die sakramente, by die leerinhoude gevoeg het, sien as 'n nuwe seleksie- en ordeningsbeginsel nie. Die byvoeging van 'n vierde komponent, die sakramente, by die reeds bestaande leerinhoude was, van Luther se kant, bloot 'n uitbreiding van die leerinhoude sonder dat 'n motivering vir die uitbreiding geboekstaaf is. Luther se betekenis lê daarin dat hy die leerinhoude vir kategetiese onderrigleer kwantitatief beperk en kwalitatief verdiep het. Daar sit ook groot waarde in die kategismusse wat Luther vir gebruik in die kategese opgestel het.

### 4.4.4 Die kategese van die Reformasie soos in Zürich gevind

#### 4.4.4.1 Zwingli en Luther

Die kategese in Zürich verskil van dié in Wittenberg in dié opsig dat Zwingli (1484-1531) hom minder as Luther besig gehou het met die *praktiese vormgewing* van die kategese.

#### 4.4.4.2 Kategese en die kinderdoop

Die kategetiese taak van die kerk vloei voort uit die kinderdoop. Zwingli skryf dat die nut van die kinderdoop kategeties hierin bestaan, dat die gedoopte kinders in die leer van die kerk opgevoed word. Hy is van oordeel dat die predikante die kerkjeug op vaste tye in die grond van die geloof en van die heil moet onderrig. Die eerste vorme van kinderkategese kom in 1522 in Zürich voor. Zwingli bepaal in 1523 dat die kinders twee keer per jaar byeenkom om onderrig te ontvang. In 1525 het die gebruik ge-yk dat die kinders van die kerk elke Sondag kategetiese onderrig ontvang het. In 1598 is daar 'n organisatoriese verandering in dié sin dat daar onderskeid getref is tussen die Kategismusdiens vir die gemeente en die spesiale *Kinderlehre* vir die kinders. Vir die gemeente is dit benadruk dat die kategese 'n verpligtende karakter het. Nalatigheid is gestraf.[220]

219 Van't Veer, 1942:190.

220 In Zürich word in 1557 bepaal dat ouers by nalatigheid om hulle kinders na die kategese te bring of te stuur, 'n boete van 5 shillings moet betaal.

#### 4.4.4.3 Geloofsbelydenis

Die Switserse reformatoriese kategese het bewustelik afgestuur op die geloofsbelydenis van die kinders. Daardeur het hulle toegang tot die nagmaal verkry. Die kinders het in hulle veertiende of vyftiende jaar belydenis van geloof gedoen.

#### 4.4.4.4 Die leerinhoud van die kategese

Die leerinhoud van die kategese was die klassieke patroon: die Credo, die Dekaloog, die Pater Noster en die sakramente.

#### 4.4.4.5 Kenmerke van die Switserse kategese

1. Die kategese in die Switserse Reformasie word gedra deur die verbondsgedagte.
2. Die profesie neem 'n besondere plek in die Switserse kategese in, wat gekenmerk word deur wetenskaplike onderwys en gemeentelike onderrig.
3. Die Heilige Skrif staan sentraal in die Switserse kategese.

#### 4.4.4.6 Ulrich Zwingli (1484-1531)

Zwingli het die kinders van die gemeente veral rondom Kersfees en Paasfees bymekaar laat kom om hulle te onderrig in die Apostolicum en die Pater Noster. Hy lê groot klem op die begrip en die verstaan van die leerinhoude.

### 4.4.5 Afleidings uit die Reformasietyd ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese

#### 4.4.5.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens in die Reformatoriese tydperk

In die reformasie tyd is dit duidelik dat die reformatore van die standpunt uitgegaan het dat kategese *kerklike diens* is. Op geen ander wyse kan die roeping tot kategese verwerklik word as net deur kerklike diens nie.

#### 4.4.5.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die karakter van die kategese as amptelike diens in die Reformatoriese tydperk

Omdat die kategese *kerklike diens* is, is dit vanselfsprekend dat die opdrag ten opsigte van kategese 'n **ampsopdrag** is. Hiermee word bepaal dat die bedienaar van die Woord die werklike kategeet in die gemeente is. In hierdie opsig het die Reformatore die voorbeeld gestel aangesien die kategese vir hulle 'n prioriteit was in die gemeentelike aktiwiteite.

#### 4.4.5.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese in die Reformatoriese tydperk

In die Lutherse kategese gaan dit vernaamlik daarom:

(i) om God te ken en die geloof in Hom te bely.
(ii) om God te vrees en godsalig te lewe.
(iii) om getroos te wees en die ewige lewe te verwag.
(iv) om die suiwere leer te bewaar.

Aan Gereformeerde kant is dit die voorwoord van 'n leerboekie wat die leeruitkoms goed saamvat:[221] "So connen wy lichtelijck verstaen, hoe grootelijcks den jonghen kinderen de Christelijcke onderwijzinghe van node is, opdat se in den heylighen wille ende wegen des Heeren gheleert ende tot de kennise ende vrees des selven, van der ioncheyt aen, gebracht sijnde, tot alle goddelijcke handelen bequame werden, ende dienst Gods, des gelijcx des naesten ende des Landts welvaert, met alder neersticheyt (so sy schuldich syn) vervoorderen." Hierdie leeruitkoms kan met ander aangevul word:

(a) Die leeruitkoms van troos kom reeds in die Straatburgse kategese voor en verkry 'n klassieke plek in die Heidelbergse Kategismus (1563) by vraag 1: "Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?" Ook die heenleiding na die ewige lewe is, hoewel minder eksplisiet genoem, aanwesig.
(b) Die kerklike toespitsing kry in die leeruitkoms van die kategese sterk nadruk in die plek van die geloofsbelydenis in die kategese. Inherent hieraan is die instruksie in verband met 'n waardige deelname aan die Nagmaal.

221 Die voorwoord van die *Grote Catechismus* van A. Lasco (1546) is deur J. Utenhove geskryf.

(c) Die derde leeruitkoms van die kategese raak die saak van deelname van die verbondskinders op maatskaplike vlak.

#### 4.4.5.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese in die Reformatoriese tydperk

Die Reformatore het nie van mekaar verskil oor die objek van die kategese nie. Die gedoopte verbondskinders van die kerk was die voorwerpe vir kategetiese onderrigleer. Kategese is die amptelike opdrag van God aan die kerke om toe te sien dat die gedoopte verbondskinders in die kerke deur kategetiese onderrigleer opgroei tot geloofsvolwassenheid. Die feit dat die kinders gedoop is, is die motivering dat hulle die leeruitkoms van die kategese sal verstaan en dit najaag. Die doop spits die aandag van die verbondskind toe op die leeruitkoms.

#### 4.4.5.6 Teosentriese faset ten opsigte van die Subjek van die kategese ons Drie-enige Verbondsgod in die Reformatoriese tydperk

Al die Reformatore het geleer dat God die Subjek van die kategese is.


#### 4.4.5.7 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die kategese in die Reformatoriese tydperk

Didagonaal is die leerinhoude van die kategese in die Reformatoriese tydperk belangrik. In die *lutherse kategese* word bepaal dat die gedoopte kind, om die leeruitkoms van die kategese te bereik, onderrigleer in die volgende leerinhoude moet ontvang:


(a) Dat hy as gedoopte kind van die Vader, 'n sondaar is.
(b) Dat hy deur die geloof, van sy sonde gered word.
(c) Dat sy geloof versterking nodig het.
(d) Dat sy geloof vrugte moet dra.

Die volgorde van die leerinhoude stel Luther op: gebod, geloof en gebed. Grafies beeld Verboom[222] die Lutherse orde waarin die leerinhoude in die kategese bedien word soos volg uit:

222 Verboom, 1986:170.




In die *Gereformeerde kategese* is die Kategismus as leermiddel merendeels saamgestel uit die dicta probantia: die Dekaloog, die Apostolicum, die Pater Noster, en die Sakramente. In vraag 7 van Calvyn se Kategismus van 1542 word die struktuur van die leerboekie gegee.[223] Verboom[224] wys daarop dat die lutherse heilsordelike model by die Gereformeerde Kategese gemis word. Die kategetiese leerinhoude word in die Gereformeerde kategese nie gesien as leereenhede wat verskillende fases aandui wat die katkisante stapsgewys moet volg nie, maar dit word gesien as *segmente* wat deur die verskillende skrywers in hulle boekies gerangskik word. "Deze rangschikking vindt niet zozeer plaats vanuit uit geloofservaring en heilsorde opkomende principes, maar meer vanuit theologisch gezichtspunt."[225] Ter onderskeiding van die Lutherse *heilsordelike* model kan van die Gereformeerde leerinhoude gepraat word as 'n *oop relasie-*model. In die relasie gaan dit om 'n dialektiese verhouding tussen God en kind, aan die een kant teologies[226] en aan die ander kant om 'n antropologiese verhouding.[227] In die kategese gaan dit om 'n repetisie van die verstaan van die verhouding tussen God en mens.




223 Vraag 7: Wat is die wyse waarop Hy na behore vereer moet word? Antwoord: Dit is as ons vertroue ten volle in Hom gevestig is; as ons ons beywer om Hom met ons hele lewe te dien deur aan sy wil gehoorsaam te wees; as ons Hom aanroep so dikwels as wat nood ons druk; as ons ons saligheid en alle goed wat nagejaag kan word, in Hom soek; as ons Hom ten slotte in hart en mond as die skepper van alle goeie dinge erken. "Binnen dit uiteindelijke doel wordt het dichterbij liggende doel gevormd door de *openbare geloofsbelijdenis.*"

224 Verboom, 1986:170.

225 Verboom, 1986:171.

226 Die kind leer wie God is as beslissende faktor vir sý verstaan van die leerinhoude.

227 Die kind leer homself ken as beslissende faktor in sy verstaan van God.

### 4.4.5.8 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding van kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk

Die metodologiese faset van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk raak die wyse van hoe die leerinhoude vir die kinders oorgedra is. Die gaan om *oordrag* en nie om *voordrag* nie. Daar is sterk nadruk gelê op die geheue van die kinders. Die leerinhoude is die kinders monologies ingeprent en hulle moes dit van buite leer. Dit hang in 'n groot mate saam met die Intellektualisme van die Skolastiek. Hierdeur is die erotematiese metode (vraag-en-antwoordmetode) in die praktyk van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk gebruik. Die metode is toegepas, veral met die oog op die biegonderwys. Die priester moes hom van die kennis en insig van die kind vergewis en dit is erotematies gedoen.

### 4.4.5.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese

Die bronne wat vir die studie gebruik is, deel niks meer mee insake die praktyk van die kategese gedurende die Voor-Reformatoriese tydperk nie. Dit is sake soos: die tydsduur van elke les, die aantal lesse wat per jaar beplan is; die lokaal waarin die kategese plaasgevind het, die hulpmiddele wat gebruik is.

# HOOFSTUK 5

# DIE NADERE REFORMASIE EN DIE SINODE VAN DORDTRECHT 1618/1619

Geskiedenis van die Kategese
in die Gereformeerde Kerke
in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 5

## GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VAN DIE NADERE REFORMASIE EN DIE SINODE VAN DORDTRECHT 1618/19


5.1 Inleiding ..... 112
5.2 Oriëntering ten opsigte van die ontstaan van die Nadere Reformasie ..... 112
5.2.1 Van Reformasie tot Nadere Reformasie ..... 112
5.2.2 Historiese werklikhede ..... 113
5.2.3 Radikale verandering in Nederland ..... 114
5.2.4 Geloof en lewe kom in botsing ..... 114
5.2.5 Die aandrang om 'n Nadere Reformasie ..... 115
5.2.6 Hierop is die Nadere Reformasie gerig ..... 116
5.3 Die objektiewe en die subjektiewe in die kategese ..... 118
5.3.1 Al meer en meer word op die objektiewe gekonsentreer ..... 118
5.3.2 Die gevolg van die oorbelading van die objektiewe ..... 119
5.3.3 Die fides quae creditur en die fides qua creditur ..... 119
5.3.3.1 Die fides quae creditur ..... 119
5.3.3.2 Die fides qua creditur ..... 120
5.3.3.3 Die verhouding tussen die fides quae creditur en die fides qua creditur ..... 120
5.3.4 Ken met die verstand en ken met die hart ..... 121
5.4 Invloed van die Calvinisme ..... 122
5.5 Verhouding tussen die Reformasie en die Nadere Reformasie ..... 123
5.5.1 Verwording ..... 123
5.5.2 Wending van belangstelling ..... 123
5.5.2.1 Die Nadere Reformasie nie 'n korreksie van die Reformasie nie ..... 123
5.5.2.2 Die geloof as *binding* van die verhouding tussen God en mens ..... 123
5.6 Verskillende fases in die Nadere Reformasie ..... 124
5.6.1 Die eerste fase ..... 124
5.6.2 Die tweede fase ..... 124
5.7 Die Nadere Reformasie – 'n samevattende oorsig ..... 124
5.8 Die Nederlandse Piëtisme ..... 125
5.9 Reaksie van die Nederlandse Piëtisme ..... 126
5. 10 Verteenwoordigers van kategetiese werk van die Nadere Reformasie ..... 127

5.10.1 Jacobus Borstius (15 Juli 1612 - 1 Juli 1680) ... 127
5.10.2 Wilhelmus à Brakel (2 Januarie 1635 - 30 Oktober 1711) ... 128
5.10.3 Abraham Hellenbroek (1658-1731) ... 129
5.10.4 Bernardus Smytegelt (1665-1739) ... 130
5.11 Afleidings uit die Nadere Reformasie ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese ... 132
5.11.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens volgens die Nadere Reformasie ... 132
5.11.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die karakter van die kategese as amptelike diens volgens die Nadere Reformasie ... 132
5.11.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese volgens die Nadere Reformasie ... 132
5.11.3.1 Die leeruitkoms van die kategese ... 133
5.11.3.1.1 Leeruitkomste ten opsigte van kerkkategese uit die sewentiende eeu ... 133
5.11.3.1.2 Leeruitkomste ten opsigte van kerkkategese uit die agtiende eeu ... 133
5.11.3.1.3 Daar was ook ander leeruitkomste soos: ... 133
5.11.4 Die teosentriese faset ten opsigte van die kategese volgens die Nadere Reformasie ... 134
5.11.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese volgens die Nadere Reformasie ... 134
5.11.6 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die kategese volgens die Nadere Reformasie ... 135
5.11.6.1 Die leerinhoude vir die kategese van die Nadere Reformasie ... 135
5.11.6.1.1 Die vele kategismusboeke ... 136
5.11.6.1.2 Die eerste metode rakende die Kategismus ... 136
5.11.6.1.3 Die tweede metode rakende die Kategismus ... 137
5.11.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding van kategese volgens die Nadere Reformasie ... 137
5.11.8 Die Praktykgerigte faset van die kategese volgens die Nadere Reformasie ... 137
5.12 Riglyne vir die Kategese volgens die Sinode van Dortrecht ... 139
5.12.1 Inleidend ... 139
5.12.2 Die aanleidende oorsaak van die Dordtse Sinode ... 139
5.13 Die behandeling van kategese op die Dordtse Sinode ... 139
5.13.1 Die kategismuspreek en die kategese ... 140
5.13.2 Drieërlei wyse van kategetiese onderrig ... 141

5.13.3 Leeftydsfase van die kinders in berekening gebring ... 141
5.13.3.1 Kleinere kategismusse ... 141
5.13.3.2 Vir die kleiner kinders ... 142
5.13.3.3 Vir die meer gevorderde kinders ... 142
5.13.3.4 Vir die oudste kinders ... 142
5.13.4 Die metode van kategetiese onderrigleer ... 142
5.13.5 Leerboeke vir kategetiese onderrig ... 142
5.14 Afleidings uit die Dordtse Sinode ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese ... 143
5.14.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens volgens die Dordtse Sinode ... 143
5.14.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die karakter van die kategese as amptelike diens volgens die Dordtse Sinode ... 143
5.14.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese volgens die Dordtse Sinode ... 143
5.14.4 Die teosentriese faset ten opsigte van die kategese volgens die Dordtse Sinode ... 144
5.14.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese volgens die Dordtse Sinode ... 144
5.14.6 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die kategese volgens die Dordtse Sinode ... 144
5.14.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding van kategese volgens die Dordtse Sinode ... 145
5.14.7.6 Die Praktykgerigte faset van die kategese volgens die Dordtse Sinode . ... 145

# HOOFSTUK 5

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE VAN DIE NADERE REFORMASIE EN DIE SINODE VAN DORDTRECHT 1618/1619

## 5.1 Inleiding

5.1.1 In Hoofstuk 2 is gelet op die Bybelse grondslae van die kategese wat sy oorsprong en noodsaaklikheid betref.

5.1.2 In Hoofstukke 3 en 4 is die geskiedenis van die kategese van die ou Christelike Kerk tot en met die Reformasie nagegaan en beoordeel.

5.1.3 Die besondere geskiedenis van die kategese in die tyd van die Nadere Reformasie en die Dordtse Sinode (1618/19) word in Hoofstuk 5 bestudeer en beoordeel. 'n Ondersoek na die stand van die kategese tydens die Nadere Reformasie en die Dordtse Sinode is noodsaaklik omdat die ontwikkeling van die kategese in hierdie periode 'n sigbare invloed gehad het op die kategese aan die Kaap, 1652-1858 en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika . In die lig hiervan word aandag geskenk aan die ontwikkeling van die kategese tydens die Nadere Reformasie en die Sinode van Dordtrecht (1618/19).

## 5.2 Oriëntering ten opsigte van die ontstaan van die Nadere Reformasie

Vooraf word gelet op die oorsake van die ontstaan van die Nadere Reformasie .

### 5.2.1 Van Reformasie tot Nadere Reformasie

Die Nadere Reformasie het nie sommer op 'n dag uit die lug op die Nederlandse Kerk, volk en gemeenskap neergedaal nie. Dit het vanuit 'n sekere historiese konteks gegroei en gevestig geraak in die Nederlandse Kerk en die algemene gemeenskap. Van't Spijker[228] skryf dat wie van die Reformasie na die Nadere Reformasie beweeg sal vind dat daar 'n verandering ingetree het, waarvan die aard nie eenvoudig omskryf kan word nie. Sommige oordeel dat daar tussen die

228 Van't Spijker, W. 1990e. De zekerheid van het geloof in de Nadere Reformatie (1). *De Wekker*, 99(17):151-152, Febr.9.

Reformasie en die Nadere Reformasie iets wesenlik verander het, terwyl ander oordeel dat wat in die honderd jaar na die Reformasie plaasgevind het, nie as 'n werklike verskuiwing aangemerk kan word nie, maar dat dit net die verplasing van sekere aspekte inhou. "*De Nadere Reformatie is de beweging binnen de Nederduits Gereformeerde Kerk, die, zich tegen algemeen verbreide wantoestanden en misvattingen kerend alsmede de verdieping en de verbreding van de doorwerking van de zestiende-eeuwse Hervorming beogend, met profetische bezieling aandringt op en ijvert voor zowel de innerlijke doorleving van de gereformeerde leer en de persoonlijike levensheiliging alsmede radicale en totale heiliging van alle terreinen des levens.*"[229] Van't Spijker[230] skryf op sy beurt dat onder die Nadere Reformasie verstaan moet word "*die sterke beweging in de Nederlandse kerkgeschiedenis, die erop bedacht was, om de beginselen van de Reformatie in het Nederlandse volksleven in te dragen*". Luther, Calvyn, Zwingli, Bucer en baie ander Reformatore het hulle reformatoriese taak vervul en probeer om die Woord van God tot heerskappy te laat kom in die kerk en die samelewing. 'n Tweede en derde generasie het gekom en gegaan, "die zich voor de taak geplaatst zag om de erfenis van de Reformatie te bewaar en deur te geven".[231] Na 'n voorbereidende fase, waarin die Humanisme, die Lutheranisme, die Zwinglianisme en die Doperdom 'n rol gespeel het, kom die Calvinisme in die Nederlandse situasie tot bloei. "Het deed een greep naar de diepte van het hart en tegelijk ook een greep naar de breedte van de samenleving."[232] 'n Teokratiese ideaal is herkenbaar: Hulle wil dat die hele lewe onder die invloed van die Woord van God kom. Tegelyk is daar min of meer 'n omlynde denkbeeld van wat ware vroomheid van die hart is, naamlik diens aan die Here, wandel in opregtheid, liefde vir God se wet, en daarmee saam 'n innerlike "devotie"[233] of geloofsinnigheid wat 'n diepe gloed werp op die hele lewe.

### 5.2.2 Historiese werklikhede

Die Nadere Reformasie kan slegs verstaan word in die lig van die gebeure wat dit voorafgegaan het. Die Nadere Reformasie (±1590-1720) volg op die tydperk van die Reformasie (±1300-1550) en die Kontra-Reformasie (±1542-1563). Polities, staatkundig en kerklik was dit 'n tydperk gelaai met aktiwiteite wat in gedagte gehou moet word by die bepaling van die kategese tydens die Nadere Reformasie.[234]

229 Omskrywing T. Brienen – Prediking van die Nadere Reformatie.
230 Van't Spijker, W. 1990e. De zekerheid van het geloof in de Nadere Reformatie (1). *De Wekker*, 99(17):151-152, Febr. 9.
231 Van't Spijker, W. 1990e. De zekerheid van het geloof in de Nadere Reformatie (1). *De Wekker*, 99(17):151-152, Febr. 9.
232 Van't Spijker, W. 1990e. De zekerheid van het geloof in de Nadere Reformatie (1). *De Wekker*, 99(17):151-152, Febr. 9.
233 "devotie" = devosie (Afr.), vroomheid, godsvrug.
234 ***Polities***: Die politieke toestand in Europa was in hierdie periode vloeibaar en onseker. Keiser Maximiliaan van Duitsland sterf in 1519 en die Duitse keurvorste kies Karel V (1519-1556) in sy plek. Die gevolge was dat die Koningshuis van

### 5.2.3 Radikale verandering in Nederland

Die Nederlandse Gereformeerde Kerk was hoegenaamd nie daarop voorbereid om sy bevoorregte posisie kwyt te wees nie. Die teruggang in hulle welvaart het heelwat gemeentes daartoe gedwing om met mekaar in kombinasie te tree. Die werk van klassisse en sinodes is aan bande gelê. Nederland bevind hom in die Goue Eeu van welvaart. Maar die rykdom van "de Gouden Eeuw betekent ook het zedelijk verval, gepaard gaande met een weinige betrokkenheid van het volk bij de kerk".[235] Hieruit blyk hoe oppervlakkig die Reformasie in Nederland was en hoe weinig die siel van die volk bereik is. "Onze Nadere Reformatie ageert tegen verbastering en ontaarding binnen de kerken der Reformatie."

### 5.2.4 Geloof en lewe kom in botsing

Die Gereformeerde Kerke in Nederland het 'n eeu na die Reformasie voor 'n probleem te staan gekom. Die kerkleer was gereformeerd en gesuiwer van dwaalleer. Die probleem was dat die

---

Habsburg oor die Nederlande, Boergondië, Spanje en die Duitse State beheer gekry het. Karel V het gestreef na die grootheid van die ou keiserryk in 'n katolieke imperialistiese gees. Hoewel Karel V oor sowel Duitsland en Nederland regeer het, was hy in Duitsland deur allerhande politieke omstandighede gebind in sy optrede, terwyl hy in die Nederlande vry kon optree en het hy sy arm van onderdrukking duidelik laat voel. By tien- en honderdtalle het die martelare gesterwe. Toe Filips II sy vader Karel V opvolg, word die Protestante met nuwe wreedheid vervolg. In 1566, die sogenaamde "wonderjaar", kom die hele Gereformeerde deel van die volk as met 'n towerslag in opstand en werp die juk van onderdrukking af.

***Staatkundig***: Die staatkundige situasie in Wes-Europa aan die begin van die sestiende eeu was die volgende:

- Duitsland en Italië was in baie klein staatjies versplinter.
- Daar was slegs drie sterk monargieë, nl. Spanje, Frankryk en Engeland.
- Frankryk en Spanje was in konkurrensie om die magsinvloed oor Duitsland en Italië.

Staatkundig is Nederland nog onder die Boergondies-Habsburgse vorstehuis inbegrepe. Nederland se ligging aan die see en die groot riviere in Europa het die handel laat floreer, maar bring ook die deurvloei van baie godsdienstige strominge.

***Kerklik:*** Op kerklike vlak het die Roomse Kerkorganisasie houvas op die mense verloor. Kerklik was Nederland aan die aartsbiskope van Keulen en Reims verbind.

***Oorlog***: Teen die magtige Spanje moes Nederland 'n meedoënlose, uitgerekte oorlog tot in die daaropvolgende eeu voer. Vanaf 1572 voer prins Willem van Oranje die stryd vanuit die provinsies Holland en Zeeland. Deur onderlinge verdeeldheid word die Nederlandse volk se stryd teen Spanje lamgelê. Willem van Oranje probeer die groepe verenig maar sonder sukses. Toe die Reformasie oor Europa verbrei het, het die Nederlande uit 17 losstaande State (vandag Nederland en België) bestaan. Elke staat het sy eie vors gehad wat self besluit het oor die godsdiens van die staat. Die Nederlandse volk was nie gediend met die despotiese Spaanse regering nie. Met die vrede van Münster in 1648 in Europa, het daar 'n einde gekom aan die felle godsdiensoorloë wat dekades lank geheers het. Die tagtigjarige Oorlog in Nederland kom ook tot 'n einde. In 1795 het daar 'n radikale verandering gekom in die situasie in Nederland. In daardie jaar vind die Bataafse rewolusie plaas. Die gevolge daarvan was die skeiding van kerk en staat, die toekenning van burgerregte aan alle ingesetenes en die intrekking van subsidies en voorregte aan die kerk. Voortaan was die kerke van hulle eie bydraes afhanklik. Die voorafgaande Reformasie het ten doel gehad om die kerk weer terug te voer na die Woord van God. Die Protestantisme het besef dat dit, soos ook die Christendom van die vroeë eeue, vaste vorme moes aanneem. Dus het belydenisskrifte die nuwe leer afgebaken en afgegrens teen mistasting en dwaling. Hiernaas het standaardwerke onder andere Calvyn se *Institusie* 'n mate van dogmatiese stewigheid aan die gebou van die Reformasie verleen. Die Gereformeerde ortodoksie het wasdom bereik en die Nederlandse volk is opgevoed met die Statebybel, die kategismus en die psalmboek. Die verband tussen leer en lewe was by die Gereformeerde ortodoksie op 'n gesonde voet. In 'n veel geringer mate het hierdie godsdiens ontaard in Sondagaktiwiteite wat op die duur geen neerslag op die res van die week en op sy daaglikse aktiwiteite sou gehad het nie. Omdat die lede van ander geloofsgemeenskappe hulle nou ook vrylik kon uitspreek oor verskillende sake, het daar veral in politieke verband 'n heftige afkeer van die belydenisskrifte na vore getree.

235 W. van 't Spijker, 1989:20.

lewe binne die kerk nie hiermee ooreengestem het nie.[236] Daar het stemme opgegaan wat gesê het dat bekering en Reformasie *gedurig* moet plaasvind. Daar is geredeneer dat die reformasie nie net oor die ***leer*** moet gaan nie maar ook oor die ***lewe***. Op hierdie punt is die beweging van die Nadere Reformasie gerig.[237] Daarom beskryf S. van der Linde[238] die Nadere Reformasie as "de radicale, gereformeerde reformatie, die 'preciesheid' wenst te plaats van vrome (onvrome) algemeenheden, een piëtisme dus, een bewust wijden van het hele leven aan God". In die protes teen die persoonlike sonde van die mense in die gemeenskap en die verval in die Kerk, kom nou die oproep tot bekering en heil van die individuele gelowige en van die Kerk en die maatskappy.

### 5.2.5 Die aandrang om 'n Nadere Reformasie

Dit was die ernstige Gereformeerdes wat beswaard was oor die werklike toestand van die kerk en aangedring het op 'n Nadere Reformasie. Dogmaties is daar geen noemenswaardige verskil tussen die teologie van Calvyn en dié van 'n man van die Nadere Reformasie soos H. Witsius nie. "Het lijk ons in dit verband wel zeer sprekend, dat er zo'n merkwaardige overeenstemming bestaat tussen Calvijn en de mannen van de Nadere Reformatie in hun acta et facta."[239] Van der Linde[240] skryf verder: "We hebben de overtuiging, dat de grondmotieven van Calvijns theologie: de *perseverantia sanctorum* (de volharding van der heiligen), de *crucis tolerantia* (het kruisdragen) en de *meditatio futurae vitae* (overdenking van het komende leven) zeer sterk door die vermoeiende en ondermijnende strijd gestempeld en verscherpt." Daar is wel 'n verskil in aksent. In die Nadere Reformasie word die *prediking van die belofte* op die agtergrond gedring deur die *prediking van die kenmerke van die genade.* Die Nadere Reformasie konsentreer op die

236 Verboom, 1986:243.
237 Verboom, 1986:243.
238 Soos aangehaal deur Brienen, 1974:10.
239 Van der Linde, 1976:140.
240 Van der Linde, 1976:141.
252 Geloof en ervaring kan met mekaar versoen word en hoef nie antiteties teenoor mekaar te staan nie. "Het Woord wil geloofd en beleefd worden" (Velema, 1989:53). Die ervaring is die belewing van die heil wat deur die Heilige Gees aan hulle toege-eien word *1989:48). "We zitten met deze studies in elk geval midden in de zaak, medias in res. Ze behoren bij wat de Geest doet in het hart van een zondaar. Ze zijn ervaringen zonder welke het deel hebben aan het heil niet denkbaar is" (Velema, 1989:51). Geloof is lewe en daarom ook belewe. Geloof impliseer ervaring, want die mens in wie se hart die geloof gewerk is, moet uit die geloof lewe. Die ervaring kan nader omskryf word (a) as ervaring van die geloof, (b) as lewe met God deur Christus en in die krag van die Heilige Gees, (c) as kennis van en diens aan God, (d) as kennis van onsself (soos Calvyn in die begin van sy Institusie skryf) onlosmaaklik verbonde met die kennis van God, as die belewing van bybelse woorde soos regverdiging en heiliging, as die geloof in al sy gestaltes (positief en negatief) (Velema, 1989:42). Toe-eiening van die heil gaan nie buite die gebruik van Woord en sakramente om nie. Samevattend kan gesê word dat die toe-eiening van die heil, te make het met: Die Gees wat die heil aan sondare toe-eien. Die Woord as middel waardeur die Heilige Gees die toe-eiening van die heil aan 'n mens tot stand bring. Die heil wat deur die Heilige Gees aan sondare toegepas word.Die mens aan wie die Heilige Gees die heil toe-eien.Toe-eiening van die heil raak inderdaad die ervaring van die gelowige. Mens kan ook sê, dit raak die bevinding. Die tema raak beide (a) die Heilige Gees wat die heil toe-eien aan die mens en*

*gelowige mens en sy ervaringe.*[241] By die Reformasie is die bevinding aan die geloof inherent – die bevindelike genietinge het meer waarde gekry as net gelowig te aanvaar. Van Genderen[242] skryf dat die Nadere Reformasie "meer een ethische aanvulling op de Reformatie" is en die "doorwerking van de beginselen van deze, in de geest van Calvijn". Hy skryf verder: "De Nadere Reformatie is de konsekwentie van de Reformatie door transpositie in een andere tonatie."

### 5.2.6 Hierop is die Nadere Reformasie gerig

F. Ridderus (1620-1683)[243] skryf "dat bekering en Reformatie *gedurig* moet plaats hebben". In die sestiende eeu het die gees van die hervorming nog kragtig gewerk en was daar balans tussen leer en lewe. Luther en Calvyn se blye ontdekking dat die regverdigmaking van die sondaar geheel saamval met die werk van God se Woord, wat in die volle lewe van die mens tot openbaring kom, het langsamerhand verflou. Die heilige subjektiwiteit van die objektiewe Woord is nouliks meer gevoel. Geleidelik het die situasie verander. "De wijle het verval in sonde somtijds seer groot is en sig seer wijd uytspreyd soo moet de Reformasie gaen over Land en Kerke, en over yder particulier Christen."[244] Toe daar vir Ridderus gevra word waaroor moet die reformasie gaan, antwoord hy:[245] "Niet alleen over de Leere, maer ook insonderheyd over de leven." Verboom[246] sluit hierby aan: "Op dit punt is nu de beweging van die Nadere Reformatie gericht." Onder "dit punt" bedoel Verboom dat dit in die Nadere Reformasie gegaan het oor die *leer* en in sonderheid oor die *lewe*. L.F. Groenendijk[247] skryf "na de reformatie van de leer diende ook het leven gereformeerd te worden". Die vitae fructus moes beantwoord aan die

---

*(b) die gelowige aan wie die heil toege-eien word. Ten opsigte van heilsekerheid en heilstoe-eiening moet daar nie vir die ervaring van die geloof teruggedeins word nie. Daar moet egter gewaak word dat die ervaring nie tot norm gemaak word in die kategese nie. As die ervaring tot norm gemaak word, sal die ervaring die struktuur van die evangelie bepaal wat deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien word. Dit is in stryd met die evangelie self. Dan ontwikkel skeeftrekkinge, eensydighede, halwe waarhede en dwalinge. Dit gaan ook om die verantwoordelikheid van die mens in die heilstoe-eiening en ook die ervaringe wat die mens opdoen as die Heilige Gees in hulle werk. Die ervaring is die belewing van die heil wat deur die Heilige Gees aan hulle toege-eien word (Velema, 1989:48). Dit gaan in heilstoe-eiening om die toepassing van die heil in die mens in al die relasies waarin hy staan. "De toepassing des heils is een even wezenlijk bestanddeel van de verlossing als de verwerwing" (Bavinck, 1963.:520). "Toeëigening van het heil raakt inderdaad de ervaring van de gelovige. Men kan ook zeggen: zij raakt de bevinding" (Velema, 1989:4). Geloof is 'n teken van die lewendmaking deur die Heilige Gees en die lewe van die verbondskinders moet daarvan getuig, want dit is 'n lewe wat die Heilige Gees in hulle werk op grond van die versoening van Jesus Christus. Die kategese is 'n middel waardeur die toe-eiening plaasvind. Omdat kategese onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer is, sit daar 'n verkondigingsaspek in. Omdat die verbondskind betrokke is, is daar ook 'n ervarings- of belewingsmoment aan verbonde. Die gelowige ervaar die verkondigende heil as 'n werklikheid wat deur die Heilige Gees geskenk is. Die heil wat verkondig word, die onderrig oor die Heilige Gees wat ons die heil deelagtig maak en die eksistensiële van die geloofsbelewng – die Here is my deel, my rots is my God – dit het ook alles met die tema te doen (Velema, 1989:45).*

242 Soos aangehaal deur Brienen, 1974:11.
243 Aangehaal deur Verboom, 1986:243.
244 Verboom, 1986:243.
245 Verboom, 1986:243.
246 Verboom, 1986:243.
247 L.F. Groenendijk, Gereformeerde Proeve van de kracht der godzaligheid, soos aangehaal deur W. van 't Spijker, 1989:10.

suiwere doctrina.[248] Die reaksie het gekom teen die leerheiligheid aan die een kant en die slordigheid in die lewenswandel aan die ander kant.[249] "Het gaat om *leer èn leven*. Wat teologischer uitgedrukt: om *rechtvaardiging* èn *heiliging*. Uitgedrukt in de klassieke termini der Nadere Reformatie: om de *praxis pietatis*, de *vita spiritualis*, en 'bevindelijk' geloofsleven."[250]

J. van Genderen[251] beskryf die Nadere Reformasie as "een beweging in de 17e eeuw, die reageerde tegen de dode orthodoxie en de verwereldlijking van het christendom in de kerk der Reformatie en aandrong op persoonlijke beleving van het geloof, waarbij de praxis pietatis het centrale begrip is". Van Schelven[252] meen dat daar reeds op die Sinode van Dordt tekens van 'n piëtisties getinte stroming op te merk was veral in die beklemtoning van die "practijke der godsalicheijt". In hierdie lig tipeer A.F.N. Lekkerkerker[253] die Nadere Reformasie in hierdie lig as "een stroming in de Gereformeerde Hervormde Kerk, die in de jaren na de nationale sinode van Dordtrecht (1618-1619) heeft aangedrongen op een voortgaande reformatie, die zich dan vooral richt op de praktijk der godzaligheid, heiliging de levens, persoonlijk verkeer met God ... de beweging ontstond o.a. als waarschuwende reactie tegen de leerheiligheid, die zich na de synode van Dordtrecht dreigde meester te maken van de Kerk en van de prediking; ze was met name gericht op de praktijk van het kerkelijk leven en gaf daarom veel aandacht aan de prediking, de catechisatie, het huisbezoek en de meditatie. De klemtoon lag op de groei en de vrucht van het geestelijk leven, van het leven als christen. Het grootste deel van de verken der 'practizijns' betreft prediking, meditatie en practische exegese. Zo vooral de Teelincks, Udemans en de Brakels. Met ware hartstocht is er gecatechiseerd, denk aan Voetius, Lodenstein en zeer apart Ridderus".[254] W. van 't Spijker[255] verwys na die standpunt van W. Goeters:[256] "Hij wees op de algemene verslapping, die na Dordtrecht 1618/19 optrad, op de noodzaak van verweer tegen de voortdurend buiten de geprivilegieerde kerk optredende gemeenschappen. Hij wees ook op de ethische ongebondenheid van het volk, grotendeels levend, alsof er geen Reformatie had plaats gevonden. Ook vestigde hij de aandacht op de strijd, die sinds jaar en dag gevoerd moest worden met de overheid ten aanzien van de competentie inzake kerkelijke aangelegenheden." W. van 't

248 W. van 't Spijker, 1989:10.
249 A.A. van Schelven, 1914. De Bewerking van eene Piëtistisch-Getinte Gemeente, soos aangehaal deur De Villiers, 1957:142.
250 Van der Linde, 1976:150.
251 Soos aangehaal der Brienen, 1974:10.
252 A.A. van Schelven, 1914. De Bewerking van eene Piëtistisch-Getinte Gemeente, soos aangehaal deur De Villiers, 1957:142.
253 Soos aangehaal deur Brienen, 1974:10.d
254 Van der Linde, 1976:142.
255 W. van 't Spijker, 1989:8.
256 W. Goeters. 1911. Die Vorbereitung des Pietismus in der reformierten Kirche der Nederlande bis zur labadistischen Krisis 1670.

Spijker[257] beskou die Nadere Reformasie "als de poging tot een strikte doorvoering van de eigenlijke Reformatie in de meest volle zin van het woord over alle gebieden van kerk, geloof en leven binnen de Nederlandse situasie aan het eind van de zestiende en het begin van die zeventiende eeuw".

Hofmeyer[258] stel die aanvangsdatum van die Nadere Reformasie teen ongeveer 1590 toe Jean Taffin op die toneel verskyn. Die jaar 1590 word ook beskou as die begin van die eerste of klassieke fase van die Nadere Reformasie. Die eerste of klassieke fase van die Nadere Reformasie is, wat sy afloop betref, egter moeilik te begrens. Dit kan moontlik êrens tussen 1650 en 1670 lê. 'n Tweede fase, wat op die duur die weg gebaan het na 'n meer konkreet piëtistiese inslag, het gestrek van 1670 tot 1720.

### 5.3 Die objektiewe en die subjektiewe in die kategese

'n Kort oorsigtelike bespreking van die dogmatiese ontwikkeling tydens die Nadere Reformasie is nodig om die invloed van die Nadere Reformasie op die ontwikkeling van die kategese aan die Kaap te kan verstaan.

#### 5.3.1 Al meer en meer word op die objektiewe gekonsentreer

Die invloed van die Nadere Reformasie op die kategese lê in die verhouding tussen die subjektiewe en die objektiewe. 'n Kort dogmatiese uiteensetting is om hierdie rede noodsaaklik. Dogmaties beteken dié ontwikkeling dat, sedert die Reformasie, daar al meer en meer net op die objektiewe van die kategese gefokus is terwyl die subjektiewe van die kategese al meer en meer verwaarloos is. Dit is aan die Nadere Reformasie te danke dat die fokus van die objektiewe genade van God in Jesus Christus ook verskuif is na die subjektiewe toe-eiening van die heil waar die mens in die prediking en kategese opgeroep word om sy eie gemoed te analiseer ten einde die heilsekerheid te verkry.[259] Wat hierdeur gebeur, is dat die mens die sekerheid van sy saligheid nie meer op Christus bou nie, maar op sy *geloof* in Christus. In Hebreërs 12:2[260] maak God bekend dat die werk van die Heilige Gees in die mens daarin bestaan dat Hy aan 'n mens 'n uitsig op Jesus Christus gee. Sy werk binne-in die mens bestaan daarin dat Hy die mens buitentoe laat kyk, na Jesus toe en nie na binne na homself, sy eie geloof en ervaring nie. Die

257 W. van 't Spijker, 1989:16.
258 Hofmeyer, 1989:23.
259 Nel, 2000:23.
260 Hebreërs 12:2 – ".... die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."

sekerheid mag nie op 'n mens self of jou geestelike ervarings gebou word nie, maar op Christus self. Die mens kan in niks anders roem as die kruis van Jesus Christus nie. Teenoor die ongelukkige haarklowery oor die leerstellings, waarin die belydenis vreemd gebly het aan die lewe, het manne opgestaan wat met krag aangedring het op die hervorming van die gemoed en die praktiese lewenswandel.[261]

### 5.3.2 Die gevolg van die oorbelading van die objektiewe

In die oorbelading van die objektiwisme gebeur dit dat die mens die sekerheid van sy saligheid nie meer op Christus bou nie, maar wel op sy eie *geloof* in Christus. By die aflegging van belydenis van geloof moet die verbondskind antwoord op die vraag[262] of hy sy *lewe en saligheid buite homself in Christus soek* en so hierdie belydenis met 'n *godvresende lewe* sal bevestig. Elke gelowige getuig met Nagmaal[263] dat hy nie na die nagmaal kom om daarmee te kenne te gee dat hy in homself volmaak en regverdig is nie; inteendeel, hy kom na die nagmaal "juis omdat ons ons lewe buite onsself in Christus soek" en daarmee bely dat hy deur sy misdade dood is. Die mens kan in niks anders roem as die kruis van Jesus Christus nie. Die wisseling tussen die objektivistiese opvatting van die heil en die subjektivistiese toe-eiening van die heil deur die geloof word dogmaties so geformuleer: dit gaan om die *fides qua creditur* en die *fides quae creditur*.

### 5.3.3 Die fides quae creditur en die fides qua creditur

#### 5.3.3.1 Die fides quae creditur

Met ***fides quae creditur*** word bedoel die *objektiewe geloofsinhoud*: "Faith is the content of my confession, the contents of faith, i.e. ecclesiastical tradition."[264] In die fides quae creditur wys die nominatief op *wat* geglo word – dit is die inhoud van die geloof: "De inhoud van het geloof (fides quae) wordt bepaal door Gods openbaring."[265]

261 De Villiers, 1957:139.

262 "Is dit u voorneme om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van u lewe standvastig te volhard, die verbondsgemeenksap met God te onderhou, Hom van harte lief te hê en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien, van die wêreld en sy begeerlikhede af te sien, *u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek* en so hierdie belydenis van u met 'n godvresende lewe te bevestig?" Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof. Psalmboek, 2003:115.

263 Nagmaalsformulier. Psalmboek, 2003:123.

264 Deist, 1984:95.

265 Velema, 1990:84.

#### 5.3.3.2 Die fides qua creditur

Met *fides qua creditur* word bedoel die *subjektiewe geloofsdade;* die geloof is naamlik die grond van my persoonlike belydenis. "The act of faith leading to faith, i.e. the ground or foundation of faith, namely the work of the Holy Spirit."[266] In fides qua creditur wys die ablatief op die *waardeur* geglo word – die geloofsdade. Velema[267] beklemtoon dat die inhoud van die geloof (fides qua) "wordt evenzeer bepaald door Gods openbaring".

#### 5.3.3.3 Die verhouding tussen die fides quae creditur en die fides qua creditur

Die vraag is: Gaan dit in die saak van geloof dus om die *fides quae,* dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud,* (die objektiewe heil wat geglo moet word – die heilshistoriese faset), of gaan dit om die *fides qua,* dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade* (die subjektiewe geloof waardeur iets gebeur – die heilsordelike faset) of gaan dit om albei? Uit die verhouding tussen die fides quae creditur en die fides qua creditur blyk dat die geloof van die *subjek (fides qua – waardeur geglo word – die heilsordelike)* kwalitatief maksimaal kan wees terwyl die inhoudelike 'n minimum is *(fides quae – wat geglo word – die heilshistoriese).* Die teenoorgestelde kan ook voorkom dat die objektiewe geloofsinhoud (quae) maksimaal kan wees, maar die geloofsdade (qua) ontbreek in die lewe van die lidmaat. Die vertroue is nie alleen gerig op die Persoon van God en van Jesus Christus nie, maar ook op hulle woorde en dade en op die inhoudelike van die belydenis. Die geloofsobjek is die "dat-sinne", uitsprake wat met "dat" (ὅτι) begin en vervolgens 'n feitelike gebeurtenis soos Jesus se kruisiging, opstanding, hemelvaart of wederkoms vermeld. Geloof as aktiwiteit is nie iets vaag, onbepaald of sonder inhoud nie. Geloof is sowel die *opneem van die heilsfeite, woorde en tradisies* (*fides quae*) as die *kwalitatiewe bepaalde vroomheid* (*fides qua*). Die geloof is altyd πίστις τοῦ εὐαγγελίου (Fil. 1:27; 1 Tess. 4:14 – glo in die sterwe en opstanding; Rom. 10:8-10 – Jesus bely as Κυριος en glo dat God Hom uit die dood opgewek het; 1 Kor. 15:1-5 – glo in die opstanding uit die dood; Joh. 2:22b – glo in die Skrifte en in Jesus se woord; Hebr. 2:3[268] – glo in die paradosis[269]). Die volgende onderskeid is hier ter sprake:[270] die geloof waarmee geglo word – *fides qua* en die geloof wat geglo word – *fides quae.* "*Faith* is an

266 Deist, 1984:95.
267 Velema, 1990:84.
268 Hebreërs 2:3 – "hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het."
269 paradosis – dit wat gegee is (Deist, 1984:185).
270 Van Genderen en Velema, 1992:543.

action word. We cannot passively respond to God."[271] Dit bring ons terug by die historiese gang van die kategese tydens die Nadere Reformasie.

### 5.3.4 Ken met die verstand en ken met die hart

In die breë Protestantse kerklike en teologiese wêreld kom die saak van die verhouding tussen die objektivistiese en die subjektivistiese aspekte in die heilstoe-eiening telkens na vore. By die behandeling van die Nadere Reformasie moet kennis geneem word van die invloed wat die Skolastiek uitgeoefen het. Die mensbeeld van daardie periode was dat die menslike siel oor twee vermoëns beskik, nl. 'n *ken*vermoë en 'n *wils*vermoë. Die mens en sy vermoë is nie as 'n eenheid beskou nie en dit lei onderskeidelik tot *intellektualisme* en *voluntarisme*[272]. Daar is verder hierop ingegaan en dieselfde onderskeid is ook op die *geloof* van die mens van toepassing gemaak.[273] Dit lei tot onderskeid tref tussen *'n ken met die verstand* en *'n ken met die hart of die gemoed.* Hierdie onderskeid tussen verstand en hart het neerslag gevind in die standpunte van die Nadere Reformasie. 'n Kategeet van die Nadere Reformasie, J. Martinus, beskou die fides qua creditur van die geloofsbelydenis as 'n opregte geloof.[274] Ook wat die kwessie van die *heilsekerheid* betref, is daar 'n verband getrek tussen die beskouing van die Skolastiek en dié van die Nadere Reformasie. Die Skolastiek het op grond hiervan geleer dat niemand ten volle seker kan wees van sy uiteindelike saligheid nie.[275] Die skrywers van die Nadere Reformasie het aangetoon dat

---

271 Anderson, 1993:211.

272 Dit is die leer dat die *wil* psigologies oorspronkliker is as die *ken*, of dat die wil en die strewe die diepste weë van die werklikheid is (Van Dale. Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. Deel II O – Z. 1976:2811. s'Gravenhage : Martinus Nijhof).

273 Hofmeyer, 1989:16.

274 Verboom, 1986:268 waar Martinus aangehaal word: "Ende niemant in de selve mag aengenomen worden als die dit gelove belijdt. Hand. 8:37."

275 Met behulp van sillogismes kon daar op grond van bepaalde oorweginge wel 'n *relatiewe sekerheid* verkry word. Dit is juis hierdie sillogistiese redenering in die vorm van die "sillogismus practicus" of die "sillogismus mysticus" wat dikwels in die Nadere Reformasie aangetref word. As dit by geloofs- en heilsekerheid kom is dit die Heilige Gees wat die gelowige ondersteun teen die aanslae van twyfel. Sonder die optrede van die Heilige Gees deur die Woord sal elke mens die sekerheid in verband met sy verlossing verloor. Die skriftelik vasgelegde belofte in God se Woord bly die basis en bron van de sekerheid. Benewens die Heilige Gees as goddelike Helper (Parakleet) is daar nog twee hulpmiddele om tot sekerheid te kom: a. die gemeenskap van die gemeente en b. die selfwaarneming deur die gelowige langs die weg van *"sluitredes"* (sillogismi). Spoedig na die eerste fase van die Kerkhervorming het die saak van geloofs- en heilsekerheid na vore getree en word die sogenaamde *sillogismi* (die sillogismus practicus en die sillogismus misticus) ingespan om op 'n indirekte wyse die sekerheid te bewerk, naamlik langs die weg van die geloof as *actus reflectus.* Die gelowige kan en mag uit die waarneming van die werkinge en die vrugte van die Heilige Gees in homself (sillogismus misticus) of in sy goeie werke (sillogismus practicus) tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n wedergeborene of 'n uitverkorene is (1 Kor. 15:17; 2 Kor. 13:5; Matt. 7:15-23; Joh. 15:1-7; Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, Dordtse Leerreëls, 1.12. Calvyn noem ook 1 Joh. 3:14 en 2 Pet. 1:10 as bewysplekke vir die sillogismus practicus).
Die hantering van die sluitrede kan die groei van sekerheid bevorder. Teenoor die rooms-katolieke leer van die *konjekturele sekerheid* waarin aangeneem word dat die gelowige van sy ewige behoud slegs maar 'n vermoede kan hê en nie volstrek seker kan wees nie, stel die Reformatore die volstrekte sekerheid. Die geloof as *actus reflexus* is beskou as die vrugte van die geloof wat na buite sigbaar word, in die praktyk van die lewe, wat 'n aanduiding is van lewensheiliging. Later van tyd in die Nadere Reformasie is die geloofsrefleksie meer gerig op die werking van die geloof na binne, in die geloofsbevinding van die hart. Onder die *actus directus van die geloof* word dus verwys na die uitgaande daad van die

teologie haar egtheid in die persoonlike lewe moet openbaar en dat dit onafskeidbaar is van die pietas of die godvrugtigheid.[276] Voetius en sy volgelinge wou te alle tye die kerk van binne hervorm en het hulle veral in die taal van De Vrijer ten doel gestel om te waak teen "die drie bacillen, die der dorre orthodoxie, die van die rationalistische kritiek en die van de *ecclesiola in Ecclesia*".[277] Die reformasie wat die voorstanders van die Nadere Reformasie beoog het, was 'n reformasie wat die leer en die lewe omspan het.

## 5.4 Invloed van die Calvinisme

Uiteraard is die Reformasie van veral Calvyn een van die prominente wortels van die Nadere Reformasie. Die Calvinisme het met sy streng norme beter aansluiting by die Nederlandse volkskarakter gevind. Malan[278] verwys na Rutgers se opmerking dat die belangrikste kenmerk van die Nederlandse Reformasie nie die godsdienstige oppervlakkigheid van die *Humanisme* was nie, en ook nie die nugtere verstandelikheid van die *Zwinglianisme* nie, ook nie die traagheid van die *kerklike konserwatisme* nie en ook nie die bandeloosheid van die *Anabaptisme* of die *Libertinisme* nie, maar veel eerder "het beginsel dat belichaamd was in het Calvinisme, naar de diepen, veelomvattenden zin van dat woord".

---

geloof en onder die *actus reflexus van die geloof* word verwys na die terugkerende daad van die geloof. Die *actus directus van die geloof* is die daad waardeur 'n mens vanuit homself tot Christus sy toevlug neem met die besef van sy sondevelorenheid, met die doel om uit die hand van Christus vergewing van sonde en die saligheid te ontvang. Die *actus reflexus van die geloof* is die daad waardeur 'n mens van Christus tot homself terugkeer met die besef van sekerheid dat hy waarlik die vergewing van sondes en die ewige lewe ontvang het.

Daar was tydens, die eerste fase van die kerkhervorming, 'n voorkeur vir die *sillogismus practicus*, gerig op die *praxis pietatis*. Maar veral na die Dordtse Sinode gaan die syllogismus mysticus steeds meer die veld beheers, totdat dit tenslotte in die laaste periode van die Nadere Reformatie, die gereformeerde Piëtisme van de 18e eeu, vrywel alleen voorkom.

Vanweë die sekerheid en betroubaarheid van die Woord van God en die God van die Woord, het die geloofsekerheid en heilsekerheid, nie in die geloof self gelê nie, maar in Hom in Wie geglo word. Daar kan stagnasie kom in die funksionering van die geloof. Die geloof kan deur die verskillende 'seisoene' van geloofsbelewing gaan – die een oomblik is dit die lentetyd van die geloof en kort daarna ervaar die gelowige die onvrugbare wintertyd van die geloof om na 'n lang worsteling in die vrugbare somertyd van die geloof te verkeer. Dit is egter iets anders as om die geloof self tot onsekerheid te verklaar. Wie die geloof na sy wese onseker noem, of nog op weg na die sekerheid is, sonder dat dit met die *fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud)* gegee is, doen aan die wese van die geloof tekort.

Tussen geloofsekerheid en heilsekerheid word onderskei. Geloofsekerheid (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens wat onwankelbaar vas staan in die Woord van God. Op hierdie punt moet die gelowige net luister en is beredenering nie vanpas nie. Heilsekerheid (certitudo salutis) het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here. Op hierdie punt maak die mens, onder leiding van die Heilige Gees, dit wat hy objektief uit die Woord van God hoor, subjektief sy eiendom en leef prakties uit die waarheid van die Goddelike Woord in al die fasette van die lewe. *Sekerheid van God en die heil* is nie 'n rasionele gebeurtenis nie (Loonstra, 1996:713). Dit beteken dus dat die mense wat intellektueel uitstaande is nie noodwendig groter sekerheid sal hê bo die wat minder intellektueel is nie. Daarom gaan dit om geloofsekerheid en heilsekerheid en sien dit op sekerheid wat op geestelike vlak lê. 'n Sekerheid wat deur die Heilige Gees gewerk word en deur dieselfde Gees versterk word (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, Vraag 65). Waar die Heilige Gees dit werk hang dit nie af van die kwaliteite van die verstand nie, maar is dit meer 'n saak van *geestelike insig.*

276 De Villiers, 1957:144.

277 De Villiers, 1957:144.

278 Malan, 1981:4.

## 5.5 Verhouding tussen die Reformasie en die Nadere Reformasie

### 5.5.1 Verwording

Sommige akademici het die Nadere Reformasie beskou as 'n *verwording* van die Reformasie. Daarmee word aangedui dat die Nadere Reformasie nie 'n ontwikkeling of 'n nadere toepassing van die Reformasie is nie. Inteendeel, dit beteken "verwording" ... 'n terugval in dit waaraan die Reformasie ontkom het.[279]

### 5.5.2 Wending van belangstelling

In die Nadere Reformasie is ook 'n wending van belangstelling, naamlik van die *objektiewe* na die *subjektiewe*, waaraan gepaard gaan die skeiding van kennis en vertroue in die geloof en in verskuiwing van die heilsbelofte na dié "door kenmerken omschreven zielsdoorleven van de wedergeboren of te wel uitverkore mens".[280]

#### 5.5.2.1 Die Nadere Reformasie nie 'n korreksie van die Reformasie nie

Die Nadere Reformasie is nie 'n korreksie van die Reformasie nie, maar wel die ***konsekwensie*** daarvan. Dit is geen teenstelling nie. Vir die reformatore het dit immers nie alleen om die suiwere leer gegaan nie maar ook om 'n godvrugtige lewe. Wanneer baie in die Gereformeerde Kerke net wil glo wat die Kerk glo en verder wil lewe volgens tradisies en konvensies, móét daar in die naam van die reformatoriese beginsel geprotesteer word. In soverre is die Nadere Reformasie inderdaad noodsaaklik en verdien haar roepstem om 'n waaragtig deurleefde Christendom niks anders as waardering nie. Hoewel die vorm waarin die strewe konkretiseer, die stempel dra van die tyd, is daar ook iets van blywende waarde in.

#### 5.5.2.2 Die geloof as *binding* van die verhouding tussen God en mens.

Dit moet op die rekening van die Nadere Reformasie geplaas word dat die fokus van die objektiewe genade van God in Jesus Christus verskuif het na die subjektiewe toe-eiening van die heil waar die mens in die prediking opgeroep word om sy eie gemoed te analiseer ten einde die

279 Brienen, 1974:289.
280 Brienen, 1974:289.

geloofsekerheid te verkry.[281] Wat hierdeur gebeur, is dat die mens die sekerheid van sy saligheid nie meer op Christus bou nie, maar op sy *geloof* in Christus. Die protes was teen die persoonlike sonde en die verval onder die volk. In die oproep tot bekering en presiesheid in die lewe, klink daar 'n stuk bewoënheid deur met die heil van die individuele gelowige en die collectivum van die Kerk en die maatskappy. Die intensie van die Nadere Reformasie kan ook gehoor word in die kategetiese vakliteratuur van die sewentiende en die agtiende eeu volgens Verboom.[282] Ook oor die historiese oorsprong van die Nadere Reformasie het verskillende studies verskyn.[283]

## 5.6 Verskillende fases in die Nadere Reformasie

### 5.6.1 Die eerste fase

Tydens die eerste fase van die Nadere Reformasie tree die volgende kategete op: W. Teellinck, G. de Bouma, J. Martinus, A. Trommius, C. Streso. Hulle het min of meer gebly in die voetspore van die reformatoriese erfgoed.

### 5.6.2 Die tweede fase

Tydens die tweede fase tree die volgende kategete op: S. Molenaar, A. Hellenbroek, J. d' Outrein, J. Nupoort, W. Schortinghuis. By hulle het daar, kategeties gesien, 'n verskuiwing gekom ten opsigte van die kategetiese leeruitkoms, kategetiese kennis, kategetiese praxis, kategetiese metodes, kategetiese leerinhoude en die kategeet. Die tweede fase is min of meer die middel van die 17e eeu. Dit is die tyd waarin De Bouma 'n meer uitgebreide uitgawe van sy Christelike Catechismus uitgee (1656) en die Westminister Kategismus in 'n Nederlandse vertaling verskyn (1654).

## 5.7 Die Nadere Reformasie – 'n samevattende oorsig

In die tydperk van die Reformasie het kategese besondere aandag van die Reformatore geniet. Die verdienste van die Reformasie lê veral daarin dat hulle 'n eie leeruitkoms vir die kategese

281 Nel, 2000:23.
282 Verboom, 1986:243.
283 Hier word gedink aan: S. van der Linde, Jean Taffin, eerste pleitstem voor Nadere Reformatie in Nederland. C. Graafland, De invloed van het Puritanisme op het ontstaan van het gereformeerd piëtisme in Nederland. L.F. Groenendijk, De oorsprong van de uitdrukking"Nadere Reformasie". T. Brienen e.a., De Nadere Reformatie, Beschrijving van haar voornaamste vertegenwoordigers. T. Brienen, De prediking van de Nadere Reformatie. C. van der Linde, Calvijn, Calvinisme en Nadere Reformatie.

gestel het.[284] Die Reformatore het die leeruitkoms van die kategese in noue verband met beide sakramente, die doop en die nagmaal, gesien. Die doop was die begin en die nagmaal die eindpunt van die kategumenaat.[285] Kategese vind 'n afsluiting in die Nagmaal.

Na die Reformasieperiode het Luther en Calvyn se blye ontdekking dat die regverdigmaking van die sondaar geheel saamval met die werk van God se Woord, wat in die hele lewe van die mens tot openbaring moet kom, langsamehand verflou.[286] Teenoor die haarklowery oor die leerstellings, waarin die belydenis vreemd gebly het aan die lewe, het manne opgestaan wat met krag aangedring het *op die hervorming van die gemoed en die praktiese lewenswandel.*

## 5.8 Die Nederlandse Piëtisme

Omdat die periode van die Nadere Reformasie so 'n groot invloed op die kategetiese situasie in Suid-Afrika gehad het, is dit nodig om kortliks te let op die kerkhistoriese lyne in Nederland. Die Nadere Reformasie verwys na die historiese tydperk van die Nederlandse Piëtisme wat in die 17e eeu ontstaan het. Ds. Philip Jacob Spener (1655-1705) het die aandag gevestig op die agteruitgang van die geestelike lewe in sy *Pia Desidaria.* In sombere kleure skets hy die toenmalige stand van die kerklike lewe.[287] In die kerke was daar 'n verstarde en verdorde lewe. Die piëtisme was "een protest tegen vlotte en vlakke toestanden in de officiële Kerk, de Kerk en het persoonlijke geloofsleven, nadere reformatie nodig hadden".

"Onmiddellik voor die optrede van Spener en Francke het die belangstelling in die Bybel as leerboek totaal verdwyn."[288] Die predikante het nie die minste besef gehad van die belangrikheid van godsdiensonderwys nie. Spener kla oor die toestande wat toe geheers het ten opsigte van die kategese: "Dit strek nie tot roem van ons evangeliese kerke dat daar op sovele tot nog toe weinig of niks aan die Kategismusoefeninge en kinderleer gedink is deurdat dit deur sommige Kategete so slaperig geskied en dat dit voorts byna uitsluitlik op skoolmeesters afgeskuif word. Die meeste onderwysers het ek leer ken as mense wat in die reël nie begaan is om die siele van die jeug na God te bring nie, maar om die loon vir hulle werk te verdien."[289]

---

284 De Villiers, 1957:105. "Die doel van die Kategese is nie enkel om gedeeltes te ken en kerklike wette na te kom nie, maar om die waarheid, wat uit God is, te leer ken in haar krag en betekenis en dit te beleef, sodat die mondige lidmaat straks in al die regte en voorregte van die lidmaatskap kan deel en die verpligtinge wat daarmee samehang, kan vervul."

285 De Villiers, 1957:105, Van Veldhuizen, 1925:29, Waterink, s.a.:16-17, Hagenbeek, 1947:27.

286 De Villiers, 1957:139.

287 De Villiers, 1957:139.

288 De Villiers, 1957:141.

289 J.H. Maronier, soos aangehaal deur De Villiers, 1957:141.

Om die probleem op te los het Spener in die namiddagsdiens dieselfde stof behandel as wat ná die diens in die kategismusleer aan die orde sou kom. Spener het by die aanvang van die oggenddiens 'n kort oorsig gegee van die stof wat behandel sou word en hy het die ouers opgewek om hulle kinders daarop voor te berei. Spener het die katkisasieklas onder sy eie sorg geneem. 'n Baie belangrike invloed het van Spener uitgegaan ten opsigte van die piëtistiese leerboeke, naamlik dat die dogmatiese uitsprake doelbewus weggelaat is en Bybelse uitsprake in die plek daarvan gestel is met toepassing op die praktyk van die lewe.

Die kerndwaling van die Piëtisme op kategetiese terrein was dat dit te veel nadruk laat val het op die *subjektiewe belewing* met baie emosionele aandoening ten koste van die *objektiewe waarheid* en die waarheid van die werking van die Heilige Gees. Die mens het te veel op die voorgrond getree en die werk van die Heilige Gees word misken.

## 5.9 Reaksie van die Nederlandse Piëtisme

In Nederland het daar ook reaksie gekom teen die leerheiligheid en slordigheid in die lewenswandel van Christene. Voor die 16e eeu tot vroeg in die 17e eeu verskyn werkies van G. Udemans, G. Voetius en G. Amesius. Wat die reformasie beoog het, was 'n reformasie wat die leer en die lewe omspan het. Die leer is die leer van die Kerk wat hulle wou verkondig en niks anders as die Gereformeerde leerstellings nie. Hulle wou dat die Hervorming van die 16e eeu in die persoonlike godsvrug en in die volkslewe uitgebou moes word.

Die bydrae van die Nadere Reformasie met betrekking tot die kategetiese werksaamhede was baie belangrik, en is onlosmaaklik verbind aan die eiendomlike kenmerke en geskiedenis van die Kerke in Suid-Afrika van 1652-1859 en meer in besonder van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vanaf 1859.[290] Die kategese in die vroegste jare van die kerk in Suid-Afrika is deur die "Oude Schrijvers" beïnvloed. Wat die kategetiese werk betref, van die manne van die Nadere Reformasie en die gebruikmaking daarvan in Suid-Afrika kan gesien word in die verskillende leerboekies of indirek uit geskrifte in verband met Voetius. Die kategetiese koers van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal bekyk moet word in die lig van die bydraes en werksaamhede van die linie Voetius – Borstius – á Brakel - Hellenbroek. Aandag word vervolgens geskenk aan die kategetiese werk van die kategese van die Nadere Reformasie.

---

290 Vergelyk Hoofstuk 6 en die volgende hoofstukke.

## 5. 10 Verteenwoordigers van kategetiese werk van die Nadere Reformasie

Aangesien daar in Suid-Afrika ruimskoots gebruik gemaak is van leerboekies uit die periode van die Nadere Reformasie word oorsigtelik gelet op enkele verteenwoordigers wie se boekies in die kategese in Suid-Afrika gebruik is. Aandag word geskenk aan die vier wat die grootste invloed uitgeoefen het:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Jacobus Borstius | 1612-1680 |
| 2. | Wilhelmus á Brakel | 1635-1711 |
| 3. | Abraham Hellenbroek | 1658-1731 |
| 4. | Bernardus Smytegelt | 1665-1739 |

### 5.10.1 Jacobus Borstius (15 Juli 1612 - 1 Juli 1680)

Uit die pen van Borstius, vanaf 1638 predikant te Wormeveer en Zaandijk en vanaf 1654 te Rotterdam, het in 1661 te Enkhuizen die *"Kort Begrip der Christelijke leer"* voortgekom. Hierdie boekie is so druk gebruik dat dit in 1867 in die twee-en-twintigste druk verskyn.[291] Dit behandel: kennis van God, Heilige Skrif, God, skepping, ellende, verlossing, geloof, Kerk, regverdigmaking, sakramente, bekering, die dekaloog en die gebed. Ten opsigte van die leeruitkoms, kennis en praktyk van die kategese het die kognitiewe element 'n oorheersende plek in die gewone kategese ingeneem.[292] In die Nadere Reformasie het die kognitiewe element in die kategese die toon aangegee in die aanpassing volgens die ontwikkeling van die katkisante in die lig van die ontwikkelingspsigologie. Borstius pleit in die voorwoord van sy *Kort Begrip* om dieselfde rede vir die beperking van die leerinhoud vir die kinders.[293] Die Heidelbergse Kategismus is as te swaar beskou en die Kort Begrip het algaande die plek van die Heidelbergse Kategismus ingeneem. Spoedig het dit geblyk dat die Kort Begrip van Borstius nie genoegsaam was vir die bevredigende kategetiese onderrig van die kinders nie, en het verskillende predikante hulle eie boekies geskryf. Die Kort Begrip van Borstius word in 1827 deur W. Bridekirk in Kaapstad uitgegee onder die titel: *"Die catechismus of Korte Onderwyzing in de Fondamenten en Beginselen der Christelijke Gereformeerde Religie."* Die boekie het bestaan uit 71 vrae oor die leer van die kerk en 158 vrae oor die Bybelse geskiedenis. Borstius skenk aandag aan Bybelse inhoud met sy *"Historische Vragen uit de H. Schriftuur"*, wat ook opgeneem is in *Trap*

291 De Villiers, 1957:152
292 Verboom, 1986:297.
293 Verboom, 1986:297. Voetnoot 70.

*der jeugt* van Carel de Gelliers, verbeterde druk, 1740.[294] Die kommentaar oor die boekie van Borstius was nie altyd gunstig nie. Aan die een kant is die boekie "dat Soete Vrageboekje" genoem. Aan die ander kant is die boekie beskou as "verschrikkelijk oppervlakkig en onvolledig" en die vrae is nie samehangend gerangskik nie.[295] In die kategese word daar steeds op gewys dat die geloofslewe sigbaar moet word in die lewenswandel van die katkisante. Borstius het al die klein kindertjies onderrig in sy "*Korte Vragen voor de kleyne Kinderen:* Vraag. Wat zijn quade kinderen? Antw. Die haar ouders en meesters ongehoorzaam zijn; en Godts geboden veragten; in *Kort Begrip*."[296]

### 5.10.2 Wilhelmus à Brakel (2 Januarie 1635 - 30 Oktober 1711)

Van Veldhuizen[297] skryf dat die Voetiane meer van die Kategese gemaak het as die Coccejane en noem Wilhelmus à Brakel as voorbeeld saam met Abraham Hellenbroek. In sy werk *Redelijke Godsdienst* skenk à Brakel besondere aandag aan die Kategese. Hy beskou dit as die derde werksaamheid van die predikant. Hy rangskik die werk van die predikant in die volgende orde: [1] Gebed. [2] Prediking. [3] Katkiseer. [4] Huisbesoek. [5] Sakramentsbediening. [6] Sensuur-toepassing.[298] À Brakel definieer kategese as die werk van die predikant om deur vrae en antwoorde die oefening van die godsaligheid in te skerp en beroep hom in hierdie verband op Lukas 1:4 en Galasiërs 6:6.[299] In die *Redelijke Godsdienst*[300]skryf à Brakel: "Ik kan niet zien, hoe een predikant met een goed gemoed kan leven en sterven, die zijn werk niet maakt van catechiseeren; want het volk is doorgaans onwetende, en de bloeiende predikingen zijn nie bekwaam om den onwetende de eerste beginselen van waarheid en godzaligheid in te planten, daartoe is cateciseeren het bekwaamste middel, 't welk is hetzelfde als de prediken, maar de wijse is verscheiden." à Brakel spreek ook oor 'n opleiding deur predikante "van jongelingen en andere manspersonene om se tot Behulpsels 1 Cor. XII:28 te gebruycken om door haer dese en gene te onderwijsen."[301] à Brakel is van oordeel dat die katkisasie in vier afsonderlike groepe ingedeel behoort te word: [1] Katkisasie met die kinders waardeur hulle die eerste beginsels van die leer van Christus ontvang. [2] Vir die kompetente wat hulle na die Heilige Nagmaal wil begeef. Hulle moet verder as die kinders in die geloofswaarhede ingelei word. [3] Vir die

294 Verboom, 1986:311. Voetnoot 24.
295 De Villers, 1957:152
296 Verboom, 1986:321. Voetnoot 92.
297 Van Veldhuizen, 1925:41
298 De Villiers, 1957:153
299 Lukas 1:4 – "So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is." Galasiërs 6:6 – "Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het."
300 Deel 1, p. 320
301 à Brakel, *Redelyke Godsdienst*, I, 661 soos aangehaal deur Verboom, 1986:129 voetnoot 71.

jongmense en die ander manslidmate wat hulle spesiaal wil voorberei om die geloofswaarhede teen die teenstanders te kan verdedig. Uit hulle sal ook die krankebesoekers, voorlesers vir die gemeente en skepe kom. [4] Die vierde groep is katkisasie vir die oefening van die godsaligheid om naamlik die handelinge van God met hul siele in hul bekering en voortgang te ontdek.
à Brakel was van oordeel "dat kennis bij de openbare geloofsbelijdenis geloofskennis dient te zijn".[302] Hy wys 'n louter uiterlike belydenis af. Hy sê:[303] "Men moet wel toezien wie men tot de Tafel des Heeren toelaet (= aanneemt om belijdenis te doen) want daer aen hangt de welstand ofte hete verderf der Kerke. Onnoosele Predikanten/elendige Ledemate/die op het opseggen van de Artikelen des geloofs/ende het Gebedt des Heeren toegelaten worden."[304] Dit geskied deur samesprekinge deur vraag en antwoord van die leraar en klas.[305] "Maer de Kerke en oordeelt niet van het inwendige de kenisse van eens anders wedergeboorte is de grond niet: waarop sy yemandt aen de Heylige Tafel laet gaen: maer sy laet toe alle die verstandige belydenisse doen/van de ware leer des Euangeliums en die een leven leyden dat met de belydenisse overeen komt." à Brakel se invloed was nie net beperk tot Nederland nie; dit sou ook in Suid-Afrika hoë agting geniet, 'n feit wat van groot betekenis vir die ontwikkeling van ons eie Kategese was.

### 5.10.3 Abraham Hellenbroek (1658-1731)

Ten opsigte van die kategese tydens die Nadere Reformasie word twee fases onderskei: (1) Gedurende die eerste fase is min of meer gebly in die spore van die reformatoriese erfgoed.[306] Teen die helfte van die sewentiende eeu begin die tweede fase waartydens die grense van die kategese veel wyer getrek word. Tot hierdie groep behoort Hellenbroek.[307]Met die oog op kategetiese onderrig publiseer Hellenbroek in 1706 die boekie: *"Voorbeeld der godlijke waarheden, voor eenvoudigen, die zig Bereiden tot de belijdenisse des geloofs." Het Voorbeeld* van Hellenbroek is herhaalde male herdruk. Moll het van hierdie boekie van Hellenbroek geskryf: "Het altijd nog in vele opzigte voortreffelijke Kort Begrip werd nu bijkans geheel verdrongen" deur die bekende werk van Abr. Hellenbroek. Ypeij en Dermout het oor die boekie van Hellenbroek geskrywe:[308] "Voor, in en na het midden der zeventiende eeuw groeide algaande weg het getal van onderscheidene leerboekies aan, tot dat in die achttiende eeuw het

302 Aangehaal deur Verboom, 1986:131, voetnoot 11.
303 Verboom, 1986:131, voetnoot 11.
304 Verboom, 1986:131, voetnoot 11.
305 In sy *Redelijke Godsdienst*, I, 1019 soos aangehaal deur Verboom, 1986:141 voetnoot 107.
306 Tot hierdie fase behoort die kategete W. Teelinck, G. de Bouma, M. Martinus, A. Trommius, C. Streso e.a. Verboom, 1986:245.
307 Tot die tweede fase behoort die kategete A. Hellenbroek, S. Molenaar, J. d'Outrein, J. Nupoort, W. Schortinghuis e.a. Verboom, 1986:245.
308 Aangehaal deur De Villiers, 1957:159

bekende onderwysboekje van Abraham Hellenbroek dezelve grootendeel, en het die Kort Begrip blijkens geheel uit de Hervormde kerk hier ter lande verdrong." Hellenbroek het sy vraeboekie herhaaldelik uitgebrei deur byvoeging en allerlei vrae. Op die wyse het daar verskillende "Hellenbroeke" ontstaan met die oorspronklike as die basis van die uitbreidings. In 1706 publiseer Hellenbroek sy boekie: *"Voorbeeld der goddelijke waarheden voor eevoudigen, die zich bereiden tot de belijdenis des geloofs, om van buiten te leren en als een a.b. om verder te leren."*[309] Hellenbroek breek met die klassieke gebruik om die kategetiese leerinhoude te behandel vanuit die inhoud van die Apostolicum, die Dekaloog en die Pater Noster. "Dit boekje wordt een geduchte concurrent van het *Kort Begrip*."[310] Uit die pen van Jan Nupoort verskyn in 1776 die uiters belangrike werkie: *"Korte en Eenvoudige Catechizatie over het Voorbeeld der Godlyke Waarheden van de Zaligen Heer Abraham Hellenbroek."* Die waarde van hierdie publikasie was daarin geleë dat dit 'n uitbreiding aanbied maar dat dit nog die oorspronklike gee en dat die "Aanhangsel" die eintlike vergrote uitgawe is. In 1854 het daar 'n ander verwerking gekom van ds. W.A. Kok, sodat selfs die vrae en antwoorde verander is en dat ons so die "dubbele Hellenbroek" naas die "Klein" en "Groot Hellenbroek" gekry het.[311] Daar was dus later vier Hellenbroeke, naamlik a) die oorspronklike of die kleine, b) die groote, c) die dubbele en d) die drie-dubbele. In Hellenbroek het die leerder 'n volledige dogmatiek. Die bruikbaarheid van die boek lê nie net in die omvattendheid daarvan nie, maar ook in die saaklikheid van die vrae en antwoorde. Die boekie is 'n omvattende inleiding in die Gereformeerde geloofsleer.

### 5.10.4 Bernardus Smytegelt (1665-1739)

Smytegelt word beskou as 'n verteenwoordiger van die Gereformeerde Piëtisme.[312] Hy is streng Voetiaans en sy belangrikste publikasie vir die kategese is: *"Nodige Waarheden in't herte van een christen"* wat in 1738 verskyn het. Sy aanbieding in die katkisasieklasse was te verstane en hy het die katkisante oefeninge laat doen oor die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip.[313] Hy het in Middelburg baie gedoen met die oog op die verbetering van die katkisasie. Die uitwendige (= openbare) aflegging van belydenis van geloof dra in die Nadere Reformasie 'n ekklesiologiese en 'n doktrinêre karakter. Die ekklesiologiese motief blyk uit die feit dat die

---

309 Hellenbroek behandel in die *Voorbeeld* die volgende leerinhoude: i) Die kennis van God. ii) Die Heilige Skrif. iii) Van God: in die algemeen, die name, die eienskappe, die drie Persone. iv) God se besluite (predestinasie). v) Die Vredesraad. vi) Die skepping. vii) Die voorsienigheid. viii) Die werkverbond. ix) Die beeld van God. x) Die sonde. xi) Die genadeverbond. xii) Die Middelaar van die verbond. xiii) Die roeping. xiv) Die Kerk. xv) Die regverdigmaking. xvi) Die geloof. xvii) Die heiligmaking, die goeie werke. xviii) Die wet van God. xix) Die gebed. xx) Die sakramente. xxi) Die opstanding, die laaste oordeel en die ewige lewe.

310 Verboom, 1986:135.

311 Deur De Villiers 1957:160 aangehaal

312 Dr. Th. Ruys het Smytegelt beskou as 'n verteenwoordiger van die Gereformeerde Piëtisme. De Villiers, 1957:155, voetnoot 57.

313 De Villiers, 1957:156

nuwelinge lidmate van die sigbare kerk word, die Gereformeerde Kerk. Hulle naam staan op die 'kerkrol'. Die doktrinêre aspek word vertolk in die visie op die openbare geloofsbelydenis as 'n instemming met die leer van die kerk of met die goddelike waarhede, die waarheid van die evangelie.[314] Smytegelt[315] skryf dat gedoopte kinders van die gemeente wat net uiterlik geroep word en nie wedergebore is nie, ook belydenis doen. "Naar de aard der liefde nemen velen wel aan dat men over iemands belijdenis niet mag oordelen[316], maar even zovelen gaan ervan uit dat de belijdenis van velen slechts uiterlijk, met de mond[317] geschiedt. Zij doen belijdenis om redenen van fatsoen." So 'n geloof is slegs historiese geloof of 'n tydgeloof, selfs 'n dooie geloof. In die kategetiese materiaal van die Nadere Reformasie word gereeld waarskuwinge gerig aan die adres van die *uiterlike belyders* wat aan die Nagmaal deelneem. By die formele verbondenheid gaan dit veral om die kerkordelike, institutêre sy van die saak. Hierdie faset kenmerk die toelatingsbeleid van die kerkraad. Die kerkraad kan 'n uiterlike belyder wel tot die Nagmaal toelaat, maar dit beteken nog nie dat hy nou ook die goddelike reg het om aan te sit nie. Daardie reg het net die *'ware gelowiges'*. "De verintellectualisering van de kennis in de catechese resulteert in een vervreemding ten aanzien van het sacrament van het Avondmaal. Deze vervreemding heeft weer tot gevolg dat de geloofsbelijdenis en de catechese daaraan voorafgaande nog meer veruitwendigen."[318] Hierby aansluitend het die kategete van die Nadere Reformasie geleer dat in die Heidelbergse Kategismus 'n geïnteresseerde leerling is wat die vrae stel en 'n onderrigtende leraar wat die antwoorde gee. Hierdie ontwikkeling het tot die gevolg dat die leerinhoud in die antwoorde van die Heidelbergse Kategismus al verder van die katkisant verwyder is. Smytegelt[319] skryf: "Of gij de vraag duizendmaal opzeg, dat helpt niet, gij moet ze ondervinden."

Die verintellektualisering van de gewone kategese en ook die openbare katkisasies het nog 'n ander gevolg, naamlik die opkoms van partikuliere samekomste van gelowige gemeentelede. Hier kan die gelowiges in spontane dialoog hulle geestelike ervarings met mekaar deel. Hierdie byeenkomste word 'n voortgaande leerproses van wat die vrees van die Here is en hoe God daagliks gedien moet word. Hierdie byeenkomste word "oeffeningen" genoem (*exercitia pietatis*).[320] Smytegelt[321] besin oor die vraag waarin die mens homself moet oefen "In het bidden;

---

314 Soos deur Verboom, 1986:268, weergegee uit die werke van: J. Koelman, *De pligten*, 141; P. Wittewrongel, *Oeconomia Christiana*, II, 904; J. d'Outrein, *Korte Schets*, 347; H. De Frein, *Hondert en zeventig oeffeningen*, II, 377; F. Ridderus, *Huys-Catechisatie*, 161; J. Nupoort, *Korte en eenvoudige catechisatie*, 601; M. Westerhout, *Catechismus of vragenboekje ten dienste voor alle onbekeerden*; J. d'Outrein, *Het gouden kleinoot*, 306.

315 Soos weergegee deur Verboom, 1986:269, Voetnote 19, 23, 27 en 29.

316 In hierdie opsig het F. Hommius geskryf: "Want van de heymelijcke dinghen en oordeelt de Ghemeynte niet."

317 Hieroor het P. Wittewrongel geskryf: "'t Is eene uyterlicke belijdenisse van de lippen, niet van het herte."

318 Verboom, 1986:270.

319 B. Smytegelt, *Des Christens heyl en cieraad*, z.j.:13. Aangehaal deur Verboom, 1986:285.

320 Verboom, 1986:271.

in het danken; in den heiligen oorlog; in te handelen over gemoetsgevallen; in regels van voorzichtigheit, moetgevingen en troost te geven." Die *exercitia pietatis* is 'n besondere vorm van kategese waarvan die doelstelling een is waartydens die geloofskennis as ervaringskennis 'n besondere aksent ontvang. Die kennis waarom dit gaan is gemeenskapsoefening. Smytegelt[322] verduidelik dit soos volg: "het gaat om gemeenschap

a) Met God, dat zalig Wezen.
b) Met God den Vader den Eersten Persoon in't Goddelijke Wezen.
c) Met den Middelaar, den Tweede Persoon.
d) Met God den heiligen Geest, den derden Persoon.
e) Met de heilige Engelen.
f) Met de Zalige Zielen die boven zijn, met zommige van welke gij hier al stigtelijke geselschappen gehadt en gevonden hebt.
g) Met de Vroome hier onder malkanderen."

## 5.11 Afleidings uit die Nadere Reformasie ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese

### 5.11.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* volgens die Nadere Reformasie

Die verteenwoordigers van die kategese in die Nadere Reformasie het kategese *wesenlik* beskou as diens van die Kerk aan die verbondskinders van die gemeente. Die kategetiese onderrigleer behoort tot die wese van die kategese omdat dit 'n opdrag van God Drie-enig is. Tydens die Nadere Reformasie het die kerk vasgehou aan hierdie beginsel.

### 5.11.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens volgens die Nadere Reformasie

Ten opsigte van kerkkategese is geoordeel dat kategese kerklike diens is deur middel van die **amp.** Die **amptelike karakter** van die kategese is in die periode van die Nadere Reformasie gehandhaaf.

### 5.11.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese volgens die Nadere Reformasie

321 B. Smytegelt, *Des Christens heyl en cieraad*, z.j.:170. Aangehaal deur Verboom, 1986:271.
322 B. Smytegelt, *Des Christens heyl en cieraad*, z.j.:182. Aangehaal deur Verboom, 1986:272.

#### 5.11.3.1 Die leeruitkoms van die kategese

##### 5.11.3.1.1 Leeruitkomste ten opsigte van kerkkategese uit die sewentiende eeu

In sy *Kleyndere Catechisatie over de christelyke Catechismus* (1728) beskryf Trommius die leeruitkoms van die kategese as "niet alleen tot bevorderinge van goede kennisse, maar ook tot voortsettinge van Godsaligen wandel".[323] P. de Witte stel in sy *Catechizatie* (1668) die leeruitkoms van die kategese as "'Toe-eigeningh': in de kennisse der waerheyd die na de Godsaligheid is."[324]

##### 5.11.3.1.2 Leeruitkomste ten opsigte van kerkkategese uit die agtiende eeu

- In sy boekie *Kern der Christelyke Leere* (1725) skryf A. Franken dat hy die katkisasieboekie geskryf het "voor onse kinderen om hen de saligmaekende gronden des geloofs in te planten en tot een teedere wandel voor des Heeren aengesigt aen te seten".[325]
- W. Scortinghuis skryf 'n boekie *Het innige Christendom* (1740) waarin hy hom ten doel stel "om de ware practijk en kracht der godzaligheid hun (die verbondskinders) voor te dragen; ten einde zij niet alleen in de kennis, maar ook in de genade Jezu Christi mogen gegrond en gevorderd worden".[326]
- A. Goedhart neem die pen op en skryf 'n boekie *Pit en Merg* (1782) waarin hy die leeruitkoms van die kategese sien as om die kerkjeug "op te kweken door de melk van de Leere der Waarheid, tot beoeffening van ware Godtzaligheid".[327]
- C. van Vollenhoven skryf in sy *De zuivere en beproefde waarheden* (s.a.) dat die leeruitkoms van die kerkkategese is: "tot bevordering in die Kennisse, die aanzet tot het oeffenen van de ware Godzaligheid".[328]

##### 5.11.3.1.3 Daar was ook ander leeruitkomste soos:

- Die kategese dra daartoe by dat die prediking verstaan word.
- Deur die kategese moet die kinders leer om die dwaalleer raak te sien.
- Die kategese bring die katkisant by wat troos is en saligheid bied.

---

323 Verboom, 1986:247
324 Verboom, 1986:247, voetnoot 15
325 Verboom, 1986:248
326 Verboom, 1986:248
327 Verboom, 1986:248, voetnoot 22
328 Verboom, 1986:248, voetnoot 22

- Die kategese leer die kerkjeug om die betekenis van kerklike lidmaatskap (o.a. openbare geloofsbelydenis en deelname aan die Nagmaal) te verstaan.
- Die kategese open die weg tot 'n verantwoorde lewe in die maatskappy.

### 5.11.4 Die teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese volgens die Nadere Reformasie

Tydens die Nadere Reformasie is die Drie-enige Verbondsgod as die Subjek van die kategese aangewys. Hierdie waarheid toon die onderskeid aan tussen kategese en sekulêre onderwys waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur die jonger geslag onderrig het.[329] Die kategese is nie 'n menslike instelling nie maar dit is verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging volgens wat God aan die verbondskinders **gee** (indikatief), wat God **wil** (paraklese) en wat God **beloof** (belofte). Kategese is teosentriese onderrigleer en begeleiding.[330] Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en dit trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8).

### 5.11.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die *objek* van die kategese volgens die Nadere Reformasie

Die kerk het in die tyd van die Nadere Reformasie die verbondskinders gesien as die **objek** van die kategese. Daar het egter 'n denkverandering gekom ten opsigte van die verbond. Daar is gestel dat nié alle kinders van die gemeente in die genadeverbond opgeneem word nie, maar nét die *uitverkore* kinders.[331] Omdat daar nie vasgestel kan word of 'n kindjie wat gedoop word 'n

---

329 Spoelstra, 1990a:37.

330 Spoelstra, 1990a:37.

331 Vergelyk: Van der Merwe, 2004:100-103. Ten opsigte van die vraag met wie God die verbond oprig, gaan die standpunte binne Gereformeerde konteks uiteen: Die een groep glo: Die genadeverbond is opgerig alleen met die *uitverkorenes*. Die ander groep glo: Die genadeverbond is opgerig met die *gelowiges en hulle saad*. By die groep wat aanvoer dat die genadeverbond opgerig is met die uitverkorenes, word daar verder twee gedagterigtinge gevind: Volgens die een groep is die verbond daar waar die verkiesing is en daardeur trek hulle die kring van die uitverkiesing baie klein. Die ander standpunt is dat waar die verbond is, daar is die verkiesing, en hulle trek weer die kring van die uitverkiesing geweldig groot. By albei groepe word die verbond "gezet en behandeld onder de beheersing der uitverkiesing. Uitgangspunt is hier niet het verbond, maar de uitverkiesing." Dit was ook die standpunt van Kuyper, naamlik dat die verbond net met die uitverkorenes opgerig is omdat dit tog duidelik is dat nie alle gedooptes (d.w.s. verbondskinders) salig word nie. Moet ons praat van 'n 'wesentlike' verbond, slegs met die uitverkorenes, en 'n 'uitwendige' verbond, met alle gedooptes?" By die ander groep wat stel dat die genadeverbond opgerig is met die gelowiges en hulle saad, is die uitgangspunt weldeeglik die verbond. Elkeen wat onder die verbond gebore is, is as kind van die verbond gebore. Hy is kind en erfgenaam van God. Daarom word met 'n kind se doop gebid: "Ons bid U, kragtens u grondelose barmhartigheid dat u *hierdie kind van U* genadiglik wil aansien." (Doopsformulier.) Die verbond is breër as die uitverkiesing. Kind van God wees beteken nie dat die kind wedergebore is nie of vir seker in sy lewe wederbaar sal word nie. Om kind van God genoem te word wys op die besondere verhouding waarin elke gedoopte ten opsigte van God staan, afgesien van die vraag of die kind ook in lewensgemeenskap met God staan. Só is daar tweërlei kinders van die verbond: die gelowiges, die gehoorsames en ook die ongehoorsames en die ongelowiges is kinders van God. 'n Verdere betekenisvolle onderskeid kan getref word. Die een groep sê: Waar die verbond is, word die geloof gewerk. Die ander groep sê: Waar geloof is word die verbond effektief. Die

toekomstige katkisant, 'n uitverkore kindjie is nie, verloor die doop de facto die motiverende betekenis vir die kerkkategese. Die primêre motivering vir die kerkkategese word dus buite die menslike bereik gestel. Dit word ten diepste beheers deur die ewige besluit van die verkiesing van God wat in die tyd uitgewerk word in die hart van die uitverkorene.[332] Wanneer die verbondsinwilliging deur die mens in die kindertyd plaasvind, bring dit reeds die primêre motivering met sig mee. "Helaas moeten de catecheten van de Nadere Reformasie op grond van praktische feiten constateren dat bij de meeste kinderen de motivatie ontbreekt."[333] Hierdie "demotivatie" word herlei tot die verdorwenheid van die natuurlike mens se hart, tot vyandskap teenoor God en die medemens. Daar word 'n appèl gemaak op die *ingeskape Godskennis* van die katkisant. Dit gaan hier om "een aangeboren indrukzel, dat wy van Godt hebben, zoo dat wy Godt hoorende noemen het gereedelijk toestemmen dat hy is; en wy genoegzame jaren hebbende bereikt niet konnen nalaten aan God te denken: zoo blykt het uit des menschen verstandt wil begeerte".[334] Hierdeur is die katkisant in staat gestel om kerklike goedheid te betrag deur die eredienste by te woon, na die prediking te luister, kategeties onderrig te word en Bybelstudie te doen.

Die gedoopte kind behoort tot die uitwendige verbond, te onderskei van die inwendige verbond, waartoe alleen die uitverkore kinders behoort. Al is die kinders wat gedoop is nie wedergebore nie, tog beteken hulle doop "dat sy daar door als door het *teken des Verbonds* de zigtbare Christen Kercke ingelyft, en alzo van de Kinderen der ongelovigen ook onderscheiden worden".[335]

### 5.11.6 Die didagonale faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese volgens die Nadere Reformasie

#### 5.11.6.1 Die leerinhoude vir die kategese van die Nadere Reformasie

eerste standpunt is die van die Vrygemaakte kring in Nederland en die tweede standpunt dié van die Christelike Gereformeerdes omdat dit hier gaan om die lewensverhouding met God. Dit is nie die verhouding teenoor die verbond wat beslissend is nie, maar die verhouding met die God van die verbond. 'n Uitspraak van Polman (s.a.:310) by hierdie punt is merkwaardig: "Daarom kan enerzijds in de promulgatie (bekendmaking) van het verbond der genade het beloftewoord Gods zich tot het ganse saad der gelovigen richten, zodat alle kinderen der gelovigen als erfgenamen en dragers der belofte en als bondelingen kunnen worden aangemerkte. Terwijl tog anderzijds het ware zaad en die eigenlijke bondelingen alleen degenen zijn, die van Christus zijn en door de Vader aan Hem gegeven zijn, die door onvoorwaardelijke en levendmakend beloftewoord en door de Geest van Christus verwekt worden."

332 A. Hellenbroek, W. Schortinghuis, *Nodige waarheden*, p. 49.

333 Verboom, 1986:276

334 H. de Frein, *Hondert en zeventig oeffeningen*, Middelburg 1746:2, soos aangehaal deur Verboom, 1986:276.

335 Verboom, 1986:277

### 5.11.6.1.1 Die vele kategismusboeke

Hierdie periode word gekenmerk deur 'n groot aantal kategismusboekies wat vir die kategetiese onderrig van die kinders geskryf is. Die meeste van hierdie boekies het in die praktyk van die kategese ontstaan. Allereers verskyn daar leermiddele wat as materiaal moet dien by die invoering van die kategese. Hierdie werkies dra dan ook die karakter van die skrywer en die gemeente vir wie dit bedoel was. Dit gaan om die eie situasie. Namate kategese gewoonte geword het, soek die kategete na 'n eie wyse van katkiseer en vervaardig self die nodige materiaal. Uit die geskrewe materiaal het die groot getal katkisasieboekies gekom. Kategete wat hulle werk ernstig bejeen en so ter hand neem, het hulle eie visie op die inhoud, indeling en vormgewing van die kategetiese leerstof. Al hierdie werkies het hulle pad na die drukkers gevind. Dit was vir die kategete van die Nadere Reformasie nie nuut wanneer hulle die leerstof van die kategese opbou vanuit die prinsiepe van die konsentriese metode nie. Hulle gaan hiermee verder op die kategese van die Reformasie se ingeslane pad.[336] Die konsentriese leergang is gevolg by die kennis van die basisstukke: Apostolicum, Dekaloog, die Pater Noster en die sakramente.

### 5.11.6.1.2 Die eerste metode rakende die Kategismus

*Fase 1:* Na die kennis van die basisstof volg in die leerproses, die aanleer van die letterlike teks van die Heidelberger of Kort Begrip.

*Fase 2:* Vervolgens word die leerstof vir die katkisante uitgelê.

*Fase 3:* In 'n volgende stap word weer op die stof ingegaan en die Heidelberger nog dieper bespreek en onderwys.

*Fase 4:* Die afsluitende fase word gevorm deur kategismusverklaring, dikwels in die vorm van, c.q.[337] as 'n neerslag van die preke waarin 'n meer algemene verdieping en verbreding van die leerstof beoog word.

---

336 *Die histories-praktiese ontwikkeling*
Die leerboekies van die Lutherse Kerke in die jare 1500 dra duidelik die karakter dat daar na die regte vorm daarvan gesoek is. Die kategetiese praxis was nog aan die ontwikkel. Verskillende boekies het uit losstaande dele bestaan terwyl baie die essensiële leerinhoude gemis het. Die boekies was didakties gesien te moeilik vir die kinders. Luther stel die hele kategetiese leergang *konsentries* op. Die kinders leer eers die letterlike teks van die kategetiese stukke. Dan maak hulle die betekenis daarvan hulle eie. Hiervoor is die Kleine Kategismus bedoel. Vervolgens vind 'n verdieping van leerstof plaas in die Grote Kategismus. In die konsentriese gebeure speel die Klein Kategismus 'n sentrale rol. Luther volg die heilsordelike lyn. Benewens die Gebod, Geloof, Gebed kry ook 'n plek die Doop, die Bieg en die Nagmaal. In hierdie opsig word by die kerklike praxis aangesluit. In die gebede en die 'Haustafel' waaier die leerstof uit na die prakties-christelike en maatskaplike lewe. [p. 220-224]

337 c.q. – *casu quo* = in watter geval

#### 5.11.6.1.3 Die tweede metode rakende die Kategismus

Die *tweede metode rakende die Kategismus* in die vorm van sintetiese compendia[338]

*Fase 1:* Na of naas die basisstof maak die kinders kennis met nuwe leerstof in die vorm van eenvoudige samevattinge van die dogmatiek.

*Fase 2:* Na die eerste fase vind 'n nadere toeligting van die leerstof plaas

*Fase 3:* Die volgende stap word gevorm deur leermateriaal waarin die compendia nog grondiger behandel word.

*Fase 4:* Die laaste stap, waarin die mees uitvoerige bespreking aan die orde kom, is bedoel vir algemene gebruik.

### 5.11.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes* en aanbieding van kategese volgens die Nadere Reformasie

Voetius voer 'n pleidooi vir die vraag-en-antwoordmetode as didaktiese middel. Daar is sterk nadruk gelê op die geheue van die kinders. Met die Sinode van Dordtrecht (1618/1619) se besluit oor die opstel van die verskillende kategismusse, blyk dit dat met die **vraag-en-antwoordmetode** volstaan is. Dit beteken dat die metode van die kategese aan die een kant die karakter dra van verkondiging (κερύσσ́) en aan die ander kant van onderrigleer (διδάσκειν) en leer (μανθάνω). Gesamentlik dra hierdie twee kante van die metode 'n ***dialogiese karakter***. Dit is verkondig en luister; praat en saampraat, vra en antwoord, stelling en motivering, probleem en ontknoping, analise en sintese, uitleg en toepassing, herhaling en oefening, verduideliking en selfwerksaamheid, kennis en insig (wat afhanklik is van die rypingsgraad van die kinders).

### 5.11.8 Die Praktykgerigte faset van die kategese volgens die Nadere Reformasie

5.11.8.1 Wat die **tyd** van die kategese betref, is as uitgangspunt geneem dat die kategese moet geskied "nae de meeste stichtinghe der gemeenten".[339] Wat in werklikheid in die praktyk toegepas is, is dat die deursnee kinderkatkisasie die Kategismuspreek

338 Compendium o [-se, -ia] samenvattend wetenschappelijk handboek. Weijnen, A. 1969. Nederlands Woordenboek.Utrecht Uitgeverij Het Spectrum. 325 p.

339 Acta van Gelderland te Nieumegen 1642 op die Partikuliere Sinode te Brielle 1642. Verboom, 1986:125.

was, “op kinderlijke leest geschoeid”.[340] Na die preek “wordt dan aangevuld door de recitatie van de vragen en antwoorden”.[341]

5.11.8.2 Die katkisasieklasse is gewoonlik op **Sondagmiddag** na die middagdiens gehou. Tog is daar in sommige gemeentes ook in die week katkisasie aangebied variërend van die Maandag tot die Saterdag.[342]

5.11.8.3 Die **lokaal** waarin die katkisasieklas plaasgevind het, was meestal die kerkgebou[343], dikwels in die koor[344], die konsistorie[345], of die gerfkamer[346]. Kategese het ook plaasgevind in die skoolgebou[347], en soms ook in die weeshuis[348].

5.11.8.4 Wat die **groepsindeling** van katkisasieklasse betref,is daar gedifferensieer tussen die seuns en die dogters, hulle leeftyd en ook hulle stande.[349] Voetius en Cloppenburch was voorstanders daarvan dat die seuns en die dogters afsonderlik van mekaar kategeties onderrig moet word, die meisies Sondagmiddag van 16:00 17:30 en die seuns van 17:30-19:00. Wat **leeftyd** betref, gesien in die lig van die geloofsbelydenis wat al meer op 'n latere leeftyd plaasvind, het daar 'n behoefte ontstaan aan afsonderlike kategese[350] vir die ouere jeug. Ook **standverskille** het in die indeling van katkisasieklasse 'n rol gespeel. Dit het gebeur dat die kinders van arm ouers afsonderlik kategetiese onderrig ontvang het.[351]

340 Die Konvent van Wezel het in 1568 gepleit dat die kerkrade en predikante rekening sal hou met die begrip van die kinders in die aanbieding van die die Kategismuspreek.

341 In 1654 was die gebruik in Groningen die volgende: "De schoolmeester moet namelijk de catechusmusvragen op school leren, zodat de kinderen die bij de Catechismuspreek of op de catechisatie kunnen opzeggen. We moet wel bedenken dat de noodzaak van recitatie niet altijd zo dringend is, daar deze vaak al plaats vind op school en in de Catechismusdienst; bovendien, als we van J. Koelman lezen dat hij in Sluis 200 à 300 kinderen catechiseert in het koor van de kerk, dan moeten we wel concluderen dat in zulke gevallen recitatie eenvoudig onmogelijk is." Aangehaal deur Verboom, 1986:125 voetnoot 42.

342 Van die gemeentes het op die volgende dae katkisasieklasse aangebied: Maandag – Nieuwerkerk (1753); Dinsdag – Leiden (1664); Woensdag – Oudewater (1721); Donderdag – Bodegraven (1662); Vrydag – Thamen (1658); Saterdag – Braambrugge (1659). Verboom, 1986:126 voetnoot 46.

343 Soos te Oudewater (1721); te Waddinxveen (1771); te Dordtrecht (1764); te Amsterdam (1765).

344 Die "koor" was die verhoog waarop die koor in die kerkgebou gesit het. Kategese is op die "koor" gegee te Sluis in die tyd van Koelman; te Arnheim (1653); te Groningen (1665).

345 Soos te Groningen (1665).

346 Die "gerfkamer" word aangedui as "concistoriekamer, kerkekamer; sacristie, kamer waar die priester hom gereedmaak vir die diens. Kategese is in die "gerfkamer" gehou te Arnheim (1657).

347 Te Maarssen (1655); te Breukelen (1658); te Thamen (1658); te Braambrugge (1659).

348 Te Oudewater (1721).

349 Verboom, 1986:127.

350 In Goes is daar in die tyd van Witsius in die jare 1660 afsonderlike katkisasieklasse gehou vir skoolkinders, jong kinders en ouere kinders. Te Braambrugge is in 1659 afsonderlike klasse vir jongere én ouere kinders. Te Arnheim word in 1653 benewens katkisasie aan jonge kinders ook katkisasie gegee word vir kinders vanaf 12 jaar.

351 Dit was die geval te Oudewater (1721) en te Dordtrecht (1764).

## 5.12 Riglyne vir die Kategese volgens die Sinode van Dortrecht

### 5.12.1 Inleidend

Die Dordtse Sinode was nie die eerste Sinode na die Reformasie wat aandag geskenk het aan kategese nie. In 1568 is op die Konvent van Wezel besluit dat alle pogings aangewend moet word om die kinders nie net die Kategismus se woorde te laat ken nie, maar ook die inhoud daarvan te leer verstaan sodat dit nie net in hulle geheue ingeskerp is nie, maar ook in die diepste van hulle harte.[352] Die Dordtse Sinode van 1618-1619 was egter die belangrikste sinode, nie alleen in die geskiedenis van die Gereformeerde kerke nie, maar ook in die geskiedenis van die hele protestantse wêreld. Dit was 'n nasionale sinode van die kerke in Nederland en het ten dele deur verskeie buitelandse afgevaardigdes 'n ekumeniese karakter gedra.

### 5.12.2 Die aanleidende oorsaak van die Dordtse Sinode

Die Dordtse Sinode het voortgespruit uit die stryd met die Remonstrante. Die gereformeerde beginsels het tydens en na die Reformasie sterk deurgedring tot die Nederlandse volk. Spoedig het daar egter dwalinge binne die kerk ontwikkel. Die voorstanders van die dwalinge is die Remonstrante genoem en hulle dwaalleer staan bekend as die Remonstrantisme, omdat hulle hulle leer in 'n remonstransie, 'n geskrewe uiteensetting, verdedig het. Die Remonstrante het vir byna twee dekades aan die begin van die 17de eeu die kerke in Nederland in beroering gahad. Die wegbereider van die Remonstrantisme was Coorenhert, later gesteun deur veral Arminius en Utenbogaert. Hoewel daar uit die gemeentes voortdurend 'n aandrang vir 'n nasionele sinode was om oor die leergeskille 'n beslissing te gee, het die staat dit teengestaan. Uiteindelik moes die State-Generaal swig voor die versoek en word daar op 29 September 1617 besluit om die Sinode vir 1 Mei 1618 byeen te roep. Op voorstel van Gelderland is die plek **Dordtrecht** gekies. Die opening van die Sinode het egter eers op 13 November 1618 plaasgevind, en meer as 6 maande daarna, op 29 Mei 1619, is dit afgesluit.

## 5.13 Die behandeling van kategese op die Dordtse Sinode

Op 27, 28 en 29 November 1618 het die kategetiese onderrig op die Sinode aan die orde gekom. Vanweë die belangrikheid daarvan is drie volle dae aan die saak gewy.

352 D.W. de Villiers, 1957:113.

### 5.13.1 Die kategismuspreek en die kategese

Die Sinode moes besluite neem wat die verval ten opsigte van die kategese onder die loep neem. Die Friese en Overijselsse kerke het deur 'n gravamen gevra om besluite wat die predikante sal verplig om die kategese met meer getrouheid en stiptelikheid na te kom. Die volgende is aangedui as redes vir die verval van die kategese:[353]

1. Die nalatigheid van die predikante self.
2. Die feit dat gemeentes in kombinasie is en dit moeilik is om by beide in die middag 'n diens te hou.
3. Mense kom moeilik op 'n Sondagmiddag na die kerk.
4. Die Remonstrante het meegewerk tot die verval van die kategese.
5. Die laksheid van die owerheid omdat hulle Sondagarbeid nie verbied nie.

Die kategetiese onderrig het in die tyd van die Dordtse Sinode op tweërlei wyse plaasgevind:[354] Daar is besluit dat die Heidelbergse Kategismus die sentrale leerinhoud vir die kategetiese onderrig was. Die kategismuspreek is beskou as die eerste metode van "eenvoudige" onderrig waardeur die kinders van die gemeente in die leer van die kerk onderrig is. Van die katkisante is verwag om vooraf die vrae en die antwoorde op te sê ten aanhore van die hele gemeente. Daarna het die preek oor die kategismus gevolg. Die metode was *induktief* van aard.[355]

Die Dordtse Sinode het die volgende besluit insake die Heidelbergse Kategismus:

1. Die Heidelbergse Kategismus moet een keer per jaar in geheel behandel word.
2. Die kategismuspreke moet kort en bevatlik wees.
3. Die predikante en die ouderlinge moet die gemeente opwek om die prediking getrou by te woon.
4. Die lidmate moet hulle nie laat verlei tot sondagarbeid en sondagsport nie en die owerheid word versoek om met strenge wette alle verleidinge en afleidinge te verbied.
5. Die owerheid moet verder versoek word om kombinasie-gemeentes op te hef, omdat dit moeilik is om om die beurt aan die kategismusprediking aandag te skenk.
6. Aan die visitatore word dit opgedra om toe te sien dat die besluit van die Sinode uitgevoer word.

---

353 D.W. de Villiers, 1970:89.
354 D.W. de Villiers, 1970:89.
355 D.W. de Villiers, 1970:89.

Die Dordtse Sinode het die Heidelbergse Kategismus nie as enigste leerboek aangewys nie. Die Sinode het ook die moontlikheid geskep vir die gebruikmaking van ander handboekies en vereenvoudiging van die Heidelbergse Kategismus. Die A.B.C.-boekies en die Kortbegrip was reeds in gebruik deur die kerke en die gevoel is op die Sinode uitgespreek dat eenvoudige handboeke vir kategetiese onderrig nodig was. In sy 148ste sitting[356] het die Sinode besluit dat die Heidelbergse Kategismus ten volle geskik is vir die kategetiese onderrig aan die oueres en die jongeres. Daar is verder besluit dat die Kort Begrip van Faukelius[357] "recommendabel" is.[358]

### 5.13.2 Drieërlei wyse van kategetiese onderrig

Die Dordtse Sinode het besluit dat die verbondskinders op 'n drieërlei wyse kategeties onderrig moet word:[359]

1. In die *huis* deur die ***ouers***.
2. In die *skool* deur die ***onderwysers***.
3. In die *Kerk* deur die ***predikante***.

Die ***predikant*** was eerstens, as bedienaar van die Goddelike Woord *a parte Dei* met gesag beklee om as *kategeet* op te tree. Die predikant moes nie net self die kategetiese onderrig waarneem nie, "maar hy was 'n soort inspekteur van skole en gesinne om toe te sien dat die werk om kategeties te onderrig behoorlik uitgevoer word."[360]

### 5.13.3 Leeftydsfase van die kinders in berekening gebring

#### 5.13.3.1 Kleinere kategismusse

Die Sinode het dit ook beklemtoon dat daar in die kategetiese onderrig onderskei moet word ten opsigte van die bevatlikheid van die katkisante. Die leerinhoude moet só ingedeel word dat dit verstaanbaar sal wees vir die verskillende groepe. Uit hierdie besluit het die behoefte gegroei om 'n kleinere kategismus saam te stel. 'n Kommissie[361] is benoem om twee kleinere kategismus

356 De Villiers, 1970:91.
357 Faukelius was ook as afgevaardigde deel van die Dordtse Sinode.
358 Die Kort Begrip van Faukelius was reeds in 1637 opgeneem in die psalmboeke wat gebruik is.
359 De Villiers, 1957:120.
360 De Villiers, 1970:90.
361 Bestaande uit die volgende lede: Johannes Polyander, Fransiscus Gomarus, Hermanus Faukelius, Balthazar Lydius, Godefridus Udemans en Antonius Thyssius.

saam te stel.[362] Die Sinode besluit egter dat die verkorte Kategismus wat deur die Kerk in Middelburg gebruik word, aanbeveel word vir algemene gebruik. Die Sinode moes op getuienis van Heyngius en Voetius die twee konsepte verbygaan en hou by die besluit in die 148ste sessie toe die buitelandse afgevaardigdes nog in die Sinode teenwoordig was. In dié sessie is die Heidelbergse Kategismus as leerboek goedgekeur.[363]

#### 5.13.3.2 Vir die kleiner kinders

Vir die kleiner kinders is die bekende vyf hoofstukke van die Christelike religie (Credo, Apostolicum, Dekaloog, Pater Noster, Sakramente) en ook dele uit die Bybel genoegsaam geag.

#### 5.13.3.3 Vir die meer gevorderde kinders

Vir die meer gevorderde kinders is uittreksels uit die Heidelbergse Kategismus gebruik, en die verkorte kategismus van Palts of die Kort Begrip van Faukelius is voorgeskryf.

#### 5.13.3.4 Vir die oudste kinders

Vir die oudste kinders in die skool en die kerk is die Heidelberger (van Caspar Olevianus en Zacharias Ursinus) aanbeveel. Die Waalse kerke is toegelaat om die Geneefse Kategismus (van Johannes Calvyn) te gebruik. Alle ander boekies is verbied. Die indelingsbeginsel van ouderdom is algemeen gevolg.

### 5.13.4 Die metode van kategetiese onderrigleer

Die vraag-en-antwoordmetode was algemeen in gebruik.

### 5.13.5 Leerboeke vir kategetiese onderrig

Die Sinode het drie vraeboeke goedgekeur: Die Heidelbergse Kategismus, die ABC-boekie en die Kort Begrip van Faukelius. In 1599 het die Kort Begrip van Marnix die lig gesien en is dit in 1613 in verskeie skole gebruik maar die invloed daarvan was nie baie wyd nie. Die Kort Begrip van H. Faukelius se invloed het veel verder gestrek en dit was al in 1608 in Middelburg gebruik.

---

362 Die kommissie wat die twee kleiner kategismusse moes opstel het eers in die 177ste sessie van die Sinode gerapporter nadat die buitelandse afgevaardigdes reeds vertrek het. Die twee konsepte is deur die Sinode behandel en die kleinste Kategismus is goedgekeur op voorwaarde dat daar nog enige dinge van die grotere Kategismus bygevoeg word. Die tweede konsep is nie gelees nie.

363 De Villiers, 1957:121.

## 5.14 Afleidings uit die Dordtse Sinode ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese

### 5.14.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens volgens die Dordtse Sinode

Die Dordtse Sinode het die kategese wesenlik beskou as diens van die Kerk aan die verbondskinders van die gemeente. Op aldrie hierdie verskillende vlakke is beskou dat die kerk daaroor toesig moet hou. Die predikant het nie self die kategetiese onderrig waargeneem nie, maar was bloot 'n soort inspekteur van skole en gesinne om toe te sien dat die werk om kategeties te onderrig behoorlik uitgevoer word. Die onderwysers en die ouers moes sorg dat die jeug die Kategismus ken en die predikante moes die beheer daaroor uitoefen. Vir 'n paar eeue is die kategetiese verantwoordelikheid van die kerk deur die predikant egter verwaarloos en is die huiskatkisasie en die skoolkatkisasie as belangriker beskou.

### 5.14.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens volgens die Dordtse Sinode

Die Dordtse Sinode was van oordeel dat die kategese beskou moet word as kerklike diens aan die verbondskinders deur middel van die **amp.** Binne die kerk het die predikant die **ampsopdrag** gehad om kategeties te onderrig gehad. Hiermee is bepaal dat die bedienaar van die Woord die werklike kategeet in die gemeente is. Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, deur middel van die amp, het die kategese vir die Dordtse Sinode `n **amptelike karakter**. Tog is die verantwoordelikheid vir die kategetiese onderrig ook opgedra aan die ouers en die onderwysers. Verder is die **ouderlinge** ook aangewys om die kinders kategeties te onderrig. Hierdie opdrag is ook van toepassing gemaak op die **proponente**, **voorlesers**, **hoogleraars** en ook **sieketroosters** volgens besluit van die Sinode van Dordtrecht (1618/19).

### 5.14.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese volgens die Dordtse Sinode

Die Dordtse Sinode het van die standpunt uitgegaan dat die kategese die middel is waardeur die verbondskinders tot die nagmaal toegelaat word. By verskillende geleenthede is die betrekking tussen kategetiese of kategismusonderrig en die nagmaal vasgelê. Kategese is as die toelatingsfaktor tot die nagmaal gesien.

### 5.14.4 Die teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese volgens die Dordtse Sinode

Vanuit die Dordtse Leerreëls blyk dit duidelik dat die Sinode die Drie-enige Verbondsgod as die Subjek van die kategese gesien het. Uit die Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 3 en 4, Artikel 12-15, is dit duidelik dat die Drie-enige Verbondsgod die Subjek is wat wedergeboorte en geloof gee (Ef. 2:8). Hierdie feit maak kategese anders as wat die geval is met sekulêre onderwys, waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur aan die jonger geslag oordra.[364] In die kategese as verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging moet God aan die verbondskinders bedien word. Kategese is dus teosentriese onderrigleer en begeleiding.[365] Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en dit trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8).

### 5.14.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die *objek* van die kategese volgens die Dordtse Sinode

Soos dit die geval met die Reformasie en die Nadere Reformasie was, het die Dordtse Sinode die kinders van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is. as die objek van die kategese gesien. Die sentrale grond vir die kerk om die kategese te rig op die verbondskind is die opdrag van God (Deut. 6:7-9), en ook die verbondsverpligting. In die kategese is faseologies rekening gehou met die *verstandelike* vermoëns van die verbondskinders.

### 5.14.6 Die didagonale faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese volgens die Dordtse Sinode

Die Dordtse Sinode het die Heilige Skrif en die Kategismus as die sentrale leerinhoud vir die kategetiese onderrig aangewys. Die Sinode dui aan dat die kategismus deur middel van die kategismuspreek aan die kinders geleer moet word. Die inhoud van die Heilige Skrif is nie by wyse van 'n afsonderlike leerplan onderrig nie; dit het 'n eenheid gevorm saam met die Heidelbergse Kategismus. Vir die kleiner kinders is as leerinhoude die Apostolicum, Dekaloog, Pater Noster en die sakramente aangedui. Vir die meer gevorderde kinders is as leeerinhoud gegee die Heidelberger met teksverse en vir die groter kinders die volledige Heidelbergse Kategismus.

---

364 Spoelstra, 1990a:37.
365 Spoelstra, 1990a:37.

### 5.14.7 Die metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes* en aanbieding van kategese volgens die Dordtse Sinode

Die metode van die kategetiese onderrig soos deur die Dordtse Sinode vasgestel, is die **vraag-en-antwoordmetode**, dus die **erotematiese metode**.

#### 5.14.7.6 Die Praktykgerigte faset van die kategese volgens die Dordtse Sinode

5.14.7.6.1 Wat die **tyd** van die kategese betref, is as uitgangspunt geneem dat die kategese moet geskied "nae de meeste stichtinghe der gemeenten".[366] Wat in werklikheid in die praktyk toegepas is, is dat die deursnee kinderkatkisasie die Kategismuspreek was, "op kinderlijke leest geschoeid".[367] Na die preek "wordt dan aangevuld door de recitatie van de vragen en antwoorden".[368] Ten opsigte van die **tydsduur** van die katkisasieklasse is een uur aanbeveel.

5.14.7.6.2 Die katkisasieklasse is gewoonlik op **Sondagmiddag** na die middagdiens gehou. Tog is daar in sommige gemeentes ook in die week katkisasie aangebied variërend van die Maandag tot die Saterdag.[369]

5.14.7.6.3 Die **lokaal** waarin die katkisasieklas plaasgevind het, was meestal die kerkgebou[370], dikwels in die koor[371], die konsistorie[372], of die gerfkamer[373]. Kategese het ook in die skoolgebou plaasgevind,[374] en soms ook in die weeshuis[375].

366 Acta van Gelderland te Nieumegen 1642 op die Partikuliere Sinode te Brielle 1642. Verboom, 1986:125.

367 Die Konvent van Wezel het in 1568 gepleit dat die kerkrade en predikante rekening sal hou met die begrip van die kinders in die aanbieding van die die Kategismuspreek.

368 In 1654 was die gebruik in Groningen die volgende: "De schoolmeester moet namelijk de catechusmusvragen op school leren, zodat de kinderen die bij de Catechismuspreek of op de catechisatie kunnen opzeggen. We moet wel bedenken dat de noodzaak van recitatie niet altijd zo dringend is, daar deze vaak al plaats vind op school en in de Catechismusdienst; bovendien, als we van J. Koelman lezen dat hij in Sluis 200 à 300 kinderen catechiseert in het koor van de kerk, dan moeten we wel concluderen dat in zulke gevallen recitatie eenvoudig onmogelijk is." Aanghaal deur Verboom, 1986:125 voetnoot 42.

369 Van die gemeentes het op die volgende dae katkisasieklasse aangebied: Maandag – Nieuwerkerk (1753); Dinsdag – Leiden (1664); Woensdag – Oudewater (1721); Donderdag – Bodegraven (1662); Vrydag – Thamen (1658); Saterdag – Braambrugge (1659). Verboom, 1986:126 voetnoot 46.

370 Soos te Oudewater (1721); te Waddinxveen (1771); te Dordtrecht (1764); te Amsterdam (1765).

371 Die "koor" was die verhoog waarop die koor in die kerkgebou gesit het. Kategese is op die "koor" gegee te Sluis in die tyd van Koelman; te Arnheim (1653); te Groningen (1665).

372 Soos te Groningen (1665).

373 Die "gerfkamer" word aangedui as "concistoriekamer, kerkekamer; sacristie, kamer waar die priester hom gereedmaak vir die diens. Kategese is in die "gerfkamer" gehou te Arnheim (1657).

374 Te Maarssen (1655); te Breukelen (1658); te Thamen (1658); te Braambrugge (1659).

375 Te Oudewater (1721).

# HOOFSTUK 6
# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN SUID-AFRIKA 1652-1858

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## HOOFSTUK 6 INHOUDSOPGAWE

### GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN SUID-AFRIKA 1652 TOT 1858


6.1 Inleiding ..... 150

6.2 Oriëntering ten opsigte van die kategetiese ontwikkeling aan die Kaap ..... 150

6.3 Die kategese aan die Kaap en die invloed van die Nadere Reformasie ..... 151

6.3.1 Jan van Riebeeck se gebed ..... 151

6.3.2 Onder toesig van Klassis Amsterdam ..... 152

6.3.3 Die invloed van die Nadere Reformasie op die kategese in Suid-Afrika ..... 153

6.3.4 Die boeke wat vir preek en kategetiese onderrig beskikbaar was ..... 153

6.3.5 Invloed van die skrywers van die Nadere Reformasie ..... 155

6.4 Die periode 1652-1713 ..... 156

6.4.1 Situasie ten opsigte van kategese ..... 156

6.4.1.1 Karakter van die kategese aan die Kaap ..... 156

6.4.1.2 Boeke wat gebruik is ..... 157

6.4.1.3 Stigting van nuwe gemeentes ..... 157

6.4.2 Die eerste vaste predikant aan die Kaap ..... 158

6.4.3 Ds. E.F. le Boucq ..... 159

6.4.4 Samevatting ..... 160

6.5 Die periode van 1714 – 1795 ..... 160

6.5.1 Die Skolewet ..... 160

6.5.2 Opdrag aan die onderwysers ..... 161

6.5.3 Tekort aan predikante ..... 162

6.5.4 Gevolge van die tekort aan predikante ..... 162

6.5.5 Kategetiese onderrig verflou ..... 163

6.5.6 Ds. Michiel Christiaan Vos ..... 164

6.5.7 Ds. Helperus Ritzema van Lier ..... 164

6.6 Oorgangsjare 1795 – 1806 ..... 165

6.6.1 Staatkundige verandering ..... 165

6.6.2 De Mist se Kerkorde ..... 166

6.6.3 Gevolge van De Mist se optrede ..... 167

6.6.4 Kategese en die Kerkorde van de Mist ..... 168

6.7 Die periode van 1806-1824 ..... 169

6.7.1 Die oorhandiging van die Kaap aan Brittanje 19 Januarie 1806 ........................ 169
6.7.2 Die Kommissaris-Politiek se optrede teenoor die kerke ........................ 169
6.7.3 Die Britse goewerneur 'n soort "summus-episcopus"oor die kerk ........................ 170
6.7.4 Predikantetekort word polities uitgebuit ........................ 170
6.7.5 Die invloed van die Skotse predikante ........................ 170
6.7.6 Die Evangeliese Gesange ........................ 171
6.7.6.1 Die ontstaan en ingebruikneming van die "Evangelische gezange" ........................ 171
6.7.6.2 Die ontvangs van die "Evangelische gezange" ........................ 172
6.7.6.3 Die "Evangelische gezange" se invloed op die godsdienstige onderwys ........................ 172
6.8 Die periode van 1824-1858 ........................ 173
6.8.1 Die invloed van die Sinode van 1824 ........................ 173
6.8.2 Die besluite deur die Sinode van 1826 geneem ........................ 176
6.8.3 Die besluite deur die Sinode van 1829 geneem ........................ 177
6.8.4 Die besluite deur die Sinode van 1834 geneem ........................ 177
6.8.5 Die besluite deur die Sinode van 1837 geneem ........................ 178
6.8.6 Die besluite deur die Sinode van 1842 geneem ........................ 178
6.8.7 Die besluite deur die Sinode van 1847 geneem ........................ 179
6.8.8 Die besluite deur die Sinode van 1852 geneem ........................ 179
6.8.9 Die besluite deur die Sinode van 1857 geneem ........................ 179
6.8.10 Samevatting ........................ 179
6.9 Die kerklike toestande in die noordoostelike grensgemeentes ........................ 180
6.10 Die situasie ten opsigte van kategese in hierdie periode (1806-1824) ........................ 181
6.11 Afleidings uit die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese ........................ 182
6.11.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................ 183
6.11.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die karakter van die kategese as amptelike diens in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................ 183
6.11.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................ 184
6.11.4 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................ 184
6.11.5 Teosentriese faset ten opsigte van die Subjek van die kategese ons Drie-enige Verbondsgod in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................ 185
6.11.6 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die

kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................................... 185
6.11.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding van kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ............. 186
6.11.8 Die Praktykgerigte faset van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ........................................................................................ 186

# HOOFSTUK 6
# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN SUID-AFRIKA VAN 1652-1858

## 6.1 Inleiding

6.1.1 In Hoofstuk 2 is kategese prinsipieel gegrond in die Woord van God.

6.1.2 Hoofstukke 3 en 4 skets die historiese gang van die kategese van die ou Christelike Kerk tot en met die Reformasie.

6.1.3 In Hoofstuk 5 is die geskiedenis van die kategese bestudeer en beoordeel in die tydperk van die Nadere Reformasie en die Dordtse Sinode (1618/19).

6.1.4 In Hoofstuk 6 word aandag geskenk aan die ontwikkeling en praktyk van die kategese in Suid-Afrika in die tydperk 1652-1858.

## 6.2 Oriëntering ten opsigte van die kategetiese ontwikkeling aan die Kaap

Histories, ideologies en kerklik geskied die instelling en vestiging van kategetiese onderrig aan die Kaap sedert 1652 teen die agtergrond van belangrike gebeurtenisse in die voorafgaande geskiedenis in Europa. As historiese dékor vir die vestiging van 'n verversingstasie in 1652 aan die Kaap, en daarmee saam ook die stigting van die kerk in Suid-Afrika, dien die tydperk van die Reformasie (±1300-1550), die Kontra-Reformasie (±1542-1563) en die Nadere Reformasie (±1590-1720) in Europa. Die kerkplanting aan die suidpunt van Afrika vind plaas týdens en ná die Nadere Reformasie van 1590 tot 1720 in Nederland. Dit geskied verder te midde van ingrypende staatkundige en politieke verwikkelinge in Europa. Die koms van Jan van Riebeeck en sy mense op 6 April 1652 was vier jaar na die Vrede van Westfalen, Osnabrück en Münster[376] van 15 Mei 1648, wat 'n einde gebring het aan die Tagtigjarige (1568-1648)[377] en die

376 Die *Vrede van Westfalen* (1648 - tussen die Keiser, Frankryk, Spanje, die katolieke Duitse vorste en die Republiek van die Nederlande) en die *Vrede van Osnabrück* (1648 - tussen die Keiser van Swede, die Protestantse Duitse vorste en Frankryk en die *Vrede van Münster* (1648 – tussen Spanje en Nederland; nou het die Protestante godsdiensvryheid gekry) het 'n einde gebring aan twee oorloë: die *Tagtigjarige Oorlog* (1568-1648) tussen die opstandelinge in Nederland en Spanje, en aan die *Dertigjarige Oorlog* (1618-1648) tussen 'n groot aantal ander Europese lande. In 1641 begin vredesonderhandelinge tussen die strydende partye in hierdie oorlog. In Januarie 1646 kom 8 verteenwoordigers van die State in Münster aan om met die Spanjaarde te onderhandel oor vrede. Op 30 Januarie 1648 word die vredesdokument vasgestel en op 15 Mei 1648 word die vredesakte onderteken.

377 Die oorlog tussen die opstandelinge in Nederland en Spanje.

Dertigjarige Oorlog (1618-1648)[378]. Kerklik is veral belangrik dat die gebeure van 1652 skaars 30 jaar na die Sinode van Dordtrecht van 1618/19 is. Die manne en vroue van die volksplanting het in Nederland hulle kategetiese onderrig gekry toe die gees van die Nadere Reformasie, die Belydenis van Dordt en die Statebybel nog vars en nuut was. Hulle is opgevoed in die Christelik Gereformeerde godsdiens en rondom die Statebybel, die Dordtse belydenis en die kerklike en kategetiese publikasies van die Nadere Reformasie word die godsdiens aan die Kaap geskoei. "Ons kan sê dat die Statevertaling van die Bybel en die metode van kategetiese onderrig, asook die leerboeke by die onderrig, saam na die nuwe verversingspos gekom het. Die eerste berigte van die godsdiensoefeninge aan die Kaap bevestig die oorplanting van die gebruike van die Hervormde Kerk in Nederland."[379]

## 6.3 Die kategese aan die Kaap en die invloed van die Nadere Reformasie

### 6.3.1 Jan van Riebeeck se gebed

Toe Van Riebeeck en sy mense op 6 April 1652 by die Kaap aangekom het, het met hulle saamgekom die Statebybel, die Drie Formuliere van Eenheid en die algemeen heersende opvatting oor die inrigting van die eredienste en die Kerkregering. As dus in die formuliergebed wat aan Van Riebeeck meegegee is, melding gemaak word van die "Gereformeerde Christelike leer wat hier mettertyd voortgeplant en verbrei mag word", sien dit onmiskenbaar op die beginsels en die rigting wat toe in die vaderland algemeen erken is.[380] Dat die godsdiens in die tydperk van die vestiging aan die Kaap nog in ere gehou is, is dus ingebed in die dankgebed van Jan van Riebeeck nadat hulle aan wal gestap het. In sy gebed het Jan van Riebeeck onder andere gebid dat as dit moontlik is "onder hierdie wilde brutale mense u ware Gereformeerde Christelike leer mettertyd mag voorgeplant en versprei word tot lof en eer van u heilige Naam".[381] Die doel van die koms van nedersetters na die Kaap was wel om handel te drywe, maar volgens die tweede oktrooi, wat die State van Nederland daaraan verleen het, moes die Maatskappy ook sorg vir die instandhouding van die publieke geloof, en in die opdragte aan die

378 'n Oorlog tussen 'n groot aantal Europese lande.

379 De Villiers (1957:124) skryf dat die kerkplanting in Suid-Afrika vanuit die Hervormde Kerk in Nederland kom. Dit is histories nie korrek nie aangesien dit die Nederlandse Gereformeerde Kerk was wat hier ter sprake is. Spoelstra (1963:2) verwys in hierdie opsig na die "Nederlandse Gereformeerde Staatskerk" terwyl Hofmeyer (1989:12) skryf van die "Nederlandse Hervormde Kerk". Jooste (1946:15) verwys na die "Gereformeerde Kerke".

380 Jooste, 1958:11.

381 Scholtemeijer, 1969:211.

goewerneurs-generaal is dit duidelik gestel dat hulle ook verslag moes lewer van die uitbreiding van die Christelike godsdiens en die opbouing van goeie skole.[382]

### 6.3.2 Onder toesig van Klassis Amsterdam

"Die karakter van die kategetiese onderwys aan die Kaap word bepaal deur twee feite: in die eerste plek deur die feit dat die Kaap, uit kerklike oogpunt gesien, eintlik net 'n uitbreiding was van die gebied van die Amsterdamse Klassis, en in die tweede plek deur die feit dat die godsdiensonderwys aan die opgroeiende jeug alhier feitlik heeltemal aan die huis en die skool toevertrou is."[383] Die feit dat die kerklike praktyk 'n spieëlbeeld was van die situasie in die Klassis Amsterdam het tot gevolg dat die kategetiese onderrig aan die Kaap streng Gereformeerd was. Die godsdiensonderwys aan die Kaap is grotendeels toevertrou aan die ouers by die huis en veral aan die onderwyser/sieketrooster in die skool. Die kategese was hoofsaaklik *huiskatkisasie* en *skoolkatkisasie* terwyl van *kerkkatkisasie* aanvanklik min tereg gekom het.

Na die stigting van die gemeente in Kaapstad[384] moes die kerkraad jaarliks rapport doen aan die Klassis Amsterdam insake die kerklike omstandighede aan die Kaap. Die eerste dertien jaar na die stigting van die verversingspos aan die Kaap, was daar nie 'n inwonende predikant wat die geestelike versorging van die gelowiges kon waarneem nie. Die mense van die verversingspos is deur predikante uit Nederland op verbygaande skepe met die Woord en die Sakramente bedien. Daar het soms maande en selfs jare verbygegaan sonder dat 'n predikant die Kaap aangedoen en lidmate bedien het. Sieketroosters wat preke voorgelees het, katkisasies gehou het en met gebede die siekes vertroos het, was permanente hulpkragte.[385] Ten opsigte van die kerklike aktiwiteite op Sondae is daar, volgens die getuienis van die eerste sieketrooster aan die Kaap, Willem Barentsz Wylant, op die een Sondag 'n vrye preek uit die Bybel gelewer en die volgende Sondag 'n preek oor die Heidelbergse Kategismus volgens Lansberghius of Ursinus se verklaring van die

382 Jooste, 1958:9.

383 De Wet en Coetzee, 1943:69.

384 Op 18 Augustus 1665 word Ds. Johan van Arckel as die eerste vaste predikant ontvang en 'n diaken en 'n ouderling word verkies. Daarmee is 'n selfstandige gemeente gestig.

385 Onder datum 15 April 1655 berig sieketrooster Wylant in 'n brief aan die Klassis Amsterdam insake die godsdienstige toestand aan die Kaap: "Het gaat noch alles in een goede orde; het volk wordt wel gehouden tot den godsdienst, zodat daar niemand mag uitblijven, van wat gevoelen dat zij ook zouden mogen zijn, zonder consent of straf, die daartoe staat, van het opperhoofd daartoe gestelt. De manier van het houden van den godsdienstis dat wij alle avonden, wanneer het volk gegeten heeft, het avondgebed doen met een vers twee of drie te zingen, na de gelegenheid des tijds, en's Zondags zo lees ik een predicatie voor, en dat de een Zondag een Evangelist-tekst, de ander Zondag een verklaring uit Ursinus of uit Lansberghius over de Catechimus; ende laat dan de jongelieden de vragen opzeggen en met een Schriftuurplaats twee, drie bewijzen. Het zou wel twee keer 's Zondags gedaan worden, maar overmits dat het volk de ganse week moet werken, zo verstaat het opperhoofd dat het beter is een keer dan twee keren; en de sacramenten worden bediend wanneer de gelegenheid des tijds presenteert dat hier een schip komt, daar een predikant op is."

Kategismus.[386] Die Bybel, in hierdie geval die Statevertaling met verklarende aantekeninge, was vir die mense aan die Kaap "hul daelikse gids in geloofsake en het hul lewe, hul gesprekke, gedagtes en woorde beïnvloed".[387]

### 6.3.3 Die invloed van die Nadere Reformasie op die kategese in Suid-Afrika

Die Nadere Reformasie het groot invloed op die kategese in Suid-Afrika uitgeoefen. Die beginpunt van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika lê in die Nederlande van die begin van die 17e eeu.[388] Die eerste nedersetting van blankes aan die Kaap is kerklik onder die Klassis van Amsterdam geplaas. Klassis Amsterdam het volgens artikel 29 van die Dordtse Kerkorde die kerklike bediening aan die Kaap behartig. Die patroon waarop die Gereformeerde Kerke in Nederland na die Dordtse Sinode geskoei is, was ook van toepassing ten opsigte van die kerklike lewe aan die Kaap vanweë die patronaat van die Klassis Amsterdam oor die kerke. Die patroon van kategese soos dit in daardie periode in Nederland bestaan het, is grotendeels net so oorgeplaas en aan die Kaap toegepas. Om dus die toestande op kerklike en kategetiese gebied aan die Kaap te verstaan is dit nodig om terug te gaan na die toestand wat voor 1652 in Holland self geheers het.[389]

Vanaf die datum 6 April 1652 dagteken die stigting van die Kolonie, en daarmee die geskiedenis van die nedersetting en gevolglik ook die geskiedenis van die geestelike bearbeiding van die mense en later, toe die nedersetting tot meer vastigheid gekom het, die geskiedenis van die Kerk wat gaandeweg hier tot stand gekom het. Toe Van Riebeeck en sy mense op 6 April 1652 by die Kaap aangekom het, het met hulle saamgekom die Statebybel, die Drie Formuliere van Eenheid en die algemeen heersende opvatting oor die inrigting van die eredienste en die Kerkregering. As dus in die formuliergebed wat aan Van Riebeeck meegegee is, gepraat word van die "Gereformeerde Christelike leer wat hier mettertyd voortgeplant en verbrei mag word", sien dit onmiskenbaar op die beginsels en die rigting wat toe in die vaderland algemeen erken is.[390]

### 6.3.4 Die boeke wat vir preek en kategetiese onderrig beskikbaar was

As leerboek by die lees van die Bybel en veral in die kategetiese onderrig van die kinders het die Heidelbergse Kategismus 'n vername plek ingeneem. Ook is Ursinus se verklaring van die

386 De Wet en Coetzee, 1943:70.
387 De Villiers, 1957:178.
388 De Wet & Coetzee, 1943:66.
389 De Wet & Coetzee, 1943:66.
390 Jooste, 1958:11.

Heidelbergse Kategismus as 'n ware "Schatboek" beskou. Naas die Heidelberger as preek-, lees- en leerboek is ook ander boeke gelees, bestudeer en in die Kategese gebruik. In 1638 kan daar reeds 'n hele lys boeke genoem word wat veral deur die sieketroosters gebruik is by leesdienste en "pastorale" werk in die algemeen. In die eerste eeu (1652-1752) van die bestaan van die kategese aan die suidpunt van Afrika is die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip hoofsaaklik as "handboeke" gebruik. Vanaf die tweede helfte van die 18de eeu het daar 'n verandering hierin gekom aangesien al meer van die handboeke van die manne van die Nadere Reformasie in gebruik gekom het. Dit geld veral vir die boeke van Jacobus Borstius en Abraham Hellenbroek.

Die Kort Begrip[391] en die Heidelbergse Kategismus is deur Hellenbroek verdring. Dit is omdat die Kaapse Kerkraad in sy instruksies aan die Voorleser en die Katkisasiemeester, die "Dubbele Hellenbroek"[392]as offisiële leerboek aanbeveel het. As sodanig het dit gegeld tot 1824 toe dit weer deur die Kort Begrip vervang is.[393] Die gebruik van Hellenbroek in die plek van die Kort Begrip het in Suid-Afrika plaasgevind soos dit ook in Nederland die geval was. Hellenbroek het wel die Kort Begrip verdring maar nie die Heidelbergse Kategismus in dieselfde mate nie. Met die koms van ds. H.R. van Lier en ds. M.C. Vos het daar nuwe belangstelling en ywer gekom vir die kategetiese onderrig. Ds Van Lier het die toestemming van die regering gevra om eenmaal per week 'n kort preek of katkisasie te hou op 'n Maandag- of Donderdagmiddag.[394] In verband met ds. Vos meld die Kerkraadsnotule van 2 Mei 1694[395] dat daar 'n nuwe ywer en voorneme by hom was ten opsigte van die kategese. By die bepaling van die kategetiese situasie aan die Kaap en later ook in die binneland, veral deur die Groot Trek, moet in gedagte gehou word dat die Bybel en godsdienstige boeke nie net gevind word by die siektroosters en die voorlesers nie. Hierdie boeke het ook 'n plek gehad in die huise van gewone lidmate. Toe die Voortrekkers

---

391 Die Kort Begrip is in 1608 deur Hermanus Faukelius opgestel. In die voorrede word meegedeel dat die doel van die boekie die onderwysing is van die onwetendes en die aanleiding in diegene wat hulle vir die eerste maal tot die Heilige Nagmaal wil begeef; verder dat dit gegrond is op die Woord van God en hoofsaaklik die woorde en die orde van die Heidelbergse Kategismus volg. Die 129 vrae van die Heidelbergse Kategismus is verminder tot 74 vrae in die Kort Begrip.

392 Die oorspronklike vraeboekie is uitgebrei deur die byvoeging van allerlei vrae. Op dié wyse het daar allerlei "*Hellenbroeke*" ontstaan. Die oorspronklike is genoem die "*klein Hellenbroek*"; daarop het gevolg 'n "*groot Hellenbroek*". Die "*dubbele Hellenbroek*" waarvan sprake is in die Kaapse Kerkraad se instruksie aan sy "Voorleser en Katkisasiemeester" in 1806 was waarskynlik die "*groot Hellenbroek*".

393 Coetzee, J.Chr. *Die Kerkblad.* 5 Februarie en 22 April 1943.

394 "Waarna door den Heer Praeses deesen Raade werd kennis gegeven, dat Zijn Eerw. voornemens was, om, met communicatie en bewilliging van die Regering deeser plaatse, eenmaal 's weeks, en wel 's Maandags- of Donderdags-nademidddags, een korte preek of catechisatie in de kerk alhier te doen; met bijvoeging, dat ZjnEerw. geensints twijffelde, of dit voorneemen, waarmede ZijnEerw. nog voor het eindigen deeser maand, onder inwachting van 's Heemels zeegen een begin wilde maaken, zoude allezints de goedkeuring van deese vergadering wegdragen." (Spoelstra, 1907:329).

395 "Art. 5. – Onzen nieuwen leeraar verklaarde lust te hebben om, om de veertien dagen, wanneer over de Heidelb. Catechismus gepredikt was, ook, naar 't gebruyk in 't vaderland, publiek te catechiseeren. Ook om Woensdags een huys-catechisatie te houden. Art. 6. – Broederen ouderlingen en diaconen, den inhoud van 't 5de Art. Met genoegen aangehoort hebbende, beloofden hunnen nieuwen leeraar alle nodige hulp. Zullende de kerkenraad omtrent dit een en ander nader handelen, om zoveel doenlijk een vaste schikking daaromtrent te maken." (Spoelstra, 1907:490).

vanaf 1836 die binneland ingetrek het, was die Statebijbel en die boeke van die "oude Schrijvers" in die wakis gewees. E.G. Malherbe[396] stel 'n lys saam van die boeke wat die boere en die trekkers van "daardie dae" in hulle besit gehad het: die werke van Willem Sluyter, die liedere van Joh. Groenewegen, die preekbundels van Wilhelmus à Brakel en Bernardus Smytegelt, die gedigte van "Vader Cats" en die bekende handleiding "Trap der Jeugd".

### 6.3.5 Invloed van die skrywers van die Nadere Reformasie

Die vraag is watter belangrike gedagtes die verteenwoordigers van die Nadere Reformasie op die lesers uitgeoefen het. De Villiers[397] noem die volgende:

i. Die verteenwoordigers van die Nadere Reformasie kom veral op teen die geeslose toestand van die volk, die leraars en die gemeente van die Here in Nederland. Aan die een kant het hulle die leraarsamp baie hoog geag, tog het hulle dit teen die predikante wat nie 'n diep geestelike roepingsbesef het nie. Die "roepende sondes" van die tyd is deel en kenmerk van die mense wat net 'n letterkennis van die Evangelie het. Daarom is dit geen wonder dat die verteenwoordigers van die Nadere Reformasie van die standpunt uitgaan dat die gemeentelede geesteloos is nie, want die behandelde leerinhoud is sonder krag en lê te veel klem op die uiterlike eise van belydenisaflegging. Die objektiewe in die kategese is oorbeklemtoon teenoor die subjektiewe.

ii. Die verteenwoordigers van die Nadere Reformasie pleit vir die persoonlike verbintenis met Christus. Die waaragtige gemeenskap met God word deur hulle almal begeer. Waar hulle in opstand is teen die vals mistiek, word die werk van Christus in alle opsigte sentraal gestel. In die Here Jesus wil hulle hulle verbly met groot blydskap. Hulle preek nie die Christen nie, maar die Christus.

iii. Die bevindelike godsdiens is by die verteenwoordigers van die Nadere Reformasie 'n sentrale waarheid. Alhoewel niks afgedoen word aan die Kerk, die amp, die Sakrament en die Verbond nie, word die wedergeboorte voorop gestel. Haitjema[398] beskuldig die 17de eeuse "Nadere Reformasie" en die 18de-eeuse bevindelikheidsprediking van 'n skadusy, naamlik dat daar by hulle 'n stelselmatige verlegging van die swaartepunt van die verkiesende handeling van God na die uitverkore mens is met sy kenmerke van wedergeboorte en state van vroomheid. Haitjema meen dat die 17de eeuse puritanisme nie

396 Soos aangehaal deur De Villiers, 1957:179 . E.G. Malherbe. 1925. Education in South Africa (1652-1922). Cape Town.
397 De Villiers, 1957:182.
398 Haitjema, Th. L 1950. Prediking des Woords en Bevinding.Wagenengen p 21-22. Soos na verwys deur De Villiers, 1957:183.

so onskuldig is as wat prof. M.J.A. de Vrijer dit voorstel nie.[399] Ons kan ons nie vereenselwig met Haitjema se beoordeling van die "Nadere Reformasie" nie. Ons koester saam met De Vrijer 'n hoë agting vir die werk en invloed van die "oude schrijvers". Haitjema hou nie genoegsaam rekening met die feit dat die "Nadere Reformasie" 'n beweging was wat gebore is uit reaksie teen die Rasionalisme nie, maar dat dit ook 'n suiwerende invloed teenoor die Duitse Piëtisme wou uitoefen.

iv. Hulle neem 'n streng puriteinse standpunt in. Hulle pleit vir die onderhouding van die Sondag en die nakoming van die eise van die Here. Hulle wil alleen lidmate toelaat wat werklik daartoe geregtig is. Die kerk moet suiwer wees en gesuiwer word van alles wat onheilig is. Daarom hulle boeteprediking aan Kerk, Volk en Owerheid.

v. Hulle het hoë waardering vir die Skrif en die Heidelbergse Kategismus. Van die eerste tot die laaste bladsye van hul geskrifte is daar 'n stroom van Bybeltekste. Die Heidelbergse Kategismus word dikwels aangehaal. Ook kry die Sakramente 'n belangrike plek. Daarby kom die besondere aandag wat die skrywers aan die Kategese wy. Hulle optrede was beslis sodanig dat hulle voorbeeld navolgenswaardig was.

## 6.4 Die periode 1652-1713

### 6.4.1 Situasie ten opsigte van kategese

#### 6.4.1.1 Karakter van die kategese aan die Kaap

Die karakter van die kategetiese onderwys aan die Kaap word bepaal deur twee feite: in die eerste plek deur die feit dat die Kaap, uit kerklike oogpunt gesien, eintlik net 'n uitbreiding was van die gebied van die Amsterdamse Klassis, en in die tweede plek deur die feit dat die godsdiensonderwys aan die opgroeiende jeug alhier feitlik heeltemal aan die huis en die skool toevertrou is.[400] Twee feite kan hieruit afgelei word[401]: Eerstens is bepaal dat die kategetiese onderwys aan die Kaap streng gereformeerd was, omdat die Klassis Amsterdam 'n gereformeerde Klassis was, wat in sy belydenis die drie formuliere van eenheid aanvaar het soos neergelê deur die Dordtse Sinode, 1618-1619. Tweedens is bepaal dat die kategetiese onderwys alhier hoofsaaklik bestaan het uit huiskatkisasie en skoolkatkisasie. Die kategetiese onderrig is in

399 Wie prof. M.J.A. de Vrijer se werk oor Schortinghuis (p.175-176) lees sal sien dat hy sê : "Het object des geloofs is bij Schortinghuis en die zijnen, niet de eigen bevinding, maar Christus. Het opregte geloof is alleen datgene, 't welk Christus alleen omhelst, geheel aangrijpt en dus nie alleen als Priester, maar ook als Propheet en Koning."

400 De Wet en Coetzee, 1943:69.

401 De Wet en Coetzee, 1943:69.

hierdie fase opgedra aan die Sieketrooster. Willem Barentsz Wylant, die eerste Sieketrooster aan die Kaap, skryf dat die praktyk van die godsdiens in die beginjare só was:

Uit die heel eerste berig aangaande kategese word vasgestel dat die Sieketrooster as kategeet opgetree het. Van 1652 tot 1665 het die sieketrooster alleen dié diens behartig. Die kategetiese onderrigleer het plaasgevind op Sondae na die oggenddiens en dan is die Heidelbergse Kategismus as leerboek gebruik saam met die verklaring van Ursinus en Landsberghius.

### 6.4.1.2 Boeke wat gebruik is

Aan die begin van die agtiende eeu was daar haas nêrens enige tekens van bloei nie.[402] Uitwendig was daar nie veel verkeerd nie. Die geestelike lewe word nog gevoed uit die ou bronne: dit is nog die tyd van "de oude scrievers", die eerbiedwekkende auteurs uit die vroeër dae. Vir die katkisasie word die ou Hellenbroek[403] en die Heidelbergse Kategismus gebruik, verklaar volgens die bekende "Schat-Boek",[404] en so het dit gebly tot aan die einde van die eeu. As godsdienstige leesstof was die ou Staten-Bijbel, met sy kanttekeninge saam met die boeke van á Brakel, Smytegelt, Coenraad Mel, maklik te vind op 'n rak in die boerewoning of in die wakis van die trekboer.

### 6.4.1.3 Stigting van nuwe gemeentes

Vanweë die noordwaarste beweging waardeur die grense van die blanke beskawing steeds verder die binneland in geskuiwe word, word nuwe distrikte onder die bewind van die Kompanjie geproklameer en daar ontstaan dorpe, en gemeentes word gestig.

402 Blykbaar het die terugslag in Nederland die Kaapse lewe negatief beïnvloed en kom daar 'n geestelike insinking ná die hoë vlug van die vorige eeu. Hanekom, 1951:93 voetnoot 3.

403 Die naam *Hellenbroek* was vir meer as twee eeue onder die Gereformeerde 'n vermaarde naam. Hellenbroek was 'n strenge Voetiaan. Die bekendste van al Hellenbroek se geskrifte is "Voorbeeld der Goddelijken Waarheden voor Eenvoudigen die zich Bereiden ter Belijdenis des Geloofs", 'n vraeboekie wat herhaaldelik herdruk is onder andere ook in 1858 aan die Kaap. Die oorspronklike vraeboekie is uitgebrei deur die byvoeging van allerlei vrae. Op die wyse het daar allerlei "*Hellenbroeke*" ontstaan. Die oorspronklike is genoem die "*klein Hellenbroek*"; daarop het gevolg 'n "*groot Hellenbroek*". Die "*dubbele Hellenbroek*" waarvan sprake is in die Kaapse Kerkraad se instruksie aan sy "Voorleser en Katkisasiemeester" in 1806 was waarskynlik die "*groot Hellenbroek*". Hierdie boekies het in die loop van die 18e eeu en selfs nog gedurende die 19e eeu ander katkisasieboekies onder meer die "Kort Begrip" verdring. In 1784 het ds. M. Pannebakker Hellenbroek aansienlik uitgebrei. Aanvanklik is die "nuwe" Hellenbroek aan die Teologiese Skool van Kampen gebruik vir studente wat hulle voorberei vir die leraarsamp. In hierdie opsig het Hellenbroek bekend geword as die "*driedubbele Hellenbroek*". Ds. Dirk Postma het hierdie boekie as geskenk gegee aan diegene wat by hom belydenis van die geloof afgelê het. Die "*driedubbele Hellenbroek*" is nie op die katkisasie gebruik nie, en dit is dus meer bedoel as ná-katkisasie.

404 "Schat-Boek", is die algemene benaming vir die vermaarde verklaring wat Ursinus self van die Heidelbergse Kategismus geskryf het.

- In Januarie 1687 word die gemeente van **Stellenbosch** gestig – 12 jaar na die gemeente in Kaapstad. Sybrand Mankadan is die eerste sieketrooster-onderwyser in Stellenbosch en in 1686 word ds. Overney die eerste predikant wat daar preek.
- As gevolg van die vervolging van die Gereformeerdes in Frankryk[405] het daar in 1688/89 ongeveer 200 Hugenote hulle in Suid-Afrika kom vestig, hoofsaaklik langs die Bergrivier tot by Wagenmakersvallei, Drakenstein en Franschoek. Ds. Pierre Simond het saam met die Hugenote gekom en onder hulle gearbei.[406] Die gemeente **Drakenstein** is op 30 Desember 1691 gestig met ds. Simond[407] as hulle predikant.
- Omdat die inwoners van die Kaap al dieper die binneland ingetrek het, is meer dorpe gestig en het meer gemeentes ontstaan. Die gemeente van **Roodezand** (Tulbach) word in 1743 gestig en die gemeente van **Zwartland** (Malmesbury) in 1744.
- Veral die veeboere het steeds verder die binneland ingetrek en in 1792 word die gemeente van **Graaf-Reinet** gestig en in 1794 die gemeente van **Swellendam**.

### 6.4.2 Die eerste vaste predikant aan die Kaap

Die eerste vaste predikant aan die Kaap, ds Johannes van Arckel, het in 1665 aangekom en op 23 Augustus 1665 sy intreepreek gelewer. Sy koms het egter aan die praktyk van kategese geen verandering meegebring nie. Alhoewel daar toe 'n kerkraad was wat toesig gehou het oor die godsdiens en die onderwys het die kategetiese onderrig van die kinders steeds in die skool

---

405 Tydens die Kontra-Reformasie (±1542-1563) het die Roomse Inkwisisie 'n verskriklike, bloedige vervolging ingestel teen die navolgers van die Reformasie wat hulle as ketters beskou het. In Italië, Spanje, Oostenryk en Pole het die Roomse Inkwisisie daarin geslaag om die Reformasie dood te druk. In Frankryk is die Reformasie van die begin af deur konings Frans I en Hendrik II bloedig op die wreedste wyse vervolg en het hulle op baie plekke 'n bloedbad veroorsaak in hulle poging om die Gereformeerdes uit te roei. Die Gereformeerdes in Frankryk het egter teruggeveg. Onder hulle leiers was adel soos bv. Admiraal Gaspard de Coligny. Die vervolgde Gereformeerdes is in Frankryk Hugenote genoem. In die nag van 23-24 Augustus 1572 vind die wrede Bartholomeusnag-moorde van Hugenote plaas, waartydens ten minste 20 000 gelowiges sterf onder wie die meeste Gereformeerde kerkleiers. Die vervolgde Hugenote kry 'n kort verposing toe koning Hendrik IV in 1598 die Edik van Nantes uitvaardig waardeur die Hugenote vryheid van godsdiens ontvang en verseker word van staatkundige regte. Koning Lodewyk XIV herroep die edik van Nantes in 1685 en opnuut word die Hugenote op die wreedste en verskriklikste wyse vervolg. Meer as 'n halfmiljoen Hugenote het vir hulle lewens na Nederland, Duitsland en Engeland gevlug. 'n Groep van 200 het in 1688 na Suid-Afrika gevlug om hulle hier langs die Bergrivier tot by die Wagenmakersvallei, Drakenstein en Franschoek te vestig

406 Die Hugenote het destyds ± 20% van die blanke bevolking uitgemaak en het met hulle streng Gereformeerde opvattings 'n sterk invloed op die kerk in Suid-Afrika uitgeoefen. Die Hugenote se grootste teleurstelling was dat die Politieke Raad hulle nie toegelaat het om van die begin af hulle eie gemeente te kon hê nie. Hulle is ingedeel by die kerk van Stellenbosch. Die doel van die owerheid was dat die Franse spoedig één met die blanke bevolking moes word, en die Nederlandse taal is vir hulle verpligtend gemaak. Die Franse immigrante het in 1689 'n versoekskrif aan die Politieke Raad gerig en gevra vir 'n eie gemeente. Die goewerneur was oor hierdie versoek baie ontsteld en die Here XVII (VOC) het baie streng voorwaardes vir so 'n gemeente gestel; onder andere dat alle kerkraadslede Nederlands moet kan praat, dat die Politieke Raad altyd sitting op die kerkraadsvergaderings moet hê en dat die belangrikste sake soos finansies alleen deur die kerkraad van Kaapstad behartig mag word. Hier blyk 'n dubbele hiërargie te wees: die *staat* sowel as die *kerkraad van Kaapstad* het seggenskap oor die gemeente van Drakenstein.

407 Al is die Hugenote "gedwing" om Hollands te praat, het Ds. Simond in Suid-Afrika 'n nuwe Psalmberyming in Frans gemaak. Na sy vertrek in 1700 het hy die beryming aan die Franse Sinode gaan voorgelê.

plaasgevind. "Hier word weereens die hegte band tussen kerk en skool gehandhaaf, en daarom kan ons verstaan waarom die skool, wat die katkisasiewerk betref, feitlik die plek van die kerk ingeneem het."[408] Die werklike toestand aan die Kaap ten opsigte van kategetiese onderrig was dat die kinders in die gereformeerde leer deur die siekterooster-skoolmeester in die gewone skool onderrig is. Die eintlike katkisasie was skoolkatkisasie. Die hoofsaak by die skoolonderwys was altyd die godsdiensonderwys, en die kerk het daarmee genoeë geneem en toesig daaroorgehou.

Aan die wyse en die inrigting van kategetiese onderrig deur die kerk het die koms van ds. Van Arckel geen meegebring nie. Godsdienstige onderrig het steeds in die skool deur die onderwyser plaasgevind en hy het steeds die kinders hulle "vrae" laat leer en met tekste uit die Bybel laat bewys. Die werklike toestand van kategetiese onderrig aan die Kaap na die koms van ds. Van Arckel was dat die kinders in die gereformeerde leer – want die "vrae" was die vrae uit die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus, dus onderwysing in die Christelike leer – deur die sieketrooster-skoolmeester in die dagskool onderwys is, en die eintlike katkisasie was die skoolkatkisasie.[409] Ten opsigte van die eerste aantal dekades aan die Kaap het hierdie toestand voortgeduur soos dit ook blyk uit twee verslae wat aan Klassis Amsterdam gestuur is.[410]

### 6.4.3 Ds. E.F. le Boucq

Op 14 April 1707 rig ds. E.F. le Boucq 'n skrywe aan Klassis Amsterdam en kla oor allerlei wanordes rakende kerk en skool en wil hy "den sleghten toestand van de gemeynte bekent te maaken". Die volgende jaar, 20 April 1708, kla ds. Le Boucq steeds oor die slegte toestand van die kerk en ook van die onderwys.[411] Ds. Le Boucq se optrede het groot ontevredenheid veroorsaak en die Kerkraad het in briewe aan die Klassis Amsterdam skerp teenoor hom gereageer. "Daar was tweedrag en onrus en daarmee het nie net die gewone maar veral die

---

408 De Wet en Coetzee, 1943:71.
409 De Wet en Coetzee, 1943:71.
410 Onder datum 4 Julie 1697 rapporteer die kerkraad van die gemeente in Kaapstad: "Voor de teedere jeugd in de school, van de Kompanje opgericht, worden alle avonden gebeden uitgestort, en geoefend in de grond van de religie om dezelven zo veel mogelijk de godsvrucht voor te houden". Onder datum 9 April 1703 word soos volg gerapporteer: "De teedere jeugd in de school de beginselen en gronden van de godsdienst ingeboezemd, en moeten alle Zondagen in de kerk de vragen van den Heidelbergse Catechismus beantwoorden . . . . In de school der slaven van de Eerwaarde Kompanje wordt insgelijks alle avond een gebed gedaan, en daarna ondervraagt en geoefend in de beginselen van het Christendom". 'n Ander rapport van 2 April 1706 meld: "Wij hebben, om de teere jeugd nog meerder aanleiding te geven, en de gronden van de goddelijke waarheden in te leiden, behalven de private een publieke Catechizatie, dat nooit voor dezen hier gedaan is, ingesteld, moetende de schoolmeesters alle Woensdagen haar schoolkinderen, onder het luiden van de kerkklok, zelf in de kerk leiden; alwaar dan een gebed gedaan, gezongen, en de beginselen van de leer der waarheid haar ingeboezemd en daarin onderwezen worden, hetwelk, onder Gods goedheid, zodanig toeneemt, dat aldaar nie alleen over de 120 kinderen toevloeien, maar ook bejaarden komen aanhoren, waaruit wij, onder Gods goedheid, nog een Catechizatie voor Bejaarden formeren zullen".
411 "Wat de schoolen aenbelanght, daer ist seer sleght mede, wijl deselve van gheen goede meesters versien en sijn." Spoelstra, Deel 1, 1907:65.

godsdiensonderwys baie skade gely."[412] In 'n verslag op 26 Maart 1710 meld die Kerkraad dat dit die Here behaag het om die vrede en die eenheid in die kerk alhier te herstel.[413] Op hierdie onsekere noot eindig die geskiedenis van die kategese omstreeks 1713 voor die uitvaardiging van die eerste onderwyswet in 1714.

### 6.4.4 Samevatting

As die stand van die kategese aan die Kaap tussen 1652 en 1713 saamgevat word, blyk dit dat die invloed van die Dordtse Sinode duidelik sigbaar was. Die kategese het voldoen aan die eise van die Kerkorde van Dordt. Die ouers het nie hulle pligte ten opsigte van huiskatkisasie nagekom nie en die verantwoordelikheid afgeskuif op die kerk en die sieketroosters wat in die skole werksaam was. Die Kerk het volgens opdrag toesig gehou oor die onderrig van die kinders in die skole. In die skole is die Christelike beginsels vir die kinders beklemtoon. Die Bybel, die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip is in die kategese gebruik. Veral op die gebied van die godsdienstige lewe in hierdie tyd ontbreek die tekens van lewenskrag.[414] Gepaard met en ook onder invloed van die kommersiële bewind van die Oos-Indiese Kompanjie, gaan die kerklike lewe opvallend swaar en langsaam voort.

## 6.5 Die periode van 1714 – 1795

### 6.5.1 Die Skolewet

In die periode 1652 tot 1713 was daar nie 'n onderwyswet aan die hand waarvan die skole bestuur is nie. Goewerneur M.P. Chavonnes was verantwoordelik vir die eerste skolewet wat hy op 21 Augustus 1714 uitgevaardig het. Die skolewet het bepalings neergelê in verband met die godsdiensonderwys en in verband met die onderwysers wat die onderrig moes gee. Die belangrikste inhoud van die skoolwet is die volgende: "Tot die opbou van 'n goeie kolonie en vir die welsyn van die land is dit belangrik dat die jeug van kindsbeen af goed opgevoed word en in die vrees en regte kennis van God en alle goeie kunste en sedes onderwys moet word, waarvoor veral nodig is bekwame en Godvresende leermeesters, en geweer moet word almal wat anders wil leer as in die gereformeerde kerk gepredik word."[415] Die ordonnansie het van die onderwysers verwag om getroue belyders van die gereformeerde leer te wees en om ook 'n formulier te onderteken waarin hulle getuig dat hulle van harte gevoel en geglo het dat alle artikels en stukke van die leer in die belydenis en die kategismus van die gereformeerde

412 De Wet en Coetzee, 1943:73.
413 Spoelstra, Deel 1, 1907:124.
414 Hanekom, 1951:91.
415 De Wet en Coetzee, 1943:73.

Nederlandse kerke begrepe, asook die verklarings oor enige artikel van die voorsegde leer in die Nasionale Sinode in Dordtrecht in 1619 gedaan, in alles met die Woord van God ooreenkom en waarin hulle verder beloof dat hulle die voorsegde leer getrou sal voorstaan en die jeug na die eis van hul beroep en die kinderbevatlikheid naarstiglik sal inskerp op straf van ontslag uit hul skooldiens.[416]

### 6.5.2 Opdrag aan die onderwysers

Van die onderwysers is verwag dat hulle die kinders van jongsaf, elk na sy bevatlikheid en jare, die inhoud van die Onse Vader, die tien Gebooie, die Geloofsartikels, die aand- en môregebed, die gebede voor en na die ete en ook die gewone gebede sal leer, en verder die vrae en die antwoorde uit die Heidelbergse Kategismus, wat hulle dan in die kerk op versoek van die predikant sal moet opsê. Die onderwysers het ook die opdrag om die kinders op vasgestelde tye te oefen in die sing van die psalms, sodat hulle in staat kan wees om die gemeente daarin behulpsaam te wees. In die oggende by die opening van die skool en in die middae by die sluiting moet hulle al die kinders die voornoemde gebede hardop en afsonderlik na geleentheid by beurte laat opsê. Verder sou dit ook die pligte van die onderwysers wees om op kerkdae, en veral op Sondae, soveel as moontlik van die kinders na die erediens te begelei, hulle daar te besorg voor die aanvang van die erediens, hulle daar sitplekke aan te wys en stil te hou; so gou moontlik na die diens, as hulle weer in skool is, die kinders oor die preek te ondervra, om daaruit die geleentheid te neem om die én alle kinders te vermaan en te onderwys aangaande hul skuldige pligte, wat hulle aan God, hulle ouers, owerhede, onderwysers en verder almal skuldig is, en hulle almal op te wek tot alle goeie werke, deugde en vroomhede en van alle bose dade en ongereeldhede afraai en waarsku om hulle sodoende van jongsaf aan gewoond te maak om aandagtig na die Woord van God te luister en in te neem wat hulle later goed te pas sal kom, en so goeie en getroue dienste mag bewys aan God se kerk en hulle vaderland. "Hieruit kan ons aflei dat die kategetiese onderwys nog maar steeds toevertrou word aan die gereformeerde skool. Die ware amptelike kategese is beperk tot 'die opsê op versoek van die predikant' van die antwoorde uit die Kategismus."[417]

---

416 "Wij ondergeschreve Rectoren en de Schoolmeester van N.N. verclaeren oprechtelick in goeder conscietie voor de Heere met deze onse onderteyckeninge, dat wij van herten ghevoelen ende geloven dat alle de articulen ende stucken der leer in de confessie, ende catechismo der Nederlantsche Gereformeerde kercken begrepen, midtsgaders de verclaringe over enighe pinten der voorzeyde leere inden nationalen Synode anno 1619 tot Dordtrecht ghestelt, in alles met Gods Woord over een comen" (De Villiers, 1957:132).

417 De Wet en Coetzee, 1943:74.

### 6.5.3 Tekort aan predikante

'n Kenmerkende saak van die Kaapse Kerk in die 18e eeu is die tekort aan predikante. Van die gemeentes het soms jare sonder predikant moes klaarkom. Op 15 Junie 1730 stuur die Kerkraad van Kaapstad 'n rapport aan die Klassis Amsterdam waarin hulle melding maak van die afsterwe van ds Lambertus Slicher van Drakenstein. Dan vervolg die Kerkraad: "welk sterfval geen kleyne hindernis zal toebregen in de openbaare oeffening des godsdienst, dewijl ds Beck oud en afgeleefd, en daarbij reets zijn ontslag heeft versogt; oversulx de Africaanse Kerken, zo er inmiddels ons geen andere leeraars werde toegeschikt, om zoo te spreeken, door één predikant zal moeten waargenoomen werden".[418] In die hele kolonie was daar dus net een predikant werksaam. Die Kerkrade van Stellenbosch en Drakenstein bring dit in 'n skrywe van 30 Januarie 1732 onder die aandag van die Klassis Amsterdam dat die gemeentes swaar kry sonder predikante. "Vor allen eerstelijk verzoekende ende smeekende, voor de gemeynte van Stellenbos, alreeds omtrent seeven jaeren herderloos sijnde tot groot nadeel so der gemeynte ende der aenwassende jeugd, alsook tot schaede deur diaconie."[419] Die kerklike godsdienstige karakter van die ordonnansie is reeds duidelik af te lei uit die aanhef.[420] Die Klassis Amsterdam is gereeld ingelig oor die gevolge vir die kerk in die lig van die predikante-tekort.

### 6.5.4 Gevolge van die tekort aan predikante

Die Kerkraad van Kaapstad meld in 'n skrywe van 18 Februarie 1762[421] dat lidmate "in eene zorgelooze vleeschelijke gerustheid voortlevende, het belang hunner onstervelijke zielen jammerlijk verwaarloozen". In 'n rapport aan die Klassis Amsterdam onder datum 25 Januarie 1774[422] meld die Kerkraad van Kaapstad "dat ook dagelijks de onverschilligheid omtrent de weezenlijkste pligten van den godsdienst, de weelde, de dartelheid toenemen, en dat de aanbidders van den driehoofdigen afgod deezer wereld zonder schaamte vrijmoedig het hoofd opheffen; t'welk de oorzaaken zijn, dat het Woord der prediking onder ons zoo veel nut niet doet, als men anders redelijkerwijze zoude mogen verwagten". Tog ervaar die gemeentes die teenwoordigheid van die Gees van genade, "in het midden der toenemende laauwheid".[423] Op 2 Februarie 1789 skryf die Kerkraad van Kaapstad aan die Klassis Amsterdam "dat de predikinge van des Heeren Woord aan den grootsen hoop zegenloos blijvt, door vleeschelijke

418 Spoelstra, Deel 1, 1907:162.
419 Spoelstra, Deel 1, 1907:168.
420 Die aanhef lui soos volg (De Villiers, 1957:131): "dat de jongheit van kindsbeen af wel werde opgevoet ende in de vreese ende regte kennisse Gods en alle goede konsten en zeeden."
421 Spoelstra, Deel 1, 1907:298.
422 Spoelstra, Deel 1, 1907:404.
423 Spoelstra, Deel 1, 1907:404.

zorgeloosheid en door onmatige zorgen voor de aardsche belangen".[424] Die Kerkraad van Kaapstad noem in 'n verslag aan die Klassis Amsterdam op 24 Februarie 1770[425] "want daar de wereldsgezintheit hoe langer hoe meer toeneemt, zoo word de onverschilligheit en lauheit in het waarnemen van den openbaren godsdienst des te grooter; en dit komen wij het best bespeuren, onder de verkondiging van de Catechetische leerredenen, welke veelal met zugten van ons worden waargenomen, vanwegens het klein getal der gemeente, die zich telkens in de voorhoven des Heeren laat zien". Ook in 'n verslag van 4 Februarie 1771[426] meld die Kerkraad van Kaapstad aan die Klassis Amsterdam, "dat van de middelen der genade, inzonderheyd in den voormiddags-leerredenen nog al een tamelijk gebruyk wordt gemaekt, niettegenstaande, naar het groot aantal der leedematen, er een groter meenigte konde opkoomen; terwijl de Catechetische leerredenen, zoo nuttig als troostrijk, van de meesten zeer gering geagt worden, hetwelk ons wel eens doet zugten".

### 6.5.5 Kategetiese onderrig verflou

Hieruit moet ons aflei dat die mense langsamerhand al minder liefde geopenbaar het vir "die onderwysing in die Christelike leer, d.w.s. vir die kategismus". En daarmee het ongetwyfeld 'n verflouing van die kategetiese arbeid ook gepaard gegaan, al word nog af en toe melding gemaak van die feit dat 'n hele aantal persone belydenis van die geloof afgelê het en dat met die katkisasie-onderwys, die private sowel as die openbare, voortgegaan word. Die amptelike katkisasie het nog grotendeels agterweë gebly terwille van die skoolkatkisasie.[427] Ten spyte van die negatiewe berigte oor die stand van die kategetiese onderrig was daar ook melding van 'n positiewe aard. Die Kerkraad van Kaapstad kan op 26 Februarie 1778 soos volg aan die Klassis Amsterdam berig:[428] "Aangenaam is het bericht, hetwelk d'Eerw. heer Goldbach van den staat zijner gemeynte opgeevt. Zijn Eerw. vermeld met bijzonder genoege, dat d'openbare godsdienst van zeer velen, schoon verre van de kerk aff woonen, nogtans zeer vlijtig wordt waargenomen, en dat in dit nederig vertrouwen, van zommige niet zonder vrugt; waarom zijn wensch is, waarbij wij d'onze voegen, dat de naderbij woonende daardoor tot een heylige jaloersheyd mogen verwekt worden, alzoo men dan zou kunnen verwachten, dat eerlang algemeene vrugten op het werk der bedieninge zoude gezien worden. Terwyl Zijn Eerw. zig verheucht, dat d'openbare catechisatie over den Heydelbergsche Catechismus hoe langer hoe meer toeneemt." Onder ds. Goldbach se bediening het die Swartlandse gemeente gebloei en geestelik vooruitgegaan. Die

424 Spoelstra, Deel 1, 1907:562.
425 Spoelstra, Deel 1, 1907:320.
426 Spoelstra, Deel 1, 1907:322.
427 De Wet en Coetzee, 1943:75.
428 Spoelstra, Deel 1, 1907:445.

kerkdienste en ook die katkisasies is goed bygewoon.[429] Ten opsigte van die kategetiese onderwys in die 18de eeu aan die Kaap bevind De Wet en Coetzee[430] dit was "oorwegend skoolkatkisasie, ondersteun deur huiskatkisasie, maar hier en daar aangevul deur kerklike katkisasie."

### 6.5.6 Ds. Michiel Christiaan Vos

Ds. Michiel Christiaan Vos werk van Maart 1784 aan die Kaap en bring 'n nuwe element in die prediking. Hy word bestempel as "'n direkte nasaat van die Nadere Reformasie of Nederlandse Piëtisme".[431] In die kerkraadsnotule van 2 Mei 1794 word aangeteken dat ds. Vos al om die veertien dae, wanneer oor die Heidelbergse Kategismus gepreek moes word, in die publiek katkisasie gehou het.[432]

"Die indruk wat ons kry, is dat die eise vir die 'aanneming' teen die einde van die 18de eeu minstens 'n goeie begrip en kennis van die Heidelbergse Kategismus was, en dat die Kort Begrip in uitsonderlike gevalle gebruik is. Ook was die boekie van Hellenbroek in gebruik maar nie voldoende geag nie."[433]

### 6.5.7 Ds. Helperus Ritzema van Lier

Die koms van ds Helperus Ritzema van Lier op 15 Oktober 1786 het op baie vlakke van die kerklike lewe 'n herlewing gebring, so ook ten opsigte van die kategese. Sy uitgangspunt lê op die terrein van die bevindelike godsdiens waar klem gelê word op die godsvrug wat deur die Heilige Gees bewerk word en in die hart ondervind moet word; wedergeboorte is volgens hom onmisbaar. In die Voorrede van sy boekie "Eenvoudige Leerredenen" is daar 'n karakterskets van Van Lier waarin daar van hom getuig word: "met een brandende iever aanvaarde hy zyne bediening en maakte dezelve alzins heerlijk, Prediken, Catechizeeren, Oefeningen te houden, Godvruchtige Gezelschappen by te wonen, Kranken te bezoeken, handreiking aan den Armen te doen, en altyd overvloedig te zyn in het werk des Heeren; zie daar zyne gewoonte bezigheden".[434] Ds. Van Lier het die toestemming van die Kerkraad gevra om op 'n Maandag of

429 Soos aangehaal deur De Villiers, 1957:136 voetnoot 139.
430 De Wet en Coetzee, 1943:76.
431 De Villiers, 1957:172.
432 Spoelstra, 1907. Deel 2:490. "Art. 5. – Onzen nieuwen leeraar verklaarde lust te hebben om, om de veertien dagen, wanneer over de Heidelb. Catechismus gepredikt was, ook, naar 't gebruyk in 't vaderland, publiek te catechiseeren. Ook om Woensdags een huys-catechisatie te houden. En om, voor zoover 't naar de ligging van de gemeente doenlijk is, op bekwame tijden huysbezoeking te doen."
433 De Villiers, 1957:172.
434 De Villiers, 1957:170.

'n Donderdag in die namiddag 'n kort preek of katkisasie in die kerkgebou te mag hou.[435] Ds. Van Lier se optrede getuig van sy ywer ten opsigte van die kategetiese werksaamhede. Hy het hom selfs beywer om die Hottentotte in die heilswaarhede te onderrig en hy het vir dié doel van die Kort Begrip gebruik gemaak. In die notules van die Kerkraad is opgeteken hoeveel "sodanige persone op die 'Kort Begrip' van die Christelike Religie tot lidmate aangeneem kan word".[436]

## 6.6 Oorgangsjare 1795 – 1806

In September 1795 gaan die Kaap-Kolonie oor in die Engelse se hande onder 'n half-militêre bestuur, 'n verandering wat egter op die kerklike lewe nie veel invloed uitgeoefen het nie. Daar val dus niks nuuts te sê oor die kategetiese onderrig gedurende die jare van die tydelike Engelse besetting nie.[437] Die Kaap bly onder Britse beheer tot 1803. Die vernaamste is dat die band met die Klassis Amsterdam heeltemal verbreek word vanweë die oorlog tussen Engeland en Holland (1618-1648). In hierdie tyd het die gedagtes van die Franse Rewolusie in Nederland 'n vrugbare bodem gevind. Daar word byvoorbeeld gespreek van die onvervreembare regte van die mens en van vryheid, gelykheid en broederskap. Onder hierdie leuse mag een kerk nie bo 'n ander bevoorreg word soos met die Gereformeerde kerk die geval was nie. Elke mens moet gelyke regte met die ander besit en elke kerk moet self sorg vir sy onderhoud. Verder moet daar absolute skeiding wees tussen kerk en staat en algemene verdraagsaamheid teenoor die medemens. Die hooggeroemde vryheid en verdraagsaamheid het net tot gevolg gehad dat die kerk meer afhanklik van die staat geword het. In al drie die "Ordre", naamlik Skool, Kerk en Huwelik, ontdek ons dieselfde uitgangspunt: Die Staat as die altyddurende Beskermer en Voorstander van Kerk, Skool en Huis, die staat as *Oppertoesig* oor die Kerk, as *Opperskolarg* van die skool, en as *Oppergesag* oor die Huwelik.

### 6.6.1 Staatkundige verandering

In 1802 word met die vrede van Amiëns bepaal dat Nederland weer die Kaap kan terugneem. Maar in 1806 het Brittanje weer eens die Kaap verower – hierdie keer permanent tot in die

---

435 Spoelstra, 1907. Deel 2:329. "Waarna door den Heer Praeses deesen Raade wierd kennis gegeven, dat ZijnEerw. voornemens was, om, met communicatie en bewilliging van de Regeering deeser plaatse, eenmaal 's weeks, en wel 's Maandags- of Donderdags-nademiddags, een korte preek of catechisatie in de kerk alhier te doen; met bijvoeging, dat ZijnEerw. geensints twijffelde, of dit voorneemen, waarmeede ZijnEerw. nog voor het eindigen deeser maand, onder inwachting van 's Heemels zeegen een begin wilde maaken, zoude allezints de goedkeuring van deese vergadering wegdragen."

436 De Villiers, 1957:171.

437 De Wet en Coetzee, 1943:77.

20ste eeu. In die tyd tussen 1803 en 1806 word die Bataafse tydperk genoem waartydens Nederland aan die Kaap regeer.[438] Kerklik het dit 'n omwenteling gebring. Kommissaris J.A. de Mist het dit met die staat se nuwe "Kerkorde" bewerk. De Mist was 'n bekwame organiseerder en het in 'n sekere sin "orde" in 'n toestand van verwaarlosing in die kerk se organisasie geskep deur sy "Kerkenorde" wat op 25 Julie 1804 in werking tree.[439] "Sy groot uitgangspunt, as kind van die gees van die Franse Rewolusie, was: Die **Staat** as *altydbesturende Beskermer en Voorstander van die Kerk*, as Opper-skolarg van die *skool* en as Oppergesag oor die *Huwelik*."[440]

### 6.6.2 De Mist se Kerkorde

De Mist se Kerkorde het 52 artikels gehad en het uit twee hoofdele bestaan. Die eerste hoofdeel bevat bepalings vir alle kerke aan die Kaap. Almal kom in die Kerkorde as gelyke te staan. Die tweede hoofdeel handel uitsluitlik oor die belange van die "Hervormde Kerkgenootskap". Ten opsigte van die onderwys kom De Mist ook met 'n geheel en al nuwe benadering. Die opvoeding is nodig en skoolmeesters moet na die Kaap gestuur word. Die onderwys moet die kinders leer lees, skryf "en de eerste eenvouwdigste regelen der rekenkunde, en beginszelen der aardrykskunde, zyn de kragtigste hulpmiddelen, die de beschaving aldaar zullen moeten bevorderen".[441] Die doel van die godsdienstige opvoeding word dus nou 'n opvoeding tot die openbare erkentenis en eerbiediging van een, oneindige Opperwese, die betragting van allerlei maatskaplike deugde en die bevordering van die beskawing. Om die groot impak[442] wat die Kerkorde op die praktyk van die Kaapse Kerk gehad het te verstaan let ons op die volgende 5 opmerkings oor die Kerkorde van De Mist:[443]

---

438 In daardie jare is Nederland die Bataafse Republiek genoem (1795-1806) of die Bataafse Gemenebes (naam van 1805-1806): dit was 'n republiek wat die grootste gedeelte van die hedendaagse Nederland omvat. (Die Republiek word vernoem na die Batawe, 'n Germaanse stam wat in die tyd van Julius Caesar in die Nederlandse delta gewoon het. Die Batawe word gesien as die voorouers van die inwoners van die Sewe Nederlandse Provinsies). Die republiek is gevorm na steun van die Franse Republiek waarvan die Bataafse Republiek 'n vasalstaat was. In die Bataafse Republiek word op 19 Januarie 1795 'n Bataafse Rewolusie uitgeroep. Die rewolusionêre veranderinge is relatief vreedsaam deurgevoer. Die omwenteling van 1795 was in feite 'n herhaling van die omwenteling van die Patriotte wat in 1787 met behulp van 'n Pruisiese intervensieleër onderdruk is. Baie leiers van die Bataafse Republiek was Patriotiese politici, wat in 1787 na Frankryk uitgewyk het. Nou kry hulle met Franse steun die kans om hulle ideale te verwesenlik. In die najaar van 1799 vind daar 'n Brits-Russiese inval plaas waartydens Alkmaar ingeneem is. Die invalsleër is egter op 6 Oktober 1799 in die Slag van Castricum verslaan.

439 De Wet en Coetzee, 1943:78: "So is uitgegee op 25 Julie 1804 'Provisioneele Kerken-Ordre voor die Bataafsche Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop', op 11 September 1804 'School-Ordre voor de Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop' en op 20 September 1804 'Provisioneele Ordonnantie op het voltrekken van Huwelyken door de Bewooners der Buiten-Districten binnen de Bataafsche Volkplanting aan die Kaap de Goede Hoop'."

440 De Villiers, 1957:173.

441 De Wet en Coetzee, 1943:78.

442 impak = invloed, krag wat van iets uitgaan, wat iets (iemand) op iets (iemand) anders het. (HAT, 2003:430).

443 V.E. d'Assonville, 1992:202.

1. De Mist se ***kerkbegrip*** dui aan dat hy die kerk sien as 'n **genootskap** van mense, 'n **vereniging** waarby iemand vrywillig kan aansluit of bedank.
2. De Mist beskou die ***kerk*** as diensbaar aan die staat met die opdrag om **goeie burgers** vir die staat te kweek.
3. Vanweë sy ***Godsbegrip*** gebruik De Mist nêrens die Bybelse Naam vir God nie, maar beskryf Hom slegs as 'n "Hoër Wese".
4. De Mist se begrip van die ***kerkregering*** bring hom daartoe dat hy die Sinode as die eintlike kerk en die gemeentes as takke daarvan sien. Die Sinode (kerklike vergadering) is die "*hoofbestuur*" en die gemeentes is daaraan ondergeskik, en word eintlik van "*bo-af*" bestuur.
5. De Mist se siening van die ***skole*** is dat die skole almal aan die staat behoort en die ouers het geen seggingskap daarin nie. Daar mag ook geen godsdiens aan die skole beoefen word nie. Die skole is dus **"neutrale staatskole"**.

### 6.6.3 Gevolge van De Mist se optrede

Al was die **Dordtse Kerkorde** nie konsekwent en amptelik deur die gemeentes toegepas nie, het De Mist met hierdie nuwe Kerkordinnansie die Gereformeerde beginsels vir die kerkregering finaal oorboord gegooi en het ***Kollegialisme*** die kerk oorgeneem. Hierteenoor stel die ***Gereformeerde Kerkreg*** (Dordtse Kerkorde), ooreenkomstig die Bybelse beginsels dat elke gemeente 'n selfstandige kerk is, wat alleen deur **Christus die Hoof** deur sy Gees en Woord regeer word. Dit beteken dat 'n ***meerdere vergadering*** (bv. 'n klassis, Partikuliere Sinode of 'n Nasionale Sinode) 'n vergadering is van meer kerke (gemeentes) wat saam oor **gemeenskaplike** sake besluit.

Aan die begin van die 19de eeu het die **deformasie** van die kerk in Suid-Afrika deur De Mist se optrede nog erger geword. Die kerk self is ontbloot in sy magtelose onmondigheid, sy gebrek aan gereformeerde insig, sy willose roepingsbesef en sy hopelose verslaafdheid aan die staat. Op hierdie pad van deformasie het De Mist geen moeite gehad om die kerk nog verder van die suiwer koers te lei nie. Dit is nie De Mist wat al die skuld moet kry nie maar die reeds *gedeformeerde* kerk wat geen stem van proses laat hoor nie.

Die ***kerk*** word onder die staat gestel en verloor daardeur sy karakter van die Gemeente van Christus; die ***skool*** word onder die gesag van die kerk weggeneem en geplaas onder dié van die staat en word so 'n staatskool; die ***huwelik*** verloor inderdaad sy van Godsweë geordineerde en

deur die kerk van Christus ingeseënde instelling.[444] Die grondgedagtes van al die nuwe dinge is dié van die eeu van die Rede. In die plek van die gesag van die Woord van God kom nou dié van die woord van die mens en die natuur; godsdiens en opvoeding is middele om die mens op te voed tot goeie en deugvolle wêreldburger: die mens moet meer tot wêreldburger en minder tot hemelburger gevorm word! Jy is dus eers niks en dan in die tweede plek is jy 'n Christen. Die grondgedagtes soos beliggaam in die wetgewinge op kerklike en skoolgebied is dan ook beslissend vir die kategetiese onderwys.

### 6.6.4 Kategese en die Kerkorde van de Mist

Deur die Kerkorde van de Mist word die kerk onder die staat gestel. Die skool word onder die gesag van die kerk weggeneem en ook onder die gesag van die staat gestel. Die skole word dus staatskole. Coetzee[445] vat die gevolge hiervan só saam: "Die grondgedagtes van al die nuwe dinge is dié van die eeu van die Rede; alle menslike gedrag word gedaag voor die vierskaar van die menslike Rede!; die mensdom kan gered word deur die nodige wetgewing op godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplike en staatkundgie gebied; in die plek van die gesag van die Woord van God kom nou dié van die woord van die mens en die natuur; godsdiens en opvoeding is middele om die mens op te voed tot goeie en deugvolle wêreldburger: die mens moet meer tot wêreld- en minder tot hemelburger gevorm word!; eers mens en dan Christen."

Artikels 13 en 18 raak die onderwys. De Mist se Kerkorde laat niemand toe tot die gee van enige openbare of private godsdiensonderwys binne die volksplanting sonder vooraf verkreë verlof van inwoning en sonder vooraf afgelegde eksamen en daarop bekome kwalifikasie tot onderwys deur die kerkraad van die gemeente waartoe hy verklaar te behoort nie. Die openbare skole tot onderwysing van die jeug, behoort nie tot enige, besondere kerkgenootskap nie; hulle is kweekplekke om goeie burgers van die staat te vorm, en as sodanig staan hulle onder die onmiddellike toesig en bestuur van die Goewerment. Die ou bestaande gereformeerde staatskool word vervang deur die nuwe neutrale staatskool. Waar die ou gereformeerde staatskole die leerstellige godsdiensonderwys kon behartig, sou dit voortaan uitgesluit wees, want die neutrale staatskole kon dit nie langer onderneem nie. Die "*skoolkatkisasie*" van die H.O.I.K. eindig nou: Dit het sy een groot voordeel meegebring, naamlik meer aandag moes voortaan aan die "*kerklike katkisasie*" geskenk word, aangesien die skool geen kategetiese onderwys meer sou onderneem nie. "Daarvoor kan ons die nuwe wetsbepaling dankbaar wees, want na ons beskouing is ware

444 De Wet en Coetzee, 1943:79.
445 De Wet en Coetzee, 1943:79.

kategetiese onderwys amptelike arbeid, en wel die arbeid van die Bedienaar van die Heilige Woord, sodat die onderwys onmiddellik onder die beheer van die betrokke kerkraad sou kom. Die ou gereformeerde owerheid, kerk en skool maak plek vir 'n neutrale owerheid, kerkgenootskappe en 'n neutrale skool. Dit het ingehou dat elke kerkgenootskap sy eie leerstellings kan verkondig en handhaaf en dus sy eie kategetiese onderwys gee. Die Bataafse Bewind was te kort van duur om die beginsels van De Mist tot volle ontplooiing te laat kom. Die ingrypende en nadelige invloed daarvan sou eers later blyk."[446]

## 6.7 Die periode van 1806-1824

### 6.7.1 Die oorhandiging van die Kaap aan Brittanje 19 Januarie 1806

In 1806 het Brittanje die Kaap weer permanent oorgeneem, 'n gebeurtenis wat die kerke direk geraak het. Mense met 'n geheel en al vreemde kultuur en lewensbeskouing moes nou die liberale Kerkorde van De Mist op 'n kerk met 'n Gereformeerde Belydenis toepas. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Britte na die Kaap gekom het met 'n sterk politieke motief en dat hulle verwag het dat die kerke moes verengels. So is die Kaap op 19 Januarie 1806 deur goewerneur John Williams Janssens formeel aan die Britse bewind oorhandig. In die Akte van Oorgawe (kapitulasie) het artikel 8[447] voorsiening gemaak in verband met kerk- en godsdienssake. In die praktyk het dit beteken dat die De Mist Kerkorde van krag gebly het en die Kommissaris-Politiek het opdrag gekry om toesig oor die kerklike sake te hou. Wat kerkraadslede betref, moes aan die Britse goewerneur 'n lys name voorgehou word waaruit hy dan die kerkraadslede gekies het.

### 6.7.2 Die Kommissaris-Politiek se optrede teenoor die kerke

'n Aantal regulasies was van toepassing op die toesighouding van die Kommissaris-Politiek oor die kerke. Dit het bepaal dat geen kerkraadsvergadering sonder kennisgewing aan die Kommissaris-Politiek gehou kon word nie. Verder moes die Kommissaris-Politiek alle vergaderings bywoon en toesien dat alleen kerklike sake behandel word. Die Kommissaris-Politiek het ook toesig en magtiging gehad oor alle administrasie, finansies, boeke en dokumente van die kerke. Verder moes die Kommissaris-Politiek toesig hou oor alle kerkeiendomme – selfs

446 Hanekom, 1951:121.

447 "De burgers en ingezetenen zullen al de rechten en voorrechten behouden die zij tot nu toe genoten hebben. De publieke godsdienst, zoals thans gebruikelijk, zal insgelijks zonder verandering onderhouden worden."

oor die toesegging van sitplekke in die kerkgeboue. Dit is duidelik dat van kerklike vryheid as erfenis van die Reformasie niks meer oorgebly het as net dwinglandy deur die staat nie.

### 6.7.3 Die Britse goewerneur 'n soort "summus-episcopus"oor die kerk

In 1810 dreig Goewerneur Caledon die kerkraad van Kaapstad dat hy die predikante se salaris sal opskort as die lys wat die name van die kerkraadslede bevat nie onverwyld aan hom gestuur word nie. Hy magtig homself as 'n soort "summus episcopus" (hoogste biskop) aan. Daar word ook bepaal dat geen korrespondensie aan die goewerneur gestuur mag word niesonder die goedkeuring van die Kommissaris-Politiek. In die binneland het die magistrate die rol van die Kommissaris-Politiek vervul. Die invloed van die goewerneur oor die kerke was van so 'n aard dat die goewerneur in 1811 die kerke beveel het om met elke erediens vir die Britse koning en sy famlie te bid.

### 6.7.4 Predikantetekort word polities uitgebuit

In 1806 was daar slegs 7 predikante vir al die gemeentes wat oor 'n wye gebied versprei was. Vóór 1824 het slegs 2 Nederlandse predikante[448] bygekom terwyl 5 nuwe gemeentes[449] gestig is. In 1818 buit die goewerneur Lord Charles Somerset, die predikante-nood uit deur 3 sendelinge[450] van die Londense Sendinggenootskap predikante van die Gereformeerde Kerk te maak. Goewerneur Lord Charles Somerset het vervolgens vir dr. Thom na Skotland gestuur waar hy 5 predikante vir die Kaap gewerf het. [451]

### 6.7.5 Die invloed van die Skotse predikante

As Evangeliedienaars wat in 'n tyd van predikantenood God se Woord kom bedien het, is die Skotse predikante se bydrae onberekenbaar groot. Die Skotse predikante was nie die alleen oorsaak van die deformasie van die kerk nie. Toe hulle gekom het, het die kerk alreeds ver op die pad van deformasie gevorder. Dit moet ook nie vergeet word nie dat hulle in die verkeerde kerkregering[452] moes kom optree. Vanuit hulle Skotse agtergrond was hulle in die Presbiteriale

---

448 Ds. J.W.L. Gebhard en Ds. J. Spijker.

449 Caledon (1811), Cradock (1818), Somerset-Wes (1819), Beaufort-Wes (1820) en Worcester (1821).

450 Dr. G. Thom vir Caledon, ds. J. Evans vir Cradock, ds J.Taylor vir Beaufort-Wes.

451 Ds.Andrew Murray vir Graaff-Reinet, ds. Colin Fraser vir Beaufort-Wes, ds. George Morgan vir Somerset-Oos, ds. Henry Sutherland vir Worcester en ds. Alexander Smith vir Uitenhage.

452 Kollegialisme en staatsoorheersing.

kerkregering[453] geskool. Wat hulle leer betref, was hulle Calvinisties-puriteins en beslis met die Skrifwaarhede nie vrysinnig nie. Dat daar by sommige van die Skotse predikante sterk piëtistiese en metodistiese neigings was, kan nie ontken word nie.[454] Daar moet ook onthou word dat die Skotse predikante nie onderlê was in die drie Belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke nie. Hulle het die Dordtse Kerkorde ook glad nie geken nie. Hierdie dinge het die spanning tussen die Skotse predikante en die "Doppers" verhoog. Hanekom[455] wys op "die afkerige houding teenoor vreemde invloede in die kerklike lewe, wanneer dit om die seggenskap van die kerk gaan. Hier het ons veral op die oog die houding teenoor die Skotse leraars in die land. Hierdie Skotse leraars was wel Engels in hul lewenskyk, maar in hul godsdienstige oortuiginge was hulle Calvinisties, en wat hul kerkregering betref, presbiteriaans en puriteins in hul lewensbeskouing."

### 6.7.6 Die Evangeliese Gesange[456] as aanleidende oorsaak van die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

#### 6.7.6.1 Die ontstaan en ingebruikneming van die "Evangelische gezange"

Ten spyte van die besluit van die Sinode van Dordtrecht, 1618-1619, om "alle andere gezangen uyt de kercken te weeren" het daar tog met die jare 'n groeiende verlange ontstaan na meer gesange as wat die Sinode toegestaan het. In Genève self is daar al in 1698 gesange in gebruik geneem. Talle gesangebundels het hulle verskyning gemaak. Van die oorvloedige aantal sangbundels wat gedurende die sestiende en sewentiende eeu in die Nederlandse taal verskyn het, het ook in Suid-Afrika bekend geraak.[457] Die bundel "*Evangelische gezangen, om nevens het boek der Psalmen bÿ den openbaren godsdienst gebruikt te worden*" is op 1 Januarie 1807 in Nederland ingevoer. Sewe jaar nadat die Hervormde Kerk die bundel "*Evangelische gezange*" in gebruik geneem het, is dit ook in Suid-Afrika naas die Psalms ingevoer "op het voorbeeld van die Nederlandsche Kerk". Aangesien die gemeentelede die Gesange nie geken het nie, is besluit om die "Schoolmeesters" van die stad uit te nooi om Woensdagoggende om 11-uur saam met hulle skoliere die liedere te kom oefen om sodoende die gemeentesang te ondersteun. Tydens die oggenddiens van 9 Januarie 1814 is volgens besluit van die kerkraad en met die goedkeuring van

453 Die regering van die kerk deur die ouderlinge (presbuteros).

454 Die vraag kan gestel word of die Skotse predikante nie juis aan die Universiteit van Leiden en Utrecht, waar hulle Nederlands moes leer, onder invloed van die piëtisme gekom het nie.

455 Hanekom, 1951:165.

456 In die behandeling van die geskiedenis van die ontstaan, die ingebruikneming en daarna die teenstand teen die "Evangelische gezange" het ons te doen met een van die aanleidende oorsake van die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Februarie 1859.

457 Hier word gedink aan die vrye liedere van Willem Sluiter, Jodocus van Lodensteyn, Johannes en Jacob Groenewegen en ander sangbundels wat bv. tydens huisgodsdiens gebruik is.

die goewerneur die nuwe Gesange met "algemeen genoegen" in gebruik geneem.[458] Stellenbosch het die Gesangebundel op 20 Februarie 1814 in gebruik geneem. So langsamerhand het die gemeente Swartland en die ander gemeentes op die platteland hulle voorbeeld gevolg deur naas die Psalms ook die Gesange te laat sing in die eredienste.

#### 6.7.6.2 Die ontvangs van die "Evangelische gezange"

Met die invoering van die bundel *"Evangelische gezange"* aan die Kaap in 1814 was daar algemene tevredenheid en blydskap oor die nuwe liedereskat. Daar is nie veel aanduidings van besware of 'n aktiewe verset teen die Gesange in die jare kort na die invoering van die bundel in Suid-Afrika nie. Anders as in Suid-Afrika het daar kort na en selfs voor die invoering van die bundel in Nederland verset teen die Gesange opgevlam. In Suid-Afrika het die Gesangekwessie eers op 9 November 1833 vir die eerste keer op 'n kerklike vergadering ter sprake gekom. Daar is egter aanduidings dat verset reeds veel vroeër in die harte van sommige lidmate van die kerk gesmeul het. In die gemeente van Colesberg wat in 1825 gestig is en latere jare veel sou ly as gevolg van die Gesangekwessie, het daar tydens die bediening van ds. Murray (sr.), predikant van Graaff-Reinet, reeds spore van verset voorgekom. In die gemeente van Cradock was daar wel spoedig tekens van 'n afwysende houding teenoor die Gesange net soos onder sommige van die Voortrekkers. Dit was veral die "Doppers" wat in verset gekom het teen die gebruik van die Gesange in die eredienste.[459] Saam met die Doppers het 'n ander groep beswaardes, nl. die Jerusalemgangers, hulle gewig teen die Gesange ingegooi. Die Gesangekwessie en –stryd het in Suid-Afrika rondom die bundel *"Evangelische gezange"* ontvlam.

#### 6.7.6.3 Die "Evangelische gezange" se invloed op die godsdienstige onderwys

Die invoer van die *"Evangelische gezange"* was 'n belangrike gebeurtenis wat 'n invloed gehad het op die kategetiese onderrig. En "vermits men in de Gemeente onkundig is van de Wyze waarop die Gezangen moeten worden gezongen, worden de respective schoolmeesters dezer stadt (genoodigd) om met hunne scholieren ten minste eenmaals 's weeks in de kerk te koomen,

---

458 "Ds. Fleck se toepaslike tekskeuse was: Ps. 149:14 "Halleluja, sing tot eer van die Here 'n nuwe lied", ens. Nadat Psalm 33 aangehef is, het Ds. Fleck die gemeente van Kaapstad vir die eerste keer uit die nuwe Gesangebundel laat sing, nl. Ges. 48.

459 Jooste, 1958:19 - Die rede waarom die verset teen die Gesange belangrik was, is dat die saak ver terug in die geskiedenis by die Reformasie reeds begin het. Toe die reformatore, Luther en Calvyn, weggebreek het van die Roomse Kerk, het hulle te staan gekom voor die vraag wat die mense in die eredienste moet sing. By Rome het die gemeente nie gesing nie; die kore het gesing en die lidmate het net geluister. Luther het op dié vraag as antwoord gegee: psalms en gesange, maar Calvyn het hom op daardie pad nie gevolg nie. Hy het besluit om die Psalms wat in die Bybel te vinde is, te laat berym, te laat toonset en dan deur die gemeente te laat sing. In hierdie keuse het Calvyn hom laat lei deur die woorde van Augustinus, wat gesê het dat niemand iets kan sing wat God waardig is nie, of hy moet dit van God ontvang het.

ten eynde gezamentlyk in de maniere van voorz. gezangen te worden onderweezen, om zo doende de Gemeente daarin te gemoed te kunnen koomen; zynde(verder) beslooten (door de kerkraad) om de byeenkomst der scholierin met hunne resp. onderwyzers in de kerk te bepaalen des Woensdags 's morgens te Elff Uuren, waarvan de noodige kennis aan die Meesters zullen worden gegeeven met nodiging omme dit oogmerk te helpen bevorderen".[460]

## 6.8 Die periode van 1824-1858

Die jaar 1824 is 'n belangrike kerk-historiese datum, omdat die eerste Sinode van die Kaapse Kerk in die loop van dié jaar sou byeenkom. Van alle kante word die feit erken dat 1824 'n hoekpilaar in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis was.[461] Die Sinode van 1824 word beskou as 'n keerpunt aangesien dit die heel eerste amptelike Algemene Kerkvergadering (Sinode) in die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika was.[462] Ten opsigte van die kategese kan dit ook as 'n belangrike moment beskou word want dit is die tydperk waartydens die bande met Nederland en die Klassis Amsterdam afgesny is. Die kategetiese onderrig en die feit dat Suid-Afrika veel te danke gehad het aan die kategete, het ook 'n belangrike bydrae gelewer tot die groei en bloei van 'n selfstandige kategetiese praktyk.[463]

### 6.8.1 Die invloed van die Sinode van 1824

"Die jaar 1824 is vir die Hollandse Kerke in Suid-Afrika van die grootste belang."[464] Tot nou toe, sedert die Volksplanting, is beskou dat die leraars van die koloniale kerk tot die Klassis Amsterdam behoort het. Maar sedert die vereniging met Brittanje is die leraars van die koloniale kerk min of meer aan hulleself oorgelaat. Daarom het die Kaapse predikante op 19 Junie 1824 die owerheid versoek om 'n Sinode te mag hou.[465] Die owerheid het die versoek toegestaan en in November 1824 vind die eerste Sinodale Vergadering plaas. Op hierdie Sinode is enkele belangrike sake rakende die kategetiese onderrig behandel en daaroor besluit. Die Sinode van 1824 het Reglemente aanvaar ten opsigte van die kategese. Op die Sinode word die term godsdiensonderwys genoem en in die besluit wat geneem word, word die begrip verduidelik:[466] "Door Godsdienstige Onderwys word verstaan, het onderrig van eerstbeginnenden en meer

---

460 Aangehaal deur Coetzee in De Wet en Coetzee, 1943:84.
461 De Villiers, 1957:200.
462 d'Assonville, 1992:207.
463 De Villiers, 1957:201.
464 De Wet en Coetzee, 1943:84.
465 De Wet en Coetzee, 1943:84.
466 De Villiers, 1957:202.

gevorderden in de Bybelse Geskiedenis en in de Geloofs- en Sedeleer, byzonder van degenen, die tot Lidmaatschap der Gereformeerde Kerk verlangen te worden toegelaten, en zulks, Zoo door de Leeraren, als onder hun opzigt, door andere daartoe geschikte en bevoegde personen; zullende dit onderrigt trapsgewyze behooren voort te gaan, en geschikt moeten wezen naar de vatbaarheid der onderscheidene leeringen, terwyl, in het byzonder, met meer gevorderden, dit onderwys, zoo veel moogelyk, zoowel in het openbaar als afzonderlik behoort te geschieden; en word de Leeraren de yverige toeleg aanbevolen, zoo tot uitbreiding van de kennis der Bybelsche Geschiedenis, als die der leer, terwyl op de vorderingen der leerlingen, in beide, by het afnemen der belydenis, sal moeten acht geslagen worden. Ook word het ten sterkste aanbevolen, den leerlingen naar hunne vatbaarheid eenige kennis aan de Kerkelyke Geschiedenis mede te deelen." Daar is ook besluit om 'n sekere aantal eksemplare van die Kategismus van die Kerk te laat druk en 'n versoek is aan die Goewerneur gerig om dit op die regeringspers te doen in sowel die Hollandse as die Engelse taal.

Onder die "Resolusies" van die Sinode moet die een genoem word "betrekkelijk den ouderdom dergenen, die tot Ledematen der Gemeente wenschen te worden aangenomen", naamlik voortaan sal geen jongeling onder 16 en geen jongedogter onder 15 tot die eksamen vir die lidmaatskap van die gemeente toegelaat word nie.[467]

Die Sinode beskou die kategese as die hoofplig van die herders en leraars en die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip word opgegee as fundamentele leerboeke waarby gevoeg word "waarbij het aan de keuzen der leeraaren staan zal, zoodanige andere boeken door de ondergeschikte onderwijzers te doen gebruiken".[468]

Onder die "Reglemente", deur die Sinode ontwerp, kan dié "over het godsdienstige onderwys" genoem word. Die Reglement bestaan uit 15 artikels wat in drie dele ingedeel is: [1] oor die godsdienstige onderwys in die algemeen, [2] oor godsdiensonderwysers en hulle vereistes, [3] oor die toesig oor die godsdienstige onderwys.[469] Artikels 29 tot 43 van die "Algemeen Reglement voor het Bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, ontworpen in de Algemeene Kerkvergadering, gehouden binnen de Kaapstad op den 2 November en volgende dagen van het jaar 1824." Coetzee[470] gee 'n weergawe van wat alles hieronder behandel en besluit is:

---

467 De Wet en Coetzee, 1943:85.
468 De Villers, 1957:203.
469 De Wet en Coetzee, 1943:85.
470 De Wet en Coetzee, 1943:85.

In die *eerste onderdeel* "over het godsdienstig onderwijs" word gehandel oor (a) die bepaling van godsdiensonderwys en (b) oor die handleidinge. Onder die godsdiensonderwys word verstaan die onderrig van eersbeginnendes en meer gevorderdes in die Bybelse geskiedenis en in die geloofs- en sedeleer, besonder van diegene wat tot die lidmaatskap van die Hervormde Kerk verlang om toegelaat te word. Die onderwys word gegee deur die lerare of onder hulle opsig deur andere daartoe geskikte en bevoegde persone; dit moet trapsgewys voortgaan en geskik wees ooreenkomstig die vatbaarheid van die leerlinge; dit moet 'n uitbreiding van die kennis van die Bybelse geskiedenis en van die Leer bring, en aanbeveel word ook enige kennis van die kerklike geskiedenis. Tot handleiding by die onderwys mag alleen gebruik word leerboeke "uit den schoot der Hervormde Kerk oorspronkelijk of met hare goedkeuring voorzien".

In die *tweede onderdeel* word gehandel oor die godsdiensonderwysers en hulle vereistes (artikels 31-38). Die godsdiensonderwys is een van die hoofpligte van die predikante. Hulle moet sorg vir "de vermeerdering van hunne Gemeente met kundige en waardige leden" en toesien dat "onderwijzers het noodige onderwijs worden medegedeeld op bekwamen leeftijd of naar gelang van ieders toestand en ouderdom, zoo in die Engelsche als Nederduitsche taal". Die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip sal aangemerk staan as dié fundamentele leerboeke, "waarbij het aan de keuzen der leeraaren staan zal, zoodanige andere boeken door de ondergeschikte onderwijzers te doen gebruiken, al zij tot bevordering van het onderwijs in den Hervormden Godsdienste noodig zullen oordeelen, en die, desnoods door de Algemeene Kerkvergadering zullen worden goedgekeurd". Die ondergeskikte onderwysers moet lidmate van die Hervormde Kerk wees, en as sodanig minstens twee jaar in die gemeente verkeer het, moet onbesproke en voorbeeldig van gedrag wees en ten minste twee jaar lank hulle opsetlik geoefen en voorberei het tot die gee van godsdienstige onderwys "onder de goede leiding en het opzigt van eenen of anderen Leeraar hunner Gemeente, zullende tot die opleiding niemand boven de dertig jaar oud worden toegelaten". Sodanige onderwysers moet 'n behoorlike eksamen voor 'n bevoegde kerklike kollege ondergaan en wel in die gewyde geskiedenis van die Christendom en in hul gawe van onderwysing. Niemand sal, selfs ná afgelegde voldoende eksamen, die werk mag uitoefen, "dan na goedgekeurd zijnde, de volgende verklaring te hebben onderteekend" – dit verskaf die onderwyser 'n "Acte van Admissie" wat geldig sal wees in ander gemeentes. Elke kerkraad bepaal die aantal onderwysers nodig vir sy gemeente.

In die *derde onderdeel* word die bepalings gegee in verband met "die toesig oor die godsdienstige onderwys". Dit sal een van die vername werksaamhede van die lerare wees om by

gepaste geleenthede in hul kringe en in die besonder in hul Ringsvergaderings mekaar op die toestand van die godsdienstige onderwys oplettend te maak, daaromtrent mededeling te doen en saam te beraadslag oor die beste wyse om dit te bevorder. Die leraars moet die nodige hulp en opleiding verleen aan diegene wat as ondergeskikte onderwysers wil dien. Die gee van godsdienstige onderwys deur sulke onderwysers sal staan onder behoorlike toesig en bepalinge van die lerare. Die afneem van belydenis is alleen aan die lerare aanbeveel, wat daarby vergesel sal word deur een of meer ouderlinge.

Artikel 43 handel oor die bevestiging of voorstelling van lidmate: "Ter plaatse, waar dit met gevoeglikheid zoude kunnen geschieden, en zulks ten aanzien der voorwerpen uitvoerlijk is, diende mens wel nuttigeidshalwe de bevestiging of voorstelling der Ledematen in het openbaar te doen." Dit sal bestaan in die stel van die volgende vrae aan die aangenomenes: (Augustus) Of hulle van harte glo die leer wat hulle bely het, (b) of hulle ook voorgeneem het by die leer, deur Gods genade, te bly, die sonde te versaak en 'n christelike lewe te lei en (c) of hulle hulle onderwerp aan die kerklike opsig, en ingeval hulle hulle mog ontgaan aan die kerklike tug.Waarop die bevestiging plegtig en met gepaste aansprake geskied. En so is die "Kategetiese Onderwys" aan die Kaap in 1824 gereël.

### 6.8.2 Die besluite deur die Sinode van 1826 geneem

By die behandeling van die Reglement vir Kerklike Ondersoek is drie belangrike vrae bygevoeg:[471]

Vr. 5. Word daar gereeld Katkisasie gehou ter onderwysing in die Bybelse Geskiedenis, en in Geloofs- en Sedeleer en, indien moontlik, ook in die Kerklike geskiedenis?

Vr. 6 Word daar lidmate op die bepaalde tyd aangeneem, en wanneer is die tyd wat daarvoor bepaal is?

Vr. 18 Word daar in u gemeente Katkiseermeesters gevind en doen hulle hul werk na behore?

Die Sinode besluit ook dat 'n verkorte Hellenbroek opgestel moet word tot nut van die kinders wat nog baie jonk is en wat ook in die skole onderwys kan word en vir leerlinge van die openbare katkisasie. Die vryheid word egter ook aan die predikante gelaat om kerklik goedgekeurde boeke of boeke wat hulle self opgestel het, te gebruik.

---

471 De Villiers, 1957:204.

### 6.8.3 Die besluite deur die Sinode van 1829 geneem

Aanvanklik was daar 'n beskrywingspunt op die tafel van die Sinode met die voorstel dat die Kort Begrip in Engels vertaal moes word. Die beskrywingspunt is egter voor die behandeling daarvan teruggetrek. In dié verband kan daarop gewys word dat 'n "Verkorte Katechismus goedgekeurd door de vergadering van godgeleerden te Westminister onder medewerking van afgevaardigen, uit de kerk van Schotland" uit Engels vertaal is vir gebruik in die Hollandse Kerk.[472]

### 6.8.4 Die besluite deur die Sinode van 1834 geneem

Die Sinode van 1834 besluit om 'n Reglement insake die onderwys van die Christelike Jeug op te stel. Die oorsaak van die slegte toestand van die onderwys word gewyt aan die groot gebrek aan geskikte onderwysers. Die Sinode het die behoefte en gebrek aan onderwysers as 'n nood beskou.[473] Daarom moet daar "Instituten opgerigt ter vorming en opleiding van zulken die zich tot dat gewigtig werk wenschen bekaam te maken." Die onderwysers moet opgelei word; "niet alleen tot burgerlyke, maar ook tot godsdienstige onderwyzers en daarom onderwezen moeten worden in de Nederduitsche en Engelsche taal; in het kunsmatig lezen, schryven en rekenen; in de Bybelsche geschiedenis der Christelyke godsdienst, zede- en beoefeningsleer, in de Kerklyke geschiedenis en in de beste wyze van onderrigt". Coetzee[474] meld dat die karakter van die kategetiese onderwys in hierdie tydperk die beste aangedui kan word deur 'n ondersoek van enkele leerboekies te gebruik.

- Die ou Hellenbroek, "Voorbeeld der goddelyke waarheden" is vervang deur die "Kort Begrip van de Christelyke godsdienst", reeds volgens die besluit van die eerste Sinode van 1824. Maar daar is toe ook bepaal dat die katkisasiemeester vir die jonger kinders eenvoudige leerboekies mag gebruik indien dit kerklik goedgekeur is.
- Die eerste van die leerboekies wat toe ook in Suid-Afrika uitgegee en gebruik was, was "Enige Korte Vragen voor de Kleine Kinderen door Jacobus Borstius in zyn leven predikant te Rotterdam". Coetzee[475] verwys na die "3de Herdruk, door en alleen te bekomen by J. Suasso de Lima, 31 Burgstraat, Kaapstad, 1840". Dit bevat 71 leerstellige en 158 historiese vragies met hul antwoorde,

472 De Wet en Coetzee, 1943:88.
473 De Villiers, 1957:205.
474 De Wet en Coetzee, 1943:88-89.
475 De Wet en Coetzee, 1943:89.

- 'n Tweede boekie is "Korte Vragen voor die Kleine Kinderen door den Eerw. Jacobus Borstius met de merkwaardigste Bybel-Geschiedenissen in vragen en antwoorden door H. Wester", uitgegee deur A.S. Robertson, Adderleystraat, Kaapstad, 1850. Dit bevat die 71 leerstellige vragies en 'n gewysigde historiese deel, bestaande uit "Geschiedenis van het Oude Testament" in 14 afdelings en 217 vragies en "Geschiedenis van het Nieuwe Testament" in 5 afdelings en 96 vragies.
- 'n Boekie gerig op die meer gevorderde kinders is "Catechisatieboek over de leer der zaligheid volgens het Kort Begrip, vooral voor huisselyk gebruik bewerkt door een Leeraar der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika", uitgegee in Kaapstad deur N.H. Marais, November, 133 Langestraat, 1857.
- 'n Volgende boekie wat gerig is op die meer gevorderde katkisante is opgestel deur 'n bekende Nederlandse Hervormde predikant, A.v.d. Berg (1789). 'n Uitgawe daarvan is onder andere uitgegee by N.H. Marais, Langestraat, Kaapstad, in 1860 as "herdruk van die tiende Hollandsch uitgaaf" onder die titel "Kort Onderwys in de Leer der Christelyke godsdienst getrokken uit de Bybelsche Historiën". Dit vervang die Kort Begrip van die Christelike godsdiens in samestelling en gees.

### 6.8.5 Die besluite deur die Sinode van 1837 geneem

Op die agenda van die Sinode was daar 'n beskrywingspunt van dr. W. Robertson, naamlik dat die Sinode die kort inhoud van die Christelike leer of verkorte Kategismus van die Kerk van Skotland (Short Catechism) wat onlangs in die Nederduits oorgesit is, goedkeur, om gebruik te word by die doen van belydenis, indien dit verkies word. Dr. Robertson het die beskrywingspunt teruggetrek voordat dit behandel kon word.

### 6.8.6 Die besluite deur die Sinode van 1842 geneem

Vir hierdie Sinode was daar 'n beskrywingspunt op die agenda van die Kerkraad van Tulbagh waarin aanbeveel is dat geen handleiding, behalwe die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip, gebruik mag word nie. Waar iemand verkies, kon ook die Geloofsbelydenis en die Formuliere van Eenheid gebruik word. Die vergadering het besluit dat volgens Artikel 58 van die Wette en Bepalings die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip as die fundamentele boeke aangewys word. Dit is duidelik dat die Heidelbergse Kategismus as die belangrikste leerboek beskou is en dat die eertyds veelvuldige gebruik van Hellenbroek aan die afneem was.

### 6.8.7 Die besluite deur die Sinode van 1847 geneem

Dr. Robertson, predikant van Swellendam, dien 'n beskrywingspunt in waarin hy pleit dat die toestand van die godsdiensonderwys in die buitedistrikte ernstig oorweeg behoort te word. Die Sinode besluit om 'n Kommissie van Opvoeding te benoem om sorg te dra vir die onderwys in die buitedistrikte.

### 6.8.8 Die besluite deur die Sinode van 1852 geneem

Die Sinode ontvang 'n eksemplaar van die Engelse vertaling van die Formuliere. Die groen lig word gegee dat dié vertaling gedruk mag word, met dien verstande dat 1 000 eksemplare van die Kort Begrip afsonderlik uitgegee word.

### 6.8.9 Die besluite deur die Sinode van 1857 geneem

Die handleiding by die Katkisasie was vir verskillende leraars op hierdie Sinode en ook vir verskillende Kerkrade van groot belang. Die volgende word deur die Sinode besluit, naamlik "dat aan leraars het regt zal worden gegeven om te bepalen, dat jongelieden die lidmaten willen worden, zich een bepaalde 'n tijd vooraf sullen moeten melden as catechizanten, opdat er meer belangstelling worde gewijd aan onze aanstaande lidmaten; deze bepaling zal egter niet beletten, dat, waar opzieners der gemeente het in een bepaald geval wenschelijk achten, van den regel af te zien, zij zulks doen mogen. Die uit eene gemeente vertrekte, verkrijgt op zijn versoek een bewijs".[476]

### 6.8.10 Samevatting

De Villiers[477] kom tot die volgende konklusies ten opsigte van hierdie eerste nege Sinodes:

1. Die Reglement van die Hervormde Kerk van 1816 het die grondslag gevorm van wetgewing in verband met die Kategese (godsdiensonderwys) in 1824.
2. Die wysigings wat ingetree het, asook die verskillende voorstelle, was ten gevolge van die eie van ons eie kerklike omstandighede hier te lande.
3. Begrippe soos "aanneming" en "voorstelling" dateer reeds uit die vroegste periode van ons kerklike wetgewing.

---

476 De Villiers, 1957:208.
477 De Villiers, 1957:209.

4. Belangrik is die voorsorg wat gemaak is om jong lidmate reeds vooraf voor te berei vir die aflê van belydenis.
5. Die leerboeke was die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip, terwyl Hellenbroek en ander vraeboekies nog gebruik is.
6. Die organe van Kategese in hierdie periode was die leraar en hy is deur die ouderling bygestaan wat die toesig betref.
7. Die kerk het groot erns gemaak met die Kategese. Dit is as 'n belangrike deel van die predikant se werk beskou.
8. Die eerste tekens van meer selfstandige werk was reeds te sien. Daar was in die boesem van die kerk verskillende kategete wat leiding begin neem het.

## 6.9 Die kerklike toestande in die noordoostelike grensgemeentes

Die boere op die verste grense van die Kaap het 'n besondere godsdienstige lewe gehad. Daagliks is soggens en saans huisgodsdiens gehou waarby al die kinders, die slawe en ook die Hottentotte teenwoordig moes wees.[478] Sondagoggende word 'n plegtige godsdiensoefening gehou, waartydens 'n baie lang preek voorgelees is. Hierdie mense het inderdaad hulle lewe soos Christene ingerig. Hulle het elke dag die Woord van God sowel in hulle eie lewe as in die lewe van hulle bediendes 'n plek laat kry en daardeur getoon dat hulle gelowiges is. So kon die wonderbaarlike krag van God se Woord 'n werklikheid in hulle lewe wees. Die feit dat hulle naas die Bybel gebruik gemaak het van preekboeke is van belang.

Die gemeentes in hierdie streek ter sprake is Graaff-Reinet, Cradock en Beaufort-Wes. In hierdie gemeentes en later ook in Colesberg het predikante uit Skotland die bediening waargeneem. Puriteinse invloede het op hierdie wyse by die mense op die verre grense ingesypel, terwyl hulle nog sterk onder die invloed van die Sinode van Dordtrecht was. Daar moet in gedagte gehou word dat die Skotse predikante die klem in die leer van die kerk anders gelê het as die Calviniste van Nederland. Die Skotse predikante het in hulle gevoelens dikwels heel afgewyk van die leerstukke van Dordt, waaraan die lidmate van die gemeentes stiptelik vasgehou het. Hulle het 'n breër, algemener en liberaler vorm aan Skrifwaarhede geskenk waarvan die gevolg was dat hulle die menslike kant meer beklemtoon het en nadruk gelê het daarop dat die mens hom dadelik moet bekeer. Hulle het die uitverkiesingsleer ruimer vertolk en die uitnodiging wat gerig word deur die prediking in verwagting gesien as iets waarop die hoorders dadelik moet antwoord.

478 Jooste, 1958: 26.

Hierdie elemente in die prediking is deur baie van die lidmate opgemerk, en dit het verwydering bewerkstellig.

Aangesien die grensboere ver van die kerkgebou af gewoon het, het hulle 'n buitengewoon afgesonderde bestaan gevoer, en as gevolg daarvan was hulle grootliks aangewys op die Statebybel met sy kanttekeninge en die gereformeerde preekbundels en geskrifte van die 17de en ook 18de eeu vir hulle geestelike onderhoud wat 'n sterk invloed uitgeoefen het op hulle benadering tot geestelike sake. Die grensboere het die publikasies van die volgende skrywers besit waaruit hulle geestelik gevoed is: Coenraad Mel, Bernardus Smytegelt, Wilhelmus à Brakel. Hierdie skrywers kom uit die Nadere Reformasie voort. "Die skrywers van die Nadere Reformasie het besondere aandag aan die kategetiese werksaamhede gewy."[479] Nie alleen het hulle die gemeentes tot kategetiese werksaamhede opgewek nie, maar het in voorbeeld hoë eise aan die kategetiese onderrig gestel. Die manne van die Nadere Reformasie was verantwoordelik vir 'n reeks kategetiese werke wat 'n groot invloed uitgeoefen het. Die Skotse predikante was meesal in die grensgemeentes geplaas, en in hulle prediking was daar 'n ontbrekende element, wat deur sekere lidmate aangevoel is. Hierdie groep mense het aanstoot geneem aan die Evangeliese Gesange en daarby ook nog onvoldaan uit die kerk gekom omdat die predikante hulle nie geestelik kon voed nie. Dit was redes tot groot ontevredenheid. Die grootste deel van die *trekkers* wat in die dertigerjare van die 19de eeu die Kolonie verlaat het, het juis uit die grensgedeeltes gekom. Die kennis wat hulle geput het uit die gereelde lees van die Bybel en daarmee saam ook die kategetiese verklarende "handboeke" en die preekbundels het daartoe meegehelp om die godsdienstige karakter van die gelowiges op die grense te help vorm.

## 6.10 Die situasie ten opsigte van kategese in hierdie periode (1806-1824)

By die oordrag van die Kaap aan die Engelse op 19 Januarie 1806 is bepaal dat die koloniste aan die Kaap al die regte en voorregte sou behou wat hulle tot hiertoe geniet het, en in die besonder dat die openbare godsdiens soos toe gebruiklik sonder verandering sou onderhou word.[480] Die godsdiensonderwys self het dus aan die Kaap voortgegaan soos gedurende die tyd van die Bataafse Republiek. Op 1 Desember 1806 besluit die Kerkraad van Kaapstad op "instructie voor den Adjunkt Voorleeser en Cathechiseermeester in deeze zijne beide betrekkingen" wat die onderwys in die leer van die waarheid betref. Dit is aan die katkiseermeester vrygelaat om die jeug afsonderlik lesse te gee, maar hy mag geen ander boeke daartoe gebruik nie as net dié

479 De Villiers, 1957:177.
480 De Wet en Coetzee, 1943:82.

waarop dit in die gemeente tot dan die gewoonte was om die belydenis af te neem, "te weten de zogenoemde dubbele Hellenbroek"; in geval van jonger of dommer kinders mog hy "geen korter vraagboek" daarvoor in die plek stel nie "dan alvorens 't advies der predikanten in der tijd te hebben verstaan". Die meester mog verder "Cathechisatie voor veele aan huys tegelyk houden, echter onder uitdrukkelijke voorwaarden dat daarbij zullen mogen tegenwoordig zijn, dezulke die zig tot hen doen van haare belydenis te tragten bekwaam te maken, dus geene andere dan leerlingen en antwoorders"; van sodanige onderwys moes die bepaalde uur van die predikante opgegee word, waarvan nie sonder hul voorkennis afgewyk mog word nie.[481] Die kerkraad het verlang dat die prys vir die onderwys billik sou wees "houdende dezelve anderzints aan zig om by gegronde kragten daarover in der tyd de noodige bepaalingen te maken".[482] Verder word die adjunk-voorleser verbied "alle andere soorten onderwys van natuur en onder wat naam ook ...... als zijnde geheel buyten zijn vak".

Die "dubbelde Hellenbroek" is die grootste van die twee handboekies van A. Hellenbroek oor "Het Voorbeeld der Goddelyke Waarheden". In die binneland, waar sowel die Kerkorde van De Mist as die Engelse Owerheid nie direk enige invloed uitgeoefen het nie, het die godsdiensonderwys bly geskied op die model van die H.O.I.K.: die meester het aan die jeug onderrig gegee in lees, spel, skryf en syfer en in die christelike leer volgens die gereformeerde beskouing.

Ten slotte verdien vermelding die steeds toenemende onderneming van die owerheid om die skool en die kerk te verengels: nie alleen is Engelse onderwysers ingevoer nie, maar ook Engelse predikante – en die doel was om die Holllandse koloniste te verengels. Skotse predikante wat min of meer dieselfde gereformeerde beginsels as die "Boere" toegedaan was, is uitgestuur om die kerk te verengels; Skotse onderwysers om die skole te verengels – op die Engelse skole sou onderwys word onder andere "die godsdienstige beginsels volgens die Heidelbergse of die Skotse Kategismus". Die Hollandse koloniste het hulle reeds van die begin af afsydig gehou en veral die Engelse skole het daaronder gekwyn.

## 6.11 Afleidings uit die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese

481 De Wet en Coetzee, 1943:82.
482 De Wet en Coetzee, 1943:83

### 6.11.1 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Vanweë die Nederlandse agtergrond en veral in die lig van die Nadere Reformasie is kategese in die Kaapse situasie prinsipieel gesien as **kerklike diens.** Die praktyk het egter gewys dat die kategese in 'n hoë mate oorgelaat is aan die skole. Sedert die instelling van die Kerkorde van de Mist is die wesenseienskap van die kategese geskend omdat die kerk onder die staat gestel is. Daarmee word die skool ook weggeneem onder die gesag van die kerk en is godsdiensonderrig in die skole verbied. Waar die ou Gereformeerde staatskole die leerstellige godsdiensonderwys behartig het wat as "*skoolkatkisasie*" geken is, het dit nou in geheel verval. Die skoolordonnansie van De Chavonnes van 1714 het egter weer plek in die skool gegee vir godsdiensonderwys en het die gebruik van *skoolkatkisasie* hervat. Die ware amptelike kategetiese onderwys is beperk tot "die opsê op versoek van die predikant" van die antwoorde uit die Kategismus.

### 6.11.2 Die diakoniologiese faset ten opsigte van die *karakter* van die kategese as amptelike diens in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Diakoniologies word die karakter van die kategetiese onderrig aan die Kaap bepaal deur twee feite: Eerstens deur die feit dat die Kaap, uit kerklike oogpunt gesien, eintlik net 'n uitbreiding was van die gebied van die Klassis Amsterdam: dit was eerstens streng gereformeerd en tweedens, is die godsdiensonderwys van die opgroeiende kerkjeug aan die Kaap feitlik heeltemal aan die huis en die skool toevertrou. Van die kerkkatkisasie word min gehoor want daarvan het niks tereg gekom nie. As kategese diakoniologies beskou word as *kerklike diens*, is dit vanselfsprekend dat die opdrag ten opsigte van kategese 'n **ampsopdrag** is. Dit beteken dat die predikant wat as bedienaar van die Woord beroep is, die werklike kategeet in die gemeente moet wees. Vir die grootste gedeelte van geskiedenis van die kategese in Suid-Afrika van 1652 tot 1858 is hierdie beginsel van die kategese nie toegepas nie of net gedeeltelik toegepas. In die tyd van die sieketroosters en die vroegste predikante in Suid-Afrika is die kategese aan die skool oorgelaat, waar óf die sieketroosters óf die onderwysers as kategete opgetree het. Hier en daar egter het 'n predikant aandag geskenk aan die kategetiese onderwys. In hierdie opsig kan die naam ds. Goldbach genoem word wat persoonlik besondere aandag aan die kategese geskenk het. Die Sinode van 1824 het besluit dat die godsdiensonderwys een van die hoofpligte van die predikante is. "Die afneem van belydenis is alleen aan die lerare aanbeveel, wat daarby vergesel sal word deur een of meer ouderlinge."

### 6.11.3 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Die leeruitkoms van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika het baie nou aangesluit by die situasie in Nederland rakende die Dordtse Sinode. Die kategese aan die Kaap is ook drieërlei geïnterpreteer: huis-, skool- en kerkkatkisasie. Uit die beskikbare bronne blyk dit dat van kerkkatkisasie weinig tereg gekom het en dat die onus baie swaar op die skool gelê het vir godsdiensonderrig aan die jeug. Die leeruitkoms van die kategese in hierdie opsig was "voor onse kinderen om hen de saligmaekende gronden des geloofs in te planten en tot een teedere wandel voor des Heeren aengesigt aen te seten" soos A. Franken in sy boekie *Kern der Christelyke Leere* (1725) geskryf het. Dit gaan om die bevordering van kennis en 'n Godsalige lewenswandel wat in die lig van die kennis opgedoen word. Die leeruitkoms van die kategese is gesien as voorbereiding vir die toelating tot die nagmaal en om mondige lidmaat van die kerk te wees. Die kinders moet goeie Christelike en sedelike gewoontes geleer word. Die Sinode van 1824 het die leeruitkoms van die kategese ook só gesien: Dit word deur die Kerkraad aan Klassis Amsterdam gerapporteer: "Voor de teedere jeugd in de school, van de Kompanje opgericht, worden alle avonden gebeden uitgestort, en geoefend in de grond van de religie om dezelven zo veel mogelijk de godsvrucht voor te houden." En verder: "De teedere jeugd in de school de beginselen en gronden van de godsdienst ingeboezemd, en moeten alle Zondagen in de kerk de vragen van den Heidelbergse Catechismus beantwoorden."

Die leeruitkoms van die kategese volgens die Skoolordonnansie van Chavones[483] was: "Tot die opbou van 'n goeie kolonie en vir die welsyn van die land is dit belangrik dat die jeug van kindsbeen af goed opgevoed word en in die vrees en regte kennis van God en alle goeie kunste en sedes onderwys moet word, waarvoor veral nodig is bekwame en Godvresende leermeesters." Die Sinode van 1826 het die leeruitkoms van die kategese ook gesien as "voor degenen die Belijdenis wenschen te doen".

### 6.11.4 Die faseologiese faset ten opsigte van die *objek* van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Die objek van die kategese is op menige plekke in die periode 1652 tot 1858 gesien as "de teedere jeugd in de school". Dat dit onderrigleer aan gedooptes moes wees, was nie ter sprake nie. Daarom kon gereël word "dat die elementêre godsdiensonderwys in die skole aan blank en

483 Maurits Pasques de Chavonnes is in 1654 in Den Haag gebore en was Goewerneur aan die Kaap van 1714 tot 1724 met sy afsterwe.

nie-blank gegee is". Die slawekinders is ook gesien as objek van die kategese: "slawekinders wat na skole, waar hulle leer lees en skryf en hulle onderrig word in die vrae van die Christelike Kategismus en hulle dit elke Sondag moet opsê". Op 10 Maart 1710 is onder leiding van Goewerneur-Generaal Joan van Hoorn, in oorleg met die predikante Johannes Martens en Johannes Godefridus d'Ailly besluit dat die Kategismusvrae op Sondagmiddag deur die blanke kinders alleen voor die preekstoel beantwoord moet word. Die ander kinders mag ook deur die Voorleser, voordat hy begin om te lees, soos in Batavia, ondervra word. Die vasstelling van die objekte aan wie die kategetiese onderrigleer gegee is, is soms breed gedefinieer: Die kategetiese onderwys aan die Kaap aan blanke kinders, slawekinders en bejaardes is in die eerste plek deur die skool behartig. Die Kerk het die nodige toesig gehou en die werk van die skool, hetsy openbare of private skole, gekontroleer met die opsê van die vrae in die Kerk by die middagdiens.

### 6.11.5 Teosentriese faset ten opsigte van die *Subjek* van die kategese, ons Drie-enige Verbondsgod, in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Die kerke het in die periode 1652 tot 1804 op die spoor van hulle Nederlandse verbinding, geleer dat God die Subjek van die kategese is, hoe swak die kategese ook al bedryf is. In die tydperk wat die kerke onder jurisdiksie van die staat was, het die staat homself gesien as die subjek van die kinders se opvoeding. In die Kerkorde van de Mist is geskryf van 'n "Hoër Wese" wat nie God is wat Hom in die heilige Skrif openbaar het nie. In werklikheid staan alle godsdiensonderrig (dus ook die kategese) onder die onmiddellike toesig en bestuur van die Goewerment. Dit was 'n aspek van die besware wat gelei het tot die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

### 6.11.6 Die didagonale faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Die leerinhoude van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika was eerstens te vind in die *Statebybel* wat gereeld voorgelees is en tweedens die *Heidelbergse Kategismus*. 'n Leerboek vir voorbereiding vir die kategese was die *Kort Begrip* van Faukelius. "Die werklike toestand aan die Kaap was dus dat die kinders in die gereformeerde leer, want die 'vrae' was die vrae uit die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus, dus onderwysing ontvang het in die Christelike leer." Die *kategismuspreek* was ook deel van die kategese en die inhoud van die Heidelbergse Kategismus is verduidelik na die verklaring van Ursinus of dié van Landsberghius. Deel van leerinhoude was die praktyk dat die kinders "met Schriftuurplaats twee, drie bewijzen"

kan gee ten opsigte van die inhoud van die Kategismusvrae. Die kinders moes ook leer om *Psalms* te sing en ook onderrig word in die *Christelike gebede*. In 'n skrywe aan die Klassis Amsterdam meld die Kaapse kerkraad dat die kinders in "*de gronden van de goddelijke waarheden*" ingelei word en dat hulle onderrig word in "*de beginselen van de leer der waarheid*". Ooreenkomstig die bevatlikheid van die kinders is hulle onderrig in die Onse Vader, die tien Gebooie, die Geloofsartikels, die aand- en môregebed, die gebede voor en na die ete en ook die gewone gebede, en verder die vrae en antwoorde uit die Heidelbergse Kategismus. Dít dui op die volledige kurrikulum wat in die kategese gevolg is.

### 6.11.7 Die Metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes* en *aanbieding* van kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Die metodologiese faset van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika was hoofsaaklik erotematies, vrae en antwoorde. Die kategismuspreek elke tweede Sondag het gedien as verduideliking of uitleg van die besondere Sondagsafdeling van die Kategismus.

### 6.11.8 Die Praktykgerigte faset van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika

Die praktyk van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika het van tyd tot tyd gewissel na gelang van die praktiese omstandighede van die plaaslike kerke. Omdat die kategese hoofsaaklik *skoolkategese* was, word enkele gegewens insake die praktyk van die kategetiese onderrig weergegee.

- Die kinders moes die Heidelbergse Kategismus aan die hand van die Kort Begrip voorberei en na die erediens is die vrae aan hulle gestel waarop hulle geantwoord het. Die *kategtiese metode* wat gevolg is, was hoofsaaklik die *erotematiese metode*.
- Vanweë die karige middele wat in die gemeentes beskikbaar was, bestaan die praktyk van die kategese nie uit veel meer as net die metode van vraag-en-antwoord nie.
- Met die koms van ds. H.R. van Lier en ds. M.C. Vos het daar nuwe belangstelling en ywer gekom vir die kategetiese onderrig. Ds Van Lier het die toestemming van die regering gevra om eenmaal per week 'n kort preek of katkisasie te hou op 'n Maandag- of Donderdagmiddag. In verband met ds. Vos meld die Kerkraadsnotule van 2 Mei 1694 dat daar 'n nuwe ywer en voorneme by hom was ten opsigte van die kategese. By die bepaling van die kategetiese situasie aan die Kaap en later ook in die binneland, veral deur die Groot Trek, moet in gedagte gehou word dat die Bybel en godsdienstige boeke nie net gevind word by die siektroosters en die voorlesers nie. Hierdie boeke het ook 'n plek gehad in die huise van gewone lidmate.

- Ds. Van Lier se optrede getuig van sy ywer ten opsigte van die kategetiese werksaamhede. Hy het hom selfs daarvoor beywer om die Hottentotte in die heilswaarhede te onderrig en vir dié doel het hy van die Kort Begrip gebruik gemaak. In die notules van die Kerkraad is opgeteken hoeveel "sodanige persone op die 'Kort Begrip' van die Chrtistelike Religie tot lidmate aangeneem kan word".
- Op 2 April 1706 rapporteer ds Petrus Kalden aan Klassis Amsterdam in verband met die eerste byeenkoms en onderrig van die kinders op 'n Woensdag in die kerkgebou: "Wij hebben, om de teere Jeugt nog meerder aanlijding te geven, en de gronden van de goddelijke waarheden in te lijden, behalven de private een publyke Catechizatie, dat noyt voor desen hier gedaan is, ingestelt, moetende de Schoolmeesters alle Woensdagen haar schoolkinderen, onder 'tluyden van de kerkklok, selfs in de Kerk lijden; alwaar dan een gebed gedaan, gesongen, en de beginselen van de leer der waarhijd haar ingeboesemt en daar in onderwesen worden, twelk, onder Gods goedhijd, sodanig toeneemt, dat aldaar niet alleen over de 120 kinderen toevloyen, maar ook bejaarde comen aanhooren, waaruyt wij, onder Gods goedhijd, nog een Catechizatie voor Bejaarde formeren sullen."

# HOOFSTUK 7
# GEDURENDE DIE EERSTE VYFTIG JAAR 1859 - 1909

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 7

## GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE EERSTE VYFTIG JAAR VAN 1859 TOT 1909


7.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ....................193

7.2 Voorbereidende fase vir die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. ....................193

7.2.1 Die stryd van die "Doppers" in die beginfase. ....................193

7.2.2 Die lewenswyse van die "Doppers". ....................194

7.2.3 Die kern van die verset teen die kerklike omstandighede. ....................195

7.3 Koms van ds. Dirk Postma en die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Februarie 1859 ....................196

7.4 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke (1859) tot met die eerste Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1862, te Reddersburg. ....................197

7.4.1 Die begin van die kategetiese arbeid. ....................197

7.4.2 Die handboekie van Borstius. ....................198

7.4.2.1 Die ontstaan van Borstius se boekie. ....................198

7.4.2.1.1 Die skrywer, ds. Jacobus Borstius. ....................198

7.4.2.1.2 In Borstius is die ware Gereformeerde leer. ....................199

7.4.2.2 Die geskiedenis van Borstius in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. ....................200

7.4.2.3 Die slottoneel in die geskiedenis van Borstius in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ....................201

7.4.3 Die Kort Begrip as katkisasiehandboek ....................201

7.4.3.1 Die ontstaan van die Kort Begrip ....................201

7.4.3.2 Die ingebruikneming van die Kort Begrip. ....................202

7.4.3.3 Die verspreiding van die Kort Begrip. ....................203

7.4.3.3.1 Nederland en Noord-Amerika. ....................203

7.4.3.3.2 Suid-Afrika. ....................203

7.4.3.3.3 Die vervanging van die Kort Begrip. ....................204

7.4.3.3.4 Verklarings by die Kort Begrip. ....................204

7.4.4 Die katkisasieboek van Hellenbroek ....................205

7.4.4.1 Die ontstaan van Hellenbroek ....................205

7.4.4.2 Die skrywer van "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden". ....206
7.4.4.3 Uitbreiding van die "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen" van Hellenbroek ....206
7.4.4.4 Die gebruik van Hellenbroek se "*Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen*" in Suid-Afrika....207
7.5 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die eerste Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1862, te Reddersburg tot met die derde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1866, te Reddersburg. ....208
7.6 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die derde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1866, te Reddersburg tot met die vyfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1873, te Burgersdorp....209
7.6.1 Vrae by die aflegging van geloofsbelydenis ....209
7.6.2 Die aanleer van die teksverse in die Kort Begrip ....212
7.6.3 Verslae ten opsigte van kategese in die jaarlikse Almanak....212
7.7 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die vyfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1873, te Burgersdorp tot met die sesde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1876, te Reddersburg....212
7.7.1 Handboeke vir kategetiese onderrig. .... 212
7.7.2 'n Wekroep ten opsigte van kategetiese onderrig ....213
7.7.3 Ouderdom by die aflegging van geloofsbelydenis ....213
7.8 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die sewende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1879, te Burgersdorp tot en met die agste Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1882, te Middelburg..214
7.8.1 "Opwekking voor Leeraren en Ouderlingen"....214
7.8.2 Ouderdom van katkisante ten opsigte van belydenisaflegging. ....215
7.8.3 Nalatigheid ten opsigte van kategetiese onderrig....215
7.8.4 Getuienis ten opsigte van kategetiese onderrig. ....215
7.8.5 Die gebruik van handboeke in die kategetiese onderrig....216
7.8.6 Kategese en die Gereformeerde Kerk in St. Januario Humpata. ....216
7.9 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die tiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1888, te Middelburg, KP, tot en met die elfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1891 te Rustenburg. ...217
7.9.1 Onderrig in die skole. ....217
7.9.2 'n Lesblad en lesrooster vir orde in die kategetiese onderrig. ....217
7.9.3 Die moontlikheid van eksamens in die kategetiese onderrig. ....218

7.9.4 Ds. W.J. Snijman en professor De Cock se verklaring van die Kort Begrip...........218
7.10 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die elfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1891 te Rustenburg tot met die dertiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1897 te Rustenburg. .....219
7.11 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die dertiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1897 tot en met die vyftiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1907....................................219
7.11.1 Kategese Sondae en in die week. ....................................................................219
7.11.2 Verslag deur ds. W. Postma 1904. ..................................................................220
7.11.2.1 Algemene beginsels. ....................................................................................220
7.11.2.2 Die teenswoordige toestand van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. ....................................................................................220
7.11.2.2.1 Positiewe en negatiewe kommentaar...........................................................221
7.11.2.2.2 Oorsake van die negatiewe situasie. ...........................................................221
7.11.2.3 Advies om die situasie die hoof te bied. ......................................................221
7.11.3 Die tydperk 1905 tot 1908. ..........................................................................222
7.11.3.1 Handboeke vir gebruik in die kategese .......................................................222
7.11.3.2 Katkisasieroosters. ......................................................................................222
7.12 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die 50 jaar periode 1859 tot 1909 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. ......................................................................................223
7.12.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1859 tot 1909. ..............................................................................223
7.12.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909. ...........................................................................................224
7.12.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1859 tot 1909. ...........225
7.12.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909.................226
7.12.5 Die *Teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909.................228
7.12.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909.................228

7.11.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909 ..... 229
7.12.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909 ..... 229
7.12.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese ..... 229
7.12.8.2 Die Lesblad ..... 230
7.12.8.3 Die handboeke ..... 230
7.12.8.4 Lokale en hulpmiddele ..... 232

# Hoofstuk 7

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE EERSTE VYFTIG JAAR VAN 1859 TOT 1909

## 7.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

7.1.1 Die prinsipiële gronde vir die kategese soos in die Woord van God aangedui, is in Hoofstuk 2 uiteengesit.

7.1.2 Die historiese gang van die kategese van die ou Christelike Kerk tot en met die Reformasie word in Hoofstukke 3 en 4 opgeteken en beoordeel.

7.1.3 Die geskiedenis van die kategese in die tydperk van die Nadere Reformasie en die Dordtse Sinode (1618/19) is in Hoofstuk 5 onder die loep geneem en beoordeel.

7.1.4 Die ontwikkeling en praktyk van die kategese in Suid-Afrika vir die tydperk 1652-1858 is in Hoofstuk 6 nagevors en beoordeel.

7.1.5 Die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 tot 1909 word vervolgens in Hoofstuk 7 aan die orde gestel.

## 7.2 Voorbereidende fase vir die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

### 7.2.1 Die stryd van die "Doppers"[484] in die beginfase

Die jare 1652 tot 1858 was in mindere of meerdere mate voorbereidende jare vir die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In 1859 is die Gereformeerde Kerk gestig; daar is toe teruggekeer na die leer, diens en tug van die vaders. In hoofsaak was die beswaar van die

[484] Vir baie mense is die woord *dopper* 'n skeldnaam. Vir die lidmate van die Gereformeerde (*Dopper*) Kerke is dit egter 'n erenaam. Die oorsprong van die woord *dopper* is egter nie bekend nie. Baie mense sê dat die naam *dopper* van die woord domper kom. 'n Domper is 'n metaaldoppie waarmee 'n kers geblus is. Die redenasie was dus dat die Gereformeerdes "liguitdowers" is omdat hulle teen die nuwe "lig" van die liberalisme gekant was. 'n Ander standpunt was dat die woord *dopper* afgelei is van dorper. Dit sou beteken dat die woord verwys na mense wat ver van die dorpies gewoon het en "backvelders" was. Tot op hede is dit egter nie seker waar die woord *dopper* vandaan kom nie en ook nie wat die betekenis van die woord is nie.

"doppers" gemik teen 'n nuwe gees en rigting in die kerklike lewe wat saamgetrek het in besware aangaande en stryd teen die Gesange. Die beswaardes het gemeen dat in leer, kerkregering en liturgie afgewyk is van die ou gereformeerde en beproefde spoor, soos vasgelê deur die Dordtse Sinode 1618-1619.[485] Dit is begryplik dat die Gereformeerdes, as hulle met kommer die steeds toenemende vrysinnige denkbeelde in die Nederduits Gereformeerde Kerk moes gadeslaan, in die Gereformeerde Kerke juis met groot ywer sou toesien dat die Christelike leer, wat vir hulle dierbaar was, suiwer gehou word. Dit kon nie beter en met meer krag gedoen word as in die kerklike onderrig wat bestaan het uit die prediking, vermaninge in die herderlike werk en ook in die kategetiese onderrig van die kinders van die gemeente nie. Vandaar die suiwer prediking met die sterk leerstellige inslag; daarom ook die gestrengheid in die leer en die lewenswandel, en daarom ook die begeerte om die kategese so deeglik moontlik tot eer van God te laat geskied. Daar het vervreemding gekom tussen die lidmate en die Kaapse kerk met die koms van die nuwe wêreldse rigting ná die omwenteling van die Franse Rewolusie in Europa (1789) en veral ná die opstel van 'n nuwe kerkorde aan die Kaap deur Kommissaris-generaal De Mist (1803). Die vervreemding het verdiep ná goewerneur Jansens die Kaap op 19 Januarie 1806 formeel aan die Britse bewind oorgegee het en hulle onder die beheer van vreemde hande beland het. Dit het veroorsaak dat die binneland van die Kaapkolonie van die res van die Suid-Kaap vervreem is: die maatskaplike en veral die godsdienstige veranderinge was vir die stoere, gereformeerde Boer in die binneland, iets uit die bose.[486]

### 7.2.2 Die lewenswyse van die "Doppers"

Die ontwikkeling van die kerkgeskiedenis van 1652 tot 1858 gaan deur 'n groot aantal fases wat die aanleidende oorsaak was vir die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1859. Die dringendheid van die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het sterker en sterker na vore gekom vanweë die insypeling van die Liberalisme op kerklike terrein. Die dringendheid het stap vir stap verdiep vanweë die aanvaarding van die Kerkorde van De Mist in 1803 en die opkoms van die Metodisme en die Piëtisme deur die invoer van Skotse en Engelse predikante. Onder invloed van die Liberalisme[487] en die Metodisme[488] was die prediking en kategese onsuiwer. Die verset van die grensbewoners, later bekend as "Doppers", neem toe as gevolg van die liberale Doopsformulier, die gevoelsgodsdiens (piëtisme) in die Gesangeboek en

485 Van der Vyver, 1958:153.
486 De Wet en Coetzee, 1943:90.
487 Vergelyk HANEKOM, T.N. 1951. Die Liberale Rigting in Suid-Afrika. 'n Kerkhistoriese Studie. Stellenbosch : Die Citadel Pers, Kaapstad.
488 Vergelyk DU TOIT, J.D. 1903. Het Methodisme. Vrije Universiteit, Höveker en Wormser.

die Metodistiese opwekkingsbeweging wat plaasgevind het. Die "Doppers" het 'n sterk vryheids-, regverdigheids- en eerlikheidsin gehad; hulle was streng Calvinisties en het die lewe volgens die Statebijbel, wat hulle daagliks gelees het, ingerig. Mense wat met die kerksituasie ontevrede was, was gesetel noord van 'n lyn wat getrek kon word van Barkly-Oos na Britstown oor Cradock en Victoria-Wes. Hulle word sedert 1830 in die gebied noord van bogenoemde lyn en suid van die Oranjerivier gevind. Na die stryd in die gemeentes van Cradock (1833), Colesberg (1841-1860), Burgersdorp en Bloemfontein (1847-1860) het die stryd en verdeeldheid verder gegroei in die kerklike omstandighede in Transvaal. Hulle het hulle heftig gekant teen die Nederduits Hervormde Kerk van Transvaal omdat dit homself 'n staatskerk verklaar het. Die ideaal om 'n kerk te hê wat weer tot die oorspronklike gereformeerde beginsels terugkeer, is vanweë die omstandighede in die kerk nie verwesenlik nie. Die breuk het al hoe dieper geword namate dit al meer en meer gegaan het om 'n terugkeer na die oorspronklike Gereformeerde Belydenis en Kerkorde in die praktyk van die kerk, prediking en kategese. Omdat die Doppers baie ver (soms tot 500 km) van die naaste plek waar eredienste gehou is, gewoon het, kon hulle "hoogstens een maal per jaar Kaap toe gaan vir inkope, huwelike, sakramentsbediening, ens."[489] Normaalweg sou mens verwag dat so 'n gemeenskap wat in algehele afsondering lewe, ten opsigte van hulle lewens sou verwilder. Dit het egter nie gebeur nie. Afgeleë op hulle plase het die doppers 'n vaste godsdienstige patroon in hulle daaglikse lewe gehandhaaf waarvan die godsdienstige onderrig van die kinders 'n belangrike deel uitgemaak het.

### 7.2.3 Die kern van die verset teen die kerklike omstandighede

In 1856 kla ouderling Philippus Snyman van Rustenburg by president M.W. Pretorius dat hulle *"nie geleer en bestuur word volgens ons Christelike Geloofsbelydenis wat deur ons Nasionale Sinode van Dordtrecht in 1618/1619 vasgestel is nie"*.[490] Die verset van die lidmate het op twee kardinale punte saamgetrek: (1) Handhawing van die Gereformeerde Belydenis en (2) die beginsels van die Dordtse Kerkorde. Die belydenis oor die wese van die kerk (NGB Art. 27-29) bepaal die vorm van kerkregering (NGB Art. 30). Hierdie beginsels vir die kerkregering word nader in die Dordtse Kerkorde neergelê en omskryf. Die ander strydpunt was die kwessie van die staatskerk. Die beswaardes het begin soek na 'n eie predikant wat in belydenis en kerkregering die beginsels van Dordtrecht 1618/19 sal handhaaf.

489 Spoelstra, 1963:22.
490 Jooste, 1958:45; d'Assonville, 1992:218.

## 7.3 Koms van ds. Dirk Postma en die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Rustenburg, 10-12 Februarie 1859

Op die agenda van die Christelijke Gereformeerde Kerk se Sinode te Leijden, 3 tot 17 Junie 1857, was onder andere "de correspondentie met buitelandsche kerken".[491] Die Sinode het kennis geneem van die godsdienstige situasie in die Transvaalse Republiek. Die Sinode te Leijden het met 'n simpatieke oor geluister na die omstandighede in die Transvaal. Derhalwe besluit die Sinode om 'n afvaardiging na die Transvaal te stuur. Die Sinode was oortuig dat die Kaapse Kerk, wat volgens hulle mening dieselfde bely as die Christelijke Gereformeerde Kerk, na soveel noodkrete oor die geestelike nood in Transvaal, hulp vanuit Nederland van harte sou verwelkom.[492] Die Sinode besluit hierby om twee afgevaardigdes na die Transvaalse Republiek te stuur.[493] In Oktober 1857 benoem die Sinodale Kommissie, ds. N.H. Droster van Almkerk en ouderling J. van Andel van s'Hertogenbosch. Ds. Droster aanvaar nie die benoeming nie waarop ds. Dirk Postma van Zwolle op 19 November 1857 beroep word vir "de geestelijke behoeften der Transvaalsche Republiek".[494] Ouderling Van Andel bedank ook vir die benoeming waarop ds. Postma alleen die tog na Transvaaal onderneem. Van hierdie optrede van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland weet die beswaardes in Rustenburg reeds sedert 1857 en vertrou dat hulle uit daardie oord hulp sal kry. Op 22 April 1858 vertrek ds. Postma op die "Estafette" uit die hawe Nieuwe Diep vir die reis na Suid-Afrika. Op 9 Julie 1858 stap ds. Postma aan wal aan die voetheuwels van Tafelberg. Op 1 Augustus 1858 vertrek ds. Postma per skip uit Tafelbaaihawe op reis na Durban. Op 20 Augustus 1858 stap hy in Durban aan wal. Op 11 Oktober 1858 ontmoet twee broers uit Rustenburg, PH. Snyman en D. Kruger, hom en begelei hom na Rustenburg. Op 6 November 1858 kom hulle te Buffeldoorns, naby Potchefstroom, aan waar ds. Postma in 'n erediens voorgaan aan huis van ouderling P. Schutte. Op 10 November 1858 bereik hy sy bestemming, Rustenburg. Nadat die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Januarie 1859 geen tegemoetkoming aan die beswaardes wil verleen nie, is hulle gedwing om volgens hulle gewetens te handel. Op 10-12 Februarie 1859 het meer as 300 volwasse lidmate en ongeveer 500 dooplidmate in Rustenburg bymekaar gekom. Daar is ouderlinge en diakens gekies en bevestig en 'n gemeente gestig. Hulle beroep ds. Dirk Postma amptelik as predikant van die nuutgestigte gemeente, Rustenburg, en hy aanvaar die beroep wat op hom uitgebring is. Die gemeente van Rustenburg was die eerste gemeente van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In hierdie hoofstuk word

491 Van der Vyver, 1958:159.
492 Van der Vyver, 1958:165.
493 Van der Vyver, 1958:166.
494 V.E. d'Assonville, 1992:218.

verder gekonsentreer op die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die eerste vyftig jaar, van 1859 tot 1909.

## 7.4 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke (1859) tot en met die eerste Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1862, te Reddersburg

### 7.4.1 Die begin van die kategetiese arbeid

Drie jaar het verloop sedert die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op 10-12 Februarie 1859 totdat die eerste Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika saamgekom het. Van die begin af is die saak van die kerkjeug met erns bejeen. Die eerste Algemeene Synodale Kerkvergadering, 1862, te Reddersburg, laat 'n wekroep hoor ten opsigte van die kerkjeug: "Door den Voorzitter, werd eene herderlijke opwekking, aan deze vergadering, gedaan, inzonderheid aan de broeders Opzieners, om zoo veel mogelijk bij de openbare zamenkomsten, ook den jongen, de eerste beginselen, in't openbaar in te scherpen, alsmede de meerdere volwassenen, - 't welk met liefde werd aangenomen."[495] In die woorde van Deuteronomium 6:6-9[496]word die "broeders Opzieners" gewys op hulle plig ten opsigte van die kerkjeug.

---

495 Spoelstra, 1963:24.

496 *"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte. Die Here jou God sal jou bring in die land waarvan Hy met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om vir jou groot en mooi stede te gee wat jy nie gebou het nie."* Die sentrale boodskap van Deuteronomium staan in Hoofstuk 6:4-5. Die Here (Jahwe) is die enigste ware God en Israel is aan Hom en aan Hom alleen alle liefde, trou en lojaliteit verskuldig (Kyk ook Deut. 6:14-15). Deuteronomium 6:7-9 toon aan hoe die belydenis van vers 4-5 verwerklik moet word. Die woorde van God moet deur Israel ter harte geneem en heelhartig uitgeleef word. Vers 5 beskryf wat dit beteken om die woorde van God in jou hart te dra: *"Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag"* (vgl. ook Ps. 119:11; Matt. 22:37). Liefde is 'n verbondsterm met die betekenis van eerbiedige vrees en lojaliteit, asook gehoorsaamheid van 'n kind tot 'n vader. Hoe dit alles tot uitdrukking kom in die huislike lewe en in die vader-kind-verhouding word in vers 7-9 uiteengesit. Daar is drieërlei wyses waarvolgens Israel die opdrag om God lief te hê, kan nakom: a) God se woorde moet in hulle harte wees, b) hulle moet dit vir hulle kinders inskerp en c) hulle moet dit as herinneringsteken aan hulleself en hulle huise en poorte aanbring. Dit is die ouers se plig om hulle kinders in die verbond uit die Woord van God te onderrig (vers 7) omdat dit 'n deel is van die uitlewing van hulle liefde vir die een en enige God wat hulle eerste liefgehad het en Hom aan hulle in sy verbondstrou openbaar het. Die onderrig moes op 'n besondere wyse plaasvind; by wyse van voortdurende herhaling moes die kind geleer word (vers 9). Die woord wat hier gebruik word om aan te toon hoe die onderrig gedoen moet word (*"inskerp"*), beteken om met 'n skerp voorwerp iets in te graveer. Dit beteken dat die woorde van God by die kind ingegraveer of ingebeitel moet word. Die wyse waarop dit geskied, is voortdurende herhaling. Om te beitel of te graveer beteken dat klein brokstukkies werk met 'n slag gedoen word. Die werk vorder nie met groot spronge nie, maar met klein gedeeltetjies wat noukeurig afgehandel word. Die volgende gedeelte van die werk rus op die suksesvolle afhandeling van die vorige deel. Heel fyn en noukeurig moet daar met elke handeling te werk gegaan word, anders is die produk 'n mislukking. Op dieselfde wyse moet die kinders in die waarheid van God onderrig word. Die opdrag om die verordeninge van God by die kinders in te skerp is 'n opdrag wat daagliks op alle vlakke van die kind se lewe uitgevoer moet word. Só word die kinders onderrig in God se wil; bietjie vir bietjie. Klein gedeeltetjies op 'n gepaste tyd van die kind se lewe. Geleidelik vorder die "graveerwerk", die "inskerp" van God se gebooie. Die vrug van die onderrig word in

Die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1859) te Rustenburg het egter meegebring dat daar nougesette aandag gegee sou word aan die kategetiese onderrig, onderwys en opvoeding van die jeug van die kerke. Die klem val veral op onderrig in die Christelike leer soos deur die Kerk verstaan. Die stigters van die Gereformeerde Kerk het uit die staanspoor reeds besef wat die groot waarde van 'n regte opvoeding, sowel skool- as huislike opvoeding, is.[497] Maar hoe moes die praktyk van die kategetiese onderrig plaasvind anders as met behulp van die skool? Die predikante, aan die begin net een (ds. Dirk Postma) en later vir baie jare 'n klein aantal, kon onmoontlik al die kategetiese arbeid vir hulle rekening neem. *Daarom word die katkisasie van die laaste helfte van die 19e eeu en die begin van die 20e eeu gekenmerk deur 'n beleid, wat dikwels 'n worsteling was, om veral die kategetiese onderrig van die jonger kinders deur die skool gedaan te kry in ooreenstemming met die katkisasiepatroon van die Dordtse Sinode.* Terwyl die opkoms van die Sondagskool in hierdie jare gesien word soos dit in die NG Kerk ontwikkel het, is dit in die Gereformeerde Kerke daardeur kenmerkend dat die katkisasie nog nie wil uitgroei op die patroon van die Dordtse Sinode nie. Die gereelde prediking waarin die Heidelbergse Kategismus vir die gemeentes verklaar en toegepas word, is deur die aanvaarde Kerkorde herstel. In vakante gemeentes moes die ouderlinge die kinders deeglik in die Heidelbergse Kategismus met die Kort Begrip katkiseer.[498] Op 9 September 1861 vind daar 'n openbare vergadering,[499] te Burgersdorp plaas waarop teenwoordig is verteenwoordigers van die Kerkrade van Burgersdorp, Middelburg, KP, Colesberg, Philippolis en Aliwal-Noord.[500] Op hierdie vergadering is daar onder andere gehandel "over ***vraagboekjes***. De vergadering bekend gestelt dat de Vraagboekje van Borstius en Kort Begrip verdeeld in afdeelingen met teksverse, soo alsdat door de Leeraren aan de School te Kampen in Nederland is uit gegeven, hier te lande ook zal gedrukt moet worde, daar de sorg der twee Leeraren deser Kerke het een enkel maar

---

Deuteronomium 6:20-25 genoem. As die kinders die ouers vra wat die betekenis daarvan is dat die verordeninge van die Here by hulle ingeskerp is, is daar 'n tweeledige antwoord. Eers die antwoord op die "*waarom*"-vraag: Die kinders moet vertel word van die groot dade van God rakende die verlossing van die volk uit Egipte. Hulle moet God leer ken en dien as die Verlosser van sy volk uit die slawerny van Egipte (Deut. 6:21-23). Hulle lewe kan nie gods-diens wees as hulle God nie ken soos Hy Hom geopenbaar het nie; dan eers kan die kinders weet Wie hulle moet dien. Dan kom die antwoord op die "*waartoe*"-vraag: "sodat dit altyd goed kan gaan met ons en sodat ons kan bly lewe soos dit nou die geval is" (Deut. 6:24-25). Hier word gewys op die lewe van dankbaarheid vir die verlossing wat onverdiend van God ontvang is. Deuteronomium 6 beklemtoon die betekenis van en verantwoordelikheid met betrekking tot die godsdienstige onderrig van verbondskinders. God se opdrag is dat elke verbondskind onderrig moet word in die verlossingsdade van die Drie-enige Verbondsgod (Deut. 4:44 - 6:25). Die ouers het die besondere en primêre opdrag om die kinders hierin te onderrig. Maar naas die ouers het die priesters ook as leermeesters opgetree (Deut. 33:10; Miga 3:11; Mal. 2:7). Die amptelike onderwys van die priester was noodsaaklik, omdat God 'n verbond met die volk gesluit het, en die onderrig dus verbondsonderrig was. Na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap het die Leviete die priesters bygestaan in die onderrig van die volk (Neh. 8:9). God se opdrag in Deuteronomium was dus ook 'n ampsopdrag (2 Kron. 15:3; Lev. 10:10; Eseg. 22:26).

497 De Wet en Coetzee, 1943:90.

498 Spoelstra, 1963:184.

499 Dit was nie 'n vergadering van meerdere kerkrade, 'n klassis of Sinode nie, maar 'n vergadering van lidmate wat hulle besonderlik geywer het vir die saak van kategetiese onderrig.

500 Argief Burgersdorp, Kerkraad, 1860.01.21 tot 1869.12.23. Liasseer: 1.1.1 – Kerkargief Potchefstroom. Artikel 5.

maakt de Voorsitter de opsieners merkzaam dat het kleine boekjes van TC Wedler hoewel geen dwalingen bevattende ewenwel de Leer mist waarom hy dat nevens Borstius nie kan stellen en vermaand om te blijven bij de bekende en vertrouende leerboeken der kerk. Hierop laat Zeerw, volgens eene ernstige opmerking aan voorgangers vir gemeenten tot eene deuglijke opvoeding der kinderen met besorging van bekwaam onderwijs. Ook dat bij het christelijke bronnen de ledigheid in achtgenomen worde aangaande het gemors. En dat men liever zijn eigen koope dan alle pronkerig leene of hure elk naar zijn stand".[501]

Aangesien die boekie van Borstius en die Kort Begrip as katkisasie-handboekies in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika so 'n groot invloed gehad het, word 'n breër bespreking vervolgens aan elkeen gewy.

### 7.4.2 Die handboekie van Borstius

#### 7.4.2.1 Die ontstaan van Borstius se boekie

##### 7.4.2.1.1 Die skrywer, ds. Jacobus Borstius

Ds. Jacobus Borstius is op 15 Julie 1612 gebore en sterf op 1 Julie 1680. In 1637 het hy proponent in die klassis van Haarlem geword en is in Maart 1638 as predikant van Wormerveer en Zaandijkbevestig. Vanaf 1643 bedien hy die gemeente in Dordtrecht en vanaf 1654 die gemeente in Rotterdam. Hy was 'n goeie en gewilde prediker.

##### 7.4.2.1.2 In Borstius is die ware Gereformeerde leer

Sedert die vroegste dae van kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is nogal moeite gedoen om die ware Gereformeerde leer vir die jeug in te skerp en teen die bestryders van die leer te bewapen. Dog, helaas! "Men verliet van lieverlede dat goede spoor en men voerde verschillende vraagboekjes in, die niet meer te vertrouwen waren in opzicht tot de Gereformeerde leer, en die vervingen de kerkelijke vraagboekjes."[502] So is die jeug buite en soms teen die Gereformeerde leer onderrig en opgevoed.

---

501 Verslag byeenkoms insake kategese 9 September 1861, te Burgersdorp.

502 Verboom, 1986:237.

### 7.4.2.2 Die geskiedenis van Borstius in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Wat die geskiedenis van "Borstius" in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, lees ons die volgende:

1. In die eerste "Almanak van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika van het jaar 1871", word vermeld dat die katkisasie vir die klein kinders volgens Borstius gehou is en moet word.
2. In "De Maandbode" van Augustus 1883 maak ds. L.J. du Plessis ook melding van die algemene gebruik van "Borstius" by die onderrig van die klein kinders.
3. In die katkisasie-rooster van ds. J.L. Maury van Potchefstroom (in "De Maandbode" van Mei 1887) blyk duidelik dat die sogenaamde *"pandjies-Borstius"* in gebruik was, want die les-opgawes uit "Borstius" geskied elke keer per een kolom van die dubbelkolom-bladsye: die pandjies sien op die twee kolomme waarin die bladsye gedruk was. Op die "Algemene Synodale Kerkvergadering" van 1897 (artikels 124 en 127) is gehandel oor die uitgawe van die katkisasieboekies met die besluit "eene commissie te benoemen om in overleg te treden der commissie de uitgave van 'Borstius' en 'Kort Begrip' op zich te nemen".
4. In "De Almanak" vir 1904 (bl. 78) is daar vir die eerstekeer die byvoeging gemaak; ten opsigte van Leerboeke: "Kort Begrip met teksten en 'Borstius' of 'Kindervragen'. Die boekie van Borstius word dus in die omwandeling soms kortweg "Kindervragen" genoem. Hier begin die eerste tekens van wegdrywing van "Borstius".
5. Op die "Algemeene Synodale Kerkvergadering" van 1907 (art. 103) kom 'n voorstel ter sprake: "de Synode spreekt uit, dat het wenschelijk is dat het boekje van Borstius door een ander vervangen wordt". Die Sinode verwys in hierdie opsig "naar de bestaande bepaling aangaande leerboeken". Die Sinode laat dus die saak by die bespreking.
6. In "De Almanak" van 1911 (bl. 115) word die leerboeke vir die kategetiese onderrig genoem, naamlik: "Borstius of kindervragen" en H. Visscher[503] se "Bijbelsche Geschiedenis".
7. In "De Almanak" van 1913 (bl. 97) word die lysie boeke vir Kategetiese onderrig genoem: "Borstius of Kindervragen", ds. L.P. Vorster se korte vrae en antwoorde vir die kinders van die Gelowiges en H. Visscher se "Bijbelsche Geschiedenis".
8. In "De Almanak" van 1918 (bl. 65) word die rubriek "Katechisatie" vir die laaste keer gepubliseer en steeds word verwys na "Borstius of Kindervragen", ds. L.P. Vorster se korte vrae en H. Visscher se "Bijbelsche Geschiedenis" word steeds genoem.

503 Ander publikasies van Hugo Visscher is: "Korte Vragen en antwoorden uit de Bijbelsche Geschiedenis voor de kinderen van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika". 1909. Pretoria: Van der Reyden. En: "Tafereelen uit de Kerkgeschiedenis: 'n Leerboek voor School en Huis. 1896 (?). Amsterdan & Kaapstad: Dusseau.

9. In 1921 verskyn die bekende "Katigisasie Boekie" van ds. J.H. Kruger. Die katkisasie-boekies van ds. L.P. Vorster, H. Visscher en ds. J.H. Kruger het "Borstius" langsamerhand vervang.

#### 7.4.2.3 Die slottoneel in die geskiedenis van Borstius in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die slottoneël in die geskiedenis van "Borstius" in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika speel hom af op die Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1927 (Artikel 70). Nadat Borstius vir 68 jaar as katkisasie-handboekie gebruik, is betree die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n nuwe fase ten opsigte van katkisasie-handboeke. Op daardie Sinodale vergadering is besluit om 'n reeks boekies te laat opstel vir 4 afdelings van die katkisasie: vir afdeling 1 word uit die Bybel vertel, terwyl afdeling 2 en afdeling 3 daaruit lees; verder 'n kort en maklike vraeboekie uit die kategismus vir afdeling 2 en 'n vollediger vraeboekie uit die kategismus vir afdeling 3. Met die uitgawe van "Onderwysing in die Christelike Leer" vir afdeling 4. Volgens die Heidelbergse Kategismus is 'n boekie in 1928 gepubliseer vir gebruik in katkisasies en skole vir kleiner kinders en hiermee het "Borstius" uit die katkisasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verdwyn.

### 7.4.3 Die Kort Begrip as katkisasiehandboek

#### 7.4.3.1 Die ontstaan van die Kort Begrip

Die *Kort Begrip* is in 1608 deur ds. Hermanus Faukelius (ca. 1560 – 9 Mei 1625)[504] van Middelburg in Nederland opgestel en in 1611 gepubliseer. "Dit *Kort Begrip* werd tot twee malen toe door de Synode van Dordtrecht als 'recommendabel' vermeld en sedert 1637 in de kerk boeken achter de psalmen bij de kerkelijke formulieren opgenomen. Dit boekje mist dus officieel kerkelijk gezag, maar wel heeft de Dordtse Synode het eenbevelenswaardig gekeurd voor de nog niet ontwikkelde catechisanten, voor wie de grote Catechismus te moeilijk was."[505] Faukelius is in 1618 afgevaardig om die Dordtse Sinode by te woon. Hy word op die moderamen verkies as assessor en word as Bijbelvertaler van die Nuwe Testament benoem. Tot in daardie stadium is

504 In die artikel van Prof. dr. J. Chris Coetzee ("Die Kort Begrip" as Katkisasie-boek, Die Kerkblad, 4 September 1942) word in die tweede paragraaf eers verwys na *Frankelius* van Middelburg, Nederland, en tien reëls verder as *Fankelius*. Alle ander bronne spel dié teoloog se van as *Faukelius*. In sy boekie "*Kort begrip der Christelijke religie voor die zich willen begeven tot des Heeren Heilig avondmaal*" wat in 1608 gepubliseer is, word die skrywer se van ook as *Faukelius* gespel. Volgens die Christelijke Encyclopedie (Deel III, 1958:23) en Verboom (1986:96) is die skrywer hier ter sprake se van in werklikheid *F a u c k e l*. Hy het sy van *gelatiniseer* tot Faukelius. In hierdie studie word gekies vir die laasgenoemde spelling, nl. *Faukelius*.

505 Christelijke Encyclopedie, Deel III, 1958:23.

die "Corte ondersoeckinghe" van J. à Lasco vir die kleiner kinders in die kategese gebruik. In die praktyk was hierdie boekie van à Lasco problematies, want dit het nie dieselfde leerwyse as die Heidelbergse Kategismus gevolg nie. In 1607 word aan ds Hermanus Faukelius opdrag gegee om 'n Kort Begrip vir kategetiese gebruik op te stel. In die voorrede word meegedeel dat die doel van die boekie die onderwysing is van die onwetendes en die voorligting vir diegene wat hulle vir die eerste maal tot die Heilige Nagmaal wil begeef. Faukelius se Kort Begrip "is bedoeld als leerboekje voor de belijdeniscatechisatie".[506] Verder is die boekie gegrond op die Woord van God en dit volg hoofsaaklik die woorde en orde van die Heidelbergse Kategismus. Die 129 vrae van die Heidelbergse Kategismus is verkort tot 74 vrae in die Kort Begrip. Die Kort Begrip het aanvanklik in Nederland 'n sentrale plek in die kategese verorwer, "daar het praktisch, niet leerstellig, nauwelijks polemisch is en bovendien didactisch gezien van betere kwaliteit blijkt te zijn".[507] Oor die Kort Begrip is daar in die loop van die tyd verskillende handleidings uitgegee vir die gebruik daarvan in die katkisasies. Een handleiding is die van J. van den Honert wat in 1741 verskyn het, maar nie in Suid-Afrika gebruik is nie. Die tweede handleiding is die van ds. P. Nahuys[508], in 1745.

### 7.4.3.2 Die ingebruikneming van die Kort Begrip

Die Kort Begrip self is deur die Sinode te Dordtrecht 1618-1619 aan die kerk besorg. Die "Kort Begrip" van Middelburg, soos dit agter in die Psalmboeke van destyds gedruk is, maak deel uit van die Gereformeerde leer. Sodat die Kort Begrip as "onderwijsboekje" van groter nut kan wees, is dit vroeg al in 12 lesse verdeel. Dit is ook met bewysplekke uit die Bybel verryk. Die Kort Begrip in hierdie vorm is deur P. Nahuys uitgegee. Dié vorm is in 1883 reeds byna tweehonderd jaar oud, indien nie ouer nie. Dieselfde ds. Petrus Nahuys het 'n verklaring, in die vorm van vrae en antwoorde, oor die Kort Begrip geskrywe, wat gebruik word as Katkisasieboek vir die wat hulle vir belydenis van geloof voorberei. Dit dien ook as middel tot weerlegging van die dwalinge teen die ware Gereformeerde leer. Hieruit kan gesien word dat die ou Gereformeerde Kerk in die vroeë jare nogal moeite gedoen het om die ware Gereformeerde leer vir die jeug in te skerp en om hulle teen die bestryders van die leer te bewapen. Dog, helaas! "men verliet van lieverlede dat goede spoor en men voerde verschillende vraagboekjes in, die niet meer te vertrouwen waren in opzicht tot de Gereformeerde leer, en die vervingen de

506 Verboom, 1986:96.
507 Verboom, 1986:237.
508 In die bronne word Ds. Nahuys se van op twee maniere gespel: *Nahuys* en *Nahuis*. 'n Betroubare bron (Verboom, W. 1986. De catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie), spel die naam *Nahuys*. Onder die "Lijst van geraadpleegde literatuur" verwys Verboom na P. Nahuys se Kort Begrip, 8e druk, Dordtrecht, 1738. In die studie sal Verboom gevolg word in die gebruik van die spelling: Nahuys.

kerkelijke vraagboekjes".[509] So is die jeug buite en soms teen die Gereformeerde leer onderwys en opgevoed.

### 7.4.3.3 Die verspreiding van die Kort Begrip

#### 7.4.3.3.1 Nederland en Noord-Amerika

Deur God se genade tree ds. Hendrik de Cock in die eerste helfte van 1800 na vore as hervormer van die kerk. Hy het heel gou die ou Kort Begrip met teksverse in 12 lesse verdeel en die handboekie in die praktyk begin gebruik. Vanaf die eerste Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland, 1836, word die ou kerklike leerboeke, Kategismus en Kort Begrip, weer deur die Kerk in gebruik geneem. Toe baie lidmate veel later uit dié Kerk na Noord-Amerika verhuis het en hulle daar as Gereformeerde Gemeentes gevestig het, versoek hulle die vier professore van die Teologiese Skool in Kampen om meer van die Kort Begrip-boekies te laat druk en aan hulle te stuur.

#### 7.4.3.3.2 Suid-Afrika

Daardie selfde Kort Begrip-boekie het ds. D. Postma, as afgevaardigde van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland, na Suid-Afrika gebring, net soos dit in daardie stadium in Nederland in die praktyk gebruik is. En toe die boekies uitverkoop is, het ds. D. Postma en ds. J Beijer dit laat herdruk. Na die vertrek en oorlye van ds. Beijer het ds. Postma "datzelfde oude Kortbegripboekje, met teksten in 12 lessen verdeel", laat herdruk tot diens van die Kerk en die Kerkjeug, maar dit bly altyd tot op hierdie dag dieselfde onveranderde ou Kort Begrip, wat slegs herdruk is omdat die herdruk telkens weer nodig word. Hieruit kan gesien word dat ds. D. Postma geen nuwe nie, maar die aloue Kort Begrip na Suid-Afrika gebring het. Die Kort Begrip met tekste wat in 12 lesse verdeel is, is herdruk tot diens van die Kerk en die Kerkjeug maar dit bly altyd tot op hierdie dag dieselfde onveranderede ou Kort Begrip, wat slegs herdruk is "een nieuw kortbegrip noemen".[510] Die skrywer hoop dat hierdie historiese toeligting die mense van die dwaling mag genees, en alle ouers en kinders vriendelik opwek. Dit moes die gevolg hê dat die "Oude Kortbegrip met teksten, in 12 lessen verdeeld", met alle liefde en belangstelling geleer en verstandig en gemoedelik bepeins word totdat hulle tot belydenis van geloof kom. "Moge de Here die goede wenken en liefderijke vermaningen zegenen, ja, daarbij

509 Die Kerkblad, 4 Junie 1943. Bladsy 10
510 Die Kerkblad, 4 Junie 1943. Bladsy 10

Zijnen H. Geest uitstorten, opdat het leeren niemand meer. Dit geve de Heere uit genade!"
Prof. dr. J. Chris Coetzee[511] skryf: "Of hierdie 'Kort Begrip der Christelijke Leere' die boekie is wat in Suid-Afrika so bekend geword het as 'Eenige Korte Vragen voor de Kleine Kinderen', kan nie vasgestel word nie, maar na alle waarskynlikheid is dit maar dieselfde boekie."

### 7.4.3.3.3 Die vervanging van die Kort Begrip

Deur bemiddeling van ds D. Postma was hierdie handleiding in Suid-Afrika baie goed bekend. Die Kort Begrip is nie as die enigste leerboek vir die kategetiese onderrrig aanbeveel nie. Die rede daarvoor is drieërlei: (1) dit was te beknop vir die belydenis-katkisasie, (2) dit was nie 'n offisiële belydenisskrif van die kerk nie, en (3) in die Kort Begrip is die Wet breed behandel by die deel van die ellende, terwyl dit tuishoort, soos in die Heidelbergse Kategismus, in die deel van die dankbaarheid. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hulle later losgemaak van die Kort Begrip en teruggekeer na die idee van die Dordtse Sinode, naamlik 'n drieërlei Heidelbergse Kategismus: (1) 'n verkorting van die Kategismus vir kleiner kinders, (2) 'n verkorting, ietwat breër, van die Heidelberger vir groter kinders, en (3) die volledige Heidelbergse Kategismus vir die meer gevorderde klasse. Sedert die verskyning van die eenvoudige verklaring van die Heidelbergse Kategismus in 1924 deur ds. J.G.H. van der Walt is die Kort Begrip nie meer vir die kategetiese onderrig voorgeskryf nie. Die Algemene Sinode van 1927 (art. 70) het besluit tot die opstelling van drie katkisasie-boekies, nommer 1 (Rooi Boekie) en nommer 2 (Blou Boekie), dit is verkortings van die Heidelbergse Kategismus en nommer 3 die Heidelbergse Kategismus self vir die seniorklasse.

### 7.4.3.3.4 Verklarings by die Kort Begrip

In Suid-Afrika het verskillende verklarings by die Kort Begrip verskyn:
Die *"Uitlegging op het Kort Begrip der Christelijke Religie voor hen die zich willen begeven tot des Heeren Heilig Avondmaal"* geskryf deur ds Dirk Postma. Die inhoud was 'n verwysing na die Formuliere van eenheid en die liturgie van die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland. Hierdie handleiding is in 1888 uitgegee.
'n Tweede verklaring van die Kort Begrip is dié van ds M.P.A. Coetsee jnr. van Burgersdorp, bekend as "*Korte Verklaring van het Kort Begrip der Christelijke Religie*" uitgegee in 1890. Dan is daar ook die "*Korte Verklaring van het Kort Begrip der Christelijke Religie*" in 1893, geskryf deur ds. W.J. Snijman van Venterstad.

511 Die Kerkblad, 4 Junie 1943. Bladsy 10

'n Vierde verklaring van die Kort Begrip is geskryf deur ds. S. Postma van Middelburg, KP, met as titel "De Catechisatie-handleiding bij der verklaring van het Kort Begrip ten dienste van Jongelieden die zich voorbereiding voor de Belijdenis".
Ds. F.P.J. Snyman van Molteno, KP, was die skrywer van 'n vyfde verklaring van die Kort Begrip: "*Verklaring van die Kort Begrip van die kristelijke Godsdiens*", uitgegee in 1921.
In 1921 verskyn die boekie van ds. J.V. Coetzee van Johannesburg: "*Kort Begrip van die kristelijke Godsdiens met verklaring in Afrikaans.*"

Op meerdere vergaderings is in hierdie tyd telkens oor die verbondsonderrig gespreek en besluit; veral het die aflegging van belydenis van die geloof spesiale aandag geniet, so ook die leerboeke. 'n Vaste omlyning was daar egter nie. In 'n paar gemeentes het daar in die week én op Sondae katkisasie plaasgevind onder leiding van die predikant. Oor die algemeen was die beeld onduidelik van hoe dit kategeties in die gemeentes gaan. Die probleme was eintlik (1) die regte soort leerboekies, (2) die onderrig van die kleiner kinders in die skole en (3) die tyd en leeftyd vir die aflegging van belydenis van die geloof.

### 7.4.4 Die katkisasieboek van Hellenbroek

#### 7.4.4.1 Die ontstaan van Hellenbroek

'n Derde katkisasieboek wat in die beginjare in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika saam met Borstius en die Kort Begrip gebruik is, is die werkie van Hellenbroek. Prof. dr. J. Chris Coetzee skryf[512] dat een van die bekendste katkisasieboekies wat lank onder Gereformeerdes in gebruik was, geskryf is deur ds. Abraham Hellenbroek (1658 – 1731). Die naam Hellenbroek was vir meer as twee eeue onder die Gereformeerdes 'n bekende naam. Hellenbroek was 'n streng Voetiaan. Benewens preekbundels was sy katkisasieboekie die bekendste. Sy *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"*[513] het Hellenbroek geskrywe vir diegene wat voorberei het vir die aflegging van belydenis van die geloof. Dit was ook 'n vraeboekie wat herhaaldelik herdruk is. Hellenbroek breek met die klassieke gebruik om die kategetiese leerinhoud te behandel vanuit die inhoud van die Apostolicum, die Dekaloog en die Pater Noster. Die oorspronklike *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* is uitgebrei deur die byvoeging van allerlei vrae. Op dié wyse het daar allerlei "Hellenbroeke" ontstaan. (1) Die

512 Die Kerkblad, 5 Februarie 1943, bl. 14.
513 Die volledige titel van Hellenbroek se boekie was: "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen, die zich bereiden tot de belijdenis des geloofs, om van buiten te leren en als een a.b. om verder te lere."

oorspronklike *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* is genoem die *"klein Hellenbroek"* en die meer uitgebreide boekie staan bekend as die (2)*"groot Hellenbroek"*.
(3) Die *"dubbele Hellenbroek"* waarvan sprake is op die Kaapse kerkraad se instruksie aan die "Voorleser en Katkisasiemeester" in 1806 was waarskynlik die *"groot Hellenbroek"*. Hierdie boekie, *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"*, het in die loop van die 18e eeu en selfs gedurende die 19e eeu ander katkisasieboekies, veral die Kort Begrip, verdring.

#### 7.4.4.2 Die skrywer van "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden"

Abraham Hellenbroek het te Leiden studeer en word in 1683 predikant te Zwijndrecht en daarna te Zalt-Bommel (1694) en Rotterdam (1695) waar hy in 1728 emeriteer.
Prof. dr. J. van Genderen[514] skryf dat die boekie "te weinig onderricht in de christelijke religie geeft, en heeft teveel van een miniatuur-dogmatiek, maar het is een feit, dat een dergelijk boekje zelden zo grote opgang gemaakt heeft".

#### 7.4.4.3 Uitbreiding van die "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen" van Hellenbroek

1. In 1779 volg Hellenbroek se derde druk. In die tyd het ds. Jan Nupoort 'n katkisasieboek geskryf met die titel: *"Korte en Eenvoudige Catechisatie over het Voorbeeld der Goddelyke Waarheden van den Zaligen Heer Abraham Hellenbroek"* waarin die leer van die Hervormde Kerk in Nederland na aanleiding van elke vraag en antwoord saaklik opgegee word in twee dele "benevens een Aanhangzel tot beide Delen behoorende". Die boekdeel beslaan oor die 700 bladsye van klein formaat.[515]
2. In 1784 is 'n belangrike uitbreiding van die *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* deur ds. M. Pannebakker gepubliseer onder die titel *"Voorbeelden der Goddelyke Waarheden"* met vrae tussen in. Hierdie uitgebreide Hellenbroek is volgens 'n mededeling van P. Raman van "Onverwacht", Poskantoor Bronkhorstspruit, gebruik op die Teologiese Skool van Kampen (na die afskeiding van 1834) vir studente wat hulle voorberei vir predikante. Die vrae wat tussen in voorgekom het, moes deur die studente beantwoord word.
3. In 1856 is daar 'n verdere en belangrike uitbreiding en vermeerdering van die *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* van Hellenbroek, deur ds. W.A. Kok van die

514 Christelijke Encyclopedie, Deel III:422.
515 Prof. dr. J. Chris Coetzee, Die Kerkblad, 5 Februarie 1943. bl. 15

Christelijke Afgeskeie Gereformeerde Kerk te Hoogeveen in Nederland. Die inhoud van hierdie werk is anders ingerig en gerangskik as dié van ds. Pannebakker want hier is daar 'n uitbreiding en vermeerdering van sowel die vrae as die antwoorde. Op dié wyse het 'n taamlik lywige boekdeel ontstaan minstens tweemaal so groot soos die "groot Hellenbroek". Daar was dus hierna minstens vier "Hellenbroeke" in omloop: (1) Die oorspronklike of "klein Hellenbroek". (2) Die "groot Hellenbroek". (3) Die "dubbele Helenbroek". (4) Die "drie-dubbele Hellenbroek".

4. Suster C.J. Henning van Rustenburg het meegedeel[516] dat prof. Dirk Postma hierdie boekie as geskenk gegee het aan diegene wat by hom belydenis van geloof afgelê het.

#### 7.4.4.4 Die gebruik van Hellenbroek se "*Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen*" in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het Hellenbroek se *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* sy lojale ondersteuners gehad, juis vanweë die suiwer Gereformeerde standpunt wat daarin weergegee is. Hellenbroek is onder andere deur prof. dr. J.D. du Toit (Totius) nog as katkisasieboekie gebruik in die gemeente van Wolmaransstad in die jare onmiddellik na die Tweede Vryheidsoorlog.[517] Gedurende die tweede helfte van die 18e eeu het Hellenbroek se *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* die "Kort Begrip" en die "Heidelbergse Kategismus" verdring. Die Kaapse Kerkraad het in Desember 1806 aan die Voorleser en die Katkiseermeester die "dubbele Hellenbroek" opgegee as die offisiële katkisasieboek vir onderrig aan die kinders. Hierdie reëling het gegeld tot en met die Sinode van 1824, toe Hellenbroek deur 'n sinodale besluit vervang is met die "Kort Begrip". Hellenbroek se *"Voorbeeld der Goddelyke Waarheden voor eenvoudigen"* het egter in nie-amptelike private gebruik onder die meer ortodokse en streng Gereformeerde Hollandse Koloniste in gebruik gebly. Hellenbroek het ook in dié tyd een of meer Suid-Afrikaanse uitgawes belewe, onder andere in 1853 by N.H. Marais, Langestraat, Kaapstad. In Suid-Afrika is "Hellenbroek" deur Gereformeerde Kerke en lidmate gebruik, "veral die uitgawe besorg deur die vier professore (T.C. de Haan, S. van Velzen, A. Brummelkamp en H. de Cock) van die Theologische School van Kampen". Hierdie uitgawe is uitgegee op versoek van die klassis in die Hollandse Gereformeerde Gemeentes te Michigan in Noord-Amerika, en was ook in Suid-Afrika in gebruik. Die professore noem die boekie '*dit beproefde Voorbeeld*' en voeg daarby: "Moge het hun dienen, en waar het verder gebruikt zal worden, gelijk het voor hunne Voorvaderen geweest

516 Die Kerkblad, 5 Februarie 1943, bl. 14.
517 Die Kerkblad, 5 Februarie 1943, bl. 15.

is, om nie door allen wind van leer vervoerd, maar in de waarheid vast en geoefend te worden."[518] Dat "Hellenbroek" in Suid-Afrika steeds in gebruik was, is duidelik uit die herhaalde kere wat hieroor bespreking gevoer is op die Algemene Sinodale Kerkvergaderings van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika.

1. Op die 5e Algemene Synodale Kerkvergadering van 7-17 April 1873, is die vraag gestel watter leerboek, "Hellenbroek" of die "Kort Begrip", as katkisasieboek in die gereformeerde gemeentes gebruik moes word (art. 189). Die Sinode antwoord dat die Gereformeerde Kerke sinds die Dordtse Sinode in 1618-1619 net die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip as die kerklike katkisasieboeke erken.[519]
2. Op die 6e Algemene Synodale Kerkvergadering van 8-24 Mei 1876 (art. 24) is dieselfde vraag gestel en dieselfde antwoord gegee.

Prof. dr. J. Chris Coetzee[520] wys daarop dat "Hellenbroek" selfs na die Tweede Vryheidsoorlog nog hier en daar in gebruik was, byvoorbeeld in die gemeentes, veral Wolmaransstad, bearbei deur dr. J.D. du Toit (Totius), destyds gevestig op Potchefstroom. Die uitgawe van die "Catechisatieboek" van ds. W. Postma het vanaf 1905 die "Kort Begrip" finaal die oorhand oor "Hellenbroek" gegee tot dit omstreeks 1928 finaal vervang is deur die drie uitgawes van die Heidelbergse Kategismus.

## 7.5 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die eerste Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1862, te Reddersburg tot en met die derde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1866, te Reddersburg

Op die tweede Sinode 1863 word die belangrike saak ten opsigte van die kategese behandel en veral "worden de Ouderlingen opgewekt, om ook zoo veel mogelijk, met de **Gemeenten te *catechizéren***".[521] Daar word ook gehandel ten opsigte van die ouderdom waarop die verbondskinders in die gemeentes belydenis van geloof kan doen.[522] "De Gemeenten *Burgersdorp, Colesberg* en *Philipstown,* stellen der Vergadering voor, of men niet eenen bepaalden tijd kan stellen, wanneer jonge lieden, als Lidmaten der Kerk, kunnen worden op- en aangenomen. Na hierover gesproken te hebben, is met groote meerderheid der stemmen,

518 Prof. dr. J. Chris Coetzee, Die Kerkblad, 22 April 1943, bl. 14.
519 Prof. dr. J. Chris Coetzee, Die Kerkblad, 22 April 1943, bl. 14.
520 Prof. dr. J. Chris Coetzee, Die Kerkblad, 22 April 1943, bl. 14.
521 Handelingen 2e Algemene Synodale Vergadering, 1863, Artikel 14:16..
522 Handelingen 3e Algemene Synodale Vergadering, 1866, Artikel 71:18.

gewezen op art. 25[523], onzer vorige Vergadering, tevens de Kerkraden opwekkende, om de ouders en de jonge lieden, die zich aanbieden, bij het gewigt der zaak te bepalen; en ze niet aan te nemen, zonder behoorlijke kennis en goede getuigenis van hunnen wandel."[524] Op die sesde Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie,[525] 26 November 1866, te Burgersdorp, doen ds. N.J.R. Swart navraag ten opsigte van kinders wat verstandelik swak daaraan toe is en hulle kategetiese onderrig. Hy vra die oordeel van die vergadering "oor het aannemen als lidmaten der gemeente van dezulke die zeer zwak zijn van verstand". Die vergadering is van oordeel dat in hierdie opsig nie 'n bepaalde besluit geneem kan word nie maar "dat het aan het oordeelt van den kerkeraad moet gelaten worden die met alle tedere zorg wel de zaak moet onderzoeken en al de beweegredenen nagaan die zulke persoon tot het afleggen der belijdenis dringen".

## 7.6 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die derde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1866, te Reddersburg tot en met die vyfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1873, te Burgersdorp

### 7.6.1 Vrae by die aflegging van geloofsbelydenis

Op die 8[e] Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Kaapkolonie is die saak van die vrae by belydenisaflegging ter tafel geneem.[526] 'n Voorstel van ds. J. Lion-Cachet was dat die Algemene Sinode "bepaalde vragen bij het voorstellen der lidmaten vas te stellen". Die saak is op die sesde Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1876 behandel. Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom[527] besluit op 27 Oktober 1871 dat die volgende "Regels voor 'Aanneming'" sal geld:

"1. Alle ouderlingen moeten zoveel mogelijk tegenwoordig zijn.

---

523 Artikel 25, Handelingen 1863 p. 12. "Ingevolge van eenen brief, van den Ouderling J.D. du Plessis, der Gemeente *Colesberg*, wordt art. 39 onzer vorige *Handelingen,* nog eens in rondvraag gebragt, òf – men ook een *bepaald getal jaren* kan stellen, voor de jonge menschen, die als *lidmaat aangenomen worden*; de Synode, durft daarover evenmin nu als vroeger, eene bepaling maken: maar blijft bij het daar beslotene, naamlik: In gemelde 39ste art., en – wekt ernstig op, tot de behartiging van de daarin genoemde voorzigtigheid."

524 Artikel 39, Handelingen 1862 p. 18. "Door enige broeders werd ter tafel gebragt, of deze Sijnodale vergadering, ook een *bepaald getal jaren* sal besluiten, om de kinderen der Gemeente, *op belijdenis,* tot het *Avondmaal toe te laten?* Waarop de vergadering besloot, dat zij hierover geene bepaalde beslissing kan maken, en raadt al den broeders Opzieners, om de jeugd en het jongeling- en maagdschap op te wekken, ter meerdere bevordering van kennis. Overigens, wordt dit aan de broeders Ouderlingen overgelaten, om daarin voorzigtig te handelen, en wijst deze vergadering op art. 61 der Kerke-orde van 1618 en 1619 en – op het *voorschrift,* by het *Kort Begrip* gegeven, 't welke achter hetzelve is geplaast."

525 Handelingen van die 6e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 26 November 1866, te Burgersdorp. artikel 25.

526 Handelingen van die 8e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 28 November 1870, te Burgersdorp. artikel 18.

527 Notule Kerkraadsvergadering Potchefstroom van 27 Oktober 1871, artikel 4.

2. By de verklaring van het Kort Begrip moet de catechisatiemeesters gevolgde ds. S. Postma's handboek.
3. De kinderen moeten allen de verklaring van ds. Snijman hebben.
4. Geen kind zal siek kunnen aanmeld om voor Aanneming zonder toestemming van den wyksouderling.
5. De kinderen moet kennis dragen van de hoofdinhoud der Formulieren van Enigheid ..... (*4 woorde onleesbaar in oorspronklike dokument*) van de Gesch. ons Geref. Kerk in Z.A."

Die Gereformeerde Kerk Fauresmith[528] neem 'n eie besluit insake die "aanneming: Is gesproken over het catechiseren met de aannemers: Is besloten dat ieder ouderling 8 dagen vóór aanneming, de jongelui vlijtig zullen onderzoeken".

Op die 13e Algemene Vergadering van die OVS, 17 Julie 1874,[529] word onder die opskrif Kategetiese Onderwys 'n vraag behandel rakende wat om te doen met persone wat nie die kinders die tekste by die Kort Begrip wil laat leer nie? Die vergadering beveel aan dat dié lidmate opgewek moet word. In De Maandbode van 1 Junie 1873 skryf ds. Dirk Postma 'n insiggewende artikel oor die hele saak van belydenisaflegging. Dié artikel is van histories van besondere belang vir die kategese en word as bylaag volledig weergegee.[530] Op 'n kerkraadsvergadering van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp[531] bereik ds.Dirk Postma en ds. J. Lion-Cachet konsensus dat die vrae by belydenisaflegging inhoudelik dieselfde vrae sal wees "wat vandag nog in die Gereformeerde Kerk gebruik word".[532] Ds.Cachet het op dieselfde vergadering bygevoeg dat "de broeders de menschen toch moeten opwekke om hunne kinderen meer gebruikt te laat maken van die catechisatiën".[533]

Tydens die 14e Algemene Vergadering van die O.V.S., 9 Maart 1875,[534] word gehandel oor die belydenisvrae: "Gesproken over het formulier van de bevestiging van Jongelieden volgens Art. 159 van de laats gehoudene Synode. De vergadering acht het nodig dat de Synode nog eens teruch koome op dat artikel." Die Algemene Kerkvergadering word dus deur die Algemene Vergadering van die O.V.S. gevra om terug te kom op die besluit insake die vrae tydens

528 Notule Kerkraadsvergadering Fauresmith van 6 Januarie 1871, artikel 4.
529 Handelingen van die 13e Algemene Vergadering van die OVS, 17 Juli 1874 te Boshof. artikel 10.
530 De Maandbode, Jaargang 1, No 3, Zondag 1 Junij 1873 - Kyk bylaag 1 op bl. 41.
531 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp, 26 Desember 1873.
532 Ras, 1981:26.
533 Notule Kerkraadsvergaderings Gereformeerde Kerk Burgersdorp, 2 Oktober 1874, artikel 10 en 25 Desember 1874.
534 Notule van die 14e Algemene Vergadering van die O.V.S. te Ventersburg op 9 Maart 1875, artikel 21.

belydenisaflegging. Daar word gevra "dat de Synode vragen opstelle voor de openbare bevestiging van lidmaten", waarop die Sinode met meerderheid van stemme besluit dat "de vragen achter het Kort Begrip worden by de voorstelling der lidmaten gebruikt".[535] Daar is verder op die Sinode aandag geskenk aan die besluit van die Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie.[536] Daar is ook, volgens die Handelingen 5e Algemene Synodale Vergadering, te Burgersdorp, 1873, artikel 189, bespreking gevoer in verband met die gebruik van handboeke by die kategetiese onderwys.[537] Die 5e Algemene Synodale Vergadering, te Burgersdorp, 1873, Artikel 135, het ook met dankbaarheid kennis geneem van die Handleiding wat ds. D. Postma geskryf het.[538] Die Sinode besluit verder om af te sien van die vrae van die Kort Begrip en in die plek daarvan die vier vrae te stel wat deur ds. Dirk Postma uit Nederland saamgebring is.[539] Op die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Philipstown, 24 September 1875, artikel

535 Die betrokke verwysing in die Kort Begrip lui soos volg: "Alle degene die zig tot de gemeinte willen begeven (dese Hoofdstukken in den grond bekent en beleden hebbende) zo vraagt men wyders hen af: (a) Of zy ook ergens in aangaande de Leere enige twyfel hebben? Opdat men hen moge genoeg doen; indien ymant onder hen zegge van ja, zo zoeke men hem uit de Heilige Schrift te voldoen; en is het dat zy alle gerust zyn zo vraagt men (b) Of zy ook voorgenomen hebben door Gods genade by dese Leere te blyven, de wereld te versaken, en een nieuw christelyk leven leiden. Ten einde vraagt men ook (c) Of zy hen der Christelyke straffe wil onderwerpen? Het welk hebbende gedaan: men vermaant ze tot vrede, liefde en eendragtigheid met alle menschen ende tot vredemakingen; indien ymand van hen met synen naasten iets uitstaande heeft."

536 Die Sinode het op versoek van die Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie 'n ontwerp van vrae opgestel (Handelingen 5e Algemene Synodale Vergadering, te Burgersdorp, 1873, Artikel 161): "Die de Algemene Vergadering als een classicale vergadering dient te doen aan elke gemeente volgens art. 41 onzer kerkorde" opgestel en voorlopig goedgekeur. Daar is 10 sulke vrae opgestel, waaronder in hierdie verband van belang is die volgende: (2) Of er ook geregeld volgens de Catechismus gepredikt wordt? (3) of er Zondags en in de week ook met de jeugd gecatechiseerd wordt? (9) Hoe het gaat met de onderwys en de opvoeding der jeugd?" Hierdie belangrike besluit sou voortaan elke gemeente elke jaar dwing om rekenskap te gee van wat daar in die gemeente gedoen word in verband met die wêreldlike en godsdienstige opvoeding van die jeug, en so is die godsdiensonderrig in ere en in stand gehou.

537 Op 'n vraag van die kerkraad van Rustenburg "of Hellenbroek dan of het Kort Begrip door de Gereformeerde Kerk aangenomen is als leerboek voor het doen der belydenis?" het die Sinode geantwoord "dat sedert de Dordtsche Synode, by de Gereformeerde Kerk, het Kort Begrip en de Catechismus, door de Synode aangewezen, de bepaalde kerkelyke leerboeken zijn." Hieruit kan afgelei word dat die handboekie van Hellenbroek "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden" wel in gebruik by ons gemeentes was op die katkisasie, maar dat die Sinode tog die voorkeur gegee het aan die Kort Begrip.

538 Ds. D. Postma het 'n "Handleiding voor de Godgeleerdheid" saamgestel met die oog op sy onderrig aan die teologiese studente en ook "voor de gemeente tot bevordering van meer geregelde kennis des zuivere godsdienstleer". Hierdie handleiding is in 1875 uitgegee en gedruk deur Saul Solomon & Co., Kaapstad.

539 Die vrae is die volgende (Acta 1876:46-47, Artikel 167):

Vr. 1. Ten eerste vraag ik u, of gij van ganscher harte gelooft en belijdt, dat de boeken des O. en N. Testaments Gods eenig en waarachtig woord zijn, en dat in dezelve naar aanwijzing van de artikelen des christelijken geloofs, de eenige, volkomene en genoegzame leer der zaligheid begrepen is en in onze kerk geleerd wordt?

Vr. 2. Ten tweede, of gij van ganscher harte gelooft en bekent, dat wij in ons zelven door de gansch bedorven zijn, en tot alle goed werk onbekwaam zijnde, de zaligheid uit en door ons zelven, of door eenige onzer werken geenzins kunnen verkrijgen?

Vr. 3. Ten derde, of gij van ganscher harte gelooft en oprechtelijk belijdt, dat wij alleen uit loutere liefde en genade Gods, van ganscher harte gelooft en oprechtelijk belijdt, dat wij alleen uit loutere liefde en genade Gods, van wege de waardigheid der verdiensten Christi, onzes eenigen en volkomenen Zaligmakers, door de verlichting en krachtige werking de H. Geestes, door het geloof de zaligheid ontvangen en in dezelve tot het einde toe, door Gods kracht behouden en bewaard worden?

Vr. 4. Ten laatste, of gij van ganscher harte van voornemen zijt bij dezelfde zuivere leer, door Gods genade tot den einde uws levens te volharden en in godzaligheid te wandelen en tevens de kerkelijke regeering zult eerbiedigen en u de kerkelijke straf zult onderwerpen, zoo gij u kwaat te ontgaan.

21, maak ds. Cachet aan die kerkraad bekend dat hy voortaan "twee weke voor de aanneming catechisatie houden zal voor de kinderen die aangenomen wenschen te worde".[540]

### 7.6.2 Die aanleer van die teksverse in die die Kort Begrip

Die algemene Vergadering van die O.V.S.[541] besluit oor die vraag: "Wat te doen met persone wat nie die kinders die tekste by die Kort Begrip wil laat leer nie?" Dat hulle opgewek moet word waaruit afgelei word dat die ken van die teksverse by die Kort Begrip noodsaaklik en verpligtend was vir die katkisasiekinders.

### 7.6.3 Verslae ten opsigte van kategese in die jaarlikse Almanak

Dat die kategetiese onderrig van die verbondskinders voortaan noukeurige aandag geniet het, is duidelik uit die verslae wat jaarliks in die "Almanak van de Gereformeerde Kerke in Zuid-Afrika" wat in 1871 vir die eerste keer uitgegee is. Van jaar tot jaar is daar in die Almanak verslag gelewer oor "Diensten" en "Het Onderwys aan de Jeugd". In die uitgawe van 1872 (bladsy 46) word die volgende insake die kategetiese onderrig geskrywe: "In de gemeenten waar Predikanten zyn, wordt in den regel elken Zondag twee malen gepredikt, eens over eenen Zondag van den Heidelbergschen Catechismus. Tusschen de preken in meestal Bybellezing met de jeugd gehouden en veelal Zaterdags middags Catechisatie met kleine en grote kinderen, volgens Borstius en Kort Begrip met teksten verdeel in 12 lessen." Kategetiese onderrig gedurende die week was in die oorgrote meerderheid gemeentes nie moontlik nie omdat daar relatief min van die lidmate was wat in die dorpe gewoon het.[542]

## 7.7 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die vyfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1873, te Burgersdorp tot en met die sesde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1876, te Reddersburg.

### 7.7.1 Handboeke vir kategetiese onderrig

Die Sesde Algemene Synodale Kerkvergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 8-24 Mei 1876, te Reddersburg het belangrike besluite geneem rakende die kategetiese onderrig.

---

540 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Philipstown, 24 September 1875, artikel 21,

541 Notule van die 13e Algemene Vergadering van die O.V.S. te Boshof op 17 Julie 1874, artikel 10.

542 De Wet en Coetzee, 1943:96.

Ten opsigte van die Katkisasie-handboeke volstaan die Sinode by die besluit van 1873 dat die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus aangewys word as bepaalde kerklike leerboeke in die kategetiese onderrig. In artikel 28 wat handel oor "Catechisatie boeken" word gevra of "Hellenbroek, dan of het Kort Begrip door de Gereformeerde Kerk aangenomen is als leerboek voor het doen der belijdenis.

Verklaart de Synoden: *Dat sedert* de Dordsche Synode, bij de Gereformeerde Kerk, het Kort Begrip en de Catechismus, door de Synode aangewezen, de bepaalde kerkelijke leerboeken zijn."

In Die Maandbode, Jaargang 11, Nommer 5, 1 Augustus 1883 verskyn 'n belangwekkende artikel wat handel oor die handboeke vir kategetiese onderrig.[543]

### 7.7.2 'n Wekroep ten opsigte van kategetiese onderrig

In die "verzameling van de Algemeene Bepalingen der Synoden der Geref. Kerk in Zuid-Afrika"[544] word 'n "Opwekking voor Leeraren en Ouderlingen" opgeneem wat inhou dat die Sinode die broeders opwek om altoos getrou die geestelike belange van die gemeentes te behartig, asook dat die ouderlinge hulle so gewigtige amp met alle ywer mog betrag, insonderheid in die besoek van hul lede en in die gemeentes wat herderloos is, die jeug onderwys in die leer van die waarheid in soverre dit vir hulle moontlik is. "Verzameling van de Algemeene Bepalinen der Synoden der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika vastgesteld door hare Zesde Synode, te Reddersburg, Oranje Vrijstaat, in 1876."[545]

### 7.7.3 Ouderdom by die aflegging van geloofsbelydenis

Op de vraag: "Hoe oud moet de jongeling en jonge dochter zijn, om tot het doen der belijdenis toegelaten te worden?" Het die Sinode steeds geantwoord: "Dat zij daarover geene bepaling durft te maken, maar moet het aan het oordeel der ouderlingen met den leeraar overlaten, of de personen al of niet bekwaam zijn voor het doen der belijdenis. Zij verlangt van de opzieners dat dezen de jeugd ernstig opwekken en aansporen tot bevordering van kennis, haar bij het gewicht der zaak bepalen en ze niet aan te nemen zonder behoorlijke kennis en goed getuigenis van hunnen wandel. De Synode herinnert bij dezen aan art. 61 onzer Kerkorde en aan het voorschrift bij ons Kort Begrip gegeven, n.l. hetwelk achter hetzelve is te vinden."[546]

---

543 Vanweë die belangrikheid van hierdie artikel word dit as bylaag 2 op bladsy 42 volledig weergegee.

544 Uitgegee in dieselfde jaar - 1876

545 Paarl : D.F. du Toit & Co., Drukkers. 1891. 93 p.

546 De Wet en Coetzee, 1943:96.

## 7.8 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die sewende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1879, te Burgersdorp tot en met die agste Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1882, te Pretoria

### 7.8.1 "Opwekking voor Leeraren en Ouderlingen"

In die vorige Sinode (1876, te Reddersburg) was daar 'n oproep tot Ouderlinge en Predikante ten opsigte van hulle dienswerk in die gemeentes (vgl. punt 7.7.2). Die Sinode verklaar dat die opwekking aan ouderlinge selfs geld in gemeentes waar daar 'n predikant is "maar in welke wijken eener gemeente het nog nodig is dat door een ouderling Zondags godsdienst en catechisatie gehouden wordt terwijl er een leeraar in de gemeente is, dat moet de Synode aan elken kerkeraad overlaten om dat te beslissen". Hierdie saak word ook deur ouderling J.L. Steenekamp aangeroer op die 23ste Algemene Vergadering van die Kaapkolonie.[547] Sy vraag was: "Wie moet het catechetische onderwijs der jeugd in de gemeente behartigen." Daar kom twee voorstelle oor hierdie saak ter tafel. (1) Die vergadering is van oordeel dat die kategetiese onderwys aan die kinders van die gemeentes deur die predikante waargeneem moet word of deur iemand wat deur die Kerkraad wettig aangestel is. (2) Die kategetiese onderwys in die gemeentes behoort uitsluitlik tot die werk van die wettige opsieners en "zij blijven voor dat werk verantwoordelijk ook al het aan vertrouwbare lede der Kerk in geval van noodzakelijkheid worde opgedragen". Die eerste voorstel is met meerderheid van stemme aanvaar as die antwoord van die vergadering op die vraag van ouderling Steenkamp. In die Maandbode van 1 Augustus 1883 skryf L.J. du Plessis 'n belangwekkende artikel oor die "Catechisatie Boeken" wat vanweë die historiese belangrikheid daarvan volledig weergegee word in 'n bylaag. Op hierdie skrywe van L.J. du Plessis het die hoofredakteur, ds. Dirk Postma, sy gedagtes oor die saak bygevoeg. In die Maandbode[548] verskyn 'n kort beriggie oor kategetiese lesse: "Met een groot genoegen kunnen wij vermelden, dat ds. Coetsee jr. ook de Catechisatie Lessen voor de jeugd zijner gemeente Burgersdorp, heeft laten drukken en elken leerling daarvan eene gedrukte lijst, loopende tot het einde dezes jaars, ter hand stelt. Wij denken de ouders kunnen den leeraar daar voor dankbaar zijn en de kinderen ook. Nu behoeven ze, van buiten komende niet te vragen naar de les, maar kunnen zich te huis nu voor bereiden."

In De Maandbode van 1 November 1886[549] skryf ds. D. Postma (jr) 'n belangwekkende artikel oor die kategese.[550]

---

547 Handelingen van die 23e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 7 Maart 1879, te Burgersdorp. artikel 9.
548 De Maandbode, 14(2), 1 Mei 1886.
549 De Maandbode, 14(8), 1 November 1886.
550 Die volledige artikel word in Bylaag 3 weergegee.

### 7.8.2 Ouderdom van katkisante ten opsigte van belydenisaflegging

Op hierdie Sinode (1879) dien ook 'n beskrywingspunt:[551] "Daar het uit de ervaring blijkt dat dikwels zeer jonge kinderen zich aanbieden voor de aanneming, worde er door de Synode een bepaald jarental gesteld om toegelaten te worden tot het lidmaatschap. Zeg b.v. geen jongeling zal in de aanneming toegelaten worden voor hij 16 jaren en geene dochter voor zij 15 jaren bereikt heeft." Die Sinode besluit om te volstaan met besluit van die vorige Sinode: "De Synode durft op dat punt niet anders besluiten, dan reeds in art. 25 van die Verzameling der Synodale Bepalingen is uitgedrukt" en hoop dus dat die kerkrade hulle sal gedra na die voorskrif, waartoe die Sinode hulle ook vermaan.[552]

### 7.8.3 Nalatigheid ten opsigte van kategetiese onderrig

Verder aan in die Sinode word die vraag gestel:[553] "Wat moet er gedaan worden met lidmaten, die geheel nalatig blijven hunne kinderen in de christelijke leer te onderwijzen?" Hierop word besluit:[554] "De Vergadering acht dat zulke lidmaten zich de gemeenschap der kerk onwaardig maken, *maar hoed de kerklijke tucht op hen toe te passen, wenscht de vergadering gaarne van de Synode te hooren?"*[555] Die Sinode (1879) het 'n antwoord op hierdie vraag skuldig gebly. Derhalwe kom in die Sinode van 1882[556] in beskrywingspunt 2, dié vraag aan die orde: "Komen in aanmerking de nog overgelatene der vorige Synode, No's. 29 en 31, voorkomende op bladz. 66, Art. 194 van de Notulen der Synode 1879, November 29, dat eerst in behandeling te genomen wordt, luidt: 'Wat moet er gedaan worden met lidmaten, die geheel nalatig blijven hunne kinderen in de christelijke leer te onderwijzen?'" Die Sinode besluit: "De Synode acht dat zulke lidmaten zich de Gemeenschap der Kerk onwaardig maken, en dus censurabel zijn, en volgens Kerkorde moeten behandeld worden."

### 7.8.4 Getuienis ten opsigte van kategetiese onderrig

Coetzee[557] maak melding daarvan dat volgens die "Almanakke" in hierdie jare (1873-1882) daar geen verandering ingetree het in die dienste en die katkisasies nie: daar word nog gepreek oor die kategismus en tussen die twee preke op Sondae en dikwels ook op Saterdae word die klein en die

551 Handelingen van de sewende synode, artikel 172:56
552 De Wet en Coetzee, 1943:98,
553 Handelingen 7e Algemene Synodale Vergadering, artikel 193, beskrywingspunt 29.
554 Handelingen 7e Algemene Synodale Vergadering, artikel 193, antwoord op beskrywingspunt 29.
555 *Kursief* in die oorspronklike: Handelingen 7e Algemene Synodale Vergadering, artikel 193.
556 Handelingen 8e Algemene Synodale Vergadering, artikel 92:36
557 De Wet en Coetzee, 1943:99

groot kinders gekatkiseer volgens Borstius en die Kort Begrip. Ook "De Maandbode", die offisiële orgaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, het af en toe aandag geskenk aan die saak van die katkisasie. In die uitgawes van 1 November en 1 Desember 1878 word 'n artikel uit "De Fakkel" afgedruk oor "De Aanneming en hare Moeilijkheden", terwyl volgens die uitgawe van 1 Junie 1880 uit die gemeenteverslae, soos geëis volgens die 10 vrae deur die Sinode van 1873 opgestel, blyk dat daar deurgaans maandeliks deur die ouderlinge met die jeug gekatkiseer word. Op die 18e Algemeene Vergadering der Gereformeerde gemeenten in die Kaapkolonie[558] het die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Philipstown navraag gedoen wat met ouers gedoen moet word wat nalatig is om hulle kinders in die Christelike leer op te voed. "Wordt in behandeling genomen de vraag voortkomende in het verslag van Philipstown. Na eene bespreking op voorstel van ds. Postma besloten: De vergadering acht dat zulke lidmaten de gemeenschap der kerk onwaardig maken, maar hoe de kerkelijke tucht op hen toe te passen wenscht de vergadering gaarne van de Synode te hooren. In verband hiermede besloten, dat praeses en scriba die besprekingspunt voor de Synode brengen zullen met eenen begeleidende brief."

### 7.8.5 Die gebruik van handboeke in die kategetiese onderrig

Aansluitend by die besluit van die Sinode van Dordtrecht (1618/19) neem die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Rustenburg[559] die volgende besluit: "Zij (predikante) zullen ook zooveel mogelijk met groot en klein Catechisatien houden over de bijbelsche geschiedenis en de leer des geloofs. En voor het laatst genoemde gebruiken de gewone leerboeken der Kerk, vooral Kort Begrip en Catechismus." In hierdie opsig blyk uit die Kerkraadsnotule[560] van die Gereformeerde Kerk Ladybrand dat die bekende handboeke vir die kategese ook in Ladybrand van toepassing was. Die Kerkraad neem 'n besluit oor die aankoop van Katkisasie-boekies: "Besloten 1 doz. Kort Begrip boekjes en 1 doz. Borstius boekjes te bestellen van Burgersdorp. Het word aan de Scriba opgedragen."

### 7.8.6 Kategese en die Gereformeerde Kerk in St. Januario Humpata

Selfs in die verre Angola word aan die kategese volle aandag geskenk. Met die vestiging van die eerste gemeente aldaar op 24 September 1881 word ds. Jan Lion Cahet gestuur om die

558 Handelingen van die 18e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 4 April 1884, te Middelburg. artikel 39.
559 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Rustenburg 10 Februarie 1882, Artikel 9.
560 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Ladybrand 13 Oktober 1889, Artikel 54.

Gereformeerdes te gaan bystaan. Hy vertrek met die "Christina" uit Kaapstad op weg om die trekboere in Angola te besoek en te bedien. Gedurende die week vanaf 25 Desember 1881 het ds. Cachet hom met katkisasie, veral vir diegene wat "wenschten aangenomen te worden" besig gehou. Op Saterdag 30 Desember 1881 is op hierdie wyse nog dertig lidmate by die Gemeente gevoeg.

## 7.9 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die tiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1888, te Middelburg, KP, tot en met die elfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1891, te Rustenburg

Ten opsigte van die praktyk van die onderwys en ook die kategese het daar in die periode 1883-1899 maar weinig verandering ingetree. Op die 35e Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, in sitting, te Burgersdorp, op 13 Februarie 1896,[561] kom vier belangrike sake in verband met die Kategese op die tafel van die vergadering.

### 7.9.1 Onderrig in die skole

Die vergadering is van oordeel "dat de leraren en kerkerade moeten toezien dat de kinderen onze kerk op de scholen niet alleen onderwijs ontvangen in de Bijb. Geschiedenis doch ook in de leer der Kerk en waar dit werk niet met vrijmoedigheid aan de onderwijzers kan over gelaten worden moeten de leraren en ouderlingen dit op de best mogelijke wijze zelven zien te behartigen en in geval van gouwermens ondersteunende scholen gebruik maken van het recht hun daartoe door de regulaties verleent".[562]

### 7.9.2 'n Lesblad en lesrooster vir orde in die kategetiese onderrig

Die saak van 'n lesblad vir die kategese het ook op hierdie vergadering ter sprake gekom.[563] Uit 'n kommissieverslag word gestel: "Het is wenschelijk dat er jaarlijks van wege de Alg. Verg. Eene lijst van Catechisatie lessen opgesteld worden zoo ingericht dat consulentegemeenten er ook gemakkelijk gebruik van kunnen maken." Dit moet egter aan die vryheid van die predikante en die kerkrade oorgelaat te word of hulle van so 'n lesrooster gebruik wil maak of nie. Die vergadering ag dit wenslik dat elke gemeente 'n vaste jaarlikse lesrooster moet hê, en dat daar nie

561 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 35-38.
562 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 35.
563 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 36.

alleen gereeld op die dorpe kategetiese onderrig gegee sal word nie, maar dat ook voorsiening gemaak moet word vir gereelde katkisasie in die buite wyke vir die kinders wat ver woon. Die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie[564] (1908) roer weer die saak aan van 'n gesamentlike Lesrooster: "Inzake eensluidende Catechisatielysten voor de verschillende gemeenten word voorgesteld: Een Commissie bestaand uit de Predikanten van Middelburg, Steynsburg, Burgersdorp en Aliwal-Noord worde benoemd om een schema op te stellen te worden verzonden aan de verschillende kerkeraden ter goed- of afkeuring, met het doel tot eenvormigheid te geraken. Wordt het schema goedgekeurd dan zal dezelfde Commissie Catechisatielysten voor 1909 opstellen en laat drukken." Aan die 46e Algemene Vergadering word gerapporteer:[565] "De comm. inzake optrekken van katechisatielysten kon door omstandigheden nie byeenkomen nie. Algemeen goedgevonden deze zaak daar te laten." Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp[566] wat op 25 April 1896 gestig is, besluit op versoek van die predikant, dat daar weekliks "Catechisatie te Krugersdorp door den leeraar" waargeneem sal word.

### 7.9.3 Die moontlikheid van eksamens in die kategetiese onderrig

'n Derde saak ten opsigte van kategese wat op die vergadering bespreek is, is die moontlikheid van eksamens.[567] Die gedagte was: "er worde jaarlijks in die maand April vanwege de Alg. Verg. twee of meer lagere en hoogere examins in al de gemeenten gehouden in Bijb. Gesch. en Kerkleer." Van hierdie saak het niks gekom nie.

### 7.9.4 Ds. W.J. Snijman en professor De Cock se verklaring van die Kort Begrip

Die vierde saak wat die Vergadering ten opsigte van kategese behandel[568] is die versoek dat "bij het Kort Begrip te gebruiken de verklaring van hetzelven door Ds. W.J. Snijman, en wanneer de tegenwoordige voorraad Borstius boekjes uitverkocht zijn dan in plaats daarvan te gebruiken de uitgave van prof. De Cock in lesjen opgedeeld, en verder dat een of meer geschikte handboeken voor de Bijb. Gesch. door de Alg. Verg. aanbevolen worde." Dan besluit die vergadering ook: "Besloten de eerste zinsnede te scrappen en het gebruik van kindervraagboekjes en Bijbelsche

564 Handelingen van die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 3 Februarie 1908, te Philipstown. artikel 46.
565 Handelingen van die 46e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 1 Februarie 1909, te Burgersdorp. artikel 42.
566 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp, 23 Desember 1898, Artikel 15.
567 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 37.
568 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 38.

Gesch. aan de Kerkenrade over te laten (N.B. dit laatste geldt niet het gebruik van Het Kort Begrip)."

## 7.10 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die elfde Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1891, te Rustenburg tot en met die dertiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1897, te Rustenburg

In die behandeling van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1891 tot 1899 staan die navorser voor die werklikheid dat daar in die periode 1891-1899 weinig verandering ingetree het. Die Algemene Sinodale Vergaderings van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat plaasgevind het in die jare 1885 (9[e] Sinode), 1888 (10[e] Sinode), 1891 (11[e] Sinode), 1894 (12[e] Sinode), 1897 (13[e] Sinode) het geen ingrypende veranderinge ingetree ten opsigte van die kategese nie. Op 11 Oktober 1899 begin die Tweede Vryheidsoorlog tussen die Republieke van die Vrystaat en die Transvaal enersyds en die Britse magte andersyds. Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 onderteken. "Van die Gereformeerde Kerk se lidmate het daar in die jare 1899 tot 1902 etlike duisende op die slagveld, in konsentrasiekampe en in ballingskap gesterf."[569] Gedurende die 32 maande wat die oorlog geduur het, het georganiseerde kategetiese arbeid volkome tot stilstand gekom.[570] Op 15 Oktober 1899 verskyn die laaste uitgawe van *Het Kerkblad.* Ná die oorlogsnag het *Het Kerkblad* weer op 1 April 1903 verskyn.[571]

## 7.11 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die dertiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1897, tot en met die vyftiende Algemene Sinodale Kerkvergadering, 1907

### 7.11.1 Kategese Sondae en in die week

Die eerste Sinodale Kerkvergadering na die oorlog het in 1904 byeengekom te Middelburg, KP. Op die agenda is 'n beskrywingspunt van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Bethulie: "De Synode oordeele of het niet wenschelijk is, dat alle gemeenten dezelfde Catechisatie-Lestafel zullen gebruiken en dezelfde boeken."[572] Die vergadering het egter nie bespreking gevoer oor die beskrywingspunt nie en daarvan afgestap. In die Almanak van 1904 word die volgende meegedeel: "In de gemeenten, waar Predikanten zijn, wordt in den regel elken Zondag twee malen gepredikt en in den namiddag godsdienst over den Heid. Catechismus. Tusschen de

569 De Wet en Coetzee, 1943:102. d' Assonville, 1990:103.
570 De Wet en Coetzee, 1943:102.
571 Spoelstra, 1963:295.
572 De Wet en Coetzee, 1943:102.

diensten gewoonlijk Bybellezing. Catechisatiën gewoonlijk Zaterdag. Leerboeken: Kort Begrip met teksten en Borstius of Kindervragen."[573] In die Almanak van 1905 kom daar 'n verandering in die beskrywing van die twee dienste op Sondae. "Tusschen de diensten wordt catechisatie gehouden. In de stede, zooals Pretoria en Johannesburg, waar een groot gedeelte der gemeente in de stad woont, is ook nog in die week eene catechisatie voor degenen, die later belijdenis des geloofs wenschten te doen."[574] Kategetiese onderrig gedurende die week was in die oorgrote meerderheid gemeentes nie moontlik nie omdat daar relatief min van die lidmate was wat in die dorpe gewoon het.[575]

Die Gereformeerde Kerk Krugersdorp,[576] wat op 25 April 1896 gestig is, besluit op versoek van die predikant, dat daar weekliks "Catechisatie te Krugersdorp door den leeraar" waargeneem sal word. "In de stede, zooals Pretoria en Johannesburg, waar een groot gedeelte der gemeente in de stad woont, is ook nog in die week eene catechisatie voor degenen, die later belijdenis des geloofs wenschten te doen."[577]

### 7.11.2 Verslag deur ds. W. Postma 1904

#### 7.11.2.1 Algemene beginsels

Aan die begin van 1904 het daar in die O.V.S. in opdrag van die Algemene Vergadering[578] 'n uiters belangrike "*Verslag en Advies aangaande het Catechetisch Onderwijs*" verskyn uit die pen van ds. W. Postma van Bethulie. Coetzee[579] meld dat dit een van die weinige dokumente in die geskiedenis van die kategetiese onderwys tot ons beskikking is en verdien derhalwe vollediger bespreking. Postma behandel eers die algemene beginsels, naamlik die ***doel*** van die kategese, daarna die ***leerinhoude*** van die kategese en dan die ***taak*** van die kerk, die predikante en die ouderlinge, en die ouers ten opsigte van kategese.

#### 7.11.2.2 Die teenswoordige toestand van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Nadat Postma die Gereformeerde standpunt ten opsigte van die kategese weergegee het, word daar gefokus op die teenswoordige toestand van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van destyd.

---

573 Almanak 1904.
574 Almanak 1905.
575 De Wet en Coetzee, 1943:96.
576 Notule van die Kerkraadsvergadering, 23 Desember 1898, Artikel 15.
577 Almanak 1905.
578 Notule van die Algemene Vergadering van die O.V.S. 1804.
579 De Wet en Coetzee, 1943:104.

#### 7.11.2.2.1 Positiewe en negatiewe kommentaar

Die navorser kan met dankbaarheid rapporteer dat daar in baie gemeentes heelwat gedoen word vir die kategese deur die *predikante*, die *ouderlinge* en die *ouers*. Ongelukkig moet daar met leedwese ook vermeld word dat die Christelike opvoeding "in ons gemeentes baie agteruitgegaan het."

#### 7.11.2.2.2 Oorsake van die negatiewe situasie

Postma meen daar is redes vir hierdie negatiewe situasie:

- Die algemene verflouing van die geestelike lewe van lidmate van die kerk.
- Die ekonomiese agteruitgang van die volk.
- Die geringe plek wat skole gee aan die Woord van die Here.
- Die swakheid van die kerke om te sorg dat daar deeglike Christelike onderwys is.

#### 7.11.2.3 Advies om die situasie die hoof te bied

Postma se advies om die situasie die hoof te bied, omvat vyf sake:

1. Daar moet in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n "algemene stelsel" wees ten opsigte van die kategese. Dit wil sê daar moet 'n algemene rooster of lys van werksaamhede wees insoverre dit oor die kategese gaan.
2. Op kategetiese vlak moet daar "hoër eise gestel word" wat die "aanneming" betref. In die voorbereiding vir aflegging van belydenis van geloof moet 'n behoorlike studie van God se Woordpraktyk wees en kennis van die Heidelbergse Kategismus met die Kort Begrip.
3. Van die kerk se kant moet daar noukeuriger toesig wees ten opsigte van die ouers wat hulle doopsbelofte betref. Dit geld ook huiskatkisasie, ondersoek by huisbesoek en die stigting van Christelike Skole.
4. "Verlengde Aanneming-Catechisaties".
5. Spesiale aandag aan die kleiner kinders: vertelling van Bybelverhale, die leer van versies uit die Bybel en die Psalmboek, eenvoudiger vrageis uit die leer, die Wet, die Twaalf Artikels, die Gebed volgens die wyse van Borstius, aanmoediging met tekskaartjies en pryse as beloning van vlyt en getrouheid.

Die waardevolle brosjure deur ds. Postma geskryf eindig met 'n "Herderlijke Brief van die Alg. Vergadering aan die Geref. Gemeenten in die O.R. Kolonie".

### 7.11.3 Die tydperk 1905 tot 1908

In die tydperk 1905 tot 1908 is daar verder geen besonder belangrike veranderinge in die organisasie van die kategese ingevoer nie.[580]

#### 7.11.3.1 Handboeke vir gebruik in die kategese

Die Algemene Sinodale Vergadering van 1907[581] neem die saak van handboeke ter tafel aan die hand van 'n skrywe wat ontvang is. Daar word egter besluit dat die Sinode bly by die besluit van die Algemene Sinodale Vergadering van 1904.[582] ds. W. Postma het die probleem van handboeke in die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bykans opgelos met die "Catechisatie-Handboekje" wat in 1906 'n tweede uitgawe beleef. Ds. Postma het die boekie soos volg ingerig:

- Deel 1 is die Kort Begrip met die verklaring van ds. W.J. Snyman van Venterstad.
- Deel 2 is 'n oorsig van die Bybelse Geskiedenis grotendeels van broeder H.H. van Rooyen, hoof van die Vrye Christelike te Bloemfontein.
- Deel 3 behandel die tydberekening, die feesdae en heilige dae van die Jode, die offerandes, die mate, munte, en gewigte.
- Deel 4 is die feite ten opsigte van die Psalmberyminge en die Belydenisskrifte.
- Deel 5 bevat die Bylaes (konings van die 12 stamme, die tydperk tussen die Ou en die Nuwe Testament en persone met dieselfde of byna dieselfde name in die Bybel.

Hierby kan ook genoem word die "Handleiding bij de Verklaring van het Kort Begrip" wat deur ds. S. Postma van Middelburg, KP, geskryf en gepubliseer is en wat in hierdie jare ook heelwat gebruik is in die kategetiese onderrig van die verbondskinders, veral jongmense wat hulle voorberei vir geloofsbelydenis.

#### 7.11.3.2 Katkisasieroosters

Op die 45^e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Kaap-Kolonie[583] word die volgende saak ter tafel geneem: "Inzake eensluidende catechisatielysten voor de verschillende gemeenten". 'n Kommissie bestaande uit die predikante van die Gereformeerde Kerke Middelburg, Steynsburg, Burgersdorp en Aliwal-Noord word benoem "om een schema op

580 De Wet en Coetzee, 1943:105.
581 Handelingen van die Algemene Synodale Vergadering 1907, artikel 103.
582 Handelingen van die Algemene Synodale Vergadering 1904, wat besluit dat volstaan word met punt 2 op bladsy 126 van die Sinodale Vergadering. De Wet en Coetzee, 1943:105.
583 Handelingen van die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 3 Februarie 1908 te Philipstoen e.v.d. artikel 46.

te stellen te worden verzonden aan de verschillende kerkeraden ter goed of afkeuring, met het doel tot eenvormigheid te geraken. Wordt het schema goedgekeurd dan zal dezelfde commissie Catechisatielysten voor 1909 opstellen en laat drukken".[584] Die volgende jaar 1909[585] word op die Algemene Vergadering "Inzake eensluidende catechisatielysten voor de verschillende gemeenten" gerapporteer dat die kommissie vanweë "omstandigheden niet byeengekomen het". Die Vergadering besluit: "Algemeen goedgevonden deze zaak daar te laten".

## 7.12 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die 50-jaarperiode 1859 tot 1909 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

### 7.12.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1859 tot 1909

Alhoewel daar in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uitgegaan is van die standpunt dat die kategese op 'n drieërlei wyse aangebied behoort te word, naamlik huiskatkisasie, skoolkatkisasie en kerkkatkisasie, was die bedoeling nie dat die huiskatkisasie en die skoolkatkisasie los gestaan het van katkisasie as **kerklike diens** aan die kerkjeug nie. Die kinders wat in die verbond opgeneem is, is kategeties onderrig met die doel om hulle te leer om soos kinders van God te lewe (Kol. 2:9-10). Vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was katkisasie van die begin af wesenlik **kerklike diens** in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod wat Hom in sy Woord openbaar. Die verbondskinders is in die kerklike gemeenskap ingelyf deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is waardeur die kerk die verantwoordelikheid het om hulle kategeties te onderrig. Dit is nie werk wat deur die staat of die skool gedoen kan word nie. Reeds op die 2ᵉ Algemene Synodale Vergadering word die saak van kategese as kerklike diens vasgelê as op die Sinode "word wedersijds gevraagd, hoe het in de Gemeenten gaat, met die *Diensten*, vooral in de Gemeenten, waar nog geen Leeraar is, en – wordt ook wederzijds, vriendelijk aan elkander medegedeeld en bloot gelegd, en – men wekt elkander gemoedelijk op, tot eene getrouwe behartiging van de geestelijke belangen der Gemeenten, en vooral worden de Ouderlingen opgewekt, om ook zoo veel mogelijk, met de **Gemeenten te *catechizéren***".[586]

584 Handelingen van die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 3 Februarie 1908 te Philipstoen e.v.d. artikel 46.
585 Handelingen van die 46e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 1 Februarie 1909, te Burgersdorp e.v.d. artikel 42.
586 Handelingen 2e Algemene Synodale Vergadering, 1863, Artikel 14:16.

### 7.12.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909

Diakoniologies gesien is kategese **kerklike diens** aan die verbondskinders van die kerk deur middel van die **amp.** Die kerk is `n vergadering van gelowiges waarin Christus en al sy weldade geniet word en waar daar onder sy heerskappy geleef word. Die kerk is nie alleen vrug van Christus se diens nie maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Die amp kom uit Christus. Dít maak van die amptelike diens van die kerk diens van God in Christus ten behoewe van die kerk. Die amp is in Christus, die Koning van die kerk, gewortel en gegee ter wille van die kerk, tot opbou daarvan (Matt. 16:18, Ef. 4:12). Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, deur middel van die amp, daarom het die kategese `n **amptelike karakter**. Dit kom duidelik na vore in die eerste vyftig jaar van die bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika want in die organisering en beplanning van die kategese is dit slegs opgedra aan die ouderlinge en die predikante. Van geen ander onderrigleer kan dit gesê word dat dit amptelike onderrigleer is nie. Christus werk instrumenteel deur die amp in en aan sy gemeente, dit beteken dat die predikant die enigste amptelike kategeet is. Christus se diens aan die verbondskinders van die kerk is amptelike diens deur die amp van die kategeet. Alle sake rakende die kategetiese onderrig is in die periode 1859 tot 1909 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op kerklike vergaderings besluit waar die amp betrokke is. Op die eerste Sinode 1862 word 'n oproep gedoen op die kerkrade: "Door den Voorzitter, werd eene herderlijke opwekking, aan deze vergadering, gedaan, inzonderheid aan de broeders Opzieners, om zoo veel mogelijk bij de openbare zamenkomsten, ook den jongen, de eerste beginselen, in't openbaar in te scherpen, alsmede de meerdere volwassenen, - 't welk met liefde werd aangenomen."[587] Vanuit die amp skrywe ds. Dirk Postma op 1 Junie 1873 in De Maandbode oor belydenisaflegging waarin die funksionering van die amp na vore kom: "Ik wil hierover niet lang zijn; maar als zorg dragend herder en leeraar, als opziener in Christus Kerk, gevoel ik mij toch verplicht er iets over te schrijven."[588] Ds. D. Postma (jr) van Fauresmith skryf in De Maandbode[589] oor die aanneming (belydenisaflegging) van kinders en wys op die kardinale funksie wat die ouderlinge hierin het: "En dit wil ik met een voorbeeld toelichten; gesteld eens dat zekere ouders een kind van 12 of 13 jaren oud toelaten om tot de aanneming te gaan; deze ouders kennen het gewicht van de zaak, zij weten welk een dure belofte het kind moet afleggen, zij weten welke dure verplichtingen en groote verantwoording het kind op zijne zwakke

587 Notule van die 1e Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, te Reddersburg, Artikel 29, Bladsy 12.

588 Belydenisaflegging, De Maandbode, Jrg 1 No 3 Zondag 1 Junij, 1873.

589 De Maandbode 14(8) 1 November 1886.

schouders sal nemen; het kind voldoet de Opzieners in zijne kennis, en beantwoordt ook alle gemoedelijke vragen op zodanige wijze dat de Opzieners enigszins vrijmoedigheid krijgen om hem aan te nemen; nu verwachten de Opzieners met recht dat deze jongeling of jonge dochter nu ook zal toonen dat hij of zij een levend lidmaat der Kerk is, door het avondmaal te gebruiken en een godzalig leven te leiden; doch in vele, zoo niet in de meeste gevallen, duurt het jaren eer dat zulk een persoon tot de tafel des Heeren nadert."

### 7.12.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1859 tot 1909

Vir die periode 1859 tot 1909 is kategese vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die middel waardeur die verbondskinders gelei is tot aflegging van belydenis van geloof. Die leeruitkoms van die kategese is dus die werking, onderhouding en uitbouing van die **geloof** van die verbondskinders in wat **beloof** is in die verbond, sodat hulle tot gehoorsaamheid aan die verbondseis van God kan kom. Die leeruitkoms van die kategese trek op `n brandpunt saam in die geloof van die verbondskinders: hulle ***geloofsekerheid, geloof****svolwassenheid*, ***geloof****sgehoorsaamheid* en ***geloof****sbelydenis*.

Ds. D. Postma het in die brief wat hy in Junie 1873 in De Maandbode aan die verbondskinders en hulle ouers gerig het, aangetoon dat die leeruitkoms van die kategese van die begin van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se bestaan gesien is as aflegging van geloofsbelydenis.[590] Hy skryf: "De gedoopte kinderen zijn Lidmaten van de Gemeente des Heeren; dit houde elk toch in het oog. Zie ons doops formulier, zij worden 'als in Christi geheiligd, en daarom als Lidmaten zijner Gemeente gedoopt'. Komen zij tot het doen van de Belijdenis, of zoo als men dat gewoonlijk noemt om aangenomen te worden, sij komen dan niet om lidmaten te worden, want dat zijn ze, maar om voor de Opzieners der Kerk eene proeve van hunne bekwaamheid af te leggen, of ze namelijk bekwaam mog geoordeeld worden 'het lichaam des Heeren te onderscheiden', dat volgens 1 Kor.11:29, toch eene Bijbelsche vereischte is."

Hierdie doelpunt van geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid, heilsekerheid, heilstoe-eiening en geloofsbelydenis word bereik deur die werking van God se Gees en Woord in die kategese (Matt. 28:19-20, Hand. 1:8). Op kerkraads- en meerdere vergaderingsvlak is hieroor besluit. Op die 8$^{e}$ Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Kaapkolonie is die saak van die vrae by belydenisaflegging ter tafel geneem. Die saak is ook op die 6$^{e}$ Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1876 behandel. Op

590 De Maandbode, jaargang 11, nommer 5, Zondag 1 Augustus, 1883.

kerkraadsvlak het dié saak ook ter sprake gekom, byvoorbeeld die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom besluit op 27 Oktober 1871 om "Regels voor 'Aanneming'" te formuleer. Tydens die 14^e Algemene Vergadering van die O.V.S., 9 Maart 1875,[591] word gehandel oor die belydenisvrae: "Gesproken over het formulier van de bevestiging van Jongelieden volgens Art. 159 van de laats gehoudene Synode. De vergadering acht het nodig dat de Synode nog eens teruch koome op dat artikel." Die Algemene Kerkvergadering word dus deur die Algemene Vergadering van die O.V.S. gevra om terug te kom op die besluit insake die vrae tydens belydenisaflegging. Daar word gevra "dat de Synode vragen opstelle voor de openbare bevestiging van lidmaten", waarop die Sinode met meerderheid van stemme besluit dat "de vragen achter het Kort Begrip worden by de voorstelling der lidmaten gebruikt". Daar is verder op die Sinode aandag geskenk aan die besluit van die Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie. Vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is kategese die middel waardeur die verbondskinders gelei is tot aflegging van belydenis van geloof. Op die 8^e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Kaapkolonie is die saak van die vrae by belydenisaflegging ter tafel geneem. 'n Voorstel van ds. J. Lion Cachet was dat die Algemene Sinode "bepaalde vragen bij het voorstellen der lidmaten vas te stellen". Die saak is op die sesde Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1876 behandel. Tydens die 14^e Algemene Vergadering van die O.V.S., 9 Maart 1875,[592] word gehandel oor die belydenisvrae: "Gesproken over het formulier van de bevestiging van Jongelieden volgens Art. 159 van de laats gehoudene Synode." waarop die Sinode besluit om "de vragen achter het Kort Begrip worden by de voorstelling der lidmaten gebruikt".[593]

### 7.12.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909

Die objek van die kategese is die kinders van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is. Die objek van die kategese is op menige plekke in die periode 1859 tot 1909 gesien as "de teedere jeugd". Ds. D. Postma skryf in Junie 1873 in De Maandbode 'n brief aan die verbondskinders en hulle ouers waaruit dit

591 Notule van die 14^e Algemene Vergadering van die O.V.S. te Ventersburg op 9 Maart 1875, artikel 21.
592 Notule van die 14^e Algemene Vergadering van die O.V.S. te Ventersburg op 9 Maart 1875, artikel 21.
593 Die betrokke verwysing in die Kort Begrip lui soos volg: "Alle degene die zig tot de gemeinte willen begeven (dese Hoofdstukken in den grond bekent en beleden hebbende) zo vraagt men wyders hen af: (a) Of zy ook ergens in aangaande de Leere enige twyfel hebben? Opdat men hen moge genoeg doen; indien ymant onder hen zegge van ja, zo zoeke men hem uit de Heilige Schrift te voldoen; en is het dat zy alle gerust zyn zo vraagt men (b) Of zy ook voorgenomen hebben door Gods genade by dese Leere te blyven, de wereld te versaken, en een nieuw christelyk leven leiden. Ten einde vraagt men ook (c) Of zy hen der Christelyke straffe wil onderwerpen? Het welk hebbende gedaan: men vermaant ze tot vrede, liefde en eendragtigheid met alle menschen ende tot vredemakingen; indien ymand van hen met synen naasten iets uitstaande heeft."

duidelik blyk dat die verbondskinders toe reeds gesien is as die objek van die kategese.[594] Hy skryf: "De gedoopte kinderen zijn Lidmaten van de Gemeente des Heeren" en moet daarom begelei word tot openbare geloofsbelydenis in die midde van die gemeente. Die sentrale grond vir die kerk om sy kategese te rig op die verbondskind is eerstens die opdrag van die Here (Deut. 6:7-9), en tweedens die verbondsverpligting waarna die doopsformulier verwys as *"verplig tot `n nuwe gehoorsaamheid"*; derhalwe is dit ook die uitgangspunt vir die kategese. Op die 3e Sinode, 1866, word besin oor die ouderdom waarop die verbondskinders in die gemeentes belydenis van geloof kan doen.[595] Op gemeentelike vlak is ook nagedink oor die ouderdom van die kinders tydens belydenisaflegging. "De Gemeenten *Burgersdorp, Colesburg* en *Philipstown,* stellen der Vergadering voor, of men niet eenen bepaalden tijd kan stellen, wanneer jonge lieden, als Lidmaten der Kerk, kunnen worden op- en aangenomen." Op de vraag: "Hoe oud moet de jongeling en jonge dochter zijn, om tot het doen der belijdenis toegelaten te worden?" het die Sinode steeds geantwoord: "Dat zij daarover geene bepaling durft te maken, maar moet het aan het oordeel der ouderlingen met den leeraar overlaten, of de personen al of niet bekwaam zijn voor het doen der belijdenis." Oor hierdie saak het ds. D. Postma (jr.) van Fauresmith in 1886 in De Maandbode geskryf: "Opdat een ieder mij duidelijk mocht verstaan, wensch ik vooraf de opmerking te maken, dat het ongetwijfeld waar is dat de verstandelijke vermogens wel eens bij een persoon van 12 jarigen leeftijd in gelijke of zelfs in meerdere mate ontwikkeld zijn als bij iemand, die reeds 16 of 17 jaren telt; maar dit is eene uitzondering; het onderstaande betreft dan ook alleen gewone gevallen, waarmede wij in den regel te doen hebben. Ik meen dan allereerst met vrijmoedigheid te kunnen zeggen, dat het toelaten van jonge menschen om zoo spoedig tot de aanneming te komen ten eenen male onverantwoordelijk is voor de ouders. En met betrekking tot de jongelieden, die op zoo jeugdigen leeftijd tot de aanneming komen, meen ik in de tweede plaats te kunnen zeggen, dat dit hoogst nadeeling is voor henzelven, en ook voor Kerk en Land. plaats van de handen der Opzieners te sterken overeenkomstig onzen Christelijken plicht."

"Zij verlangt van de opzieners dat dezen de jeugd ernstig opwekken en aansporen tot bevordering van kennis, haar bij het gewicht der zaak bepalen en ze niet aan te nemen zonder behoorlijke kennis en goed getuidgenis van hunnen wandel. De Synode herinnert bij dezen aan art. 61 onzer Kerkorde en aan het voorschrift bij ons Kort Begrip gegeven, n.l. hetwelk achter hetzelve is te vinden." Op die 7e Sinode (1879) dien ook 'n beskrywingspunt:[596] "Daar het uit de ervaring blijkt dat dikwels zeer jonge kinderen zich aanbieden voor de aanneming, worde er door de Synode een bepaald jarental gesteld om toegelaten te worden tot het lidmaatschap. Zeg b.v.

594 De Maandbode, jaargang 1, nommer 3 Zondag 1 Junij, 1873.
595 Handelingen 3e Algemene Synodale Vergadering, 1866, Artikel 71:18.
596 Handelingen van de sewende synode, 1879. Artikel 172:56

geen jongeling zal in de aanneming toegelaten worden voor hij 16 jaren en geene dochter voor zij 15 jaren bereikt heeft niet." Die Sinode besluit om te volstaan met besluit van die vorige Sinode: "De Synode durft op dat punt niet anders besluiten, dan reeds in art. 25 van die Verzameling der Synodale Bepalingen is uitgedrukt" en hoop dus dat die kerkrade hulle sal gedra na die voorskrif, waartoe die Sinode hulle ook vermaan.[597]

### 7.12.5 Die *Teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909

Die Subjek van die kategese is die Drie-enige Verbondsgod. Dit spreek baie duidelik uit die leer van die Kerk.[598] Die feit dat God Drie-enig die Subjek is wat wedergeboorte en geloof gee (Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 3 en 4, Artikel 12-15, Ef. 2:8), maak kategese anders as sekulêre onderwys waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur aan die jonger geslag oordra. As Subjek van die kategese, werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Slegs wanneer God Drie-enig self in die kategese teenwoordig is, kan daar sprake wees van suksesvolle kategese (Hand. 2:47, Hand. 3:26, Hand. 4:19-21, Hand. 20:28 en 32, Rom. 10:15, 1 Kor. 3:6-9, 2 Kor. 5:20). In die kategese as verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging moet wat God **gee** (indikatief), wat God **wil** (paraklese) en wat God **beloof** (belofte) aan die verbondskinders bedien word. Kategese is teosentriese onderrigleer en begeleiding. Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en dit trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8).

### 7.12.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909

Vir die kategese is leerinhoude alles wat waardevol is om deur middel van onderrigleer aan die verbondskinders te onderrig en waaruit hulle moet leer, sodat hulle tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid, heilsekerheid en heilstoe-eiening kan kom met die oog daarop dat elkeen openlik belydenis van geloof kan doen. In hierdie opsig is die **Bybel**, die **kerklike belydenis** en die **kerkgeskiedenis** geselekteer as die enigste leerinhoude vir die kategese. Reeds vanaf die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die

---

597 De Wet en Coetzee, 1943, bladsy 98.

598 Die Ekumeniese Belydenisskrifte (Twaalf Artikels; die Nicéaum en die Atanasium ) en die drie formuliere van eenheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus. Dordtse Leerreëls).

leerinhoude van die kategese eerstens die *Bybel* (in hierdie geval die Statebybel waaruit daagliks geleer is), daarmee saam Borstius en tweedens die *Kort Begrip* (*Heidelbergse Kategismus)*.

Aan die begin van 1904 het daar in die O.V.S. in opdrag van die Algemene Vergadering[599] 'n uiters belangrike "*Verslag en Advies aangaande het Catechetisch Onderwijs*" verskyn uit die pen van ds. W. Postma van Bethulie. Coetzee[600] meld dat dit een van die weinige dokumente in die geskiedenis van die kategetiese onderwys tot ons beskikking is. Postma behandel eers die algemene beginsels, naamlik die ***doel*** van die kategese, daarna die ***leerinhoude*** van die kategese en dan die ***taak*** van die kerk, die predikante en die ouderlinge, en die ouers ten opsigte van kategese.

### 7.12.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** daarvan. Die vraag moet gestel word: Hoe moet ek die leerinhoude aan die verbondskinders oordra? 'n Metode is 'n handelswyse of 'n werkswyse. Die metode is die pad waarlangs jy stap om die leerinhoude aan die kind oor te dra. Dit is duidelik dat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 1909 die **vraag-en-antwoordmetode**, dus die **erotematiese metode**, gebruik het. Dit is 'n metode wat gedurende die vroeë Middeleeue sy ontstaan het. Die katkisasieklas verloop dus aan die hand van die **vraag-en-antwoordmetode** Die kategese is derhalwe 'n erotematiese gesprek. Die ouderlinge en predikante het nie in die besonder besin oor metodes vir onderrigleer nie, maar die gebruikmaking van die kategismus, die Kort Begrip, Borstius en ander vraeboekies toon aan dat die **vraag-en-antwoordmetode** algemeen gebruik is.

### 7.12.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1859 tot 1909

#### 7.12.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese

Onder die praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 1909 word die volgende verstaan: die **tydsduur** wat vir elke les vasgestel is en die **aantal lesse** wat per jaar beplan is; die **lokaal** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan; die **handboeke** of **handleidings** en **hulpmiddele** wat tot beskikking van die kategeet is (muurkaarte,

---

599 Notule van die Algemene Vergadering van die O.V.S. 1904.

600 De Wet en Coetzee, 1943, bladsy 104.

skryfbord of blaaibord, oorhoofse projektor, flitskaarte, modelle ens.); die **aantal katkisante** in die klas en of die klas net bestaan uit kinders van dieselfde jaargroep en of een of meer jaargroepe in een klas saamgevoeg is.

### 7.12.8.2 **Die Lesblad**

Ter wille van orde in die kategetiese onderrig is 'n lesblad waarin die kategeseprogram sistematies uiteengesit en ingedeel is, noodsaaklik. Die saak van 'n lesblad vir die kategese het op die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp ter sprake gekom.[601] Uit 'n kommissieverslag word gestel: "Het is wenschelijk dat er jaarlijks van wege de Alg. Verg. Eene lijst van Catechisatie lessen opgesteld worden zoo ingericht dat consulentegemeenten er ook gemakkelijk gebruik van kunnen maken." Wat belangrik is, is dat die hele saak aan die vryheid van die predikante en die kerkrade oorgelaat is of hulle van so 'n lesrooster wil gebruik maak of nie. Die vergadering ag dit wenslik dat elke gemeente 'n vaste jaarlikse lesrooster het, en dat daar nie alleen gereeld op die dorpe kategetiese onderrig gegee sal word nie, maar dat ook voorsiening gemaak moet word vir gereelde katkisasie in die buite wyke vir die kinders wat ver woon. Die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie[602] (1908) roer weer die saak aan van 'n gesamentlike Lesrooster: "Inzake eensluidende Catechisatielysten voor de verschillende gemeenten word voorgesteld: Een Commissie bestaand uit de Predikanten van Middelburg, Steynsburg, Burgersdorp en Aliwal-Noord worde benoemd om een schema op te stellen te worden verzonden aan de verschillende kerkeraden ter goed of afkeuring, met het doel tot eenvormigheid te geraken. Wordt het schema goedgekeurd dan zal dezelfde Commissie Catechisatielysten voor 1909 opstellen en laat drukken." Aan die 46e Algemene Vergadering word gerapporteer:[603] "De comm. inzake optrekken van katechisatielysten kon door omstandigheden nie byeenkomen nie. Algemeen goedgevonden deze zaak daar te laten." In "De Maandbode" van Mei 1887 word die katkisasie-rooster van ds. J.L. Maury van Potchefstroom gepubliseer.

### 7.12.8.3 **Die handboeke**

Vir die kategese is hoofsaaklik die handboek van Borstius voorgeskryf en ook die Kort Begrip ten opsigte van die kategismus. Oor die Kort Begrip is daar in die loop van die tyd verskillende handleidings uitgegee vir die gebruik daarvan in die katkisasies. Een handleiding is die van J.

---

601 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 36.
602 Handelingen van die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 3 Februarie 1908, te Philipstown. artikel 46.
603 Handelingen van die 46e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 1 Februarie 1909, te Burgersdorp. artikel 42.

Van den Honert wat in 1741 verskyn het, maar in Suid-Afrika nie gebruik is nie. Die tweede handleiding is die van ds. P. Nahuys in 1745. Daar is verder op die Sinode aandag geskenk aan die besluit van die Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie.[604] Daar is ook, volgens die Handelingen 5e Algemene Synodale Vergadering, te Burgersdorp, 1873, artikel 189, bespreking gevoer in verband met die gebruik van handboeke by die kategetiese onderwys.[605] Die 5e Algemene Synodale Vergadering, te Burgersdorp, 1873, Artikel 135, het ook met dankbaarheid kennis geneem van die Handleiding wat ds. D. Postma geskryf het.[606] Die Sesde Algemeene Synodale Kerkvergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 8-24 Mei 1876, te Reddersburg, het belangrike besluite geneem, rakende die kategetiese onderrig. Ten opsigte van die Katkisasie-handboeke volstaan die Sinode by die besluit van 1873 dat die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus aangewys word as bepaalde kerklike leerboeke in die kategetiese onderrig. In artikel 28 wat handel oor "Catechisatie boeken" word gevra of "Hellenbroek, dan of het Kort Begrip door de Gereformeerde Kerk aangenomen is als leerboek voor het doen der belijdenis? Verklaart de Synoden: *Dat sedert* de Dordsche Synode, bij de Gereformeerde Kerk, het Kort Begrip en de Catechismus, door de Synode aangewezen, de bepaalde kerkelijke leerboeken zijn".

Aansluitend by die besluit van die Sinode van Dordtrecht (1618/19) neem die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Rustenburg[607] die volgende besluit: "Zij (predikante) zullen ook zooveel mogelijk met groot en klein Catechisatien houden over de bijbelsche geschiedenis en de leer des geloofs. En voor het laatst genoemde gebruiken de gewone leerboeken der Kerk, vooral Kort Begrip en Catechismus." In hierdie opsig blyk dit uit die Kerkraadsnotule[608] van die Gereformeerde Kerk Ladybrand dat die bekende handboeke vir die kategese ook in Ladybrand van toepassing was. Die Kerkraad neem 'n besluit oor die aankoop van Katkisasie-boekies:

---

604 Die Sinode het op versoek van die Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie 'n ontwerp van vrae opgestel (Handelingen 5e Algemene Synodale Vergadering, te Burgersdorp, 1873, Artikel 161): "Die de Algemene Vergadering als een classicale vergadering dient te doen aan elke gemeente volgens art. 41 onzer kerkorde" opgestel en voorlopig goedgekeur. Daar is 10 sulke vrae opgestel, waaronder in hierdie verband van belang is die volgende: (2) Of er ook geregeld volgens de Catechismus gepredikt wordt? (3) of er Zondags en in de week ook met de jeugd gecatechiseerd wordt? (9) Hoe het gaat met de onderwys en de opvoeding der jeugd?" Hierdie belangrike besluit sou voortaan elke gemeente elke jaar dwing om rekenskap te gee van wat daar in die gemeente gedoen word in verband met die wêreldlike en godsdienstige opvoeding van die jeug, en so is die godsdiensonderrig in ere en in stand gehou.

605 Op 'n vraag van die kerkraad van Rustenburg "of Hellenbroek dan of het Kort Begrip door de Gereformeerde Kerk aangenomen is als leerboek voor het doen der belydenis" het die Sinode geantwoord "dat sedert de Dordtsche Synode, by de Gereformeerde Kerk, het Kort Begrip en de Catechismus, door de Synode aangewezen, de bepaalde kerkelyke leerboeken zijn." Hieruit kan afgelei word dat die handboekie van Hellenbroek "Voorbeeld der Goddelyke Waarheden" wel in gebruik by ons gemeentes was op die katkisasie, maar dat die Sinode tog die voorkeur gegee het aan die Kort Begrip.

606 Ds. D. Postma het 'n "Handleiding voor de Godgeleerdheid" saamgestel met die oog op sy onderrig aan die teologiese studente en ook "voor de gemeente tot bevordering van meer geregelde kennis des zuivere godsdienstleer". Hierdie handleiding is in 1875 uitgegee en gedruk deur Saul Solomon & Co., Kaapstad.

607 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Rustenburg 10 Februarie 1882, Artikel 9.

608 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Ladybrand 13 Oktober 1859, Artikel 54.

"Besloten 1 doz. Kort Begrip boekjes en 1 doz. Borstius boekjes te bestellen van Burgersdorp. Het word aan de Scriba opgedragen." Die Algemene Sinodale Vergadering van 1907[609] neem die saak van handboeke ter tafel aan die hand van 'n skrywe wat ontvang is. Daar word egter besluit dat die Sinode bly by die besluit van die Algemene Sinodale Vergadering van 1904.[610]

Ds. W. Postma het die probleem van handboeke in die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bykans opgelos met die "Catechisatie-Handboekje" wat in 1906 'n tweede uitgawe beleef. Ds. Postma het die boekie soos volg ingerig:

- Deel 1 is die Kort Begrip met die verklaring van ds. W.J. Snyman van Venterstad.
- Deel 2 is 'n oorsig van die Bybelse Geskiedenis grotendeels van broeder H.H. van Rooyen, hoof van die Vrye Christelike te Bloemfontein.
- Deel 3 behandel die tydberekening, die feesdae en heilige dae van die Jode, die offerandes, die mate, munte, en gewigte.
- Deel 4 is die feite ten opsigte van die Psalmberyminge en die Belydenisskrifte.
- Deel 5 bevat die Bylaes (konings van die 12 stamme, die tydperk tussen die Ou en die Nuwe Testament en persone met dieselfde of byna dieselfde name in die Bybel.

Hierby kan ook genoem word dat die "Handleiding bij de Verklaring van het Kort Begrip" wat deur ds. S. Postma van Middelburg, KP, geskryf en gepubliseer is in hierdie jare ook heelwat gebruik is in die kategetiese onderrig van die verbondskinders, veral jongmense wat hulle voorberei vir geloofsbelydenis.

### 7.12.8.4 Lokale en hulpmiddele

Ten opsigte van **lokale** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan en **hulpmiddele** by die aanbieding van die lesse het destyds nog nie bestaan nie. Daarom is daar ook nie daaroor besin nie.

609 Handelingen van die Algemene Synodale Vergadering 1907, artikel 103.

610 Handelingen van die Algemene Synodale Vergadering 1904, wat besluit dat volstaan word met punt 2 op bladsy 126 van die Sinodale Vergadering. De Wet en Coetzee, 1943:105.

# HOOFSTUK 8
# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GKSA VAN 1909 TOT 1949

Geskiedenis van die Kategese
in die Gereformeerde Kerke
in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

## INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 8

## DIE GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA VAN 1909 TOT 1949.


8.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika....237
8.2 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949....238
8.2.1 Die standpunte van verskillende skrywers en vergaderings insake Kategese....239
8.2.1.1 ds. W. Postma (Bloemfontein) – 1909....239
8.2.1.2 ds. J.G.H. van der Walt (Middelburg, KP) – 1910....240
8.2.1.2.1 Inleidend....240
8.2.1.2.2 Teenwoordige toestand ten opsigte van kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika....240
8.2.1.2.3 Die doel van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika....241
8.2.1.2.4 Die wyse waarop die inhoud van die Bybel aan die kinders meegedeel word....241
8.2.1.2.5 Behoorlike indeling van die inhoud van die Bybel onder verskillende hoofde....241
8.2.1.2.6 Die sielsbekwaamheid van die katkisante en die "Katechisatie lijst"....242
8.2.1.3 Artikels ds. I.D. Kruger, 1922....243
8.2.1.4 Brosjure-deputate Algemene Vergadering Kaap 1917....244
8.2.1.4.1 Inhoud van die brosjure....244
8.2.1.4.2 Die betekenis van die Katkisasie....244
8.2.1.4.3 Die voorbereiding vir die nagmaal....244
8.2.1.4.4 Die bewapening vir die stryd van die lewe....245
8.2.1.4.5 Die noodsaaklikheid van die kategese....245
8.2.1.4.6 Die inrigting van die kategese....245
8.2.1.5 Die besinning van die 58e Algemene Vergadering van die OVS, 26 Maart 1921....246
8.2.1.6 Studie insake godsdiensonderwys in die kerk, 15 Februarie 1922 en 15 Maart 1922....247
8.2.1.7 Korrespondensie in Die Kerkblad, 1923....248
8.2.1.8 Artikel ds. J.G.H. van der Walt, 1923....249
8.2.2 Handboeke vir die kategese....250
8.2.3 1913 – Uitbreiding van die handboekies....250
8.2.4 1915 – Handboekies vir die Heidelbergse Kategismus....252
8.2.5 1918 – Besluite van die Sinodale Vergadering van 22 Augustus 1918....253
8.2.6 1920 – Nuwe boekies van die katkisasie....254
8.2.7 1924 – Besluit van die 21e Algemene Sinodale Vergadering 29 Maart 1924 e.v.d....254
8.2.8 1927 – Besluite van die 22e Sinodale Vergadering 25 Maart 1927 e.v.d....256
8.2.9 1928 – Skrywe oor handboekies in Die Kerkblad, 15 Mei 1928....260
8.2.10 1930 – Rapport Deputaatskap vir "Katkisasie Handboeke"....261

8.2.11 1933 – Partikuliere Sinode Transvaal, 14 Januarie 1933, oor katkisasie-handboekies. ....263
8.2.12 1935 – Besluit 72e Algemene Vergadering OVS, 21 Februarie 1935. ....264
8.2.13 1936 – Besluite 25e Sinodale Vergadering, 25 Maart 1936 e.v.d. ....265
8.2.14 1938 – Besinning deputaatskap vir katkisasie en boeke, 18 April 1938. ....265
8.2.15 1939 – Vergadering deputate vir katkisasie, 29 Junie 1939. ....267
8.2.16 1940 – Besinning deputate vir katkisasie, 23 Januarie 1940. ....268
8.2.17 1942 – Vergadering deputate vir katkisasie oor handboeke. ....268
8.2.18 1943 – Deel 1 van die handboek Heidelbergse Kategismus voltooi. ....271
8.2.19 1944 – Verskillende handboeke beplan. ....271
8.2.20 1945 – Verbeterde uitgawe deel 1 en 2 handboek Heidelbergse Kategismus. ....271
8.2.21 1948 – Die Gereformeerde Katkisant. ....272
8.2.22 1949 – Besluite 30e Sinodale Vergadering, 26 Januarie 1949 e.v.d. ....272
8.2.3 Die katkisasierooster 1909-1949 ....272
8.2.3.1 Die behoefte aan 'n katkisasierooster ....272
8.2.3.2 Teleurstelling deur die Algemene Sinode van 1904 ....273
8.2.3.3 Die optrede van ds. Willem Postma insake 'n lesrooster ....273
8.2.3.4 Die ontstaan van "De Timotheus Catechisatie Rooster voor 1910" ....276
8.2.3.5 Die werksaamhede ten opsigte van 'n Lesrooster van 1910 – 1923 ....276
8.2.3.6 'n Rubriek vir die kategese in Die Kerkblad ....277
8.2.3.7 Besluit deur die Algemene Vergadering in Transvaal 1924 ....278
8.2.3.8 Die besluit deur die Algemene Vergadering in Transvaal 1924 ....278
8.2.3.9 'n Volgende poging is onsuksesvol ....279
8.2.3.10 Rapport voor die 24e Sinodale Vergadering 1933 ....279
8.2.3.11 Die ontwikkeling van 'n lesrooster in die jare 1932 tot 1936 ....283
8.2.3.11.1 'n Algemene Katkisasie lesblad ....283
8.2.3.11.2 Katkisasierubriek in "Die Kerkblad" ....284
8.2.3.12 Rapport kommissie van pre-advies 1936 ....284
8.2.3.13 Uitvoering van die Sinodebesluite 1939 ....286
8.2.3.14 Rapport aan die 8e Partikuliere Sinode van die Kaapprovinsie 30 Oktober 1941 ....288
8.2.3.15 Notule van die 81e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in die O.V.S. en Natal in vergadering byeen te Kroonstad 2 Maart 1944 e.v.d. ....289
8.2.3.16 Lesrooster verskyn jaarliks ....289
8.2.3.17 Kategese en meerdere vergaderings ....290
8.2.4 Katkisasieleermeesters ....291
8.2.4.1 Die enigste kategeet ....291
8.2.4.2 Hulp-kategete word onvermydelik ....291
8.2.4.3 Nadere bepalings van die eksamen ....292
8.2.4.4 Die praktyk van die katkisasiemeesterseksamen ....293
8.2.4.5 Die eerste eksamen, September 1924 ....294
8.2.4.6 Die tweede eksamen, April 1925 ....295
8.2.4.7 Eksamen 1926 ....295
8.2.4.8 3 Junie 1936 ....296
8.2.4.9 Worsteling om die Katkiseermeesters-eksamen op dreef te hou ....298

8.2.4.9.1 Aanmoediging deur pryse, diplomas en beurse ....298
8.2.4.9.2 Ter wille van opleiding moet kragtiger opgetree word ....298
8.2.4.9.3 Noodsaaklikheid van 'n plaaslike organisasie. ....299
8.2.4.9.4 Spesiale poging deur Rustenburg ....299
8.2.4.9.5 Rapport aan die 26e Sinodale Vergadering 1939 ....300
8.2.4.9.6 Die 28e Sinodale Vergadering 1945 ....300
8.2.4.9.7 Vergadering Katkisasiedeputate 6 Februarie 1946 ....301
8.2.5 Konferensies: Katkisasiemeesters ....302
8.2.5.1 Konferensie 29 April 1933 ....302
8.2.5.2 Die konferensie van 4 Mei 1940 ....303
8.2.6 Die Gereformeerde Katkisant ....305
8.2.6.1 Katkisasie-leerinhoude moet behandel en verduidelik word ....305
8.2.6.2 'n Katkisasieblad word beplan ....305
8.2.6.3 Stigting van die katkisasieblad ....307
8.2.6.4 Die samestelling van die katkisasieblad ....309
8.2.6.5 Die einde van Die Gereformeerde Katkisant ....310
8.3 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die periode 1909 tot 1949 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ....311
8.3.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1909 tot 1949 ....311
8.3.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949 ....311
8.3.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1909 tot 1949 ....311
8.3.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949 ....312
8.3.5 Die *Teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949 ....312
8.3.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949 ....313
8.3.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949 ....313
8.3.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949 ....313
8.3.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese ....313
8.3.8.5 Lokale en hulpmiddele ....314

# HOOFSTUK 8

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA VAN 1909 TOT 1949

## 8.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

8.1.1 Die prinsipiële gronde vir die kategese soos in die Woord van God aangedui, is in Hoofstuk 2 uiteengesit.

8.1.2 Die historiese gang van die kategese van die ou Christelike Kerk tot en met die Reformasie word in Hoofstukke 3 en 4 opgeteken en beoordeel.

8.1.3 Die geskiedenis van die kategese in die tydperk van die Nadere Reformasie en die Dordtse Sinode (1618/19) is in Hoofstuk 5 onder die loep geneem en beoordeel.

8.1.4 Die ontwikkeling en praktyk van die kategese in Suid-Afrika vir die tydperk 1652-1858 is in Hoofstuk 6 nagevors en beoordeel.

8.1.5 Die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 tot 1909 is in Hoofstuk 7 aan die orde gestel.

8.1.6 Aandag word vervolgens geskenk aan die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode van 1909 tot 1949. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die historiese ontwikkeling van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949. Soos in die vorige hoofstukke in verband met die skopus van die studieonderwerp meegedeel, word slegs gekonsentreer op die kerkkatkisasie en nie op huis- en skoolkatkisasie nie.

8.1.6.1 In die periode van 1909 tot 1949, het die basis van die geskiedenis van die kategese aanmerklik verbreed.

8.1.6.2 Die ontwikkeling van die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949 spruit hoofsaaklik voort uit die werk van die volgende kerklike vergaderings: Nasionale (Algemene) Sinodes (sinodale vergaderings genoem),

3 Partikuliere Sinodes, werksaamhede van enkele klassisse, die deputate vir kategese van die Sinodale Vergaderings en die redaksie van Die Gereformeerde Katkisant en enkele kerkrade.

## 8.2 Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949

In die eerste 10 jaar sedert 1909 was daar in die algemeen en op sinodale vlak in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in meerdere mate belangstelling in die kategetiese onderrigleer en vir die jare wat sou kom, is die belangstelling lewend gehou. Die persoon wat veral aan die begin van hierdie periode aktief opgetree het ten gunste van die kategese, veral wat die uitgawe van 'n algemene lesblad betref, is ds. Willem Postma van Bloemfontein, vroeër van Bethulie, later van Reddersburg, ook bekend as dr. O'Kulis. Die meerdere belangstelling in die kategese word ook sigbaar in die Almanak van 1909. In hierdie Almanak word vir die eerste maal 'n afsonderlike paragraaf onder die hoof "Catechisatie" gegee[611] met die inhoud: "In de gemeenten, waar predikanten zijn, wordt geregeld elken Zondag tusschen de diensten Catechisatie gehouden. In de steden en dorpen zooals op Pretoria, Johannesburg, Middelburg (Kaap), Burgersdorp, enz., waar een groot gedeelte der gemeente in de stad woont, is ook nog in de week eene catechisatie voor degenen, die later belijdenis des geloofs wenschen af te leggen. In de buiten wijken die ver van het dorp zijn, wordt geregeld door een ouderling één of twee malen in de maand met de jeugd in die wijk gecatechiseerd. De leerboeken in de catechisatie zijn Kort Begrip met teksten en Borstius of Kindervragen".[612]

Volgens Coetzee[613] het die verhoogde belangstelling in die kategese gegaan oor die *katkisasierooster*, die *katkisasieleermeesters*, die *leerboeke* en die kategetiese *onderrigleer* in die algemeen. Skriftelik is vanuit verskillende oorde aandag geskenk aan die saak van die kategese. In "Het Kerkblad" is reekse artikels geplaas oor die godsdienstige opvoeding van die kerkjeug, gerig op die kategese waarop eerstens in hierdie hoofstuk gelet word. Daarna word ondersoek ingestel na die ontwikkeling ten opsigte van *katkisasieboeke, katkisasierooster, katkisasie leermeesters, katkisasiepraktyk.* Eerstens die standpunte van verskillende skrywers oor die kategese.

---

611 Almanak 1909, bladsy 90.

612 Hierdie waardevolle paragraaf is van jaar tot jaar met kleine wysigings en aanvullings in die "Almanak" opgeneem tot 1918, toe dit om die een of ander onverklaarbare wyse weggelaat is.

613 De Wet en Coetzee, 1943, Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys, bladsy 106.

### 8.2.1 Die standpunte van verskillende skrywers en vergaderings insake Kategese

Op die volgende standpunte ten opsigte van die kategese word eers gelet:

8.2.1.1 Ds. Willem Postma 1909

8.2.1.2 Ds. J.G.H. van der Walt 1910.

8.2.1.3 Brosjure-deputate Algemene Vergadering Kaap 1917.

8.2.1.4 Die 58e Algemene Vergadering O.V.S. 1921.

8.2.1.5 Studie insake godsdiensonderwys 1922.

8.2.1.6 Ds. I.D. Kruger 1922

#### 8.2.1.1 Ds. W. Postma (Bloemfontein) – 1909[614]

Ds. W. Postma skryf oor verskillende belangrike sake aangaande die kategese onder die titel "Katecheties Onderwijs" (1 Februarie 1909) en (2) "Katechisatie" (1 Julie 1909).

1. Postma is van oordeel dat dit "hoogst noodzakelik is dat ermeer samenwerking in de kerk zij met betrekking tot de katechisatie". In hierdie opsig dink Postma aan een gemeenskaplike rooster wat die leerinhoud sinvol indeel vir al die klasse. Volgens hom was dit 'n onontbeerlike faset ten opsigte van die suksesvolle aanbieding van kategese aan die verbondskinders van die kerk.
2. Daar moet ook gesorg word vir 'n kort praktiese verklaring van die Bybellesse as hulpmiddel vir die katkisante in die voorbereiding van die werk. "Als drangreden heb ik gebruikt het feit, dat allerlei vreemde leringen en ketterijen onder ons insluipen en dat het enige middel daartegen is degelike kennis van Gods Woord en de leer der kerk. Deze kennis moet door samewerking en goed organisatie verspreid worden, anders komt er niet veel van terecht." Dit is 'n aspek waaraan die kerk in onderlinge verband aandag sal moet skenk sodat dit kan dien as eenheidsfaktor ten opsigte van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
3. Vir Postma is van belang "het samenstellen van een leerplan, het verschaffen van leermiddele, de inrichting van lokalen, de ontwikkeling van leerkrachten, het houden van toezicht en inspeksie, het staan naar eenheid en samenwerking door onderling overleg, dat in alles en zoveel meer is vooruitgang te bespeuren, verbetering, een jagen naar het volmaakte". In hierdie opsig het Postma alle fasette van kategese in gedagte gehad.

614 Het Kerkblad, 1 Julie 1909, jaargang 11, nommer 222, bladsy 11-12.

#### 8.2.1.2 Ds. J.G.H. van der Walt (Middelburg, KP) - 1910

##### 8.2.1.2.1 Inleidend

Ds. J.G.H. van der Walt het in Het Kerkblad 'n breedvoerige artikelreeks gedurende 1910 oor "Katechisatie" geskryf. Met die oog op 'n volledige beeld van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal die inhoud van die artikelreeks in essensie bepaal moet word.

Ds. Van der Walt raak die volgende sake aan:

i. Teenwoordige toestand van die kategese in die Gereformeerde Kerke (Die Kerkblad,1 Maart 1910).
ii. Doel van die katkisasie (Die Kerkblad, 1 April 1910).
iii. Die wyse waarop die inhoud van die Bybel vir kinders ingedeel moet word (Die Kerkblad, 1 Mei 1910).
iv. Behoorlike indeling van die inhoud van die Bybel onder verskillende hoofde (1 Julie 1910).
v. Die sielsbekwaamheid van die Katkisante en Katkisasielys (Die Kerkblad, 1 Augustus 1910).

Dit is nodig om kortliks te let op die inhoud van ds. Van der Walt se artikelreeks omdat dit 'n weerspieëling sal wees van die omstandighede ten opsigte van kategese in daardie tyd.

##### 8.2.1.2.2 Teenwoordige toestand ten opsigte van kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika[615]

Ds. Van der Walt wys inleidend daarop dat baie mense steeds die begrip "Sondagskool" gebruik in plaas van "katkisasie". Hier is dit nie net die geval van 'n begrippeverskil nie, maar wel 'n verskil met die ideologie van die metodisme. Gereformeerdes moet onophoudelik aangemoedig word om die korrekte benaming te gebruik. In die Gereformeerde Kerke word die kinders beskou as verbondskinders, kinders wat in Christus geheilig is. As daar gedink word aan die teenswoordige toestand van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is daar veel stof tot dankbaarheid. Selfs in die konsulentgemeentes kry die kategese die nodige aandag volgens verslae na aanleiding van artikel 41 Kerkorde.

615 Het Kerkblad, 1 Maart 1910, jaargang 11, nommer 230, bladsy 4.

#### 8.2.1.2.3 Die doel van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika[616]

Van der Walt behandel beide Deuteronomium 4:9 en Psalm 78 as bepaling van die doel van die kategese, nl. dat die verbondskinders God sal leer ken. "De katechisatie nu is een middel om God te leren kennen. Dit is de weg waarlangs God kan verheerlikt en die zielen zalig worden." Kinders van verbondsouers is in die verbond opgeneem. Kinders moet tot geloof, berou, bekering ens. begelei word. "Men moet 't kind in de katechisatie bearbeiden opdat hij eindelik door *woord* en *daad* (of wilt ge: door openbare belijdenis van zijn geloof en door deelneming aan 't Sakrament) er toe komt God te verheerlijken." Die katkisasie is die middel wat God gebruik om die jeug vir hulle toekomstige roeping en vir die ewige lewe voor te berei.

#### 8.2.1.2.4 Die wyse waarop die inhoud van die Bybel aan die kinders meegedeel word[617]

Die belangrike vraag is, wat moet aan die verbondskinders in die kategese onderrig en geleer word. Die antwoord is kort en kragtig: *God se Woord.* Die volgende vraag is hoe kan die Bybel die allerbeste aan die kinders onderrig word, sodat hulle daaruit kan leer. "Gaan wij slordig en onnadenkend te werk dan kunnen wij oorzaak worden dat het Woord van God 'n reuke des doods voor de kinderen gaat worden." (2 Kor. 2:16.) Dit moet in gedagte gehou word dat die Bybel in die kategese nie 'n *leerboek* of 'n *handboek* is nie. Die Bybel is die skriftelike Openbaring van God en moet as sodanig vir die verbondskinders onderrig word sodat hulle daaruit kan leer.

#### 8.2.1.2.5 Behoorlike indeling van die inhoud van die Bybel onder verskillende hoofde[618]

"Men mag Gods Woord niet afsonderen als 'n aparte leerboek dat 't kind in enige maanden tijds goed genoeg kan kennen om er in gexamineerd te worden. Gods Woord moet zó de kinderen geleerd worden dat zij zelfkennis en kennis van God krijgen." Gebeur dit, kom die persoonlike geloof in die verbondskind tot ontwikkeling en groei dit totdat die vrug van die openbare belydenis na vore kom. Dit mag nooit in die kerk gebeur dat die doel van die kategese bloot gesien word as 'n voorbereiding van die kind vir belydenisaflegging ("aanneme") nie. Dit is mensewerk en voer nie tot God nie. Om nie in die slaggat van hierdie gevaar te trap nie, moet "*behoorlike indeling van de inhoud des Bijbels onder verschillende hoofden*" gemaak word.

616 Het Kerkblad, 1 April 1910, jaargang 12, nommer 231, bladsy 4.
617 Het Kerkblad, 1 Mei 1910, jaargang 12, nommer 232, bladsy 3.
618 Het Kerkblad, 1 Julie 1910, jaargang 12, nommer 234, bladsy 2.

Ds. Van der Walt deel die inhoud van die Bybel in onder die volgende 3 hoofde:
(1) Die geskiedenis. (2) Die Geloofsleer. (3) Die leer van die Dankbaarheid.

1. **Die Bybelgeskiedenis** moet in die katkisasie 'n primêre plek hê. Die kennis alleen maak nie die verbondskind bekwaam om belydenis van geloof te doen nie. Die gebeure wat God in die Bybel laat opteken het is nie blote feite sonder betekenis nie. "De H. Geest heeft ons de geschiedenis niet om de geschiedenis doen opteken doch om ons op die wijze God te leren kennen. De geschiedenis zonder de *les* die zij ons leert geeft niets."
2. **Die Geloofsleer** kom eers ter sprake by die meer gevorderde klasse. "De Bijbel behelst nie alleen geschiedenis maar ook *geloofs-leer*." Ursinus en Olevianus het aan die kerk in die Heidelbergse Kategismus[619] 'n onskatbare handboek gegee om die geloofsleer in die katkisasie te onderrig. Van die Kategismus mag nie eensydig geheuewerk gemaak word nie. Die kind moet begelei word tot *begrip* en *insig* sodat die geloof vir die kind van groot betekenis kan wees.
3. **Oor die leer van die dankbaarheid** moet daar duidelikheid wees. Vir die verlossing in Jesus Christus moet die verbondskind gelei word tot dankbaarheid en offervaardigheid. Die kind moet nougeset begelei word in die praktiese uitoefening van die geloof.

#### 8.2.1.2.6 Die sielsbekwaamheid van die katkisante en die "Katechisatie lijst"[620]

"In 't huisgezin en in de kerk moet men steeds 'n open oog hebben voor de gewichtige lessen der katechisatie en de zielbekwaamheid der katechisanten." Die ouderdom van die kind kan nie altyd as maatstaf gebruik word om die kind in die een of ander klas in te deel nie. "Een kind van acht of tien jaar dat 'n sterk geheugen bezit en door de opoffering van vader of moeder er toegekomen is om bijna 't boekje van Borstius geheel van buiten te kennen, is hierom nog niet bekwaam om naar de Kortbegrip klas te worden bevorderd." Ontydige bevordering kan die kind benadeel. Die kind moet organies van die een klas na die ander vorder. Die katkisasie in die gemeente vereis dat daar noukeurig en nougeset *georganiseer* word. Daar moet sisteem in die werk wees. "De leeraar ziet in deze zijn handen gesterkt door de ouderling en de ganse gemeente door zijn

---

619 Die Heidelbergse Kategismus is deur Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus in 1563 te Heidelberg, Duitsland geskryf op versoek van keurvors Frederik III van die Paltz. Die Nasionale Sinode van Dordtrecht (1618-1619) het dit as een van die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar. Via sinodale besluit om die Heidelbergse Kategismus in die prediking te behandel het dit 'n leerboek vir die jeug geword. Aanvanklik het die Kategismus-prediking en die onderrig uit die Kategismus gepaard gegaan. Reeds in 1665 is daar bewys dat die Heidelbergse Kategismus en die Kortbegrip in die kategese aan die kinders geleer is.

620 Het Kerkblad, 1 Augustus 1910, jaargang 12, nommer 235, bladsy 3.

*Katechisatie lijst,*[621] bij de aanvang van het jaar opgetrokken en behoorlik verspreid. Deze lijst moet niet alleen lessen aangeven maar ook de Katechisatie organiseren. Door aan ‘t eind des jaars van de gehele lijst kennis te nemen en door de uitloving van prijzen kan men de kinderen aanmoedigen en kracht bijzetten om de organisatie beter te doen slagen. Gebrek aan behoorlike organisatie en niet gebrek aan ijver, is de voornaamste oorzaak van onbekwaamheid bij jongelieden die komen om belijdenis des geloofs af te leggen. Hierom is het noodsakelik dat alle belanghebbende zichzelven voortdurend afvragen of het kind onderricht ontvangt in lessen die hem tot nut kunnen strekken."

### 8.2.1.3 Artikels ds. I.D. Kruger, 1922

In Het Kerkblad[622] skryf ds. I.D. Kruger oor "Ons Katkisasie-stelsel" en omskryf dit: "die manier waarop in en deur ons kerk onderwys gegee word". Ds. Kruger verwys na die "gebrekkigheid, wat ons aloue en *verouderde* Katkisasie-stelsel aanklewe". Hy verwys in hierdie opsig na die artikels van A.H. Lugtenburg.[623] Kruger is van oordeel dat ons "feitelik nie van 'n *metode* of *sisteem* of *stelsel* in ons kategetiese onderwys mag praat nie; want daar is nie soiets aanwesig nie". As bewys van hierdie stelling noem Kruger die volgende:

"Ons het nie behoorlike klaskamers nie.
Ons het nie vaste metodes nie.
Ons het nie vaste Katkisasiemeesters nie.
Ons het nie 'n geskikte stel katkisasieboekies en boeke nie.
Ons het nie behoorlik ingedeelde Katkisasieklasse nie.
Ons het nie vaste Katkisasie-ure nie.
Ons het nie vaste metodes nie."

Die situasie is dat elke gemeente met die Katkisasie-onderwys doen wat goed is in eie oë. "Oor die punte mag verskil van opinie bestaan, maar seker nie oor die *feit*, dat daar in Katkisasie-ONDERWYS, *behoorlike* onderwys gegee moet word; dat daar sowel vir ons *buite*, as vir die dorps- en stadskinders behoorlike reëlinge getref moet word, *waardeur almal goed en gereeld bearbei kan word.*" Kruger skryf "dat ons hier moet kla oor 'n *vreeslik verwaarloosde faktor* in

621 Onder die *"Katechisatie lijst"* verstaan ds. Van der Walt blykbaar die "lesrooster" met die indeling van die kinders in die verskillende klasse en die opgawe van lesse vir die hele jaar en vir al die katkisasieklasse. Andersyds blyk dit dat die *"Katechisatie lijst"* veel meer bevat as nét die lesse van elke klas. Vir sommige is dit 'n omvattende dokument waarin die organisering van die katkisasie ten volle weergegee word.

622 Het Kerkblad, 1 Junie 1922, jaargang 24, Nommer 488, bladsy 10.

623 Het Kerkblad, 15 Maart 1922, jaargang 23, Nommer 483, bladsy 1.

ons kerklike lewe". Die vrugte daarvan is bitter! Want die kennis by die aannemers is, in die meeste gevalle beklaenswaardig. Daar is lidmate wat belydenis doen van 'n *leer*, wat hulle op verre na nie ken nie; wat tot 'n kerk behoort, waarvan hulle die *geskiedenis* nie ken nie; wat 'n *Kerkorde* het, wat hulle nie ken nie; wat 'n *psalmboek* het, wat hulle nie ken nie, wat kerklike regte en pligte het, wat hulle nie ken nie; wat gereformeerd heet, maar dit is nie, omdat hulle nie weet, wat dit is nie; wat groot wysheid uitkraam, deur te sê: Kerk is maar kerk! Elkeen word op sy eie geloof salig.

**8.2.1.4 Brosjure-deputate Algemene Vergadering Kaap 1917**

**8.2.1.4.1 Inhoud van die brosjure**

In November 1917 verskyn 'n belangrike brosjure uitgegee op las van die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie, deur ds. D. Postma en andere:[624] "Voorligting aan onse Huisvaders en Huismoeders en Kerkerade insake die Kategisasie", waarin gehandel word oor (1) die betekenis, (2) die noodsaaklikheid, en (3) die inrigting van ons katkisasie.

Die betekenis van die kategese bespreek deur die skrywers van die brosjure word onder 3 hoofde behandel:

1. Die betekenis van die Katkisasie.
2. Die voorbereiding vir die Heilige Nagmaal.
3. Die bewapening vir die stryd van die lewe.

**8.2.1.4.2 Die betekenis van die Katkisasie**

Die betekenis van die katkisasie is daarin te vind dat dit die bekendmaking van die Goddelike waarhede is. Die Christelike Kerk het die heerlike roeping gehad om in die verbygaande wêreld die ewige en dierbare waarhede van Gods Woord bekend te maak.

**8.2.1.4.3 Die voorbereiding vir die nagmaal**

Die doop en die nagmaal kan nie van mekaar gèskei word nie. Verbondskinders is in Christus verlos en geheilig en moet daarom as lidmate van die gemeente gedoop word. Hulle is egter nog onbewus van die verloste lewe. Dit is hier waar die kategese van betekenis is. Die kategese is die

624 Die deputategroep het bestaan uit: ds. D. Postma en A.G. Coetsee (Burgersdorp); ds. J.G.H. vd Walt en P. vd Walt (Middelburg); dr. C.J.H. de Wet en J.G. Kruger (Steynsburg); ds. D. Rumpff, I.C. Coetzee en W.J. Steyn (Venterstad).

middel in God se kerk om deur onderrig die bewustheid van die geestelike lewe in die verbondskind te wek. Die sakrament van die doop staan egter nie alleen nie; dit is ten nouste verbonde aan die nagmaal. 'n Kind word gedoop om later self nagmaal te gebruik. Om die oorgang van die een sakrament tot die ander te gee, is die kategese daar om die onderrig te gee.

#### 8.2.1.4.4 Die bewapening vir die stryd van die lewe

Ons oefen ons kinders in die kategese vir elke moeilike taak van die lewe. Wanneer die vele versoekings van die lewe kom en die kinders nie behoorlik gewapen of gevorm is vir die stryd nie, verloor hulle die stryd. Daar is net sekere insettinge en beginsels wat 'n suksesvolle lewe waarborg, en dit is die insettinge van God in Sy Woord wat in die kategese aan die verbondskinders bedien word.

#### 8.2.1.4.5 Die noodsaaklikheid van die kategese

Wat tot nou toe geskryf is, wys op die noodsaaklikheid van die kategese. Tog is daar dieperliggende redes waarom die kategese noodsaaklik is. Die vernaamste daarvan is die ***eis van die doopsbelofte.*** Met die doop van hulle verbondskindjie het die verbondsouers plegtig voor God en die hele gemeente as getuies, belowe dat hulle hulle kinders as hulle kan verstaan, sal onderrig in die leer van die saligheid. Die kerk moet egter saam met die ouers die kind beskou as erfgenaam van die ryk van God en sy verbond. Dit is dus noodsaaklik dat die kind ook in die kategese in hierdie waarhede onderrig sal moet word.

#### 8.2.1.4.6 Die inrigting van die kategese

Wat die inrigting van die kategese betref, is die volgende ter sprake volgens die brosjure van 1917: Die kerkrade moet toesien dat daar elke Sondag kategetiese onderrig by die kerk is. Ten opsigte van plaaskinders en in die geval van konsulentsgemeentes moet die nodige reëlings volgens omstandighede getref word. In gemeentes waar daar nie predikante is nie moet die ouderlinge die onderrig waarneem. Die kerkrade kan ook gebruik maak van "kategiseermeesters", dit is enige bekwame lidmaat in die gemeente. Dit moet altyd geskied onder toesig van die ouderlinge. Dit word aan die vryheid van die kerkraad oorgelaat op watter wyse 'n lesrooster beskikbaar sal wees vir die kategese. "Die Kerkrade moet dan toesien dat elke huisgesin bij die begin van die jaar so 'n lijs of rooster krij." Hierdie lys gee die indeling van die klasse volgens die ouderdom van die kinders en ook die werk (leerinhoud) wat in die besondere

jaar en met elke lesperiode behandel moet word. “Om die lesse goed met die kinders te kan behandel, is natuurlik nodig dat die Predikant en die Kategiseermeesters hulle thuis daarvoor goed sal voorberei. Om eenheid en belangstelling in die onderwijs te bevorder, is dit nodig dat die Predikant saam met die Kategiseermeesters telkens sal vergader om algemene bespreking te hou o’er die vordering van die kinders.”

Met betrekking tot die kategese vir belydenis van geloof word aanbeveel:

- “Dat met die optrekke van Kategisasielijste 'n aparte lijs van lesse vir die jongeliede, wat in die *Aanneming* wil gaan, opgestel moet word, bevattende lesse in Bijbelgeskiedenis, Geloofsleer, Kerkgeskiedenis en Sangoefening.”
- Wat leerboeke betref, beveel ons aan, dat vir Bijbelgeskiedenis die Bijbel self, met raadpleging van sulke handboeke als: “De Bijbelsche Geschiedenis aan kinderen verhaald, met een woord vooraf van J.H. Donner”, of “Bijbelsche Geschiedenis vooral ten dienste van jonge lieden, door F. van der Kooij; dat vir Geloofsleer gebruik moet word die Kort Begrip of die Kategismus en onse Geloofsbelijdenis en Dordtse Leerregels. Vir Kerkgeschiedenis beveel ons aan dat die Kategisante 'n korte en sakelike kennis sal hê van die voornaamste persone en feite uit boeke als: “De Geskiedenis van de Christelike Kerk” deur ds. T. Hamersma, dr. S.O. Los en dr. J.D. du Toit of “Leesboek over de Geschiedenis der Kerk” deur J.H. Landwehr, Predikant van Rotterdam. 'n Nuttige boekie is dié van dr. Los: ‘Kerkgeschiedenis ten dienste van mijn Kategisanten’. Vir Sangoefening meen ons “dat biesondere aandag bestee moet word aan die lere van onse Psalmnote”.

Ten opsigte van die kategetiese plig van die predikant word aanbeveel: “Dat die Predikante gedurende die jaar meer spesiaal hulle aandag sal wij aan die jongeliede wat klaarmaak vir Belijdenis van Geloof, waartoe miskien nodig sal wees om die Kategisasies ook op weeksdae te hou.”

#### 8.2.1.5 Die besinning van die 58e Algemene Vergadering van die OVS, 26 Maart 1921

Die saak in verband met die toerusting van katkiseermeesters is geopper tydens die 58e Algemene Vergadering van die OVS[625] en daar word met erns van die saak van die kategese kennis geneem deur 'n beskrywingspunt op die agenda: “Met die oog op die gebrekkige en ongereelde kat. onderwys, waarvan ons kinders die slagoffers word, dring die Algem. Verg. ernstig aan by kerkrade:

625 Handelinge van die 58e Algemene Vergadering van die OVS, 26 Maart 1921 te Bethulie, artikel 27(d).

1. Om streng toe te sien, dat ouers die huiskatkisasie waarneem volgens doopsbelofte.
2. Om geskikte buite-poste, skoollokale, daarvoor in gebruik te neem waar die kinders elke Sondag of 'n vaste weeksdag kan saamkom vir katkisasie.
3. Om voorlopig 't sy 'n onderwyser of 'n ander deur die Kerkraad goedgekeurde persoon as Katkisasiemeester te gebruik met of sonder 'n kleine vergoeding.
4. Om die beginsel van 'n in-te-stelle Bybelkenniseksamen goed te keur, om langs dié weg bekwame katkiseermeesters te kweek.
5. Om 'n klein kom. aan te stel wat belas word met die opstelle van 'n eksamenskema wat by die e.k. Alg. Verg. goedgekeur kan word."

Die voorstel word in sy geheel aanvaar en 'n kommissie bestaande uit die volgende lede word verkies: ds. J.A. van Rooy (Bethulie), ds. I.D. Kruger (Potchefstroom) en broeders Kruger en C.F. Hogendyk. Die kommissie rapporteer volledig op die 59e Algemene Vergadering van die OVS.[626]

"U kommissie deur die laaste Alg. Vergadering benoem[627] om 'n skema op te trek, waardeur voorsien kan word in die bestaande behoefte, namelik behoorlike opleiding van Katkisasieonderwysers(esse) het die eer als volg te rapporteer."[628]

### 8.2.1.6 Studie insake godsdiensonderwys in die kerk, 15 Februarie 1922 en 15 Maart 1922

Sedert 1921 is "DIE KALVINIS"[629] as "bylaag" in Die Kerkblad gepubliseer. Op 15 Februarie 1922 en 15 Maart 1922 verskyn daar 'n tweemalige artikel[630] met as inhoud:

a) Gebrekkige godsdiensonderwys in die huis.
b) Gebrekkige godsdiensonderwys in die skool.
c) Gebrekkige godsdiensonderwys deur die kerk

Vir hierdie studie is van belang wat onder c. gebrekkige godsdiensonderwys deur die kerk, geskryf word. Die skrywer beaam die definisie vir kategese soos geformuleer deur prof. T. Hoekstra van die Teologiese Skool te Kampen, nl: "De Catechese is kerkelik onderwys, wordt gegeven door een ambtsdrager (den dienaar des Woords), heeft een kerkelik doel. Door middel

626 Handelinge van die 59e Algemene Vergadering van die OVS, 24 Maart 1922 te Ladybrand. artikel 24.
627 Notule van die 58e sitting van die Algemene Vergadering OVS te Bethulie 26 Maart 1921 e.v.d. Artikel 27(d).
628 Handelinge van die 59e Algemene Vergadering van die OVS, 24 Maart 1922 te Ladybrand. Bylaag C, bladsy 60.
629 DIE KALVINIS is die orgaan van die Unie van Studente en Oud-Studente van die Teologiese Skool en die Potchefstroomse Universiteitskollege.
630 Die skrywer is A.H. Lugtenburg (M.A.)

van het ambtelik onderwys moet het jeugdig kerklid opgevoed worden tot zelfstandig kerklid, dat in staat is met bewustheid van alzijne rechten gebruik te maken en zijne plichten te kennen." Lugtenburg skryf verder dat die katkisasie die enigste sterk wapen is wat die kerk oorhou om die gif wat die kind op straat, en in baie gevalle in die skool, inkry, teen te werk. Hy vervolg: "In die meeste gevalle is die Katkisasie een van die droogste en geesdodenste dinge wat nog ooit bestaan het. Die jong kerklid moet *opgevoed* word tot 'n *selfstandige* kerklid wat in staat sal wees om met *bewustheid* al sy regte te gebruik en al sy pligte te ken. Die aangewese persoon om die onderwys te lei is natuurlik die predikant, maar in ons land van afstande en konsulentsgemeentes moet natuurlik baie werk oorgedra word aan kerkraadslede." Hy gee 'n tipiese voorbeeld van hoe die kategese verloop het.[631]

### 8.2.1.7 Korrespondensie in Die Kerkblad, 1923

'n Anonieme skrywer[632] meld in Die Kerkblad[633] dat skrywes van lesers wys op "die onbevredigende toestand van ons katkisasies, veral in die buitewyke van die gemeente". Vanuit die redaksie van Die Kerkblad word die volgende sake in verband met die kategese aan die Algemene Vergadering van die O.V.S. voorgelê:

1. Dat daar 'n lesblad opgestel sal word wat deur al die gemeentes van ons Kerk gebruik kan word;
2. dat die lesblad sal omvat as Rubrieke: Bybelse geskiedenis, kerkleer en kerkgeskiedenis;

631 "Tot half twaalf het die kerk aangehou, daar het die kinders wat netnou katkisasie toe kom hulle anderhalfuur sit verveel; om 12 uur begin die katkisasie. Groot en klein, sowat 40, van 6 jaar tot 25 jaar, sit op die voorste drie of vier banke in die kerk. Die van 6 jaar tot 12 of 14 jaar voor, die bo 14 jaar agter. Die Ds. kom om 12 uur in, en sukkel met 'n paar van die grootste seuns om een te kry om voor te sing; by gebrek van 'n vrywilliger doen hy dit gewoonlik self. Na die gebed begin die onderwys? Deur een van die kleintjies word die Ds. ingelig omtrent die versie wat die jong groep moes leer. Nou begin die opsê; ieder kry sy beurt. Dit gebeur soms dat een of twee van die eerste iets gevra word omtrent die betekenis van die een of ander woord. As almal klaar het, word die ds. van een vrae boekie (die vir die kleintjies) voorsien en hulle sê hom wat die les is en nou moet iedereen op sy beurt, weer opsê. As hierdie sarsie klaar is, kom die Bybelhoofstuk aan die beurt. Nou moet iedereen een versie lees tot die hoofstuk uit is. Nou is die kleintjies afgehandel en die groter seksie kom aan die beurt; versie opsê, Kort Begrip vrae opsê, Bybelhoofstuk lees (die kleintjies voor slaap onder tussen al, of speel) en die Katkisasie is afgeloop. Die Ds. het weer sy deel gedoen om die kinders op te voed in eie rigting bo aangegee. Hierdie toestande tref mens aan in baie plattelands-gemeentes. In die dorpe is daar baie keer die variasie op dat daar verskillende afdelings is sodat die bostaande proses vir groot en klein in tweeë gedoen word. Die voorbeeld deur die Ds. geset word gewoonlik trou gevolg sodat die Middeleeuse prosedure tog nie sal skade lei nie.
Daar is oor die algemeen twee kursusse van 6 tot 14 jaar en van 14 tot 20 jaar met 'n twee weekse "cram" aan die end. Gedurende die eerste kursus gaan die leerlinge 6 keer agtermekaar die boekie met vrae vir kleintjies deur, gedurende die tweede kursus word die Kort Begrip net so veel keer deurgesukkel en dan gedurende die laaste twee weke die Heidelbergse Kategismus daarin gestamp en daar het ons dan kant en klaar, die selfstandige kerklid wat met *bewustheid sy reg* gebruik om nie meer katkisasie toe te kom nie maar wat bedroewend min van sy pligte weet."

632 Moontlik kan die skrywer die redakteur van Die Kerkblad wees as sinne gebruik word soos: "Hierdie oorwegings, en nog meer ander, het ons laat besluit om, namens die redaksie van ons blad, aan die Algemene Vergadering van die O.V.S., wat dié keer eerste gesit het, die volgende punte voor te lê."

633 Die Kerkblad, 15 Januarie 1923, jaargang 24, nommer 502, bladsy 2.

3. dat die bymekaar horende stukke van die Heidelbergse Kategismus en Kort Begrip geparalleliseer sal word, omdat altwee geskrifte by ons gemeentes in gebruik is;
4. dat elke Algemene Vergadering 'n leraar sal aanwys om een van die rubrieke te redigeer vir die "Kerkblad" en
5. dat in elke nommer twee Sondae se lesse sal behandel word (het 'n maand 5 Sondae, kan die 5de vir herhaling gebruik word), en
6. dat met die ander Algemene Vergaderings gekorrespondeer sal word om so tot eenheid van aksie te geraak en die besonderhede van uitvoering vas te lê.

Daar is ook besluit (deur Die Kerkblad?) om met die ander twee Algemene Vergaderings[634] te korrespondeer oor die saak van die kategese. Die "Kerkblad" wil graag die belang van die gemeentes in dié opsig dien, en 'n aantal bladsye daarvoor afstaan. Die Kerkblad van 1 Desember 1923[635] dra 'n anonieme skrywe waarin aangedring word dat lede van die Kerk sal aanmeld vir die Godsdienseksamen wat ingestel is vir die opleiding van katkisasiemeesters. Daar word gemotiveer dat een van die kragtigste middele om die ongeloof te beveg – en dit word nou 'n geveg om lewe en dood – is 'n deugdelike katkisasie. Om dié goed te maak moet daar goeie katkisasiemeesters wees. Dié opleiding sal die kerk self moet doen. Die skrywer sluit af: "Ons hoop dat die onderneming dadelik 'n sukses sal blyk. Laat die kerkrade hulle beywer om jongeliede, en ook meer bejaarde bekwame persone te verkry wat gewillig is om vir die heerlike katkisasiewerk bekwaam gemaak te word. Dit geld hier een van die hoogste belange van Gods Koninkryk."

### 8.2.1.8 Artikel ds. J.G.H. van der Walt, 1923

In Die Kerkblad van 1 Maart 1923[636] skryf ds. J.G.H. van der Walt 'n artikel oor "Onse Katkisasies". Hy verwys na die besluit van die Vrystaatse Algemene Vergadering om na verbetering te soek ten opsigte van die katkisasie. Ds. Van der Walt ag dit nodig dat hierdie saak van die kategese van alle kante beskou moet word voordat tot 'n vaste besluit oorgegaan word. "Ons loop anders gevaar om 'n aksie, wat tot groot seën en nut kan wees, vir ons hele kerk om op 'n mislukking te laat uitloop, omdat die aangenome leerplan nie in elke gemeente uitvoerbaar is nie."[637] Dit sou nie die geval gewees het as daar lankal reeds uniformiteit in die katkisasiewerk was nie. In die Vrystaat was daar so 'n poging wat vir 'n rukkie baie goed gewerk het, soos dit blyk uit die rooster, wat in opdrag van die Algemene Vergadering uitgegee is. Die voorlaaste

634 Die Algemene vergadering Kaapland en die Algemene Vergadering Transvaal.
635 Die Kerkblad, 1 Desember 1923, jaargang 25, nommer 523, bladsy 3.
636 Die Kerkblad, 1 Maart 1923, jaargang 24, nommer 505, bladsy 11.
637 Die Kerkblad, 1 Maart 1923, jaargang 24, nommer 505, bladsy 11.

Algemene Vergadering OVS[638] het besluit om die uitgawe te staak, en elke gemeente moes maar plan maak om in eie behoefte te voorsien. Ds. Van der Walt skryf dat hy en andere daarin gesien het "die oortuiging *dat uniformiteit nie wenslik is nie en nie beantwoord in onse katkisasies nie".*[639] Hy oordeel dat dit nie nodig is om oor uniformiteit prinsipieel te handel nie. Uniformiteit is soms nodig, ja, onmisbaar. Die teenswoordige toestand van ons kerk op kategetiese gebied is 'n genoegsame bewys dat die gees van ons kerk teen uniformiteit was in die verlede, en dit vandag ook nog is. Dit was en bly ons gereformeerde vryheid vir elke leraar om persoonlik as kategeet in sy eie werkkring sy hande los te hê. In hierdie opsig is die onafhanklikheid van elke gemeente in verhouding tot die ander gemeentes oorbeklemtoon.

Elke kerkraad het leerboeke aangeskaf en ingevoer, sonder die minste voeling met ander kerke en dikwels ook sonder om rekening te hou met die kerkverband. Wat die hoër klasse betref, is daar egter vasgehou aan die Kategismus of Kortbegrip, of altwee. Die hele situasie het meegebring dat die eise wat aan die katkisant gestel word hier en daar ver van mekaar verskil. Ds. Van der Walt is van oordeel dat daar *by ons pluriformiteit tog 'n deurlopende uniformiteit moet wees.* Gesien in die lig van die praktyk van die kategese in die verskillende gemeentes verskil die toestande van gemeente tot gemeente so dat uniformiteit nie vir alle klasse moontlik is nie. Dit sal egter goed wees indien dit van toepassing kan wees op die hoëre klasse. Uniformiteit moet gekry word in die standaard van kennis by toelating tot Belydenis van geloof. Die volgende sake van belang ten opsigte van kategese word vervolgens aan die hand van die bronne bespreek.
Katkisasie-handboeke
Katkisasierooster
Katkisasiemeesters

### 8.2.2 Handboeke vir die kategese

Die inhoud van hierdie afdeling kan moeilik in 'n organiese indeling gedwing word. Daarom word daar in die behandeling van die inhoud aangesluit by die verskillende jaartalle.

### 8.2.3 1913 – Uitbreiding van die handboekies

Uit die Almanak van 1913[640] blyk dat die lys leerboekies vir die kategese aanmerklik uitgebrei het. Benewens die Kort Begrip[641] met tekste is nou ook in gebruik die Heidelbergse Kategismus

638 Notule van die 58e sitting van die Algemene Vergadering OVS te Bethulie 26 Maart 1921 e.v.d. artikel 27(d).
639 Die Kerkblad, 1 Maart 1923, jaargang 24, nommer 505, bladsy 11.
640 Het Almanak, 1913, bladsy 97.

self, Borstius of Kindervragen. Ook ds. L.P. Vorster (Krugersdorp) se *Korte vragen en antwoorden voor de kinderen der gelovigen* en H. Visscher se *Bijbelse Geschiedenis*. Die Timoteus Katkisasie-Rooster is ook gebruik.

---

641 *Die Kort Begrip* (Kyk ook punt 7.4.3 van Hoofstuk 7) is deur die Sinode van Dordtrecht 1618-1619 aan die Kerk besorg. Om dit as onderrigbron nuttiger te maak, is dit al vroeg in 12 lesse verdeel en met die bewysplekke verryk. "Wij kunnen het Kortbegrip in zulk eenen Vorm, door P. Nahuis uitgegeven, aan elke die het bij ons wil komen zien vertoonen." Die vorm waarin die Kort Begrip gegiet is, is in 1883 byna 200 jaar oud. Ds. Petrus Nahuis het 'n verklaring, in vrae en antwoorde, oor die Kort Begrip geskryf het, wat gebruik word as Katkisasieboek vir die verbondskinders wat hulle vir belydenis voorberei. Ons kan hierdeur sien dat die ou Gereformeerde Kerk in die vroeëre eeue nogal moeite gedoen het, om die ware Gereformeerde leer vir die jeug in te skerp en teen die bestryders van die leer te bewapen. En die jeug word verplig om hulle te oefen in die godsaligheid want hulle moes toe veel meer leer as wat nou in die algemeen gevra word. Deur God se genade word in die eerste helfte van 1800 ds. Hendrik de Cock verwek as reformator van die kerk, wat ook heel spoedig die ou Kort Begrip met tekste in 12 lesse verdeel opsoek en instel. En vanaf die *eerste Sinode van die Christelik Gereformeerde Kerk in Nederland, 1836*, word deur die Kerk die ou Kerklike leerboeke, Kategismus en die Kort Begrip weer in gebruik geneem.
Daardie selfde Kort Begrip-boekie het ds. D. Postma, as afgevaardigde van die Christelijke Gereformeerde Kerk, na Suid-Afrika gebring soos dit in die Kerk in Nederland gebruik is. En toe dit uitverkoop is, het ds. Postma en ds. J. Beijer dit laat herdruk, en na vertrek en afsterwe van Ds. Beijer het ds. Postma "datzelfde oude Kortbegripboekje, met teksten in 12 lessen verdeeld," meermale laat herdruk ten dienste van die kerk en van die jeug van die kerk. Maar dit bly "altijd tot op dezen dag *datzelfde* onveranderde oude Kortbegrip, slechts opnieuw herdrukt omdat die herdruk telkens weer nodig geword het.
Daarna begin die kinders met die Kort Begrip om hulle meer bepaald voor te berei "tot de aanneming". Blykens artikel 24 van die "Synodale Bepalingen" word verklaar: "Dat "sedert" de Dortsche Synode, bij de Gereformeerde Kerk, het Kortbegrip en de Catechismus, door die Synode aangewezen, de bepaalde kerkelijke leerboek kan zijn." Die Gereformeerde Kerk het die Kortbegrip as verpligte leerboek, "denkelijk om de jongelui niet al te zeer te bezwaren." Die Kategismus bly by ons in sekere sin 'n voortgesette leerboek, aangesien daaroor gereeld gepreek word, ingevolge die bepalings van die Dordtse Sinode, 1618-1619, artikel 68. Die Kategismuspreke is bedoel om steeds aan die gemeente voor te stel "de aan Gods Woord getoetste en beproefde leer der aloude Gereformeerde Kerk in Nederland". Die Kategismus is nuttig tot lering en opbouing, tot versterking en vertroosting van hulle "op wier harten die waarheden gehouden zijn". Langs hierdie weg geniet die kerkjeug met die gemeente bestendige onderwys in "de leer die naar de godzaligheid is" (1 Tim. 6:3). Hierby moet ook in aanmerking geneem word dat die Kort Begrip self 'n kort samevatting van die geheelinhoud van die Kategismus is. Die drie stukke wat nodig is om te weet "om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe" word in die Kategismus agtereenvolgens behandel. Die eerste stuk oor die kennis van eie ellende opgevolg deur die verlossing en eindelik die leer van die godsalige dankbaarheid. As iemand dus die Kort Begrip geleer het, is hy bekend met die hoofsaaklike inhoud van die Kategismus. "Toch zou het goed zijn ook dezen te leeren, omdat daarin de stukken der leer meer uitgebreid behandeld en de dwalingen tevens wederlegd worden. Maar tot nu toe stelt onze kerk zich te vreden alleen met het Kort Begrip, oorspronklik opgestel deur die Dordtse Sinode. Dit is seker die gemaklikste, geskikste en volledigste leerboek ter voorbereiding voor de aanneming. "Deze getuigenis geven ook de Docenten aan de Theologische School te Kampen, in Nederland, in hunne voorrede, van dit werkje."
*Die Heidelbergse Kategismus* is deur Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus in 1563 te Heidelberg, Duitsland, geskryf op versoek van keurvors Frederik III van die Paltz. Die Nasionale Sinode van Dordtrecht (1618-1619) het dit as een van die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar. Via die opdrag om die Heidelbergse Kategismus in die prediking te behandel het dit 'n leerboek vir die jeug geword. Aanvanklik het die Kategismus-prediking en die onderrig uit die Kategismus gepaard gegaan. Reeds in 1665 is daar bewys dat die Heidelbergse Kategismus en die Kortbegrip in die kategese aan die kinders geleer is. Teen die einde van die 18e eeu het die Kategismus as leerboek reeds moes plek maak nie alleen vir die "Kort Begrip" nie maar ook vir Hellenbroek se "Voorbeeld der goddelijke waarheden". Na die stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 is voortgegaan met die gebruik van die "Kort Begrip" self. Op die Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1891 is vir die eerste maal die vraag oorweeg of die "Kategismus" die "Kort Begrip" as katkisasieboek sou vervang, maar die Sinode het besluit om te bly by die "Kort Begrip". Dit is eers op die Generale Sinode van 1927 dat die finale besluit geval het waardeur die "Heidelbergse Kategismus" weer tot die enigste offisiële leerboek in die Gereformeerde Kerke sou word. In 1924 verskyn die "Verklaring van die Heidelbergse Kategismus vir katkisasies" deur ds. J.G.H. van der Walt. Kort daarna verskyn ook die verklaring van die Heidelbergse Kategismus deur ds. J.V. Coetzee. Aan die hand van ds. J.H. Boneschans verskyn in 1927 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus met die titel "Vrae en Antwoorde uit die Heidelbergse Kategismus, met kort verhandeling vooraf van die Drie Formuliere van Enigheid". As 'n resultaat van die besluit van die Algemene Sinode van 1927 is die leerboekies in die Christelike religie in die Gereformeerde Kerke bepaal tot drie:
(1) "Die Heidelbergse Kategismus", Deel I vir die kleiner kinders. (2) Deel II vir die groter kinders en (3) Deel III vir die katkisante

### 8.2.4 1915 – Handboekies vir die Heidelbergse Kategismus

In artikel 166 van die 17e Sinodale Vergadering[642] kom die volgende drie sake na vore:

1) Van die predikant van Bloemfontein, ds. W. Postma: "De Synode besluite een Kommissie van Predikanten en Onderwijzers te benoemen voor een kleine Katechismus en een korte handleiding voor Bijbel-studie voor huis, katechisatie en school gebruik."
2) Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Middelburg, KP, bring die volgende saak op die tafel: "Aangezien er tans verschillende Bijbelgeschiedenis boekjes in de gemeenten in gebruik zijn, en dat dit soms moeilikheid veroorzaakt, b.v. als kinderen uit de ene gemeente overgaan in de andere, of als kinderen van meer dan een gemeente in dezelfde school onderwijs ontvangen, stelle de Synode geschikte boeken voor die gebruikt kunnen worden, zowel voor degenen die zich voorbereiden voor 't afleggen hunner geloofsbelijdenis als voor de kleine kinderen."
3) Die Kerkraad van Pretoria bring die volgende beskrywingspunt op die agenda: "Aangezien het Kort Begrip onvolledig is en sommige vragenboekjes ongereformeerd zijn, schrijve de Synode geen ander Katechismus boek voor dan de Katechismus."

Die Sinode besluit ten opsigte van die drie sake: "De Synode wenst geen verdere voorschriften te geven, dan neergelegd is in Art. 21 D.K.O. en herroept daarmede Art. 2, bladzijde 126 van onze Synodale Bepalingen."

'n Baie belangrike boekaankondiging in verband met "Nieuwe Katechisatie-Boekjes" verskyn in Het Kerkblad.[643] Van die Kort Begrip word die volgende opmerking gemaak: "Wij zijn geen vrienden van het Kort-Begrip, want (zoals een reeds gestorven predikant zeide): men heeft een lang begrip nodig om Kort-Begrip te verstaan. Zulk een lang begrip nu kan bij een kind niet ondersteld worden." Die boekies ter sprake is 3 boekies van ds. J.H. Landwehr van Rotterdam wat deur J.H. Kok, te Kampen uitgegee is.

- Die eerste is "Kort-Begrip voor eerstbeginnenden in vragen en antwoorden".
- Die tweede is "Kort-Begrip voor meergevorderden in vragen en antwoorden".
- Die derde is "Toelichting van die Heidelbergse Katechsmus".

Die drie boekies word vir gebruik aanbeveel omdat die metode van ds. Landwehr aanbevelenswaardig is. "Zijn vragen en antwoorden zijn kort en duidelik, en blijven daarom gemaklik in het geheugen zitten." Die inhoud is voortreflik, treffend en oorspronklik. "Zelfs predikanten kunnen hier en daar hun dogmatiese kennis verhelderen." "Wie deze drie boekjes

642 Handelinge van die 17e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1915. Reddersburg.
643 Het Kerkblad, 15 November 1915, jaargang 17, nommer 339, bladsy 4.

kent, behoeft zich voor zijn kennis niet te schamen, en zal met vrucht voor verstand en hart de prediking kunnen volgen."

### 8.2.5 1918 – Besluite van die Sinodale Vergadering van 22 Augustus 1918

Op die Sinode van 1918, te Reddersburg[644] dien 'n beskrywingspunt van die Kerkrade van Bloemfontein en Reddersburg ten opsigte van leerboeke vir die kategese[645]: "Die Sinode besluit 'n Kommissie te benoem om te sorg vir die samestelling van 'n geskikte Kategismus vir huis en skoolgebruik, gepaard met 'n korte en eenvoudige verklaring, of verklarende vrae"; en "Die Sinode spreek die wenslikheid uit, om die 'Kort Begrip' op onze Katechisasies in gebruik, voortaan te vervang deur die 'Heidelbergse Katechismus', met inbegrip van die beide andere formuliere van Enigheid, die laaste vooral met die oog op aanstaande belijders." Na behandeling van die beskrywingspunt besluit die Sinode:[646] "Die Sinode beveel aan die vervaardiging van 'n eenvoudige verklaring van die Katechismus vir Huis en Skool in die gees van die beskrijwingspunt van Reddersburg. Aangaande die gebruik van Handboek bij die Katechisasies besluit die Sinode, hoewel dit seer wensenlik is, dat goed gebruik gemaak word van die Katechismus, word dit aan die beslissing van respektiewe kerkerade oorgelaat om die Kort Begrip of die Katechismus te hê als handboek."

Borstius het ook teenstand begin ondervind; vandaar die verskyning en ingebruikneming van H. Visscher se "Korte Vragen en antwoorden uit de Bijbelse Geschiedenis voor de kinderen van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika" (1909), en van ds. L.P. Vorster se "Korte Vragen met Antwoorden voor de kleine kinderen der Gelovigen" (1912) – historiese en leerstellige vrae, net soos Borstius. In 1910 verskyn ook 'n "Kort Overzicht van de Geschiedenis der Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika ten dienste van mijn katechisanten" deur S.O. Los en in 1911 "De Geschiedenis van de Christelike Kerk" deur T. Hamersma, S.O. Los en J.D. du Toit.

In "Het Kerkblad",[647] 1 Oktober 1918, word gehandel oor die uitgawe van 'n handboek vir die Bybelse Geskiedenis. Die versoek is verwys na die Jubileum Boekefonds-Kommissie. In meer as een gemeente in daardie tyd is verskillende handboeke vir Bybelse Geskiedenis gebruik. Dit was J.H. Donner se "De Bijbelsche Geschiedenis ten dienste van het Catechetisch Onderwijs". P. Dyksterhuis se "De Bijbelsche Geschiedenis in vragen en antwoorden, eene handleiding voor

644 Die 19e Algemene Sinodale Vergadering 22 Augustus 1918 e.v.d., te Reddersburg, artikel 148, bladsy 56.
645 Vergelyk Het Kerkblad, 1 Oktober 1918, jaargang 20, nommer 405, bladsy 5.
646 Die 19e Algemene Sinodale Vergadering 22 Augustus 1918 e.v.d., te Reddersburg, artikel 155, bladsy 57.
647 Vergelyk Het Kerkblad, 1 Oktober 1918, jaargang 20, nommer 405, bladsy 5.

Catechisatiën en Scholen" is ook gebruik en die bekende "Bijbelsche Geschiedenissen" van F.L. Zahn en ook Maclear se "Bijbelsche Geschiedenis" vertaal deur P.A.C. van Heyningen.

### 8.2.6 1920 – Nuwe boekies vir die katkisasie

Die "Catechisatie-handboekje" van ds. W. Postma[648] was steeds in aanvraag en aan die begin van 1920 is 'n nuwe uitgawe gedruk.[649] Ds. J.H. Kruger van Postmasburg het 'n waardevolle boekie gepubliseer: "Kategesatie Boekie vir die Klein Kinders van die Gelowiges". Die boekie is in 43 lesse verdeel, een vir elke Sondag gedurende die skoolkwartale. Die eerste 30 lesse was "Historiese Vrae en Antwoorde uit die Heilige Skrif", en die laaste 13 lesse "Vrae oor die Christelike leer". Die bydrae wat in hierdie boekie gelewer is, is dat die "vrae oor die Christelike leer" die vrae en antwoorde van die Heidelbergse Kategismus op die voet gevolg het. Die verskyning van hierdie boekie van ds. J.H. Kruger het 'n einde gemaak aan die gebruik van die boekie van Borstius. In 1921 het die sewende druk van die verklaring van die Kort Begrip verskyn soos opnuut deur ds. W. Postma uitgegee. In hierdie jare het nog twee verklarings hiervan verskyn: die een verklaring was uit die pen van ds. F.P.J. Snyman van Molteno (1921) en die ander verklaring van ds. J.V. Coetzee van Johannesburg (1924). Ds. D.G. Venter van Steynsburg het "'n Kort Kerkgeskiedenis van Suid-Afrika vir katkisasie gebruik" gepubliseer.

### 8.2.7 1924 – Besluit van die 21e Algemene Sinodale Vergadering, 29 Maart 1924

Op die 21e Sinodale Vergadering van 1924[650] dien daar twee beskrywingspunte. In 'n beskrywingspunt van die Algemene Vergadering van Transvaal word voorgestel: "Die Sinode word gevra om 'n Kommissie te benoem om 'n Katkisasiehandboek op te stel vir die gebruik van al ons gemeentes in die Unie" met die byvoeging "dat ook rekening gehou word met die reeds bestaande leerboeke". Die Sinode het besluit[651] "om 'n kommissie te benoem[652] om 'n Katkisasiehandboek op te stel vir die gebruik in al onse gemeentes in die Unie". 'n Ander voorstel word deur die Sinode verwerp, nl. "dat die Sinode besluit om te wag om te kom tot

---

648 Postma, W. Catechisatie-Handboekje, Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein. Volgens die voorwoord by die 2e uitgawe, 1906, het ds. W.J. Snijman (Venterstad) die "eerst gedeelte, t.w. de verklaring van "Het Kortbegrip" geskrywe en ds. W. Postma die res. Met die 3e uitgawe van die boekie het ds. W. Postma in plaas van die "Vierde Deel, Onze Belijdenisschriften" gebruik gemaak van 'n beknopte inleiding, "uitgegeven door ds. P.C. Snijman van Steynsburg." (Beide ds. W.J. en ds. P.C. se vanne word in die ouer bronne as *Snijman* gespel maar in die jonger bronne as *Snyman).*

649 Die Kerkblad, 1 Junie 1920.

650 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering 1924, artikel 102, bladsy 34.

651 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering 1924, artikel 102, bladsy 34.

652 Die kommissie wat benoem is om aandag aan die Katkisasiehandboeke te gee is: Di. D.G. Venter (Saamroeper – Steynsburg), J.H. Kruger (Postmasburg), L.P. Vorster (Krugersdorp), br. H.H. van Rooyen (Bloemfontein) en die Teologiese professore.

eenheid van 'n kategetiese leerboek, daar sprake is van hersiening of uitbou van die Formuliere van Enigheid".[653] Die saak was dringend omdat die handboek van ds. W. Postma in daardie stadium uit druk was. Intussen het die handboekie van ds. L.P. Vorster sy derde druk in 1923 beleef.[654] Hierdie handboekie het ook eers "historiese vrae uit die Heilige Skrif" behandel (lesse 1 tot 32) en daarna "Vrae oor die Kristelike Leer". Die Heidelbergse Kategismus op 'n verkorte manier het in lesse 33-48 gevolg. Coetzee[655] is van oordeel dat die verskyning van Vorster se handboekie "Borstius" oorbodig gemaak het. In 1924 verskyn ook die "Verklaring van die Heidelbergse Kategismus vir Katkisasie" soos deur die Sinodale Vergadering van 1918 besluit.[656] Ds. J.G.H. van der Walt was die skrywer van hierdie boekie. "Die verskyning van die boek moet beskou word as 'n gebeurtenis van die eerste rang in ons kategetiese onderwys: hier begin finaal die vervanging van die Kort Begrip deur die Heidelbergse Kategismus self as handboek vir die katkisasie van die groter kinders."[657]

Twee beskrywingspunte dien op die tafel van die Algemene Vergadering OVS Januarie 1924:[658]

(1) Beskrywingspunt Ladybrand: "Die Alg. Verg. versoek die Sinode om 'n afdoende plan te beraam om tot eenvormigheid te kom vir kategeties onderwys en om die beste handboeke aan te beveel." Die saak word verwys na die Sinode, en die Deputate van Ladybrand word gevra om dit toe te lig.

(2) Beskrywingspunt Reddersburg: "Die Alg. Verg. beraam planne om geskikte leerboeke in Afrikaans te kry vir katkisasie gebruik." Hierdie saak word ook na die Sinode verwys en di. C.W.M. du Toit en A.S.E. Yssel word benoem om dit op die Sinode toe te lig.

Die Sinodale Vergadering van 1924 het ook besluit om 'n Sinodale Deputaatskap vir die katkisasie te benoem. Aanvanklik was die bedoeling dat die Deputate vir Katkisasie slegs aandag sou skenk aan "katkisasie-handboeke". Die eerste lede van die Deputaatskap was: di. D.G. Venter (konvenor) J.H. Kruger en L.P. Vorster en Oudl. H.H. van Rooyen[659] en twee Teologiese professore[660] as adviserende lede. Coetzee[661] is van oordeel dat die gebeurtenis van die

---

653 Handelinge van die 21e Sinode 1924, artikel 102, bladsy 34.

654 De Wet en Coetzee, 1943, Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys, bladsy 111. Ds. L.P. Vorster se "Korte Vragen met Antwoorden voor de kleine kinderen der Gelovigen" (1912)

655 De Wet en Coetzee, 1943, Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys, bladsy 111.

656 Artikel 155 - "Die Sinode beveel aan die vervaardiging van 'n eenvoudige verklaring van die Katechismus vir Huis en Skool in die gees van die beskrijwingspunt van Reddersburg. Aangaande die gebruik van Handboek bij die Katechisasies besluit die Sinode, hoewel dit seer wenselik is, dat goed gebruik gemaak word van die Katechismus, word dit aan die beslissing van respektiewe kerkerade oorgelaat om die Kort Begrip of die Katechismus te hê als handboek."

657 De Wet en Coetzee, 1943, Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys, bladsy 111.

658 Notule van die 61ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in die OVS in sitting, te Reddersburg op 19 Januarie 1924 e.v.d. artikel 44.

659 Oudl. H.H. van Rooyen was hoof van die Vrye Christelijke School in Bloemfontein.

660 Professore J.D. du Toit en J.A. du Plessis

aanwysing van die Deputate vir Katkisasie "ongetwyfeld tot dusver die gewigtigste" gebeurtenis is ten opsigte van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hiermee het die Algemene Sinodale Vergadering eens en vir altyd aan die kategetiese arbeid in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n meer permanente *Sinodale stempel* gegee. Die Deputate het die opdrag gehad om 'n katkisasieboek op te stel vir die gebruik van die gemeentes en om eenvormigheid te bevorder in die kategetiese werk en om boeke in Afrikaans te kry. Die samestelling van "handboeke" sou die belangrikste ontwikkeling op die gebied van die kategetiese onderrig gedurende die jare 1925 tot 1940 wees.

### 8.2.8 1927 – Besluite van die 22e Sinodale Vergadering, 25 Maart 1927

Die rapport van die spesiale deputaatskap vir "katkisasie-handboeke" is deur die 21e Sinodale Vergadering van 1927[662] ter tafel geneem.

Dié rapport was van besondere betekenis. Die belangrikste gegewens uit die verslag is die volgende: Die kommissie beveel by die Sinode aan:

- Dat dit nie raadsaam is om al die leerstof vir die katkisasie in een boek byeen te bring nie, maar dat 'n reeks boekies opgestel word na die bevatlikheid van die katkisante en volgens 'n konsentriese leergang.
- Dat dit doelmatig uitgevoer kan word as die kinders in vier afdelings ingedeel word: 6-9, 10-12, 13-16 en bo 16 jaar.
- Dat die leerstof konsentries ingerig sal word, soos volg:

***Die Heilige Skrif*** : Vir afdeling 1 word daaruit vertel, afdelings 2 en 3 leer daaruit, terwyl afdeling 4 meer openbaringsgeskiedenis ontvang – waarvoor nodig sal wees: 'n Handleiding bevattende 'n inleiding op die Heilige Skrif, 'n indeling van die leerstof uit die Heilige Skrif, en aardrykskundige en oudheidkundige gegewens;
***Die Kerkleer***: Hiervoor word die Kategismus gebruik en wel so: 'n kort en maklike vraeboekie uit die Kategismus vir afdeling 2, 'n vollediger vraeboekie ook uit die Kategismus vir afdeling 3 en die Heidelbergse Kategismus self vir afdeling 4.

---

661 De Wet en Coetzee, 1943, Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys, bladsy 113.

662 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering, 1927, artikel 29, bladsy 16 en artikel 70, bladsy 23. Die "Handboekdeputate" was: ds. D.G. Venter, ds. L.P. Vorster, ds. J.H. Kruger, br H.H. van Rooyen, prof. dr. J.D. du Toit, prof. dr. J.A. du Plessis.

***Kerkgeskiedenis en –regering*** vir afdelings 3 en 4 as aanvullende vakke vir afdelings 3 en 4, met die volgende inhoud: Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, hoofpunte uit die algemene kerkgeskiedenis en die Beginsels van die Gereformeerde Kerkregering.

Die Sinode het die verslag aanvaar met die volgende byvoegings:

(a) dat die kommissie gekontinueer word om uitvoering daaraan te gee,[663]

(b) dat oorweeg sal word die uitgawe van 'n kort Bybelgeskiedenis,

(c) dat die verkorte vraeboekie vir afdeling 2 net een teks en dié vir afdeling 3 meer tekste moet byvoeg by die antwoorde, en

(d) dat die katkisasieboekies so spoedig moontlik en seker nie later nie as die end van 1927 moet verskyn.

Die Sinodale Kommissie vir Katkisasieboekies het dadelik werk van die saak gemaak. Aan ds. J.H. Kruger van Postmasburg is opgedra om die vraeboekie vir afdeling 2 en aan prof. dr. J.D. du Toit om dié vir afdeling 3 te skryf. In 1928 is die eerste vraeboekie uitgegee. Ds. J.H. Kruger het die vraeboekie geskryf min of meer as 'n uitbreiding van die tweede deel van sy vraeboekie van 1921. As reviseurs[664] vir die vraeboekie, asook vir dié van prof. dr. J.D. Du Toit het gedien prof. dr. C.J.H. de Wet, ds. I.D. Kruger en prof. dr. J. Chr. Coetzee. In die voorwoord berig die kommissie: "Die inhoud is hoofsaaklik geput uit die Heidelbergse Kategismus. Die doel is hoofsaaklik geput uit die Heidelbergse Kategismus. Die doel is om ons kinders van die begin af trapsgewyse bekend te maak met die gereformeerde leer. Daarom volg op hierdie boekie (van ds. Kruger) 'n tweede en meer gevorderde deel (van prof. dr. J.D. Du Toit). Kinders wat die eerste boekie ken, sal die tweede maklik verstaan. Na kennis van die tweede sal die volle Heidelbergse Kategismus glad nie so moeilik verstaan word nie." In 1930 is die boekie opnuut uitgegee. Nou is die vrae en antwoorde in lesse ingedeel; daar is uitbreiding in enige stukke ingevoer; en die kleur is tans rooi, sodat die boekie voortaan bekend staan as die "rooi boekie".

Die tweede deel, dié deur prof. dr. J.D. du Toit, kon egter nie voor 1929 sy eerste verskyning (in 'n blou omslag) maak nie. Dit is 'n verkorting van die Heidelbergse Kategismus om dit bevatlik te maak vir die meer gevorderde katkisante; die segswyse van die Heidelbergse Kategismus is in vrae en antwoorde behou; dit sluit onmiddellik aan by wat die kinders reeds in die eerste boekie geleer het; dieselfde leerstof word behandel, net meer uitgebrei. Reeds in 1930 het 'n tweede

---

663 As deputate vir katkisasieboeke word weer aangewys: di. D.G. Venter (Saamroeper – Steynsburg), J.H. Kruger (Postmasburg), L.P. Vorster (Krugersdorp), br. H.H. van Rooyen (Bloemfontein) en die Teologiese Professore.

664 Reviseur = Iemand wat hersien, verberteraar. HAT, 2003.

druk nodig geword, en ook hier is kleiner veranderinge aangebring. Hierdie twee boekies is vir tientalle jare in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as kategetiese hulpmiddele gebruik.[665]

Met die verskyning van dié twee vraeboekies volgens die Kategismus, staan die kategetiese onderwys voortaan vierkantig op die Heidelbergse Kategismus. Daar was egter een tekortkoming, wat later sterk aangevoel sou word: die katkisante het nie meer 'n vraeboekie in die Bybelse geskiedenis, soos in die geval van Borstius[666] en die ouer Kruger[667] gehad nie. Die leemte is tot die einde van 1940 nie aangevul nie.

Die samestelling van die kerkgeskiedenis (algemeen, Suid-Afrikaans, Sending, insluitende kerkregering) is opgedra aan prof. dr. J.A. du Plessis, ds. D.G. Venter en dr. P.J.S. de Klerk. Die

---

665 Deel 1 (Rooi boekie). In die voorwoord by die eerste hersiene uitgawe, 1930, word gestel dat by die eerste druk van die boekie in 1928 die titel was: "Onderwysing in die Christelike Leer" maar by die tweede druk, 1930, word die titel verander tot : "Die Heidelbergse Kategismus – Deel 1". Die boekie is 'n verkorting van die Kategismus om dit bevatlik te maak vir klein kinders. Baie van die Kategismusvrae is opgebreek in twee, drie of meer vrae, dog daar is moeite gedoen om in die vrae en antwoorde, die segswyse van die Kategismus self te behou. Die tweede druk verskil van die eerste in die sin dat die vrae en antwoorde ingedeel is in lesse. Ook het daar 'n uitbreiding in enige stukke plaasgevind. Die verskil is egter nie so groot nie dat die eerste druk saam met die tweede gebruik kan word. Die wens word uitgespreek dat die ouers werk daarvan sal maak om saans by huisgodsdiens 'n paar vrae met hulle kinders te behandel. So groei die kinders van kleinsaf op in die leer van Gods Woord. Daar word gehoop dat die jeug van die Kerk bewaar sal word by die suiwer gereformeerde leer en om hulle leervas te maak, deur gesonde onderrig in die gereformeerde religie, en so 'n geslag op te kweek wat in die lewe roepingsbewus gaan wees. In 1943 verskyn die tweede hersiene uitgawe, die vyfde druk. Prof. dr. J. Chris Coetzee wat verantwoordelik was vir die hersiening skryf in die voorwoord dat die nuwe hersiening geskied ooreenkomstig die volgende vyf gedagtes: (1) Die Sondae van die "Heidelbergse Kategismus" word weer stip gevolg; (2) die aantal en orde van vrae en antwoorde is gewysig; (3) vir sover dit moontlik is, is die bewoording van die oorspronklike vrae gevolg, dit wil sê waar hulle nie te moeilik is nie, is hulle behou; verder is die bewoording vereenvoudig terwyl ekstra vrae ingevoeg is om die lang antwoorde vir die kleiner kinders in korter antwoorde terug te gee; (4) die antwoorde self is sover moontlik in die woorde, maar veral volgens die sin van die antwoorde van die "Heidelbergse Kategismus" weergegee, maar hier moes baie vereenvoudiginge, selfs wysiginge, ingevoer word met die oog op die geringe verstandelike ontwikkeling van die leerlinge; deurgaans is die antwoorde kort maar volledig gegee, dit wil sê die kind moet nou in sy antwoord waar moontlik, die bewoording van die vraag insluit; (5) die indelingshoofde van die "Heidelbergse Kategismus" is agterweë gelaat, omdat kinders daar nie veel aan het nie. Maar as vaste uitgangspunt is aangeneem die vaste formule van die Kategismus self, veral waar die oorspronklike bewoording nie sonder skade verander kan en mag word nie. Kinders sal nog moeilike woorde en segswyse moet leer – dit is onmisbaar, maar die leraarmoet in sulke gevalle eers die sin verduidelik voor hy die kinders vra om die vraag en antwoord vir 'n volgende les te memoriseer. Soos duidelik sal blyk, word die antwoorde algaande moeiliker, ook omdat die leerlinge algaande dieper in die sake kan indring. In 1946 beleef die boekie sy sesde druk en in 1949 word die sewende druk uitgegee.
Deel 2 (Blou boekie) In die voorwoord by die tweede, gewysigde, uitgawe 1980, skrywe ds. C.N. van der Merwe namens en in opdrag van die Katkisasiedeputate dat die "Blouboekie" 5 dekades lank reeds deel uitmaak van die handboeke wat gebruik word vir kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die sinodale vergadering van 1927 het besluit dat vir die kerkleer die Kategismus in drie fases gebruik moet word. Deel 1 is die "Rooiboekie" en deel 2 die "Blouboekie". Die volledige Heidelbergse Kategismus is die derde deel. Prof. dr. J.D. du Toit het die "Blouboekie" geskryf vir die groter kinders. Die Kategismus is verkort om dit meer bevatlik vir die 13- tot 14-jarige kind te maak. Die tweede druk het in 1930 verskyn waarin kleiner wysigings aangebring is. Die 32e Sinodale vergadering, 1955, het dit aan die Katkisasiedeputate opgedra om die boekie "t.o.v. sekere punte te hersien". Op die 33e sinodale vergadering, 1958, rapporteer die deputate dat hulle die Blouboekie nie hersien het nie en beveel aan dat die Rooi- en Blouboekie nie meer gebruik word nie. Die sinode het die aanbeveling nie aanvaar nie. Hierna kom die saak van die Blouboekie eers in 1973 weer aan die orde.

666 Borstius. Jacobus Borstius het hierdie kindervraeboekie geskryf bevattende 118 vrae oor die Christelike Leer en 160 "Historiese Vrae uit die Heilige Skriftuur.

667 Ds. J.H. Kruger van Postmasburg het 'n waardevolle boekie gepubliseer: "Kategesatie Boekie vir die Klein Kinders van die Gelowiges"

boekie is omstreeks 1930 – dit is sonder opgaaf van jaartal gedruk – uitgegee.
Prof. dr. Du Plessis het feitlik die hele boekie geskryf, aangesien ds. Venter deur siekte verhinder was en dr. P.J.S. de Klerk die afdeling oor die Sending alleen geskryf het. Die handleiding oor die Bybelgeskiedenis kon egter nie deur die "Kalvyn Jubileun Boekefonds" op die mark gebring word nie.

Die 2e Provinsiale Sinode van Transvaal[668] neem ook die saak van die kategese ter tafel ten opsigte van twee sake: (a) 'n Boek wat by belydenis van geloof aan die katkisante gegee kan word, en (b) die wenslikheid om 'n behoorlike handboek in kerkgeskiedenis te hê.

Die 2e Klassis Kaap Provinsie[669] hou met genoeë 'n boekie aan die kerke in hulle ressort voor wat vroeër deur 'n Algemene Vergadering uitgegee is, nl. "Voorligting aan onse Huisvaders, Huismoeders en Kerkrade insake die Kategisasie" en beveel aan dat aangesien dit nie meer beskikbaar is nie, dit by die Provinsiale Sinode aanbeveel sal word dat die boekie weer uitgegee word. Ds. D.G. Venter bring onder bespreking die noodsaaklikheid dat meer aandag en tyd gewy sal word aan die Katkisasies. Die vergadering besluit: "Die Klassis beskou dit noodsaaklik dat daar oor die algemeen meer tyd gegee word aan belydeniskatkisasie en waar moontlik klas sal gehou word vir 'n maand of twee, drie." Die 2e Provinsiale Sinode van die Kaap Provinsie[670] behandel 'n beskrywingspunt van die Oostelike Klassis, nl. "Dat die Korresponderende Kerkraad 'n aantal van die boekies sal laat druk in oorleg met die Kalvyn Jubileum Boekefonds en hulle versprei onder die gemeentes."

W. Hovy lewer kommentaar in Die Kerkblad van 1 Maart 1927[671] oor die besluite van die Sinode ten opsigte van Kategese. Hy erken die werk wat deur die Sinode gedoen is, maar noem "zo bestaat er nog groot verschil van gevoelen omtrent de methode van katecheties onderwijs, en zou het zeer wenselik zijn, zo gou mogelik tot eenvormigheid voor alle kerken te komen". Hy noem in hierdie opsig 6 fasette:

1) Alhoewel baie predikante die Kort Begrip vervang het met die Heidelbergse Kategismus, bly die Kort Begrip onmisbaar, veral "voor deputate buiten plaatse". Daarom glo hy dat die

668 Notule van die 2e Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Transvaal in sitting te Bethal op 29 Januarie 1927 e.v.d.
669 Notule van die 2e Classikale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaap Provinsie in sitting te Dordtrecht op 12 November 1927 e.v.d. artikels 13 en 14.
670 Notule van die 2e Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerk in die Kaap Provinsie in sitting te Venterstad op 1 Maart 1928 e.v.d. artikel 16.
671 Die Kerkblad, 1 Maart 1927, jaargang 27, nommer 597, bladsy 20.

"spoedige overzetting van het bekende Katechisatieboekje van ds. W. Postma[672] een onmiddellike vereiste".

2) Hovy is van mening dat daar elke jaar, gedurende die Kersfeesdae 'n Sondag bestee word aan die Paas, Pinkster en Kersverhale, minstens 3 of 4 Sondae vir elke feesdag.
3) Elke jaar moet 'n gedeelte van die Ou Testament en 'n gedeelte van die Nuwe Testament behandel word.
4) Die Sinode sorg vir die uitgawe van 'n populêre boek oor die Kerkgeskiedenis.
5) Die onderwerpe wat elke maand in die katkisasie behandel word, moet vooraf in Die Kerkblad uitvoerig deur 'n predikant bespreek word as handleiding vir die Katkisasiemeesters en die ouers.
6) "De Synode bezorge deputate uitgave van een boekje, geschikt om te dienen als geschenk aan jonge Lidmaten, die belijdenis des geloofs hebben afgelegd, in gevolge besluit van vorige synodes."

### 8.2.9 1928 – Skrywe oor handboekies in Die Kerkblad, 15 Mei 1928

'n Tweede persoon wat in Die Kerkblad[673] van 15 Mei 1928 'n brief skryf oor die "Katkisasieboekies" is I. van Rooy. Hy verwys na die feit dat die Sinode pas nuwe Katkisasieboekies uitgegee het.[674] Dit het die Sinode tyd en moeite gekos. Nou word die vraag gestel: "Beloon die boekies al die moeite?" Alhoewel die boekies wat hulle opstelling, vrae en antwoorde betref, baie eenvoudig en mooi is, is die vraag egter: Voorsien hulle in die vereistes van die katkisasies? As katkisasiemeester staan die skrywer in die praktyk van die kategese en lewer vanuit daardie hoek kritiese kommentaar. Hy verwys na die vraeboekie van ds. Vorster.[675] Omdat gemeentelike roosters verskil, word byvoorbeeld vir 'n Sondag 'n stuk Bybelgeskiedenis op die Rooster aangegee wat glad nie ooreenstem met die wat in die vragies behandel word nie. Die gevolg is dat die vragies en antwoorde blote papagaaiwerk word. Die vraeboekies is volgens die skrywer nie opvoedkundig nie. Selfs die groter kinders leer die antwoorde uit hulle kop uit "maar vra hom tog nou net wat eintlik daar staan". Van Rooy bring weer die saak na vore met die voorstel dat die Redaksie van Die Kerkblad gevra word om vir Katkisasiedoeleindes, sê drie bladsye, in Die Kerkblad af te staan vir 'n predikant "wat die Bybelgeskiedenis boeiend kan vertel" om 'n aantal lesse uit te werk. Predikante kan ook gevra word om lessies vir die Heidelbergse Kategismus uit te werk ter verklaring van die belydenisskrifte. Die skrywer

672 "Catechisatie-handboekje" van Ds. W. Postma.
673 Die Kerkblad, 15 Mei 1928, jaargang 29, nommer 625, bladsy 63.
674 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering 1927, artikel 29, bladsy 16 en artikel 70, bladsy 28.
675 Ds. L.P. Vorster's korte vragen en antwoorden voor de kinderen der gelovigen.

voorsien een probleem met hierdie plan en dit is "die arm mense wat nie Die Kerkblad kan bekostig nie".

### 8.2.10 1930 – Rapport Deputaatskap vir Katkisasie Hasndboeke

Die 5e Partikuliere Sinode van Transvaal[676] behandel twee beskrywingspunte op hulle vergadering van 25 Januarie 1930:

1) Klassis Rustenburg se beskrywingspunt: "Die Sinode word gevra om by die Eerw. Gen. Sinode aan te dring dat die volgende boekies vir katkisasiedoeleindes so spoedig moontlik sal verskyn, nl. die derde deel van die Kategismus-serie, 'n Kerkgeskiedenis en 'n handleiding vir die Bybelse Geskiedenis." Die Sinode besluit dat aan die versoek uitvoering gegee sal word.
2) Die beskrywingspunt van die Kerkraad van Matlabas is: "Die Kerkraad van Matlabas is diep onder die indruk van die feit dat baie van ons jongmense nie kennis het van die Bybelse Geskiedenis en die belydenisskrifte van ons kerk nie, wat seker vir 'n groot gedeelte te wyte is aan die gebrekkige opvoeding in die huis en die verkeerde onderwysstelsel en vra wat gedoen kan word om die Bybelse Geskiedenis meer tot sy reg te laat kom in ons Skole."

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunte deurgestuur sal word na die Generale Sinode in die volgende formulering: "Die Partikuliere Sinode van Transvaal is diep onder die indruk van die feit, dat baie van ons jongmense min kennis het van die Bybelse Geskiedenis en belydenisskrifte van ons kerk, wat seker vir 'n groot gedeelte te wyte is aan die gebrekkige opvoeding in die huis en die verkeerde onderwysstelsel en vra wat gedoen kan word om in die toestand verandering te bring in huis en skool."

Die kommissie vir die katkisasieboekies kon goeie vordering aan die Sinodale Vergadering van 1930 rapporteer.[677] Die deputate rapporteer dat die werk op die volgende wyse "verdeel is en sinds verskyn" het:

1) Onderwysing in die Christelike leer volgens die H. Kategismus deur ds. J.H. Kruger (Postmasburg).

---

676 Notule van die 5e Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerk in die Transvaal in sitting, te Potchefstroom op 25 Januarie 1930 e.v.d. artikels 27 en 48.

677 Handelinge van die 23e Sinodale Vergadering, te Burgersdorp. KP. 6 Maart 1930, artikel 23, bladsy 32, artikel 63, bladsy 59 en artikel 193, bladsy 166 van die Handelinge van die 23e Sinodale Vergadering, te Burgersdorp. KP. 6 Maart 1930.

2) Die H. Kategismus, 'n Afrikaanse Vertaling en vereenvoudiging deur prof. dr. J.D. du Toit.
3) Kerkgeskiedenis deur prof. dr. J.A. du Plessis en ds. D.G. Venter (Steynsburg).
4) Die Bybelse Geskiedenis is ook aan 'n kommissie opgedra maar het nog nie verskyn nie.

Die Sinode het met dankbaarheid kennis geneem en die kommissie gekontinueer om verder in die saak op te tree. Die Kommissie word ook gevra dat die Heidelbergse Kategismus in Afrikaans uitgegee sal word, "aanvullende die serie van Kategismus-boekies en dat by die heruitgawe van hierdie serie die indelinge sal wees ooreenkomstig die Kategismus".[678]

Die rapport van die spesiale deputaatskap vir "katkisasie-handboeke", aangewys deur die Algemene Sinodale Vergadering van 1927,[679] word ter tafel geneem. Die rapport word in verband met beskrywingspunte vir verdere behandeling verwys na die Kommissie van Onderwys.[680] Die sinodale vergadering besluit:[681]

1) Dat die kommissie vir Katkisasieboeke gevra word om die Kategismus in Afrikaans uit te gee, aanvullende die serie van Kategismusboekies.
2) Dat by die heruitgawe van hierdie serie die indeling sal wees ooreenkomstig die kategismus.
3) Dat die Bybelse Geskiedenis so spoedig moontlik verskyn en 'n verbeterde uitgawe van die Kerkgeskiedenisboek.
4) Dat al die Boeke, indien moontlik, in stewiger band en goedkoper uitgegee word.
5) Dat die Kalvyn Jubileum Boekefonds gevra word om hierdie boeke te adverteer, terwyl Kerkrade opgewek word om van die boeke gebruik te maak

In die jare 1932 tot 1936 was daar 'n besondere belangstelling in die kategetiese onderrigleer in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit raak veral die volgende sake:

- Die katkisasiestelsel in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Die samestelling van 'n algemene lesblad vir die katkisasies.
- Die wysiging van die vrae by aflegging van geloofsbelydenis.
- Die voorligting oor die onderrig op die katkisasies.
- Die katkisasiehandboeke.

678 Handelinge van die 23e Sinodale Vergadering in sitting, te Burgersdorp KP, 6 Maart 1930, artikels 63(a), bladsy 60.
679 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering 1927, artikel 29, bladsy 16 en artikel 70, bladsy 28.
680 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering 1927, in die notule artikel 23, bladsy 32-33.
681 Handelinge van die 21e Sinodale Vergadering 1927. Notule bladsy 60.

### 8.2.11 1933 – Partikuliere Sinode Transvaal, 14 Januarie 1933, oor katkisasie-handboekies

Die 8ᵉ Partikuliere Sinode van die Transvaal in sitting te Turffontein, 14 Januarie 1933, neem die volgende 2 beskrywingspunte ter tafel en aanvaar beide:

Van die Gereformeerde Kerk Middelburg:[682] "Die Klassis vra die Partikuliere Sinode om by die Generale Sinode aan te beveel dat 'n kommissie van predikante en opvoedkundiges benoem word om ons katkisasiestelsel te hersien." Op die Partikuliere Sinode was daar ook die volgende beskrywingspunt van die Klassis Rustenburg:[683] "Die klassis is diep onder die indruk dat onse jongmense baie min kennis het van die Bybelse Geskiedenis, ons Belydenisskrifte en die Kerkgeskiedenis. Vir 'n groot deel is dit te wyte aan die feit dat ons nie geskikte leerboeke het nie. Veral bestaan daar behoefte aan 'n boek waarin Bybelse Geskiedenis (bv. in die vorm van vrae) behandel word, sodat die gevorderde katkisant in die geleentheid kan wees om één boekie aan te koop waarin hy alles kan kry. Die Klassis bring hierdie gedagte onder die aandag van die Partikuliere Sinode en vra hom om die eerwaarde Generale Sinode te vra om 'n kommissie aan te stel om so 'n boek op te stel." "Die Eerw. Sinode word versoek om die Kategetiese leerboek, Dl. III van die Heidelbergse Kategismus tog so spoedig moontlik uit te gee."

'n Laat ingekome Rapport van ds. J.H. Kruger (Postmasburg), ds. L.P. Vorster (Krugersdorp) en ds. D.G. Venter (Steynsburg) oor 'n leerboek oor Bybelse Geskiedenis en Katkisasieboeke dien ook op die Sinode:

1. Dadelik na die vorige Sinodale Vergadering[684] het die Kommissie planne gemaak en persone genader om 'n Bybelse Geskiedenis vir Katkisasie gebruik opgestel te kry, maar soos dit gegaan het met hierdie werk voor die Sinode vir 1930, so het dit nou ook gegaan – die werk is groot en aanmoediging is daar nie, so dié boek is daar ook nog nie. Die Kommissie wil egter die Sinode vra om die kerkrade te verwys, veral vir die Belydenisklasse, na 'n Bybelgeskiedenis, wat deur dr. P.J.S. de Klerk opgestel word en binnekort sal verskyn.

2. Die Kategismus-Vraeboekies is reggemaak, sodat die lesse in verskillende boekies bymekaar inpas.

3. Aan die Kerkgeskiedenisboekie kon niks gedoen word nie. Die Kalvyn Jubileum Boekefonds Kommissie kan by ewentuele heruitgawe wel sorg vir verbetering. Die 24e Sinodale

682 Notule van die 8e Partikuliere Sinode Transvaal in sitting te Turffontein, 14 Januarie 1933 e.v.d., artikel 35a.
683 Notule van die 8e Partikuliere Sinode Transvaal in sitting te Turffontein, 14 Januarie 1933 e.v.d., artikel 35b.
684 Handelinge van die 23e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sitting, te Burgersdorp, 6 Maart 1930 e.v.d., artikel IV, bladsy 103.

Vergadering[685] besluit dat gemeentes verwys sal word na die katkisasie-boekekommissie-rapport wat gedien het op die 22e Sinodale Vergadering[686] en dat Die Kerkblad gevra word om 'n kolom oop te stel ten einde van tyd tot tyd oor die katkisasie, die metodes en stof voorligting te gee. Die bestaande kommissie word gekontinueer.[687]

Ten opsigte van die gebruik van die Kort Begrip vir die katkisasie skryf ds. J.G.H. van der Walt in Die Kerkblad[688] van 6 Desember 1933 dat hy beswaar het daarteen dat die Kort Begrip, volgens die kennisgewing van die sekretaris van die sinodale deputate vir die uitgawe van 'n algemene Katkisasie-lesblad weer ingevoer word, "terwyl die Kategismus uit die Lys uitgeskakel word". Dit is vir die navorser vreemd dat die Belydenisskrif, wat opsetlik vir die Katkisasie opgestel is, sonder opdrag van die Sinode opsygeskuif kan word. "Wat nogal wonderlik is, is dat 'n paar verklarings van die Kategismus genoem word, vir die wat daarvan gebruik wil maak, terwyl dit nie nodig is vir die katkisante om die Kategismus te leer nie."

### 8.2.12 1935 – Besluit 72e Algemene Vergadering OVS, 21 Februarie 1935

Die 72e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in die O.V.S behandel in die vergadering van Februarie 1935 die volgende beskrywingspunte[689]:

1) Artikel 69.1 – van die Kerkraad van Reddersburg: "Die Algemene Vergadering doen stappe om handboeke in die lewe te roep vir die gebruik by lesse by die nuwe Katkisasie-rooster, so nie dan genoemde lesse meer prakties in te rig."
2) Artikel 69.2 – van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Ficksburg: "Die Algemene Vergadering vra die aanstaande Algemene Sinode om 'n doeltreffende hulpboek te laat opstel vir diens van ons gemeentes Algemene Sinode van 'n katagetiese handleiding by die onderwys van die Openbaringsgeskiedenis in die belydenisklas."

Na toeligting en bespreking besluit die vergadering: "Hierdie beskrywingspunte word onder die aandag van die Sinodale Kommissie insake die Lesblad gebring."

---

685 Handelinge van die 24e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sitting, te Middelburg, 16 Maart 1933 e.v.d., afdeling IV, Beskrywingspunte, bladsy 102.

686 Handelinge van die 22e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sitting, te Reddersburg, 25 Maart 1927 e.v.d., bylaag V/3, bladsy 81.

687 ds. J.H. Kruger (Postmasburg), ds. L.P. Vorster (Krugersdorp), ds. D.G. Venter (Steynsburg - Konvenor), ds. J.V. Coetzee (Potchefstroom), prof. dr. J. Chr. Coetzee, dr. M.J. Coetzee.

688 Die Kerkblad, 6 Desember 1933, jaargang 34, nommer 753, bladsy 925.

689 Notule van die 72e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. in sitting te Parys, 21 Februarie 1935 e.v.d., artikel 69.1 en 69.2.

### 8.2.13 1936 – Besluite 25e Sinodale Vergadering, 25 Maart 1936

Die 25e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, 5 Maart 1936,[690] bespreek die saak van katkisasieboekies.

2.1 Vir die Heidelbergse Kategismus

Die twee kleinere boekies, deel I (Rooiboekie) en deel II (Blouboekie) word taamlik algemeen gebruik. Wat deel IV betref, word die volledige Heidelbergse Kategismus gebruik soos deur die Algemene Vergadering van 1927 besluit.[691] Die Sinode besluit dat die Calvyn Jubileum Boekefonds die verklaring van die Kategismus van ds. J.G.H. van der Walt[692] moet publiseer vir gebruik saam met die volledige Heidelbergse Kategismus.

2.2 Bybelgeskiedenis

Die opdrag van die 22e Algemene Sinode[693] om 'n "Handleiding" vir Bybelgeskiedenis te publiseer het is nie verwesenlik nie. Die "Bybelse Geskiedenis" van dr. P.J.S. de Klerk word egter deur die deputate aanbeveel vir gebruik. Vir Bybelse argeologie en ander nodige gegewens word aanbeveel die boek "Land en Volk van Palestina" van ds. Kruger en br Coetsee.

2.3 Kerkgeskiedenis

Omdat daar nog 'n groot aantal onverkoopte eksemplare van die Kerkgeskiedenis[694] is, word daar nie 'n nuwe boek benodig nie. Die deputate ontvang die opdrag om vir die gebruik op die platteland 'n kerkgeskiedenisboek saam te stel wat eenvoudig en gewild is.

### 8.2.14 1938 – Besinning deputaatskap vir katkisasie en boeke, 18 April 1938

Die deputaatskap vir katkisasie en boeke het op hulle vergadering van 18 April 1938, te Rustenburg, die volgende riglyne gegee ten opsigte van 'n nuwe Kerkgeskiedenishandboek:[695]

---

690 Handelinge van die 25e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika 5 Maart 1936.

691 Besluit 22e Algemene Sinode 1927, bladsy 81-82.

692 Die Kerkblad, 2 Oktober 1935, jaargang 36, nommer 794, bladsy 293. In hierdie Kerkblad word die 5e uitgawe van die "Verklaring van die Heidelbergse Kategismus vir die Katkisasie" deur ds. J.G.H. van der Walt van Middelburg, KP, bekendgestel.

693 Sinodale Vergadering 1927, bladsy 81-82.

694 "De Geschiedenis van de Christelike Kerk" deur T. Hamersma, S.O. Los en J.D. du Toit. 1911.

695 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie en boeke, 18 April 1938 te Rustenburg.

i. Dat 'n nuwe Kerkgeskiedenis, in aansluiting by die teenwoordige boek, in gereedheid gebring word.
ii. Dat dit opgestel word volgens die skema van die Deputate vir Katkisasie handboeke.
iii. Dat 'n persoon, liefs 'n ouer diensdoende leraar(s), gevra word om die boek op te stel.
iv. Dat die deputate die werk nasien, ook met advies van die professore, en na goedkeuring oorgee aan die Kalvyn Jubileum Boekefonds vir uitgawe.
v. Die Deputate vir Katkisasieboeke besin verder oor die inhoud van 'n handboek vir Kerkgeskiedenis.[696] Die handboek moet bestaan uit 'n algemene inleidende gedeelte. In breë trekke die kerkgeskiedenis tot by die Reformasie. Laasgenoemde moet meer in besonderhede behandel word. Verder ook in besonderhede die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis. Aandag moet ook geskenk word aan die sendinggeskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die kerkorde en kerkregtelike sake moet ook in 'n hoofstuk aandag geniet. Aan die einde van elke hoofstuk moet daar vrae ingevoeg word oor die inhoud van die hoofstuk. Die samestelling van die kerkgeskiedenis (algemeen, Suid-Afrikaans, Sending, insluitend kerkregering) is toe opgedra aan prof. dr. J.A. du Plessis, ds. D.G. Venter en dr. P.J.S. de Klerk.

Op die vergadering van die deputate vir Katkisasie-aangeleenthede[697] rapporteer die voorsitter, ds. Du Plessis, "dat op sy oproep vir manuskripte alleen enkele briewe ontvang is, maar geen manuskrip nie". Die vergadering besluit:

- Dat in die Kerkblad gevra sal word vir 'n manuskrip van sowat 50,000 woorde;
- Dat by die Calvyn Jubileum Boekefonds aanbeveel word dat vir die goedgekeurde manuskrip die som van £25 betaal word en dat die boek dan die eiendom van die Fonds sal bly;
- Die manuskripte moet inwees voor 31 Desember 1939 by die skriba, wat dit dan by die lede laat sirkuleer;
- Die manuskripte moet getik wees: vereistes vir die boek is: Inleiding (oor die Kerk); Algemeen (Ouere Kerkgeskiedenis: Begin-Reformasie; Nuwere kerkgeskiedenis: Reformasie – hede; Besonder (S.A. Kerkgeskiedenis); Sending: Gereformeerde Kerkregering; vrae na elke hoofstuk.

---

696 Notule Deputate vir Katkisasieboeke, 29 Junie 1939, te Middelburg.

697 Notule Deputate vir Katkisasie-aangeleenthede, 1 April 1938 te Rustenburg, artikel I en II.

### 8.2.15 1939 – Vergadering deputate vir katkisasie, 29 Junie 1939

Op die vergadering van die deputate vir Katkisasie-aangeleenthede, 29 Junie 1939,[698] rapporteer die skriba dat geen manuskrip vir Kerkgeskiedenis ontvang is nie. Die deputate besluit:

i. Dat een of meer persone (teoloë) direk gevra word om so 'n kerkgeskiedenis te skrywe;
ii. Dat die werk so gou as moontlik afgehandel moet word (Kyk Handelinge Nasionale Sinode p. 174);
iii. Dat die opsteller(s) eers skemas sal voorlê en dan ook enkele hoofstukke ter beoordeling van die deputate, en so te kom tot die uitvoering van die Sinodale opdrag (1939), en wel volgens besluite van die deputate op hul vergadering van Pretoria (Junie 1939).
iv. Die deputate besluit om eers die professor in Kerkgeskiedenis, prof. dr. S. Du Toit te vra. As hy nie kan nie, dan dr. P.J.S. de Klerk, en as sy sekundus ds. D.G. Venter.

Ten opsigte van die *Kerkgeskiedenisboek* rapporteer die kommissie dat die aanvraag en bestelling vir die bestaande Kerkgeskiedenisboek by die Buro aanmerklik toegeneem het sodat die bestaande voorraad uitverkoop is. Oor die Kerkgeskiedenisboek "vir gebruik op die platteland"[699] het die kommissie die oordeel ingewin van 'n bekende en bekwame professor in opvoedkunde in Suid-Afrika en ook van 'n kommissie uit die Partikuliere Sinode van Transvaal waaruit blyk dat die beskouinge taamlik uiteenlopend is. In die een geval is die oordeel sterk ongunstig en in die ander geval nogal gunstig vir die boek. Die kommissie kon nie eenstemmigheid oor die saak bereik nie, tog is daar 'n meerderheidsgevoel dat die genoemde boek aanbevelenswaardig is vir die gewone katkisante op die platteland en dat dit seker die verdienste het van 'n "eenvoudige boek" te wees, geskik vir katkisante. Die Sinode besluit dat 'n Kommissie van vyf lede benoem word, waarvan twee lede opvoedkundiges is, met opdrag om binne 'n jaar 'n kerkgeskiedenis vir kategetiese onderwys te besorg, hetsy die manuskrip van wyle br. P. van den Berge of ander wat eventueel ingehandig sal word, waarvoor 'n oproep in Die Kerkblad gedoen sal word, of indien ingekome manuskripte nie aan die eise voldoen nie, self die nodige stappe te doen tot uitgawe en publikasie van 'n kerkgeskiedenisboek. Die deputate sal bestaan uit die teenwoordige deputaatskap: di. D.P. du Plessis, A. Duvenage, D.G. Venter, prof. dr. J. Chr. Coetzee en dr. H.A. Steyn.

---

698 Notule Deputate vir Katkisasie-aangeleenthede, 29 Junie 1939, te Middelburg.
699 Handelinge van die 25e Sinodale Vergadering, 5 Maart 1936, punt II(c):160-161.

Die Deputate besluit:[700]

Wat die Kerkgeskiedenishandboek betref, is nog geen manuskrip ontvang nie. Die deputate het dit toegeskryf aan die feit dat alles nog nie behoorlik gereël was nie en skrywers daarom nie presies geweet het wat van hulle verwag word nie. Derhalwe sal in Die Kerkblad weer gevra word om 'n manuskrip van 50,000 woorde. By die Calvyn Jubileum Boekefonds word aanbeveel dat £25 vir die manuskrip betaal word, maar dit bly die eiendom van die Calvyn Jubileum Boekefonds. Die manuskrip moet in wees voor 31 Desember 1939, en dit moet getik wees.

Ter tafel kom ook 'n skrywe van br. H. Scholtemeyer en kopie van 'n kort verklaring van die Kategismus vir katkisasiegebruik. Die vergadering besluit om eers kennis te maak met die inhoud van die boekie voordat 'n besluit daaroor geneem sal word.

### 8.2.16 1940 – Besinning deputate vir katkisasie, 23 Januarie 1940

Die Deputate vir Katkisasie-aangeleenthede vergader weer te Bloemfontein op 23 Januarie 1940 om verdere aandag te skenk aan sake.
*Die Kategismus verklaring*: Op 29 Junie 1939 is 'n skrywe van br. H. Scholtemeyer ontvang waarin hy 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus aanbied. Die deputate besluit dat die verklaring nie aanvaar word nie.
*Die handboek vir Kerkgeskiedenis*: Daar is nog geen manuskripte ten opsigte van die handboek vir Kerkgeskiedenis ontvang nie.
Die deputate besluit:
Een of meer teoloë moet direk gevra word vir die skryf van 'n handboek. Die werk moet so gou as moontlik afgehandel word. Skrywer(s) moet eers 'n skema aan die deputate voorlê en dan enkele hoofstukke vir die deputate om te beoordeel. Eerste sal die professor in Kerkgeskiedenis, prof. dr. S. Du Toit gevra word. Indien dit vir hom nie moontlik is nie, sal dr. P.J.S. de Klerk gevra word met ds. D.G. Venter as sekundus.

### 8.2.17 1942 – Vergadering deputate vir katkisasie oor handboeke

Die Deputate vir Katkisasie kom 23 November 1942 byeen, te Potchefstroom [701] om aandag te skenk aan veral drie sake:

700 Vergelyk ook Die Kerkblad, 2 Augustus 1939, jaargang 64, nommer 882, bladsy 13.

1) Die deputate besef die noodsaaklikheid van 'n Handleiding vir onderwys op Katkisasie. Prof. dr. C.J.H. de Wet en prof. dr. J. Chris Coetzee sal gevra word om 'n handleiding te skryf ten opsigte van die metodiek, die beginsels en die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die deputate aanvaar die beleid ten opsigte van kategese soos neergelê deur die Sinode van 1927.[702]
2) Daar word by die Sinode aanbeveel dat Deel 1 van die Kategismus (Rooiboekie) hersien sal word voordat dit herdruk word.
3) Ten opsigte van 'n handboek vir Bybelgeskiedenis sal 'n sub-kommissie aangewys word om in te gaan op die wenslikheid en die moontlikheid vir die samestelling van 'n Bybelgeskiedenis vir die kinders van 9-12 jaar. Die sub-kommissie sal ook die manuskripte van br. Hovy beoordeel.

Die 27e Sinodale Vergadering vergader op 12 Maart 1942 en volgende dae te Aliwal-Noord, Kaapland,[703] waartydens die Katkisasiedeputate rapporteer: Ten opsigte van 'n geskikte handboek vir kerkgeskiedenis rapporteer die deputate: "ons hoop om met die Sinode so 'n boek saam met hierdie rapport te kan voorlê. Dit is geskryf deur prof. dr. S. du Toit, aan wie 'n besondere woord van dank toekom, aangesien hy die werk selfs onder moeilike omstandighede voortreflik gedoen het. Ook aan prof. dr. J. Chr. Coetzee en prof. dr. J.D. du Toit moet dank gebring word vir hulp in hierdie verband. Maar ook aan die Calvyn Jubileum Boekefonds kom ons dank toe dat hulle so gewillig was om die uitgawe van die boek te onderneem."
Waar dit wil voorkom of daar 'n behoefte bestaan aan verandering in verband met ons *kategismusboekies* en ook verskaffing van *vraeboekies vir Bybelgeskiedenis,* gee die Sinode opdrag om in te gaan op die beleid i.s. sulke boekies i.v.m. die beleid neergelê deur die Sinode van 1927.[704] en rapport daaroor uit te bring.

---

701 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie byeen, te Potchefstroom op 23 November 1942.
702 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering 1942, artikel 52, bladsy 30.
703 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering Maart 1942, artikel 54.v, bladsy 43.
704 Volgens die Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering 12 Maart 1942, bladsy 82, is die volgende oor hierdie saak genotuleer: Die Kerkleer: hiervoor word die Kategismus gebruik en wel so: 'n kort en maklike vraeboekie uit die Kategismus vir afdeling 2, 'n vollediger vraeboekie ook uit die Kategismus vir afdeling 3 en die Heidelbergse Kategismus self. Dat die leerstof konsentries ingerig sal word, soos volg:
Die Heilige Skrif: vir afdeling 1 word daaruit vertel, afdelings 2 en 3 leer daaruit, terwyl afdeling 4 meer openbaringsgeskiedenis ontvang – waarvoor nodig sal wees: Die Sinode het die verslag aangeneem met die volgende byvoegings:
(a) dat die kommissie gekontinueer word om uitvoering daaraan te gee,
(b) dat oorweeg sal word die uitgawe van 'n kort Bybelgeskiedenis,
(c) dat die verkorte vraeboekie vir afdeling 2 net een teks en dié vir afdeling 3 meer tekste moet byvoeg by die antwoorde,
(d) en dat die katkisasieboekies so spoedig moontlik en seker nie later nie as die end van 1927 moet verskyn.

Die Sinode het op grond van die rapport van die deputate voor hom soos volg besluit oor die opdrag van nuwe deputate:[705] By benoeming van deputate word rekening gehou met die besluite in verband met die rapport van die jeugdeputate.[706] In die toekoms sal een deputaatskap alle werk in verband met die jeug behartig. Uitvoering sal gegee word aan die opdrag van die vorige Sinode t.o.v. die toeligting van die lesse in Die Kerkblad. Die Sinode dra aan hierdie deputaatskap op om in oorweging te neem die uitgawe van die *stukke van prof. dr. J. Chr. Coetzee* in Die Kerkblad, tesame met 'n prinsipiële uiteensetting van die beginsels van die kategese, byvoorbeeld deur die betrokke professor in hierdie Teologiese Vak.

Die Deputate vir Katkisasie kom byeen in vergadering, te Potchefstroom op 9 Julie 1942 en ds. D.G. Venter deel die vergadering mee dat, weens ruimtegebrek in Die Kerkblad, die toeligting ten opsigte van die kategese wat tot nou toe geplaas is, noodwendig gestaak moet word. Die vergadering neem met leedwese hiervan kennis. Die deputate neem kennis dat die boek van proff. de Wet en Coetzee verskyn het. 'n Skema vir die eksamen van katkisasiemeesters word goedgekeur.

Ten opsigte van handboeke vir die kategese beveel die deputate aan:

---

Die Sinodale Kommissie vir Katkisasie het dadelik werk van die saak gemaak. Aan ds. J.H. Kruger van Postmasburg is opgedra om die vraeboekie vir afdeling 2 en aan prof. dr. J.D. du Toit om dié vir afdeling 3 te skryf. In 1928 is die eerste vraeboekie uitgegee. Ds. J.H. Kruger het die vraeboekie geskryf min of meer as 'n uitbreiding van die tweede deel van sy vraeboekie van 1921. As rewiseurs vir die vraeboekie, asook vir dié van prof. dr. Du Toit, het gedien prof. dr. C.J.H. de Wet, ds. I.D. Kruger en prof. dr. J. Chr. Coetzee. In die voorwoord berig die kommissie: "Die inhoud is hoofsaaklik geput uit die Heidelbergse Kategismus. Die doel is hoofsaaklik geput uit die Heidelbergse Kategismus. Die doel is om ons kinders van die begin af trapsgewyse bekend te maak met die gereformeerde leer. Daarom volg op hierdie boekie (van ds. Kruger) 'n tweede en meer gevorderde deel (van prof. dr. Du Toit). Kinders wat die eerste boekie ken, sal die tweede maklik verstaan. Na kennis van die tweede sal die volle Heidelbergse Kategismus glad nie so moeilik verstaan word nie". In 1930 is die boekie opnuut uitgegee. Nou is die vrae en antwoorde ingedeel in lesse; daar is uitbreiding in enige stukke ingevoer; en die kleur is tans rooi, sodat die boekie voortaan bekend staan as die "rooi boekie".
Die tweede deel, dié deur prof. dr. J.D. du Toit, kon egter nie voor 1929 sy eerste verskyning (in 'n blou omslag) maak nie (Die Blouboekie). Dit is 'n verkorting van die Heidelbergse Kategismus om dit bevatlik te maak vir die meer gevorderde katkisante; die segswyse van die Heidelbergse Kategismus is in vrae en antwoorde behou; dit sluit onmiddellik aan by wat die kinders reeds in die eerste boekie geleer het; dieselfde leerstof word behandel, net meer uitgebrei. Reeds in 1930 het 'n tweede druk nodig geword, en ook hier is kleiner veranderinge aangebring.
Met die verskyning van die twee vraeboekies volgens die Kategismus staan die kategetiese onderwys voortaan vierkantig op die Heidelbergse Kategismus. Daar was egter een tekortkoming, wat later sterk aangevoel sou word: die katkisante het nie meer 'n vraeboekie in die Bybelse geskiedenis, soos in die geval van Borstius, Vorster en die ouer Kruger gehad nie. Die leemte is tot die einde van 1940 nie aangevul nie.
'n Handleiding bevattende 'n inleiding op die Heilige Skrif, 'n indeling van die leerstof uit die Heilige Skrif, aardrykskundige en oudheidkundige gegewens;
<u>Die Kerkleer</u>: hiervoor word die Kategismus gebruik en wel so: 'n kort en maklike vraeboekie uit die Kategismus vir afdeling 2, 'n vollediger vraeboekie ook uit die Kategismus vir afdeling 3 en die Heidelbergse Kategismus self vir afdeling 4.

705 Handelinge van die 27e Sinode Maart 1942, artikel 54 bladsy 44.
706 Vgl. Handelinge van die 27e Sinode Maart 1942, artikel 52 bladsy 30-35.

1) Dat dr. H.J.J. Bingle versoek sal word om eers handboekies vir die Bybelgeskiedenis vir al vier die groepe klaar te maak.
2) Daarna 'n handboekie vir Bybelse Aardrykskunde.
3) Ook 'n handboekie vir Kerkgeskiedenis.
4) Manuskripte moet aan 'n teoloog vir beoordeling voorgelê word. Prof. dr. J.D. du Toit word voorgestel, en as hy nie kan nie, dan prof. dr. S. Du Toit.

### 8.2.18 1943 – Deel 1 van die handboek Heidelbergse Kategismus voltooi

Die Katkisasiedeputate[707] neem kennis van die uitgawe van Deel 2 van die Heidelbergse Kategismus, met besondere dank aan proff. J. Chris Coetzee, J.D. du Toit en S. du Toit. Insake die Bybelse Geskiedenis sal gewag word op die rapport van die kommissie[708] aan wie dit opgedra is.

### 8.2.19 1944 – Verskillende handboeke beplan

Die opdrag van 12 Maart 1942 word herhaal. Op sy vergadering van 17 November 1944[709] beveel die Katkisasiedeputate aan dat:

i. dr. H.J.J. Bingle versoek word om eers handboekies vir Bybelgeskiedenis vir al vier die groepe klaar te maak.
ii. 'n Handboekie vir aardrykskunde.
iii. 'n Handboekie in Kerkgeskiedenis.
iv. Manuskripte moet aan 'n teoloog vir beoordeling voorgelê word. Prof. dr. J.D. du Toit word aanbeveel, en as hy nie kan nie, dan prof. dr. S. du Toit.

### 8.2.20 1945 – Verbeterde uitgawe deel 1 en deel 2 handboek Heidelbergse Kategismus

Die Sinodale Vergadering van 1945[710] neem met dank kennis van die publikasie van die artikels wat prof. dr. J. Chris Coetzee in Die Kerkblad geskryf het. Die verbeterde uitgawe van die Kategismus Deel 1 en Deel 2 word ontvang met dank aan prof. dr. J.D. du Toit en prof. dr. J. Chris Coetzee.

---

707 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie byeen, te Potchefstroom op 22 November 1943, artikel 9.
708 Kommissielede: ds. A. Duvenage (Saamroeper), prof. J. Chris Coetzee, dr. H.J.J. Bingle.
709 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie byeen, te Potchefstroom op 27 November 1944.
710 Handelinge van die 28e Sinodale Vergadering 24 Januarie 1945 in sitting, te Potchefstroom.

#### 8.2.21 1948 – Die Gereformeerde Katkisant

In die jare 1945-1947 is daar niks gedoen aan die situasie met die Katkisasie-handboekies nie. Alhoewel dit meer as eenkeer op die agende van die katkisasiedeputate was, is daar nie enigsins iets positief in hierdie verband gedoen nie. In hierdie jare ontstaan en ontwikkel die "Die Gereformeerde Katkisant" waarin die lesse vir die kinders en die hulp-kategete uiteengesit is. Dit was 'n hulpmiddel wat met groot dank deur die gemeentes aanvaar en gebruik is. Dit het aan 'n groot leemte in verband met die kategese voldoen. Met die vergadering van die Katkisasiedeputate[711] is daar 'n brief op die tafel van br. H.C. van Rooy insake 'n standaardwerk vir Gewyde Geskiedenis. Die deputate besluit om die behoefte onder die aandag van die Nasionale Sinode te bring.

#### 8.2.22 1949 – Besluite 30e Sinodale Vergadering, 26 Januarie 1949

Die Sinodale Vergadering van 1949[712] "bring die moontlikheid en wenslikheid van die daarstelling van 'n standaardwerk vir die onderrig van die gewyde geskiedenis onder die aandag van die Deputaatskap. Ook word dit aan die Katkisasiedeputate opgedra om geskikte persone te vind wat gewillig sal wees om so 'n taak te onderneem". Die beskrywingspunt van Klassis Lydenburg word na die deputate verwys: "Die eerwaarde Klassis Lydenburg voel die behoefte aan 'n katkisasieboekie vir die voorskoolse kind en vra die eerwaarde Sinode om daarin voorsiening te maak."

Op sy vergadering van 22 November 1949[713] besluit die deputate om in Die Kerkblad en Die Gereformeerde Katkisant te vra of daar 'n persoon is wat 'n boek oor die Gewyde Geskiedenis vir katkisasiegebruik wil skryf.

### 8.2.3 Die katkisasierooster 1909-1949

#### 8.2.3.1 Die behoefte aan 'n katkisasierooster

711 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie byeen, te Potchefstroom op 5 Mei 1948, artikel 2.
712 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1949 in sitting, te Potchefstroom, artikel 152, punt 10, bladsy 284.
713 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie byeen, te Potchefstroom op 22 November 1949, artikel 9.

Die noodsaaklikheid van 'n lesrooster vir die kategese het 37 jaar na die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp ter sprake gekom.[714] Daar is besluit dat die hele saak aan die vryheid van die predikante en die kerkrade oorgelaat word of hulle van so 'n lesrooster gebruik wil maak, of hulle eie rooster wil uitwerk. Die Sinode neem self nie 'n besluit oor die gebruik van 'n lesrooster waardeur daar eenheid in die katkisasiewerk tussen alle gemeentes verkry kan word nie, maar elke plaaslike kerkraad moet besluit wat vir die eie gemeente nodig is. Die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie[715] bespreek in 1908 weer die saak van 'n gesamentlike Lesrooster vir al die gemeentes in die Kaap. "Inzake eensluidende Catechisatielysten voor de verschillende gemeenten word voorgesteld: Een Commissie bestaande uit de Predikanten van Middelburg, Steynsburg, Burgersdorp en Aliwal-Noord worde benoemd om een schema op te stellen te worden verzonden aan de verschillende kerkeraden ter goed of afkeuring, met het doel tot eenvormigheid te geraken. Wordt het schema goedgekeurd dan zal dezelfde Commissie Catechisatielysten voor 1909 opstellen en laat drukken." Aan die 46e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie word gerapporteer:[716] "De comm. inzake optrekken van katechisatielysten kon door omstandigheden nie byeenkomen nie. Algemeen goedgevonden deze zaak daar te laten." In "De Maandbode" van 1 Mei 1887 word die katkisasie-rooster van ds. J.L. Maury van Potchefstroom gepubliseer indien kerkrade gebruik wil maak daarvan.

### 8.2.3.2 Teleurstelling deur die Algemene Sinode van 1904

Op die agenda van die Algemene Sinode van 1904 dien die volgende beskrywingspunt van die kerkraad van Bethulie: [717] "De Synode oordeele of het niet wenschelijk is, dat alle gemeenten dezelfde Catechisatie-Lestafel zullen gebruiken en dezelfde boeken." Tot die teleurstelling van baie predikante besluit die Sinode om van die saak af te stap sonder om dit te behandel. "Hierdie saak sal in die vervolg altyd meer en meer aktueel word totdat eindelik so 'n Algemene Lesrooster ingevoer word."[718]

### 8.2.3.3 Die optrede van ds. Willem Postma insake 'n lesrooster

714 Handelingen van die 35e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 13 Februarie 1896, te Burgersdorp. artikel 36.
715 Handelingen van die 45e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 3 Februarie 1908, te Philipstown. artikel 46.
716 Handelingen van die 46e Algemene Vergadering van die Kaap-Kolonie, 1 Februarie 1909, te Burgersdorp. artikel 42.
717 Ds. W. Postma was van 1897-1903 predikant van Bethulie en kon die inisieerder van hierdie beskrywingspunt gewees het.
718 Prof. dr. J. Chris Coetzee: Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys.1943. Nasionale Pers Bpk. bladsy 102-103.

Ds. Willem Postma, wat in die Oranje Rivier Kolonie aktief opgetree het in verband met die uitgawe van 'n algemene lesblad, het in "Het Kerkblad" (1 Februarie, 1 Julie, 1 November 1909) die saak met beslistheid en oortuiging onder die aandag van die Gereformeerde gemeentes gebring. Ds. Postma skryf:[719] "Onlangs heb ik er op gewezen dat het hoogst noodzakelik is dat er meer samenwerking in de kerk zij met betrekking tot de katechisatie. Ik heb de gedachte uitgesproken dat wij 'n plan moesten beramen om één rooster van lessen voor geheel de kerk op te stellen, en dat het aan een bekwame kommissie moet opgedragen worden om te zorgen voor ene korte praktiese verklaring van de Bijbellessen, die daarin opgegeven." Ds. Postma skryf verder dat sy bedoeling hiermee die volgende is:

"1. Dat op die wijze zelfs aan bekwame predikanten, die niet zulke bekwame paedagogen zijn, een grote dienst zal bewezen worden waardoor de katechisatien in vele opzichten vruchtbaar zullen zijn.
2. Dat op die wijze noodzakelike hulp geboden wordt aan kerkeraadsleden, katechisatiemeesters en ouders, waardoor ook de kinderen op het platte land elke Zondag behoorlik bearbeid kunnen worden en
3. op die wijze kan het veel goedkoper en doelmatiger gedaan worden, dan wanneer één of enkelen dit zouden ondernemen."

Ds. Postma motiveer verder sy standpunt deur daarop te wys dat "allerlei vreemde leringen en ketterijen onder ons insluipen en dat het enige middel daartegen is degelike kennis van Gods Woord en de leer der kerk". Dan skryf ds. Postma 'n baie belangrike sin wat as motivering vir die saak kan dien: *"Deze kennis moet door samenwerking en goede organisatie verspreid worden, anders komt er niet veel van terecht."*

Om werklik agter die inhoud van ds. Postma se standpunt te kom sal gekyk moet word na 'n boekie uit Nederland wat in sy besit was, en waarna hy instemmend verwys in 'n artikel in Het Kerkblad.[720] Die boek is: "Christendom en Opvoeding". Verskillende skrywers het aan die samestelling van die boek gewerk. Ds. P.A.E. Sillevis Smitt skryf: "De opvoeding door de kerk". Ds. Postma haal die volgende gedeelte uit hierdie werk aan waaruit bepaal kan word dat die behoefte wat hy in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aanvoel, ook in Nederland gevoel word: "Hoe zal nu de kerk, met dit doel voor ogen, de taak harer opvoeding kunnen uitvoeren, zonder al te ver beneden het gestelde ideaal te blijven? Langs welke wegen zal zijn het opkomend geslacht wapenen tegen de leugen, in allerlei gestalten optreden en voorbereiden tot een godvruchtig, werkzaam, degelik christelik leven in kerk en maatschappij? Wij komen met

719 Het Kerkblad, 1 Juli 1909, jaargang 11, nommer 222, bladsy 11.
720 Het Kerkblad, 1 Juli 1909, jaargang 11, nommer 222, bladsy 11.

deze vragen op het terrein van die praxis, en dan kan er in een kort bestek als dit niet aan worden gedacht, om ook maar een enigszins volledige uiteenzetting te geven. Toch zou het onvergeeflik

zijn, aan de beginselen alle aandacht te wijden, maar de zo noodzakelike uitwerking in de praktyk aan het goed geluk over te laten. En zo ergens, dan valt overschromelike tekortkoming in de praktijk bij deze opvoeding te klagen. Het ware dwaas daarvoor het oog te sluiten. Alle verbetering, waar de nood der tijden om roept, kan eerste beginnen met een helder inzien van veelvuldig gebrek. De volvoering de roeping die op de kerk ruste, staat bij de ernst van die roeping verre ten achter. Schier alles is onverkort overgelaten aan het inzicht en het opvoedend vermogen van de ambtsdrager, die zich overigens behelpen moet met wat hem in hoogst onvoldoende mate bij de uitoefening van zijn paedagogiesen arbeid ten dienste staat. Wat er in de laatste dagen niet ten koste gelegd aan het christelik schoolonderwijs. In het zoeken naar paedagogiese methoden, in het samestellen van een leerplan, in het verschaffen van leermiddelen, in de inrichting van lokalen, in de ontwikkeling van leerkrachten, in het houden van toezicht en inspeksie, in het staan naar eenheid en samenwerking door onderling overleg, in dat alles en zoveel meer is vooruitgang te bespeuren, verbetering, een jagen naar het volmaakte. Maar waar is bij het ambtelik onderwijs de paedagogiese methode? Waar overeenstemming in leerplan en leerstof, in tuchtoefening, in welbewuste overtuiging aangaande doel en strekking? Daar word niet geklaagd over gemis aan leermiddelen, gebrek aan behoorlike lokaliteit, ontstentenis van praktiese vorming tot deze ambtelike dienst, ongereedheid in het toezicht vanwege de kerkeraad? Waar is, zelfs dijkwels in eenzelfde kerk, ernstig, gemeenschappelijk overleg tussen de dienaren? De velerlei bemoeienissen van het kerkelik leven mogen verzachtend pleiten; tegenover het hoog en heilig belang verontschuldiging bieden kunnen ze niet. Wat hangen aan oude sleur; wat onzelfstandig nadoen van anderen of omgekeerd, wat hardnekkig vasthouden aan eigen methode, hoe onvruchtbaar ook; wat onoordeelkundig arbeiden zonder beheersing van de taak en stuur in de gang. Op deze akker valt zelfs nog te wieden en te ploegen en dat gaat toch aan het zaaien en maaien vooraf."

Ds. Postma skryf verder dat in baie gevalle die godsdienstige opvoeding van die kinders aan die christelike skole oorgelaat word. Ouers vervul nie hulle pligte nie "in de meeste gevallen omdat de ouders daartoe niet de geschikte leiding of kennis hebben". Hy sluit sy artikel af met die volgende belangrike woorde: "Wordt mijn voorstel aangenomen en in werking gebracht, dan komen deze lessen gedurig de ouders en anderen te hulp en eindelik kan alles in boekvorm uitgegeven worden als een geschikte handleiding voor leerlingen, ouders en anderen."

#### 8.2.3.4 Die ontstaan van "De Timotheus Catechisatie Rooster voor 1910"

Ds. Postma het die samewerking gekry van ander predikante, en aan die end van 1909 slaag hy daarin om in sy persoonlike hoedanigheid 'n algemene lesblad uit te gee onder die titel "De Timotheus Catechisatie-Rooster voor 1910 van de Gereformeerde Kerk". In die "Voorwoord" skryf ds. Postma: "Reeds enige jaren gebruiken de gemeenten in de Vrystaat een Catechisastie-Rooster opgesteld door een Kommissie van Predikanten. Voor 1910 verschijnt deze rooster in een andere, wij hopen, meer geschikte vorm. De gedachte om de rooster zo in te richten vond bijval, ook bij enige broeders Predikanten in Kaapkolonie en Transvaal. Wij willen hopen, dat dit werk mag blijken een zegen te zijn voor onze jeugd. Deze is onze eerste poging. Met ondervinding en advies van Predikanten en anderen, hopen wij de rooster steeds doelmatiger in te richten." Die Rooster gee die nodige werk op vir elke Sondag van die jaar.[721]

#### 8.2.3.5 Die werksaamhede ten opsigte van 'n Lesrooster van 1910-1923

In die 16e Algemene Synodale Vergadering, 1910,[722] word genotuleer dat die predikant van Bloemfontein[723] die volgende saak behandel: "Zij overwege ook of het niet aan dezelfde Kommissie zal opgedragen worden om te trachten zoveel mogelijk de medewerking van de Kerkeraden te verkrijgen tot 't gebruiken van 'n doelmatig Katechisatie-rooster, waarin de Bijbellessen worden verduidelikt en korteliks toegepast." Die vergadering besluit: "De Synode geve deze zaak ter overweging aan de verschillende Kerkeraden." Hieruit blyk dat "De Timotheus Catechisatie-Rooster van de Gereformeerde Kerk" nog nie algemene byval gevind het nie. Die Sinode wou oor die saak van algemene Lesroosters nie 'n aanbeveling maak nie. Die feit is egter dat dit voorkom of die saak van 'n gesamentlike lesrooster langsamerhand ingeslaan het.

Die 60e Algemene Vergadering in die Kaapprovinsie, 1923,[724] neem die volgende beskrywingspunt van Venterstad ter tafel: "Die Algemene Vergadering besluit en gee uit 'n gemeenskaplike Kategisasie lesblad vir die gemeentes van die Kaapprovinsie." Na bespreking is die volgende voorgestel:

721 Vergelyk Het Kerkblad, 1 Feb., 1 Jul., 1 Nov., 1909 hoe Ds. Postma die saak van 'n katkisasierooster voorgestel het.

722 Handelinge van die 16e Algemene Synodale Vergadering, 7-17 Maart 1910, te Reddersburg, artikel 183.

723 Ds. W. Postma was in daardie stadium die predikant van Bloemfontein (1903-1914).

724 Die 60e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapprovinsie in sitting te Steynsburg, 2 Maart 1923.

[a] "'n Kommissie[725] word benoem om 'n Lesblad op te stel en 'n Konsep Kategisasie-handboek wat voor die volgende Algemene Vergadering sal geleg word."

[b] "'n Kommissie word benoem om 'n leerplan op te trek vir kategeties onderwys en sodoende te kom tot 'n Handboek."

Voorstel [a] word aangeneem met meerderheid van stemme.

Dit beteken dat die Algemene Vergadering 'n studie inwag oor (1) 'n Lesblad en (2) 'n Handboek vir die kategese wat die werk sal behandel wat in die Lesblad opgegee word.

'n Beskrywingspunt van Rustenburg word behandel deur die 64e Algemene Vergadering in Transvaal.[726] Die beskrywingspunt is: "Die Algemene Vergadering benoem 'n kommissie om 'n Lesblad op te stel en sodoende te kom tot 'n Handboek." Van hierdie kommissie se samestelling en werksaamhede word daar verder niks gerapporteer of genotuleer nie. Dit beteken dat niks in verband met die saak gedoen is nie.

### 8.2.3.6 'n Rubriek vir die kategese in Die Kerkblad

'n Volgende belangrike ontwikkeling op die weg na 'n katkisasie-lesrooster is die moontlike instelling van 'n "katkisasie-rubriek" in die Kerkblad waarin 'n aanduiding gegee word van die katkisasiewerk wat voorberei en behandel moet word. Die gedagte was dat dit diens moet doen as 'n soort "Lesblad". Hierdie rubriek begin in Die Kerkblad van 15 Maart 1923 en wel deur inisiatief van die Vrystaatse Kommissie, naamlik ds. I.D. Kruger, ds.C.W.M. du Toit en ds. A.S.E. Yssel, en het maandeliks in die middel van die maand verskyn tot 15 November 1923,[727] toe dit sonder verduideliking gestaak is. Dit sou egter nie die laaste poging wees om so 'n "rubriek" in Die Kerkblad tot stand te bring nie.

Met die uitgawe van die "Timotheus Katkisasie Rooster" is intussen voortgegaan. In Die Kerkblad van 15 November 1923 word opgawes van die gemeentes in die O.V.S. en daarbuite gevra van hoeveelhede lesroosters benodig vir 1924; en weer in Die Kerkblad van 16 September 1924[728] die hoeveelhede lesroosters benodig vir 1925, terwyl br. W. Hovy in dieselfde uitgawe van Die Kerkblad 'n brief geplaas het oor die "Katkisasielesblad", waarop ds. C.W.M. du Toit

725 Ds. D.N. Kotze, ds. H.S. van Jaarsveld, oudl. A.J.B. Deysel

726 64e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Transvaal in sitting te Fordsburg, 20 Januarie 1923 e.v.d.

727 Die Kerkblad, 15 November 1923, jaargang 25, nommer 522, bladsy 16.

728 Die Kerkblad, 16 September 1924, jaargang 25, nommer 541.

van Bloemfontein in die uitgawe van 21 Oktober 1924 antwoord – dit is waarskynlik die begin van 'n nuwe tydperk in verband met die idee van 'n algemene lesblad.

#### 8.2.3.7 Besluit deur die Algemene Vergadering in Transvaal 1924

Die 65e Algemene Vergadering in Transvaal (1924) neem weer die saak in verband met die Lesblad ter tafel.[729] 'n Kommissie van die vergadering het insae gekry in 'n lesblad wat opgestel is deur 'n Kommissie van die Algemene Vergadering van die O.V.S. Dit word as geskik bevind vir gebruik in die Transvaalse Kerke. Die vergadering besluit daarop om nie 'n eie lesrooster op te stel nie, maar veral met die oog op eenvormigheid van die lesrooster van die O.V.S. gebruik te maak sodat Transvaal en die Vrystaat ten minste dieselfde lesrooster gebruik. Die kerke in die OVS wou aanvanklik die saak landswyd aktiveer. Ds. I.D. Kruger skryf aan die Algemene Vergadering Transvaal die volgende brief:

"Weleerw. Voorsitter en Brs
Ingesluit vind u 'n konsepskema wat vir sigself spreek. Die eerw. Alg. Verg. van die OVS het die skema goedgekeur en aan ondergetekende opgedra die stuk ter kennis te bring van beide ander Alg.Verg's. in die verwagting dat als daar ook in die rigting aksie geneem word daar iets goeds vir ons kerk in algemeen uitgebou kan word. Wil u Eerw. Verg. saamwerk of selfstandig organiseer – die vrug daarvan sal blywend wees vir ons kerk in Suid-Afrika."

In behandeling kom die beskrywingspunt van Rustenburg: "Die Algemene Vergadering benoem 'n Kommissie om 'n Lesblad op te stel vir die gebruik in ons gemeentes in Transvaal". Ten opsigte van 'n Katkisasielesblad het die 60e Algemene Vergadering (1923) van die Gereformeerde Kerk in die Kaapprovinsie 'n beskrywingspunt van die Kerkraad van Steynsburg[730] ter tafel geneem:[731] "Die Algemene Vergadering besluit en gee uit 'n gemeenskaplike Kategisasie lesblad vir die gemeentes van die Kaapprovinsie." Die vergadering besluit om die beskrywingspunt te laat oorstaan tot volgende jaar.

#### 8.2.3.8 Die besluit deur die Algemene Vergadering in Transvaal 1924

729 65e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Transvaal in sitting, te Potchefstroom op 19 Januarie 1924.
730 Dr. C.J.H. de Wet was toe die predikant van Steynsburg.
731 Notule van die 60e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapprovinsie in sitting te Steynsburg op 2 Maart 1923 e.v.d. artikel 31.

Met die 65ste Algemene Vergadering in Transvaal (1924) [732] kom die saak van die kategese weer onder die aandag van die afgevaardigdes by wyse van vraag 3 volgens artikel 41 Kerkorde insake die toestand van die kategese in die verskillende gemeentes. Die erns van die saak word diep gevoel. Prof. dr. J.D. du Toit wys op dringende gevare, waarvan nie genoeg besef word nie. Ons skoolonderwys baat nie, dit skaad veeleer. Daarom moet die kerk ontwaak, daar moet sisteem kom in die kerklike onderwys, anders gaan ons onder – nie alleen op stoflike gebied nie, maar ook intellektueel en geestelik.

### 8.2.3.9 'n Volgende poging is onsuksesvol

Die 4ᵉ Partikuliere Sinode Transvaal[733] neem 'n beskrywingspunt in behandeling wat deur Klassis Potchefstroom ingestuur is: "U Kommissie, benoem om te adviseer oor die Katkisasie-roosters, het die eer om soos volg te rapporteer: Dat aangesien die tyd kort is en eenheid eers verkry kan word by die Partikuliere Sinode, hierdie Klassis aanbeveel om Roosters te bestel van die Kalvyn Jubileum Boekefonds. Hierdeur sal 'n stap in die rigting van eenheid bevorder word. Verder, dat die Klassis hierdie saak onder die aandag van die Partikuliere Sinode bring met die oog op eenheid en die wenslikheid uitspreek om 'n kort verklaring in "Die Kerkblad" van die leste te publiseer. Hierdeur sal beide Die Kerkblad en die kinders daaruit baat." Ongelukkig het die Partikuliere Sinode uiteindelik besluit om die saak te laat by die bespreking en niks verder daaraan te doen nie.

### 8.2.3.10 Rapport voor die 24e Sinodale Vergadering 1933

Die saak van 'n algemene lesblad vir die kategese sou eers in die jare 1932-1936 ernstige aandag geniet. Ten opsigte van die Lesblad vir Katkisasie word die volgende rapport in die Sinode gelewer:[734]

*Opdrag*: Deeglike bespreking van die saak van die lesblad om 'n vaste grondslag te kry vir 'n algemeen bruikbare lesblad.

*Bevinding*: Daar bestaan verskillende tipes lesblaaie, wat almal min of meer dieselfde uitgangspunt het, n.l. die skema soos goedgekeur deur die Sinode van 1927, en min of meer dieselfde boekies gebruik.

---

732 Notule van die 65e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Transvaal in sitting, te Potchefstroom op 9 Januarie 1924 e.v.d.

733 Notule van die 4e Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerk in Transvaal in sitting, te Middelburg op 19 Januarie 1929 e.v.d., artikel 47.

734 Handelinge 24e Sinodale Vergadering 1933

*Advies*: 'n Kommissie word benoem om 'n studie te maak van die verskillende tipes om een algemene lesblad daaruit af te lei.
In die Kerkblad word ruimte gevra vir toeligting en leiding in verband met die algemene lesblad."

Die eerste Provinsiale Sinode van Transvaal[735] het 'n beskrywingspunt van die Kerkraad van Heidelberg ter tafel gehad waarin daar praktiese raad gevra word: "Hoe te handel met idiote met die oog op die aflê van Belydenis van Geloof." Die Sinode oordeel dat so 'n saak heeltemal oorgelaat moet word aan die oordeel van die betrokke kerkraad. Twee ander beskrywingspunte insake kategese van die Klassis Rustenburg (Kerkraad van Waterberg) en die Kerkraad van "Die Moot" word ook bespreek.[736] Die Klassis Rustenburg wys op die wenslikheid om in die gemeentes wat onder dieselfde Klassis resorteer één lesblad vir die katkisasie te kry. Die doel is om eenvormigheid in ons Kategetiese onderwys te kry. Die tweede besprekingspunt verskuif die klem en vra dat daar meer eenstemmigheid verkry sal word deur dieselfde leerboekies vir die katkisasie te hê. Die bedoeling van die beskrywingspunte is dat daar 'n meer doelmatige rooster vir die katkisasie verkry kan word en dat daar ook eenheid in leerboeke vir die katkisasie sal wees en dat daar tog verskeidenheid in die rooster sal wees met die oog op die verskillende eise in die gemeentes. Ten opsigte van die lesrooster besluit die Sinode dat dit oorgelaat word aan elke kerkraad om te goeder trou oor die saak te handel volgens plaaslike omstandighede. Daarmee kom die Sinode in lyn met die Algemene Vergadering van 13 Februarie 1896 dat elke gemeente verantwoordelik is vir hulle eie lesrooster. Wat die leerboekies betref, moet gewag word tot die rapport oor katkisasie met die volgende Nasionale Sinode.

In Die Kerkblad van 16 September 1931[737] word bekendgemaak dat die Kalvyn Jubileum Boekefonds die nuwe Katkisasielesrooster beskikbaar gestel het vir bestelling vir 1932. 'n Resensie van die Lesblad deur prof. dr. J.A. du Plessis verskyn in Die Kerkblad van 17 Februarie 1932.[738] Omdat die datums van die lesrooster inskakel by die datums van die skoolkwartale en vakansies oordeel prof. dr. J.A. du Plessis "ons moet waak dat die sekulêre skool nie te veel inbreuk maak op die kerk nie". Hy is van oordeel dat dit beter is om vir elke Sondag in die jaar lesse te gee en dat dit dan elke kerkraad se besluit is wanneer die lesse ophou. Die kinders het tog nie 12 weke vakansie nodig nie en al is die skole gesluit, kan op die meeste plekke die

735 Notule van die 1e Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Transvaal in sitting, te Middelburg op 16 Januarie 1926, artikel 63.
736 Notule van die 1e Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Transvaal in sitting, te Middelburg op 16 Januarie 1926, artikel 64.
737 Die Kerkblad, 16 September 1931, jaargang 32, nommer 702, bladsy 274.
738 Die Kerkblad, 17 Februarie 1932, jaargang 32, nommer 711, bladsy 521.

katkisasies nog deurgaan en ook die huiskatkisasie kan gehou word. Prof. dr. J.A. du Plessis het kritiek daarop dat vir Klas IV Kategimus én Kerkgeskiedenis voorgeskryf is en dat hulle op die lesrooster afgewissel word. Die afwisseling en die vakansies bring mee dat daar net 24 lesse beskikbaar is vir die Kategismus. Hy is van oordeel dat die Kategismus elke week behandel moet word en nie afgewissel moet word met Kerkgeskiedenis nie. Die hoofsaak is die onderwys in die leer. Prof. dr. J.A. du Plessis stel verder voor dat die Psalmvers uit Klas IV geneem word en reeds by Klas I begin word met kort versies. Klas V is die voorbereidende klas vir Belydenis van die geloof. Dan moet die kinders klaar hê met Bybelgeskiedenis en kan die vak gevolglik ondervang word deur 'n inleiding op die Bybel. Uit alles blyk dat dit nodig is om meer erns te maak met Klas V en dat daarom die werk nie op 'n Sondag afgejaag moet word nie maar dat 'n gedeelte of die geheel in die week geneem moet word. Weekkatkisasies moet reël word in ons kerk. Hy sluit af: "Hierdie Katkisasie-lesblad waaraan die samestellers moeite bestee het moet so langsamerhand word die rooster vir ons gemeentes en daarom sal welwillende kritiek oor sy inhoud seker nie ten kwade gedui kan word nie. Ons moet alle koppe saamsteek by die katkisasiewerk omdat deeglike katkisasiewerk die lewe en die groei van die kerk bevorder."

Br. Hennie Venter van Blouberg, Gobabis, S.W.A. reageer op prof. dr. J.A. du Plessis se resensie.[739] Hy skryf: "Ek kan nie anders as oortuig voel dat as ons nie vir ons Kerkgeskiedenis op ons katkisasie-roosters plek het nie, ons dan ons kerk baie skade aandoen. Baie van die onkunde, yskoue gevoelloosheid teenoor ons kerk, ons Belydenis, ons predikante, (selfs nogal in Geref. huisgesinne) spruit daaruit voort dat talle Geref. lidmate van ons kerk, van sy ontstaan en sy pragtige, skone geskiedenis niks of byna niks weet nie, en die katkisasie is die plek waar hierdie kennis moet aangemoedig word." Venter het dit ook teen die vakansiesondae waartydens daar nie katkisasie is nie: "As ons met Katkisasies gaan vakansie neem, gaan dit later ongetwyfeld met ons kerkdienste dieselfde gebeur." Hy vervolg: "Ek hoop van harte dat ons op a.s. jaar se lesblad weer al ons 52 Sondae sal terug kry en dat vir ons Kerkgeskiedenis ook weer plek sal gemaak word."

In Die Kerkblad van 1 November 1933[740] gee ds. J.V. Coetzee (Potchefstroom) as skriba van die Katkisasiedeputate nadere informasie rakende die nuwe katkisasie-lesblad.

(a) Die katkisasie-lesblad vir 1934 sal 'n vaste lesblad wees wat nie elke jaar wissel nie. Kerkrade sal nie nodig hê om jaar vir jaar lesblaaie aan te koop nie. By die lesse word ook

[739] Die Kerkblad, 6 April 1932, jaargang 33, nommer 714, bladsy 21.
[740] Die Kerkblad, 1 November 1933, jaargang 34, nommer 751, bladsy 867.

nie datums bygevoeg nie. Daar word 40 katkisasie-sondae opgegee en die kerkrade reël self watter lesse gedurende elke skoolkwartaal geleer moet word. Die ander Sondae word gebruik vir herhaling van werk.

(b) Die katkisasie-lesblad gee die lesse aan vir 'n 8 jarige kursus. Dit gee klasindelings. Maar onderwysers kan ook hulle eie klasindelings maak en dan besluit watter kolom van lesse hulle klasse moet leer.

(c) Leerboeke wat gebruik word, is die Bybel, psalmboek, die kategismusvraeboek uitgegee deur Kalvyn Jubileum Boekefonds en Kerkgeskiedenis. As 'n onderwyser en die leerlinge 'n verklaring van die kategismus wil gebruik, kan hulle die kort verklarings van ds. J.G.H. van der Walt[741] of dié van ds. J.H. Boneschans[742] aanskaf

(d) Van tyd tot tyd sal daar in Die Kerkblad voorligting gegee word oor die lesblad en die lesse.

Die Sinodale Vergadering besluit "dat die advies aangeneem word met die wysiging dat die bestaande kommissie vir Katkisasieboeke nie gekontinueer word nie maar dat die deputate oor die Katkisasies en Lesblaaie sal wees: Uit die K.P.: ds. D.G. Venter (Konvenor.). Uit die O.V.S.: ds. D.P. du Plessis. Uit die Transvaal: ds. J.V. Coetzee. prof. dr. J. Chr. Coetzee en dr. M.J. Coetzee". Die Sinode het die rapport aangeneem. In Die Kerkblad van 15 November 1933 kon die sekretaris daarvan, ds. J.V. Coetzee, meedeel dat 'n vaste lesblad wat nie elke jaar wissel nie en wat voorsiening maak vir 40 Sondae eersdaags uitgegee sou word,
dat die lesblad die lesse aangee vir 'n 8-jarige kursus met klasindelings,
dat as leerboeke aanbeveel word: die Bybel, die Psalmboek, die twee Kategismus-vraeboekies en die Kategismus self, met ds. J.G.H. van der Walt of ds. J.H. Boneschans se verklaring daarvan, en dat van tyd tot tyd in Die Kerkblad voorligting gegee sou word oor die lesblad en die lesse.

In Die Kerkblad van 6 Desember 1933 en 7 Februarie 1934 het prof. dr. J.A. du Plessis die aangekondigde en in 1934 reeds verskene "Katkisasielesblad vir gebruik in Gereformeerde Gemeentes" krities bespreek. Aan die end van 1936 is 'n tweede gewysigde oplaag van die lesblad uitgegee, maar daarmee het die uitgawe, soos ons later sal sien, ook weer sy tyd uitgedien en na 'n paar jaar is dit uitverkoop en nie weer herdruk nie. Die 25e Sinodale Vergadering[743] - "Dat voortgegaan moet word met die uitgawe van 'n algemene Katkisasielesblad soos volg ingerig:

---

741 Ds. J.G.H. van der Walt: "Verklaring van die Heidelbergse Kategismus vir Katkisasie".

742 Ds. J.H. Boneschans ,1927. Vrae en Antwoorde uit die Heidelbergse Kategismus, met kort verhandeling vooraf van die Drie Formuliere van Enigheid.

743 Handelinge 25e Sinodale Vergadering 1936.

Volgens die besluit van die 22e Sinode moet daar vier afdelings wees, dat vir elke afdeling 'n tweejarige kursus opgestel word, ook met die oog daarop dat, waar groot klasse is, daar 'n onderverdeling van die klasse kan wees, terwyl kleinere gemeentes hul kinders in drie of meer klasse kan verdeel, en by die 4e afdeling, nl. in die Belydenisklasse, die lesskema in die proefuitgawe omgewerk word en onderrigleer bepaal word by sekere handboeke.[744] Insake die *algemene Lesblad* rapporteer die deputate dat vir die derde jaar die lesblad gereed gemaak word. Die belangstelling en samewerking het alle verwagting oortref. Die 28e Sinodale Vergadering, 24 Januarie 1945 e.v.d, te Potchefstroom – *Lesblad:* Met blydskap rapporteer die Kommissie dat die Lesblad elke jaar uitgegee is.

### 8.2.3.11 Die ontwikkeling van 'n lesrooster in die jare 1932 tot 1936

Prof. dr. J. Chris Coetzee[745] skryf dat die saak in verband met die lesblad van 1924 tot 1932 ietwat op die agtergrond geskuif is en dat die aksie in verband daarmee opnuut geskied het van 1932 tot 1936.

Die 73e Algemene Vergadering OVS (1936)[746] aanvaar die volgende beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein[747]: “Die Kerkraad versoek die Algemene Vergadering om by ons eerskomende Generale Sinode aan te dring om oor te gaan tot die uitgawe van 'n weeklikse Katkisasieblad, - so nie, dan toe te sien, dat die weeklikse Katkisasielesse elders behoorlik verklaar word ten geriewe van Katkiseermeesters.” Die katkisasiedeputate van die Sinodale Vergadering rapporteer **op die 25e Sinodale Vergadering (1936):**[748]

#### 8.2.3.11.1 'n Algemene Katkisasie lesblad

In opdrag van die 24e Sinodale Vergadering van 1933 is 'n lesblad gepubliseer. Hierdie uitgawe was 'n proefuitgawe vir 'n permanente lesblad, dit wil sê 'n lesblad wat oor jare gebruik kan word. Dit sal dus nie nodig wees vir kerkrade om elke jaar lesroosters aan te koop nie. Die

---

744 Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering, artikel 154, bladsy 172. Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering 1942, artikel 48, bladsy 29.

745 Prof. dr. J. Chris Coetzee: Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys. 1943. Nasionale Pers. bladsy 113.

746 Notule van die 73e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. in sitting te Koffiefontein op 15 Januarie 1936 e.v.d., artikel 79.

747 Ds. I.D. Kruger was toe predikant van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein.

748 Handelinge van die 25e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bethulie, O.V.S., Donderdag, 5 Maart, 1936 e.v.d., artikel 144. bladsy 158.

lesblad het uit vier afdelings bestaan. Vir elke afdeling is 'n tweejarige kursus opgestel met die oog daarop dat, waar daar groot klasse is, 'n onderverdeling van die klasse gemaak kan word, terwyl kleinere gemeentes hulle kinders in drie of meer klasse kan verdeel. By die vierde afdeling, nl. vir die Belydenisklasse, is die proefuitgawe omgewerk tot 'n lesse-skema wat rekening hou met die handboeke wat gebruik word.

### 8.2.3.11.2 Katkisasierubriek in "Die Kerkblad"

Die Sinode neem kennis dat daar eenmaal per kwartaal 'n "voorligting"-rubriek in Die Kerkblad geplaas sal word ten opsigte van die katkisasie. Van 1 Julie 1936[749] tot 18 Junie 1943[750] het ds. D.G. Venter 'n rubriek in elke Kerkblad geplaas onder die opskrif: "Oor die Katkisasie". In die eerste aflewering verwys ds. Venter na 'n besluit van die Algemene Sinode van 1933, wat reeds 'n behoefte geïdentifiseer het aan voorligting in Die Kerkblad vir die katkisante behoort te wees ten opsigte van die katkisasie en die werk wat daar gedoen moet word. By die redaksie van Die Kerkblad is toe aanbeveel om ruimte daarvoor af te staan. Tot en met die Algemene Sinode van 1936 is hierdie opdrag nog nie uitgevoer nie. Dit word weer aan die Katkisasiedeputate opgedra; derhalwe verskyn die eerste rubriek van "Oor die Katkisasie" in Die Kerkblad van 1 Julie 1936. In Die Kerkblad van 18 Junie 1943 skryf ds. Venter dat, omdat die toeligting op die Katkisasielesse weens die skaarste aan papier so kort is, en dit blykbaar nie veel waarde het nie, dit nie meer in Die Kerkblad sal verskyn nie. Kerkrade en katkisasie-onderwysers word verwys na die predikante van Bloemfontein p/a dr. J.P. Jooste, Reitzstraat 143, Bloemfontein. Dié predikante sal afdrukke van Toeligting op die Bybellesse en Kategismus kan gee. Daar is geoordeel dat dit 'n praktiese manier is om aan die versoeke te voldoen.

### 8.2.3.12 Rapport kommissie van pre-advies 1936

Ten opsigte van die Katkisasie-Lesblad en –Boeke word deur die kommissie van pre-advies aan die 26e Sinodale Vergadering (1939) gerapporteer:[751]

---

749 Die Kerkblad, 1 Julie 1936, jaargang 63, nommer 811, bladsy 15.

750 Die Kerkblad, 18 Junie 1943, jaargang 46, nommer 971, bladsy 3.

751 Handelinge van die 26e Sinodale vergadering (1939) van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bloemfontein op Woensdag 23 Maart 1939 e.v.d., artikel 154 bladsy 172. Vergelyk ook die notule van die Deputate vir Katkisasie-aangeleenthede, 29 Junie 1939 en ook Die Kerkblad, 2 Augustus 1939, jaargang 64, nommer 882, bladsy 13. Dié rapport dien ook voor die 26e Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bloemfontein op Woensdag 23 Maart 1939 e.v.d. Handelinge, artikel 65:54
Bylaag 1. PRE-ADVIES OOR KATKISASIE-ORGANISASIE IN ONS KERK
Ondergetekendes as kommissie daartoe benoem op die Algemene Vergadering te Theunissen in 1937, wens hiermee die volgende te rapporteer en voor te stel omtrent die aanstelling van "'n Spesiale-organisator vir ons hele kerk" volgens die beskrywingspunt van Kerkraad Bloemfontein:-

Aan die opdrag van die Sinode is voldoen om 'n algemene *Katkisasie-Lesblad* uit te gee met inagneming van die wense en besluite van die laaste Sinode, wat ook ooreenkom met derglike besluite van die Sinodes vanaf die jaar 1924. 'n Getal van 10,000 eksemplare is gedruk teen 'n koste van £75 waarvan in November 1937 slegs 2,864 bestel en verkoop is. Die kommissie rapporteer dat die ontvangs van die teenswoordige lesblad so moedbenemend isdat die vraag gestel mag word: Sal ons voortgaan op die ingeslane weg? Ernstige verskynsels van latere kritiek

---

1. Van die wenslikheid, ja, dringende noodsaaklikheid vir meer en deegliker bearbeiding van ons Gereformeerde jeug is ons oortuig. Daar is helaas 'n bedroewende gebrek aan belangstelling en ywer ten opsigte van die ewige heil van die kerklike kinderwêreld. Ondanks die goeie poging om nog die katkisasie in die Kerk aan die gang te hou, moet ons die gegronde vrees uitspreek dat Huiskatkisasie so te sê mors dood is in ons tyd. Van die Goewermentskool, soos ons weet, is ook geen verwagting vir Verbondsonderwys en geen hulp vir die kerk nie. Bowendien is ons nog verdeeld om 'n eenvormige katkisasie wese en leerplan vir ons hele kerk in werking te kry. Aan die ander kant word opgemerk 'n lewendige belangstelling, eendrag en offervaardigheid in belang van die kind, onderwêreldse kringe – Ons moet hier ook sien "dat die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as kinders van die lig" soos onse Heiland en kerklike Meester gewaarsku het in Lukas 16:8. Ons vestig maar net die aandag op allerlei jeugbewegings in ons, veral op maatskaplike gebied. Met die mag van Mammon en sy vleeslike aankloksels en vermake word georganiseer om die jonges te vang, wetende dat die kind van vandag is die toekoms van die wêreld. Die stryd van Christus se kerk word altyd moeiliker omdat die vyand sy aanval maak op Sions kinders – moeiliker teenoor die rewolusionêre wêreldontwikkeling en die vrugte daarvan, naamlik ongeloof, afval en kerkloosheid en kerklosheid. En die Christelike jeug wat van alles af weet en op hoogte is van hul tyd word al hoe armer omdat die een ding wat nodig is ontbreek en hulle vreemd word teenoor hul kerklike belydenis. Die kerk kan alleen profyt trek van sy werk as van sy Evangeliesaad op die akker van die kindersiel val en daar vrugte dra. Alleen dan geniet die prediker ook die beste gehoor want die gemeente waarmee hy te doen het is 'n wedergebore Gemeente wat deeglik gekatkiseer is van die jonkheid af aan. Ons sê dus nogmaals dat die sielsnood roep om 'n verbeterde katkisasie wese in die kerk, huis en skool. Die kerk moet ontwaak en let op die drievoudige vraag van Jesus tot die bekeerde Petrus: Het jy my lief? – en die eerste gehoorsaamheid wat die Meester verwag is: Laat My lammers wei! Joh. 21:15.
2. Wat behoort dan gedoen te word om die Heiland se lammers geestelik te wei? Hierdie weiding eis goeie aanloklike weiveld, en goeie sorg en organisasie om die kudde bymekaar te hou. U kommissie het gedink om die volgende aan die hand te gee terwyl hy na rype beraad nog nie bereid is om dadelik 'n algemene Kerklike organisator aan te beveel nie. Die redes daarvoor word by die einde van ons rapport in kort aangegee. Ons meen dat ons bestaande Gereformeerde Kerkstelsel hom goed leen vir die doeltreffende katkisasie en organisasie.
   Ten eerste het die kerk nodig deuglike kategete wat die kennis, opleiding en liefde het vir die werk. Dis dus wenslik dat vir aanstaande Predikante in die kursus van Kategese veral die metodiek daarvan hoër eise gestel word.
   Die opleiding van kerklike katkisasiemeesters, as van hulp vir die leraars moet kragtig ter hand geneem word deur byvoorbeeld stigting van 'n Katkisasiemeesters-Eksamen onder die Generale Sinode. Sterke aanmoediging moet uitgaan om ons bekwamer en ontwikkelde lidmate daaraan te laat deelneem b.b. deur pryse, diplomas of beurse uit te loof aan bes geslaagde kandidate. 'n Eksamenfonds is nodig vir sodanig organisasie. Die vraag is van belang of kerkrade nie ook 'n vergoeding kan gee aan sulke Katkisasiemeesters wat in hulle diens staan.
   Plaaslike organisasie: In elke Gemeente onder leiding van die predikant en sy kerkraad. Wykskatkisasie in samewerking met die sentrale katkisasie op die dorp is goed, en een of meer feestelike samekomste jaarliks in samewerking met die gemeente.
   Verder meen ons dat die verslae van die klassis (Algemene Vergadering), omtrent katkisasie moet meer uitgebrei wees. Kerklike Visitatore moet 'n bepaalde opdrag kry omtrent katkisasie in die gemeentes wat hulle besoek – hulle kan die werk verdeel in die kringe van gemeentes wat onder hulle ressort is.
   Die Kerkblad moet 'n middel bly van toeligting oor katkisasie en die metodes daarvan. Katkisasie Lektuur vir Kategete en Katkisasiemeesters ook met die oog op ons tyd moet ook 'n plek kry in die Kerkblad.
   Eindelik moet die na-katkisasie meer aandag geniet deurdat die kerk saamleef en help met die Gereformeerde jeugverenigings in ons land.
3. Met betrekking tot die daarstelling van 'n algemene katkisasie-Organisator vir ons kerk meen ons dat veral praktiese besware om die weg lê vir die uitvoering daarvan. Ten eerste sal daar 'n man moet losgemaak word van sy gemeente of 'n spesiale Predikant vir die doel opgelei en aangestel word en besoldig word deur die kerk. Verder is die uitgestrektheid van die Unie van Suid-Afrika so groot dat een arbeider vir die doel nie genoeg sal wees nie. Sal dit moontlik wees met die toenemende skaarste aan arbeiders? Sodanige "ampte" sal seker ook goed moet omskryf word om in te pas in ons Gereformeerde Kerkgebruike en Kerkorde.
   As U Eerwaarde eens is met ons beskouing wil ons U vra om die rapport aanhangig te maak by die aanstaande Generale Sinode insover daar punte of sake is wat die algemene Kerk se belang en samewerking raak.
   Met meeste hoogagting U dienswillige dienare in Christus. D.P. du Plessis

of selfs onwil om saam te werk het kennelik openbaar geword. Die kommissie was genoodsaak om 'n ernstige skrywe aan al die meerdere vergaderings van die provinsies te rig en het gewys op onbillike optrede van sekere klassisse waar kritiek uitgeoefen is op hierdie Sinodale lesblad selfs voordat dit sy verskyning gemaak het. Dit ondanks die feit dat almal eenparig was oor sodanige lesblad op die laaste Sinode. Die beskrywingspunte van die Oostelike en Westelike Klassisse, en Kaapland se beskrywingspunt word aanvaar, naamlik dat jaarliks eenvoudige lesblaaie uitgegee sal word met datums wat aansluit by die skoolkalenders van die verskillende provinsies. By die opstelling van die lesblaaie moet sover moontlik rekening gehou word met die gang, indeling ens. van die reeds opgestelde rooster. Van hierdie optrede word kennisgeneem ondanks die feit dat almal op die laaste Sinode eenparig was oor sodanige lesblad.[752]

*Die Kerkblad* moet 'n middel bly van toeligting oor katkisasie en die metodes daarvan. Wat *voorligting* in die Katkisasie-rubriek in Die Kerkblad betref, spreek die kommissie sy waardering uit oor die algemene goeie wenke wat van tyd tot tyd daarin gegee is ten opsigte van die eise in die huidige tydsgewrig – 'n kinderafdeling wat só ingerig is dat dit aantreklik is vir die kind en waarin katkisasielesse behandel kan word. Die kommissie vestig die Sinode se aandag op die feit dat daar heelwat praktiese moeilikhede bestaan om te voldoen aan die eis om in daardie kolomme die lesse wat aan die orde is, op sy tyd te behandel by gebrek, onder andere, aan ruimte en ook aan kennis as alle gemeentes gelyktydig dieselfde lesse behandel. Ongetwyfeld staan die "datumkwessie" van die lesblad hier ook in die weg.

### 8.2.3.13 Uitvoering van die Sinodebesluite 1939

Die Deputate vir Katkisasie-aangeleenthede besluit soos volg:[753]

- Daar is ooreengekom om die *wandkaartvorm* aan te neem en nie weer die boekvorm nie.
- Die lesblad sal nou op harde papier gedruk word sodat die lesblad aan die muur gehang kan word.
- Die lesopgawe kom dan in verskillende kolomme, elkeen onder 'n eie hoof. Die eerste kolom sal die datums van die Sondae aandui, en vir elke provinsie sal dit so ingerig word dat die Sondae, wat in die vakansie val, weggelaat word.
- Dus vir elke provinsie kom daar 'n afsonderlike lesblad.

752 Vergelyk Handelinge van die 26e Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bloemfontein op Woensdag 23 Maart 1939 e.v.d., artikel 144, bladsy 158-161.

753 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 29 Junie 1939, te Middelburg. Vergelyk ook Die Kerkblad, 2 Augustus 1939, jaargang 64, nommer 882, bladsy 13.

- Die leerstof sal in elke geval vir al drie die provinsies dieselfde bly. Dit sal dus 'n baie eenvoudige lesblad wees, vir een jaar en wel met die een jaar se bepaalde datums daarby. Die lesopgawe sal ook ligter gemaak word.

Ter wille van ouers wat hulle kinders by die voorbereiding moet help, sal die lesblad in twee hoofdele verdeel word. Die eerste deel sal 'n lesopgawe bevat vir die *gewone katkisasiewerk*, terwyl die tweede deel 'n lesopgawe sal bevat vir die *Belydenisklas*. Hierdie lesopgawe word dan so ingerig dat die kind volgens die konsentriese metode, in vyf of ses jaar goed voorberei is vir die Belydenisklas, waarvoor die opgawe só gemaak word dat die Belydenisklas in twee jaar deur al die nodige werk kom. Van die belydenisklas word verwag om die Bybelse Geskiedenisboek van dr. P.J.S. de Klerk te gebruik, en wel met die oog op die Sinodale Besluit 1927.[754]

Vir alle klasse sal die Bybellesse dieselfde wees, met die uitsondering van die belydenisklas. Twee kwartale uit die Ou Testament en twee kwartale uit die Nuwe Testament. Alles word uit die Bybel self behandel. Versies om te leer kom hoofsaaklik uit die Berymings, afgewissel met Skrifgedeeltes uit die Bybel.

Op Klassis Rustenburg[755] van 21 Oktober 1939 rapporteer deputate van die klassis oor die katkisasiewese. Hulle maak egter gebruik van die rapport van die vorige Nasionale Sinode.[756]
Die kommissie beveel by die klassis aan:
Die kerk het deeglike *kategete* nodig wat die kennis, opleiding en liefde het vir die werk. Dis dus wenslik dat vir die a.s. predikante in die kategese veral in die metodiek daarvan, hoër eise gestel word. Ds. D.G. Venter skryf in Die Kerkblad, 8 Desember 1939,[757] dat die nuwe vereenvoudigde katkisasielesblad vir een jaar met datums klaar gedruk is. Daar is geen tyd, geen moeite, geen koste gespaar om dit so in te rig dat dit beantwoord aan die doel nie. Die Katkisasiedeputate het voldoen aan die versoek van sommige uit die Transvaal om lesse ook vir die vakansietyd in te voeg. Die lesblaaie is mooi op karton gedruk en sal nie baie kos nie. Ten opsigte van die voorligting wat sedert 1936 in Die Kerkblad verskyn, moet in die oog gehou word:[758] dat die ruimte in Die Kerkblad beperk is; dat ons hier ook nog weer ons weg moet voel en vind; dat die toeligting bedoel is vir diegene wat katkisasie hou, nl. die onderwyser; dat die toeligting só gegee

754 Handelinge van die 21e Sinode, 1927, artikel 29, bladsy 16 en artikel 70, bladsy 28.
755 Soos gerapporteer in Die Kerkblad van 17 November 1939, jaargang 64, nommer 888, bladsy 12.
756 Handelinge van die 26e Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen te Bloemfontein op Woensdag 23 Maart 1939 e.v.d. Handelinge, artikel 154, bladsy 172. Vergelyk ook die notule van die Deputate vir Katkisasie-aangeleenthede, 29 Junie 1939 en ook Die Kerkblad, 2 Augustus 1939, jaargang 64, nommer 882, bladsy 13.
757 Die Kerkblad, 8 Desember 1939, jaargang 42, nommer 890, bladsy 19.
758 Die Kerkblad, 8 Desember 1939, jaargang 42, nommer 890, bladsy 21.

word dat dit tot in die hoogste klasse gebruik kan word. Die onderwyser vir die laere klasse moet hierdie toeligting juis gebruik om helder te wees en die lesse vir die kleinspan op 'n **bevatlike manier** aan te bied.

In Die Kerkblad[759] word berig dat die Klassis Pretoria besluit het om vir 1941 die Sinodale lesblad te gebruik. Heelwat aanbevelings word voorgestel en 'n kommissie benoem wat die volgende vergadering met aanbevelings sal adviseer. Die kommissie bestaan uit ds. J.M. de Wet, ds. L.S. van der Walt, dr. P.J.S. de Klerk.

### 8.2.3.14 Rapport aan die 8^e^ Partikuliere Sinode van die Kaapprovinsie 30 Oktober 1941[760]

Die vergadering neem van twee sake kennis:

1. Daar word bekendgemaak dat die handleiding vir die Kerkgeskiedenis vir die kinders binnekort beskikbaar sal wees.
2. Ds. D.G. Venter maak bekend dat die vraag na die Katkisasie Lesrooster toegeneem het.

Insake die *algemene Lesblad* word gerapporteer dat die lesblad vir die derde jaar gereedgemaak word. Die belangstelling en samewerking het alle verwagting oortref. In 1940 is sowat 7 000, in 1941 sowat 9 000 verkoop, terwyl met redelikheid verwag kan word dat in 1942 ruim 'n 10 000 verkoop sal word. Uit 'n geldelike standpunt gesien, mag verklaar word dat dit 'n sukses was tot hiertoe. Gedurende die jaar 1941 het gemeentes hul verpligtinge veel beter nagekom as die vorige jaar. Kerkrade en predikante, asook katkisasiemeesters, het die dank van die kerk verdien. Bo alles sy God gedank.

Die moontlike *rubriek vir toeligting* van die lesbladopgawe in Die Kerkblad sal vanaf die helfte van 1940 nie kan deurgaan nie weens die oorlogsomstandighede en die gevolglike papierskaarste. Die stukke wat handel oor die geskiedenis van die katkisasies wat deur prof. dr. J. Chr. Coetzee geskryf is, saam met prof. dr. J.M. de Wet, het wel verskyn, nl. *Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys. 1943. Nasionale Pers Bpk.*

---

759 Die Kerkblad, 18 Oktober 1940, jaargang 43, nommer 910, bladsy 15.

760 Notule van die 8^e^ Partikuliere Sinode van die Kaapprovinsie 30 Oktober 1941, te Burgersdorp. Artikel 21, Vraag III, Artikel 41 Kerkorde.

In die notuleboek van die Katkisasiedeputate ontbreek die notules van 1941. In 1942[761] besluit die deputate insake die lesblad: "I/s Lesblad. Voorgestel om die skema vir die driejarige bybelleskursus soos deur die vorige deputaatskap opgestel[762] vir die jare 1943 en 1944 goed te keur. Ds. D.G. Venter sal sorg vir die opstel van die lesblad, saam met ds. Spoelstra."

### 8.2.3.15 Notule van die 81e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in die O.V.S. en Natal in vergadering byeen te Kroonstad 2 Maart 1944 e.v.d.

Die twee Bloemfonteinse predikante, ds. I.D. Kruger en dr. J.P. Jooste, rapporteer insake Katkisasie-voorligting vir die leerkragte.

Hoewel baie struikelblokke oorkom moes word, het die voorligting vir die leerkragte tog gereeld gedurende 1943 verskyn. Gaandeweg het die aantal kerkrade wat daarvoor ingeteken het, aangegroei, sodat dit teen die eindevan 1943 gereeld aan elf kerkrade en 'n paar enkelinge gestuur is en aan die begin van 1944 het nog 'n paar kerkrade bygekom. "U deputate is van mening dat daar 'n groot behoefte aan sodanige voorligting bestaan, daarom het die kerkrade van Bloemfontein weer hierdie jaar daarmee begin. Ingeval die eerwaarde vergadering egter ook van oordeel is dat dit voortgesit moet word, sal dit seker goed wees om te oorweeg of die uitgawe daarvan nie aan die Jeugdeputate van die O.V.S. opgedra moet word nie. Die Kerkrade sal intussen egter met die uitgawe voortgaan soos in die verlede. Die Algemene Vergadering neem die rapport met dank aan en die deputate word herbenoem om verder met die voorligting voort te gaan."

### 8.2.3.16 Lesrooster verskyn jaarliks

Die inleiding by die lesrooster is 'n verduideliking en 'n aanduiding van die metode wat gevolg word. Dan volg:
Lesse vir die Voorskoolse kind.
Lesse vir klas I.
Lesse vir klas II.
Wat die **Bybel** betref, moet die kind een hoofstuk lees en die ander moet die ouers of onderwyser lees en meedeel.

---

761 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 9 Julie 1942, te Potchefstroom, artikel 5.
762 Waarvan daar geen notule bestaan nie.

Wat die **Kategismus** betref, word aan die hand gedoen dat vir sommige Sondae meer as een vraag gegee word om so te kan kom tot 'n geskikte afsluitingspunt aan die einde van die jaar. Dr. Bingle sal die Lesblad persklaar maak.

Die lesblad is jaarliks uitgegee. Op enkele uitsonderings na word die sinodale lesblad algemeen deur ons gemeentes gebruik. Die volgende klasindeling is gevolg:

Voorskoolse kind.

Klas 1 6 tot 8 jaar.

Klas 2 9 tot 11 jaar.

Klas 3 12 tot 14 jaar.

Klas 4 15 tot 17 jaar.

Die Partikuliere Sinode Transvaal[763] behandel 'n beskrywingspunt wat deur Klassis Potchefstroom ingestuur is: "U Kommissie, benoem om te adviseer oor die Katkisasie-roosters, het die eer om soos volg te rapporteer: Dat aangesien die tyd kort is en eenheid eers verkry kan word by die Partikuliere Sinode, hierdie Klassis aanbeveel om Roosters te bestel van die Kalvyn Jubileum Boekefonds. Hierdeur sal 'n stap in die rigting van eenheid bevorder word. Verder, dat die Klassis hierdie saak onder die aandag van die Partikuliere Sinode bring met die oog op eenheid en die wenslikheid uitspreek om 'n kort verklaring in 'Die Kerkblad' van die lesse telkens te publiseer. Hierdeur sal beide Kerkblad en die kinders gebaat word." Ongelukkig het die Partikuliere Sinode besluit om die saak te laat by die bespreking.

### 8.2.3.17 Kategese en meerdere vergaderings

Die saak van die kategese het gereeld op die meerdere vergaderings ter tafel gekom. Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapprovinsie[764] het met die gemeenteverslae volgens Artikel 41 Kerkorde oor die saak van die kategese gehandel. Na aanleiding van vraag 3 insake katkisasie volg 'n breë bespreking. In sommige gemeentes heers slapheid in die katkisasie-arbeid: Gevoel word egter die grote, gewig en belangrikheid van deeglike katkisasie in die gemeentes.

Die besluit van die Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S word gelees waarin o.a. waardering uitgespreek word ten opsigte van die verbeteringe wat in die lesblad 1947, veral oor die indeling van die werksaamhede oor drie jaar, en dat aan die voorskoolse kind

763 Notule van die 4e Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Kerk in Transvaal in sitting, te Middelburg op 19 Januarie 1929 e.v.d., artikel 47.

764 Notule van die 62e Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie in sitting te Barkly-Oos op 5 Maart 1925 e.v.d., artikel 11.

gedink is. Kritiek word uitgespreek dat die lesse vir Klas IV te moeilik is en te veel buite die Skrif lê. Daar word aanbeveel dat, totdat die Jeugblad verskyn, Klas IV, die Bybelgeskiedenis van Klas III sal leer. Na deeglike bespreking van moontlike verbeteringe in verband met die lesblad vir 1948 word aan dr. Bingle opgedra om die lesblad vir 1948 op te stel.

Aan die Sinodale Vergadering van 1949[765] rapporteer die Deputate dat die katkisasie-lesblad elke jaar uitgegee is. Op enkele uitsonderings na word die sinodale lesblad algemeen deur die gemeentes gebruik.

### 8.2.4 Katkisasieleermeesters[766]

#### 8.2.4.1 Die enigste kategeet

Kategese is kerklike diens aan die verbondskinders deur middel van die amp van die predikant. Christus se diens aan die verbondskinders van die kerk is amptelike diens deur die amp van die kategeet. Die predikant in die gemeente is as bedienaar van die Woord nie alleen prediker in die eredienste nie, maar ook kategeet in die katkisasieklasse. Dit beteken dat die predikant die *enigste amptelike kategeet* is. Prof. dr. J.A. du Plessis het in 1933 in Die Kerkblad geskryf: "'n Predikant wat nie gereeld elke week Katkisasie hou nie, bedien nie sy amp getrou nie. Al het 'n predikant net een kind in sy gemeente moet hierdie kind weekliks deeglike Katkisasie van sy predikant ontvang". Amptelik is die predikant die enigste *kategeet.* Predikante se werkslas is egter so omvangryk dat dit nie moontlik is om al die katkisasie self waar te neem nie.

#### 8.2.4.2 Hulp-kategete word onvermydelik

Veral in die vroeëre jare toe predikante meer as een uitgestrekte gemeente moes bedien en die gebruik van konsulentsbediening ook praktyk was, was dit nie vir die predikante moontlik om self die katkisasieklasse waar te neem nie. Uiteraard was die gemeentes verplig om van "hulp" gebruik te maak. Daarom is daar reeds van die vroegste jare af van gewillige lidmate gebruik gemaak om die kinders kategeties te onderrig. Hulle word *hulp-kategete, hulpkragte, leerkragte, katkisasie-onderwysers(-esse), katkisasieleermeesters* of *katkisasiemeesters* genoem. In hierdie studie word deurgaans by die terminologie gebly wat in die verskillende periodes in gebruik was.

---

765 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen, te Potchefstroom op 26 Januarie 1949 e.v.d. bladsy 86-91.

766 Handelinge 21e Sinode 1924, artikel 103, bladsy 35.

Die saak van *katkisasieleermeesters* is vir die eerste keer aanhangig gemaak op die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. in 1921.[767] Op die tafel dien 'n beskrywingspunt van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Philippolis (ds. P.W. Bingle was toe die predikant daar). Na die bespreking besluit die vergadering:

"Met die oog op die gebrekkige en ongereelde Kategetiese onderwys waarvan ons kinders die slagoffers word, dring die Algemene Vergadering ernstig aan:

1) by Kerkrade om streng toe te sien, dat ouers die huiskatkisasie waarneem, volgens die doopsbelofte.
2) Om geskikte buite-poste, skoollokale daarvoor om gebruik te neem waar die kinders elke Sondag en op 'n vaste weeksdag kan saamkom vir Katkisasie.
3) Om voorlopig 't sy 'n onderwyser of ander deur die Kerkeraad goedbekende persoon as Katkisasiemeester te gebruik met of sonder 'n klein vergoeding.
4) Om die beginsel van 'n in-te-stelle Bybelkennis-eksamen goed te keur, om langs die weg bekwame Katkeseermeesters te kweek.
5) Om 'n klein kommissie aan te stel wat belas word met die opstel van 'n eksamen-skema, wat by die e.k. Algemene Vergadering goedgekeur kan word.

Die kommissie aan wie dit opgedra word, is: ds. J.A. van Rooy (Bethulie), ds. I.D. Kruger (Potchefstroom) en br. F.C. Hogendyk.

### 8.2.4.3 Nadere bepalings van die eksamen

Op die volgende Algemene Vergadering[768] rapporteer bogenoemde kommissie. (Ter wille van die erns van die saak en die aksies wat hieruit gebore word, word die hele rapport weergegee).
U kommissie deur die laaste Algemene Vergadering benoem om 'n skema op te trek, waardeur voorsien kan word aan die bestaande behoefte, namelik behoorlike opleiding van katkisasieonderwysers(-esse) het die eer om soos volg te rapporteer:

a) Dat so 'n eksamenstelsel, as nodig en nuttig in die lewe geroep sal word.
b) Dat die Algemene Vergadering 'n eksamenkommissie sal aanstel wat 1) die eksamenpapiere sal stel. 2) Ook sal afneem op 'n vasgestelde tyd in elke jaar se Januarie. 3) Die saak sal bevorder in elke gemeente met hulp van die verskillende kerkrade. 4) Wat 4 jaar in funksie sal bly, waarna telkens één elke jaar om die beurt sal aftree, maar herkiesbaar is.

---

767 Handelinge van die 58e Algemene Vergadering van die OVS, 26 Maart 1921 e.v.d., artikel 27(d), bladsy 13.
768 Handelinge van die 59e Algemene Vergadering van die OVS, 24 Maart 1922 e.v.d., te Ladybrand, bylaag C.

c) Dat die eksamen uit twee dele sal bestaan: 'n 1e en 'n 2e jaar kursus. Die 1e jaar sal omvat (i) Bybelgeskiedenis OT. & N.T. (ii) Bybelse aardrykskunde. (iii) Kerkge- skiedenis, algemeen. Die 2e jaar sal omvat: (i) Godsdiensleer (3 formuliere van Enigheid). (ii) Kristelike Sedeleer. (iii) Besondere of Vaderlandse Kerkgeskiedenis.

d) Dat die eksamen skriftelik afgeneem sal word, sê in Januarie, waarvoor inskrywing 3 maande voor die tyd sal moet geskied op betaling van 'n 10/- fooi ter bestryding van koste. Dit geskied by die Pastor Loci of naaste leraar, wat dan verder aan die eksamenkommissie sal kennis gee. Toesig tydens die eksamen kan geskied deur die plaaslike leraar of deur 'n bevoegde persoon deur die kerkraad aangestel.

e) Dat 45% vir deurlating vereis word in elke vak; 'n persentasie van 75% sal die kandidaat met 'lof' laat passeer.

f) Dat 'n offisiele diploma aan elke suksesvolle kandidaat uitgereik sal word.

Hiermee ag u kommissie voldaan te hê aan die opdrag."

### 8.2.4.4 Die praktyk van die katkisasiemeesterseksamen

Die Algemene Vergadering van 1922 het die skema goedgekeur en 'n verdere kommissie benoem om uitvoering daaraan te gee. Hierdie kommissie het volledig verslag gedoen van sy werksaamhede in Die Kerkblad van 15 Oktober 1922.[769] Die kommissie rapporteer dat die skema vir die eksamen van die katkisasiemeesters goedgekeur is. Die kommissie doen 'n ernstige beroep op die lidmate om die saak te steun, veral deur hulle te laat oplei en vir die eksamen in te skryf. Die kommissie en die Algemene Vergadering weet dat ons in 'n tyd leef van stofaanbidding waar maar altyd na stoflike voordeel gevra word. Tog glo hulle ook dat daar nog vele in die gemeentes is wat hulle uit loutere liefde vir die werk van die Here aan die groot werk sal toewy. Die sukses of die mislukking van die katkisasiemeesterseksamen hang af van die warmte van liefde, wat ons aan God se diens toewy.

Op 2 Maart 1923 vergader die 60e Algemene Vergadering, KP, te Steynsburg[770] en neem 'n beskrywingspunt van die kerkraad van Venterstad ter tafel insake die opleiding van katkisasiemeesters. In verband hiermee word ook 'n brief van die Algemene Vergadering OVS behandel waarin die konsepskema vir die opleiding van katkisasiemeesters voorgestel word soos deur die Algemene Vergadering OVS goedgekeur in Maart 1922. Die Algemene Vergadering besluit om die saak te laat oorstaan tot volgende jaar aangesien ds. P.W. Bingle (Venterstad) nie

769 Die Kerkblad, 15 Oktober 1922, jaargang 25, nommer 520, bladsy 16

770 Handelinge van die 60e Algemene Vergadering van die KP 2 Maart 1923 e.v.d., te Steynsburg, artikel 31.

teenwoordig is nie en die beskrywingspunt van Venterstad gekom het. Ten opsigte van die brief van die Algemene Vergadering van die OVS is daar 2 voorstelle ter tafel: (1) die saak word by die bespreking gelaat (od. C.D. Hechter en od. I.J. van Heerden) en (2) die Algemene Vergadering juig van harte toe die skema vir katkisasiemeestersopleiding en die vergadering benoem 'n kommissie om saam te werk met die Algemene Vergadering OVS. Voorstel 1 word aanvaar en die saak by die bespreking gelaat.

#### 8.2.4.5 Die eerste eksamen, September 1924

Die eerste kommissie van die Algemene Vergadering van die OVS wat aangewys is om die eksamen vir katkisasiemeesters van stapel te stuur het bestaan uit ds. J.A. van Rooy (Bethulie), ds. I.D. Kruger (Bloemfontein) en ds. A.S.E. Yssel (Reddersburg). Die eerste eksamen is bepaal vir September 1924. Hierdie onderneming is sterk aanbeveel deur die redakteur van Die Kerkblad in die uitgawe van 1 Desember 1923.[771] Die redakteur skryf: “Daar moet goeie katkisasiemeesters wees. Dié kry ons nie uit ons skole en normaalskole nie (ons moet) self die opleiding van katkisasiemeesters ter hand neem.” Ook die Algemene Sinodale Vergadering van 1924 (artikels 103 en 106) het goedkeuring aan die skema geheg deur “die skema vir die opleiding van katkisasiemeesters van die Vrystaat in beginsel aan te neem”. Die saak van opleiding van Katkisasiemeesters het op die tafel van die Sinode van 1924 gekom deur 'n rapport van die Kommissie vir Belydenisskrifte en Liturgiese Formuliere oor beskrywingspunt 8: “Die Sinode oorweeg die skema vir godsdienseksamens, tot opleiding van katkisasiemeesters, soos goedgekeur deur die Algemene Vergadering van Frankfort.”[772] Die Kommissie adviseer:[773] “Die Sinode beveel die skema vir godsdienseksamens aan by onse Gemeentes.” Na bespreking van die saak het ds. J.H. Boneschans en oud. A. Coetzee voorgestel:[774] “Die Sinode, nadat die rapport gehoor is oor die opleiding van katkisasiemeesters, is van oordeel dat sodanige opleiding nie 'n instelling in die Kerk mag wees nie, bindend vir alle kerkrade, maar laat dit aan die respektiewe kerkrade oor om, waar nodig en moontlik, persone sodanige opleiding te gee deur middel van geskikte handboeke vir kategete.” Ds. L.P. Vorster en oud. G.A.E. Coetzee het aanbeveel:[775] “Die Sinode neem hierdie skema nie aan nie.” Die Sinode het egter die voorstel van ds. H.J. Venter en ds. I.D. Kruger aanvaar, naamlik:[776] “Die Sinode, gevoelende die groot behoefte aan goeie kategeties onderwys, en aan die nodige kragte daarvoor, besluit om die skema

771 Die Kerkblad, 1 Desember 1923, Jaargang 25, Nommer 523, bladsy 1.
772 Handelinge van die 58e Algemene Vergadering van die OVS, 26 Maart 1921 e.v.d., artikel 27(d).
773 Punt 14 van die Kommissierapport.
774 Handelinge van die 21e Sinode 1924, Artikel 106 (c), bladsy 36.
775 Handelinge van die 21e Sinode 1924, artikel 106 (b), bladsy 35.
776 Handelinge van die 21e Sinode 1924, artikel 106 (a), bladsy 35.

vir die opleiding van katkisasiemeesters van die Vrystaat in beginsel aan te neem." Oor die uitkoms van die eerste beplande eksamen vir katkisasiemeesters is daar nie gerapporteer nie.

### 8.2.4.6 Die tweede eksamen, April 1925

Die volgende "Godsdienseksamen vir opleiding van katkisasiemeesters en algemene ontwikkeling"[777] word beplan vir April 1925. Die praktiese reëlings was dat die eksamen *skriftelik* afgeneem word. 'n Eksamenkommissie het die vrae opgestel: ds. J.A. van Rooy en ds. A.S.E Yssel – Bybelse Geskiedenis, Ou Testament en Nuwe Testament; ds. I.D. Kruger en ds. J.V. Coetzee – Bybelse Aardrykskunde; ds. C.W.M. du Toit en ds. D.G. Venter – Algemene Kerkgeskiedenis. Die vrae word kort voor die skryfdatum aan die adres van die kandidaat self gestuur in 'n verseëlde koevert, wat eers in die kandidaat se teenwoordigheid deur die opsigter oopgemaak mag word. Die kommissie stel vertroue in die kandidaat se eerlikheid. Na die eksamen neem die opsigter die antwoordstelle onder sy sorg en stuur dit almal saam in 'n verseëlde koevert aan die kommissie. Die resultate van die eksamen sal in Die Kerkblad bekendgemaak word. 'n Diploma sal aan die suksesvolle kandidate uitgedeel word.

### 8.2.4.7 Eksamen 1926

Vir 1926 het 5 kandidate vir die eksamen ingeskryf: 3 vir die 2e jaar en 2 vir die 1e jaar.[778] Die 3 kandidate vir die 2e jaar het goed geslaag in Kristelike Sedeleer en Vaderlandse Kerkgeskiedenis maar 2 uit 3 sak in kerkleer en 1 kandidaat is suksesvol in al drie die vakke. In die 1e-jaarkursus het een kandidaat al die vakke geslaag en 1 kandidaat het al die vakke gedruip. Die predikante word deur Die Kerkblad[779] opgeroep om katkisasiemeesters te motiveer om vir die eksamen in te skryf.

Die saak in verband met die katkisasieleermeesterseksamen kon ook nie volstoom aan die gang kom nie, aangesien dit al die tweede jaar is dat die eksamen aangebied word. In Die Kerkblad[780] van 20 Julie 1926 word gerapporteer dat 5 kandidate hulle in 1926 vir die eksamen ingeskryf het; 3 daarvan vir die 2$^{e}$ jaar en 2 vir die 1$^{e}$ jaar. Daar word gemeld dat die 3 kandidate vir die 2$^{e}$ jaar goed geslaag het. Die opmerking word gemaak dat dit jammer is dat daar so min reaksie was en predikante word gevra om kandidate in hulle gemeentes aan te moedig om die eksamen af te lê aangesien dit die kategese in die gemeentes ten goede sal strek.

---

777 Die Kerkblad, 16 Desember 1924, jaargang 25, nommer 547, bladsy 11.
778 Die Kerkblad, 20 Julie 1926, jaargang 27, nommer 583, bladsy 4.
779 Die Kerkblad, 20 Julie 1926, jaargang 27, nommer 583, bladsy 4.
780 Die Kerkblad, 20 Julie 1926, jaargang 27, nommer 583, bladsy 6.

#### 8.2.4.8 3 Junie 1936[781]

In Die Kerkblad van 3 Junie 1936[782] bied Klassis Rustenburg 'n leerplan aan vir die opleiding van katkisasiemeesters tot hulp vir die ouderlinge en predikante. Lidmate is ook uitgenooi om hulle aan te meld as kandidate vir Kategetiese onderrig. Die saak van onderrig word opgedra aan ds. A. Duvenage (Koster), ds. P.G.W. Snyman (Krokodilrivier) en ds. H.J. Venter (Waterberg) by wie die nodige inligting ingewin kan word. Die volledige leerplan word weereens in Die Kerkblad gepubliseer met die aanwysing van die nodige bronne. Volledigheidshalwe word die leerplan weergegee:

*Leerplan vir die eerste jaar.*

A. *Bybelse Geskiedenis Oue en Nuwe Testament:*
   O.T. al die geskiedkundige gedeeltes te vind in die vyf boeke van Moses, Josua, Rigters, Rut en Samuel.
   N.T. Die vier Evangelies. Die feite moet uit die Bybel bestudeer word. 'n Handleiding mag egter gebruik word. As handleiding kan o.a. gebruik word: "Handboek Gewyde Geskiedenis" deur dr. P.J.S. de Klerk.
B. *Belydeniskennis*: Die geskiedenis, indeling en verklaring van die Heidelbergse Kategismus. As handboek word hiervoor o.a. aanbeveel: "Verklaring van die Heidelbergse Kategismus vir Katkisasie", deur ds. J.G.H. van der Walt, wat as vyfde druk uitgegee is deur die Kalvyn Jubileum Boekefonds, en/of die verklaring van Landwehr, wat egter nog in Hollands en nie in Afrikaans te kry is nie.
C. *Kerkgeskiedenis:* Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sedert 1652 tot nou toe. As handboek kan o.a. gebruik word "Geskiedenis van die Christelike kerk vir gebruik in Katkisasies" en/of enige ander vertroubare geskiedenisboek.
D. *Bybelse Argeologie:* "Land en volk van Palestina", deel I en II deur Kruger-Coetzee word as handboek hiervoor aanbeveel.

*Leerplan vir die tweede jaar.*

A. *Bybelse Geskiedenis:* Alle geskiedkundige feite sowel in die Oue as in die Nuwe Testament. Leerboek: die Bybel self. As handleiding kan egter gebruik word die handleiding van dr. De Klerk, soos vir die eerste jaar.

---

781 In die bronne is daar geen bewys dat katkisasiemeestereksamens tussen 1927-1935 plaasgevind het nie.
782 Die Kerkblad, 3 Junie 1936, jaargang 37, nommer 809, bladsy 114.

B. *Belydeniskennis:* Die geskiedenis en verklaring van die 37 artikels van die geloof en van die Dortse Leerreëls of vyf artikels teen die Remonstrante. Handboek vir die 37 artikels is o.a. "De Geloofsbelydenis" deur W.H. Gispen en vir die Dortse Leerreëls, "De Dordtsche Leerregelen" toegelig door T. Bos. Vir 'n mooi syntetiese samevatting van die Drie Formuliere van Enigheid word aanbeveel "Gereformeerde Geloofsleer" deur prof. W. Heyns.

C. *Kerkgeskiedenis:* (a) Die hoof momente en persone van die Reformasie in Duitsland, Frankryk, Nederland, Skotland en Engeland. (b) Die Dordtse Sinode. (c) Die Franse Revolusie. (d) Die Reveil, afskeiding en Dolensie. (e) Die verband tussen die Geref. Kerk in Nederland en Suid-Afrika. Handboek: O.a. "Geskiedenis van die Christ. Kerk vir gebruik in die Katkisasies" en enige ander vertroubare geskiedenisboek.

D. *Bybelse Archeologie.* Handboek: "Land en Volk van Palestina" deur Kruger en Coetzee, deel III.

E. *Kerkreg:* Algemene kennis van die beginsels van Geref. Kerkreg word verwag. Handboek is "Kerkorde van die Geref. Gemeentes in Suid-Afrika" – die inleiding en indeling van die artikels.

Die gedagte waarvan uitgegaan word, is dat die studie wat die katkisasiemeesters onderneem in hoofsaak privaat- of selfstudie is, en waar enigsins moontlik onder leiding of met behulp van die plaaslike leraar. Die eksamens sal skriftelik wees. Die vrae sal skriftelik gestel word deur 'n kommissie daartoe benoem en dieselfde kommissie sal ook dien as eksaminatore. Eksamens sal afgelê word in Desember van elke jaar. Kandidate voorsien hulle self van die nodige studieboeke en eksamenpapier ens.

Om te slaag moet die kandidaat 40% in die eksamen behaal. Kandidate wat geslaag het, ontvang 'n sertifikaat waarin vermeld word in watter vakke hulle geslaag het. Name van persone, sowel broeders as susters, word so spoedig moontlik ingewag – persone wat wens om vir bostaande skema in te skryf, sodat voorsiening gemaak kan word vir die nodige boeke, waarvan sommige uit die buiteland deur 'n boekhandelaar bestel moet word, by wie die belanghebbendes dan self die boeke moet aankoop.

Dan die wekroep: "Komaan gereformeerde broeders en susters, laat ons aanpak en probeer om die so nodige geref. leer, wat ons kinders nie in die neutrale staatskool mag ontvang nie, aan hulle te gee in samewerking met die verbondsouers en die kerkraad, en dit tot vermeerdering van

ons kalvinistiese leer tot eer van God". Die saak van die eksamen vir katkisasiemeesters en die leerplan daarvoor is in Die Kerkblad van 4 November 1936[783] volledig herhaal.

### 8.2.4.9 Worsteling om die Katkiseermeesterseksamen op dreef te hou

#### 8.2.4.9.1 Aanmoediging deur pryse, diplomas en beurse

In 1938[784] word in Die Kerkblad bekendgemaak dat 13 kandidate die 1e deel van die kursus geslaag het, waarvan 5 met lof was. 'n Paar maande daarna[785] word die katkisasiemeesters in Die Kerkblad opgeroep vir die eksamen in deel 1 en deel 2 van die kursus wat teen die einde van Januarie 1939 sal plaasvind. Voornemende kandidate moet hulle name en adresse instuur. Die Katkisasiedeputate rapporteer aan die 26ste Sinodale Vergadering[786] oor die eksamen van die katkisasiemeesters.

#### 8.2.4.9.2 Ter wille van opleiding moet kragtiger opgetree word

Daar is ook aandag geskenk aan die volgende beskrywingspunt wat van die Algemene Vergadering O.V.S. gekom het:[787] "Die Eerw. Sinode dring by die kerkrade aan dat hulle hul beywer om, waar moontlik, katkisasiemeesters te vind wat tyd en geleentheid het om hulle spesiaal vir die katkisasiewerk voor te berei. Ook moet noulettend toegesien word op die inrigting van ons katkisasiewese, wat moet beantwoord aan die pedagogiese eise van ons tyd, o.a. deur orde, aandag en lewendige belangstelling in die katkisasieklasse te bevorder deur 'n passende register, beloningstelsel, Bybelse kaarte en katkisasie-eksamens. Die Alg. Verg. versoek ook, die Eerw. Sinode om sy aandag aan hierdie laaste te wy en deur middel van die Adm. Buro en K.J. Boekefonds Kommissie sodanige registers en kaarte vir ons katkisasie te voorsien." Die saak in verband met 'n *Kursus in kategese* is ook bespreek. Die kerk het kategete nodig wat die kennis, opleiding en liefde het vir die werk. Dit is dus wenslik dat vir a.s. Predikante in die Kursus vir Kategese veral die metodiek daarvan, hoër eise gestel word en dat hieroor ook die dienste gevra sal word van die professor in opvoedkunde aan die P.U.K.

"Die opleiding van kerklike katkisasiemeesters , as hulp vir die leraar, moet kragtig ter hand geneem word deur byvoorbeeld stigting van 'n Katkiseermeesters-Eksamen onder die Generale Sinode. Sterke aanmoediging moet uitgaan om ons bekwamer en ontwikkelde lidmate daaraan te

---

783 Die Kerkblad,4 November 1936, jaargang 63, nommer 862, bladsy 15.
784 Die Kerkblad, 4 Mei 1938, jaargang 64, nommer 853, bladsy 17.
785 Die Kerkblad, 2 November 1938, jaargang 64, nommer 865, bladsy 2.
786 Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering, 23 Maart 1939 e.v.d., te Bloemfontein, artikel 65, bladsy 54.
787 Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering, 23 Maart 1939 e.v.d., te Bloemfontein, artikel 65, bladsy 57.

laat deelneem bv. deur pryse, diplomas of beurse uit te loof aan bes geslaagde kandidate. Die eksamen moet uitgebrei word oor die Katkisasie self. 'n Eksamenfonds is nodig vir sodanige organisasie. Die vraag is van belang of kerkrade nie ook 'n vergoeding kan gee aan sulke Katkisasiemeesters wat in hulle diens staan nie."

### 8.2.4.9.3 Noodsaaklikheid vir 'n plaaslike organisasie

In elke gemeente moet daar, onder leiding van die predikant en die kerkraad 'n *plaaslike organisasie* ten opsigte van die katkisasie wees. Daar moet wykskatkisasie wees vir die kinders op die plase in samewerking met die sentrale katkisasie op die dorp en een of meer feestelike samekomste jaarliks in samewerking met die gemeente. Verder is die kommissie van oordeel dat die verslae van die Klassis (Algemene Vergadering) aangaande katkisasie meer uitgebrei moet wees. *Kerklike visitatore* moet 'n bepaalde opdrag kry met betrekking tot katkisasies in die gemeentes wat hulle besoek – hulle kan die werk verdeel in die kringe van die gemeentes onder hulle ressort. Eindelik moet die *na-katkisasie* meer aandag geniet deurdat die kerk saamleef en help.

### 8.2.4.9.4 Spesiale poging deur Rustenburg

In 22 Desember 1939 se Kerkblad[788] word deur ds. H.J. Venter (Waterberg), skriba van die Katkisasiedeputate 'n oproep gedoen op die katkisasiemeesters in die ressort van klassis Rustenburg om aan te meld vir die katkisasiemeesterseksamen vir 1940. Die inhoud van die oproep is van belang. Ds. H.J. Venter (Waterberg) skryf: "Ongelukkig het daar verslapping gekom. Daar sal wel redes voor te vind wees maar wat die redes ookal mag wees, niemand sal wil beweer dat katkisasiemeesters nie 'n dringende behoefte in ons tyd is nie. U het alles gelees hoe noodsaaklik die Sinode die opleiding vir helpers van die predikante in dié opsig beskou het. U is op hoogte daarmee dat jonge broeders en susters – ja, ook middeljarige vaders en moeders – hulle met meer kennis, Bybelkennis en belydeniskennis, sal toerus. Dit is nog die wens. Daarom stuur tog maar weer aan ondergetekende u name as kandidate vir einde 1940. Kennis, Bybelkennis is krag vir u persoon, u huis, u kerk en u volk. Hieronder kry u die volle besonderhede vir die eksamen. Kyk dit goed deur en besluit." Dan word die volledige leerplan in die oproep weergee. Ds. H.J. Venter (Waterberg) sluit die berig af met: "Die gedagte waarvan uitgegaan word, is dat die studie in hoofsaak privaat, of selfstudie waar enigsins moontlik onder leiding of met hulp van die plaaslike leraar sal wees. Die eksamens sal skriftelik wees. Die vrae sal skriftelik gestel word deur 'n kommissie daartoe benoem, en dieselfde kommissie sal ook dien

788 Die Kerkblad, 22 Desenber 1939, jaargang 42, nommer 891, bladsy 8.

as eksaminatore. Eksamens sal afgelê word in Desember van elke jaar. Om te slaag moet die kandidaat 40% behaal in die eksamens. Kandidate wat geslaag het sal 'n sertifikaat ontvang."

### 8.2.4.9.5 Rapport aan die 26e Sinodale Vergadering 1939

Die Katkisasiedeputate rapporteer aan die Sinode dat aan die saak van die Katkisasieleermeesters niks gedoen is nie, hoofsaaklik omdat daar geen duidelike mandaat was nie.[789] In 1942 dra die Sinodale Vergadering[790] die saak van 'n eksamen vir die katkisasiemeesters weer aan die Katkisasiedeputate op: "Aan die deputate vir katkisasie-werk word opgedra om 'n katkiseermeesterseksamen in te stel en af te neem. Die Sinode sou graag wil sien dat die eksamen gaan oor die katkisasiewerk soos besluit deur die Sinode van Bloemfontein[791] en dat dit geskied onder leiding en toesig van die plaaslike kerkraad. Verder word die noodsaaklikheid beklemtoon dat die predikant, as die kategeet wat volgens sy roeping die hele verantwoordelikheid van die verbondsonderwys dra, die werk van die katkisasie met sy helpers moet bespreek en hulle sodoende moet voorlig."

In Die Kerkblad van 5 Maart 1943[792] word die saak van die eksamen vir katkisasie-onderwysers opnuut bekendgemaak. Die inhoud van die eksamen word uiteengesit en daar word gemeld dat die inskrywingsgeld 2/6 per deel en 1/- vir afsonderlike vakke is. In Die Kerkblad 8 Oktober 1943[793] word dringend versoek dat katkisasie-onderwysers wat die eksamen nog daardie jaar wil aflê, so spoedig moontlik kennis daarvan sal gee.

### 8.2.4.9.6 Die 28e Sinodale Vergadering 1945[794]

Oor die katkisasiemeesters rapporteer die Katkisasiedeputate in 1945 aan die Sinodale Vergadering[795] in sitting, te Potchefstroom. Die Sinode verneem dat die saak in verband met die katkisasiemeesters ongelukkig nie baie lewensvatbaar is nie. Die belangstelling van die katkisasiemeesters en selfs die kerkrade is minimaal. Die Katkisasiedeputate sou wou sien dat

---

789 In die Handelinge van die 26e Sinode Maart 1939, Artikel 154:172 is oor hierdie saak genotuleer: "Die opleiding van kerklike katkisasiemeesters – as hulp vir die leraar moet kragtig ter hand geneem word deur bv. stigting van 'n Katkiseermeesters-Eksamen onder die Generale Sinode. Sterke aanmoediging moet uitgaan om ons bekwamer en ontwikkelde lidmate daaraan te laat deelneem bv. deur pryse, diplomas of beurse uit te loof aan besgeslaagde kandidate. Die eksamen moet uitgebrei word oor die katkisasie self. 'n Eksamenfonds is nodig vir sodanige organisasie. Die vraag is van belang of kerkrade nie ook 'n vergoeding kan gee aan sulke katkisasiemeesters wat in hulle dien staan nie."

790 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering, 12 Maart 1942 e.v.d., artikel 54(vi) (d), bladsy 43-44.

791 Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering, 23 Maart 1939 e.v.d., artikel 65, bladsy 54.

792 Die Kerkblad, 5 Maart 1943, jaargang 45, nommer 964, bladsy 15.

793 Die Kerkblad, 8 Oktober 1943, jaargang 46, nommer 978, bladsy 3.

794 Handelinge van die 28e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen, te Potchefstroom op 24 Januarie 1945 e.v.d,. artikels 92 en 170, bladsy 120.

795 Handelinge van die 28e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika in sitting byeen, te Potchefstroom op 24 Januarie 1945 e.v.d., artikels 92 en 170, bladsy 121.

kerkrade in dié saak meer belang stel en belowende jong lidmate aanmoedig om ter wille van hulle eie kennisvermeerdering en as hulp op die katkisasie vir die eksamen in te skryf. Daar word gehoop dat veral onderwysers gekry word sodat die katkisasie so vrugbaar moontlik gegee kan word. Die leuse moet wees: Die beste vir die Verbondskind. 'n Skema vir die eksamen is volgens opdrag van die vorige Sinodale Vergadering uitgewerk en in Die Kerkblad[796] van 5 Maart 1943 gepubliseer. Die deputate spreek hulle teleurstelling uit dat daar aan hierdie saak nie veel aandag geskenk is nie. Die situasie word baie ernstig onder die aandag van die Sinode gebring. Wat die nodige leerboeke betref; die opgawe daarvan het verskyn in bogenoemde skema. Daar is egter nog nie 'n handboek oor Bybelse argeologie en aardrykskunde nie. Dit is jammer dat daar nie veel aandag aan gesknek is nie. Die Sinodale Vergadering se aandag word daarop gevestig dat wat die nodige leerboeke betref, daar ongelukkig nog nie 'n handboek oor Bybelse argeologie en aardrykskunde is nie. Aan die propagering van die eksamen vir katkisasiemeesters het die Katkisasiedeputate nie veel gedoen nie en word daar aanbeveel dat die te benoeme deputaatskap 'n kommissie uit sy midde sal benoem wat spesiaal sy aandag aan hierdie saak sal wy.

### 8.2.4.9.7 Vergadering Katkisasiedeputate 6 Februarie 1946

Die Katkisasiedeputate neem die saak van die katkisasiemeesterseksamen in 1946[797] ter tafel vir bespreking. Ds. A.L. Aucamp (Skriba) rapporteer aan die vergadering dat vir 1946 3 kandidate aangemeld het vir die eksamen. Twee het geslaag en een het gedruip.[798] Sewe ander het hulle ook aangemeld om te skryf, maar het weer uitgestel of afgestel. Die vraag word gestel of die vereiste standaard nie te hoog gestel is nie. Na deeglike bespreking besluit die Katkisasiedeputate dat die vereiste vakke dieselfde sal bly. Die skriba moet kandidate deeglik op hoogte stel met wat van hulle verwag word en die eksaminatore word gevra om die vrae nie te moeilik op te stel nie en nie te streng te wees met die toekenning van punte nie. Op 4 Oktober 1946[799] word weereens in Die Kerkblad aangekondig en die katkisasiemeesters daaraan herinner dat die eksamen in November 1946 afgeneem word. 'n Soortgelyke oproep om vir die eksamen van einde November 1947 aan te meld word in Die Kerkblad[800] gepubliseer. In Die Kerkblad van 17 September 1948[801] word die name van 2 katkiseermeesters bekendgemaak wat die eksamen geslaag het.[802]

796 Die Kerkblad, 5 Maart 1943, jaargang 45, nommer 964, bladsy 15.
797 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate, 6 Februarie 1946, artikel 4.
798 Die Kerkblad, 18 Maart 1946, jaargang 48, nommer 1033, bladsy 3.
799 Die Kerkblad, 4 Oktober 1946, jaargang 49, nommer 1047, bladsy 3.
800 Die Kerkblad, 3 Oktober 1947, jaargang 50, nommer 1070, bladsy 3.
801 Die Kerkblad, 17 September 1948, jaargang 51, nommer 1092, bladsy 3.
802 Br. B.J. Kruger van Molteno en br. N.W. Vorster van Nu Muckleneuk, Pretoria.

Aan die Sinodale Vergadering van 1949[803] rapporteer die Katkisasiedeputate:

(a) Elke jaar is hiervan kennis gegee in *Die Kerkblad.*

(b) Briewe is gerig aan al die klassisse om die saak onder die aandag van kerkrade te bring.

(c) Die getal broeders en susters wat hierdie eksamen geskryf het, is baie klein. Vyf het reeds geskryf, en hopelik skryf twee broeders in Junie en 'n paar weer die einde van hierdie jaar.

Die Sinodale Vergadering besluit:[804] "Die Deputaatskap word gevra om voort te gaan met hierdie werk, en die eerw. Sinode bring hierdie saak weer sterk onder die aandag van die gemeentes. Ook word die Deputaatskap bedank vir die arbeid tot dusver verrig in hierdie verband."

### 8.2.5 Konferensies: Katkisasiemeesters

Benewens die eksamen om hulp-kategete op te lei en toe te rus vir hulle taak, is daar ook begin met konferensies waar die saak van die hulp-kategete ook aandag geniet.

#### 8.2.5.1 Konferensie 29 April 1933

'n Ander vorm waarin die katkisasiemeesters in hierdie jare ook toegerus is was konferensies. Die eerste konferensie vir Katkisasie-onderwysers het op 29 April 1933 te Mellville, Johannesburg-Noord plaasgevind.[805] Mnr E. Aapkes het die volgende onderwerp behandel: "Behandeling van Bybelse Geskiedenis vir ons kinders." Die konferensiegangers het 'n besluit geneem om van die kerkrade steun te verkry vir die oprigting van 'n kursus vir katkisasie-onderwysers en ander persone wat daarin belang stel. Daar is ook besluit dat die volgende Konferensie in November 1933 in Fordsburg bymekaar sal kom.[806] G.J. van Breuk tree as sekretaris op.

In die Die Kerkblad van 18 Julie 1934[807] word verslag gedoen van die Konferensie vir katkisasie-onderwysers wat in Pretoria gehou is. Katkisasie-onderwysers van die volgende Gereformeerde Kerke is teenwoordig: Pretoria-Oos, Pretoria-Wes, Johannesburg-Noord,

---

803 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering in sitting byeen, te Potchefstroom op 26 Januarie 1949 e.v.d. artikel 45.7, bladsy 90.

804 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering in sitting byeen, te Potchefstroom op 26 Januarie 1949 e.v.d. artikel 152, bladsy 283.

805 Die Kerkblad, 7 Junie 1933, jaargang 34, nommer 741, bladsy 605.

806 Kyk ook Die Kerkblad, 4 Oktober 1933, jaargang 34, nommer 749, bladsy 813.

807 Die Kerkblad, 18 Julie 1934, jaargang 35, nommer 767, bladsy 187.

Fordsburg, Germiston en Krugersdorp. Die volgende vrae is deur die konferensiegangers behandel:

1) Kan die Kort Begrip gebruik word in plaas van die Kategismus, en so ja in watter gevalle?
2) Wat doen ons Kerk in verband met die evangeliserende Sondagskoolwerk?
3) Wat is ons standpunt ten opsigte van Kinderdienste?
4) Wat doen die Kerkraad om op hoogte te bly van die kategetiese onderwys?
5) Watter eise moet die kerkraad stel aan persone wat gewillig is om behulpsaam te wees met die kategtiese onderwys?
6) Wat kan die Kerk doen ten opsigte van die godsdiensonderwys op openbare skole?

Gesamentlik is die vraag ook bespreek of dit wenslik is dat in die lesblad voorsiening gemaak word vir vakansies. Die konferensiegangers besluit dat herhalingswerk tydens vakansies moet plaasvind.

Die Redakteur van Die Kerkblad meld dat daar nie 'n rubriek vir hierdie konferensie, om katkisasie-vraagstukke te bespreek, geopen kan word nie. Maar as publikasie verlang word van die een of ander stuk sal dit beoordeel, en as daar ruimte is, geplaas word.

### 8.2.5.2 Die konferensie van 4 Mei 1940

In Die Kerkblad van 18 Oktober 1940[808] word verslag gedoen van 'n Konferensie van Katkisasie-onderwysers van die Rand en Pretoria wat te Mellville, Johannesburg gehou is op 4 Mei 1940. Die byeenkoms is goed bygewoon en br. P. Doorewaard lewer 'n baie interessante en leersame lesing oor "Moria".[809] Die volgende beskrywingspunte is behandel:

1. Is die kategismusboeke (Sinodale uitgawe) wat ons vandag in ons katkisasies gebruik doelmatig? (Johannesburg-Noord.)
2. Ons Lesblad:
   a) Die wenslikheid van die blad in boekvorm die grootte van die Bybel;
   b) Doeltreffendheid van die Algemene Sinodale Katkisasie-lesblad;
   c) Die wenslikheid van 'n afsonderlike lesblad vir die Rand en Pretoria (Johannesburg-Noord).

808 Die Kerkblad, 18 Oktober 1940, jaargang 43, nommer 910, bladsy 15.
809 Ongelukkig is die inhoud van die lesing nie in die berig van Die Kerkblad genoem nie.

3. Wat is die beste, sal ons die katkisasielesse van buite leer en opsê, of dit laat weergee in eie woorde? (Johannesburg-Oos.)
4. Die wenslikheid van nouer samewerking en die organisasie van katkisasie-onderwysersliggame (Johannesburg-Noord)
5. Is dit wenslik dat die belydenisklas (Sinodale lesblad) gewyde geskiedenisonderwys ontvang? (Johannesburg-Oos.)
6. Die wenslikheid van periodieke gesamentlike uitstappies van al die katkisasies in hierdie nabyheid (Johannesburg-Suid).

Johannesburg-Suid nooi die volgende konferensie, wat D.V. oor ses maande sy sitting sal hou, uit om aldaar te vergader. Die Voorsitter bedank die afgevaardigdes en wys op die heerlike werk wat katkisasie-onderwysers die voorreg het om te doen

Van belang is die skrywe van br. W. Hovy in Die Kerkblad van 8 November 1940 waarin hy aanvullend by die verslag in Die Kerkblad kommentaar lewer.[810] Hy skrywe dat uit die sukses van die konferensie van 4 Mei 1940, soos in Die Kerkblad van 18 Oktober 1940[811] gerapporteer, blyk hoe nuttig dit vir die katkisasie-onderwysers is om oor verskillende vraagstukke uit die heerlike arbeid gedagtes te verwissel. Op die eerste beskrywingspunt, nl. of "... die kategismusboeke (Sinodale uitgawe) wat ons vandag gebruik, doelmatig is", was die meerderheid van die vergadering van gevoele dat die tweede (blou) kategismusboekie volkome aan sy doel beantwoord; dit is beknop en duidelik, en bevat bowendien 'n reeks Bybeltekste om al die leerstukke te bewys. 'n Goeie kennis hiervan stel die katkisant in staat om vas te staan teen Sabbatariërs en ander sektes wat hulle alleen op die Bybel beroep en ons heerlike belydenis verwerp en om hul aanvalle op ons belydenis met die Heilige Skrif te weerlê.

Ten opsigte van die Rooi Kategismus is Hovy van oordeel dat die inhoud vir die kind onbegryplik is as dit nie deur die onderwyser behoorlik verklaar word nie. Die meerderheid van die konferensie het dan ook aanbeveel dat dié kategismusboekie nie meer gebruik moet word nie. In die plek daarvan moet die jong kinders meer Bybelversies en Psalmversies geleer word. Die meerderheid van die vergadering was van gevoele dat die tweede (blou) kategismusboekie volkome aan sy doel beantwoord. Van 'n katkisant wat belydenis van geloof wil aflê, word, wat sy kennis aangaan, verlang: 1[e] Goeie Skrifkennis. 2[e] Kennis van die Geloofsleer.

---

810 Die Kerkblad, 8 November 1940, jaargang 43, nommer 911, bladsy 16.
811 Die Kerkblad, 18 Oktober 1940, jaargang 43, nommer 910, bladsy 15.

Die volgende word aangevoer: Die konferensie vra na die wenslikheid van die gebruik van 'n Bybelse handboekie wat die kinders van hul jeug af aan aanmoedig, om beter met die inhoud van die Heilige Skrif bekend te word, en wat in 'n kort bestek al die vernaamste gebeurtenisse uit die Bybel bevat wat die kind uit die hoof moet ken, en by die behandeling van die Bybelgeskiedenis van nut is. Verder is daar verskeie aanbevelings gedoen in verband met verbeteringe van die rooster.

### 8.2.6 Die Gereformeerde Katkisant

#### 8.2.6.1 Katkisasie-leerinhoude moet behandel en verduidelik word

Die ordening van die leerinhoude van die kategese het in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n lang geskiedenis. Maar 'n lesrooster was nog maar net die indeling en verdeling van die leerinhoude. Die lesrooster het nie die verduideliking en behandeling van die leerinhoude gedek nie. Met die uitsondering van 'n kort periode waartydens iets hiervan in Die Kerkblad verskyn het, was daar verder niks en het die behoefte gebly aan 'n middel om die leerinhoude verduidelikend te behandel.

#### 8.2.6.2 'n Katkisasieblad word beplan

Die heel eerste keer dat daar genoem is van 'n spesiale Katkisasieblad vir die behandeling van die leerinhoude vir die verbondskinders en die katkisasiemeesters was op die vergadering van die Katkisasiedeputate April 1946.[812] Dr. H.J.J. Bingle rapporteer aan die vergadering dat hy, prof. dr. J. Chris Coetzee en prof. dr. J.P. Jooste beplan het oor die omvang van 'n *moontlike Katkisasieblad* waarin die katkisasie-leerinhoude bespreek en verduidelik word. Die gedagte is dat die blad maandeliks uitgegee sal word en die inhoud sal wees:

- 4 bladsye per maand vir lessies van Klas 1.
- 4 bladsye per maand vir lessies van Klas II.
- 8 bladsye per maand vir lessies van Klas III.
- 8 bladsye per maand vir lessies van Klas IV.
- 8 bladsye vir 'n Inleidingsartikel, leesstof vir die ouers, onderwysers en kinders.

Dus 'n blad met 32 bladsye leesstof en 3 bladsye advertensies. Ook is aan verskillende firmas geskryf insake die uitgee van so 'n blad. Dit skyn asof die drukkoste ongeveer £120 per maand

812 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 13 April 1946, te Potchefstroom, artikel 3.

sal beloop. In die Gereformeerde Kerke is ongeveer 15,600 huisgesinne, gestel dat 6000 huisgesinne inteken op die blad, gee dit teen ses pennies per huisgesin per maand ongeveer £150.
Na deeglike bespreking word eenparig besluit:[813]

1. Dr. Bingle word hartelik bedank vir sy werk gedoen in belang van die saak.
2. Aan brs. Bingle, Jooste en Coetzee word opgedra om 'n omsendbrief op te stel en deur middel van die Administratiewe Buro uit te stuur aan alle kerkrade om die nodige inligting in te win vir die uitgee van so 'n blad.
3. Die drie broeders word ook gevra om die Dagbestuur van die Calvyn Jubileum Boekefonds-Kommissie te ontmoet insake die lening van 'n £100 of indien moontlik £200.
4. Na Augustus word DV weer 'n vergadering van die deputaatskap gehou waar dan finale besluite, geneem sal word op grond van die gegewens ingewin.

Op die volgende Deputate-vergadering, 25 September 1946,[814] word rapport gelewerl oor die vordering in verband met die beplande Katkisasieblad. Dr. H.J.J. Bingle rapporteer dat van die 135 gemeentes slegs 58 op die omsendbrief geantwoord het, waarvan 48 die gedagte van 'n Jeugblad steun.
Besluit: Na deeglike bespreking besluit die deputate:

1. Om met die onderneming vir die uitgawe van 'n Kinderblad voort te gaan.
2. Daar sal weer 'n omsendbrief aan al die gemeentes gerig word.
3. Sover moontlik sal persoonlike kontak met die meerdere vergaderings gemaak word.
4. So vroeg moontlik in 1947 sal begin word met 'n uitgawe van 8 bladsye, al is dit net maar voorlopig.

Op 7 Februarie 1947 word die saak van 'n maandblad vir die kategese in Die Kerkblad[815] berig. Die berig, geskryf deur die skriba van die Katkisasiedeputate, ds. A.L. Aucamp (Ficksburg), maak melding daarvan dat op 2 omsendskrywes van die Sinodale Deputate vir Katkisasie en Jeugsorg net ongeveer 80 kerkrade geantwoord het. 'n Aantal kerkrade het op die ontvangs van die eerste omsendskrywe geantwoord dat hulle die saak van 'n maandblad steun, maar het nog nie op die tweede omsendskrywe geantwoord hoeveel eksemplare hulle sal bestel nie. Baie kerkrade het nog nie op een van die omsendskrywes geantwoord nie. Weereens word daar 'n vriendelike versoek aan elke kerkraad gerig wat dit nog nie gedoen het nie om so gou as moontlik die vraelys van die omsendskrywe van 5 Oktober 1946 in te vul en in te stuur.

---

813 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 13 April 1946, te Potchefstroom, artikel 3.
814 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 25 September 1946, te Potchefstroom, artikel 3.
815 Die Kerkblad, 7 Februarie 1947, jaargang 49, nommer 1054, bladsy 4.

Uit die notule van die deputatevergadering van 13 Maart 1947[816] is dit duidelik hoe die beplanning in verband met die katkisasieblad gevorder het: Die vergadering neem kennis dat van die 140 gemeentes 80 geantwoord het dat hulle die saak van die Jeugblad ondersteun. Daar is al 4 505 eksemplare bestel. Van 45 gemeentes is geen antwoord ontvang nie, terwyl net van 'n paar klassisse antwoord ontvang is, maar hulle is nie eenstemmig in hulle antwoorde nie. Na deeglike bespreking word op voorstel van ds. C.E. Malan besluit om oor te gaan tot die uitgawe van die jeugblad.

Op voorstel van dr. H.J.J. Bingle word besluit:

- Dat die uitgawe van die blad opgedra word aan 'n redaksiekommissie.
- Dat die kommissie die reg sal hê om iemand te benoem om die administratiewe deel te behartig.
- Dat die werwing van advertensies en die beheer van die finansies ook aan die redaksie opgedra word.
- Dat die eerste uitgawe vir die lesse van Augustus 1946 voor 10 Julie moet verskyn.
- Die redaksiekommissie word benoem.

  Hoofredakteur - dr. H.J.J. Bingle.

  i. Vir klas IV - ds. A. Duvenage en dr. J.P. Jooste.
  ii. Vir klas III - ds. C.E. Malan.
  iii. Vir klas II - ds. I.J. Lessing.
  iv. Vir klas I - ds. A.L. Aucamp.
  v. Met die oog op advertensies – ds. D.J. van der Walt.

### 8.2.6.3 Stigting van die katkisasieblad

Die Redaksie van die Jeugblad vergader dieselfde dag, 13 Maart 1947, te Potchefstroom, en die volgende word besluit:

Wat die naam van die jeugblad betref, word genoem **Die Gereformeerde Kind**.[817] Wat die voorblad betref, sal dit gerangskik word soos die van die Die Kerkblad, met dié byskrif daarby: *Offisiële orgaan vir die katkisasie van die Gereformeerde Gemeentes van Suid-Afrika.* Dan sal verder ook nog op die voorblad verskyn, die name van die redaksie asook die inhoud van elke uitgawe. Die formaat van die blad sal dieselfde as die van Die Kerkblad wees, met

816 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 13 Maart 1947, te Potchefstroom.

817 In die notule van die Redaksievergadering van 13 Maart 1947 word die naam "*Die Gereformeerde Kind*" gebruik. Sonder dat daar in 'n vergadering verder daaroor besluit is, of dat 'n besluit daaroor genotuleer is, word die jeugblad in die notule van die deputatevergadering van 24 September 1947 aangedui as *DIE GEREFORMEERDE KATKISANT,* artikel 6.

dubbelkolomme gedruk. Die blad sal 10 keer per jaar verskyn. 'n Verhaal uit die Bybelse of Kerkgeskiedenis 1 bladsy per uitgawe. Dit sal dan die minimum aantal bladsye leesstof wees, maar dit kan ook tot 'n maksimum van 16 bladsye gaan.

Wat die omvang, indeling en formaat van die blad sal wees, word besluit:

| | |
|---|---|
| Redaksionele stuk | : 1 bladsy per uitgawe. |
| Voorligting klas I | : 2 bladsye per uitgawe. |
| Voorligting klas II | : 3 bladsye per uitgawe. |
| Voorligting klas III | : 3 bladsye per uitgawe. |
| Voorligting klas IV | : 4 bladsye per uitgawe. |

Werksverdeling:

Dr. Bingle sal die blad as geheel redigeer en ook verantwoordelik wees vir die Redaksionele rubriek.

Voorligting klas I sal deur ds. A.L. Aucamp waargeneem word.

Voorligting klas II sal deur ds. I.J. Lessing waargeneem word.

Voorligting klas III sal deur ds. C.E. Malan waargeneem word.

Voorligting klas IV word deur ds. A. Duvenage en dr. J.P. Jooste waargeneem.

Volgens die antwoorde op die omsendskrywe aan die gemeentes kan die blad begin met 'n sirkulasie van 5 000. Die redaksie besluit dat daar telkens 100 eksemplare meer gedruk sal word as die inskrywings. Administrasie: Die administrasie word opgedra aan br. N. Venter teen 'n vergoeding van £5 per maand.

Die Gereformeerde Katkisant word in Die Kerkblad[818] van 23 Mei 1947 aan die gemeentes bekendgestel. Ds. A.L. Aucamp, Skriba van die Katkisasiedeputate skryf dat die eerste uitgawe van ***Die Gereformeerde Katkisant*** in Junie 1947 beskikbaar sal wees. Die blad kos 6d.

Dr. H.J.J. Bingle skryf in die eerste uitgawe van Die Gereformeerde Katkisant[819] dat daar lank reeds die behoefte gevoel is dat daar meerdere leiding moet kom vir die katkisante ten opsigte van die leerinhoude. Aanvanklik is sodanige leiding in Die Kerkblad gegee. Vanaf 1940 het die katkisasierubriek in die Die Kerkblad verval en was die probleem vir die kategese eens so erg. Dr. Bingle skryf dat "die enigste oplossing wat ons moontlik gevind het, is die oprigting van 'n eie blad". Die deputate het by wyse van omsendskrywes die saak aan die kerkrade gestel en sodoende bestellings van 5 000 eksemplare verkry. Die lede van die Katkisasiedeputate het

818 Die Kerkblad, 23 Mei 1947, jaargang 50, nommer 1061, bladsy 15.

819 Die Gereformeerde Katkisant, Augustus 1947, jaargang 1, nommer 1.

gevoel dat hulle op hulleself aangewese is om die blad te skrywe en te publiseer. Die redaksie bestaan dan ook uit die deputaatskap saam met prof. dr. J.P. Jooste, professor in Kategetiek aan die Teologiese Skool.

### 8.2.6.4 Die samestelling van die katkisasieblad

Wat die *samestelling van die blad* betref, skryf dr. Bingle in die eerste uitgawe: "In hierdie kolom sal daar vir elke uitgawe 'n stukkie oor die metode van die kategetiese onderrig of algemene sake rakende die katkisasie verskyn, wat dan ook hoofsaaklik vir die ouers en die onderwysers bedoel is. Verder sal daar die volgende vaste rubrieke wees: Een vir elk van die vier klasse van die Katkisasie en een vir 'n stukkie leesstof wat nie direk verband hou met een van die klasse se werk nie. Hierdie vyf rubrieke is bedoel vir ouer, onderwyser en kind. Daarom probeer ons die stukke so saamstel dat die volwassenes die lesse net so kan behandel en dat die leerlinge tuis hulle werk daaruit kan voorberei. Die kind sal ook langsamerhand die betrokke metode gewoond word en so hoop ons goeie resultate te bereik."

Oor die *prosedure van behandeling* wat gevolg word, skryf dr. Bingle: "Vir Klas 1 word die Bybelse Geskiedenis in die vorm van afsonderlikke gebeurtenisse op heel eenvoudige wyse meegedeel. Ons kan hier nie aandag skenk aan historiese verband nie, maar wil slegs vir ouer en onderwyser voorbeeld van eenvoud wees. Vir Klas 2 probeer ons die Bybelse Geskiedenis deurlopend gee sodat die kind die verhaal kan verstaan. Daarom word daar dan ook vrae gestel soos ons sal verwag van ouer en onderwyser. Om die vrae te kan beantwoord, moet die kind self die hoofstukke in die Bybel lees wat in die lesblad aangegee is. Dan word hiervan 'n kort verduideliking gegee. Ook die Kategismus word kortliks verduidelik. By Klas 3 word hierdie metode van vraag-en-antwoord voortgesit, maar nou word die doel met die verduideliking om aan die kind die openbaringsgeskiedenis te leer, hoe alles in die eerste plek openbaring van God is wat uiteindelik uitloop op Jesus Christus. Hier word die Kategismus ook weer kortliks verklaar. Vir Klas 4 word voorgeskryf gedeeltes uit die Nuwe Testament wat meesal verwaarloos word en wat tog noodsaaklik is vir die eer van God en die eie saligheid. Hier probeer ons dan ook om die verband van die Skrif te verduidelik en daardie besondere kennis aan die katkisant te bring. Die Kategismus word verduidelik. By die Kerkgeskiedenis probeer ons die werk van prof. S. du Toit se boek aan te vul en te verduidelik."

Die Katkisasiedeputate besluit op hulle vergadering van 24 September 1947[820] dat Die Gereformeerde Katkisant vanaf 1948 kwartaalliks sal verskyn.

Op die vergadering van die Katkisasiedeputate van 22 November 1949[821] neem die vergadering daarvan kennis dat daar 'n versoek gekom het dat Die Gereformeerde Katkisant verander word in 'n jaarblad in plaas van 'n kwartaalblad. Die Katkisasiedeputate het van hierdie versoek kennisgeneem in die lig van die hulle eie beplanning.

### 8.2.6.5 Die einde van Die Gereformeerde Katkisant

Op die Katkisasiedeputate se vergadering van 24 Februarie 1958[822] deel die sekretaris die vergadering mee dat hy Die Gereformeerde Katkisant vir die 2e kwartaal 1958 reeds opgestel het en dat dit by die pers is. Met die eventuele omskepping van Die Gereformeerde Katkisant tot 'n tydskrif vir die jeug word die volgende beplan: in die tweede kwartaal is die handboek insake die kategismus gereed, sodat oor die kategismus (Rooi- en Blouboekie ingesluit) geen voorligting in Die Gereformeerde Katkisant meer nodig is nie; kerkgeskiedenislesse vir die jaar is in 'n afsonderlike bylae gedruk, sodat dit ook nie meer in Die Gereformeerde Katkisant nodig is nie; uit prinsipiële oorwegings is ook toeligting van Bybellesse nie meer nodig nie. Alles is dus gereedgemaak vir die omskepping van die blad in die 3e kwartaal van 1958.

Met hierdie reëlings bereik Die Gereformeerde Katkisant sy einde as voorligtingsblad vir die kategese.[823] Die vergadering tref dan die finale reëlings vir die oorgaan van Die Gereformeerde Katkisant na 'n tydskrif vir die verbondskinders, met as naam DIE SLINGERVEL.

In die notuleboek van die vergaderings van die Katkisasiedeputate het die skriba direk na die laaste inskrywing oor Die Gereformeerde Katkisant geskryf: ***"Exit Die Katkisant.***[824] Met die

---

820 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 24 September 1947, te Potchefstroom, artikel 6 (c) (ii).

821 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 22 November 1949, te Potchefstroom, artikel 5.

822 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 24 Februarie 1958, te Potchefstroom, artikel 8.

823 Die vergadering besluit soos volg:

1. Die Gereformeerde Katkisant word in 'n tydskrif vir kinders omskep in die vorm van 'n maandblad vanaf 1 Augustus 1958.
2. Dr. K.S. van Wyk de Vries word benoem as redakteur teen 'n voorlopige vergoeding van £10 per maand.
3. 'n Kommissie bestaande uit proff. H.J.J. Bingle, S. du Toit en dr. K.S. van Wyk de Vries word opgedra om alle tegniese aspekte van die uitgee van so 'n blad deeglik te ondersoek en met omlynde aanbevelings te kom op die volgende vergadering. Die kommissie moet ook, nadat die opinies van die deputate gehoor is, die blad 'n naam gee en per omsendbrief aan die kerkrade 'n begin maak met die propagering van die blad.

824 Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 8 Mei 1958, te Potchefstroom, artikel 8.

volgende vergadering[825] van die Katkisasiedeputate word 'n rapport ontvang oor die sake rakende Die Slingervel, die jeugblad in die plek van die Die Gereformeerde Katkisant.

### 8.3 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die periode 1909 tot 1949 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

#### 8.3.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1909 tot 1949

Uit die verskillende artikels wat oor die kategese geskryf is, en uit die behandeling van die kategese deur deputate, vergaderings en sinodes, blyk dat, vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, katkisasie van die begin af wesenlik **kerklike diens** was in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod wat Hom in sy Woord openbaar. Die verbondskinders is in die kerklike gemeenskap ingelyf deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is waardeur die kerk die verantwoordelikheid het om hulle kategeties te onderrig. Dit is nie werk wat deur die staat of die skool gedoen kan word nie.

#### 8.3.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949

Diakoniologies gesien is kategese **kerklike diens** aan die verbondskinders van die kerk deur middel van die **amp.** Die kerk is `n vergadering van gelowiges waarin Christus en al sy weldade geniet word en waar daar onder sy heerskappy geleef word. Die kerk is nie alleen vrug van Christus se diens nie, maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Die amp kom uit Christus. Dít maak van die amptelike diens van die kerk diens van God in Christus ten behoewe van die kerk. Die amp is in Christus, die Koning van die kerk, gewortel en gegee ter wille van die kerk, tot opbou daarvan (Matt. 16:18, Ef. 4:12). Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, deur middel van die amp, het die kategese `n **amptelike karakter**.

#### 8.3.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1909 tot 1949

Vir die periode 1909 tot 1949 is kategese vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die middel waardeur die verbondskinders gelei is tot aflegging van belydenis van geloof. Die leeruitkoms van die kategese is die werking, onderhouding en uitbouing van die **geloof** van die

[825] Notule van die vergadering van die Katkisasiedeputate op 4 September 1958, te Middelburg, artikel 3.

verbondskinders in wat **beloof** is in die verbond, sodat hulle tot gehoorsaamheid aan die verbondseis van God kan kom. Die leeruitkoms van die kategese trek op 'n brandpunt saam in die geloof van die verbondskinders: hulle ***geloof**sekerheid*, ***geloof**svolwassenheid*, ***geloof**sgehoorsaamheid* en ***geloof**sbelydenis*.

Hierdie doelpunt van geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis word bereik deur die werking van God se Gees en Woord in die kategese (Matt. 28:19-20, Hand. 1:8). Op kerkraads- en meerdere vergaderingsvlak is hieroor besluit. Vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is kategese die middel waardeur die verbondskinders gelei is tot aflegging van belydenis van geloof.

### 8.3.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949

Die objek van die kategese is die kinders van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is. Die objek van die kategese is op menige plekke in die periode 1909 tot 1949 gesien as "de teedere jeugd".

### 8.3.5 Die *Teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949

Die Subjek van die kategese is die Drie-enige Verbondsgod. Dit spreek baie duidelik uit die leer van die Kerk.[826] Die feit dat God Drie-enig die Subjek is wat wedergeboorte en geloof gee (Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 3 en 4, Artikel 12-15, Ef. 2:8), maak kategese anders as sekulêre onderwys waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur aan die jonger geslag oordra. As Subjek van die kategese, werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Slegs wanneer God Drie-enig self in die kategese teenwoordig is, kan daar sprake wees van suksesvolle kategese (Hand. 2:47, Hand. 3:26, Hand. 4:19-21, Hand. 20:28 en 32, Rom. 10:15, 1 Kor. 3:6-9, 2 Kor. 5:20). In die kategese as verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging moet wat God **gee** (indikatief), wat God **wil** (paraklese) en wat God **beloof** (belofte) aan die verbondskinders bedien word. Kategese is teosentriese onderrigleer en begeleiding. Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en dit trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8).

826 Die Ekumeniese Belydenisskrifte (Twaalf Artikels; die Nicéaum en die Atanasium ) en die drie formuliere van eenheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus. Dordtse Leerreëls).

### 8.3.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949

Vir die kategese is leerinhoude alles wat waardevol is om deur middel van onderrigleer aan die verbondskinders te onderrig en waaruit hulle moet leer, sodat hulle tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid en geloofsgehoorsaamheid kan kom met die oog daarop dat elkeen openlik belydenis van geloof kan doen. In hierdie opsig is die **Bybel**, die **kerklike belydenis** en die **kerkgeskiedenis** geselekteer as die enigste leerinhoude vir die kategese. Reeds vanaf die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die leerinhoude van die kategese eerstens die *Bybel* (in hierdie geval die Statebybel waaruit daagliks geleer is), daarmee saam Borstius en tweedens die *Kort Begrip* (*Heidelbergse Kategismus)*.

### 8.3.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** daarvan. Die vraag moet gestel word – hoe moet ek die leerinhoude aan die verbondskinders oordra? 'n Metode is 'n handelswyse of 'n werkswyse. Die metode is die pad waarlangs jy stap om die leerinhoude aan die kind oor te dra. Dit is duidelik dat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949 die **vraag-en-antwoordmetode**, dus die **erotematiese metode**, gebruik is. Die katkisasieklas verloop dus aan die hand van die **vraag-en-antwoordmetode** Die kategese is derhalwe 'n erotematiese gesprek. Die ouderlinge en predikante het nie in die besonder besin oor metodes vir onderrigleer nie, maar die gebruikmaking van die kategismus, die Kort Begrip, Borstius en ander vraeboekies toon aan dat die **vraag-en-antwoordmetode** algemeen gebruik is.

### 8.3.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1909 tot 1949

#### 8.3.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese

Onder die praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1909 tot 1949 word die volgende verstaan: die **tydsduur** wat vir elke les vasgestel is en die **aantal lesse** wat per jaar beplan is; die **lokaal** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan; die **handboeke** of **handleidings** en **hulpmiddele** wat tot beskikking van die kategeet is (muurkaarte, skryfbord of blaaibord, oorhoofse projektor, flitskaarte, modelle ens.); die **aantal katkisante** in

die klas en of die klas net bestaan uit kinders van dieselfde jaargroep en of een of meer jaargroepe in een klas saamgevoeg is.

### 8.3.8.5 Lokale en hulpmiddele

Ten opsigte van **lokale** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan en **hulpmiddele** by die aanbieding van die lesse het destyds nog nie bestaan nie. Daarom is daar ook nie daaroor besin nie.

# HOOFSTUK 9
# DIE SEKRETARIS VIR KATKISASIE 1935 TOT 1958

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

# INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 9

## GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN DIE SEKRETARIS VIR KATKISASIE VAN 1935 TOT 1958


9.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. .......... 319
9.2 Die historiese agtergrond van die Sekretaris vir die Deputaatskap vir Katkisasie .......... 319
9.3 Die inisiatiewe fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie .......... 320
9.3.1 Die eerste versoeke vir die aanstelling van 'n katkisasie-organisator .......... 320
9.3.1.1 Eerste beskrywingspunt van die Gereformeerde kerk Bloemfontein insake 'n katkisasie-organisator .......... 320
9.3.1.2 Kommissie van pre-advies 1938 .......... 321
9.3.1.3 Die 26ste Sinodale Vergadering 23 Maart 1939, Bloemfontein .......... 322
9.3.2 Tweede beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein insake 'n Katkisasie-organisator .......... 323
9.4 Die voorbereidende fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie .......... 325
9.4.1 Die 80ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal 25 Februarie 1943 .......... 325
9.4.2 Die 81ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal, 2 Maart 1944, artikel 43. .......... 325
9.4.3 Die 82ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal, 12 Oktober 1944, artikel 19, bladsy 368. .......... 326
9.4.4 Katkisasiedeputate besin weer oor 'n organiseerder vir katkisasie .......... 327
9.5 Die Sinodale fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie .......... 328
9.5.1 Die Sinodale Vergadering 1945 .......... 328
9.5.2 Die 83ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal 7 Maart 1946 .......... 330
9.5.3 1e Partikuliere sinode van die Gereformeerde Gemeentes in O.V.S. & Natal 6 Maart 1947 .......... 331
9.5.4 Die 30e Sinodale Vergadering van 26 Januarie 1949 .......... 332
9.5.5 Die rapport aan die 31e Sinodale Vergadering van 22 Januarie 1952 .......... 333
9.5.6 Die Katkisasiedeputate voer die sinode se besluite uit .......... 334
9.5.7 Die rapport aan die Sinodale Vergadering van 1955 .......... 335

9.5.7.1 Die inhoud van punt 1 van die rapport van die Deputaatskap aan die Sinodale Vergadering 1955 ..... 335
9.5.7.2 Aanvullende rapport oor die katkisasie-organiseerder ..... 335
9.5.8 Beskrywingspunt Klassis Potchefstroom ..... 336
9.5.9 'n Organiseerder vir kategese word goedgekeur ..... 337
9.5.9.1 Die uitvoerbaarheid van so 'n aanstelling ..... 337
9.5.9.2 Die mandaat ..... 338
9.6 Die realiserende fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie ..... 338
9.6.1 Aanstelling van 'n voltydse sekretaris ..... 338
9.6.2 Die optrede van die deputaatskap aan die mandaat getoets ..... 340
9.6.3 Die saak van voltydse sekretaris prinsipieel getoets ..... 341
9.6.4 Die praktyk getoets aan die beginsels ..... 344
9.7 Die reaksionêre fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie ..... 345
9.7.1 Reaksie ten opsigte van die sekretaris vir katkisasie in Die Kerkblad 25 Mei en 1 Junie 1955 – pro en contra ..... 345
9.7.1.1 Reaksie van ds. B. Spoelstra ..... 345
9.7.1.2 Die reaksie van prof. dr. S. du Toit ..... 348
9.7.1.3 A. van Krimpen namens Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid ..... 349
9.7.1.4 Ds. B. Spoelstra se antwoord aan prof. dr. S. du Toit ..... 350
9.7.1.5 Die berig in Die Kerkblad ..... 350
9.7.1.6 Die bydrae van ds. C.E. Malan ..... 351
9.7.2 Die sekretaris en die plaaslike gemeente ..... 351
9.7.3 Die sekretaris en algemene katkisasiebelange ..... 352
9.7.4 Perspektief deur die sekretaris ..... 352
9.8 Die afsluitende fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie ..... 354
9.8.1 Die algemene Sinode 1958 ..... 354
9.8.2 Die rapport van die deputaatskap vir katkisasie. ..... 355
9.8.3 Finansiële staat van die deputaatskap vir katkisasie ..... 356
9.8.4 Beswaarskrif en studie klassis Westelike Kaapland ..... 356
9.8.5 Studie rapport van klassis Westelike Kaapland ..... 358
9.8.5.1 Sinode van 1939 ..... 358
9.8.5.2 Sinode van 1942 ..... 358
9.8.5.3 Sinode van 1945 ..... 358
9.8.5.4 Sinode van 1952 ..... 359
9.8.5.5 'n Foutiewe besluit ..... 359

9.8.5.6 Sinode van 1955 ..... 360
9.8.5.7 Kantoor van die deputaatskap vir katkisasie ..... 360
9.8.5.8 Administratiewe werk ..... 360
9.8.5.9 Beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom op die sinodetafel ..... 361
9.8.9.10 Die uitvoerbaarheid van so 'n aanstelling ..... 361
9.8.9.11 Die mandaat ..... 362
9.8.9.12 Afhandeling van die saak ten opsigte van die sekretaris vir katkisasie ..... 363
9.8.9.13 Beswaar Partikuliere Sinode Noord-Transvaal ..... 363
9.8.9.14 Gravamen Westelike Klassis ..... 363
9.8.9.15 Beroeping van 'n voltydse sekretaris ..... 364
9.9 Die Slot ..... 364

# Hoofstuk 9

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN DIE SEKRETARIS VIR KATKISASIE VAN 1935 TOT 1958

## 9.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

9.1.1 In Hoofstukke2 tot 5 word die prinsipiële gronde vir die kategese soos in die Woord van God aangedui is, beskryf, en die geskiedenis van die kategese in Europa opgeteken.

9.1.2 Hoofstuk 6 bestudeer die ontwikkeling en praktyk van die kategese in Suid-Afrika vir die tydperk 1652-1858.

9.1.5 Die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 tot 1949 is in Hoofstukke 7 en 8 aan die orde gestel.

9.1.6 'n Onderdeel van die geskiedenis van die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die benoeming van 'n sekretaris vir katkisasie wat hom ontvou van 1935 tot 1958.

## 9.2 Die historiese agtergrond van die Sekretaris vir die Deputaatskap vir Katkisasie[827]

Die saak in verband met die sekretaris vir katkisasie het van ongeveer 1935 tot 1958 geduur. Op verskillende vlakke is oor hierdie saak gehandel, nl. die katkisasiedeputate, kerkrade en meerdere

827 Die vernaamste bronne wat in die behandeling van die saak gebruik word is: (a) Die *bylae* wat saam met die rapport van die deputate vir kategese in die 17e sitting van die 33e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1958 e.v.d., te Potchefstroom in sitting was, punt II bladsy 330. (b) Die *rapport van studiedeputate* van die westelike klassis Kaapland wat voor die sinodale vergadering gedien het saam met 'n beswaarskrif, punt C. bladsy 342, Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sitting, te Potchefstroom op 22 Januarie 1958 e.v.d. (c) Die notules van die Katkisasiedeputate 1939-1958 en (d) Acta Synodi.

vergaderings, veral nasionale sinodes. Van alle kante is die saak beïnvloed. Dit laat die navorser voor 'n keuse van metodes. Eerstens kan die verloop van al die gebeure rakende die sekretaris vir kategese suiwer histories in kronologie weergegee word. Tweedens kan al die belangrike feite in verband met die saak geïntegreer word en by wyse van kommentaar en kritiek deur die navorser sinvol behandel word. Laasgenoemde is die metode waarop besluit is.
Die behandeling van die inhoude verloop deur die volgende ses fases:

9.1 Die *inisiatiewe* fase.
9.2 Die *voorbereidende* fase.
9.3 Die *sinodale* fase.
9.4 Die *realiserende* fase.
9.5 Die *reaksionêre* fase.
9.6 Die *afsluitende* fase.

## 9.3 Die inisiatiewe fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie

### 9.3.1 Die eerste versoeke vir die aanstelling van 'n katkisasie-organisator

#### 9.3.1.1 Eerste beskrywingspunt van die Gereformeerde kerk Bloemfontein insake 'n katkisasie-organisator[828]

Die moontlikheid van 'n spesiale persoon om die saak van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voltyds te dien is so vroeg as 21 Desember 1935[829] deur die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein[830] te berde gebring. Die kerkraadsnotule lees: “Die volgende beskrywingspunt word goedgekeur vir deursending (na die Algemene Vergadering OVS). Die eerwaarde Algemene Vergadering spreek hom uit oor die aanstelling van 'n spesiale organiseerder vir ons kerk en beveel sodanige stap by ons eerskomende Algemene Vergadering aan.” Op 25 Februarie 1937 word Bloemfontein se beskrywingspunt deur die Algemene Vergadering van die O.V.S. & Natal [831] ter tafel geneem en behandel. “Die Eerwaarde Algemene

828 Terminologieë het verander namate die saak gevorder het. Eers is gepraat van *organisator*, later *organiseerder, selfs eenkeer as katkisasie leraar, ook as katkisasie-sekretariaat* en uiteindelik *sekretaris* vir kategese. In die **proefskrif** sal die terminologie gebruik word soos dit in die betrokke bronne op daardie oomblik voorkom en in die ontwikkeling daarvan.
829 Notule van die Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein, 23 Januarie 1937, artikel 9(b).
830 Ds. I.D. Kruger was toe predikant van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein en dus voorsitter van die vergadering.
831 Notule van die 74e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die O.V.S. & Natal te Theunissen op 25 Februarie 1937 e.v.d., artikel 30.

Vergadering spreek hom uit oor die aanstelling van 'n spesiale katkisasie-organisator[832] vir ons hele Kerk, en beveel sodanige stap by ons eerkomende Generale Sinode aan." Ds. I.D. Kruger wys op die noodsaaklikheid om te voorsien in die gevoelde behoefte. Die Algemene Vergadering het toe 'n kommissie van pre-advies[833] benoem om op die saak van 'n Katkisasie-organisator in te gaan en om 'n konkrete voorstel aan die volgende Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die O.V.S. & Natal voor te lê.

### 9.3.1.2 Kommissie van pre-advies 1938[834]

Die rapport van die kommissie van pre-advies dien op die tafel van die 75 ste Algemene Vergadering O.V.S. & Natal van 24 Februarie 1938.[835] Na breedvoerige bespreking word besluit: "'n Sub-kommissie word benoem om beredeneerde voorstelle in verband met katkisasie in die O.V.S. op te stel aan die hand van die rapport, gemeenteverslae en bespreking, en later aan hierdie vergadering voor te lê." [836] Tydens dieselfde Vergadering[837] rapporteer die kommissie en meld onder punt III in sake die Katkisasie-organisator: "Met betrekking tot die daarstelling van 'n algemene Katkisasie-organisator vir ons kerk meen ons dat veral praktiese besware in die weg lê vir die uitvoering daarvan. Ten eerste sal daar 'n man losgemaak moet word van sy gemeente of 'n spesiale Predikant vir die doel opgelei en aangestel word en besoldig word deur die kerkverband. Verder is die uitgestrektheid van die Unie van Suid-Afrika so groot dat een arbeider vir die doel nie genoeg sal wees nie. Sal dit moontlik wees met die toenemende skaarste aan arbeiders? Sodanige 'ampte' sal seker ook goed omskryf moet word om in te pas in die Gereformeerde kerkgebruike en kerkorde. As u Eerwaarde Algemene Vergadering eens is met ons beskouing wil ons u vra om die rapport aanhangig te maak by die aanstaande Generale Sinode (1939) insover daar punte of sake is wat die algemene Kerk se belang en samewerking

832 Daar is 'n verskil in bewoording tussen die besluit van die kerkraad van Bloemfontein en die beskrywingspunt wat voor die Algemene Vergadering dien. Die notule van die kerkraad lees: "die aanstelling van 'n spesiale organiseerder vir ons kerk" terwyl die beskrywingspunt op die tafel van die Algemene Vergadering lees: "die aanstelling van 'n spesiale Katkisasie-organisator vir ons hele Kerk". Die navorser het nie daarin 'n diskrepansie gesien nie, maar dit dui daarop, in die lig van die behandeling van die saak, dat die kerkraad wel bedoel het 'n katkisasie-organiseerder, maar dat dit anders in die kerkraadsnotule geformuleer is. Kerkraadsvergaderings kan soms snel beweeg sodat 'n skriba nie altyd die pas kan volhou nie, wat so 'n verskil verstaanbaar maak. Dat die kerkraad van Bloemfontein 'n katkisasie-organiseerder bedoel, spreek uit die behandeling van die saak verderaan.

833 Die lede van die kommissie was ds. A.S.E Yssel en ds. D. P. du Plessis.

834 Notule van die 74e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die O.V.S. & Natal te Theunissen op 25 Februarie 1937 e.v.d., artikel 30.

835 Notule van die 75e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS & Natal te Kroonstad op 24 Februarie 1938 e.v.d., artikel 14.

836 Die sub-kommissie is: ds. A. S. E. Yssel (Konvenor), ds. T.T. Spoelstra, ds. I.D. Kruger, ds. J.J.H. Booysen en dr. J.M. de Wet.

837 Notule van die 74e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS & Natal te Theunissen op 25 Februarie 1937 e.v.d., artikel 48.

raak." Die Algemene Vergadering besluit dat die beskrywingspunt deurgegee sal word aan die eerskomende Sinodale Vergadering, 1939.

#### 9.3.1.3 Die 26ste Sinodale Vergadering 23 Maart 1939, Bloemfontein

Op die 26ste Sinodale Vergadering van 1939[838] word aandag geskenk aan die saak van 'n "katkisasie-organisator". Op die sinode het 'n rapport gedien[839] van die Algemene Vergadering van die O.V.S. en Natal, 1937, wat oor "katkisasie-organisasie" gehandel het.

Die rapport het uit drie hoofdele bestaan:

9.3.1.3.1 Eerstens, die wenslikheid en die dringende *noodsaaklikheid* vir meer en deegliker bearbeiding van die Gereformeerde jeug. Daar word reeds daarop gewys dat die saak ook heelwat negatiewe (?) elemente bevat. Daar is helaas 'n bedroewende gebrek aan belangstelling en ywer ten opsigte van die ewige heil van die kinderwêreld. Die kerk kan alleen baat vind by sy werk as sy Evangeliesaad op die akker van die kindersiel val en daar vrugte dra. Die sielenood roep om 'n verbeterde katkisasiewese in die kerk, huis en skool.

9.3.1.3.2 Tweedens, wat behoort gedoen te word om die Heiland se lammers geestelik te laat wei. Hierdie weiding eis goeie aanloklike weiveld en goeie sorg en organisasie om die kudde bymekaar te hou. "U kommissie het gedink om die volgende aan die hand te gee terwyl hy na rype beraad nog nie bereid is om dadelik 'n 'Algemene Kerklike organisator' aan te beveel nie". Die kommissie was van oordeel dat die bestaande Gereformeerde Kerkstelsel[840] hom goed leen vir doeltreffende katkisasie en organisasie maar dat aandag geskenk moes word aan 'n kursus in kategese, katkiseermeesterseksamen, plaaslike organisasie van die katkisasie, verslae aan die klassis, opdrag aangaande katkisasie aan visitatore, voorligting in Die Kerkblad en jeugkommissies van na-katkisasie.

---

[838] Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Bloemfontein, 23 Maart 1939 e.v.d.

[839] Handelinge 26e Sinodale Vergadering, 1939, Artikel 63, bladsy 57.

[840] Vgl. ds. I.D. Kruger, Ons Katkisasie-stelsel, Het Kerkblad, 1 Junie 1922, jaargang 24, nommer 488, bladsy 10. Vgl. ook Handelinge 26e Sinodale Vergadering, Bloemfontein, 23 Maart 1939, artikel 65, bladsy 54 wat handel oor katkisasie-organisasie.

9.3.1.3.3 Die derde hoofdeel van die rapport handel oor die organiseerder: "Met betrekking tot die daarstelling van 'n algemene Katkisasie-Organisator vir ons Kerk meen ons dat veral praktiese besware in die weg lê vir uitvoering daarvan".

9.3.1.3.3.1 Ten eerste sal daar 'n man losgemaak moet word van sy gemeente of 'n spesiale predikant vir die doel opgelei en aangestel en besoldig word deur die Kerk.

9.3.1.3.3.2 Verder is die uitgestrektheid van die Unie van Suid-Afrika so groot dat een arbeider vir die doel nie genoeg sal wees nie. Sal dit moontlik wees om 'n predikant net vir die kategese af te sonder met die toenemende skaarste aan arbeiders?

9.3.1.3.3.3 Verder is dit die vraag of daar nie ook prinsipiële besware bestaan teen die invoer van so 'n organisator nie.

Nadat die rapport gelewer is, word besluit: "Die Eerwaarde Sinode dring by die kerkrade aan dat hulle hul beywer om, waar moontlik, katkisasiemeesters te vind wat tyd en geleentheid het om hulle spesiaal vir die katkisasiewerk voor te berei. Ook moet noulettend toegesien word op die inrigting van ons katkisasiewese, wat moet beantwoord aan die paedagogiese eise van ons tyd onder andere deur orde, aandag en lewendige belangstelling in die katkisasieklasse te bevorder."[841]

Aan die beskrywingspunt is egter nie gevolg gegee nie, omdat die Sinode geoordeel het dat die bestaande katkisasiestelsel[842] hom goed leen vir doeltreffende organisasie en nadruk is gelê op die taak van die predikant, die kerkraad en die klassis. *Daarom het die Sinode weens beginsel- en praktiese besware nie uitvoering gegee aan die beskrywingspunt vir die daarstel van 'n katkisasie-organisator nie, want dit was volgens die oordeel van die sinode nie nodig nie.*

| |
|---|
| Die 1939 Sinodale Vergadering aanvaar 'n rapport waarin die aanstelling van 'n katkisasie-organisator sterk aanbeveel word, maar tog ook gewys word op moontlik prinsipiële besware teen so 'n aanstelling. Aan die beskrywingspunt is nie gevolg gegee nie. |

### 9.3.2 Tweede beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein insake 'n Katkisasie-organisator

841 Handelinge 26e Sinodale Vergadering, 23 Maart 1939, artikel 63, bladsy 57.

842 Vgl. ds. I.D. Kruger, Ons Katkisasie-stelsel, Het Kerkblad, 1 Junie 1922, jaargang 24, nommer 488, bladsy 10. Vgl. ook Handelinge 26e Sinodale Vergadering, Bloemfontein, 23 Maart 1939, artikel 65, bladsy 54 wat handel oor katkisasie-organisasie.

Ses jaar later,[843] op 4 Desember 1941,[844] kom die kerkraad van Bloemfontein vir 'n tweede keer met 'n beskrywingspunt waarin die Algemene Vergadering beleefd maar dringend versoek word "om so spoedig moontlik voorbereidsels te tref vir die aanstelling van 'n Katkisasie-organisator vir ons kerk". Die beskrywingspunt word deur die kerkraad aanvaar en deurgestuur na die Algemene Sinode waar ds. I.D. Kruger die beskrywingspunt toelig.

In die rapport van die Katkisasiedeputate op die 27e Sinodale Vergadering 1942[845] maak die deputate die volgende aanbeveling: "Dat hierdie deputaatskap deeglik ingaan op die saak van die aanstelling van 'n organisator in verband met die jeugsorg van die kerk en ook met die oog op jeugbewegings." Dit word nie in soveel woorde gesê nie, maar in die saak word terug gegryp na die besluit van 1939[846] en daar word nou gevra vir die uitvoering daarvan. Die sinode beklemtoon die noodsaaklikheid dat die predikant, as die kategeet wat volgens sy roeping die hele verantwoordelikheid van die verbondsonderwys dra, die werk van die katkisasie met sy helpers moet bespreek en hulle sodoende moet voorlig.[847] "Geen gevolg word gegee aan die wenk dat deeglik ingegaan moet word op die saak van die aanstelling van 'n *organisator* in verband met die jeugsorgbewegings nie."[848] Die 1942 sinode het dus die saak van 'n katkisasie-organisator afgestem op grond van prinsipiële besware wat ongelukkig nie in die besluit genoem is nie; praktiese besware wat blykbaar reeds op die vorige sinode onder woorde gebring was en potensiële besware wat ongelukkig ook nie genoem is nie, en wat moeilik agterna vasgestel kan word, omdat 'n potensiële beswaar teen 'n saak kan wissel van persoon tot persoon. "Met die oog op soveel prinsipiële, praktiese en potensiële besware, asook met verwysing na die besluit van die sinode 1939[849] word aan hierdie beskrywingspunt en so ook aan die aanbeveling van die deputate vir katkisasie lesblad in hierdie verband, nie gevolg gegee nie." In elk geval het die Sinode van 1942 'n veel duideliker besluit oor die saak geneem as in 1939 alhoewel dit enigsins botsend was. Op die aanbeveling van die katkisasiedeputate dat deeglik ingegaan word op die saak van die aanstelling van 'n organisator in verband met jeugsorg van die kerk en ook met die oog op jeugbewegings besluit die Sinode: "Geen gevolg word gegee aan die wenk dat deeglik

843 Die eerste besluit was op 21 Desember 1935, die tweede op 4 Desember 1941.
844 Notule van die 79e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS, te Reddersburg op 4 Desember 1941 e.v.d., artikel 55.4.
845 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering, 12 Maart 1942, artikel 54, vi, (g), bladsy 44.
846 "Met hierdie besluit het die Sinode dus 'n rapport aanvaar waarin die samestelling van 'n katkisasie-organisator sterk aanbeveel word, maar tog ook gewys word op praktiese en moontlik prinsipiële besware teen so 'n aanstelling. Die betrokke saak is nie na deputate verwys om die besluit van die Sinode uit te voer nie.
847 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering, 12 Maart 1942, artikel 54, vi, (d), bladsy 44.
848 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering, 12 Maart 1942, artikel 54, vi, (g), bladsy 45.
849 Handelinge van die 26e Sinodale Vergadering, 23 Maart 1939 e.v.d. bladsy 57.

ingegaan word op die saak van die aanstelling van 'n organisator in verband met die jeugsorg van die kerk en ook met die oog op jeugbewegings nie". [850]

| |
|---|
| Die 1942 sinode het die saak van 'n katkisasie-organisator op drieërlei argumente afgestem op grond van<br>(1) *prinsipiële besware*, wat nie in die besluit genoem is nie;<br>(2) *praktiese besware*, wat blykbaar reeds op die vorige sinode, 1939, onder woorde gebring was, en<br>(3) *potensiële besware*, wat ook nie genoem is nie en wat moeilik agterna vasgestel kan word, omdat 'n *potensiële beswaar* teen die saak kan wissel van persoon tot persoon. In hierdie opsig het die 1942 sinode 'n duideliker besluit geneem as die 1939 sinode. |

## 9.4 Die voorbereidende fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie

### 9.4.1 Die 80ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal 25 Februarie 1943

Die jaar na die Sinodale Vergadering in 1942 het die Katkisasie-organisator weer in 1943 ter sprake gekom op die agenda van die 80ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in die OVS en Natal,[851] op 25 Februarie 1943. 'n Kommissie rapporteer aan die Algemene Vergadering: "U kommissie adviseer dat die predikante van Bloemfontein, Reddersburg en Bethulie[852] benoem word as 'n kommissie van pre-advies om verder rapport in te bring op die volgende vergadering oor die saak van 'n Katkisasie-organisator en die reëling van 'n moontlike kombinasie in verband daarmee na aanleiding van die gedagte uitgespreek deur ds. A.S.E. Yssel". Die kommissie het nie aan die volgende Algemene Vergadering 1944 verslag gedoen nie.

850 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering, 12 Maart 1942, artikel 54, vi, (g), bladsy 45.
851 Notule van die 80e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS en Natal op 25 Februarie 1943 e.v.d.
852 Hulle is: dr. J.P. Jooste (Bethulie), ds. I.D. Kruger (Bloemfontein), ds. A.S.E. Yssel (Reddersburg).

### 9.4.2 Die 81ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal, 2 Maart 1944, artikel 43.

Die saak van die Katkisasie-organisator is wéér na die Algemene Vergadering O.V.S. & Natal verwys en het op die agenda van die 81ste Algemene Vergadering van OVS en Natal verskyn, 1944. 'n Deputaatskap "word benoem om met studie voort te gaan, die nodige inligting te verkry, 'n studie van die kerkregtelike aspek daarvan te maak en aan die volgende vergadering te rapporteer". Die kommissie bestaan uit: ds. A.S.E. Yssel, ds. I.D. Kruger en dr. J.P. Jooste (Sameroeper).

### 9.4.3 Die 82ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal, 12 Oktober 1944, artikel 19, bladsy 368.

Die kommissie wat deur die 81ste Algemene Vergadering aangewys is (ds. A.S.E. Yssel, ds. I.D. Kruger en dr. J.P. Jooste), rapporteer 7 maande later op die 82ste Algemene Vergadering van die OVS en Natal op 12 Oktober 1944 oor twee sake: Eerstens oor Katkisasievoorligting[853] en tweedens oor die Katkisasie-organisator.[854] Die eerste aanbeveling van die kommissie van ondersoek handel oor katkisasievoorligting in die algemeen.

"1. Dat die Eerwaarde Algemene Vergadering daartoe oorgaan om deputate te benoem om die katkisasie van die Kerk in die provinsie te behartig en jaarliks rapport daarvan sal lewer aan die Vergadering, met die volgende mandaat:

(a) Om stelselmatig ondersoek in te stel na die toestande van ons katkisasiewese hoofsaaklik deur middel van korrespondensie en waar moontlik deur persoonlike kontak met die kerkrade.

(b) Die opstel van 'n katkisasiebeleid wat vir goedkeuring voor die Eerwaarde Algemene Vergadering gelê sal word voordat dit in die praktyk toegepas word.

(c) Die katkisasiewese van die provinsie gaandeweg te organiseer ooreenkomstig bogenoemde beleid na goedkeuring daarvan.

(d) Die behartiging of toesig tot die behartiging van 'n stelsel van voorligting vir katkisasieonderwysers(esse) soos tans reeds deur die kerkrade van Bloemfontein gedoen word."

853 Notule van die 82e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS en Natal op 12 Oktober 1944 e.v.d., te Bethulie, artikel 28.1.

854 Notule van die 82e Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS en Natal op 12 Oktober 1944 e.v.d., te Bethulie, artikel 28.2.

Punt 2 van die rapport lui: "Dat hierdie deputate in die tussentyd studie maak van alle prinsipiële besware teen 'n voltydse Katkisasie-sekretariaat[855] en die Eerwaarde Algemene Vergadering hieroor te gelegenertyd van rapport sal bedien". Die vergadering het die rapport met dank aanvaar.

### 9.4.4 Katkisasiedeputate besin weer oor 'n organiseerder vir katkisasie

Die moontlikheid van 'n spesiale persoon om die saak van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voltyds te dien het op 23 November 1943 deur 'n geskrewe dokument op die tafel van die Katkisasiedeputate beland.[856] Volgens die notule[857] was deputate uit die Klassis Pretoria aanwesig in die vergadering van die Katkisasiedeputate.[858] Uit die notule kan afgelei word dat die sake waaroor dit vir hulle gegaan het, die volgende was: a) Is die metode van onderwys nog gangbaar op die katkisasie, naamlik die vraag-en-antwoordmetode? b) Die toerusting van die onderwyser vir die saak. c) Die leerplan en d) 'n voorgestelde lesblad waarvan 'n kopie aan die vergadering voorgelê word. Na die toeligting deur die afgevaardigdes van Klassis Pretoria en bespreking van die inhoud in die vergadering besluit die Katkisasiedeputate om 'n kommissie te benoem[859] om op al die sake wat op die tafel was, weer in te gaan, naamlik a) Die lesblad. b) die opleiding van onderwysers. c) voorbereiding vir die nodige handboeke en d) "*aanstelling van 'n katkisasieleraar*". Die kommissie het op 17 November 1944 verslag gelewer aan die Katkisasiedeputate.[860] In enkele sinne rapporteer die kommissie oor (a) die lesblad; (b) die eksamen vir katkisasie-onderwysers; (c) handboeke en (d) die "Katkisasie Leeraar". Al wat by punt (d) genotuleer is, is: "Kommissie beveel die saak aan." In die deputatevergadering van 13 Maart 1947[861] word besluit dat die administrasie van die deputate aan br. N. Venter opgedra word teen 'n vergoeding van £5 per maand. Dit neem die sleurwerk ietwat uit die hande van die deputate.

Dan gebeur daar iets vreemds waarvoor daar nie 'n verklaring is nie. Die saak van 'n voltydse katkisasie-organiseerder word vir bykans 7 jaar, 30 Mei 1945 tot 6 Mei 1952, nie weer deur die

855 Dit is opmerklik dat hier gepraat word van 'n Katkisasie-sekretariaat en nie 'n Katkisasie-organisator nie.

856 In die amptelike notule van die Katkisasiedeputate word by die saak van 'n katkisasieleraar verwys na 'n *bylae* wat nie in die dokumente in die Argief opgespoor kon word nie.

857 Notule Katkisasiedeputate, 22 November 1943, artikel 5.

858 Daar word nie in die notule aangetoon waarom die deputate van klassis Pretoria op die vergadering teenwoordig was nie en ook nie die name van die deputate nie.

859 Prof. dr. J. Chris Coetzee, prof. dr. H.J.J. Bingle en ds. A. Duvenage.

860 Notule Vergadering Katkisasiedeputate, Potchefstroom, 17 November 1944, artikel 4.

861 Notule Vergadering Katkisasiedeputate, Potchefstroom, 13 Maart 1947, artikel 7.

*Katkisasiedeputate* op hulle vergaderings behandel nie.[862] Dit is onverklaarbaar dat die Katkisasiedeputate, ten spyte daarvan dat die Sinodale Vergaderings in die jare oor 'n voltydse sekretariaat handel, dit nie in die vergaderings van die deputate te berde gebring word nie. Plotseling word deur die vergadering van die Katkisasiedeputate op 6 Mei 1952[863] besluit: "Prof. Jooste en ds. I.J. Lessing word as studiekomitee benoem om die kerkregtelike en praktiese kante te ondersoek en aan die volgende vergadering verslag te doen."

## 9.5 Die Sinodale fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie

In hierdie fase van ontwikkeling van die pos van sekretaris vir katkisasie word die hantering van die saak deur verskillende Sinodale Vergaderings nagegaan.

### 9.5.1 Die Sinodale Vergadering 1945[864]

Die Katkisasiedeputate het tydens 'n deputatevergadering[865] die saak van 'n "Katkisasie Leraar" bespreek en besluit om dit weer by die Nasionale Sinode aan te beveel. Uit die besluit van die Deputate blyk dat die saak steeds van aktuele belang was. Daarom het die Deputate in hulle rapport aan die Sinode van 1945[866] weer met die saak gekom. In die rapport word 'n afdeling gewy aan 'n "katkisasieleraar" onder die volgende punte:

9.5.1.1 **Die noodsaaklikheid**

9.5.1.1.1 Die uitbreiding van ons Kerk en ook die uitbreiding van die werk in verband met die dooplidmate.

9.5.1.1.2 Die eise van ons tyd.

9.5.1.2 **Die toekoms van ons Kerk.**

9.5.1.2.1 Die statuskwessie: Dat 'n gemeente gevra word dat sy leraar vrygestel word vir hierdie werk óf op die manier waarop 'n sendingsleraar afgesonder en uitgestuur word, óf op die manier waarop 'n teologiese professor en 'n penningmeester vir die Administratiewe Buro vrygestel word vir 'n bepaalde kerklike werk. Dit te meer omdat die katkisasiewerk 'n spesifieke werk van die predikant is.

---

862 Die vergaderings van die Katkisasiedeputate waartydens nie weer oor die Katkisasie-organiseerder gehandel is nie, is die volgende: 30 Mei 1945, 6 Februarie 1946, 13 April 1946, 13 Maart 1947, 24 September 1947, 5 Mei 1948, 12 April 1949, 22 November 1949, 21 November 1950, 5 Junie 1951, 26 November 1951.

863 Notule Vergadering Katkisasiedeputate, Potchefstroom, 17 November 1944, artikel 4.

864 Handelinge van die 28e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Potchefstroom, 24 Januarie 1945 e.v.d.

865 Notule van die vergadering van die Deputate vir Katkisasie, 17 November 1944, te Potchefstroom, artikel 4(d).

866 Handelinge 28e Sinodale Vergadering, 24 Januarie 1945, artikel 92 & 170, bladsy 123, 1945.

9.5.1.3 **Mandaat**

9.5.1.3.1 Voltydse behartiging van die belange van die kategese, volgens besluit van die Sinode van 1942.[867]

9.5.1.3.2 Om as sekretaris te dien van die Algemene Sinodale Deputate vir katkisasie.

9.5.1.3.3 Die mandaat kan nader uitgewerk word indien die deputate op hierdie saak wil ingaan.

9.5.1.4 **Katkisasielesblad** met die nodige toeligting van die katkisasielesse, vereis organisasie en behoort by die werk van hierdie Deputaatskap, wat dit soveel beter kan behartig deur 'n vaste sekretaris.

9.5.1.5 **Die geldelike kant** van die saak – 'n konsepberaming:

9.5.1.5.1 Inkomste: Elke gemeente dra vir sy katkisasie jaarliks by £1, d.i. £131; die katkisasiekinders dra 3s per Sondag vir 37 Sondae in die jaar by (gemiddeld), £727, makende 'n totaal van £858.

9.5.1.5.2 Uitgawe: Traktement per jaar, £500; woningtoelae per jaar, £120; reistoelae per jaar, £100; kantoor (benodigdhede en hulp), £130; totaal £850.

Die Sinode het egter by die besluit van 1942 gebly[868] "om dieselfde prinsipiële, praktiese en potensiële besware". Die saak is dus van die hand gewys en die deputate is selfs daarop gewys dat "hierdie deel van hulle rapport nie langs die regte kerkregtelike kanale hier gebring is nie".[869] "Uit artikel 46 Kerkorde (die ondergrond van die besluit van 1945) is dit duidelik dat hierdie saak nie weer op 'n sinodale tafel kon kom nie, tensy uitdruklik gevoel was dat die besluite van 1939 en 1942 herroep moes word. So is die saak nie weer ter tafel gebring nie, met die gevolg dat die *besluite van bogenoemde drie sinodes steeds geldig gebly het*. Selfs al sou 'n latere sinode (bv. 1955) besluit het om 'n Katkisasie-organiseerder te benoem, verval die geldigheid van daardie besluit, sodra bewys is dat die vorige besluite teen die benoeming nie herroep is nie. (Art. 46 KO)."[870]

Drie Sinodale Vergaderings het reeds 'n uitspraak gemaak:

867 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering, 12 Maart 1942, artikel 54, punt IV (iii), bladsy 33.

868 Handelinge 27e Sinodale Vergadering 1942, bladsy 29. Vgl. ook Handelinge 26e Sinodale Vergadering, 1939, artikel 48, bladsy 57.

869 Handelinge 28e Sinodale Vergadering, 1945, Artikel 92 & 170, Punt 3(b), bladsy 123.

870 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom, 22 Januarie 1958 e.v.d. punt d, bladsy 343.

Die **1939** sinode het 'n rapport aanvaar waarin die aanstelling van 'n katkisasie-organisator sterk aanbeveel word, maar tog ook gewys word op moontlike prinsipiële besware teen so 'n aanstelling. Aan die beskrywingspunt is nie gevolg gegee nie.

Die **1942** sinode het die saak van 'n katkisasie-organisator afgestem op grond van *prinsipiële besware*, wat nie in die besluit genoem is nie; *praktiese besware*, wat blykbaar reeds op die vorige sinode, 1939, onder woorde gebring is, en *potensiële besware*, wat ook nie genoem is nie en wat moeilik agterna vasgestel kan word, omdat 'n *potensiële beswaar* teen die saak kan wissel van persoon tot persoon en van tyd tot tyd. In hierdie opsig het die 1942 sinode 'n duideliker besluit geneem as die 1939 sinode.

Die **1945** sinode het, wat die saak van 'n katkisasie-organisator betref, gebly by die sinodebesluit van 1942. Die saak kan nie verander word nie, alvorens die besluite van 1939 en 1942 herroep word. Kerkordelik kon die saak van die katkisasie-organisator eintlik nie weer op die sinode van 1945 gekom het nie. Dit was nie vir die sinode nodig om 'n uitspraak te maak nie.

### 9.5.2 Die 83ste Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in OVS & Natal 7 Maart 1946

Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die OVS & Natal[871] ontvang 'n rapport van hulle deputate:[872] ds. A.L. Aucamp, ds. B.J. de Klerk en dr. J.P. Jooste oor die katkisasiebelange van die OVS. Punt G van die rapport behandel *prinsipiële besware teen 'n voltydse katkisasie-sekretariaat.* In die rapport word getuig: "Die sinode van 1945 het in sy besluit oor die sogenaamde katkisasie-leraar, blykens sy vorige besluit, om dieselfde prinsipiële, praktiese en potensiële besware gehandhaaf". Wat die prinsipiële besware is, word nie gesê nie. Die 26ste Sinodale Vergadering van 1939 besluit: "Verder is dit die vraag of daar nie ook prinsipiële besware bestaan teen die invoering van so 'n organisator nie." 'n Ope vraag dus.

871 Handelinge 83e Algemene Vergadering van die OVS & Natal, 7 Maart 1946 e.v.d. te Bethulie, punt G.

872 Deputate aangewys deur die 82e Algemene Vergadering OVS te Bethulie, 12 Oktober 1944 e.v.d.

Vermoedelik staan die besware in verband met die *status* van so 'n leraar. "Die deputate is van oordeel dat daar geen prinsipiële besware teen ingebring kan word nie as so 'n leraar geëmeriteer word of aan 'n kleinere gemeente verbind word nie."[873]

### 9.5.3 1e Partikuliere sinode van die Gereformeerde Gemeentes in O.V.S. & Natal 6 Maart 1947[874]

Die 1e Partikuliere sinode O.V.S. & Natal 1947[875] behandel 'n rapport van die jeugdeputate waarin oor die belangrike saak van die voltydse katkisasiesekretariaat gerapporteer word:

> "U deputate wil graag opnuut ons Gereformeerde standpunt beklemtoon dat verbondsonderwys die spesifieke taak van die leeramp is en daarom deur die bedienaar van die Woord behartig moet word. Verder is dit die roeping en plig van die plaaslike kerkraad om te waak oor die onderrig en toe te sien dat alle verbondskinders dit ontvang. Kom daar egter sake van gemeenskaplike aard vir die kerkverband voor, moet die ou beproefde weg gevolg word soos neergelê in ons kerkorde, deur deputate daarmee te belas (vgl. artikel 49 kerkorde). In gedagte moet onthou word dat deputate geen amptelike funksie uitoefen nie, maar kerklike hulpdiens bied (vgl. Jansen: Korte verklaring p. 215 vv. en Voetius: Pol. Eccl. III:527). Mag dit egter noodsaaklik blyk dat 'n broeder wat vir die leraarsamp opgelei is met hierdie taak voltyds belas moet word dan kan daar geen prinsipiële beswaar teen ingebring word nie as dit geskied langs die ordelike weg soos deur die kerkorde in artikels 7, 13 en 14 aangedui word. Trouens met die benoeming van 'n sekretaris-penningmeester van die Administratiewe Buro het ons kerk hierin vir ons 'n duidelike voorbeeld gestel."

Die saak word breed bespreek en twee voorstelle kom ter tafel:

(i) Dr. J.M. de Wet en ds. J.L. van der Merwe stel voor dat paragrawe 1 en 2 aanvaar word en dat paragraaf 3 vanaf "mag dit egter noodsaaklik blyk" tot "'n duidelike voorbeeld gestel" geskrap word.

---

873 Vgl. artikel 7 en 13 Kerkorde.

874 1e Partikuliere sinode van die Gereformeerde Gemeentes in O.V.S. & Natal in sitting te Ladybrand op 6 Maart 1947.

875 1e Partikuliere sinode van die Gereformeerde Gemeentes in O.V.S. & Natal, 6 Maart 1947, Ladybrand, artikel 5, Bylaag 4.

(ii) Ds. L.S. van der Walt en ouderling J.F. Klopper stel voor dat die punt van die rapport wat die beginsel betref, aangeneem word en die saak teruggewys word na die deputate vir verdere studie wat die praktyk betref.

Voorstel 1 word met meerderheid van stemme aangeneem sodat die besluit van die vergadering soos volg lui:

1) "U deputate wil graag opnuut ons Gereformeerde standpunt beklemtoon dat verbondsonderwys die spesifieke taak van die leeramp is en daarom deur die bedienaar van die Woord behartig moet word. Verder is dit die roeping en plig van die plaaslike kerkraad om te waak oor die onderrig en toe te sien dat alle verbondskinders dit ontvang.
2) Kom daar egter sake van gemeenskaplike aard vir die kerkverband voor, moet die ou beproefde weg gevolg word soos neergelê in ons kerkorde, deur deputate daarmee te belas (vgl. artikel 49 kerkorde). In gedagte moet onthou word dat deputate geen amptelike funksie uitoefen nie, maar kerklike hulpdiens bied. (vgl. Jansen: Korte verklaring p. 215 vv. en Voetius: Pol. Eccl. III:527)."

In 'n tweede rapport deur deputate wat deur die Partikuliere sinode aangewys is om "'n studie te maak van alle prinsipiële besware teen 'n voltydse katkisasie-sekretariaat" word gerapporteer:

"Die Sinode van 1945 het in sy besluit oor die sogenaamde katkisasie-leraar, blykens die handelinge, artikel 92 en 170, bladsy 125, sy vorige besluite (kyk artikel 48, handelinge 1942, bladsye 29 en 57 handelinge 1939) om dieselfde prinsipiële, praktiese en potensiële besware gehandhaaf."

Wat die prinsipiële besware is, word nie gesê nie. 'n Sin tussen hakies in die besluit van 1939 lui: "Verder is dit die vraag of daar nie ook prinsipiële besware bestaan teen die invoering van so 'n organisator nie." 'n Ope vraag dus. Vermoedelik staan die besware in verband met die status van so 'n leraar. U deputate is van oordeel dat daar geen prinsipiële besware teen ingebring kan word nie as so 'n leraar geëmeriteer word of aan 'n kleinere gemeente verbind word (Artikel 6 & 13 kerkorde).

### 9.5.4 Die 30e Sinodale Vergadering van 26 Januarie 1949[876]

Op die Sinode van 1949 was die saak van 'n katkisasie-organisator as sodanig nie weer ter sprake nie. Die Katkisasiedeputate het egter breedvoerig gerapporteer oor die blad vir katkisasie-voorligting, *Die Gereformeerde Katkisant*. In sy besluit het die Sinode die volgende belangrike bewering in sake die redaksie van die blad vasgelê: "Die Sinode voel dat dit te veeleisend is om te verwag dat hierdie werk deur die Deputaatskap gedoen moet word en stel in vooruitsig dat die dag mag aanbreek wanneer hierdie werk aan 'n persoon, afgesonder vir hierdie diens, opgedra mag word."[877] Verder het hierdie Sinode aan die te benoeme Deputate opgedra "om die moontlikheid en wenslikheid van die daarstelling van 'n standaardwerk vir die onderrig van die gewyde geskiedenis te oorweeg en dat die Deputaatskap geskikte persone moet vind wat gewillig sou wees om so 'n taak te onderneem".[878]

### 9.5.5 Die rapport aan die 31e Sinodale Vergadering van 22 Januarie 1952[879]

In die rapport[880] aan die Sinodale Vergadering van 1952 het die Katkisasiedeputate die gewone gang van sake gerapporteer en in verband met die "standaardwerk vir onderrig van gewyde geskiedenis"[881]genoem dat nog geen persoon gevind kon word vir die opstel van so 'n werk nie. In die rapport is geen woord gerep van 'n katkisasie-organiseerder nie. Tog vind ons in die besluit van die Sinode oor hierdie saak die volgende: "*Insake benoeming van organiseerder vir katkisasies*"[882]: Die eerwaarde Sinode 1952 word daarop gewys dat hierdie saak reeds in beginsel deur die Sinode van 1949 *goedgekeur* is. In 1949 is besluit: "U kommissie voel dat dit veeleisend is om te verwag dat hierdie werk deur die Deputaatskap gedoen moet word en stel in die vooruitsig dat die dag mag aanbreek wanneer hierdie werk aan 'n persoon afgesonder vir hierdie diens, opgedra mag word."[883] Hieruit maak die kommissie, as die sinode dit goedkeur, die afleiding dat dit 'n *beginselbesluit* is vir die afsondering van 'n spesiale persoon om die katkisasiewerk op sinodale vlak te hanteer.

---

876 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Potchefstroom, 26 Januarie 1949 e.v.d.

877 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering 1949, artikel 152, punt 4 (b), bladsy 283.

878 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering 1949, artikel 152, punt 10, bladsy 284.

879 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Potchefstroom, 22 Januarie 1952 e.v.d.

880 Die volledige rapport is te vind in die notuleboek van die Katkisasiedeputate by die notule van die vergadering van 5 Junie 1951.

881 Handelinge 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 32.10, bladsy 50.

882 Handelinge 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 152.14 (ii), bladsy 53.

883 Handelinge 30e Sinodale Vergadering 1949, artikel 152, 4 (b), bladsy 283.

"Die eerwaarde Sinode 1952 besluit egter nou om aan die Deputaatskap op te dra om te ondersoek (a) op watter wyse volgens kerkorde hieraan uitvoering gegee kan word, (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwesenlik kan word."[884] Hieruit maak die kommissie 'n volgende afleiding dat die afsondering van 'n spesiale persoon om die katkisasiewerk op sinodale vlak te hanteer bloot met die kerkorde gerym moet word en die praktiese faset van so 'n persoon vasgestel moet word. Die Sinode het enersyds besluit op 'n voltydse skrywer ten opsigte van die standaardwerk vir die openbaringsgeskiedenis en andersyds besluit op die organiseerder vir Katkisasie. Sou dit 'n vergissing wees?

### 9.5.6 Die Katkisasiedeputate voer die sinode se besluite uit

Die Katkisasiedeputate het Mei 1952, na die Sinodesitting van Januarie 1952, aandag aan die saak van 'n Organiseerder vir Katkisasie geskenk[885] in die besonder die opdrag van die Sinodale Vergadering aan die katkisasiedeputate. [886] Prof. dr. J.P. Jooste en ds. I.J. Lessing is as studiekomitee benoem om die kerkregtelike en praktiese kante te ondersoek ten opsigte van 'n voltydse organiseerder vir katkisasie en op die volgende vergadering verslag te doen. Die studiekomitee het nie 'n verslag gereed gehad vir die Deputatevergadering van 5 Mei 1953 nie[887] en ook nie vir die vergadering van die katkisasiedeputate van 5 Mei 1954[888] nie. "Dit word verwag by die vergadering in November en sal dan as 'n byvoegsel by die rapport aan die Algemene Sinode gevoeg word." Die Katkisasiedeputate vergader weer op 16 November 1954 en die studiekomitee rapporteer by monde van prof. dr. J.P. Jooste.[889] Wat die skriftelike rapport[890] van die studiekomitee betref, word besluit: Punt 1: Dit word aanvaar met die invoeging van die woorde "of tydelik" na deeltyds. Punt 2 word vervang met: "Indien die Algemene Sinode die eerste punt van die rapport aanvaar, sal die Deputaatskap gereed wees om

884 Handelinge 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 152, 4 (a) en (b): bladsy 282. Die besluit van 1949 waarheen verwys word, is dié aangaande 'n voltydse Redakteur vir Die Gereformeerde Katkisant. "Die eerwaarde Sinode is oortuig daarvan dat hierdie blad in 'n werklike behoefte voorsien en besluit om die werk van die Deputaatskap te bestendig. Verder stel die eerwaarde Sinode alle poginge in die werk om *Die Gereformeerde Katkisant* in elke huisgesin te bring. Die eerwaarde Sinode wil sy opregte dank betuig vir die gereelde uitgawes van *Die Gereformeerde Katkisant* en vir die werk van die redaksie-kommissie. Hierdie werk moet voortgaan. U kommissie voel dat dit veeleisend is om te verwag dat hierdie werk deur die Deputaatskap gedoen moet word en stel in die vooruitsig dat die dag mag aanbreek wanneer hierdie werk aan 'n persoon afgesonder vir hierdie diens, opgedra mag word."

885 Notule Deputaatskap vir Katkisasie en Jeugsorg, 6 Mei 1952, artikel 11.

886 "Insake benoeming van organiseerder vir katkisasies: Die eerwaarde Sinode word daarop gewys dat hierdie saak reeds in beginsel deur die Sinode van 1949 goedgekeur is. Die eerwaarde Sinode besluit egter nou om aan die Deputaatskap op te dra om te ondersoek (a) op watter wyse volgens kerkorde hieraan uitvoering gegee kan word, (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwesenlik kan word." Handelinge 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 152.14 (ii), bladsy 53.

887 Notule Deputaatskap vir Katkisasie en Jeugsorg, 5 Mei 1953, artikel 11.

888 Notule Deputaatskap vir Katkisasie en Jeugsorg, 5 Mei 1954, artikel 6.

889 Notule Deputaatskap vir Katkisasie en Jeugsorg, 16 November 1954, artikel 5.

890 Ongelukkig is die skriftelike rapport nie in die argief bewaar nie en is die navorser net aangewys op die weergawe van die notule van die Katkisasiedeputate wat nie omvattend geformuleer is nie.

aanvullend te rapporteer oor die uitvoerbaarheid daarvan." Prof. dr. J.P. Jooste, prof. dr. H.J.J. Bingle en ds. I.J. Lessing word opgedra om die aanvullende rapport vir die Algemene Sinode in gereedheid te bring.

### 9.5.7 Die rapport aan die Sinodale Vergadering van 1955[891]

Die behandeling van die rapport van die Katkisasiedeputate en alle sake rakende die kategese bestaan uit ses dele volgens die Handelinge, 1955, bladsye 105-115.

1. Die gewone rapport van die Deputaatskap (punt a, bladsye 105-107).
2. Die aanvullende rapport (punt b, bladsye 107-108).
3. Die beskrywingspunte (punt c, bladsy 108).
4. Die rapport van Kommissie IV (punt d, bladsye 108-110).
5. Die besluit van die Sinode (punt e, bladsye 110-112).
6. Die saak van Diplomas vir katkisasiekinders (Artikel 236, bladsye 112-115).

#### 9.5.7.1 Die inhoud van punt 1 van die rapport van die Deputaatskap aan die Sinodale Vergadering 1955[892]

Die rapporteur, ds. C.E. Malan, rapporteer oor die volgende werksaamhede van die Katkisasiedeputate: Die lesblad, Diplomas, Die Gereformeerde Katkisant, Bybelkenniseksamen, verspreiding van gesonde leesstof, leidrade vir jongeliedeverenigings, standaardwerk gewyde geskiedenis, bydrae vir die PU vir CHO, Kerkgeskiedenis en Jeugsorg.[893]

#### 9.5.7.2 Aanvullende rapport oor die katkisasie-organiseerder[894]

Dit is begryplik dat die Deputaatskap in die uitvoering van sy opdragte op 'n ***vergissing*** gestuit het en daarom in 'n aanvullende rapport die saak soos volg gestel het: "Na aanleiding van die opdrag van die Sinode 1952[895] wens u Deputaatskap soos volg te rapporteer:

"U Deputaatskap is vas oortuig dat die besluit van die Sinode van 1952[896] 'n foutiewe vertolking gee van die besluit van die Sinode van 1949,[897] naamlik dat die Sinode die benoeming van 'n

891 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom, 26 Januarie 1955 e.v.d.
892 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel 125a, bladsy 105.
893 Die inhoud van hierdie rapport na sy onderdele word in 'n volgende hoofstuk behandel.
894 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel 125b,bladsy 107.
895 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 251, Punt 14 ii, bladsy 53.

organiseerder vir die katkisasies in 1949 in beginsel goedgekeur het." Die punt waarna in 1949 verwys word, handel oor *'n redakteur vir Die Gereformeerde Katkisant. "Die eerwaarde Sinode wil sy opregte dank betuig vir die gereelde uitgawes van Die Gereformeerde Katkisant en vir die werk van die redaksie-kommissie. Hierdie werk moet voortgaan. U kommissie voel dat dit veeleisend is om te verwag dat hierdie werk deur die Deputaatskap gedoen moet word en stel in die vooruitsig dat die dag mag aanbreek wanneer hierdie werk aan 'n persoon, afgesonder vir hierdie diens, opgedra mag word."* Dit is duidelik uit die formulering van die besluit dat "*hierdie werk*", heenwys na "*Die Gereformeerde Katkisant*" en in die besonder na 'n *Redakteur vir Die Gereformeerde Katkisant.* Dit gaan nie hier om 'n persoon wat afgesonder word vir die saak van die kategese in die algemeen nie, met ander woorde 'n katkisasie-organiseerder of sekretaris vir die kategese nie, dit gaan nét om die moontlike aanstelling van 'n redakteur vir Die Gereformeerde Katkisant. "Wat punt 5b betref,[898] kom die volgende amendement van ds. H.F.V. Kruger – oudl. J. de Bruin tot stemming: Die Sinode neem punt 5b nie aan nie en bly by sy besluit van die Sinode van 1952."[899] Die amendement word verwerp. Punt 5b word aangeneem. 'n Tweede amendement word nie aanvaar nie:[900] Ds. L.J. Botha en ds. B. Spoelstra stel die volgende amendement voor: "Die Deputaatskap word opgedra om die uitvoerbaarheid van die aanstelling van 'n voltydse hoofredakteur vir die *Gereformeerde Katkisant* staande hierdie Sinode voor te lê." Hierdie amendement word ook verwerp.

### 9.5.8 Beskrywingspunt Klassis Potchefstroom[901]

Voor die Sinode het 'n beskrywingspunt van die Klassis Potchefstroom gedien. Dit lui: "Die Klassis Potchefstroom versoek die eerwaarde Algemene Sinode om onverwyld oor te gaan tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris vir die uitvoering van die algemene beleid in verband met die katkisasie." (Ds. P.W. Buys en dr. S.C.W. Duvenage het die beskrywingspunt toegelig.) Indien daar uit die rapport van die deputate nie aanleiding sou wees om oor die katkisasie-

---

896 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 251, Punt 14 ii, bladsy 53. "Insake benoeming van organiseerder vir katkisasies: Die eerwaarde Sinode word daarop gewys dat hierdie saak reeds in beginsel deur die Sinode van 1949 goedgekeur is. Die eerwaarde Sinode besluit egter nou om aan die Deputaatskap op te dra om te ondersoek (a) op watter wyse volgens kerkorde hieraan uitvoering gegee kan word, (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwesenlik kan word."

897 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering 1949, artikel 152, punt 4b, bladsy 282. "Die eerwaarde Sinode wil sy opregte dank betuig vir die gereelde uitgawes van Die Gereformeerde Katkisant en vir die werk van die redaksie-kommissie. Hierdie werk moet voortgaan. U kommissie voel dat dit veeleisend is om te verwag dat hierdie werk deur die Deputaatskap gedoen moet word en stel in die vooruitsig dat die dag mag aanbreek wanneer hierdie werk aan 'n persoon, afgesonder vir hierdie diens, opgedra mag word."

898 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering, 26 Januarie 1955, rtikel 125, punt 5b, bladsy 110.

899 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering 1952, punt 7(ii), bladsy 52.

900 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, bladsy 111.

901 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel 125, c.2. bladsy 108.

organisator te besluit nie, gee die beskrywingspunt van klassis Potchefstroom nou die geleentheid.

Die deputate is van oordeel dat dit noodsaaklik is dat die Sinode hom eers duidelik uitspreek ten opsigte van die beginsel van 'n organiseerder vir die katkisasies voordat hy verder uitvoering gee aan die opdragte van die Sinode van 1952. Eers as die Sinode die beginsel van 'n voltydse organiseerder vir katkisasie aanvaar, kan van die Sinode goedkeuring gevra word om 'n persoon te benoem om die aanvoorwerk vir die organisasie in oorleg met die Deputaatskap te onderneem. Die wyse waarop die organisasie van die katkisasie gedoen moet word, kan deur die Deputaatskap vasgelê en in die kerklike lewe getoets word. Indien die Sinode die saak in verband met 'n voltydse organiseerder aanvaar, "sal die Deputaatskap gereed wees om aanvullend te rapporteer oor die uitvoerbaarheid daarvan".[902]

Hierdie rapport van die Deputate hou rekening met die geskiedenis van die saak waaruit geblyk het dat daar prinsipiële, praktiese en potensiële besware teen die benoeming van so 'n voltydse organiseerder bestaan.

### 9.5.9 'n Organiseerder vir kategese word goedgekeur

Daar is twee sake op die tafel, naamlik eerstens die benoeming van 'n **organiseerder** (volgens die aanvullende rapport van die Katkisasiedeputate[903]) en tweedens die benoeming van 'n voltydse **sekretaris** "*om die algemene beleid in verband met die katkisasie uit te voer*" (volgens die beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom[904]).

Dit hou onder andere in die Sinode se ***goedkeuring*** van 1952 se besluit. Punt a van hierdie besluit kom daarop neer dat die Sinode nou die beginsel van 'n katkisasie-organiseerder goedkeur. Ons sou verwag dat die rapport van die Deputaatskap oor die opdragte van die vorige Sinode in behandeling geneem sou word. Veral waar punt 2 van hulle aanvullende rapport lui: "Indien hierdie Sinode bogenoemde punt aanvaar, sal die Deputaatskap gereed wees om aanvullend te rapporteer oor die uitvoerbaarheid daarvan." Die rapport van die Kommissie oor punte 2 en 4 word aanvaar.

#### 9.5.9.1 Die uitvoerbaarheid van so 'n aanstelling

902 Notule Katkisasiedeputate, 16 November 1954, Potchefstroom, artikel 5.
903 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel 125, beskrywingspunt, bladsy 107.
904 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel125, c.2. bladsy 108.

Die aanvullende rapport oor die uitvoerbaarheid van die aanstelling bevat die finansiële sy daarvan. Van die finansies word ook gesê: "Verder is u Kommissie van oordeel dat dit aan die Deputaatskap vir Katkisasie en jeugsorg opgedra moet word om na besluit van die Sinode alle sake in hierdie verband noukeurig na te gaan voordat oorgegaan word tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris, soos reeds in beginsel deur die eerw. Sinode besluit." Hierdie rapport oor die finansiële aspekte is na die finansiële kommissie van die Sinode verwys.[905] Die finansiële aspek van die organiseerder vir katkisasie is deur die Sinode goedgekeur. "Die rapport word verder in sy geheel aanvaar."[906]

#### 9.5.9.2 Die mandaat

Die Sinode besluit:

a. Die sinode bevestig die besluit van die Sinode van 1952[907] dat aan die Deputaatskap opgedra word om te ondersoek (a) op watter wyse volgens kerkorde hieraan (die saak van die katkisasie-sekretaris/organiseerder) uitvoering gegee kan word, (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwesenlik kan word

b. afgesien van die sinodebesluit van 1949.[908]

| |
|---|
| ***Die sinode het op Woensdagoggend 9 Februarie 1955, in die ses-en-twintigste sitting, in beginsel besluit dat 'n voltydse sekretaris vir katkisasie benoem kan word en ook besluit om sekere finansiële voorsiening vir hierdie aanstelling te maak.*** |

Dit lê dus heeltemal in die lyn van die besprekings en besluite van die sinode dat die katkisasiedeputate opdrag ontvang het om so 'n sekretaris te benoem, alhoewel daar van so 'n opdrag of mandaat verder hoegenaamd niks in die handelinge vermeld word nie.

## 9.6 Die realiserende fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie

### 9.6.1 Aanstelling van 'n voltydse sekretaris

905 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955. artikel 196 bladsy 112.

906 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955. artikel 240, punt a 6, bladsy 358, punt b (4), bladsy 359.

907 "*Insake benoeming van organiseerder vir katkisasies*: Die eerwaarde Sinode word daarop gewys dat hierdie saak reeds in beginsel deur die Sinode van 1949 goedgekeur is. Die eerwaarde Sinode besluit egter nou om aan die Deputaatskap op te dra om te ondersoek (a) op watter wyse volgens kerkorde hieraan uitvoering gegee kan word, (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwesenlik kan word."

908 Handelinge 30e Sinodale Vergadering 1949, artikel 152, 4 (b), bladsy 283. "Die Sinode voel dat dit te veeleisend is om te verwag dat hierdie werk deur die Deputaatskap gedoen moet word en stel in vooruitsig dat die dag mag aanbreek wanneer hierdie werk aan 'n persoon, afgesonder vir hierdie diens, opgedra mag word."

Op dieselfde dag dat die sinode die besluit oor die katkisasie-sekretaris geneem het, vergader die katkisasiedeputate en begin werk maak van die aanstelling van 'n voltydse sekretaris. "Die saak in verband met die benoeming van 'n sekretaris vir die katkisasie werk volgens die besluit van die Algemene Sinode 1955, word na 'n subkommissie verwys bestaande uit ds. C.E. Malan (Sameroeper), ds. I.J. Lessing en prof. dr. H.J.J. Bingle[909] om volgens advies van die Sinode[910] alle sake in hierdie verband noukeurig te ondersoek en van hulle bevinding te rapporteer." Die subkommissie het op die vergadering van die katkisasiedeputate van 12 April1955 rapport uitgebring[911] ten opsigte van:

(a) Finansiële aspekte van die aanstelling.

(b) Die pligte van die sekretaris.

(c) Die metode van aanstelling, naamlik deur beroeping.

(d) Aanvaarding van die beroep sal beteken dat die beroepene by sy kerkraad en klassis aansoek doen om emeritering na analogie van artikel 13 Kerkorde.

Die sekretaris is op 12 April 1955 op die vergadering van die katkisasiedeputate beroep: [912] Die Deputaatskap gaan nou oor tot die ***benoeming van 'n voltydse sekretaris***. Nadat die vereistes genoem is, is sewe broeders predikante voorgestel waaruit, na deeglike bespreking, met volstrekte meerderheid van stemme dr. K.S. van Wyk de Vries van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid gekies is. Die nodige stukke is in orde gebring en aan hom gestuur.[913]

Die volgende beroepsbrief is opgestel:

"Weleerwaarde Heer,

Die Deputaatskap vir Katkisasie wat van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk van 1955 las ontvang het om 'n voltydse Sekretaris vir die Deputaatskap te benoem het daartoe vergader op 12 April 1955 te Linden.

Nadat die Deputaatskap hom vergewis het van die vereistes aan hierdie amp verbonde, het hy onder aanroeping van die Naam van die Here u benoem tot voltydse Sekretaris van die Deputaatskap vir Katkisasie op sodanige traktement, emolument en emeritaatsgelde soos deur die Sinode bepaal en soos in die byvoegsel by hierdie beroepsbrief mede vermeld is.

---

909 Notule Deputaatskap vir Katkisasie, 9 Februarie 1955, artikel 5.

910 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel 125, bladsy 111.

911 Die geskrewe rapport kon nie in die argief opgespoor word nie. Uit die Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering 22 Januarie 1958, artikel 125.II.1.f.2, bladsy 335 kon die inhoud van die rapport vasgestel word.

912 Notule Deputaatskap vir Katkisasie, 12 April 1955, artikel 5.

913 Notule Deputaatskap vir Katkisasie, 12 April 1955, artikel 5.

Dit is vir die Deputaatskap aangenaam om hierdie benoeming hiermee offisieel onder u aandag te bring in die vaste vertroue dat u dit sal opvolg.
Met betrekking tot u diens word die volgende pligte tot u kennis gebring:

(a) Alle werk wat die Deputaatskap u as sy Sekretaris regtens mag oplê.

(b) Onder andere sluit u pligte in:

  (i) Die redigering van die Gereformeerde Katkisant: opstelling, persklaarmaak, proeflesing ens.

  (ii) Die opstelling van handboeke vir die katkisasie volgens die eise van die Deputaatskap.

  (iii) Die uitvoering van die beleid van die Deputaatskap.

(c) Die pligte onder b genoem, sal nougesette studie van u kant vereis van die probleme van die joernalistiek en van die kategetiese onderrig sodat u die nodige leiding in hierdie verband kan gee.

(d) U moet ook bereid wees om op uitnodiging gemeentes te besoek om behulpsaam te wees met voorligting.

(e) Benewens u redaksionele pligte het u ook organisatoriese pligte.

(f) U sal op Potchefstroom moet woon.

Die deputaatskap het twee adviseurs vir u benoem.[914] Met betrekking tot emeritering geld die sinodale bepalings wat reeds gemaak is of nog in die toekoms gemaak sal word.
Ons bede is dat die Here onse God u mag lei by die oorweging van hierdie ernstige roeping en aan u die vrymoedigheid mag gee om dit te aanvaar en u tot ryke seën mag stel vir ons Kerk."

Dit blyk dat die deputaatskap in sy vergaderings en optrede steeds praat van die "voltydse Sekretaris" en nie van "organiseerder" nie. Dit is waar dat die beroeping deur die deputaatskap aanvanklik bekendgestel is oor die radio en ook in Die Kerkblad as die beroeping van 'n "organiseerder", maar dit was 'n fout.

### 9.6.2 Die optrede van die deputaatskap aan die mandaat getoets[915]

Die deputaatskap het vir die onmiddellike aanstelling van 'n voltydse sekretaris na afloop van die sinode van 1955, die volgende goeie grond gehad:

914 Prof. dr. H.J.J. Bingle, prof. dr. J.P. Jooste

915 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1958, artikel 126.II.3, bladsy 337. Hierdie uiteensetting is moontlik 'n deel van dr. K.S. van Wyk de Vries se voorlegging aan die sinode 1958, bladsy 330-341, punt II.

1. 'n Beginselbesluit van die sinode dat daar geen beswaar is teen die aanstelling van 'n organiseerder nie.
2. 'n Beginselbesluit dat oorgegaan word tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris.
3. 'n Besluit waarvolgens geldelike voorsiening vir so 'n aanstelling gemaak word. Omdat hierdie voorsiening minder is as wat deur die deputaatskap voorgestel is en aangesien die sinode tog van gevoele was dat 'n weg vir meerdere voorsiening gevind moes word, het die deputaatskap ook opdrag ontvang om, indien nodig, vrywillige bydraes van die gemeentes te vra.
4. Opdragte aan die deputaatskap betreffende handboeke, omvorming van Die Gereformeerde Katkisant in 'n leesblad, hersiening van die "Rooi- en Blouboekie", alles sake wat in die besprekings op die betrokke kommissie en op die volle Sinode spesifiek genoem is as werksaamhede wat aan 'n voltydse Sekretaris opgedra kan word, aangesien die werksaamhede te omvangryk vir deeltydse behartiging geword het.
5. Die oortuiging by al die lede van die deputaatskap op sy eerste vergadering direk na die sitting van die sinode, dat daar niks in die weg van so 'n benoeming staan nie en dat die genoemde besluite van en besprekings op die sinode inderdaad ook ingehou het volle mandatering vir die optrede van die deputaatskap.

Dit is wel so dat op die besluit van die sinode in sake die finansiële voorsiening, soos dit deur die betrokke kommissie aanbeveel en deur die sinode goedgekeur is, 'n formele opdrag aan die deputaatskap om so 'n benoeming te maak, moes volg. Dat dit egter nie gevolg het nie, moet as 'n versuim beskou word waarvoor die moderamen en voorts die hele sinode die verantwoordelikheid moet dra. Dat hierdie versuim egter die hele besluit en die implikasies daarvan ongedaan sou maak, kan nie vir 'n oomblik toegegee word nie; en dat op grond van hierdie versuim beweer sou kon word dat die deputaatskap geen reg, geen mandaat, sou hê om tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris oor te gaan nie, sou 'n negering van die genoemde besluite en opdragte en besprekings inhou en sou die sinode, as eerwaarde vergadering, te na kom en enigsins belaglik maak.

Met volkome reg het die deputaatskap derhalwe met die benoeming voortgegaan en kan met die grootste stelligheid beweer word dat sy optrede en die werk van die beroepe sekretaris reeds ryke vrug dra en kan getuig word van besondere seëning.

### 9.6.3 Die saak van voltydse sekretaris prinsipieel getoets

9.6.3.1 Die beginsel dat sekere predikante op 'n sekere wyse van die aktiewe diens in gemeentes losgemaak word sodat hulle "in algemene diens van die kerk" werksaam kan wees, is reeds op die sinode van Dordtrecht in 1618/1619 gestel en erken, hoewel in die kerkorde enigsins onbevredigende reëling van die status van sulke predikante gemaak is. Hierdie saak is steeds aan artikel 13 kerkorde en gedeeltelik ook artikel 14 kerkorde verbind en by wyse van sinodebesluite, ook in Suid-Afrika, word die saak kerkregtelik hier tuisgebring, namate die arbeid van die kerk in sekere algemene sake so uitgebrei het dat daar behoefte aan sodanige spesiale en algemene diens ontstaan het. Dat daar egter gaandeweg 'n beter reëling en helderder omlyning van sowel die beginsel as die praktyk van die saak moes ontstaan, het sekere nuwe besluite in ander lande en ook 'n opdrag hier in ons land tot gevolg gehad ten opsigte van revisie van ons kerkorde, dat aan dié saak aandag geskenk moet word.[916]

9.6.3.2 Algemene en spesiale diens van predikante is in ons kerk reeds aangemerk:

9.6.3.2.1 Die professore in die Teologie, hoewel daar in hulle geval nog ander aspekte en oorweginge bykom.

9.6.3.2.2 Die sekretaris-penningmeester van die Administratiewe Buro.

9.6.3.2.3 Die redakteur van Die Kerkblad.

9.6.3.2.4 In sekere sin 'n leraar vir evangelisasie.

9.6.3.2.5 'n Organiseerder (tydelik of deeltyds) vir sending.

9.6.3.2.6 'n Sekretaris vir die deputaatskap vir katkisasie.

9.6.3.3 Nou moet die vraag gestel word: kan daar, gesien die spesifieke plaaslike aard en karakter van die katkisasie, van so 'n algemene diens ten opsigte van katkisasie gespreek word en is daar aan so 'n algemene diens, waargeneem deur 'n predikant, behoefte? Hierop kan soos volg geantwoord word:

9.6.3.3.1 Die praktyk en organisasie van die katkisasie kan nie anders as spesifiek plaaslik beskou word nie, dit wil sê uitgaande van die plaaslike selfstandige kerk as 'n vorm van die diens van die Woord.

9.6.3.3.2 Daar is egter sekere sake betreffende die katkisasie wat weens hulle aard en weens landsomstandighede en sinodebesluite, van gemeenskaplike belang is. Dit is in die kerk nog altyd so beskou. Vandaar die feit dat katkisasie nog altyd, vanaf 1618, met reg tuishoort op die sinodale tafel. Hierdie algemene sake van gemeenskaplike belang is regverdiging vir die stelling dat van 'n algemene diens ten opsigte daarvan gespreek word. Indien die omvang van die

---

916 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 26 Januarie 1955, artikel 159, punt D, bladsy 177.

werk aan hierdie algemene diens verbonde so groot word dat dit nie meer deur 'n deputaatskap op deeltydse basis behartig kan word nie, kan daar van 'n behoefte gespreek word aan 'n predikant om op voltydse basis hierdie algemene diens te vervul.

9.6.3.3.3 Die algemene diens sluit in ons kerk hoofsaaklik in: 'n rooster van lesse, toeligting van die lesse en die voorsiening van handboeke vir die verskillende onderdele van die kategetiese onderrig. Die omvang van die werk hieraan verbonde het so toegeneem, en by herhaling in die opdragte van die sinode 1955 só omvattend geword, dat dit alleen nog werklik goed gedoen kan word deur 'n predikant in voltydse diens.

9.6.3.3.4 Dit lê egter voor die hand dat die diens wat deur so 'n predikant vervul word, alleen by die gemeenskaplike sake bepaal mag bly. Daar moet gewaak word teen alle optrede wat die inisiatief en organisasie uit die hande van die plaaslike kerk kan neem. Daarom mag daar nie 'n organiseerder of superintendent wees wat die plaaslike kerke op inspeksie besoek, die katkisasie organiseer of tot organisasie opwek nie; geen predikant wat in sy prediking by die kerke 'n soort organisasie of opwekking of binding voorstaan nie; geen lesrooster of toeligting wat onverbiddelik sou bind nie; geen eksamen wat van buite af 'n toets van kennis aanlê en sodanige toets uit die hande van die plaaslike kerkraad of kategeet sou neem nie; geen sekretaris wat in die sekretariaat 'n middel sien om, op welke wyse ook al, 'n hiërargiese beginsel in hierdie werk in te dra nie; geen ontwikkeling in die rigting van 'n eie uitgewers- of drukkersaak met alles wat daarby hoort nie.

9.6.3.3.5 Aan die ander kant kan wel van so 'n predikant in algemene diens die vrug verwag word van die besondere studie wat hy moet maak om die gemeenskaplike sake te behartig. Uit sy geskrifte, rapporte en ander sake kan waardevolle leiding en toeligting aanvaar word, ook vir die heel eie plaaslike inrigting en organisasie van die katkisasie. Die gebruik wat van hierdie predikant se diens deur die kerke gemaak word, kom egter altyd op die verantwoordelikheid van die kerkrade, terwyl die predikant en die deputaatskap van sy diens weer in alle opsigte verantwoordelikheid aan die generale sinode verskuldig is.

9.6.3.3.6 Dat hierdie algemene diens van die katkisasie deur 'n predikant verrig moet word, lê voor die hand. Deeglike kennis van die teologie en veral van die vak kategetiek, is 'n groot vereiste. Hoewel die opstelling van handboeke en die toeligting van lesse nie amptelik geskied nie, dra die toeligting en die handboeke tog enigsins 'n amptelike karakter.
Daar moet egter toegegee word dat ál die werksaamhede van die deputaatskap nie per se deur 'n predikant gedoen hoef te word nie. Die redelik omvangryke administrasie en die redaksie van Die Gereformeerde Katkisant, as dit 'n leesblad geword het, kan ook deur iemand anders gedoen

word. Met ander woorde die predikant wat vir hierdie diens geroep en afgesonder word, hoef nie juis sekretaris genoem te word nie. Namate die praktyk van die werk duideliker omlyning kry, sal hierdie aspek van die saak ook duideliker omlyn moet word.

**9.6.4 Die praktyk getoets aan die beginsels**

9.6.4.1 Volgens die beroepsbrief is aan die sekretaris opgedra die redigering en opstelling van Die Gereformeerde Katkisant en van handboeke en studie van die Kategetiek en Joernalistiek, terwyl die Deputaatskap regtens sekere ander werksaamhede aan hom mag opdra. Nadat sekere aspekte van die werksaamhede met die deputaatskap van beheer bespreek is, het die praktyk soos volg geword.

9.6.4.1.1 Die sekretaris behartig die lesblad, Die Gereformeerde Katkisant en die handboeke in alle opsigte uitgesonderd die hantering van die gelde wat deur die sinode aan die deputaatskap van beheer opgedra is (te wete Die Gereformeerde Katkisantkas en die Katkisasiekas).

9.6.4.1.2 Die sekretaris behartig alle korrespondensie, administrasie, voorligting ens.

9.6.4.1.3 Die sekretaris besoek op uitnodiging gemeentes, vergaderings en konferensies om te spreek oor die algemene katkisasiebelange.

9.6.4.1.4 Die sekretaris studeer, ook volgens voorskrif van die beroepsbrief.

9.6.4.1.5 Die sekretaris behartig die jaarlikse eksamen en die finansies van die deputaatskap, dit wil sê die vrywillige bydraes, die C.H.O.-leningsfonds en die inkomste van die eksamen.

9.6.4.1.6 Die (huidige) sekretaris is ook benoemde lid van die deputaatskap en tree as skriba van die vergaderings op.

9.6.4.1.7 Die deputaatskap het twee adviseurs benoem wat die sekretaris met raad bystaan en wat saam met hom die dagbestuur van die deputaatskap vorm.

9.6.4.1.8 Die deputaatskap het sekere kantoortoerusting en -meubels aangeskaf: dit word alles gehuisves in 'n vertrek van die sekretaris se woning op Potchefstroom en aan die sekretaris word maandeliks 'n bedrag vir kantoorhuur uitbetaal.

9.6.4.2 Die praktyk kan die toets van die beginsel deurstaan, maar ter wille van die beginsel is dit noodsaaklik om as beleid ten opsigte van die voltydse sekretaris op die volgende sake te wys:

9.6.4.2.1 Die sekretaris is ook lid van die deputaatskap. Ondersoek moet ingestel word om vas te stel of dit gewens en in orde is.

9.6.4.2.2 Hoewel die predikant wat vir hierdie algemene diens losgemaak is op die oomblik al die werk van die deputaatskap doen, is sy eintlike werk tog die redigering van die

lesblad, Die Gereformeerde Katkisant en handboeke. Die lesblad kan min of meer permanente vorm en inhoud kry; Die Gereformeerde Katkisant, wat nou nog byna uitsluitlik toeligting en verklaring van die lesse bied, moet volgens opdrag van die sinode en namate die handboeke gereed kom, in 'n leesblad omgeskep word. Die opstelling van handboeke kan gefinaliseer word. Dit wil sê aan die werksaamhede soos dit op die oomblik is, kom 'n einde sodra die handboeke gereed is en Die Gereformeerde Katkisant 'n leesblad of tydskrif geword het. Op hierdie tydelike aard van die voltydse werk moet die aandag gevestig word.

9.6.4.2.3 Die ander werksaamhede gaan steeds deur en sal waarskynlik in omvang steeds groter word namate die kerk groei. Op die permanente aard van die administrasie en die redigering van Die Gereformeerde Katkisant (wat dan leesblad of tydskrif is) moet ook gewys word en die aandag moet daarop gevestig word dat daarvoor nie juis die diens van 'n predikant nodig is nie.

Die deputaatskap wil die versekering gee dat gelet word op die gereformeerde beginsels en dat dit steeds die riglyn van sy hele optrede bly. Van die hele saak van die voltydse sekretaris kan met groot sekerheid getuig word: die algemene diens wat hierdeur gelewer is en wat DV gelewer sal word aan die Gereformeerde kerk, word kennelik deur die Here geseën en dit sal ten bate van die verbondskinders 'n ryke oes aan vrugte oplewer. Die begrip *organiseerder* klink vreemd op die kerklike erf. Van 'n organiseerder is daar sprake by die verenigings, genootskappe en partye, maar as 'n *gespesialiseerde amp,* binne die kerkverband van verskillende gemeentes, word dit nie geken nie.

Die waarheid is dat die hele Christelike kerk op *organisasie* berus. Beteken dit dat Paulus 'n *kerkorganiseerder* was of was hy 'n bedienaar van sy apostoliese roeping? Organisasie is nooit 'n doel op sigself nie; dit is deel van die breër roepingsopdrag wat baie meer as organisasie insluit. Organisasie word 'n behoefte waar iets *deurmekaars wydverspreid, sonder koers* is. Hier moet dan *orde, eenheid* en *uitbreiding* gebring word deur organisasie.

## 9.7 Die reaksionêre fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie

### 9.7.1 Reaksie ten opsigte van die sekretaris vir katkisasie in Die Kerkblad 25 Mei en 1 Junie 1955 – pro en contra

#### 9.7.1.1 Reaksie van ds. B. Spoelstra

In Die Kerkblad van 25 Mei 1955 [917] skryf B. Spoelstra oor die saak van die katkisasie-organiseerder en meld dat daar gedurende April 1955 twee kere berig is van die predikant wat benoem is tot organiseerder van katkisasiewerksaamhede in die Gereformeerde kerk. Hy skryf dat dit totaal iets *nuuts* is in die Gereformeerde kerk, maar seker nie daarom juis verkeerd nie." Tog ken die Gereformeerde kerkreg dit nie binne die amptelike werk nie. Selfs die predikant mag nie 'n "*een-man*"- organiseerder in sy gemeente wees nie. Noudat 'n katkisasie-organiseerder in die Gereformeerde kerk benoem is, word daar gesoek na dit wat *ongeorganiseerd, deurmekaar, wydverspreid* is, want dit sal in die Gereformeerde katkisasie *die behoefte* aan so 'n organiseerder noodsaaklik maak.

Spoelstra skryf dat die saak in verband met 'n katkisasie-organiseerder eensklaps in die sinode van 1952[918] na vore kom. In die 1949 sinode is die opdrag gegee *om in te gaan op watter wyse volgens kerkorde hieraan[919] uitvoering gegee kan word.* Hierdie opdrag is egter "totaal negeer"[920] ten spyte daarvan dat die besluit van 1952 herbevestig is.[921] Sonder dat daar oor die kerkregtelike implikasies besluit is, is oorgegaan na die uitvoerbaarheid. Die aanbeveling van die katkisasiedeputate[922] eindig met die Sinodale Vergadering: "As die Sinode die beginsel van 'n organiseerder vir die katkisasies aanvaar, kan van die Sinode goedkeuring gevra word om 'n persoon (deeltyds of tydelik) te benoem om die aanvoorwerk vir die organisasie in oorleg met die Deputaatskap te onderneem. Die wyse waarop die organisasie van die katkisasie gedoen moet word, kan deur die Deputaatskap vasgelê en getoets word in die kerklike lewe." Dan vervolg die rapport: "Indien hierdie Sinode bogenoemde punt aanvaar, sal die Deputaatskap gereed wees om aanvullend te rapporteer oor die uitvoerbaarheid daarvan. So is dit dan ook deur die Sinode aanvaar,... *magtiging verleen vir die aanstelling van 'n voltydse persoon wat die kerkverband verder 'n aansienlike salaris as amptenaar sal kos, sonder dat die Sinode enige mandaat aan die persoon gegee het, of hom uitgespreek het oor die sake wat dan ongeorganiseerd is en organiseer moet word!"* Spoelstra noem verder[923] dat "in 'n sekere

917 Die Kerkblad, 25 Mei 1955, jaargang 57, nommer 1297, bladsy 9.
918 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 22 Januarie 1952, punt (ii), bladsy 53.
919 *"hieraan"* – hieraan verwys na die aanbeveling dat 'n sekretaris vir kategese aangestel word.
920 Agenda van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, punt 1, bladsy 201.
921 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering 1952, artikel 251, punt 14 ii, bladsy 53. "Insake benoeming van organiseerder vir katkisasies: Die eerwaarde Sinode word daarop gewys dat hierdie saak reeds in beginsel deur die Sinode van 1949 goedgekeur is. Die eerwaarde Sinode besluit egter nou om aan die Deputaatskap op te dra om te ondersoek (a) op watter wyse volgens kerkorde hieraan uitvoering gegee kan word, (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwesenlik kan word."
922 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, punt b, paragraaf 1, die tweede helfte, bladsy 107.
923 Die Kerkblad, 1 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1298, bladsy 8.

Sinodale Vergadering is 'n Gereformeerde meerdere vergadering só vir ten minste drie jaar willoos gebind aan die 'vaslegging' en 'toetsing in die kerklike lewe' van 'n kleine deputaatskap vir Katkisasie!"

Spoelstra skryf:[924] "Dit is dan opmerklik (a) dat die Sinode tog die beginsel van so 'n organiseerder aanvaar het *voordat daar rekenskap gegee is van die kerkregtelike vraag in die Sinode van 1952;* (b) dat die Sinode *geen mandaat* aan so 'n organiseerder gegee het nie en (c) dat daar volgens artikel 49 Kerkorde *niks is om uit te voer nie,* maar dat die deputate self die Sinode se werk moet doen en die wyse sal bepaal waarop die organisasie van die katkisasie gedoen moet word."

Dan gaan Spoelstra daartoe oor om die idee van 'n sekretaris vir die kategese te toets aan enkele beginsels van die Kerkorde.[925]

1) Wie kan 'n organiseerder benoem? Seker die instansie aan wie die bepaalde werk opgedra is, binne die terrein van die God-gegewe roeping. En dan merk ons dat die katkisasie in die konsepvorm vir die beroepsbrief toegewys is aan elke predikant. In sekere Sinodale Vergadering is *elke predikant* daarom ook in sy ampsvervulling organiseerder van die katkisasie (en nie net een man nie).
2) Ook kan uit artikel 21 kerkorde afgelei word dat daar aan die kerkraad sekere "organiserende" werksaamhede met betrekking tot katkisasie toegewys word.
3) Plaas ons dan die visitasie-reëling van artikel 44 kerkorde daarnaas, dan lê dit seker op die weg van visitatore om die breër en meer toesighoudende "organisasie" te doen, en waar nodig die klassis by te roep as organisator.

Wat sou die verhouding van 'n katkisasie-organiseerder wees met betrekking tot die kerkrade en klassis, wat volgens kerkorde die "Organiseerders" van katkisasie in 'n Gereformeerde kerk is? Wie is volgens kerkorde die regspersoonlikheid? Die persoon aan wie die katkisasie behoort. Die katkisasie behoort nie aan die kerkverband nie, maar aan die gemeente. Alleen 'n gemeente sou daarom 'n katkisasie-organiseerder kan benoem en in gevalle onder artikel 44 kerkorde miskien die klassis.

Spoelstra maak sy konklusie:[926]

924 Die Kerkblad, 1 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1298, bladsy 8.
925 Die Kerkblad, 1 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1298, bladsy 8.
926 Die Kerkblad, 1 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1298, bladsy 8.

(a) Deputaatskappe wat nie meer deputaatskappe van die sinode is nie, maar tussentydse regeerliggame vir die sinode, het ten opsigte van organiseerders geen seggingskrag nie.

(b) Besluite wat geneem word en beginsels wat bekragtig word, sonder dat daar eers 'n toetssteen aangelê is, en wel die Gereformeerde belydenis, praktyk en kerkorde.

(c) Dat predikante afgesonder word as "organiseerders" van sinodeweë vir sake wat tuishoort by die klassis en kerkrade. Die gevaar dat 'n amptenaar van 'n deputaatskap in der waarheid eintlik geen predikantstatus meer het nie. Wie losgemaak is van 'n bepaalde gemeente is ook losgemaak van die eintlike katkisasiewerk in die kerk van Christus op Gereformeerde presbiteriale grondslag.

(d) Dit is baie jammer dat genoemde deputaatskap nie eers in Die Kerkblad of andersins in aanraking met die res van die kerkverband gekom het en 'n omlyning gegee het van die *werk, status* en *verhouding* van so 'n "organiseerder" met betrekking tot die erkende regeerliggame in die kerk van Christus nie. Miskien sou so 'n *erkenning* van die kerkverband hierdie *miskenning* van die "organiseerder" oorbodig gemaak het.

(e) Daar is 'n ernstige gevaar in ons tyd dat die kerk nie meer gesoek word in die gemeente van Christus met die organisasie van sy ampte nie, maar dat die kerkverband eintlik as gemeente gesien word en deur allerlei organiseerders gewone ampswerk verrig of die ampte in die kerk hulle verantwoordelikheid en selfstandigheid ontneem.

(f) Ook die Gereformeerde kerk moet waak om langs die pad van organisasie en een-mans-organiseerders nie die koers van die kollegiale kerk te kry nie. Want die uiteinde daarvan is die degenerasie en hiërargie van die Pous waarteen artikel 29 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis sterk genoeg waarsku.

#### 9.7.1.2 Die reaksie van prof. dr. S. du Toit

Prof. dr. S. du Toit spreek sy ongelukkigheid uit[927] dat die nuusdiens van die radio en ander berigte hulle nie gehou het aan die offisiële benaming soos dit in die handelinge van die Sinode gevind word nie. Hier word deurgaans gepraat van 'n *voltydse sekretaris vir katkisasie.* Die broeder wat benoem is, word voltydse sekretaris *van die deputaatskap* en is nie 'n soort regeerder nie, presies soos in die geval van die sekretaris-penningmeester van die Administratiewe Buro en die sekretaris van die deputaatskap vir armsorg. Du Toit skryf verder dat hier dus nie te doen het met 'n *nuwe saak* nie. Binnekort sal waarskynlik in verband met die sending dieselfde gebeur. Die werk brei so uit dat persone in deeltydse hoedanigheid dit eenvoudig net nie kan behartig

[927] Die Kerkblad, 15 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1300, bladsy 13.

nie. Of 'n persoon nou deeltyds of voltyds sekretaris van 'n deputaatskap is, watter prinsipe is hier op die spel?

Du Toit oordeel dat die standpunt dat die saak van katkisasie nie op die sinodale tafel tuishoort nie, nie korrek is nie. Hy skryf dat dit juis om hierdie punt is waarom dit gaan. Sekerlik is katkisasie in die eerste plek die werk van die predikant en het die kerkraad en die klassis 'n taak. Net soos dit in baie ander gevalle gaan, het die breë kerkverband ook hier 'n taak. Dit is tog veel beter dat die hele kerkverband die voorsiening van die hulpmiddele soos handboeke, voorligting ens. ter hand neem as dat elke kerkraad of klassis dit doen.

### 9.7.1.3 A. van Krimpen namens Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid

Dit was nie alleen prof. dr. S. du Toit wat gereageer het op die skrywe van ds. B. Spoelstra in Die Kerkblad van 25 Mei en 1 Junie 1955 nie. In Die Kerkblad van 29 Junie 1955[928] teken br. A. van Krimpen namens die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid formeel protes aan teen die inhoud van ds. Spoelstra se artikels. Die besware van die kerkraad is die volgende:

(a) Hoewel in die handelinge van die sinodale vergadering van 1952[929] en in die rapporte van die deputaatskap vir katkisasie aan die sinodale vergadering van 1955, die begrip "organiseerder" meermale gebruik is, is daar in die laaste stadium van die bespreking op die sinodale vergadering besin oor die aanstelling van 'n *"voltydse sekretaris"*. So het dit ook gelui in die beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom:[930] "Die Klassis Potchefstroom versoek die eerwaarde Algemene Sinode om onverwyld oor te gaan tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris vir die uitvoering van die algemene beleid in verband met katkisasie."

(b) Spoelstra se verkeerde veronderstelling[931] bring volgens die kerkraad mee dat sy besware in die lug hang.

(c) Die aanstelling van 'n *sekretaris vir alle katkisasie-belange.*[932] Indien ds. Spoelstra beginselbesware het teen hierdie besluit, moes hy 'n gravamen gerig het tot die volgende sinode. Die beroepsbrief maak melding van "*tot voltydse sekretaris van die Deputaatskap*

---

928 Die Kerkblad, 29 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1301, bladsy 14.

929 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering, 26 Januarie 1955 e.v.d., artikel 32, punt (ii), bladsy 53.

930 Agenda, van die 32e Sinodale Vergadering, 26 Januarie 1955, punt D4, bladsy 206. Vergelyk ook Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering, 26 Januarie 1955, artikel 125b, bladsy 107.

931 Dat dit nie gaan om 'n organiseerder nie maar om 'n sekretaris.

932 Vergelyk Die Kerkblad, 27 April 1955, bladsy 9. Só lui dit ook in Die Kerkblad: "Sekretaris vir Katkisasie. Dr. K.S. van Wyk de Vries is benoem as sekretaris vir alle katkisasie-belange volgens besluit van ons jongste Algemene Sinode."

*vir Katkisasie".*[933] Die opskrif van die berig is: KATKISASIE-ORGANISEERDER en dan 'n foto van dr. Van Wyk de Vries en die berig: "Volgens opdrag van die eerwaarde algemene sinode van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika het die deputate vir katkisasie wel oorgegaan tot die benoeming van 'n organiseerder en dr. Van Wyk de Vries gekies."

### 9.7.1.4 ds. B. Spoelstra se antwoord aan prof. dr. S. du Toit

In Die Kerkblad[934] antwoord ds. B. Spoelstra op die skrywe van prof. dr. S. du Toit en vra 'n paar direkte vrae.

(i) Waar en wanneer is die "*besluite van drie opeenvolgende Algemene Sinodes*"[935] teen die aanstelling van 'n katkisasie-organiseerder herroep?

(ii) Indien bogenoemde besluite nie herroep is nie, watter is volgens beste kerkregtelike advies en orde, die besluit(e) wat nou geld?

(iii) Indien die professor sy argument "ten tweede" wil volhou, waaruit dit blyk dat hy veel betekenis heg aan die *benaming* organiseerder of sekretaris, hoe rym die professor sy sienswyse met artikel 130, sinode 1955, waarin die besluit van 1952 herbevestig is en waarin daar oor die "Benoeming van Organiseerder vir Katkisasies" gehandel is?

(iv) Waar vind die geagte professor die mandaat van die benoemde persoon, sodat hy kan beweer: *"Die broeder wat benoem is, word voltydse sekretaris van die deputaatskap...?"*

(v) Waar vind die professor 'n *welomskrewe mandaat* vir die deputaatskap (ooreenkomstig artikel 49 Kerkorde) waarin hulle deur die sinode van 1955 gemagtig was om oor te gaan tot die benoeming van so 'n persoon?[936]

(vi) Waar vind die geagte professor die *besluit* van die eerwaarde algemene sinode waarin die rapport (K. 80) aanvaar is, aangesien ondergetekende wil beweer dat genoemde rapport na die finansiële kommissie verwys was om nader te rapporteer en dat laasgenoemde kommissie slegs oor die finansiële aspek rapporteer het, sonder om nader 'n besluit te adviseer rakende "die saak" wat na hulle verwys was?

### 9.7.1.5 Die berig in Die Kerkblad

933 Die Kerkblad, 1 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1300, bladsy 11.
934 Die Kerkblad, 20 Julie 1955, jaargang 57, nommer 1302, bladsy 13.
935 Te wete 1939, 1942 en 1945.
936 Vergelyk hier Kerkregtelike outoriteite soos Bouwman II, bladsy 217 e.v., Rutgers bladsy 310 e.v., Voetius e.a.

Op 1 Junie 1955[937] word die volgende berig in Die Kerkblad geplaas: "*Dr. K.S. van Wyk de Vries van Bloemfontein-Suid het die benoeming as organisator van ons katkisasiewerk aanvaar en ons wil ons broeder van harte gelukwens. Dit is 'n hele nuwe veld waarop hy geroep word, nie om die werk van die plaaslike gemeentes uit hul hande te neem nie, maar die algemene belange wat die Algemene Sinode aan die Deputate vir katkisasiewerk toevertrou het, te organiseer en te bevorder.*" Met hierdie stap word die behartiging van die dooplidmate van ons kerk soos nooit te vore nie in vooruitsig gestel en ons bede is dat br. Van Wyk de Vries, wat seker in alle opsigte 'n toegeruste krag is, die seën van die Here in ryke mate sal ontvang, asook die broeders deputate vir hierdie groot werk in ons moderne tyd wat ook bepaalde eise stel soos nog nie in die verlede nie.

#### 9.7.1.6 Die bydrae van ds. C.E. Malan

Ds. C.E. Malan wys ds. Spoelstra in Die Kerkblad op die regte feite.[938] Die afkondiging oor die radionuus was nie in verband met 'n organiseerder nie maar was soos volg: "As voltydse sekretaris vir Katkisasie", en die berig is in Mei uitgesaai en nie in April soos beweer is nie. In die Kerkblad[939] verskyn 'n berig van die deputaatskap vir katkisasie waarin die redakteur bedank word vir die vergunning om iets onder die opskrif, "Laat My Lammers Wei" oor algemene katkisasiebelange te skrywe. Deur die opskrif: "Laat My Lammers Wei" word die katkisasie direk verbind aan Jesus Christus ons Here, en daardeur sal ons steeds besef dat dit hierin om hoogs belangrike sake gaan – iemand het die katkisasie tereg *"die lewensaar van die kerk"* genoem.

Die werk van die voltydse sekretaris is:

- opstelling en redigering van die lesblad,
- Die Gereformeerde Katkisant,
- handboeke vir katkisasiemeesters en kinders;
- die sekretaris vir katkisasie maak verdere studie van die kategetiek, die opvoedkunde en joernalistiek.

### 9.7.2 Die sekretaris en die plaaslike gemeente

937 Die Kerkblad, 1 Junie 1955, jaargang 57, nommer 1298, bladsy 3.
938 Die Kerkblad, 31 Augustus 1955, jaargang 57, nommer 1311, bladsy 14.
939 Die Kerkblad, 31 Augustus 1955, jaargang 57, nommer 1311, bladsy 10.

Verder word bevestig dat daar in die besluite van die deputaatskap en in die aanstellings- of beroepsbrief nie van *organiseerder* gespreek word nie. Dit was nooit en is ook trouens nie die gedagte dat die sekretaris vir katkisasie as 'n soort inspekteur die gemeentes besoek nie. Met die gang van sake in elke gemeente het hy in elk geval niks te make nie: die katkisasie bly 'n eie saak van elke gemeente in die kerkverband en bly 'n saak wat in die eerste plek amptelik behartig word deur die predikant onder toesig van die kerkraad. Dit is ook nie die gedagte dat die sekretaris die katkisasie in al die gemeentes moet gaan "organiseer" nie. Ook dit is eie werk van die plaaslike gemeente en die sekretaris kom nie daarin ingryp nie. As hy egter op uitnodiging in verband met algemene katkisasiebelange 'n gemeente of 'n vergadering besoek, is dit 'n ander saak; sy besoek en wat daar gedoen word, bly dan die verantwoordelikheid van die betrokke gemeente of vergadering. In die verlede het lede van die deputaatskap dikwels sulke uitnodigings ontvang.

### 9.7.3 Die sekretaris en algemene katkisasiebelange

Benewens die spesifiek plaaslike karakter van die verbondsonderrig of katkisasie, dit wil sê 'n openbaring van die plaaslike gemeente se aktiwiteite, is daar egter ook *algemene katkisasiebelange* vir die hele kerkverband. Een van hierdie belange, die vernaamste miskien, is Die Gereformeerde Katkisant. Daarin word, met inagname van die kategeties-opvoedkundige eise, voorligting en toeligting aangaande die lesse aan die kinders en die katkisasiemeesters gegee. Die voorneme van die deputaatskap is noudat hierdie voorligting en toeligting meer gespesialiseer moet word en dat daarmee ook 'n opdrag van die Sinode 1952 ten uitvoer gebring word. In die toekoms sal Die Gereformeerde Katkisant alleen vir die kinders bedoel wees met die gedagte dat daarby die ouers en meesters, maar veral ouers, die kinders behulpsaam is om die blad te lees en te gebruik. Soos in die verlede sal nog alle lesse van alle klasse behandel word, maar dan so dat dit bepaaldelik *vir die kind*, volgens sy bevatting, geskrywe word. Verder sal ook nog sekere algemene stof aan die kinders gebied word, sodat ons nou beslis die skrede op die weg plaas om van "Die Gereformeerde Katkisant 'n *katkisasieleesblad* vir die verbondskinders te maak". Toeligting vir katkisasiemeesters (en ook vir ouers) word dan as 'n bylae by Die Gereformeerde Katkisant verskaf. Dit is 'n tydelike maatreël aangesien daar so spoedig moontlik 'n begin gemaak sal word met die opstelling van handboeke vir die leermeesters waarin al die nodige leiding vervat sal word.

### 9.7.4 Perspektief deur die sekretaris

Die aantal skrywes insake die organisator/sekretaris vir katkisasie noop die redakteur om perspektief op die saak te gee.[940] "Eerstens blyk dit uit die korrespondensie dat dit nie gaan oor 'n bepaalde persoon wat deur die eerwaarde deputate vir katkisasie benoem is en wat reeds in die werk staan nie. Daaroor moet ons besonder dankbaar wees, ook om aan dr. K.S. van Wyk de Vries die versekering te gee. Tweedens wil dit ons voorkom, blykens die korrespondensie, of daar besware bestaan in verband met die uitgawe en inrigting van Die Gereformeerde Katkisant en soveel wat daarmee saamhang. Derdens het dit duidelik geword dat daar verskil van opvatting is ten opsigte van die besluit van die jongste algemene sinode van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika met betrekking tot die aanstelling van 'n sekretaris vir die deputate vir katkisasie. Vierdens het dit heeltemal duidelik aan die lig gekom dat daar beswaar is wat die beginsel van die aanstelling van so 'n sekretaris betref."

Dit is nie ons taak en ons doel om op die materie van hierdie onderhawige saak in te gaan nie, maar wil met alle agting vir ons broeders korrespondente alleen aan die formele daarvan die aandag skenk. Ons begin met die laaste, wat gaan oor die beginsel wat in gedrang geag word. Ons kan daaroor korrespondeer of debatteer – daar voor en daar teen – ons sal nie verder kom nie. Op die vergadering van die katkisasiedeputate[941] 27 Junie 1955, lees dr. K.S. van Wyk de Vries 'n verklaring voor wat op versoek van die voorsitter en die adviseurs deur hom opgestel is. Die verklaring handel oor die voltydse sekretaris van die deputaatskap en die volgende hoofpunte word gestel:

(i) Historiese agtergrond (stof versamel deur prof. dr. J.P. Jooste).
(ii) Aanstelling van die sekretaris.
(iii) Optrede van die deputaatskap aan die mandaat getoets.
(iv) Prinsipiële toets.
(v) Praktyk aan die beginsel getoets.

Die verklaring van dr. K.S. van Wyk de Vries word deur die katkisasiedeputate goedgekeur en daar word besluit dat dit deel sal uitmaak van die rapport aan die Sinode.

Die klassis Piet Retief, byeen op 28 Julie 1955 te Barberton,[942] aanvaar 'n onbestrede mosie van gelukwensing met die benoeming van dr. K.S. van Wyk de Vries tot sekretaris van die

940 Die Kerkblad, 19 Oktober 1955, jaargang 57, nommer 1318, bladsy 2.
941 Notule Deputaatskap vir Katkisasie, 27 Junie 1955, Artikel 5.
942 Die Kerkblad, 30 November 1955, jaargang 57, nommer 1324, bladsy 12.

deputaatskap vir katkisasie. Insake die "*voltydse sekretaris vir katkisasie*" besluit klassis Waterberg op hulle vergadering van 4-6 Oktober 1955:[943] "Die Klassis is oortuig dat daar in die Handelinge van die Generale Sinodes moontlik teenstrydighede ingesluip het ten opsigte van verskillende besluite betreffende die beginsel wat 'n sekretaris of organiseerder vir Katkisasie ten grondslag lê. Omdat die klassis oortuig is dat daar nie 'n duidelike opdrag gegee is aan die deputaatskap vir Katkisasie om oor te gaan tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris of organiseerder vir Katkisasie nie, en omdat die deputaatskap in die jongste tyd opgetree het in sekere sake sonder om mandaat daartoe te hê, vra die klassis Waterberg aan die Partikuliere sinode Noord-Transvaal om bogenoemde sake deeglik te ondersoek en tot 'n slotsom te geraak wat duidelike leiding sal gee. As gevind word dat bogenoemde opvattinge reg is of miskien in mindere mate reg is, die saak dan met ernstige beklemtoning onder die aandag van die eerwaarde Generale Sinode sodanige saak wat nie in orde is nie, weer reg kan stel en in ooreenstemming kan bring met die dierbare beginsels van die Gereformeerde Belydenis en Kerkorde."

## 9.8 Die afsluitende fase van die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie

### 9.8.1 Die algemene Sinode 1958[944]

Op die sinode van 1958 het die deputaatskap vir katkisasie volledig aan die sinode gerapporteer oor die verloop en die verkiesing van die voltydse sekretaris vir katkisasie.[945] Behandeling van die saak deur die sinode het uit verskillende dele bestaan wat soms deurmekaar voorkom, veral vanweë die inkonsekwente nummering wat in die notule gevolg is.[946] Aangesien die sinodale vergadering van 1958 die laaste meerdere vergadering is wat oor die saak van die sekretaris vir katkisasie handel, sal die goue draad tussen al die rapporte, beswaarskrif, beskrywingspunt, kommissieverslae en besluite van die algemene vergadering gevolg moet word. Die slotsom waartoe die sinodale vergadering ten opsigte van die sekretariaat vir kategese gekom het, vorm die sluitsteen vir hierdie gebeurtenis in die geskiedenis van die sekretariaat.

Die sinodale vergadering het die volgende ter tafel gehad:

1) Die rapport van die deputaatskap vir katkisasie.

---

943 Die Kerkblad, 30 November 1955, jaargang 57, nommer 1324, bladsy 13.

944 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1958 e.v.d.

945 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1958 e.v.d. artikel 126, bladsy 318-341.

946 In die verhandeling behou die navorser 'n sistematiese nummering terwyl die verwysings na die 1958 Sinode, wat volgens 'n ander nummeringsisteem ingedeel is, in voetnotas geskied.

2) Finansiële staat van die deputaatskap vir katkisasie.

3) Die bylae insake die sekretaris vir katkisasie.

4) 'n Beswaarskrif teen die ontvanklikheid van die bylae.

5) 'n Rapport van studiedeputate van die westelike klassis, Kaapland.

6) 'n Beskrywingspunt van partikuliere sinode Noord-Transvaal.

7) Rapport van die regskommissie.

8) Rapport insake die eksepsie teen die bylae.

9) Rapport insake beswaar van die partikuliere sinode Noord-Transvaal en van die gravamen, Westelike klassis, KP, en die regsgeldigheid van die sinodebesluit van 1955 in verband met die sekretaris vir katkisasie.

10) Rapport insake die besluit van die sinode oor die saak.

### 9.8.2 Die rapport van die deputaatskap vir katkisasie

Die rapport van die deputaatskap handel oor opdragte en werksaamhede soos diplomas, Bybelkenniseksamens, Die Gereformeerde Katkisant en handboeke. Punt 3 van die rapport handel oor die *beroeping van 'n voltydse sekretaris.*[947]

Oor die beroeping van 'n voltydse sekretaris rapporteer die katkisasiedeputate dat hulle op 9 Februarie 1955 byeengekom het om die besluite van die sinode in verband met die beroeping of benoeming van 'n voltydse sekretaris vir die deputaatskap onder oë te sien. Die opdrag van die 1955 sinode was "om alle sake in hierdie verband noukeurig na te gaan voordat oorgegaan word tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris, soos reeds in beginsel deur die eerwaarde sinode besluit is".[948] Die noukeurige ondersoek wat die deputaatskap moes instel, is opgedra aan 'n kommissie[949] wat op 12 April 1955 aan die deputaatskap terugrapporteer:[950] "*Die kommissie wat in punt 5 van die vorige vergadering benoem is lê nou voor die vergadering die stukke in verband met die benoeming van 'n voltydse sekretaris vir Katkisasie. Dit word algemeen goedgekeur en besluit dat die te benoeme Sekretaris die katkisasie kinders van die verskillende gemeentes sal nader vir bydraes ter bestryding van die onkoste van die deputaatskap. Die deputaatskap gaan nou oor tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris.*[951] *Nadat die vereiste genoem is, is sewe broeders predikante voorgestel waaruit, na deeglike bespreking, met*

947 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 22 Januarie 1958, artikel 125, punt 3, bladsy 318.

948 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, artikel 130, bladsy 111.

949 Die kommissie was: Ds. C.E. Malan (Saamroeper), ds. I.J. Lessing, prof. dr. H.J.J. Bingle.

950 Notule Deputaatskap vir Katkisasie, 12 April 1955, artikel 2.

951 Notule Deputaatskap vir Katkisasie, 27 Junie 1955, artikel 5.

*volstrekte meerderheid van stemme ds. K.S. van Wyk de Vries van Bloemfontein-Suid gekies is. Die nodige stukke sal in orde gebring en aan hom gestuur word."*

Die volgende sake word onder aandag van die Sinode gebring:[952]

(a) Uit die notule van die Sinode is dit duidelik dat tot die benoeming of beroeping van 'n voltydse sekretaris besluit is en dat die benoeming of beroeping vanselfsprekend aan die deputaatskap opgedra is. Daar word egter op gewys dat in die notule geen definitiewe opdrag voorkom nie.

(b) Die Sinode het ook versuim om die prosedure vir die beroeping of benoeming vas te stel; daarom word aanbeveel dat die weg gevolg word wat deur die deputaatskap vir Die Kerkblad gevolg is by die beroeping van 'n redakteur, naamlik 'n beroep deur die deputaatskap in naam van die sinode en losmaking van die beroepene "na analogie" van artikel 13 kerkorde.

(c) Voorts het die sinode vir die finansiering van die aangeleentheid sekere voorsiening gemaak by wyse van 'n raming, gebruik van die katkisasiekas en ook verlof gegee dat die kerke om vrywillige bydraes gevra mag word.[953]

Op grond van hierdie rapport het die deputaatskap soos volg besluit:

1) Die deputaatskap beroep in naam van die algemene sinode 'n predikant as voltydse sekretaris en volg daarin die prosedure soos gevolg deur die deputaatskap vir Die Kerkblad. In die beroepsbrief moet die volgende werksaamhede vermeld word: redigering van Die Gereformeerde Katkisant, opstelling van handboeke, studie van die joernalistiek en kategetiek, organisatoriese en administratiewe werksaamhede. Die predikant moet in Potchefstroom woonagtig wees.
2) Die traktement en lewensduurtoelae en administrasiekoste is soos deur die sinode vasgestel.[954] Die deputaatskap sal ook 'n oproep tot die kerkrade rig om vrywillige bydraes om verdere onkoste te dek.
3) Die deputaatskap maak ook studie van die hele aangeleentheid van 'n voltydse sekretaris en publiseer dit tesame met 'n verklaring van sy optrede en die verband. Verder versoek die

952 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 22 Januarie 1958, artikel 126, punt 3, bladsy 319.

953 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, artikel 130, bladsy 111, artikel 240, punt III (2), bladsy 359.

954 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, artikel 240, bladsy 358.

deputaatskap die Sinode om die prosedure van beroep, status, losmaking ens. van 'n predikant in algemene diens vas te stel en daarvan nadere reëling te gee in die Kerkorde.

### 9.8.3 Finansiële staat van die deputaatskap vir katkisasie

Die deputate rapporteer ook aan die sinode 1958 oor die finansies van die deputaatskap. Die boeke is geouditeer deur br. Henk Stoker en die finansiële state word aan die sinode voorgehou. Die traktement van die sekretaris is van die begin af met £100 per jaar verhoog, aangesien hy minder sou ontvang as wat absoluut noodsaaklik is, veral weens die aankoop van sy eie woning. Die verhoging is betaal uit die Gereformeerde katkisantkas. Hiervoor word die goedkeuring van die sinode gevra. Die deputaatskap beveel ook aan dat die sekretaris 'n huistoelae betaal word, omdat alle predikante sodanige toelae of 'n vry huis ontvang. Die sinode word ook daarop gewys dat die sinode van 1955 nie voorsiening gemaak het vir bydrae aan die E.P.P.W. & W. Fonds nie.

### 9.8.4 Beswaarskrif en studie klassis Westelike Kaapland[955]

Van die gegewens in hierdie deel van die hoofstuk mag dalk 'n herhaling wees van wat vroeër geskryf is. Dit word in hierdie paragrawe beskryf as die standpunt en beoordeling van die westelike klassis – hoe die klassis die saak geïnterpreteer het.

Ds. H.L.M. du Plessis en ds. B. Spoelstra, aangewys deur die westelike klassis, stel die gravamen oor die benoeming van die sekretaris vir katkisasie en die ontvanklikheid van die bylae by die rapport van die deputaatskap vir katkisasie. Die redes vir die indien van die gravamen is die volgende:

9.8.4.1 Onder artikel 49 kerkorde het die deputate vir katkisasie geen opdrag gehad van die vorige sinode(s) om 'n nadere verklaring van hulle handelwyse te gee nie.

9.8.4.2 Die vorm waarin die bylae gegiet is met sy bespreking van die vorige Sinodebesluite sedert 1939, dra die karakter van 'n apologie teen 'n eventuele gravamen.

9.8.4.3 Indien die sinode hierdie bylae, wat in hierdie vorm gegiet is, ontvanklik verklaar, kom dit neer op prejudisering van die sinode ten opsigte van die gravamen van klassis westelike Kaapland.

955 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering 22 Januarie 1958, artikel 145, punt III, bladsy 341.

9.8.4.4 Die stuk was bedoel vir **Die Kerkblad** en is dus misplaas in die agenda (vgl. die rapport van die deputaatskap slotparagraaf van punt 3).[956]

9.8.4.5 Hoewel die oorspronklike stuk deur die deputate opgestel is, word gesê dat hierdie stuk "enigsins bygewerk" as 'n bylae by die rapport gevoeg word. Die rapport is onderteken deur die lede van die deputaatskap, terwyl die bygewerkte bylae slegs deur een lid van die deputaatskap onderteken is.

Op grond van genoemde argumente maak klassis westelike Kaapland beswaar dat die bylae by die rapport deur die sinode ontvang is.

### 9.8.5 Studierapport van klassis Westelike Kaapland[957]

Die klassis westelike Kaapland het 'n studie gemaak van die saak ten opsigte van die katkisasie-organiseerder of sekretaris[958] en hou dit aan die sinode voor.[959] Ten opsigte van vorige sinodes word die volgende behandel:

#### 9.8.5.1 Sinode van 1939

Aan die beskrywingspunt insake die katkisasie-organisator is nie gevolg gegee nie. Die Sinode het geoordeel dat die bestaande katkisasiestelsel hom goed leen vir doeltreffende organisasie en het nadruk gelê op die taak van die predikant, die kerkraad en die klassis. Om beginsel- en praktiese besware het die Sinode nie uitvoering gegee aan die beskrywingspunt nie.

#### 9.8.5.2 Sinode van 1942

Toe die saak voor die sinodale vergadering van 1942 dien, besluit die vergadering:[960] "Met die oog op soveel prinsipiële, praktiese en potensiële besware asook met verwysing na die besluit van die sinode van 1939 word aan hierdie beskrywingspunt en so ook aan die aanbeveling van die Deputate vir die Katkisasielesblad in hierdie verband nie gevolg gegee nie."

---

956 Dit is nie duidelik na watter paragraaf verwys word as "slotparagraaf van pt. 3" nie. Die navorser oordeel dat dit die slotsin onderaan bladsy 319 kan wees, nl. "Op dieselfde vergadering is dr. K.S. van Wyk de Vries van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid as voltydse sekretaris beroep. Hy het hierdie roeping aanvaar en is deur die Klassis Reddersburg na analogie van artikel 13 Kerkorde geëmeriteer. Op 1 Julie 1955 het hy diens aanvaar."

957 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering 22 Januarie 1958, artikel 145, punt B, bladsy 342.

958 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering 22 Januarie 1958, artikel 145, punt I, bladsy 342.

959 In hierdie rapport is daar soveel wat ooreenkom met die rapport van die Deputate vir katkisasie se rapport (Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering 22 Januarie 1958, artikel 126, bladsy 318-341) dat net nuwe argumente behandel sal word.

960 Handelinge van die 27e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Bloemfontein, 23 Maart 1939 e.v.d. bladsy 29

### 9.8.5.3 Sinode van 1945

Op die sinodale vergadering van 1945[961] kom die saak van die deputate vir katkisasie by wyse van 'n uitgewerkte skema weer ter tafel. "Die sinode handhaaf sy vorige besluite om dieselfde prinsipiële, praktiese en potensiële besware." Volgens artikel 46 kerkorde kon hierdie saak nie weer op die sinodale tafel kom nie, tensy gevoel is dat die besluite van 1939, 1942 en 1945 herroep moes word. Intussen is die besluite van genoemde sinodes nog geldig.

### 9.8.5.4 Sinode van 1952

In die lig van artikel 46 kerkorde is daar nog nie bewys dat die besluite van 1939, 1942 en 1945 in stryd is met die woord van God en die kerkorde nie. Die sinodale Vergadering van 1952[962] besluit: "Die eerwaarde sinode word daarop gewys dat hierdie saak reeds in beginsel deur die sinode van 1949 goedgekeur is. Die eerwaarde sinode besluit egter nou om aan die deputaatskap op te dra om te ondersoek (a) op watter wyse volgens die kerkorde hieraan uitvoering gegee kan word (b) weë en middele te ondersoek waardeur hierdie gedagte verwerklik kan word."

### 9.8.5.5 'n Foutiewe besluit

Die interpretasie wat die sinode van 1952 aan die besluit van 1949[963] gegee het, was foutief want:

(a) in 1949 is oor 'n redakteur vir "Die Gereformeerde Katkisant" gehandel (wat in 1955 verwerp sou word),[964]

(b) die besluit van 1952 is in stryd met artikel 46 kerkorde en die besluite van 1939, 1942 en 1945 is foutief in hulle beroep op die sinode van 1949.

- Die besluit van die sinode van 1955 berus op die foutiewe besluit wat in 1952 gemaak is.
- Die aanvullende rapport van die katkisasiedeputate [965] het egter, in plaas daarvan dat die sinode op 'n dooie punt gekom het vanweë die foutiewe besluit in 1952 die volgende eienaardige advies gegee: "dat die sinode hom eers duidelik uitspreek oor die beginsel van 'n

---

961 Handelinge van die 28e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Potchefstroom, 23 Januarie 1945, bladsy 125

962 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 22 Januarie 1952, punt (ii), bladsy 53.

963 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1949, punt 1, bladsy 282.

964 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955,artikel 130, bladsy 111.

965 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, bladsy 107.

organiseerder vir die katkisasies, voordat hy verder uitvoering gee aan die opdragte van die sinode van 1952".[966]

- Kerkregtelik gaan hierdie advies waarop die sinode besluit het nie op nie:
  (i) omdat soveel as drie sinodes hulle reeds oor die beginsel van die saak uitgespreek het.
  (ii) omdat die *besluit* van 1952 en die *opdragte* van 1952, waaraan die deputate nie uitvoering gegee het nie, nie opnuut van krag gemaak kon word in 1955 nie, vir 'n deputaatskap wat hulle opdrag in 1955 afgehandel moes gehad het, behalwe as die deputate as 'n *permanente bestuursliggaam* beskou is, wat dit nie was nie.

- Hoogstens kon die sinode in 1955 met goed- of afkeuring kennis geneem het dat die opdrag van 1952 nie uitgevoer is nie.

### 9.8.5.6 Sinode van 1955

Daar is reeds aangetoon dat die besluite van 1955 op die wankelende basis van 'n foutiewe besluit in 1952 staan, en in stryd is met die besluite van die sinodes in 1939, 1942 en 1945. Verder is vasgestel dat die sinode tog weer die besluit van 1952 bekragtig het. In die besluit van die sinode was twee opdragte aan die Katkisasiedeputate wat vooraf nagekom moes word, naamlik (i) om aan te toon hoe so 'n sekretaris volgens kerkorde daargestel kon word en (ii) oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan.

- Eersgenoemde opdrag van sowel 1952 en 1955 is glad nie nagekom nie.
- Tans is daar 'n amptenaar vir die deputaatskap benoem, sonder dat 'n sinode ooit die kerkregtelike vraag wat hy vooraf gestel het, beoordeel het. Die deputaatskap het in hierdie opsig dus nie uitvoering aan artikel 49 kerkorde gegee nie.
- Wel is die tweede deel van die eienaardige opdrag van 1955 nagekom: die praktiese uitvoerbaarheid.[967]

### 9.8.5.7 Kantoor van die deputaatskap vir katkisasie

Op 1 Julie 1955 het dr. K.S. van Wyk de Vries diens aanvaar as sekretaris van katkisasie. 'n Vertrek in sy woning is voorlopig as kantoor van die deputaatskap ingerig. Kantoorhuur van £4 per maand is aan die sekretaris betaal. Klassis Johannesburg het via die partikuliere sinode van

---

966 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrikà, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, punt b (1), bladsy 107.

967 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te Potchefstroom, 26 Januarie 1955, bladsy 111.

Suid-Transvaal versoek dat die sekretaris by voorkeur in Johannesburg of die Rand kom woon. Die deputaatskap vir katkisasie het nie aan die versoek voldoen nie.

### 9.8.5.8 Administratiewe werk

Die administratiewe werk van die deputaatskap het geleidelik uitgebrei. Vanaf Oktober 1956 is alle werk insake katkisasie deur die kantoor van die deputaatskap gedoen. Die administratiewe werk van die sekretaris het die volgende behels: gewone kantoorwerk, boekhouding, invordering en erkenning van verskillende fondse en die versending van die lesblad en Die Gereformeerde Katkisant. Die sekretaris was ook verantwoordelik vir die voorbereidings-materiaal vir die katkisasieklasse en ook die opdrag om toe te sien dat die nodige handboeke beskikbaar is. Vir die deputaatskap was dit heel gou duidelik dat die sekretaris nie al die administratiewe verpligtinge alleen kon behartig nie. Die bekwame hulp van die sekretaris se eggenote, sr. C.C. (Doempie) van Wyk de Vries, is ingespan teen 'n vergoeding van £8.10.0 per maand.

### 9.8.5.9 Beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom

Voor die sinode het ook die beskrywingspunt van die Klassis Potchefstroom gedien. Dit lui: "Die Klassis Potchefstroom versoek die eerw. Algemene Sinode om onverwyld oor te gaan tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris vir die uitvoering van die algemene beleid in verband met die katkisasie."

Daar is dus twee sake op die tafel, naamlik die benoeming van 'n organiseerder en die benoeming van 'n voltydse sekretaris "om die algemene beleid in verband met die katkisasie uit te voer". In die besluit van die sinode word hierdie twee sake gedeeltelik saamgevoeg en gedeeltelik uitmekaar gehou:

(a) Die sinode bevestig die besluit van die sinode van 1952[968] afgesien van die sinodebesluit van 1949[969].

(b) Die deputaatskap word opgedra om die uitvoerbaarheid van die aanstelling van 'n voltydse sekretaris staande hierdie sinode voor te lê.[970]

Punt a van hierdie besluit van die sinode kom daarop neer dat die Sinode nou ***die beginsel van 'n katkisasie-organiseerder goedgekeur*** het. Hierop kon verwag word dat die rapport van die

968 Handelinge van die 31e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Potchefstroom, 22 Januarie 1952 e.v.d., punt ii, bladsy 348.

969 Handelinge van die 30e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Potchefstroom, 26 Januarie 1949 e.v.d., punt 4(b), bladsy 282.

970 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, Potchefstroom, 26 Januarie 1955 e.v.d., artikel 130, punt 2 en 4, bladsy 111.

deputaatskap oor die opdragte van die vorige sinode in behandeling geneem sou word. Veral waar punt 2 van hulle aanvullende rapport lui: "Indien hierdie Sinode bogenoemde punt aanvaar, sal die deputaatskap gereed wees om aanvullend te rapporteer oor die uitvoerbaarheid van die aanstelling van 'n voltydse sekretaris staande die sinode voor te lê."

### 9.8.5.10 Die uitvoerbaarheid van so 'n aanstelling

Die aanvullende rapport oor die uitvoerbaarheid van die aanstelling van 'n sekretaris vir die katkisasie bevat die finansiële sy daarvan. Van die finansies word gesê: "Verder is u kommissie van oordeel dat dit aan die deputaatskap vir katkisasie en jeugsorg opgedra moet word om na besluit deur die eerwaarde sinode alle sake in hierdie verband noukeurig na te gaan voordat oorgegaan word tot die benoeming van 'n voltydse sekretaris, soos reeds in beginsel deur die eerwaarde sinode besluit." Die rapport oor die finansiële aspekte is by die finansiële kommissie van die sinode aanbeveel en het dus ook die finansiële voorsiening vir die aanstelling van 'n voltydse sekretaris besluit van die sinode geword.

### 9.8.5.11 Die mandaat

Die sinode van 1955 het in beginsel besluit dat 'n voltydse sekretaris benoem word en ook besluit om finansiële voorsiening vir die aanstelling te maak. Dit lê dus heeltemal in die lyn van die besprekings en besluite van die sinode dat die deputaatskap vir katkisasie opdrag ontvang het om so 'n sekretaris te benoem, alhoewel daar van so 'n opdrag of mandaat verder hoegenaamd niks in die handelinge vermeld word nie.

Studiedeputate van die sinode oordeel dat in die beroeping van 'n sekretaris vir katkisasie 'n ernstige en gevaarlike praktyk vir die Gereformeerde kerkorde aan die lig getree het.[971] Na mening van die studiedeputate kon sekere handelswyses van die katkisasiedeputate, asook die daarstelling van 'n voltydse sekretaris met 'n spesiale mandaat, nie op Gereformeerd kerkregtelike gronde verdedig word nie. Dit gaan vir die deputate om die handhawing van Gereformeerde kerkorde of om die kapitulasie voor praktyke wat uit nie-Gereformeerde kerke tot ons kon oorgewaai het. Die deputate het tot die volgende oortuiging gekom:

i. "Daar is rede om aan te neem dat die beginsel van artikel 46 kerkorde en
ii. die beginsel van artikel 49 kerkorde, nie nagekom is deur die deputaatskap vir katkisasie, sedert die sinode van 1945 nie. Die sinode word daarop gewys dat die aangehaalde

971 Handelinge van die 33e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Potchefstroom, 22 Januarie 1958 e.v.d., artikel 126, bladsy 348, punt 3. Bevinding.

besluite van die sinodes 1949, 1952, en 1955 konform hierdie artikels behoort hersien te word.

iii. Daar is alle rede om aan te neem dat die behoefte aan, sowel as die mandaat van die benoemde organiseerder of sekretaris vir katkisasie nie kerkregtelik verantwoord en gereverdig is nie.

iv. Daar is rede om aan te neem dat die handelswyse van die deputaatskap sedert die sinode van 1945 in stryd is met die goeie Gereformeerde orde in die kerk.

v. Dit kom voor asof die beginsel vir die praktyk moes swig. Dan is die vraag of die praktyk reg is."

Die studiedeputate beveel aan:

(i) "Dat sinodebesluite revisie nodig het.

(ii) Dat die handelswyse van die deputaatskap vir katkisasie ongeldig verklaar moet word.

(iii) Dat strydige praktyke met ons Gereformeerde kerkorde ongedaan gemaak moet word.

(iv) Dat besliste beginsel uitsprake gekry moet word oor die hele saak."

**9.8.5.12 Afhandeling van die saak ten opsigte van die sekretaris vir katkisasie**

Woensdagaand 29 Januarie 1958, in die sewentiende sitting van die 33e Sinodale Vergadering, is die saak van die sekretaris vir katkisasie na 'n jarelange dispuut afgehandel. Die afsluitende behandeling van die saak is te vind in die handelinge van die 33e Sinodale Vergadering, 1958, Artikel 255, bladsy 352.

Die volgende sake word na 'n kommissie verwys om in te gaan op die stukke en staande die sinode te rapporteer. Die kommissie word genoem: Kommissie in sake

(i) beswaar Partikuliere Sinode Noord-Transvaal en

(ii) gravamen, Westelike klassis, KP

(iii) re regsgeldigheid sinodebesluit 1955 i.v.m. Sekretaris vir Katkisasie.

**9.8.5.13 Beswaar Partikuliere Sinode Noord-Transvaal**

Partikuliere Sinode Noord-Transvaal se beswaar is "dat die Generale Sinode besluite geneem het i.s. die aanstelling van die organiseerder vir katkisasie met tersydestelling van vorige besluite

waarmee beginsels gemoeid is.[972] Partikuliere Sinode Noord-Transvaal beweer dus dat die saak van 'n Katkisasie-organiseerder of voltydse sekretaris op die Sinodale tafel gekom het in stryd met artikel 46 K.O. ... sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit nodig geag word om iets te verander." Die bevinding van die Sinodale Vergadering was dat die beswaar as gegrond beskou moes word.

### 9.8.5.14 Gravamen Westelike Klassis

Die Westelike klassis betwis die regsgeldigheid van die Sinodebesluit van 1955 op die volgende gronde:

(a) "artikel 46 Kerkorde,

(b) die onvolledigheid van die besluit. Slegs oor finansies is gerapporteer, alhoewel die opdrag gegee is om ook ondersoek in te stel na die wyse, volgens K.O., waarop uitvoering hieraan gegee kan word,[973]het dit nooit Sinodebesluit geword nie. Die Finansiële Kommissie het slegs oor finansies gerapporteer. Daar word egter op gewys dat in die notule geen definitiewe opdrag voorkom nie."[974]

Die bevinding van die Sinodale Vergadering was dat die besware van die Westelike Klassis gehandhaaf word op grond van artikel 46 kerkorde en die feit dat geen duidelike besluit daaroor geneem is nie.

### 9.8.5.15 Beroeping van 'n voltydse sekretaris

Met betrekking tot die Beroeping van 'n voltydse sekretaris verwys die sinode na die beslissing van die sinodebesluit van 1955. In verband met die feit van die aanstelling van dr. K.S. van Wyk de Vries besluit die sinode:

1) Die sinode stel hom verantwoordelik vir die versorging van dr. K.S. van Wyk de Vries tot en met die volgende sinode en dra aan hom as deputaat op die afronding van die handboek oor die Kategismus asook die redaksie van die handboek vir openbaringsgeskiedenis.

972 Handelinge van die 32e Sinodale Vergadering 1955, bladsy 110, punte 1 en 2 in vergelyking met Handelinge 1939,bladsy 57, punt III en met Handelinge Sinodale Vergadering 1942, bladsy 295, artikel 48 en met Handelinge Sinodale Vergadering 1945, bladsy 125, punt 2a.

973 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 1955, bladsy 110, punt 1 en 2.

974 Handelinge 32e Sinodale Vergadering 1955, A, I. 3, a.

2) Die versorging sal geskied soos aanbeveel deur die katkisasiedeputate, nl. traktement £1 334 per jaar en huistoelaag £200 per jaar.
3) Vir EPPW & W-fonds word deur die sinode beraam £105 per jaar.

'n Onbestrede mosie van dank aan dr. K.S. van Wyk de Vries word aanvaar vir die groot werk wat hy gedoen het in belang van die katkisasiewese reeds tot op die sinode van 1958. Die Gereformeerde Katkisant is in Augustus 1958 omskep in 'n tydskrif vir die kerkjeug met die naam **Slingervel** met dr. K.S. van Wyk de Vries as redakteur.

## 9.9 Die slot

So sak die gordyn oor die hele saak in verband met die sekretaris vir katkisasie wat geduur het van 1935 tot 1958. Op **8 Mei 1958** gee dr. K.S. van Wyk de Vries kennis aan die katkisasiedeputate dat hy 'n beroep na die Gereformeerde kerk Pretoria-Oos aangeneem het. Sy vertrek word ook weerspieël in die state van die katkisasiedeputate aan die 34e Sinodale Vergadering 1961. Daarin word gemeld dat "'n gedeelte van die telefoonhuur, nl. £4.0.0, vir die jaar 1958 terugvorderbaar is aangesien die telefoon slegs tot ongeveer April 1958 gebruik is met die vertrek van dr. K.S. van Wyk de Vries. Dit is die moment toe dr. K.S. van Wyk de Vries na Pretoria vertrek het. Dr. K.S. van Wyk de Vries het egter van **Augustus 1958 – Maart 1961** opgetree as redakteur van die Slingervel.

Die enigste inskrywing ten opsigte van 'n sekretaris van kategese, ná die sinode van 1958, word gevind in die sinode 1961 toe die sinode besluit het dat 'n bedrag van £333.10.0 aan dr. K.S. van Wyk de Vries uitbetaal sal word. Dit is 'n bedrag wat aan dr. K.S. van Wyk de Vries uitbetaal moet word vir die verlof van die vorige drie jaar wat hy nie kon neem nie.[975] Daarna is daar geen verdere inskrywing oor die sekretaris vir katkisasie in die notules van die katkisasiedeputate of die handelinge van die Nasionale Sinodes nie.

975 Handelinge 34e Sinodale Vergadering, 25 Januarie 1961 e.v.d., artikel 84, punt d, bladsy 290 en Notule van die Katkisasiedeputate 24 Februarie 1958, artikel F.

# HOOFSTUK 10
# DIE PERIODE VAN PRINSIPIËLE BESINNING 1961 TOT 1970

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Nico van der Merwe

# INHOUDSOPGAWE HOOFSTUK 10

## GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA - DIE PERIODE VAN PRINSIPIËLE BESINNING VAN 1960 TOT 1970


10.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ..... 368

10.2 Prinsipiële kategese in die jare 1859 tot 1961 ..... 368

10.3 Beskrywingspunte Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, November 1960 ..... 369

10.4 Bespreking Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, November 1960 ..... 370

10.5 Navrae ten opsigte van die wese van die katkisasie – Klassis Pretoria-Oos ..... 371

10.6 Bespreking ten opsigte van die wese van die katkisasie – 12e Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal 29 November 1960 ..... 375

10.7 Opdrag om die wese van die kategese te ondersoek ..... 379

10.8 Die beginsels van die kategese ..... 383

10.8.1 Inleidende gedagtes ..... 383

10.8.2 Die wese van die kategese ..... 384

10.9 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit die periode 1961-1970 ..... 387

10.9.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1961-1970 ..... 387

10.9.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970 ..... 387

10.9.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1961-1970 ..... 388

10.9.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970 ..... 388

10.9.5 Die *Teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970 ..... 388

10.9.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970 ..... 389

10.9.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970 ..... 389

10.9.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970 ..... 389

10.9.8.2 Lokale en hulpmiddele ..... 390

# Hoofstuk 10

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA - DIE PERIODE VAN PRINSIPIËLE BESINNING VAN 1961 TOT 1970

## 10.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

10.1.1 In Hoofstukke 2 tot 5 word die prinsipiële gronde vir die kategese soos in die Woord van God aangedui is, beskryf, en die geskiedenis van die kategese in Europa ondersoek.

10.1.2 Hoofstuk 6 bestudeer die ontwikkeling en praktyk van die kategese in Suid-Afrika vir die tydperk 1652-1858.

10.1.5 Die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 tot 1949 is in Hoofstukke 7 en 8 aan die orde gestel.

10.1.6 'n Onderdeel van die geskiedenis van die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie wat hom van 1935 tot 1958 ontvou.

10.1.7 In Hoofstuk 10 word die geskiedenisverloop van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nagegaan van 1961 tot 1975, die *periode van prinsipiële besinning oor die kategese.*

## 10.2 Prinsipiële kategese in die jare 1859 tot 1961

As die periode van prinsipiële besinning oor die wese van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1961 tot 1970 vasgestel word, beteken dit nie dat daar in die

voorafgaande jare van 1859 af nie prinsipieel oor die kategese gehandel is nie.[976] Sedert 1961 was daar egter struktuur in die denke en gerigtheid oor die prinsipes van die kategese.

Onder ***wese van die kategese*** word die volgende verstaan: ***Die karakter, subjek, objek, leeruitkoms, leerinhoude, metode en praktyk van die kategese.***

Sedert 1859 is in die Gereformeerde Kerke op 'n losse basis aandag geskenk aan die wese van die kategese. Heel aan die begin na die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was daar nie eenheid oor die saak van kategese nie. Ten opsigte van die kategese is teruggegryp op die besluite van die Sinode van Dordtrecht 1618/1619. Aktiwiteite ten opsigte van die kategese was gedurende die eerste aantal dekades in die Gereformeerde Kerke of predikantsgebonde of gemeenteverbonde. Aanvanklik was dit individuele predikante wat oor die saak van kategese geskryf het. Die diepgaande besinning oor die wese van die kategese op sinodale vlak het eers plaasgevind op die 36e Sinodale Vergadering van 1967.
In 1960-1964 word op meer as een meerdere vergadering indringend gekyk na die katkisasiewese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Op die werksaamhede van die volgende vergaderings word gelet:

1) Klassis Pretoria-Oos, 21 September 1960.
2) Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 22-23 November 1960.
3) Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, 29 November 1960.
4) Klassis Pretoria-Oos, 18 April 1961.
5) Klassis Pretoria-Oos, 3 Oktober 1961.
6) Klassis Pretoria-Oos, 1 Oktober 1963.
7) Partikuliere Sinode Noord-Transvaal, 1 Desember 1964.

Eerstens word gelet op die bydraes van Partikuliere Sinodes Wes-Transvaal, O.V.S. & Natal en Noord-Transvaal waarna as 'n eenheid gelet word op die werk van Klassis Pretoria-Oos.

### 10.3 Beskrywingspunte Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, November 1960[977]

976 Vgl. Hoofstuk 8, punt 8.2.1 insake bydraes tot die wese van die kategese deur ds. Willem Postma (1909), ds. J.G.H. van der Walt (1910), ds. I.D. Kruger (1922), Brosjure van die deputate van die Algemene Vergadering Kaap (1917), Besinning deur die 58e Algemene Vergadering O.V.S. (1921), Studie insake godsdiensonderwys (1922), Korrespondensie in Die Kerkblad, (1923), Tweede artikelsreeks ds. J.G.H. van der Walt (1923), Rapport van pre-advies Algemene Vergadering O.V.S. (Maart 1938), Studierapport Algemene Vergadering O.V.S. & Natal, (1946).

977 Agenda Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 22-23 November 1960, artikel 9.

By wyse van beskrywingspunte skenk die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal aandag aan die kategese, meer in besonder die gebrek aan voldoende handboeke. Die Klassis Potchefstroom vra die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal om by die Algemene Sinode aan te beveel dat 'n vraeboekie oor die feite van die Bybelgeskiedenis, wat opgestel is in opdrag van die klassis, vir gebruik by die kleiner kinders (Klas 1) beskikbaar gestel word. Die Algemene Sinode moet ook onder die besef gebring word dat daar 'n behoefte is aan 'n handboek wat 'n kort sistematiese behandeling bevat van die geloofsleer vir gebruik by die leerstellige onderrig in die katkisasie. Klassis Potchefstroom en Partikuliere Sinode Wes-Transvaal maak bekend dat dit nie moontlik is om kategese na sy wese te laat slaag sonder die nodige handboeke nie.

## 10.4 Bespreking Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, November 1960[978]

Klassis Reddersburg vra die Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal om nader te besin oor die katkisasiewese aan die hand van 'n toeligtingstuk van die klassis. Kortliks vestig die klassis die aandag op wat katkisasie is.

a) Katkisasie is die amptelike onderrig van die Woord aan verbondskinders, deur die bedienaar van die Woord.
b) Katkisasie is die voortsetting van die huiskatkisasie en moet nie die taak van die ouer uit sy hand neem nie. Dit is die ouers se plig om die Woord van God aan hulle kinders mee te deel. Die verwaarlosing van huiskatkisasie is moontlik as gevolg van die feit dat die kerk "kinderkatkisasie" hou vir kinders voor die jare van onderskeid of puberteit, ja, selfs vir voorskoolse kindertjies.
c) Die amptelike katkisasie is 'n verdere, 'n meerdere en uitgebreider (dieper en breër) onderrig as dié van die huiskatkisasie; terselfdertyd is dit 'n voorbereiding vir die openbare belydenis van die geloof en dus vir die volle verantwoordelikhede van 'n belydende lidmaat. Daarom begin katkisasie nie voor die jare waarin die kind begin onderskei nie, of na genoeg op elfjarige leeftyd.

Die klassis voeg daaraan toe dat die klem op die "dieper en breër" moet val. Die uitgangspunt is dat die dooplidmate reeds gelowiges is. Hulle geloof moet tot volle bewustheid gebring word. Dit is derhalwe nie die taak van die kategeet om die kinders te "bekeer" nie, maar om die genadeplant tot volle wasdom te bring, deur getuienis van die waarheid. Aan die anderkant mag belydenis van die geloof nooit vervlak word tot 'n meganiese uitkoms, of 'n blote finale fase van

978 Notule van die 12e Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, 29 November 1960, artikel 29.

die katkisasie waarby die katkisant noodwendig op 'n bepaalde ouderdom of standerd van onderrig belydenis moet aflê nie. Alhoewel die ouer en die kerk ook meewerk tot rypwording in die geloof, bly die openbare geloofsbelydenis tog wesenlik 'n daad gewek deur die Heilige Gees op sy tyd. Met verwysing na die sinode van 1942 onderskrywe die deputate die beginsel dat amptelike kategetiese onderrig deur die kerk om-en-by die elfde jaar van die kind 'n aanvang behoort te neem. Onderrig deur die kerk, wat hierdie ouderdomsgrens vooraf gaan, is eintlik oorname van die taak van die Verbondsouer, en moet derhalwe as sodanig ingerig word. Vanaf klas III vind die voorbereiding met die oog op belydenis plaas, en nadat die werk van klas V afgehandel is, handel elke kerkraad na goedvinde en na gelang van plaaslike omstandighede. Sover moontlik is die predikant die kategeet vanaf klas III. Waar van hulpkragte gebruik gemaak word, moet hulle baie streng gekeur word en ook toerusting vir die taak ontvang.

Verder word aanbeveel dat die helfte van die plaasruimte in die Slingervel afgestaan word vir voorligting van kategetiese materiaal, soos dit vroeër in die Gereformeerde Katkisant[979] gedoen is. Indien dit onuitvoerbaar is, moet ruimte vir die doel in die Kerkblad afgestaan of bygevoeg word. Verder word aanbeveel dat 'n deputaatskap benoem word om 'n konsep vir 'n brosjure of pamflet op te stel waarin algemene voorligting aan hulpkragte vervat sal wees, veral die vernaamste beginsels in die metodiek vir kategetiese onderrig.

## 10.5 Navrae ten opsigte van die wese van die katkisasie – Klassis Pretoria-Oos

Die klassis Pretoria-Oos[980] gee op hulle vergadering van 21 September 1960 opdrag dat die antwoorde van die kerkrade onder artikel 41 kerkorde, insake kategese, in die verskillende gemeentes, vir die volgende klassis nagegaan en opsommend saamgevat moet word. Die deputate rapporteer op die volgende vergadering[981] dat hulle die volgende opdrag gehad het: (a) Om die rapporte van die kerke en die saamvattende rapport deeglik te bespreek. (b) Om die klassis te adviseer met 'n prinsipieel omlynde studiestuk ten opsigte van die kategetiese onderrig. Om op die volgende vergadering van die klassis te rapporteer. Vanweë die uiters belangrike inhoud van hierdie studiestuk oor die wese van die kategese, verdien dit om van kennis geneem te word:

979 Kyk Hoofstuk 8.2.6.

980 Notule van die Klassis Pretoria-Oos, 21 September 1960, artikel 8.

981 Notule Klassis Pretoria-Oos 3 Oktober 1961.

In afdeling 1 van die studiestuk van Klassis Pretoria-Oos word na die *historiese ontwikkeling* van die kategese deur die eeue gekyk. Afdeling 2 is *prinsipiële riglyne*.

Die studiedeputate neem die definisie van K. Dijk[982] as uitgangspunt: Dijk sê kategese is "de dienst der kerk, die sij in naam van Jesus Christus verricht aan de jeugd der gemeente, nl. om deze jeugd in te leiden in de verborgenheden des geloofs, d.i. in de kennis van de inhoud der Heilige Schrift en van de belijdenisschriften, waarin de kerk haar amen uitspreek op het ja der waarheid Gods, en om op deze wijze de kinderen des verbonds te brengen van het ene sacrament tot het andere, d.i. van de doop die aan hen in hunne eerste levensdagen bediend werd, tot het avondmaal, waaraan Christus ze roept om Zijn dood te verkondigen." Die studiedeputate maak die volgende uiters belangrike stellings ten opsigte van die kategese in Suid-Afrika, vanuit die definisie van Dijk:

a) Katkisasie is 'n belangrike deel van die amptelike kerklike onderrig en dit is 'n taak wat opgedra is aan die amptelike onderrigter of kategeet, die predikant. Kategese is deel van die Woordverkondiging hoewel dit heel anders geskied as in die prediking. Hy moet egter die samehang tussen die prediking en Woordontsluiting, Woordvertolking en Woordtoepassing van die waarheid van God vir die kinders bewaar. Kategese sluit aan by die predikant se pastorale werk as ***herder*** van die lammers. Katkisasie sluit ook aan by die predikant se werk as liturg en onderrig die kinders allerlei wat in verband staan met die liturgie en die erediens.

b) Die katkisasie is amptelike onderrig wat gegee word aan die verbondskinders van die gelowiges, die dooplidmate van die kerk, daarom word dit verbondsonderrig genoem. Die kategese volg die genadelyn van die verbond en hou daarmee rekening dat die kinders verstaanbaar en toepaslik bedien moet word. Hulle is immers net soos, en nie minder nie, as die volwassenes lidmate van die gemeente van Christus.[983]

c) Die doel van die katkisasie is dat die predikant die kinders onderrig om hulle van die een sakrament na die ander te bring deur die openbare belydenis van geloof.

d) Die doelstelling van die katkisasie bepaal sy praktyk, metode en leerstof en onderskei dit van alle ander onderrig.

e) Die leerstof vir die katkisasie is die Bybel en die Belydenisskrifte van die kerk. Vir die doel is dit dus die beste as die ander belydenisskrifte aan die hand van die Kategismus behandel word, as Kerkgeskiedenis (Sondag 21), Liturgiek (Sondag 35 en 38), Kerkreg (Sondag 31)

---

982 Dijk, K.1954. De dienst aan de kerkjeugd. Kampen : Kok.
983 Heidelbergse Kategismus, sondag 27, vraag en antwoord 74.

e.a. as onderdeel en uitbreiding en voortvloeisel van die Kategismus behandel word en dat die Aardrykskunde uit die behandeling van die Bybel met behulp van kaarte ens. bespreek sal word.

Na 'n kort bespreking van die katkisasie histories-prinsipieel, kerkregtelik-prinsipieel, kategeties-prinsipieel en die praktiese beoordeling kom die studiedeputate tot die volgende aanbevelings:

**1) Die katkisasie en die algemene sinode**

Klassis Pretoria-Oos beveel aan dat die Algemene Sinode, om sy werk insake die katkisasie deeglik en prinsipieel in hersiening te neem

**en om positief –**

(i) die kerke in die algemeen te adviseer ten opsigte van die wese, vereistes, metode en doel van die katkisasie,

(ii) die kerke in die algemeen te adviseer ten opsigte van 'n gesonde en vrugbare wyse van katkisasie hou en organiseer.

**en om negatief**

(i) die uitgee van lesroosters, handboeke, tydskrifte, registers, ens. direk te staak,

(ii) nie meer deputate vir katkisasie te benoem nie,

(iii) nie meer jaarliks 'n eksamen te reël nie,

(iv) nie meer op die kinders 'n beroep te doen om bydraes vir allerlei fondse te bring nie.

**2) Prinsipieel en prakties ten opsigte van die katkisasie in die ressort van die klassis**

**a) Negatief**

(i) Onderskeid tref tussen katkisasie en belydeniskatkisasie word verwerp.

(ii) Van hulpkragte word verder nie meer gebruik gemaak nie.

(iii) Katkisasie vir kinders jonger as 12 of 13 jaar word gestaak.

(iv) Met die lesroosters, toeligting van lesse, eksamen ens. van die algemene sinode word weggedoen.

(v) Katkisasie word nie langer op Sondae gehou nie.

(vi) Katkisasiekommissies is oorbodig en word afgeskaf.

(vii) Uitstappies, konserte, kollektes, ens. word beëindig.

Die aanbevelings van die Katkisasiedeputate van Klassis Pretoria-Oos is ingrypend en dit sal die kategese in die Gereformeerde Kerke radikaal verander. Die rigting waarin die Klassis gedink het om met die kategese te vorder word nou in punt b, die positiewe uitbou van die kategese gegee.

**b) Positief**

(i) Prinsipieel is alle katkisasie belydeniskatkisasie en word so deur die kerkrade ingerig. Die kerkraad sien toe dat alle katkisasie deur die predikant waargeneem word en die predikant rig sy amptelike werk in oorleg met die kerkraad so in, dat daar 'n eweredige verdeling is in sy ampswerk as prediker, kategeet en herder.

(ii) Katkisasie is 'n vaste punt op die agenda van elke kerkraadsvergadering en staan vanselfsprekend onder toesig van die kerkraad.

(iii) Die katkisasie word slegs gehou vir kinders ouer as 12 en 13 jaar en die aantal klasse word ingedeel soos dit in elke kerk pas.

(iv) So lank gewag word op die algemene riglyn van die sinode, volg die kategete en kerkrade min of meer die advies en riglyne in die genoemde werk van Dijk.[984]

(v) Die katkisasies word in die week gehou op tye wat dit vir die kategeet en die kinders pas. 'n Poging word aangewend om dit vir alle kerke op dieselfde middag en/of aande te laat plaasvind, sodat aan alle skole kennis gegee kan word dat Gereformeerde kinders bo die leeftyd van 12 of 13 jaar op daardie bepaalde tye nie beskikbaar is vir skoolaktiwiteite nie.

(vi) Die kerkrade rig een of hoogstens twee katkisasiekamers na behore in met dit wat nodig is vir gesonde en vrugbare onderrig. Enkele byvoeginge tot konsistories sal gewoonlik voldoende wees.

(vii) Die predikante vergewis hulle deeglik van al die vereistes vir 'n behoorlike en intensiewe en vrugbare verbondsonderrig, leerwerk en herderlike werk, aan die verbondskinders.

(viii) Omdat jonger kinders nie meer katkisasie sal hê nie, sal dit die ouers noop om hulle doopsbelofte na te kom in huiskatkisasie en om hulle doopsbelofte beter na te kom in huiskatkisasie en om behoefte te ontwikkel aan volslae Christelike skole. Dit hoef die kerkraad egter nie te beweeg om aan die kinders niks anders te doen as wat by die huisbesoek gedoen word nie. Elkeen doen hier egter soos dit die beste geag word.

Nadat die rapport op 18 April 1961,[985] van die opgesomde stand van sake wat ten opsigte van kategese gelewer is, besluit die klassis om nie by die opgesomde gegewens te volstaan nie. Die

---

984 Dijk, K. 1954. De dienst aan de kerkjeugd. Kampen : Kok.

deputate vir katkisasie[986] van Klassis Pretoria-Oos ontvang die opdrag om 'n studie te maak van die kerkrade se antwoorde insake katkisasie, onder artikel 41 kerkorde, om die klassis te adviseer met 'n *prinsipieel omlynde* studiestuk ten opsigte van kategetiese onderrig. Die deputate rapporteer aan die volgende klassis[987] en daar word besluit dat die rapport na al die kerkrade verwys word vir behandeling. Op 3 April 1962[988] word dieselfde katkisasiedeputate aangewys met dieselfde opdrag om 'n prinsipiële studie van kategese te maak. Die deputate rapporteer op die klassis van 25 September 1962.[989] In die rapport word gehandel oor die kerkregtelik-prinsipiële faset en die kategeties-prinsipiële faset. Onder die aanbevelings word gestel: (1) Die katkisasie en die Algemene Sinode. (2) Prinsipieel en prakties ten opsigte van die katkisasie in die ressort van die klassis. Die vergadering oordeel dat in die rapport prinsipiële stellings gemaak word, waarmee eensdeels saamgegaan kan word en wat eensdeels ongemotiveerd is en waarmee nie saamgegaan kan word nie.[990] Dit het vir die klassis duidelik geword dat 'n noodsaaklike en behoorlike diepgaande prinsipiële studie van die kategese nodig is en benoem opnuut deputate om die studie te onderneem.[991] Die deputate moet alle sinodale besluite nagaan en hulle volledig, ten opsigte van hulle prinsipiële en praktiese implikasie, in die praktyk van die katkisasie, beoordeel en daarvan rapport doen aan die eersvolgende klassis.[992]

Die deputate rapporteer dat hulle as werkmetode vasgestel het die versameling van al die besluite van sinodes, die opskrifstelling daarvan en daarna die bestudering van die feite. Die deputate rapporteer ook dat daar vordering was met die opdrag maar dit kon in die kort tydjie wat beskikbaar was nie afgehandel word nie. By die klassis word aanbeveel: “Die klassis benoem die deputate weer vir die afhandeling van die opdrag met die volgende byvoegings: (i) Die deputate moet as studiemateriaal ook gebruik maak van die Almanak, “Die Kerkblad”, “Die Gereformeerde Katkisant”, “Slingervel”, die Lesblad, De Wet en Coetzee – “Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese onderwys”, en ander amptelike publikasies insake katkisasie. Die deputate moet ook saamwerk met die deputate van die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal wat 'n min of meer gelyke opdrag het.

## 10.6 Bespreking ten opsigte van die wese van die katkisasie – 12e Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal 29 November 1960

985 Notule Klassis Pretoria-Oos, 18 April 1961, artikel 8.
986 Die deputate is: dr. K.S. van Wyk de Vries (saamroeper), ds. L.H. Stavast, dr. P.M. Cilliers en ouderling A.J. van Rooy.
987 Notule Klassis Pretoria-Oos, 3 Oktober 1961, artikel 10 en artikel 32.
988 Notule Klassis Pretoria-Oos, 3 April 1962, artikel 11.
989 Notule Klassis Pretoria-Oos, 25 September 1962, artikel 11.
990 Notule Klassis Pretoria-Oos, 25 September 1962, artikel 11(b).
991 As deputate word aangewys: dr. K.S. van Wyk de Vries, ds. P.J. de Bruyn en dr. A.J. van Rooy.
992 Notule Klassis Pretoria-Oos, 2 April 1963, artikel 13.

Dieselfde tyd as waarop die bespreking van die katkisasiewese deur Klassis Pretoria-Oos op 21 September 1960 gevoer word,[993] vind dieselfde bespreking op 29 November 1960 [994] plaas met die vergadering van die 12e Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal. Klassis Reddersburg versoek die Partikuliere Sinode om te besin oor die katkisasiewese aan die hand van 'n toeligtingstuk wat deur die Klassis opgestel is.[995]

Op die vergadering van die Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal[996] word 'n beskrywingspunt van die klassis Reddersburg behandel: "Die klassis vra die Partikuliere Sinode om nader te besin oor die katkisasiewese aan die hand van die meegaande toeligtingstuk.[997] Die vergadering besluit dat die beskrywingspunt met die toeligringstuk met dank aanvaar word en dat dit deurgestuur sal word na die Algemene Sinode."

In hooftrekke kom die optrede van die Partikuliere Sinode op die volgende neer:

Dit is nodig om allereers vas te stel wat katkisasie is.

1. (a) Dit is die amptelike onderrig van die Woord aan verbondskinders, deur die bedienaar van die Woord.
   (b) Dit is voortsetting van die huiskatkisasie en moet nie die taak van die ouer uit sy hand neem nie. Alle ouers is in staat of behoort in staat te kan wees, om die feite van die Woord van God aan hulle kinders mee te deel.
   (c) Dit is 'n verdere, 'n meerdere en uitgebreider (dieper en breër) onderrig as dié van die huiskatkisasie; terselfdertyd is dit 'n voorbereiding vir die openbare belydenis van die geloof en dus vir die volle verantwoordelikhede van 'n belydende lidmaat. Daarom begin dit nie voor die jare waarin die kind begin onderskei nie, of na genoeg op elfjarige leeftyd.
2. Met verwysing na die besluit van die sinode 1942, onderskryf die deputate die beginsel dat amptelike kategetiese onderrig deur die kerk om-en-by die elfde jaar van die kind 'n aanvang behoort te neem.

---

993 Notule Klassis Pretoria-Oos, 21 September 1960, artikel 8.
994 Notule 12e Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, 29 November 1960, artikel 29.
995 Agenda 12e Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, 29 November 1960, artikel 29.
996 Notule 12e vergadering van die Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal, 29 November 1960, artikel 29.
997 Die "meegaande toeligtingstuk" waarvan hier melding is, kon nie in die argief opgespoor word nie.

3. Wat die lesblad betref, beskou die deputate dit as 'n noodsaaklike hulpmiddel vir die kategese.
4. Vanaf klas 3 vind die voorbereiding met die oog op belydenis plaas, en nadat die werk van klas 5 afgehandel is, handel elke kerkraad na goedvinde en na gelang van plaaslike omstandighede.
5. Wat hulpkragte betref, moet hulle baie streng gekeur te word. Bybels is dit die opdrag van die predikant om kinders kategeties te onderrig.

Die deputate van Klassis Pretoria-Oos rapporteer op 1 Oktober 1963[998] met 'n lywige rapport.

1. Eers gee die deputate 'n historiese oorsig van die geskiedenis van die kategese vanaf die ou Christelike kerk, die Middeleeue, die Reformasie tot en met die Sinode van Dordtrecht. Die situasie ten opsigte van die kategese in Suid-Afrika van 1652 tot 1859 word oorsigtelik weergegee.
2. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die katkisasiewese in die sestig jaar van die 20ste eeu steeds meer en meer aandag op die meerdere vergaderings geniet. Veral die Sinodale Vergaderings het daartoe bygedra dat die katkisasie ontwikkel het in die praktyk en organisasie soos dit weerspieël word in die rapporte van die kerke in die ressort van klassis Pretoria-Oos.
3. Dan word prinsipiële riglyne gegee ten opsigte van die katkisasie. Die volgende belangrike punte word gestel:

3.1 Katkisasie is 'n belangrike deel van die *amptelike kerklike onderrig* en dit is 'n taak wat opgedra is aan die amptelike onderrigter of kategeet, die predikant.

3.2 Katkisasie is amptelike onderrig wat gegee word aan die *kinders van die gelowiges, die dooplidmate, die verbondskinders* van die kerk. Die kategese volg daarom die genadelyn van die verbond en hou rekening daarmee dat die kinders, wat verbondskinders is, met die Woord van God bedien moet word.

3.3 Die *doel van die kategese* is om die verbondskinders uit die Woord van God te lei tot geloofsrypheid en belydenis van geloof. Hiervoor is nodig kennis van die geloof (kennis van die inhoud en betekenis van die Heilige Skrif en van die belydenisskrifte van die kerk) en die vertroue van die geloof (bearbeiding van die persoonlike geestelike lewe van die kinders, individuele sielsorg, ontplooiing en uitbouing van die jeugdige geloofslewe). Hierdie twee saam verseker vir die kerk, vir sover die kerk kan oordeel, die ware geloof

998 Notule van die Klassis Pretoria-Oos, 1 Oktober 1963, artikel 20.

wat die poort tot die nagmaal is, meer nog, tot die ewige bruilofsmaal van die Lam (Heidelbergse Kategismus, Sondag 7).

3.4 Die doelstelling van die kategese bepaal die *praktyk en metode en die leerstof.* Die *katkisante* is verbondskinders. Van die begin af aan rig die katkisasie hom op die belydenis en die nagmaal en daarom is elke katkisasieklas eintlik kategese met die "belydenisklas".

3.5 Die *leerstof* vir die kategese is die Bybel en die belydenisskrifte van die kerk. Die samehang tussen die twee moet behoue bly en die een moet in die onderrig telkens tot die ander lei of na die ander verwys, terwyl kwalitatief en kwantitatief geleer word wat altyd direk in verband staan met die doel van die katkisasie.

4. In die rapport van die deputate word die praktyk van die kategese soos dit op daardie moment in die gemeentes gedoen word, opsommend weergegee.

4.1 Wat die *indeling* van die katkisasieklasse betref, word vier klasse aangedui en 'n belydenisklas.

4.2 Die *leerstof* is die Bybel, berymde Psalms, die Heidelbergse Kategismus en kerkgeskiedenis. Al die jare se leerstof word ingedeel in 'n lesrooster.

4.3 Wat *hulpmiddele* betref, word algemeen gebruik gemaak van 'n lesrooster, handboeke, Slingervel, registers ens.

4.4 Gebruik word gemaak van 'n *jaarlikse eksamen* wat deur die Algemene sinode opgestel word.

4.5 Die sinodale patroon veronderstel die gebruikmaking van *hulpkragte* om die predikant by te staan.

5. Die deputate het, aan die hand van die historiese oorsig en die prinsipiële riglyne, die katkisasieorganisasie prinsipieel en prakties beoordeel. Die een negatiewe punt ten opsigte van die katkisasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die oordrewe individualisme wat beteken het dat elke gemeente 'n eie manier van doen wil hê as dit by die kategese kom. Die Gereformeerde Kerke het te doen gehad met die volgende organisasie: deputate van die algemene sinode met 'n lesblad, klasindeling, 'n tydskrif, voorligting en toeligting van lesse, eksamen, aanbeveling van handboeke. Dit het beteken die kategese is van bó af gereël en "laat beheer". Dit wil sê die katkisasie tot klas 4, en met handhawing van bogemelde onderskeid, die "belydenisaflegging" van die katkisasie, is aan die predikant oorgelaat met sekere algemene voorskrifte. Vir so 'n van bo-af beheerde katkisasie wat dan eintlik maar skool is, moet van tyd tot tyd en namate die kerk groter word, allerlei bykomende maatreëls getref word wat op sy beurt steeds meer organisasie en

administrasie vereis. Vandaar die steeds wederkerende gedagte van 'n organiseerder of sekretaris of redakteur vir die kategese

6. Kategeties-prinsipieel kom die studiedeputate tot die gevolgtrekking dat die onderskeid wat getref word tussen katkisasie en belydeniskatkisasie en die gevolglike verdeling van die werk tussen die predikant en katkiseermeesters, verkeerd is. Daar is net een katkisasie, die ampswerk van die predikant onder toesig van die kerkraad. As die katkisasie verkeerd gefundeer word, word die ampswerk van die predikant ongebalanseerd gemaak ten koste van die katkisasie.

Hulle opdrag is verder om die klassis te adviseer met 'n prinsipieel omlynde studiestuk ten opsigte van die kategetiese onderwys.

## 10.7 Opdrag om die wese van die kategese te ondersoek

Op die 34e Sinodale Vergadering 1961[999] dien 'n aantal beskrywingspunte. Beskrywingspunt 2 (a) is: Die Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal vra die eerwaarde Algemene Sinode om nader te besin oor die katkisasiewese aan die hand van meegaande toeligtingstuk.[1000] Die sinode besluit oor die beskrywingspunt: “Dit word verwys na die deputate vir Katkisasie”.[1001] Op sy vergadering van 21 Februarie 1961[1002] besluit die Katkisasiedeputate om op die volgende vergadering aandag te skenk aan die beskrywingspunt van die O.V.S. & Natal. Met die vergadering van die Katkisasiedeputate op 29 Maart 1962[1003]besluit die deputate: “Daar word besluit dat die beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode van O.V.S. & Natal by 'n volgende vergadering sal bespreek word. Dit word aan ds. J.J. van der Walt opgedra om intussen 'n memorandum op te stel waarin die agtergrond van die beskrywingspunt uiteengesit word.” Met die volgende vergadering van die Katkisasiedeputate, 19 Maart 1963,[1004] lig ds. J.J. van der Walt die beskrywingspunt toe aan die hand van die aangehegte memorandum.[1005]

---

999 Handelinge 34e Sinodale Vergadering, 25 Januarie 1961, artikel 84, punt B, bladsy 293.

1000 Die toeligtingstuk kon nie in die argief opgespoor word nie.

1001 Handelinge 34e Sinodale Vergadering, 25 Januarie 1961, artikel 84, punt B 2 (a), bladsy 293.

1002 Notule vergadering van die Katkisasiedeputate, 21 Februarie 1961, artikel 12

1003 Notule vergadering van die Katkisasiedeputate , 29 Maart 1962, artikel 9.

1004 Notule vergadering van die Katkisasiedeputate , 19 Maart 1963, artikel 8.

1005 Die memorandum kon nie in die argief opgespoor word nie. Die navorser lei uit die toepaslike gegewens af dat die rapport van die Katkisasiedeputate aan die 35e Sinodale Vergadering 1964, waarin die beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode O.V.S. & Natal behandel word, moontlik die memorandum is wat die Katkisasiedeputate in hulle vergadering onder oë gehad het.

Die Katkisasiedeputate rapporteer aan die Sinodale Vergadering 1964:[1006] "Na aanleiding van opdrag deur die Sinode van 1961 (art.84, B.2.a) wens u Deputate die volgende aan u vir oorweging voor te lê: (u Deputate is egter nie eenstemmig t.o.v. al die punte wat hier gestel is nie.)[1007] Die memorandum val uiteen in twee afdelings: *Prinsipieel* en *prakties*."

Opsommend word die volgende punte onder *prinsipieel* behandel:

1) Die katkisasie is voorbereiding vir die openbare geloofsbelydenis en dus vir die volle verantwoordelikhede van 'n belydende lidmaat.
2) Hierdie amptelike katkisasie is *dieper* en *breër* as die onderrig in die huiskatkisasie, en bou daarop voort. Dit veronderstel dus die voorafgaande huiskatkisasie na eis van die verbond (kyk Handelinge Sinode 1942, p.40).
3) Die amptelike katkisasie van die kerk moet dus nie die taak van die ouer uit sy hande neem nie. Waar die huiskatkisasie verwaarloos word, en dus die amptelike katkisasie van die basis waarop dieper en breër voortgebou moet word, beroof, word deur die klassisrapport verwys na die besluit van die Dordtse Sinode (1918/1919).
4) Die katkisasie is *amptelike* onderrig van die verbondskinders deur die bedienaar van die Woord.

Opsommend word die volgende punte onder *prakties* behandel:

1) Tot op die ouderdom van 10 jaar behoort die kinders hoofsaaklik Bybelse geskiedenis te leer, en deur middel van die Bybelse geskiedenis in toenemende mate, geloofsleer – veral die betekenis van die genadeverbond.
2) Van die elfde jaar af behoort 'n begin gemaak te word met die Bybelonderrig as openbaringsgeskiedenis en met die belydenisskrifte van die kerk. In die kerkgeskiedenis behoort die klem te val op dogmageskiedenis. Daarom vereis dit 'n voorafgaande onderwysing in die leer van die kerk.

---

1006 Handelinge 35e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1964, artikel 133, punt 8, bladsy 359.

1007 Daar word nie in die memorandum aangetoon op watter punte die deputate nie eenstemmig was nie. Ook in die behandeling van die memorandum op die vergadering van die Katkisasiedeputate, 19 Maart 1963, artikel 8, word in die notule geen melding gemaak dat die deputate nie eenstemmig oor die saak was nie. Artikel 8 van die notule lees: "Beskrywingspunt O.V.S. & Natal: Ds. Van der Walt lig die beskrywingspunt toe aan die hand van die aangehegte memorandum. Na wysiging van punt 3, word die memorandum aanvaar vir deursending aan die eerwaarde Algemene Sinode." Ook wat die rapport aan die 35e Sinodale Vergadering betref, notule artikel 9, besluit die deputate: "Die rapport vir die Sinode: Die konsep deur die sekretaris opgestel word met enige wysigings en byvoegings aanvaar." Die punte van verskil word ook nie in hierdie artikel verklaar nie.

3) Die kategetiese onderrig moet die dooplidmate tot 'n volle bewuste geloofskennis lei. Die belydenis van die geloof moet egter nie vervlak tot 'n meganiese beëindiging van die katkisasie nie. Die geloofsbelydenis moet 'n spontane daad bly, gewek deur die Heilige Gees op sy tyd. Wanneer die dooplidmate begeer om belydenis van geloof af te lê, handel elke kerkraad dan na goedvinde en na gelang van plaaslike omstandighede deur byvoorbeeld te volstaan met (i) deeglike ondersoek na leer en lewe; (ii) 'n aan die ondersoek voorafgaande onderrig in die leerstukke waarby Skrif, belydenisskrifte en kerkgeskiedenis dan saamgevat word; en/of (iii) onderrig in die praktiese eise aan 'n belydende lidmaat.

Die sinode neem kennis van die inhoud van die klassisrapport en dra aan die Deputate vir Katkisasie op om die Kategese prinsipieel grondig te bestudeer, ook na aanleiding van die rapport, en aanbevelings by die volgende sinode te doen ten opsigte van die wese, doel, vereistes en metodes van die Kategese. Op die 35e Sinodale Vergadering, 1964, het 'n studierapporte van die Partikuliere Sinode van Noord-Transvaal gedien. [1008] Dit was 'n omvangryke studierapport met die volgende indeling:

1) Die Katkisasie en die Skool.
2) Die Katkisasie en die Kategeet.
3) Die Katkisasie en Hulpmiddele.
4) Die Katkisasie en die Belydenis van Geloof.
5) Die Katkisasie en die Algemene Sinode.

Die rapporteur, dr. K.S. van Wyk de Vries, meld dat, in die bogenoemde vyf hoofpunte die belangrikste aspekte gegee is die verloop van en die huidige stand van die kategese in die Gereformeerde Kerk. Wat die inhoud van Hoofstuk 10 betref, volg die sake in verband met die wese van die kategese in 'n naskrif.[1009] Dit handel oor twee sake: (a) Kategeties prinsipieel en (b) Kerkregtelik prinsipieel.

**(a) Kategeties prinsipieel**

(i) *Die wese van die katkisasie.* Katkisasie is amptelike kerklike onderrig aan die dooplidmate van die Kerk. Dit is onderrig wat die kinders van die verbond inlei in die verborgenhede van die geloof, d.i. in die kennis van die inhoud van die heilige Skrif en die belydenisskrifte van die kerk.

---

1008 Handelinge 35e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1964, artikel 133, bladsye 361-369.
1009 Handelinge 35e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1964, artikel 133, punt 8, bladsy 359.

(ii) *Die doel van die katkisasie.* Die doel van die katkisasie is om deur dié onderrig die verbondskinders te bring tot bewuste en oortuigde belydenis van die geloof waardeur toegang verkry word tot die heilige nagmaalsgemeenskap in die Gereformeerde Kerke.

(iii) *Die Kategeet.* Die predikant is die amptelike en enigste kategeet van hierdie kerklike onderrig, katkisasie.

***Konklusie:***

(i) Die Dordtse patroon van huis-, skool- en kerkkatkisasie kan nie vasgehou word nie; alleen die amptelike werk van die predikant in die onderrig van die verbondskinders om hulle te bring tot belydenis van geloof en die nagmaalsgemeenskap in die Gereformeerde Kerk, is katkisasie. Ook die term huiskatkisasie moet verval; dit verwar die gedagtegang van die ouers en vereng hulle pligte ooreenkomstig die doopsbelofte.

(ii) Die kerk het hierdie beginsels aanvanklik erken, maar rondom 1924 daarvan afgewyk deur die praktyk van die katkiseermeesters, deur die doel van die katkisasie enersyds los te maak van die belydenis van die geloof en deur onderskeid te tref tussen katkisasie en belydeniskatkisasie.

(iii) Die roeping en die optrede van die ouers strek ook oor wat nou genoem word katkisasie of wat "Beginsels" aanmerk as "kinderkatkisasie". Hierdie optrede van die ouers kragtens die doopsbelofte is egter nie katkisasie nie.

(iv) Dit het dringend nodig geword dat die Algemene Sinode ernstig besin oor die genoemde beginsels van die katkisasie.

**(b) Kerkregtelik prinsipieel**

(i) Die katkisasie is die werksaamheid van die predikant, die kerkraad en die klassis (Kerkorde art. 21, 41, 44 en 61).

(ii) Die taak van die algemene sinode insake katkisasie is die stelling van die groot beginsels van die werk van die ampte en die mindere vergaderings. Deur algemene riglyne te gee betreffende hierdie beginsels en ook oor die praktyk van die katkisasie, volbring die algemene sinode sy taak. Dit hoef maar 'n eenmalige besluit van die sinode te wees.

(iii) Indien daar deputate vir katkisasie moet wees, moet dit deputate van die klassis wees en nie van die algemene sinode nie.

***Konklusies:***

(i) Hierdie beginsels is deur die algemene sinodes erken en eerbiedig tot ongeveer 1924. Daarna het die algemene sinode dit prysgegee en die katkisasie in besonderhede van bo af gaan reël en beheer.

(ii) Dit het dringend nodig geword dat oor hierdie beginsel besin word.

***Aanbevelings:***

(i) Die sinode moet sy taak ten opsigte van die kategese prinsipieel grondig hersien in die lig van die studierapport; en sy vorige besluite in verband met die katkisasie dienooreenkomstig hersien.

(ii) Om die kerke in die algemeen prinsipieel te adviseer ten opsigte van die wese, die doel, vereistes, metode van die kategese.

Die sinode dra dit aan die Deputate vir Katkisasie op om die Kategese prinsipieel grondig te bestudeer en aanbevelings by die volgende sinode te doen, ten opsigte van die wese, doel, vereistes en metodes van die kategese. Die volgende broeders is lede van die Katkisasiedeputate vir die termyn 1964 tot 1967:

Primi: ds. J.J. van der Walt, ds. W.J. de Klerk, dr. J. Spoelstra, ds. M.J. Booyens, ds. J.W. Jansen van Ryssen.

Sekundi: prof. J.J. Snyman, dr. J.L. du Plooy, br. C.J. Reinecke (Ermelo), ds. B.J. Lombard, ds. J. Ligthelm.

## 10.8 Die beginsels van die kategese

Onder die een noemer, naamlik **beginsels van die kategese**, word aandag geskenk aan die wese, karakter, doel, metodes, praktyk soos dit voorkom in twee studierapporte:

I. Studierapport oor Katkisasie deur die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal.[1010]

II. Studierapport oor Katkisasie aan die 36e Sinodale Vergadering, artikel 180, punt 4, bladsye 542-550.

### 10.8.1 Inleidende gedagtes

Die motivering van Klassis Pretoria-Oos om 'n studie te maak van die kategese was die volgende:[1011] Die studie spruit voort uit die toepassing van artikel 41 kerkorde en die historiese,

1010 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 17 Januarie 1967-, artikel 180, punt 4, bladsye 542-550.

prinsipiële en praktiese aspekte van die kategese[1012] en die tweede studierapport kom voort uit die besluit van die 35e Sinodale Vergadering.[1013] Die besluit is dat die Sinodale Vergadering dit aan die Deputate vir Katkisasie opdra om Kategese prinsipieel grondig te bestudeer ook na aanleiding van die voorlegging van Klassis Pretoria-Oos deur die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal. Die studie steun op die enigste drie amptelike publikasies insake die kategese.[1014] Die Kategese is primêr amptelike bediening van die Woord deur die kerk aan die verbondskinders om hulle te lei tot die nodige rypheid van geloof, d.w.s. in die kennis van God se Woord as die waaragtige en volkome leer van die saligheid en in die vaste vertroue op sy beloftes, sodat elkeen van sy/haar persoonlike geloof in welbewuste volwassenheid belydenis kan doen in die boesem van die kerk.

### 10.8.2 Die wese van die kategese

Die wese van die kategese is amptelike bediening van God se Woord deur die kerk aan die verbondskinders in die kerk.

10.8.2.1 Die *subjek* van die kategese is die *kerk* deur middel van die *amp.*

10.8.2.2 Die *kerk* as instituut is geroep tot die vergadering en versorging van die volk van die Here. Die verbondskinders is ook lede van die kerk, alhoewel nog inkompleet. Dit is die kerk se roeping om die verbondskinders tot komplete lidmate van die kerk te lei deur Woordbediening.

10.8.2.3 Die *kategeet* is die orgaan waardeur die kerk sy amptelike kategetiese roeping vervul. Die amp wat hierby funksioneer, is die van die *bedienaar van die Woord.* Hy is die enigste amptelike kategeet. *Hulpkragte*[1015] kan gebruik word met keuring en toesig van die kerkraad, *onder leiding van die kategeet.*

10.8.2.4 Die ouderling dra die amp waardeur die kerk die toesig oor die katkisasie volbring.

10.8.2.5 *Die verhouding van die plaaslike kerk en die kerkverband in die kategese.*

---

1011 Handelinge 35e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1964, punt C, bladsy 361.

1012 Handelinge 35e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1964, punt C, inleidende paragraaf, bladsy 361.

1013 Handelinge 35e Sinodale Vergadering, 22 Januarie 1964, punt B, besluit a, bladsy 360.

1014 (a) De Catechese of Godsdienst-onderwijs der Jeugd in die Christeijke Kerk (Verslag en advies aangaande het Catechetisch onderwijs volgens opdracht van de Algemene Vergadering der Gereformeerde Gemeenten in die O.R. Kolonie, ingediend in hare zitting van 8 Februarie 1904).
(b) Voorligting van onse Huisvaders, Huismoeders en Kerkerade insake die Kategisasie. Algemene Vergadering van die Kaap Provinsie, November 1917.
(c) Die Beginsels, Metode en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys, deur C.J.H. de Wet en J.Chr. Coetzee.

1015 Die persone wat in die gemeente met kategese behulpsaam is vanweë die feit dat die predikant a.g.v. sy vol program nie daarby kan uitkom nie, word hulpkragte genoem. Ook: hulpkategete, katkisasiemeesters, leermeesters, waarnemende kategete.

10.8.2.5.1 Die amptelike karakter van die kategese eis die outonomie van die plaaslike kerk in die katkisasie. Die Nasionale Sinodes het ook 'n belangrike taak ten opsigte van die katkisasie.

10.8.2.5.2 In kerkorde artikels 16 en 68 word kategese geïmpliseer by die bepaling van die prediking van die Heidelbergse Kategismus. In artikel 21 kerkorde hang kategese saam met die skoolkatkisasie. Artikel 61 kerkorde impliseer die belydenis van geloof en volgens artikel 41 kerkorde is kategese 'n werksaamheid van die klassis.

10.8.2.5.3 Volgens hierdie artikels is die kategese 'n werksaamheid van die predikant, die kerkraad en die klassis. Die beheer van die kategese behoort te berus by die Nasionale Sinode. Dit is die enigste organisasie in die kerk wat by magte is om besluite te neem en te laat uitvoer in belang van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Vir die doel van die uitvoëring van die algemene beleid neergelê deur die Nasionale Sinode, benoem die Sinode 'n "Deputaatskap vir Katkisasies".

10.8.2.6 Die *wese van die katkisasie* is dat dit amptelike kerklike onderrig is aan die dooplidmate van die kerk.

10.8.2.7 Die *doel* van *die katkisasies*[1016] is om deur die onderrig die verbondskinders te lei tot bewuste en oortuigde belydenis van die geloof waardeur toegang verkry word tot die heilige sakrament van die nagmaal. In die kategese word die verbondskinders gelei tot die kennis van God se Woord as die waaragtige en volkome leer van die saligheid, en in die vaste vertroue op God se beloftes, sodat elkeen van sy/haar persoonlike geloof in welbewuste volwassenheid belydenis kan doen in die boesem van die kerk.[1017] Die kategese is die middel in die hand van die Heilige Gees sodat die gedooptes Christelik en God salig opgevoed word en in die Here Jesus groei en toeneem. Soos by die prediking is die doel van die kategese die werking, onderhouding en uitbouing van die geloof van die verbondskinders.

Die sinode 1967[1018]het 'n tweërlei doel van die kategese onderskei: Die *individuele* doel en die *gemeenskaplike* doel.

a) *Die individuele doel* van die kategese is om die verbondskind te lei tot 'n rype, mondige, persoonlike geloofsbelydenis. Hier val die klem daarop dat die

1016 Omdat die doel (leeruitkoms) van die kategese 'n deurslaggewende invloed uitoefen ten opsigte van die leerinhoude, kurrikulum en praktyk van die kategese word dit breër behandel.

1017 Hierdie omskrywing van die doel van die kategese sluit aan by die Heidelbergse Kategismus, sondag 7, vraag 21 en die woorde van die doopsformulier dat die kinders, *as hulle opgroei, breedvoeriger* onderrig moet word.

1018 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 17 Januarie 1967, artikel 179, punt 5.b.4, bladsy 544.

geloofsbelydenis nie 'n outomatiese afsluiting van die kategese is nie. Die belydenis moet steeds 'n saak van persoonlike welbewuste keuse wees.

b) *Die gemeenskaplike doel* van die kategese is om die verbondskind te bring tot welbewuste lewe in die volle gemeenskap met die volk van God, die kerk, dit is om die verbondskind te lei tot volle aanvaarding van die belydenis van die kerk en tot mondige diensbaarheid in die kerk.

10.8.2.8 Die *objek* van die kategese is die verbondskinders, d.w.s. die kind wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is.

10.8.2.9 Die *vereistes* van die kategese.

10.8.2.10 Die vereistes van die kategese is: dat die Woord van God bedien sal word. Omdat hierdie bediening amptelik verbonde is aan die kerk, is dit *daarbenewens ook vereiste* dat die kerk in sy belydenis en geskiedenis geken moet word as die ware kerk wat deur Christus vergader word met sy Woord en Gees.

10.8.2.11 Die doel bepaal die *vereiste* ten opsigte van die leerstof:

a) Die Bybel.

b) Die belydenisskrifte as naspreke van die Woord.

c) Die Kerkgeskiedenis as handhawing van die Woord.

d) Die *metode* van die kategese:

   i. Die metode van die kategese is *verkondiging* en *onderrig.*

   ii. Die kategeet moet die leerinhoude *meedeel.*

   iii. Waar *verkondiging* die hoofklem in die metode ontvang, moet die handboeke en diktate naas die Bybel en die belydenis tot 'n *noodsaaklike minimum* beperk word.

   iv. In die gang van die kategese moet die *wording van die kind* telkens in berekening gebring word.

e) Die *vrug van die kategese* is die openbare belydenis van persoonlike geloof waardeur deel verkry word aan die sakrament van die nagmaal en aan al die ander voorregte en verantwoordelikhede wat 'n volwassene in die geloof as belydende lidmaat ontvang.

f) *Riglyne vir die leerstof.* Die kurrikulum. sillabusse en lesse.

Met die aanvaarding van hierdie rapport van die Katkisasiedeputate het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die eerste keer 'n volledige standpunt ingeneem ten opsigte van die kategese in al sy fasette.

## 10.9 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit die periode 1961-1970

### 10.9.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1961-1970

Uit verskillende artikels, besprekings, besluite en rapporte is die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangedui as **kerklike diens** in opdrag van die Drie-enige God wat Hom in sy Woord openbaar. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is bely dat die kerk as instituut geroep is tot die vergadering en versorging van die volk van die Here. Die kerk van Christus is nie los enkelinge met min of weinig verband met mekaar nie. Dit omvat ouers en kinders wat deur God in sy verbond ingesluit is. Die verbondskinders is ook lidmate van die kerk, alhoewel nog onvolwasse ten opsigte van hulle geloof . As verbondskinders van die kerk moet hulle die **Drie-enige Verbondsgod** ken soos Hy Hom in sy **Woord** openbaar en hulle moet ook die **kerk** van God ken in sy **belydenis** en **geskiedenis** as die ware kerk wat deur Jesus Christus vergader word deur sy Gees en Woord. Daarom is die kategese gerig tot die onmondige lidmate van die kerk. Daarom is die kategese gerig tot die onmondige lidmate van die kerk. Kategese is sedert die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1859 beskou as **kerklike diens** aan die kerkjeug wat in die verbond opgeneem is met die doel om hulle te leer om soos kinders van God te lewe (Kol. 2:9-10).

### 10.9.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970

Kategese is **kerklike diens** aan die verbondskinders *deur middel van die* ***amp.*** Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod , deur middel van die amp, het die kategese 'n **amptelike karakter.** Die kerk is 'n vergadering van gelowiges waarin Christus en al sy weldade geniet word en waar daar onder sy heerskappy geleef word. Dit maak van die amptelike diens van die kerk diens van God in Christus ten behoewe van die kerk. Christus werk instrumenteel deur die amp in en aan sy gemeente. Dit beteken dat die predikant die enigste amptelike kategeet is. Dit kom duidelik na vore in tydskrifartikels, rapporte, studie, sinodale besluite en bespreking in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika want in die organisering en beplanning van die kategese is dit slegs opgedra aan die predikante en ouderlinge. Vanweë omstandighede van vakante gemeentes, konsulentsgemeentes en heersende toestande, waar dit

nie vir die predikant moontlik is om alle katkisasie self waar te neem nie, kan hulp vanuit die gemeente gekeur word om met die kategese behulpsaam te wees.

### 10.9.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1961-1970

Vir die periode 1961 tot 1970 is die **leeruitkoms** van die kategese vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geformuleer: om die verbondskinders te lei tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis. Anders gestel: Die leeruitkoms van die kategese is die werking, onderhouding en uitbouing van die **geloof** van die verbondskinders in wat **beloof** is in die verbond, sodat hulle tot gehoorsaamheid aan die verbondseis van God kan kom. Die genade in die verbond word aan die verbondskinders bedien vanuit die Woord van God en hulle word daardeur begelei tot geloof en bekering as antwoord op die verbondsbelofte van God. Hierdie doelpunt van geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis word bereik deur die werking van God se Gees en Woord in die kategese (Matt. 28:19-20, Hand. 1:8). Die geloof is 'n gawe van God (Ef. 2:8-9, Fil. 1:29). Dit is die Heilige Gees wat 'n opregte geloof in die hart laat ontvlam (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 22).

### 10.9.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970

Die **objek** van die kategese is die kinders van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is. Die sentrale grond vir die kerk om sy kategese te rig op die verbondskinders is eerstens omdat dit 'n opdrag van God is (Deutr. 6:7-9, Ps. 78). Die sentrale grond vir die kerk om sy kategese te rig op die verbondskinders is die verbondsverpligting waarna die doopsformulier verwys as *"verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid"*. Verder is belangrik die wasdom van die kerk en die opgroei van die verbondskinders tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis (Ef. 4:11-12).

### 10.9.5 Die *Teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970

Uit verskillende artikels in Die Kerkbladbesprekings en rapporte op kerklike vergaderings is die Drie-enige Verbondsgod aangedui as die **Subjek** van die kategese. As Subjek van die kategese,

werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Die Drie-enige Verbondsgod is Subjek van die kategese, omdat Hy sy verbondsvolk verkies, die verbond – waarby die kinders ook ingesluit is – met hulle sluit en sy verbond vir hulle werklikheid maak in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Kategese is dus **teosentriese** onderrigleer en begeleiding. Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en dit trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8).

### 10.9.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970

Vir die kategese is **leerinhoude** alles wat waardevol is om deur middel van onderrigleer aan die verbondskinders te onderrig en waaruit hulle moet leer, sodat hulle tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid en geloofsgehoorsaamheid kan kom met die oog daarop dat elkeen openlik belydenis van geloof kan doen. Die leerinhoud vir die onderrig in die katkisasie was vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te alle tye die **Bybel,** die **kerklike belydenis** en die **kerkgeskiedenis**. Daarvan getuig tydskrifartikels, studierapporte en sinodebesluite.

### 10.9.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** daarvan. Die vraag moet gestel word: Hoe moet ek die leerinhoude aan die verbondskinders oordra? 'n Metode is 'n handelswyse of 'n werkswyse. Die metode is die pad waarlangs jy stap om die leerinhoude aan die kind oor te dra. Dit is duidelik dat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1970 tot 2009 die **vraag-en-antwoordmetode**, dus die **erotematiese metode,** gebruik is in aansluiting by die Heidelbergse Kategismus. Die katkisasieklas verloop dus aan die hand van die **vraag-en-antwoordmetode.** Die kategese is derhalwe 'n erotematiese gesprek. Die ouderlinge en predikante het nie in die besonder besin oor metodes vir onderrigleer nie, maar die gebruikmaking van die kategismus, die Kort Begrip, Borstius en ander vraeboekies toon aan dat die **vraag-en-antwoordmetode** algemeen gebruik is.

### 10.9.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1961-1970

Onder die praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word die volgende verstaan: die **tydsduur** wat vir elke les vasgestel is en die **aantal lesse** wat per jaar beplan is; die **lokaal** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan; die **handleidings** en **hulpmiddele** wat tot beskikking van die kategeet is (muurkaarte, skryfbord of blaaibord, oorhoofse projektor, flitskaarte, modelle ens.); die **aantal katkisante** in die klas en of die klas net bestaan uit kinders van dieselfde jaargroep en of een of meer jaargroepe in een klas saamgevoeg is.

### 10.9.8.2 Lokale en hulpmiddele

Ten opsigte van doelmatige **lokale** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan en **hulpmiddele** by die aanbieding van die lesse het die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika baie min of geen hulpmiddele, met die uitsondering van die handleidings, aangebied nie. Dit is aan die kerkrade oorgelaat om self daaroor te besluit.

# HOOFSTUK 11
# ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE KATKISASIE-HANDLEIDINGS 1970 TOT 2009

Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
1859-2009

Nico van der Merwe

# HOOFSTUK 11 INHOUDSOPGAWE

## DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE HANDLEIDINGS VIR KATKISASIE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA VAN 1970 TOT 2009


11.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die Geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. .......... 395
11.2 Die *beplanningsfase* ten opsigte van die ontstaan van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1970-1976. .......... 396
11.2.1 Ontwikkeling van 1970 tot 1976 .......... 396
11.2.2 Lesblad as handleiding .......... 398
11.2.3 Opdrag aan die katkisasiedeputate .......... 398
11.2.4 Handleiding vir metodiek van die kategese .......... 399
11.3 Die *voorbereidingsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1976-1983. .......... 400
11.3.1 Kurrikulum- en sillabusontwikkeling .......... 400
11.3.2 Die jaarlikse opstel van die lesblad .......... 401
11.3.3 Die afhandeling van die hersiene kategismus-boekies .......... 402
11.3.4 Die publikasie van die handleiding vir metodiek .......... 402
11.3.5 Die opstel van 'n sillabus vir elke standerdgroep .......... 402
11.3.6 Konklusie in verband met handboeke .......... 402
11.3.7 Die denke van die deputate verskuiwe na 'n handleiding in plaas van 'n handboek .......... 403
11.3.8 Afhandeling van die sillabusse .......... 405
11.3.9 Kurrikulum, sillabus en lesrooster .......... 407
11.3.10 Die redaksionele afronding van die konsep-handleiding .......... 416
11.4 Die *hersieningsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1983-1990 .......... 421
11.4.1 Die taak van hersiening begin ten opsigte van die 1983 katkisasiehandleidings .. 421
11.4.2 Die redaksionele afronding van die handleiding .......... 425
11.4.3 Finalisering van die handleidings .......... 428
11.5 Die *vernuwingsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1990-2000 .......... 430
11.5.1 Dilemma met navorsingsbronne .......... 430

11.5.2 Kommentaar op die handleidings ....... 430
11.5.3 Voortgaande hersiening van handleidings ....... 432
11.5.4 Omvangryke rapport aan die Nasionale Sinode ....... 433
11.5.4.1 Vorige ondernemings het nie gerealiseer nie. ....... 433
11.5.4.2 Werkswyse ....... 433
11.5.4.3 Onderhandelings met MEMA ....... 434
11.5.4.4 Vordering tot einde Junie 1999 ....... 434
11.6 Die *moderniseringsfase* ten opsigte van die katkisasie handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 2000-2009 ....... 436
11.6.1 Werkswinkel te Wapadrant ....... 436
11.6.2 Bosberade September 2007 en Februarie 2008 en kursusse in gemeentes. ....... 436
11.6.3 Uitgangspunte in die samestelling van die sillabus ....... 437
11.6.3.1 Beginsel 1: Ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die geloofsonderrig van hulle kinders ....... 437
11.6.3.2 Beginsel 2: Geloofsonderrig stel God aan die kind bekend deur die Woord ....... 437
11.6.3.2.1 Godsopenbaring ....... 438
11.6.3.2.2 Openbaringsgeskiedenis ....... 438
11.6.3.2.3 Samevatting ....... 440
11.6.3.3 Geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis ....... 440
11.5.3.3.1 Geskiedenis tussen die lesse ingevoeg ....... 440
11.6.3.3.2 Handleiding vir openbaringsgeskiedenis ....... 440
11.6.3.3.3 Kerk (geskiedenis) ....... 441
11.6.3.3.4 Koninkryk ....... 441
11.6.3.3.5 Belydenis ....... 442
11.6.3.4 Beginsel 3: Die doel van die onderrig is om die kind tot kennis, vertroue en uitlewing van die geloof te bring ....... 442
11.6.3.5 Samevatting ....... 443
11.6.4 Die indeling van die lesse ....... 443
11.7 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die periode 1970-2009 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ....... 445
11.7.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1970-2009 ....... 445
11.7.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ....... 445

11.7.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1970-2009 ........................ 445
11.7.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ........................ 446
11.7.5 Die *teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ........................ 446
11.7.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ........................ 446
11.7.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ........................ 447
11.7.7.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009 ........................ 448
11.7.7.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese ........................ 448
11.7.7.8.2 Lokale en hulpmiddele ........................ 449

# HOOFSTUK 11

# DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE KATKISASIE-HANDLEIDINGS IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA VAN 1970 TOT 2009

## 11.1 Inleiding: Terugblik en vooruitskouing ten opsigte van die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

11.1.1 In Hoofstukke 2 tot 5 word die prinsipiële gronde vir die kategese soos dit in die Woord van God aangedui is, beskryf, asook die geskiedenis van die kategese in Europa.

11.1.2 Hoofstuk 6 bestudeer die ontwikkeling en praktyk van die kategese in Suid-Afrika vir die tydperk 1652-1858.

11.1.5 Die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van die stigting van die Gereformeerde Kerke in 1859 tot 1949 is in Hoofstukke 7 en 8 aan die orde gestel.

11.1.6 'n Onderdeel van die geskiedenis van die kategese van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die ontwikkeling van die sekretaris vir katkisasie wat hom van 1935 tot 1958 ontvou, word in Hoofstuk 9 ondersoek.

11.1.7 Die soeke na die wese van die kategese word in Hoofstuk 10 uiteengesit.

11.1.8 In Hoofstuk 11 kom die fase van die kategese na vore waarin die kurrikula, sillabusse en die ontwikkel van handleidings die aandag vra.

Die ontwikkelingsgeskiedenis van die katkisasie-handleidings word deur 3 kerngebeurtenisse afgebaken. Dit is die datums waarop voltooide katkisasie-handleidings en hersiene katkisasie-handleidings verskyn het, nl. **1983, 1990** en **2000.**

Die fases van ontwikkeling om aan te dui hoe die gedagte en die verwerkliking van katkisasie-handleidings oor 39 jaar (1970-2009) verloop het, is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die beplanningsfase | 1970-1976 |
| 2. | Die voorbereidingsfase | 1976-1983 |
| 1983 | Publikasie van die 1e katkisasie-handleidings | |
| 3. | Die hersieningsfase. | 1983-1990 |
| 1990 | Publikasie van die hersiene katkisasie-handleidings | |
| 4. | Die vernuwingsfase | 1990-2000 |
| 2000 | Publikasie van die nuutopgestelde katkisasie-handleidings | |
| 5. | Die moderniseringsfase | 2000-2009 |

## 11.2 Die *beplanningsfase* ten opsigte van die ontstaan van die katkisasie-handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1970-1976.

### 11.2.1 Ontwikkeling van 1970 tot 1976

Die beplanning om handleidings in die katkisasie te gebruik eerder as handboeke het 'n lang geskiedenis in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die eerste handleidings is op 17 Oktober 1989 voltooi, waarna dit herhaaldelik hersien is totdat nuutverwerkte handleidings aan die Nasionale Sinode van 2009 voorgehou is. In hierdie periode het 14 Nasionale Sinodes (vanaf die 37e Sinode 1970 tot die 50e Sinode in 2009) aandag geskenk aan die ontwikkeling van handleidings. In die beskrywing van die ontstaansgeskiedenis van die handleidings word baie ander fasette behandel wat invloed uitgeoefen het om die uiteindelike handleidings finaal afgerond te sien. Die volgende sake gaan dus in die ontstaansgeskiedenis van die handleidings ook behandel word: kurrikula, sillabusse, lesroosters.

Na die tydperk van prinsipiële besinning (1961-1967), wat 'n afsluiting gevind het in die 36e Sinodale Vergadering 1967,[1019] is daar ten opsigte van kategese teruggekeer na die versorging, indeling en beskikbaarstelling van die jaarlikse lesrooster en 'n poging om goeie handboeke beskikbaar te stel.

1019 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 17 Januarie 1967, artikel 179 & 180, bladsye 538-565.

Die katkisasiedeputate rapporteer op die 37e Sinodale Vergadering van 1970[1020] dat die vorige Sinodale Vergadering[1021] nie 'n opdrag aan die katkisasiedeputate, wat deur die Sinodale Vergadering aangewys is, geformuleer het nie. Derhalwe het die katkisasiedeputate vir die termyn 1967 tot 1970 hulle hoofsaaklik besig gehou met die jaarlikse opstel van "Die lesblad".[1022] Die sinode gee in beginsel gevolg aan 'n beskrywingspunt van die Partikuliere sinode Oos-Transvaal:[1023] "Die Nasionale Sinode word gevra dat die deputate vir katkisasie van die Nasionale Sinode weë en middele moet ondersoek om praktiese handboeke vir die onderrig in die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls op te stel vir gebruik in die belydeniskatkisasie".[1024] In daardie stadium was daar twee handboekies in gebruik oor hierdie onderwerpe.[1025] Die katkisasiedeputate rapporteer aan die volgende sinode[1026] oor hulle werksaamhede. Die 37e Sinodale Vergadering[1027] het die beskrywingspunt van die Partikuliere sinode O.V.S. & Natal aan die katkisasiedeputate opgedra om daaroor te besin: "Die partikuliere sinode vestig die aandag daarop dat die lesblad vir katkisasiekinders die Bybelgeskiedenis nie altyd in kronologiese volgorde behandel nie." Oor die beskrywingspunt wat van die Partikuliere sinode OVS & Natal gekom het, vestig die deputate die aandag van die sinode op die "Rapport insake die wese en karakter van die katkisasie"[1028] (die deputate gryp terug na die resultate van die periode van prinsipiële besinning) waaruit blyk dat die Sinode aanvaar dat "temas uit die Ou en Nuwe Testament met 'n los onderlinge verband" behandel moet word.[1029] Die kleiner kinders het nog nie 'n begrip van kronologiese orde nie, maar stel belang in Bybelgebeurtenisse [1030]en daarom word dit op dié wyse in die lesblad voorgeskrywe. Die aanbeveling van die deputate word deur die sinode aanvaar: "dat 'n lesblad as ***handleiding***[1031] opgestel sal word wat sal bevat:

---

1020 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, artikel 127, punt 2, bladsy 311.

1021 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 17 Januarie 1967.

1022 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, artikel 127, bladsy 311.

1023 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, punt B, bladsy 314.

1024 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, artikel 127, bladsy 314.

1025 (i) KEN EN VERTROU. Inleiding tot die boeke van die Bybel en toeligting van die Dordtse Leerreëls. 1968. ds. J.J. van der Walt en dr. G.C.P. van der Vyfer. Uitgewer: Die Evangelis, Boekhandel De Jong (Edms) Bpk. Braamfontein. Johannesburg.
(ii) ONS GLO MET DIE HART EN BELY MET DIE MOND. 1972. Ds. M.J. Booyens. Pro Rege Pers, Potchefstroom.

1026 Handelinge 38e Sinodale Vergadering, 10 Januarie 1973, artikel 214, bladsy 551.

1027 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, artikel 127, bladsy 311.

1028 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1967, artikel 180, paragraaf (f), (ii), aa, bladsy 548.

1029 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, artikel 127, bladsy 311.

1030 Navorser verkies om te praat van *gebeure* in die Bybel eerder as "stories" of "verhale".

1031 Hier word vir die eerste keer melding gemaak van 'n *handleiding* en nie van 'n handboek nie. Die ontwikkeling en publikasie van handleidings vir die kategese het hier in *Januarie 1970* begin en het geduur tot *Oktober 1982* toe die eerste konsep-handleidings vir die verskillende katkisasieklasse gedruk en beskikbaar was. Vergelyk in hierdie opsig die voorwoord in die handleidings wat in Oktober 1982 beskikbaar gestel is. Dit was 'n periode van 12 jaar waartydens gewerk is aan die ontwikkeling van handleidings vir die kategese. Dit het saamgehang met die ontwikkeling van 'n amptelike kurrikulum en sillabusse. Dit sou uiteindelik hersien en weer hersien word tot 2004.

(1) 'n Model-lesblad, (2) Sinodebesluite insake kategese, (3) leiding in verband met die metodiek van die kategese."[1032]

### 11.2.2 Lesblad as handleiding

Ten opsigte van die opdrag om 'n lesblad as handleiding op te stel, het die deputate te doen gekry met allerlei praktiese probleme op grond waarvan die opdrag nie uitgevoer is nie. Die probleme was onder andere die volgende:[1033]

"3.1 So 'n lesblad as handleiding sou in 'n beperkte oplaag gedruk moes word, aangesien 'n kerkraad maar een of enkeles sou benodig. Dit sou die koste per eksemplaar buite verhouding hoog maak en verkope daarvan bemoeilik.

3.2 Sinodebesluite insake kategese is feitlik alles vervat in die rapport van 1967[1034] wat toeganklik is vir elke kerkraad.

3.3 U deputate kon ook nie duidelik leiding gee in verband met die metodiek van die kategese nie, omdat u deputate van mening is dat die metodiek veral ten opsigte van die Gereformeerde leerinhoud, soos vervat in die boekies Heidelbergse Kategismus deel 1 en 2, verouderd is. Met die oog daarop volg hieronder 'n aanbeveling. Intussen het u deputate dus voortgegaan om jaarliks 'n lesblad uit te gee met enkele praktiese wenke insake metode ensovoort wat redelik algemeen deur die kerkverband bestel is. U deputate vra die sinode se goedkeuring vir hul optrede in die verband."

### 11.2.3 Opdrag aan die katkisasiedeputate

"Omdat leiding in verband met die metodiek van die kategese na ons (katkisasiedeputate) verwys is, wil u deputate die sinode versoek om aan die te benoeme deputate die volgende opdrag te gee:[1035]

3.3.1 Om 'n diepgaande studie te maak en met aanbevelings te kom ten opsigte van die metodiek van die kategetiese onderwys gesien in die lig van die moderne ontwikkelings op die terrein van die onderwys.

3.3.2 Om die Heidelbergse Kategismus deel 1 en 2 te herskryf, wat taal, samestelling en volgorde betref, om aan te pas by die ouderdomsgroepe vir wie dit bedoel is, of indien hulle dit nodig vind, dit te vervang met 'n verwerking van die Gereformeerde leerinhoud in 'n ander vorm."

---

1032 Handelinge 37e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1970, artikel 127, bladsy 311.

1033 Handelinge 38e Sinodale Vergadering, 10 Januarie 1973, artikel 214, punt 3.1 tot 3.3, bladsy 552.

1034 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 21 Januarie 1967, artikel 180, bladsy 548.

1035 Handelinge 38e Sinodale Vergadering, 10 Januarie 1973, artikel 214, punt 3.3.1 tot 3.3.2, bladsy 552.

Die Sinode het besluit om in plaas van aan 3.3.2 gevolg te gee, te voldoen aan die beskrywingspunte van die Partikuliere Sinode Kaapland en SWA wat soos volg lui:[1036]

1. Hersiening van Rooi- en Blouboekies: Dat die kategismusboekies, te wete die Rooi- en Blouboekies, hersien word met die oog op taal en formulering.
2. Beskikbaarstelling van die lesblad: Die sinodale deputate belas met die katkisasieblad word gevra om die lesblad vir elke nuwe jaar reeds voor die skoolsluiting van die lopende jaar beskikbaar te stel.

Die hersiening van die Rooi en Blou Kategismus word aan die deputate opgedra. Die deputate het 'n drieërlei opdrag van die sinode ontvang:[1037]

2.1 Om 'n diepgaande studie te maak en met aanbevelings te kom ten opsigte van die metodiek van die kategetiese onderwys gesien in die lig van die moderne ontwikkelings op die terrein van die onderwys.

2.2 Dat die kategismusboekies, te wete die Rooi- en die Blouboekies, hersien word met die oog op taal en formulering.

2.3 Die sinodale deputate belas met die katkisasieblad word gevra om die lesblad vir elke nuwe jaar reeds voor die skoolsluiting van die lopende jaar beskikbaar te stel.

### 11.2.4 Handleiding vir metodiek van die kategese

Die deputate rapporteer aan die 39e sinode[1038] dat hulle die *eerste revisie* van die Rooi en die Blou Kategismus voltooi het en aan elke kerkraad 'n eksemplaar gestuur het met die oog op kommentaar. Die deputate rapporteer verder dat 'n *metodiek* van die kategetiese onderwys opgestel is deur prof. dr. J.H. van Wyk (Opvoedkunde) en as bylaag vir die sinode beskikbaar is.[1039] Die handleiding sal gedruk word en beskikbaar wees vir kerkrade. Die sinode besluit verder dat die handleiding op rekening van die skrywer, prof. dr. J.H. van Wyk (Opvoedkunde), staan en dat dit deur die plaaslike kerke op eie verantwoordelikheid gebruik word. Ten opsigte van die *lesblad* doen die deputate verslag dat dit jaarliks uitgegee is. Die sinode moet ook

1036 Handelinge 38e Sinodale Vergadering, 10 Januarie 1973, artikel 214, punt 1 en 2, bladsye 552-553.
1037 Handelinge 39e Sinodale Vergadering, 14 Januarie 1976, artikel 185, punt 2, bladsye 555-556.
1038 Handelinge 39e Sinode, 14 Januarie 1976, artikel 185, bladsy 555.
1039 VAN WYK, J.H. 1976. Kategetiese onderrig; metodiese riglyne. Potchefstroom : GKSA. Sinodale Deputate vir Katkisasie.

oordeel oor die indeling van die klasse waar die ouderdom in jare vervang is deur skoolstanderds. Dit word so aanvaar.

## 11.3 Die *voorbereidingsfase* ten opsigte van die katkisasie-handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1976-1983

### 11.3.1 Kurrikulum- en sillabusontwikkeling

Die deputate rapporteer aan die 39e Sinode van 1976[1040] oor die *standaardisering van die lesblad*[1041] en sake wat direk in verband staan met kurrikulumontwikkeling en kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategese. Indien 'n kurrikuleringsmodel vir kategese eie aan die wese en karakter van die kategese bestaan het, sou dit die probleem van die deputate opgelos het ten opsigte van die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude.

Die deputate het die afgelope 3 jaar (1973-1975) gepoog om die lesblad geleidelik te standaardiseer, dit wil sê daar is gewerk in die rigting om 'n sillabus saam te stel vir elke skoolstanderd maar wat ook in kleiner kerke met klein klasse wat gekombineer is, in rotasie behandel kan word. Die sinode moet kennis neem daarvan dat die grootste beperkende faktor wat verhinder om tot 'n ideale sillabus vir elke standerd te kom, die feit is dat die sillabus by bestaande handboeke moet aansluit eerder as dat daar eers 'n sillabus vasgestel is en die handboeke daarop gebaseer is. Hierdie probleem het 'n invloed gehad op die leerinhoud wat behandel moet word en die gevorderdheid van die aanbieding in die handboek en die omvang daarvan (aantal lesse). Handboeke dek periodes van een tot drie jaar. Die klasse wat die nadeligste geraak word as gevolg van hierdie gaping, is standerds 2 en 3.[1042] In hierdie opsig neem die Sinode 'n baie belangrike besluit waarvan die uiteinde 'n radikale wending ten opsigte van die kategese gebring het. Die sinode besluit:[1043] *"As toekomsbeleid wil ons aanbeveel dat daar in aansluiting by Sinode 1967 se besluite, in elke standerd 'n duidelike sillabus wat op kategeties-opvoedkundige beginsels gebaseer is, opgestel moet word. Sodra sodanige sillabusse vasgestel is, kan skrywers uit die kerkverband hulle boeke daarby aanpas."* Dit blyk dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by wyse van Nasionale Sinodes, ná die periode van prinsipiële besinning ten opsigte van die kategese, geleidelik groei in uitgangspunt ten opsigte

1040 Handelinge 39e Sinode, 14 Januarie 1976, artikel 185, bladsy 555.
1041 Handelinge 39e Sinode, 14 Januarie 1976, artikel 185, punt 3.3.3, bladsy 557.
1042 Handelinge 39e Sinode, 14 Januarie 1976, artikel 185, bladsy 557.
1043 Handelinge 39e Sinode, 14 Januarie 1976, artikel 185, punt 3.3.3, bladsy 557.

van die kategese, in dié sin dat meer en meer fasette van die kategese onder bespreking, beplanning en toepassing kom.

Die katkisasiedeputate vir die termyn 1976 tot 1979 se werkterrein ondergaan 'n diepgang in vergelyking met die vorige termyne. Hulle skenk aandag aan die volgende sake:[1044]

1. Die jaarlikse opstel van die lesblad.
2. Om in aansluiting by die besluite van sinode 1967, in elke standerd 'n duidelike sillabus op te stel wat op kategeties-opvoedkundige beginsels gebaseer is.
3. Die publikasie van die handleiding vir metodiek.
4. Om die hersiene Rooi- en Blouboekies te publiseer.

### 11.3.2 Die jaarlikse opstel van die lesblad

Die katkisasiedeputate besluit om die volgende wysigings ten opsigte van die lesblad aan te bring[1045] in die lig van die riglyne vir die leerinhoud soos in 1967 besluit is:[1046]

a) Gedurende die eerste twee jaar van kategetiese onderrig sal nie meer van die boekie van mev. Viljoen[1047] gebruik gemaak word nie. Gedurende die eerste vier jaar sal die handboekie van ds. Lessing[1048] voorgeskryf word.
b) Voortaan sal die indeling van klasse volgens die skoolstanderd wees en die indeling "klas" sal in die lesblad weggelaat word.
c) Meer Psalmversies sal opgegee word vir die kinders om te memoriseer.
d) Vir standerds 3, 4, 5 en 6 word "Laat my Lammers wei" van ds. M.J. Booyens[1049] en Kategismus Deel 1 (Rooi) en Deel 2 (Blou) voorgeskrywe.
e) Vir standerds 7, 8 en 9 sal by die "Handboek Gewyde Geskiedenis" van prof. dr. P.J.S. de Klerk[1050] terwyl die ooreenstemmende hoofstukke in "Laat My Lammers wei" aangedui word vir alternatiewe gebruik.

---

1044 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, punt 1, bladsy 445.

1045 Notule Katkisasiedeputate, 10 Maart 1976, Artikel 6.

1046 Handelinge 36e Sinodale Vergadering 17 Januarie 1967, artikel 180, punt f, bladsy 548-549

1047 BYBELGESKIEDENIS VIR KINDERS VERTEL. s.j. (mev.) H.L. Viljoen, Uitgewer: Die Evangelis, Boekhandel De Jong (Edms) Bpk. Braamfontein, Johannesburg.

1048 Ds. I.J. Lessing, 1960, BYBELSE GESKIEDENIS in vrae en antwoorde vir kleiner kinders (6-8 jaar). Pro Rege-pers beperk. Potchefstroom. Die boekie is sedert 1960 tot 1978 herhaaldelik herdruk.

1049 Ds. M.J. Booyens, 1962, LAAT MY LAMMERS WEI. Bybelse geskiedenis met 'n vereenvoudiging en kort toeligting van die Heidelbergse Kategismus vir katkisasie, skool en huis. Calvyn Jubileum Boeke-fonds, Potchefstroom. Die handboek is in die volgende dekades, van 1962 af, herhaaldelik herdruk.

1050 Dr. P.J.S. de Klerk, 1934, HANDBOEK GEWYDE GESKIEDENIS. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria. Die handboek is in die volgende dekades, van 1934 af, herhaaldelik herdruk.

f) Wat die Heidelbergse kategismus betref, in deel 1 en deel 2, moet gelet word op die nuwe nommerindeling in die hersiene uitgawes.

g) Die aantal lesse sal bepaal word volgens die betrokke skooldae van elke provinsie en die tyd en duur van die vakansies.

h) Dit word aan prof. dr. J.H. van Wyk (Opvoedkunde) opgedra om die lesblad saam te stel sodat dit September/Oktober 1976 gereed sal wees.

### 11.3.3 Die afhandeling van die hersiene kategismus-boekies

Die hersiene Kategismus Deel 1 en Deel 2 sal deur die Calvyn Jubileum Boekefonds gedruk word en ds. M.J. Booyens sal die voorwoorde skryf.[1051]

### 11.3.4 Die publikasie van die handleiding vir metodiek

Die uitgawe van die handleiding vir metodiek, deur prof. dr. J.H. van Wyk (Opvoedkunde), sal deur die Calvyn Jubileum Boekefonds behartig word.[1052]

### 11.3.5 Die opstel van 'n sillabus vir elke standerdgroep

Die opstel van konsep-sillabusse vir elke jaargroep word opgedra aan prof. dr. J.H. van Wyk en prof. dr. J.J. van der Walt. Dit moet gedoen word in die lig van die aanbevelings van die 36e Sinodale Vergadering.[1053] Dit sal die eerste keer in die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wees dat op vakwetenskaplike vlak aandag geskenk word aan sillabusse.

### 11.3.6 Konklusie in verband met handboeke

Ten opsigte van handboeke het die deputate konklusies bereik wat ingrypende invloed op die praktyk van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal hê.[1054] Dit is:

1. In die kategetiese onderrig aan die laerskoolklasse moet slegs die Bybel as hoofbron gebruik word en geen afsonderlike handboekie of vraeboekie nie.

---

1051 Notule Katkisasiedeputate, 10 Maart 1967, Artikel 5.
1052 Notule Katkisasiedeputate, 10 Maart 1967, artikel 5.2.
1053 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 17 Januarie 1967. artikel 180, punt f, bladsy 548.
1054 Notule Katkisasiedeputate, 2 Maart 1977, Artikel 9.

2. Vir kategetiese onderrig aan die hoërskoolklasse is daar behoefte aan 'n goeie handboek vir Openbaringsgeskiedenis.
3. Nuwe en geskikte handboeke is ook nodig vir Kerkgeskiedenis en Geloofsleer.
4. Oor die algemeen gesien, moet daar gepoog word om ten opsigte van Bybelse leerinhoud minder van handboeke gebruik te maak sodat die hoofklem op die Bybel kan val as bron van die leerinhoude vir die kategese.
5. Nadat die studie insake die sillabusse afgehandel is, sal die deputate positiewe aandag skenk aan die saak van die handboeke.

### 11.3.7 Die denke van die deputate verskuif na 'n handleiding in plaas van 'n handboek

In hulle werk het die denke van die katkisasiedeputate geleidelik 'n verskuiwing ondergaan van 'n *handboek* na 'n ***handleiding*** as die meer korrekte hulpmiddel in kategetiese onderrigleer. Die 40e sinode[1055] behandel die rapport van die katkisasiedeputate wat lui: "'n Handleiding word in die vooruitsig gestel; nie 'n handboek nie. Die bedoeling met die handleiding is 'n nadere uitwerking van die leerinhoud in die sillabus soos dit in die verlede in die Gereformeerde Katkisant[1056] gedoen is. Die handleiding vorm dus 'n onlosmaaklike eenheid met die sillabus ten opsigte van byvoorbeeld die skopus, beklemtoning ensovoorts." Hierop besluit die 40e sinode:[1057] "Deputate vir Katkisasie word benoem met die mandaat om:

1. 'n Katkisasielesblad op te stel en te sorg dat dit betyds vir die volgende jaar beskikbaar is by kerkrade;
2. die konsep-gestandaardiseerde sillabusse vir katkisasie na beoordeling en verwerking so gou moontlik as proewe aan die kerke beskikbaar te stel met die versoek om betyds kommentaar op die sillabusse terug te stuur aan die deputate;
3. 'n handleiding aan die hand van die konsep-gestandaardiseerde sillabusse op te stel en as proef aan die kerke voor te lê met die oog op kommentaar. Die handleiding moet die sillabus so volledig moontlik dek."

Om uitvoering aan hierdie opdrag te gee, besluit die deputate "dat daar opnuut 'n studie gemaak moet word van die sillabusse vir die kategetiese onderrig in volledige vakwetenskaplike verband".[1058] Op 2 Maart 1978[1059] neem die deputate volgens die notule[1060] 'n rapport ter tafel

---

1055 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, bladsy 455.
1056 Vgl. Hoofstuk 8, punt 8.2.6
1057 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, bladsy 445, besluit.
1058 Notule katkisasiedeputate, 2 Maart 1977, artikel 8.

wat handel oor "Riglyne vir die opstel van 'n nuwe sillabus vir kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika." In afdeling A word die terminologie behandel en afdeling B oor die "Ordeningsbeginsels by die bepaling van die kurrikuluminhoud vir die kategetiese onderrig".[1061] Van die inhoud van die rapport is slegs kennisgeneem en daar is voortgegaan om 'n nuwe sillabus op te stel. Moontlik het die katkisasiedeputate hier 'n goue geleentheid deur die vingers laat glip deur nie die bylaag te behandel en te besluit of die inhoud daarvan kategeties vakwetenskaplik die nodige riglyne verskaf nie. Ten spyte hiervan het die katkisasiedeputate ten opsigte van die seleksie (kurrikulum), ordening (sillabus) en indeling (lesrooster) van leerinhoude vir die kategese in die jare 1978 tot 1989 deurslaggewende werk gedoen. Uit die notules van die deputate se vergaderings word duidelik op watter wyse die leerinhoude vir die kategese gekies, georden en ingedeel is, alhoewel die motivering vir die saak nie pertinent genoem word nie. Die volgende besluite van die deputate verdien vermelding:

1. Jaarliks moet leerinhoud uit die Ou en Nuwe Testament geleer word en die sillabusse moet volgens die ***progressiewe metode*** opgestel word.[1062]
2. Ten opsigte van openbaringsgeskiedenis vir die verbondskinders in standerds 7 en 8, moet nie weer historiese gedeeltes gekies word nie; daar moet aandag geskenk word aan die digterlike en profetiese boeke in die Ou Testament en die briewe en Openbaring in die Nuwe Testament.[1063]
3. Wat kerkgeskiedenis betref, word besluit om monografieë vir onderrig in standerds 5 en 6 te keur, terwyl daar in standerd 7 op algemene kerkgeskiedenis gekonsentreer sal word en dat die golfslag van formasie, deformasie en reformasie beklemtoon sal word. Vir die verbondskinders in standerd 8 word die vaderlandse kerkgeskiedenis voorgeskrywe.[1064]

Die 40e Sinode 1979[1065] dui aan dat 'n *handleiding* in die vooruitsig gestel word, nie 'n handboek nie.[1066] Die Sinode[1067] het verder benadruk dat die bedoeling met die handleiding 'n nadere uitwerking van die leerinhoud in die sillabus is. Die handleiding vorm derhalwe 'n onlosmaaklike eenheid met die sillabus ten opsigte van byvoorbeeld skopus, beklemtoning, ens. Die handleiding

---

1059 Notule katkisasiedeputate, 2 Maart 1978, artikel 8.
1060 Notule Katkisasiedeputate, 2 Maart 1978.
1061 Die notule maak melding van 'n bylaag wat handel oor die "Ordeningsbeginsels by die bepaling van die kurrikuluminhoud vir die kategetiese onderrig," maar die bylaag kon nie in die argief opgespoor word nie.
1062 Notule katkisasiedeputate, 2 Maart 1978, artikel 8.2.3.
1063 Notule katkisasiedeputate, 2 Maart 1978, artikel 8.3
1064 Notule, katkisasiedeputate 2 Maart 1978, artikel 8.4.
1065 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, bladsy 445, motivering.
1066 Kyk ook: notule katkisasiedeputate, 13 Maart 1979, artikel 4.3.
1067 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, bladsy 456, en ook notule katkisasiedeputate, 13 Maart 1979, artikel 4.3.2.

word soos volg omskryf:[1068] "Die handleiding dien as hulpmiddel of leidraad by die onderrig uit die Bybel. Dit is dus 'n handleiding by die studie van die Woord van God, belydenis en kerkgeskiedenis." Voordat daar 'n begin gemaak kon word met die handleidings moes eers weer aandag geskenk word aan die taak om aan die kurrikula, sillabusse en lesroosters 'n vaste vorm te laat aanneem.

### 11.3.8 Afhandeling van die sillabusse

Die katkisasiedeputate vir die termyn 1979-1981 het as deel van hulle opdrag gehad die afhandeling van die sillabusse. Ten opsigte van die opstel van 'n gestandaardiseerde sillabus het die 39e Sinode van 1976[1069] besluit: "As toekomsbeleid, in aansluiting by die besluit van die 36e Sinodale Vergadering van 1967, moet 'n gestandaardiseerde sillabus, wat op kategetiesopvoedkundige beginsels gebaseer is, vir elke standerd opgestel word. Sodra sodanige sillabusse vasgestel is, kan skrywers uit die kerkverband hulle boeke daarby aanpas." Die katkisasiedeputate rapporteer aan die 40e Sinode van 1979[1070] dat die gestandaardiseerde sillabusse reeds deur die deputate opgestel is maar dat dit nog nie voor die Sinode gedien het nie.

Op 2 Maart 1977 besluit die katkisasiedeputate[1071] dat die sillabusse nie lukraak of op algemene kennis opgestel kan word nie. Daar moet opnuut 'n studie gemaak word van die sillabusse vir die kategetiese onderrigleer in volledige vakwetenskaplike verband. As dit om onderrigleer gaan, word daar altyd met leerinhoude gewerk wat *uitgesoek*, *georden* en *ingedeel* moet word sodat 'n vasgestelde doel met die onderrigleer bereik kan word. Die sillabusse vir kategetiese onderrigleer in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is byvoorbeeld oor die jare heen nie genoegsaam wetenskaplik begrond en uitgebou op eiesoortige kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategese nie, soos dit uit die ondersoek sal blyk.[1072] Moontlik is daar in die verlede kritiekloos aangesluit by die didaktiek en kindersielkunde wat betref die riglyne vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategese.[1073] Dit word aan drie lede van die katkisasiedeputate opgedra om hierdie werk te doen: di. H.G. Kruger (sr.), B. van der

1068 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.4.2.

1069 Handelinge 39e Sinode, 21 Januarie 1976, artikel 185, punt 3.3.3, bladsy 557.

1070 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, bladsy 456.

1071 Notule Katkisasiedeputate, 2 Maart 1977, Artikel 8.

1072 Handelinge 36e Sinodale Vergadering 1967:548; Handelinge van die 40e Nasionale Sinode 1979:453; Handelinge van die 43e Nasionale Sinode, 1988:137.

1073 De Wet en Coetzee, 1943:45-52, Jooste, 1965:47-52, Handelinge, 36e Sinodale Vergadering 1967:545-549, Van Wyk, 1976:3-27.

- DE WET, C.J.H. & COETZEE, J.Chr. 1943. Die beginsels, metode en geskiedenis van die kategetiese onderwys. Kaapstad : Nasionale Pers.
- JOOSTE, J.P. 1965. Studiegids vir kategetiek. Potchefstroom: Pro Rege.
- VAN WYK, J.H. 1976. Kategetiese onderrig; metodiese riglyne. Potchefstroom : GKSA. Sinodale Deputate vir Katkisasie.

Walt en C.N. van der Merwe. Die konsep van hierdie studie moet gereed wees vroeg in 1978. Sake wat tuishoort op die terrein van die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategese kom aan die orde. Vanuit die prinsipiële begronding kom die deputate tot riglyne vir die leerinhoude en 'n voorbeeld lesblad. Steeds is daar nog nie tot kategetiesgerigte kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude gekom nie. Kriteria waarop die saak van keuring, ordening en indeling van leerinhoude geskied het, ontbreek steeds.[1074]

Die 40e Sinode van 1979[1075] beoordeel die konsep-gestandaardiseerde sillabusse en besluit dat dit as proewe aan die kerke beskikbaar gestel moet word met die oog op kommentaar en dat 'n handleiding aan die hand daarvan opgestel moet word. Deur die tagtigerjare is deputate met hierdie opdrag besig en rapporteer telkens aan die Nasionale Sinodes in hoeverre die werk vorder.[1076]

Op 2 Maart 1978 rapporteer die deputate[1077] insake die gestandaardiseerde sillabusse dat hulle dit as konsep afgehandel het. Die vergadering kom tot 'n samevattende konklusie:[1078]

1. Die sillabusse vir die verskillende afdelings van die werk moet só opgestel word dat dit ook aanwysings vir die kategeet bevat oor hoe die werk met die verbondskinders behandel moet word.
2. Dit moet nie breë verduidelikings en metodieke bied nie, maar slegs die riglyne van hoe die leerinhoud aan die kind oorgedra moet word aan die hand van die Bybel.
3. Ten opsigte van die inhoud van die leerplan moet in gedagte gehou word dat kategeet, ouer, hulp-kategeet en kind dit moet gebruik.
4. Daar moet gedink word aan die moontlikheid dat die sinode 'n predikant vir ses maande beskikbaar kan stel vir voltydse werk aan die sillabusse.
5. Die volgende kommissie word aangewys om die hele saak van die sillabusse in die lig van die kommentaar en bespreking in die deputatevergadering opnuut saam te stel vir die volgende vergadering: di. H.G. Kruger, B. van der Walt, C.N. van der Merwe en prof. dr. J.J. van der Walt.

Die deputate het die werk onderling só verdeel:

---

1074 Later, in 1999, slaag ds. C.N. van der Merwe met 'n Th.M.-verhandeling: 'n Diakoniologiese ondersoek na kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategetiese onderrig in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

1075 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, Artikel 128, bladsy 455.

1076 Handelinge 41e Sinode, 1982:610-613, Handelinge 42e Nasionale Sinode, 1985:480-486, Handelinge 43e Nasionale Sinode, 1988:132-136, Handelinge 44e Nasionale Sinode, 1991:466-471.

1077 Notule Katkisasiedeputate, 2 Maart 1978, artikel 8. di. H.G. Kruger (S), B. van der Walt en C.N. van der Merwe.

1078 Notule Katkisasiedeputate, 2 Maart 1978, artikel 8.5.

- ds. H.G. Kruger – Bybelgeskiedenis: 1e skooljaar tot standerd 2.
- ds. C.N. van der Merwe – Bybelgeskiedenis: standerds 3 – 6.
- ds. B. van der Walt – Bybel (nie-histories): standerds 7, 8 en 9.
- Prof. dr. J.J. van der Walt – Kerkgeskiedenis en die belydenisklas.

### 11.3.9 Kurrikulum, sillabus en lesrooster

Die 40e Sinode 1982 neem in die rapport van die katkisasiedeputate kennis dat die beplanning van 'n doeltreffende lesrooster in drie fases verloop:[1079]

1. Die leerplan of kurrikulum.
2. Die leergang of sillabus.
3. Die lesblad of lesrooster.

- Die Katkisasiedeputate rapporteer aan die sinode dat die beginpunt die ***kurrikulum*** of leerplan is waarin bepaal word watter leerinhoud nodig is om in die kategese die einddoel van rypheid van geloof en aflegging van die geloofsbelydenis te kan bereik. 'n Kurrikulum is 'n plan of program wat uit geselekteerde en geordende leerinhoude saamgestel is vir onderrigleer met die oog op die bereiking van voorafbepaalde doelstellings. Die doel van die kurrikulum is om die weg aan te dui waarlangs geformuleerde doelstellings vir onderrigleer, bereik kan word: dit is leeruitkomste. Die kurrikulum beantwoord die vraag waarom Openbaringsgeskiedenis, Belydenisskrifte, Kerkgeskiedenis o.a. nodige leerinhoud in die kategese is.

- In die ***sillabus*** word uiteengesit wat nodig is om te weet in die afsonderlike vertakkinge van die leerinhoud byvoorbeeld Openbaringsgeskiedenis, Kerkgeskiedenis ens.

- In die ***lesrooster*** word die inhoud van die sillabusse in die afsonderlike vertakkinge van die leerinhoud verdeel, gegroepeer en ingedeel in gebalanseerde, ordelike, praktiese lesperiodes met 'n sekere tydsduur.

- Die leerplan/kurrikulum bepaal ***dat*** 'n aantal leerinhoud nodig is.
- Die leergang/sillabus bepaal ***watter*** leerinhoud nodig is.
- Die lesblad/lesrooster bepaal ***hoeveel*** leerinhoud per les nodig is.

---

1079 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, punt 2.2.2, bladsy 452.

Die 40e Sinode 1982 benoem katkisasiedeputate met 'n duidelike opdrag:[1080]

1. 'n Katkisasielesblad op te stel en te sorg dat dit betyds vir die volgende jaar beskikbaar is by kerkrade.
2. Die konsep-gestandaardiseerde sillabusse vir katkisasie na beoordeling en bewerking so gou as moontlik as proewe aan die kerke beskikbaar te stel met die versoek om betyds kommentaar op die sillabus terug te stuur aan die deputate.
3. 'n Handleiding aan die hand van die konsep-gestandaardiseerde sillabus op te stel en as proef aan die kerke voor te lê met die oog op kommentaar. Die handleiding moet die sillabus so volledig moontlik dek.

Kriteria rakende die **indeling** van kategetiese leerinhoude is belangrik. Die leerinhoude wat ***geselekteer*** en ***georden*** is vir elke jaargroep moet nou ***ingedeel*** word in 'n *lesrooster* aan die hand waarvan die kategetiese onderrigleer kan geskied binne die tydsbestek wat daarvoor beskikbaar is en aan die hand waarvan die handleidings opgestel kan word.

Skematies kan dit só voorgestel word:

Geheel van kennis, vaardighede en waardes wat op die vlak van die kategese **geselekteer** word as leer-inhoude vir die kategese.

↓

Die geselekteerde leerinhoude moet **georden** word vir elke jaargroep van katkisante in die lig van die leeruitkoms van die kategese.

↓

Die geselekteerde en geordende leerinhoude moet nou **ingedeel** word in lesroosters vir elke jaargroep van katkisante vir elke les van die jaar.

Binne die raamwerk van die kurrikulum vir die kategese speel die kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude 'n rol op drie plekke in die ontwikkelingsgang van die kurrikulum:

1080 Handelinge 40e Sinode, 10 Januarie 1979, artikel 128, bladsy 455, besluit.

1. Eerstens speel dit 'n rol op dié punt in die kurrikulumorde waar die **seleksie** van temas gemaak word waardeur die leeruitkomste van die kategese bereik kan word: dit is **seleksiekriteria**. Sonder seleksiekriteria sal daar nie sinvol en verantwoordelik leerinhoude gekies kan word met die oog op die bereiking van die gestelde leeruitkomste nie. Daar kan nie na willekeur en sonder aanwysbare kriteria leerinhoude links en regs gekies word nie. Op so 'n wyse sal die leeruitkomste vir die kategese nooit bereik word nie. Dan verval die kategetiese onderrigleer in 'n doelloosheid.

2. Tweedens speel die kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategese 'n rol op dié punt van die kurrikulumaktiwiteite waar leerinhoude wat vir die temas **gekies** is, **georden** word met die oog op onderrigleer: dit is **ordeningskriteria.** Ordelikheid is 'n voorwaarde vir suksesvolle onderrigleer. Aan die hand van die ordeningskriteria moet die geselekteerde leerinhoude sinvol georden word op 'n wyse wat die bereiking van die leeruitkomste vir die kategese sal waarborg.

3. Derdens speel die kriteria vir die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude vir die kategese 'n rol op dié punt waar die leerinhoude vir die verskillende jaargroepe **ingedeel** word om uitvoerbare lesroosters te vorm: dit is **indelingskriteria**. Die leeruitkomste sal nie bereik kan word as die leerinhoude wat geselekteer en georden is, nie ordelik en sinvol ingedeel is volgens die indelingskriteria nie, met die oog op onderrigleer vir 'n sekere periode.

Hiermee het daar 'n deurbraak gekom vir die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in dié sin dat, vir die eerste keer,daar gehandel word met 'n gemotiveerde kurrikulum, gestandaardiseerde sillabusse en 'n praktiese lesrooster wat op beide die kurrikulum en die sillabusse gebaseer is.

Die Katkisasiedeputate besluit, op hulle eerste vergadering na die sinode van 1979,[1081] die volgende:[1082]

1. Dit word aan ds. B. van der Walt opgedra om die *lesrooster* op te stel.
2. Die werk aan die *sillabusse* en die *handleidings* word opgedra aan: di. C.N. van der Merwe, B. van der Walt en prof. dr. J.J. van der Walt in oorleg met dr. J.L. van der Walt en br. P.C. van der Westhuizen van die departement Opvoedkunde.

---

1081 40e Sinodale Vergadering, 10 Januarie 1979, Notule katkisasiedeputate, 13 Maart 1979.

1082 Notule katkisasiedeputate, 13 Maart 1979, artikel 4.2.

3. Dr. C.J.H. Venter en ds. N.P. Heystek ontvang die opdrag om die hersiening van die *Kategismusboekies* Deel 1 en Deel 2 af te handel.

Met die vergadering van die katkisasiedeputate van 1 Augustus 1979[1083] word die opgestelde sillabusse behandel en goedgekeur. Besluite van die katkisasiedeputate oor die gestandaardiseerde sillabusse is:

1. Die temas van die onderskeie lesse moet só geformuleer word dat die imperatief telkens rus op die heilsindikatief.[1084]
2. Die Bybel-, Psalm- en Skrifberymingversies word aanvaar soos dit in die 1979 lesrooster opgeneem is.[1085]
3. Dit word aan prof. dr. J.J. van der Walt en ds. C.N. van der Merwe opgedra om die konsep-gestandaardiseerde sillabusse ná die vergadering af te rond en dit aan die kerkrade vir kommentaar te stuur.[1086]

Uit die deputate wat deur die Nasionale Sinode benoem is, word 'n kommissie van 3 aangewys om aandag aan die handleidings te skenk, te wete prof. dr. J.J. van der Walt, di. B. van der Walt en C.N. van der Merwe.[1087]
Met sy vergadering van 12 Februarie 1980[1088] besluit die handleidingdeputate dat die verskillende lesse die volgende vorm en indeling sal hê:[1089]
1. Tema.
2. Opdrag in die geheel.
3. Kind se tuiswerk.
4. Riglyne vir die kategeet.
5. Toepaslike bronne, indien nodig.

Op die vergadering van die katkisasiedeputate op 17 April 1980,[1090] lê prof. dr. V.E. d'Assonville 'n konsep voor vir Kerkgeskiedenis: "Kerkgeskiedenis in 30 lesse."[1091] Die

1083 Notule katkisasiedeputate, 1 Augustus 1979, artikel 7.
1084 Notule katkisasiedeputate, 1 Augustus 1979, artikel 7.2.2.
1085 Notule katkisasiedeputate, 1 Augustus 1979, artikel 7.5.1.
1086 Notule katkisasiedeputate, 1 Augustus 1979, artikel 7.6.
1087 Hulle word voortaan die handleidingdeputate genoem.
1088 Notule handleidingdeputate, 12 Februarie 1980.
1089 Notule handleidingdeputate, 12 Februarie 1980, artikel 4.
1090 Notule katkisasiedeputate, 17 April 1980, artikel 3.1.
1091 KERKGESKIEDENIS IN 30 LESSE. 1980. Prof. dr. V.E. d'Assonville. Marnix. Potchefstroom.

vergadering besluit dat die handleiding na opset en inhoud bevredig. Rapporte word verder gehoor insake die vordering van die Bybelgeskiedenis en Openbaringsgeskiedenis.

Die Katkisasiedeputate neem daarna die saak van die handleiding volledig onder oë op grond van die rapport van die handleidingdeputate op 17 September 1980.[1092] Ten opsigte van die *Bybelgeskiedenis en die Openbaringsgeskiedenis* rapporteer ds. C.N. van der Merwe dat die eerste drie skooljare voltooi kon word.[1093] Ds B. van der Walt rapporteer dat 21 lesse van standerd 7 voltooi is en 3 lesse elk van standerds 8 en 9.[1094] Prof. dr. J.J. van der Walt meld aan die vergadering dat die handleiding vir die Belydenisklas voltooi is.[1095]

Wat die *leer van die kerk* betref, word gerapporteer dat vir die kategismussillabus van standerds 2 tot 8 tans nie 'n handleiding beplan word nie. Wat standerd 9 betref, het ds. B. van der Walt 3 lesse as voorbeeld voltooi.[1096]

In verband met die *Kerkgeskiedenis* beveel die handleidingdeputate aan dat die werk van prof. dr. V.E. d'Assonville aanvaar word. Die vergadering besluit:[1097] Die volgende vaste struktuur van 'n *les* word aanvaar:[1098]

1. Algemene tema.
2. Les-temas
3. Lesdoelwit.
4. Opdrag aan die katkisant:
4.1 Lees tuis.
4.2 Vind antwoorde op die volgende vrae.
5. Opdrag aan die kategeet.
5.1 Lees tuis.
5.2 Behandel in die klas.
6. Evaluering.

Ten opsigte van die *afhandeling van die handleiding* word besluit: [1099]

---

1092 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.
1093 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.1.1.
1094 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.1.2.
1095 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.1.3.
1096 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.2.
1097 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.3.
1098 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.5.
1099 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.6.

1. Prof. dr. J.L. van der Walt en dr. P.C. van der Westhuizen (Opvoedkundiges) sal een les uit die sillabusse uitwerk en aan die deputate stuur as voorbeeld en riglyn vir die uitwerk van die res.
2. Die uitwerk van 'n handleiding vir Bybelse leerinhoud word soos volg verdeel:
   - Ds. C.N. van der Merwe – die eerste skooljaar tot standerd 3.
   - Ds. M.J. Booyens – standerds 4, 5 en 6.
   - Ds. B. van der Walt – standerd 7.
   - Ds. N.P. Heystek – standerd 8.
   - Dr. C.J.H. Venter – standerd 9.
   - Prof.dr. J.J. van der Walt sal die handleiding vir die belydenisklas aanpas by die voorgestelde lesstruktuur.
3. Ds. B. van der Walt sal die handleiding vir standerd 9, wat die leer van die kerk betref, voltooi.
4. Prof. dr. V.E. d'Assonville sal gevra word om die kerkgeskiedenislesse ook hiervolgens te voltooi.
5. Prof. dr. J.J. van der Walt en prof. dr. V.E. d'Assonville sal aandag skenk aan die handboek en handleiding vir die kerkgeskiedenissillabus vir standerds 5, 6 en 7.
6. Die skrywers word versoek om die opdragte voor 27 November 1980 af te handel.
7. Die skriba ontvang die opdrag om namens die deputate 'n skrywe te rig aan die kerkrade van die Gereformeerde Kerke Meyerspark (dr. C.J.H. Venter), Andeon (ds. N.P. Heystek), Voortrekkerhoogte (ds. B. van der Walt), Heilbron (ds. M.J. Booyens) en Lydenburg (ds. C.N. van der Merwe) met die versoek dat hulle hul predikante in staat moet stel om vir 3 weke voltyds aan hulle opdrag ten opsigte van die handleiding te werk.[1100]
8. Ds. C.N. van der Merwe sal saam met br. P.S. Steyn, van die Administratiewe Buro, aandag skenk aan die herdruk van die Heidelbergse Kategismus Boek 1 volgens die jongste wysigings.[1101]

Tydens sy vergadering van 14 Oktober 1980[1102] besluit die handleidingdeputate vir die opstel van handleidings vir kategetiese onderrig, wat onderrig met 'n eiesoortige en onvervreembare wese, karakter en doel is. Daar kan nie klakkeloos by die suiwer didakties-onderwyskundige lesstruktuur aangesluit word nie. Duidelik word die keuse gemaak dat 'n besondere lesstruktuur vir die kategese bepaal moet word in die lig van die wese, karakter en doel van kategetiese

---

1100 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 8.6.4.
1101 Notule katkisasiedeputate, 17 September 1980, artikel 9.
1102 Notule handleidingdeputate, 14 Oktober 1980, artikel 3.

onderrig. Die handleidingdeputate het in hulle vergadering nie net bogenoemde besluit geneem nie maar dit ook begrond, soos blyk uit die notule van die vergadering van 14 Oktober 1980.[1103]

Die handleidingdeputate besluit op 14 Oktober 1980[1104] op ingrypende veranderinge ten opsigte van die handleiding. Omdat die resultate van hierdie vergadering 'n deurslaggewende rol speel in die verdere ontwikkeling van 'n handleiding, word dit in meer besonderhede behandel. Allereers word besin oor die probleme en die identifisering van die probleme.[1105]

1. ***'n Lesstruktuur*** vir gebruik in 'n handleiding vir kategetiese onderrig. 'n Besondere lesstruktuur vir die kategese sal bepaal word deur die wese, karakter en doel van kategetiese onderrig.
2. As hulpwetenskap kán die opvoedkunde en die resultate daarvan gebruik word. In hierdie opsig bied die volgende lesstruktuur 'n moontlikheid:
    - Afdelingtema.
    - Les-tema.
    - Lesdoelwitte.
    - Behandeling van die leerinhoude.

   Hierdie indeling sal van betekenis wees vir die kategese, maar dit sal ingepas moet word in die eie aard van die kategetiese onderrig.
3. Wat die kategese betref, moet die volgende in berekening gebring word ten opsigte van kurrikulum, sillabus en lesrooster:

3.1 *Wesenlik* is die kategese amptelike bediening van die Woord van God deur die kerk aan die verbondskinders van die kerk.

3.2 Die kategese dra 'n *amptelike karakter* en die kategeet, die predikant, is die orgaan waardeur die kerk sy amptelike kategetiese roeping volbring.

3.3 Die kategese het *ten doel* om die verbondskinders van die kerk te lei tot die nodige rypheid van geloof, dit wil sê in die kennis van God se Woord as die waaragtige en volkome leer van die saligheid en in die vaste vertroue op God se beloftes, sodat elkeen van sy/haar persoonlike geloof in welbewuste volwassenheid belydenis kan doen binne die gemeenskap van die kerk. Soos by alle bediening van die Woord van God is die doel van die kategese die werking, onderhouding en uitbouing van die geloof van die verbondskinders.

---

1103 Notule handleidingdeputate, 14 Oktober 1980, artikel 3.

1104 Notule handleidingdeputate, 14 Oktober 1980.

1105 Notule handleidingdeputate, 14 Oktober 1980, artikel 3.3-3.5.

4. Omdat die kategese wesenlik amptelike bediening van die Woord van God is, moet *verkondiging* altyd voorop staan. Die Woord van God is die inhoud van die verkondiging of aankondiging (kerugma). Die Woord ***gee*** die boodskap wat in die verbondskind vrugte moet dra.

5. Hierdie waarheid het die volgende riglyne vir die lesstruktuur in kategetiese sin:

5.1 Die Woord ***gee*** die boodskap wat in die verbondskind vrugte moet dra.

5.2 Vanuit die Woord moet tot 'n tema gekom word en nie vanuit 'n vooropgesette tema na die Woord nie.

5.3 Die lesinhoud (Skrifgedeelte) bring 'n bepaalde verkondiging wat uiteindelik saamgevat kan word in 'n geformuleerde tema. Eers moet die Woord spreek dán kan die mens formuleer. "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê" (Openb. 2:7, 11, 17 e.v.). "Luister julle dan na die gelykenis van die saaier" (Matt. 13:18).

5.4 Die les moet só gestruktureer word dat die *verkondiging van die Skrifinhoud aan die kinders* die les ten slotte tematies saamvat.

5.5 Uit die *behandeling van die leerinhoud kom* die tema. Dit is nie aan die hand van die tema wat die leerinhoud behandel word nie. Dit is die ***eis*** wat kategese as verkondiging aan die lesstruktuur stel. Die tema is die *sintese* en kan daarom in die geval van die kategese nie voor die *uiteensetting*, wat *analise* is, kom nie.

5.6 Die verbondskinders moet *uit die Woord* die tema "ontdek" en nie met 'n vooropgestelde tema na die Skrifinhoud gelei word nie. Die vertrekpunt is die Woord van God en nie die tema nie.

6. In die lig van bogenoemde verkenning sal die lesstruktuur van die kategese so wees:

6.1 Skrifgedeelte en opskrif.

6.2 Tuiswerk: Verbondsouer en verbondskind – Lees in die Bybel en vind antwoorde op die volgende vrae.

6.3 Opdrag aan die kategeet: Lees in die Bybel en behandel in die klas.

6.4 Verkondigingsinhoud (tema en doelwit).

6.5 Toets of die kinders *insig* het van die verkondigingsinhoud en toets ook hulle vermoë om wat geleer is, te verantwoord.

Die katkisasiedeputate het ook besin oor die algemene sake van die handleiding en tot die volgende konklusies gekom wat nou saamhang met die suksesvolle voltooiing van die handleidings:[1106]

---

1106 Notule katkisasiedeputate, 27 November 1980, artikel 8.

1. Met die ***vrae*** in die handleiding moet die volgende bereik word:
Dit moet die verbondskind *feitekennis* laat ontdek wat die kategeet later weer in die les kan gebruik. Dit moet die verbondskind *insig* laat ontdek waartoe hyself in staat is. Die antwoorde op die vrae moet nie sonder doel en nut wees nie. Met elke vraag en antwoord moet daar 'n sekere doel bereik word.
2. Wat die ***inhoud van die lesse*** betref, oordeel die deputate dat van die lesse te veel feitekennis het. Dit is bloot net rasionele kennis, nuttelose vrae sonder enige doel, sonder dat dit die hart van die kind raak. Nie *álle* feitekennis is nodig vir geloofsrypheid nie. Die les moet só aangepak word dat dit die *hart* van die kind betrokke maak by die leerinhoud. Die kategese wil die kind met sy hele persoon by die leerinhoud betrek.
3. Ten opsigte van die ***opdrag aan katkisant en kategeet*** word bepaal: Die ***opdrag aan die katkisant*** besit 'n inhoud wat die kind vir homself moet verwerf en toe-eien. Dit moet sodanig wees dat dit in die opdrag aan die kategeet verder gebruik kan word. Die ***opdrag aan die kategeet*** moet kan voortbou op die leerinhoud wat die kind voorberei het. Die opdrag aan die katkisant moet nie net deur die kategeet herhaal word nie. In die *evaluering* moet dit saamgevat en toegepas word.
4. Die ***verhouding kind – ouer – kategeet*** moet duidelik geformuleer word. Die vraag is: Moet die opdrag gesamentlik aan die **verbondsouer** en **verbondskind** gemaak word, of aan die **kategeet** en die **verbondsouer**? Die deputate oordeel dat daar gewaak moet word dat huis- en kerkkatkisasie ineenloop. Die verhouding moet nie só wees dat die werk met die kind tuis deur die ouers behandel word en dan in die katkisasie deur die kategeet ***oor*behandel** word nie. Die verbondsouer moet hoofsaaklik met die kleiner kind besig wees wat nog nie self vir die katkisasieklas kan voorberei nie. Huiskatkisasie het daarom 'n ander inhoud waar ouers met die kind die Bybel en die belydenisskrifte deurwerk. Deur die kinders met hulle katkisasiewerk te help het die ouers nog nie die plig tot huiskatkisasie nagekom nie.

Die deputate oordeel dat in die *opdrag* die verbondskind en verbondsouer byeengebring moet word en dat die kategeet afsonderlik sy opdrag ontvang. In die rapport aan die volgende Nasionale Sinode moet die saak van huiskatkisasie gemeld word met die aanbeveling dat 'n *handleiding vir ouers* oor hierdie saak opgestel en beskikbaar gestel word.

### 11.3.10 Die redaksionele afronding van die konsep-handleiding

Prof. dr. J.J. van der Walt word benoem as eindredakteur van die handleiding. Aangesien dit nie vir prof. Van der Walt moontlik sal wees om elke les van elke jaargroep deur te werk met die oog op redigering en redaksionele goedkeuring nie, word op die volgende werkswyse besluit:

1) Prof. Van der Walt sal 'n aantal voorbeeldlesse uitwerk en aan die verskillende skrywers van die handleiding stuur.
2) Elke skrywer sal aan die hand van die voorbeeldlesse sy eie werk so ver moontlik redigeer en afrond.
3) Die uitgewerkte lesse moet prof. Van der Walt nie later nie as einde Junie 1981 bereik.
4) Met die nodige hulp sal prof. Van der Walt alle lesse finaal afrond en namate die werk stuksgewys voltooi word, sal dit met kommentaar en wysigings aan die skrywers teruggestuur word.
5) Begin November 1981 sal die deputate dan vergader en indien dit nodig is in 'n vergadering van meer as een dag die handleiding gesamentlik finaliseer vir die agenda van die Nasionale Sinode 1982.

Die deputate besluit[1107] dat ten opsigte van die lesopset die uitgangspunt van die *induktiewe metode* tot die *deduktiewe metode* verander word. Die deputate vir katkisasie het op 27 November 1980, na aanleiding van die handleidingdeputate se motivering, besluit dat van die ***deduktiewe*** metode (*wat op afleiding berus*) na die ***induktiewe*** metode (*wat van die besondere tot die algemene kom*) verander word wat die lesstruktuur betref. Daarna gebeur dit dat die deputate in hulle vergadering van 22 Januarie 1981 bogenoemde besluit herroep en die ***induktiewe*** metode laat vaar ten gunste van die ***deduktiewe*** metode sonder 'n motivering wat genotuleer is.[1108]

Volgens die deduktiewe metode sal die struktuur van 'n les so saamgestel wees:

- Skrifgedeelte en opskrif.
- Algemene tema.
- Verkondigingsinhoud (tema en doelwit).

---

1107 Notule katkisasiedeputate, 22 Januarie 1981, artikel 7.2.
1108 Notule katkisasiedeputate, 27 November 1980, artikel 7.2.

- Tuiswerk: verbondskind (en verbondsouer).
- Opdrag aan die kategeet.
- Evaluering.

Wat die tuiswerk betref, stel die deputate dit soos volg:

- Eerste twee skooljare en standerd 1: Verbondsouer en -kind. Die ouer aanvaar die verantwoordelikheid.
- Standerds 2, 3 en 4: Verbondskind en -ouer. Die kind neem die inisiatief.
- Standerds 5 tot 10: Verbondskind alleen.

Die lesse in die handleiding word so geformuleer dat die Godsopenbaring nie alleen in die formulering van die opskrifte duidelik uitkom nie, maar ook in die uitwerk van die les. So word die kind gebring by God van die verbond. Die kind moet God ontmoet soos God Hom in die *Skrifgebeure* openbaar.

Die katkisasiedeputate rapporteer volledig aan die 41ste Sinode[1109] oor die stand van sake rakende die konsep-gestandaardiseerde sillabusse. Die sinode verneem dat die werk nog nie voltooi is nie. Die *motivering* van die katkisasiedeputate is belangrik:

1. Met hierdie opdrag (die opstel van konsep-gestandaardiseerde sillabusse) is 'n nuwe terrein betree met betrekking tot die kategetiese onderrig. Wat beoog is, is nie 'n *handboek* nie maar 'n *handleiding*.
2. Die werk is onder vyf broeders predikante verdeel met prof. dr. J.J. van der Walt as eindredakteur en twee opvoedkundiges as adviseurs te wete prof. dr. J.L. van der Walt en dr. P.C. van der Westhuizen.
3. Die sillabusse is op hierdie wyse drie maal in die gietvorm van die beoogde handleiding geskryf. Telkens is op foute, metode en struktuur verbeter op soek na die ideale en mees doelmatige opset van 'n handleiding.
4. Omdat die werk *deeltyds* deur die skrywers verrig moes word, en heelwat navorsing, studie en toetsing noodsaaklik was, kon 'n bevredigende produk nie betyds afgerond word nie.
5. Die deputate het in die groeiproses tot 'n bevredigende handleiding nou op die punt gekom dat 'n doelmatige lees gevind is waarop die hele handleiding geskoei kan word. Kommentaar van opvoedkundiges (ook uit ander Afrikaanse Kerke) oor enkele proeflesse aan hulle

1109 Handelinge 41e Sinode, 6 Januarie 1982, Artikel 162, bladsy 611, aanvullende rapport, punt D.

voorgehou, is uiters bemoedigend en die oordeel is deurgaans dat die Gereformeerde Kerke 'n reusetree vooruit gegee het met hierdie poging.

6. Die deputate moet dus met spyt aan die Nasionale Sinode[1110] rapporteer dat die opdrag nie voltooi kon word nie. Maar met vrymoedigheid kan gesê word dat sover as wat gevorder is, die produk beter is as enigiets wat die Gereformeerde Kerke nog ter hand gehad het.

Die 41e Sinode 1982 neem met dank en waardering kennis van die goeie gehalte van die werk wat beoog word. Die sinode benoem dieselfde deputaatskap om die opdrag te voltooi. Die sinode bewillig ook die traktement van een predikant vir een jaar sodat die vyf skrywers aan die handleiding elkeen na die mate waarin hy dit nodig het, van sy kerkraad verlof kan vra om die werk *voltyds* af te handel. Die broeders is:

- Ds. C.N. van der Merwe – openbaringsgeskiedenis die eerste skooljaar tot standerd 2.
- Ds M.J. Booyens – openbaringsgeskiedenis standerds 3, 4, 5 en 6.
- Ds B. van der Walt – openbaringsgeskiedenis standerd 7 en geloofsleer standerd 9.
- Ds N.P. Heystek – openbaringsgeskiedenis standerd 8.
- Dr C.J.H. Venter – openbaringsgeskiedenis standerd 9.
- Prof. dr. J.J. van der Walt – sal die handleiding vir die belydenisklas by die voorgestelde lesstruktuur aanpas.
- Prof. dr. J.J. van der Walt en prof. dr. V.E. d'Assonville werk aan die kerkgeskiedenis.
- Prof. dr. J.J. van der Walt sal as eindredakteur optree, en die fakulteit opvoedkunde van die PU vir CHO het aangebied om die handleiding prakties vir *leergeleentheid* te toets.

Die 41e Sinode 1982 dra ook die volgende aan die deputate op:

- Die konsep-gestandaardiseerde sillabusse en die handleiding aan die hand daarvan moet as proef aan die kerkrade vir kommentaar voorgelê word, waarna die deputate dit kan finaliseer.
- Om "'n Handleiding vir Ouers" by huiskatkisasie op te stel en as proef aan die kerkrade beskikbaar te stel.

Die katkisasiedeputate[1111] beplan hulle optrede só dat die twee opvoedkundige adviseurs, prof. dr. J.L. van der Walt en dr. P.C. van der Westhuizen, die reeds uitgewerkte lesse sal neem en 'n aantal lesse uit elke jaargroep sal nasien met die oog op kommentaar. Dié kommentaar sal

1110 Handelinge 41e Sinode, 6 Januarie 1982, artikel 162, bladsy 611
1111 Notule katkisasiedeputate, 25 Maart 1982, artikel 7.

aan die begin van Junie 1982 aan die redakteur, prof. dr. J.J. van der Walt terug besorg word vir sy aandag. Elkeen van die skrywers sal daarna sy eie werk terug ontvang om dit in die lig van die kommentaar te finaliseer. Voorlopig neem die deputate hulle voor om op 22 en 23 September 1982 by die Nooitgedacht-Kampterrein byeen te kom om gesamentlik die finale afronding te doen. 'n Inligtingsbrief word deur die skriba aan alle gemeentes gerig:

1. Aan die kerkrade word verduidelik in hoeverre die deputate met die werk gevorder het en die beoogde datum van voltooiing deurgegee.
2. Kerkrade moet 'n proefeksemplaar van die handleiding vir elke kind volgens ouderdomsindeling bestel.
3. Die katkisasielesblad vir 1983 word opgestel volgens die gestandaardiseerde sillabusse en 15 lesse van elke jaargroep sal betyds wees vir gebruik. Die tweede groep van 15 lesse sal betyds gedurende 1983 beskikbaar gestel word.

In die kring van die katkisasiedeputate het daar 'n gebeurtenis plaasgevind wat byna 'n groot vertraging in die opstel van die handleidings veroorsaak het. Toe die verskillende skrywers van die handleidings op 13 Augustus 1982[1112] in 'n vergadering verslag doen van die werk wat voltooi is, meld ds. M.J. Booyens dat hy die handleidings wat aan hom opgedra is, geskryf het aan die hand van die sillabusse wat in 1978 deur die deputate behandel is. Hy het nie daarmee rekening gehou dat die formulering, orde en indeling van die leerinhoude van die sillabusse op 1 Augustus 1979[1113] deur die katkisasiedeputate gewysig is nie. Hierdie gewysigde sillabusse is aan die kerkrade gesirkuleer en ook deur die sinode van 1982 behandel.[1114] 'n Kommissie ad hoc word aangewys, nl. di. M.J. Booyens, N.P. Heystek en prof. dr. J.L. van der Walt om te kontroleer in hoeverre die handleidings wat ds. M.J. Booyens opgestel het verskil van die sillabusse. Prof. dr. J.L. van der Walt rapporteer dat die kommissie bevind het dat daar nie so 'n groot verskil tussen die handleidings wat ds. Booyens uitgewerk het en die bestaande sillabus is nie. Die verskille is beperk tot enkele lesse. Ds. Booyens willig in om die handleidings vir standerds 3 tot 6 in ooreenstemming met die goedgekeurde sillabusse te wysig. Die vergadering besluit om die kerkraad van Heilbron te versoek om ds. Booyens 'n maand lank vry te stel van alle gemeentelike pligte om die werk af te handel sodat daar nie 'n vertraging is nie. Volgens sinodebesluit[1115] sal die traktement van 1 maand aan Heilbron oorbetaal word.

1112 Notule katkisasiedeputate, 13 Augustus 1982, artikel 7.
1113 Notule katkisasiedeputate, 1 Augustus 1979, artikel 7.
1114 Handelinge 41e Nasionale Sinode, 6 Januarie 1982, artikel 162, bladsy 611, aanvullende rapport, punt D.
1115 Handelinge 41e Nasionale Sinode, 6 Januarie 1982, Artikel 162, bladsy 612, aanvullende rapport, punt D.2.2.

Oor die handleidings besluit die katkisasiedeputate:[1116]

- Die skrywers van die handleidings word versoek om voor die einde van September 1982 persklaar te wees met die eerste 15 lesse van elke klas.
- Ten opsigte van die kerkgeskiedenis-monografieë vir standerd 5 word dit aan die skriba opgedra om prof. dr. V.E. d'Assonville te versoek om dit te skrywe met ds. N.P. Heystek as sekundus.
- Wat die ontstaansgeskiedenis van die belydenisskrifte betref, sal ds. M.J. Booyens dié afdeling in sy publikasie VIR DIE KERKJEUG,[1117] verwerk vir die handleiding in die gekose lesvorm.
- Dit word aan die volgende broeders opgedra om 'n voorwoord/inleiding vir die handleidings te skryf: prof. dr. J.L. van der Walt en drr. P.C. van der Westhuizen en C.J.H. Venter.

Alle stukke moet na voltooiing aan die skriba gestuur word, wat dit in oorleg met br. P.S. Steyn van die Administratiewe Buro sal finaliseer en laat druk. Die kerkraad van Lydenburg sal gevra word om ds. Van der Merwe vir 'n maand los te maak van alle gemeentelike pligte om die werk af te handel sodat daar nie 'n vertraging is nie. Volgens sinodebesluit[1118] sal die traktement van 1 maand aan Lydenburg oorbetaal word.

Die saak van die sillabusse en handleidings kom weer ter sprake in Januarie 1983.[1119] Van die verskillende fasette doen die deputate rapport.

- Wat die kerkgeskiedenis-monografieë betref, het prof. dr. V.E. d'Assonville te kenne gegee dat dit nie meer vir hom moontlik is om dit te skryf nie. Ds. N.P. Heystek as sekundus was in daardie stadium besig met eksamen. Daarop is dr. F.R.P. de Bruyn van Klerksdorp gevra om die monografieë te skrywe vir die einde van Januarie 1983. Die deputate neem in Augustus 1983[1120] kennis dat dr. F.R.P. de Bruyn nie die taak kon voltooi nie. Di. K.A.J. van Rensburg en C.N. van der Merwe (albei van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp) het daarop die oorblywende monografieë geskryf.
- Die handleidings vir die eerste 15 lesse van alle klasse is begin Desember 1982 aan die drukkers oorhandig en behoort in Februarie 1983 gereed te wees vir versending. Die handleidings is onder die titel "Handleiding vir Kategese" beskikbaar gestel. Die werksverdeling ten opsigte van die tweede groep van 15 lesse is soos volg:

---

1116 Notule katkisasiedeputate, 13 Augustus 1982, artikel 7.2.
1117 Ds. M.J. Booyens. 1969. VIR DIE KERKJEUG, Pro Rege-Pers, Potchefstroom.
1118 Handelinge 41e Nasionale Sinode, 6 Januarie 1982, Artikel 162, bladsy 612, aanvullende rapport, punt D.2.2.
1119 Notule katkisasiedeputate, 19 Januarie 1983.
1120 Notule katkisasiedeputate, 30 Augustus 1983, artikel 4.1.

* Openbaringsgeskiedenis 1e skooljaar tot standerd 2: ds. C.N. van der Merwe.
* Openbaringsgeskiedenis standerds 3 en 4 : ds. M.J. Booyens.
* Openbaringsgeskiedenis standerd 5 : ds. N.P. Heystek.
* Openbaringsgeskiedenis standerds 6 & 7 : ds. B. van der Walt.
* Openbaringsgeskiedenis standerd 8 : ds. N.P. Heystek.
* Openbaringsgeskiedenis standerd 9 : dr. C.J.H. Venter.
* Geloofsleer standerd 9 : ds. B van der Walt.
* Kerkgeskiedenis standerd 5 : dr. F.R.P. de Bruyn.

Die keerdatum vir die voltooiing van die handleidings is op 31 Maart 1983 gestel.

Omdat die afhandeling van die handleidings vir die katkisasiedeputate prioriteit is, word aan die broeders gevra om voltyds daarmee besig te wees. Dit word aan die skriba opgedra om aan die kerkrade van Heilbron (ds. M.J. Booyens), Pretoria-Andeon (ds. N.P. Heystek), Klerksdorp (ds. C.N. van der Merwe) en Voortrekkerhoogte (ds. B. van der Walt) 'n skrywe te rig met die versoek dat hulle in oorleg met hulle predikant verlof aan hom toestaan om voltyds aan die afhandeling van die handleidings te werk ooreenkomstig die besluit en reëling van die 41e Nasionale Sinode 1982.[1121] Die voltooide deel 2 van die handleidings van alle klasse is in Julie 1983 na die kerkrade versend.

| |
|---|
| Die heel eerste katkisasie-handleidings is in **1983** voltooi en aan die gemeentes beskikbaar gestel waarna die katkisasiedeputate dadelik met 'n hersiening van die kurrikula, sillabusse en die handleidings begin het. |

## 11.4 Die *hersieningsfase* ten opsigte van die katkisasie-handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1983-1990

### 11.4.1 Die taak van hersiening begin ten opsigte van die 1983 katkisasie-handleidings

Met sy vergadering van 21 Maart 1984[1122] verneem die deputate dat die handleidings uitverkoop is. *Daar word nie voorsien dat die handleidings binne afsienbare tyd hersien en finaal afgehandel kan word nie. Derhalwe sal die bestaande uitgawe maar herdruk moet word.* In opdrag van die vergadering het dr. P.C. van der Westhuizen en ds. C.N. van der Merwe die

1121 Handelinge 41e Sinode, 6 Januarie 1982, artikel 162, bladsy 612, aanvullende rapport, punt D.2.2.
1122 Notule katkisasiedeputate, 21 Maart 1984.

vraelyste voltooi en aan al die kerkrade gestuur. Namate die vraelyste terug ontvang word, sal die antwoorde deur die twee broeders verwerk word.

'n Wetenskaplik verantwoorde vraelys oor die handleiding, sillabusse en lesblad is in Maart 1984 aan alle kerkrade gestuur en die resultate is die volgende:

Van die 290 vraelyste wat aan 290 kerkrade uitgestuur is, is 119 (41%) terug ontvang.

a) Van die 41% antwoorde wat terug ontvang is, kom 55.2% uit die platteland en 44.8% uit stedelike gemeentes.
b) In 62.6% van die gemeentes word die handleiding in alle klasse gebruik.
c) 74.3% gemeentes oordeel dat die handleiding tot 'n verbetering in die katkisasie-onderrig gelei het.
d) By 90,2% van die kerkrade is daar sekerheid dat die handleiding na hulle mening kan help om huisgodsdiens/huiskatkisasie te verbeter.
e) In 56.1% van die gemeentes word op die een of ander wyse opleiding en voorligting aan hulpkategete gegee.
f) 82.1% van kerkrade oordeel dat die lesstruktuur in die handleiding sinvol en verstaanbaar is.
g) Ten opsigte van die moeilikheidsgraad en hoeveelheid van die leerinhoude het 95.7% kerkrade geantwoord dat die hoeveelheid leerinhoude net genoeg is, alhoewel sommige lesse oorlaai is. Vir 81.6% is die werk verstaanbaar genoeg.

Kommentaar op die handleidings vanuit die katkisasiedeputate self word behandel.[1123] Die volgende fasette word bespreek:

1. **Algemene opmerking:**

Die handleidings is te *idealisties*. Daar is té hoog geskiet met die poging. Die deputate sal baie ernstig moet kyk om dit meer prakties te maak asook meer opvoedkundig.

2. **Hoeveelheid leerinhoud**

Die leeropdrag is in 'n groot hoeveelheid van die lesse te veel. Daar sal geselekteer móét word wat die Bybelse leerinhoud betref. As die leerinhoud te veel is, word daar verval in oppervlakkighede. Die leerinhoud is nie altyd te veel om tuis te lees nie, maar dit is te veel om in die duur van die katkisasieklas deur die kategeet behandel te word.

1123 Notule katkisasiedeputate, 30 Augustus 1983, artikel 6.2.

3. **Detail te veel**

Die detail in die meeste lesse is te veel. Die kinders het by die skool ook met Godsdiensonderrig en Bybelkunde te doen. Die omgang van die kind met die Bybel word dan net die absorbering van feite. Dit is kontra-produktief. Daar sal met oordeel gekeur moet word.

4. **Die tema is nie 'n kopstuk nie**

Die tema by 'n katkisasieles is net soos 'n tema by 'n preek. Die tema op sigself moet 'n *waarheid* oordra. Die kind moet ook daarby betrokke wees. 'n Tema is nie 'n blote *kopstuk* nie. Die tema is nie 'n *feit* nie maar 'n *openbaringswaarheid*. Die tema is die aanduiding van wat die *openbaringswaarheid* is wat in die les behandel gaan word.

5. **Formulering van die verkondigingsinhoud**

Ten opsigte van die verkondigingsdoelwitte sal daar opnuut na baie lesse gekyk moet word. Vyf (5) verkondigingsdoelwitte vir een les is te veel en nie prakties moontlik nie. Om die verkondigingsinhoud te vind moet gesoek word na die *leer (dogma)* in die openbaringsgeskiedenis. Die doelwit wat bereik wil word, is die *leer* wat uit die openbaringsgeskiedenis spreek en dan in 'n enkele sin saamgevat word.

6. **Antwoorde word gegee**

In die opdragte of vrae aan die katkisante word in baie lesse die antwoord letterlik in die gedeelte wat vir die kategeet bedoel is, gegee.

7. **Inisiatief kategeet**

Daar word nêrens aangedui dat die kategeet ook eie inisiatiewe aan die dag kan lê by die behandeling van die lesse nie. Dit bly 'n handleiding en nie 'n finale voorskrif nie.

8. **Skriftelike werk**

Die aanduiding van skriftelike toetsing en skriftelike werk moet met groter duidelikheid en goeie oorleg gedoen word. Die praktyk moet voortdurend in gedagte gehou word, naamlik of die nodige ruimte en fasiliteite daarvoor bestaan om skriftelike werk in die klas te doen.

Met die oog op die Nasionale Sinode van 1985[1124] besluit die deputate dat die lesse van 4 klasse as proef van die eindproduk hersien sal word, naamlik1e Skooljaar, standerds 3, 6 en 9. Kommentaar uit die kerkverband sal ook met die hersiening oorweeg word.

## 9. Memorisering van werk in die katkisasieleerplan[1125]

Die deputate beredeneer die saak van memorisering in die katkisasieleerplan en die volgende sake word bespreek:

### 9.1 Blote memorisering skep probleme

- In die kategese is memorisering 'n patroon wat deur Calvyn en Luther in praktyk gebring is. Daarom word daar op twee plekke in die kategese klem gelê op memorisering: Psalms, Skrifberyminge en die Heidelbergse Kategismus.

- Kinders soek antwoorde op vrae selfs in 'n baie vroeë stadium van die lewe. Nou is hulle wel in staat om 'n klomp versies te kan opsê, maar dit spreek nie tot die kind nie. By al die waardering vir die saak van memorisering in die katkisasie bly dit 'n opdrag soos: Leer jou tafels, jy gaan dit een dag nodig kry. Terwyl as die kind die tafels nou leer om dit nou te kan toepas sal heeltemal 'n ander sisteem gevolg moet word. Kategete sal leiding moet ontvang ten opsigte van hóé om die memoriseerwerk aan te bied, in te span en prakties toe te pas.

- Te dikwels gebeur dit dat kinders in die belydenisklas, of selfs na die aflegging van geloofsbelydenis, sê dat hulle nie iets in die katkisasie gekry het waarmee hulle hulle teen andersdenkendes kon verdedig nie. Hulle ken wel al die nodige feite uit die kop uit. Verbatim kan hulle sistematies die kennis weergee, maar hulle kan dit nie organies hanteer nie. Dit is asof die kennis vir hulle nie betekenis het nie.

### 9.2 Nuwe riglyne in hierdie saak

- Calvyn se eerste opstel van die kategismus was nie in die vorm van vraag en antwoord nie. Dit was bloot leerstellig, dogma, didache. Die probleem is egter dat die dogma, soos dit deurkom in die vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus, op 'n te hoë vlak is.

1124 Handelinge 42e Nasionale Sinode, 22 Januarie 1985, bladsy 318.
1125 Notule katkisasiedeputate, 30 Augustus 1983, afrtikel 8.

Die kategismus is 'n tweegesprek tussen kind en dogma. Die voer word egter te hoog opgehang en die kind kan dit nie bykom nie. Daarom het die gedagte ontstaan van, leer nou uit die kop uit, die verstaan sal later kom. Dit is in die kategese nie haalbaar nie.

- As daar met die handleiding daarin geslaag kan word om met Bybelse verkondigingsvorm die kinders by die kern van die feite en kennis te bring, en hulle tot begrip te lei, is die doel bereik. Maar dan sal die werk afgebring moet word na die vlak van die kinders.

- Die kind moet dinge geleer word wat hy daagliks in die praktyk van sy lewe kan toepas.

- Die deputate neem hulle voor om met die volgende vergadering weer prakties na die faset van memorisering te kyk.

Van die deputate stel die vraag of, al is die Heidelbergse Kategismusboeke 1 en 2 pas hersien, dit nie hersien sal moet word vir opname in die handleiding nie. Die volgende redes word aangevoer:

a) Die opset van die twee vraeboekies is opvoedkundig nie reg nie.
b) Plekke waar verkorting van die kategismus plaasgevind het, het ook verandering van die leer ingetree. Die deputate besluit om in die handleiding ook 'n kort uiteensetting van die kategismus te gee. Dit kan die probleem oplos.

### 11.4.2 Die redaksionele afronding van die handleiding

Ten opsigte van die hersiening van die handleidings sal die volgende sake in berekening gebring word:

a) Vanweë die leemtes wat reeds in die sillabusse blootgelê is, sal dit nodig wees om die sillabusse na 'n proeftydperk grondig te hersien.
b) Aan die hand van die hersiene sillabusse en die bestaande handleidings, waarvan die leemtes ook duidelik uitgewys is, sal die finale, afgeronde handleidings voltooi kan word.
c) Die deputate oordeel[1126] dat hierdie opdrag net sinvol en suksesvol afgehandel kan word indien dit deur een geskikte en bekwame persoon gedoen word. Die sinode sal opnuut gevra word om fondse beskikbaar te stel sodat een persoon 'n tydlank voltyds sy aandag hieraan

1126 Notule katkisasiedeputate, 21 Maart 1984, artikel 7.2.3

kan wy. By die sinode sal aanbeveel word dat dieselfde deputate aangewys word om die projek te finaliseer.

Die katkisasiedeputate rapporteer aan die 42e Nasionale Sinode 1985[1127] insake hulle optrede.

1. Die katkisasielesblad is jaarliks opgestel en tot beskikking van die gemeentes gestel.
2. Die proefuitgawe van die katkisasiehandleiding is na 'n kort vertraging in Februarie 1983 aan die gemeentes beskikbaar gestel. Aanvanklik was dit net die eerste 15 lesse van elke jaargroep en die tweede deel is in die tweede helfte van die jaar uitgestuur.
3. Die sinode verneem dat die deputate in die vordering van die werk in kennis en insigte gegroei het, en die volgende tekortkominge in die handleiding reeds geïdentifiseer het:

   Daar is leemtes in die sillabusse gevind ten opsigte van die verspreiding van *leerinhoude*. By die hersiening van die handleiding sal aandag hieraan geskenk word.

   i. Die *leeropdragte* in 'n groot hoeveelheid van die lesse is te veel omdat daar te veel aandag aan besonderhede geskenk is, en dit blyk kontraproduktief te wees.
   ii. In sekere lesse word die tema van die les nog as 'n kopstuk weergegee, terwyl die tema eintlik 'n openbaringswaarheid uit die betrokke Skrifgedeelte moet wees.
   iii. Die opdrag- en evalueringsvrae sal krities hersien moet word.

4. Die deputate is van oordeel dat, met die konsephandleidings, baanbrekerswerk gedoen is, alhoewel dit nog nie gefinaliseer kon word nie. Daar bestaan nog sekere leemtes. 'n Reusetree is vooruit gegee met die metode en die inhoud waarvolgens die handleiding funksioneer, veral om kategeet, kind en ouer weer by die punt te bring waar hulle in voorbereiding en lesaanbieding die Bybel self hanteer.
5. Vanweë die intensiewe werk aan die handleidings kon die deputate nie aandag skenk aan die opdrag van die sinode om 'n handleiding vir ouers by huiskatkisasie op te stel nie.

Tydens katkisasiedeputate se vergadering van 29 April 1986[1128] word gerapporteer oor die hersiening van die kurrikula en sillabusse:

1127 Handelinge 42e Nasionale Sinode, 8 Januarie 1985, artikel 106, bladsy 480.
1128 Notule katkisasiedeputate, 29 April 1986, artikel 3.

1. Prof. dr. J.J. van der Walt rapporteer oor die situasie by die voorskoolse klas en die eerste drie skooljare dat daar enkele wysigings aangebring is aan die bestaande kurrikulum en sillabus vir hierdie jaargroepe. Die susters wat by die opstel van die lesse betrek is, is almal fluks aan die werk.
2. Ds. N.P. Heystek hou die konsepsillabus en 'n voorbeeldles vir standerds 2 tot 5 aan die vergadering voor.
3. Ds. C.N. van der Merwe hou die konsepsillabusse vir standerds 6 tot 8 aan die vergadering voor.
4. Ten opsigte van standerd 9 besluit die vergadering dat die werk vir hierdie standerd die skrifbeskouing en algemene kanoniek sal behels. Aandag sal geskenk word aan die plek en betekenis van die boeke in die Bybel. Die metodiek van Bybelstudie en die gebruik van die besondere kanoniek vir die verband sal behandel word. Prof. dr. J.J. van der Walt en prof. dr. C.J.H. Venter sal aandag skenk aan die uitwerk van die lesse vir standerds 6 tot 9 en ds. C.N. van der Merwe sal as hulp beskikbaar wees.
5. Dit word aan ds. A.L. Coetzer opgedra om die besluit van die Nasionale Sinode van 1942 oor huiskatkisasie oor te werk in die lig van die artikel van prof. dr. C.J.H. Venter wat in Die Kerkblad van 23 April 1986 verskyn het oor ***Huiskatkisasie***

Op 28 Oktober 1986[1129] word verslag gedoen insake die vordering van die handleidings.

1. Prof. dr. J.J. van der Walt rapporteer dat die volgende susters onder sy leiding werk:
   i. Voorskools: sr. Susan Schalekamp.
   ii. 1e Skooljaar: sr. Louize Schalekamp.
   iii. 2e Skooljaar: sr. Hantie van Wyk.
   iv. Standerd 1: sr. Martie Kruger.
2. Onder leiding van ds. N.P. Heystek werk die volgende predikante vir die jaargroepe standerds 2 tot 5: di. Pieter du Plessis, Gert Breed en Jan Venter.
3. Prof. dr. C.J.H. Venter hou van die lesse voor wat vir die jaargroepe 6-8 reeds uitgewerk is. Die vergadering is tevrede met die inhoud daarvan.
4. Prof. dr. J.J. van der Walt en prof. dr. C.J.H. Venter sal die sillabus vir standerd 9 uitwerk.

1129 Notule katkisasiedeputate, 28 Oktober 1986, artikel 3.

Op sy vergadering van 28 April 1987[1130] verneem die deputate dat al die groepe wat besig is met die skrywe van die handleidings fluks aan die gang is. Op 7 Julie 1987[1131] vergader die katkisasiedeputate weer met die oog op die vordering van die handleidings. Van die verskillende klasgroepe is daar proeflesse beskikbaar wat deur die deputate bespreek word. Die skriba sal al die kommentaar skriftelik onder die aandag van die skrywers bring.

### 11.4.3 Finalisering van die handleidings

Die Nasionale Sinode 1985[1132] het dit aan die Katkisasiedeputate opgedra om iemand te benoem om die werk (kurrikula, sillabusse en handleidings) te voltooi, hetsy deur met die departement Diakoniologie te reël, hetsy deur iemand wat dit as studie wil doen met die oog op 'n gevorderde graad, hetsy deur iemand wat dit voltyds kan doen. Die moontlikheid van 'n emerituspredikant moet in gedagte gehou word. Die opdrag van die persoon is:

i. Die sillabusse van die kategese moet sodanig gekontroleer word dat oor die jare opvoedkundig en logies gevorder word, sodat die katkisante al die kennis aangebied word wat nodig is.
ii. Die inhoud van die lesse moet gekontroleer en dan herskryf word, sodat die hoeveelheid, taal, vlak en begripsvermoë tot hulle reg kan kom.
iii. Besondere aandag moet aan die handleiding vir kategete geskenk word wat rekening hou met die feit dat helpers nie noodwendig opvoedkundiges en teoloë is nie.
iv. Namate die werk vorder, moet dit aan die deputate vir katkisasie vir kontrole voorgelê word.
v. 'n Handleiding vir ouers by huiskatkisasie moet opgestel word en as proef aan kerkrade beskikbaar gestel word.
vi. Die sinvolle verdeling van die handleiding, sodat dit vir die kategeet 'n afsonderlike publikasie is, moet oorweeg word.

Die katkisasiedeputate rapporteer aan die sinode dat die moontlikhede hierbo genoem sorgvuldig ondersoek en oorweeg en beoordeel is sodat die aangewese weg om te volg is om die Kuratorium te nader met die versoek dat die professor met hoofopdrag Kategetiek sodanige akademiese verligting ontvang dat dit vir hom moontlik sal wees om die opdrag ten opsigte van

1130 Notule katkisasiedeputate, 28 April 1987, artikel 3.
1131 Notule katkisasiedeputate, 7 Julie 1987, artikel 3.
1132 Handelinge 42e Nasionale Sinode, 8 Januarie 1985, artikel 106, bladsy 485

die sillabusse en handleiding te kan uitvoer. Die versoek van die deputate is om grondige redes nie só deur die Kuratorium bewillig nie. Aanvanklik het die vakprofessor in Kategetiek egter verligting ten opsigte van die doseer van Bybelkunde ontvang om meer aandag aan die opdrag van die sinode te kon skenk. Met die ernstige siekte van prof. dr. J.J. van der Walt kon met bogenoemde reëling egter nie voortgegaan word nie. Die rede waarom die ander aanbevelings nie uitgevoer kan word nie, is die volgende.

i. Die uitwerk van sillabusse en die skryf van die handleiding is van so 'n aard dat dit nie as akademiese projek met die oog op 'n gevorderde graad aangepak kan word nie.
ii. Geen predikant in die bediening sal voltyds aan hierdie projek aandag kán skenk nie.
iii. 'n Emeritus predikant het reeds kontak met die vordering en die praktyk van die kategese en die eise wat die moderne tyd daaraan stel, verloor. Die huidige opset van die handleiding vereis 'n hoë mate van vaardigheid en kennis van die resente ontwikkeling op die gebied van die godsdiens- en kategetiese onderwys.

Derhalwe is die opdrag verdeel tussen drie "redakteurs":

1. Prof. dr. J.J. van der Walt vir die voorskoolse en eerste drie skooljare.
2. Dr. N.P. Heystek vir standerds 2 tot 5.
3. Prof. dr. C.J.H. Venter vir standerds 6 tot 9.
4. Ds. A.L. Coetzer is versoek om die dogmatiese keuring ten opsigte van alle klasse te doen.

Op sy vergadering[1133] van **17 Oktober 1989** het die verskillende redakteurs gerapporteer dat die katkisasiehandleiding vir alle klasse voltooi is en dat voortgegaan word met opdrag om dit te laat druk en aan die kerkrade beskikbaar te stel. Die hersiene handleidings vir alle klasse is in 1990 gedruk en onder die versamelnaam "Ken en vertrou" versprei.[1134] Die katkisasiedeputate het aan die Nasionale Sinode 1991[1135]gerapporteer dat al die sillabusse opgestel is, en die handleidings vir elke klasgroep is voltooi en aan die kerkrade beskikbaar gestel.

Die datum waarop die katkisasie-handleidings voltooi is, kan opgeteken word as ***17 Oktober 1989*** na 'n periode van 19 jaar van ontwikkeling (1970-1989).

---

1133 Notule Katkisasiedeputate, 17 Oktober 1989, artikel 7.
1134 Handelinge 44e Nasionale Sinode, 7 Januarie 1991, artikel 20.3, punt 3.2, bladsy 469.
1135 Handelinge 44e Nasionale Sinode, 7 Januarie 1991, artikel 20.3, bladsy 466.

Die tweede uitgawe van die katkisasie-handleidings is in **1989** voltooi en in **1990** aan die gemeentes beskikbaar gestel, waarna die katkisasiedeputate dadelik met 'n hersiening van die kurrikula, die sillabusse en die handleidings begin het.

## 11.5 Die *vernuwingsfase* ten opsigte van die katkisasie-handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1990-2000

### 11.5.1 Dilemma met navorsingsbronne

Vanaf 1990 bestaan daar geen verdere notule van die katkisasiedeputate in die argief nie en navrae by predikante wat sedert 1990 lede was van die katkisasiedeputate het ook geen notule opgelewer nie. Die navorser is dus vanaf hierdie datum slegs aangewys op die *handelinge van die Nasionale Sinodes,* meer in besonder die rapporte van die katkisasiedeputate aan die Nasionale Sinode en verder ook die *inleidings* voor in die verskillende handleidings. Wat die skrywers van die verskillende handleidings betref, is die navorser ook aangewys op die inskrywings in die gepubliseerde handleidings.

### 11.5.2 Kommentaar op die handleidings

Die katkisasiedeputate vir die periode 1991 tot 1994 het die volgende opdragte van die 44e Nasionale Sinode 1991 ontvang:[1136]

a) Die onafgehandelde sillabusse moet voltooi word, inagneming van die kommentaar wat van die kerke ontvang is.

b) Die sillabusse moet oor die Heidelbergse Kategismus so ingeklee word dat die Heidelbergse Kategismus deel 2 (blou boekie) oor die twee jaar van die standerd 5's en standerd 6'e behandel word, met 'n verdiepende onderrig van die Heidelbergse Kategismus oor die twee jaar van die standerd 7's en standerd 8's terwyl die Heidelbergse Kategismus weer in die standerd 9 jaar saam met die ander belydenisskrifte in verskillende

1136 Handelinge 44e Nasionale Sinode, 7 Januarie 1991, artikel 20.3, punt D.1, bladsy 466.

geloofsleerstellings behandel word. Die deputate se aandag word gevestig op die volgende twee riglyne van die Nasionale Sinode 1967:[1137]

i. "Die geskikte ouderdom om met die belydenisskrifte te begin, is 11 jaar, die begin van die vroeë puberteit".
ii. "Belydenisklas: Tetiese samevatting van belydenisskrifte in behandeling van leerstukke".

c) Dat die handleiding vir kategete en katkisante elkeen as 'n afsonderlike publikasie gedruk word.
d) Die deputate moet ondersoek instel daarna of die handleidings vir katkisante meer ekonomies gepubliseer kan word deur 'n aantal jare se handleidings saam te voeg, byvoorbeeld voorskools tot standerd 2 in een bundel en standerds 3 tot 5 in een bundel.
e) Die deputate kry opdrag om riglyne in die handleidings vir die kategeet te gee om die oorgang van die Ou na die Nuwe Testament organies vir katkisante aan te toon.

Die deputate van die vorige termyn het 'n "riglyn vir toelating tot die belydenisgroep" opgestel. Die riglyn word deur die nuwe deputate afgerond om onder andere die volgende ses sake in te sluit:

i. Die leer van die doop en die doopliturgie.
ii. Die leer van die nagmaal en die nagmaalliturgie.
iii. Die pligte en die voorregte van die amp van die gelowige.
iv. Die besondere ampte en die gepaardgaande ampsgawes.
v. Vaardigheid om aktuele leer- en etiese vraagstukke uit die Skrif te hanteer (Ef. 4:13-14).
vi. Vaardigheid om rekenskap van die eie geloof te gee uit die Skrif (1 Pet. 3:15).

Kommentaar van kerkrade, katkisasiekommissies, kategete en hulp-kategete wat oor die handleidings ontvang is, moet in die handleidings en sillabusse ingewerk word waar dit van toepassing was. In die kommentaar uit die kerke was daar 'n sterk aandrang op 'n vollediger behandeling van die Bybelse geskiedenis. Dit het die deputate laat besef dat die kurrikulum geheel hersien behoort te word. In opdrag om die handleidings ook kurrikulêr te hersien, is 'n kurrikuleringsbyeenkoms gehou onder leiding van prof. dr. S.J.P. du Plessis, van die PU vir CHO, met die oog op die hersamestelling van 'n kurrikulum vir die kategese in die

1137 Handelinge 36e Sinodale Vergadering, 17 Januarie 1967, artikel 180, (f), (ii), aa & ab, bladsy 549.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Op grond van riglyne wat tydens die byeenkoms saamgestel is, is leerinhoude vir die kurrikulum saamgestel. Die memorisering van Psalmversies en/of Skrifgedeeltes is ook in die nuwe kurrikulum opgeneem. Uiteraard sal die handleidings hersien moet word in die lig van die nuwe kurrikula en sillabusse, nadat kommentaar uit die plaaslike kerke ontvang is.[1138]

### 11.5.3 Voortgaande hersiening van handleidings

Die katkisasiedeputate vir die periode 1994 tot 1997 het uiteraard met die hersiening en herbeplanning van die handleidings voortgegaan. Die lede van die deputaatskap het elk as sameroeper opgetree met 'n span kundiges wat die konsephandleidings (vir katkisante en kategete) geskryf het. Die werk is onder die deputate verdeel op grond van die vier hoofafdelings van die kurrikula:

Openbaringsgeskiedenis, die koninkryk van God, die kerk en kerkgeskiedenis en die belydenisskrifte. Tesame met die skryf van die handleidings vir die verskillende klasse is daar voortdurend terugvoer en kontrolering gedoen deur die sameroepers. Skrywers is van kommentaar op hulle werk voorsien aan die hand waarvan hulle skryfwerk hersien moes word. Die deputate rapporteer dat, deur hierdie proses, groei by hulle groei met betrekking tot begrip by hulle plaasgevind het oor verskeie sake.[1139]

a) Begrip het gegroei ten opsigte van wat die inhoud en die samestelling van die handleidings moet wees:
   i. Dat die handleidings vir die katkisant in die vorm van 'n werkboek moet wees.
   ii. Dat die katkisante deur die handleidings begelei moet word om dag vir dag met die Bybel besig te wees.
   iii. Dat die handleidings 'n dikker boek (150 bladsy plus) gaan wees en dus meer gaan kos.
b) Die geweldige omvang van die taak indien dit in diepte gedoen word.
c) Die noodsaak van sentrale (finale) redigering deur 'n teoloog of teoloë.
d) Dat dit vir een persoon onmoontlik is om die redigering alleen te doen, tensy hy 'n tyd lank van ander take onthef word.

---

1138 Handelinge 45e Nasionale Sinode, 3 Januarie 1994, artikel 20.2, bladsy 410.
1139 Handelinge 46e Nasionale Sinode, 6 Januarie 1997, artikel 19.2, bladsy 505.

Nadat die meeste lesse van die skrywers na hersiening ontvang is, is teoloë (predikante) wat hulle in die skryfproses bewys het met hulle ywer en gawes, gevra om, as 'n span, te help met die redigering van die handleidings. Redigering en soms herskrywing is in noue samewerking deur die span gedoen. Plaaslike kerkrade is versoek om hierdie predikante geleentheid te gun om die werk te verrig. Die deputate maak ook bekend[1140] dat daar gebruik gemaak is van opvoedkundiges, 'n drukkersfirma, 'n spesialis-ontwerper en 'n grafiese kunstenaar om die bladuitleg van die handleidings te doen. Opvoedkundiges is versoek om op 'n kontinue basis die inhoud en samestelling van die handleidings te evalueer. Die bevatlikheid van elke les, vir elke ouderdomsgroep, is gekontroleer. Die deputate het in die vooruitsig gestel dat alle handleidings teen die einde van 1997 voltooi sal wees. Kommentaar ten opsigte van die handleidings is ingewag nadat die kerke dit begin gebruik het.

### 11.5.4 Omvangryke rapport aan die Nasionale Sinode

Die katkisasiedeputate van die termyn 1997 tot 2000 het 'n omvangryke rapport aan die 47e Nasionale Sinode voorgehou met die volgende sake as inhoud:[1141]

#### 11.5.4.1 Vorige ondernemings het nie gerealiseer nie.

Aan die 46e Nasionale Sinode 1997[1142] is gerapporteer dat daar beoog word om die handleidings vir "ten minste drie standerds" teen die einde van 1996 voltooi te hê en dat "alle handleidings teen die einde van 1997" voltooi sal wees. Vanweë nuwe lede op die katkisasiedeputate asook gekoöpteerde lede, en deur die deeglike evaluering van die werk wat reeds voltooi is, het die deputate 'n gewysigde rigting ingeslaan. Daar is steeds van die werk wat voltooi is, gebruik gemaak volgens die leerplanne wat deur die sinode goedgekeur is. Daar is wel kleiner wysigings aangebring om byvoorbeeld oorvleueling van Skrifgedeeltes tot die minimum te beperk.

#### 11.5.4.2 Werkswyse

Die katkisasiedeputate het die volgende skryfproses gevolg: 'n Predikant aanvaar verantwoordelikheid vir 'n aantal lesse en vergader 'n span skrywers onder wie opvoedkundiges moet wees, om hom te help met die taak. Die voltooide werk word na 'n redakteur, wat 'n

1140 Handelinge 46e Nasionale Sinode, 6 Januarie 1997, artikel 19.2, punt 2.2.4, bladsy 505.
1141 Handelinge 47e Nasionale Sinode, 10 Januarie 2000, artikel 18.3, punt C, bladsy 358.
1142 Handelinge 46e Nasionale Sinode, 6 Januarie 1997, artikel 19.2, punt 2.2.6, bladsy 505 en punt 2.2.7, bladsy 507.

predikant is, gestuur vir evaluering. Op hierdie wyse is kommentaar gelewer en die lesse na die skrywer teruggestuur vir hersiening. Na die wysigings aangebring is, word dit weer na die redakteur gestuur. Hierdie proses is soveel maal herhaal as wat nodig was om die lesse op die vlak te kry waar die redakteur en die skrywer ooreenkom dat die standaard daarvan aanvaarbaar is. Die voltooide werk word nou na 'n predikant gestuur om dit na te gaan vir dogmatiese korrektheid. Nadat al die nodige kommentaar ingewerk is, word die finale bladuitleg gedoen en die drukkerskopie deur die eindredakteur voorberei. Die finale kopie is daarna aan die drukkers voorsien vir duplisering en bindwerk. Daar is streng daarop gelet dat elke les een hoofgedagte by die katkisant tuisbring, hoewel in drie dimensies, naamlik *kop, hart* en *hand,* of anders gestel, *ken, vertrou* en *doen.* **Ken, vertrou en doen** is ook die oorkoepelende titel van die volledige reeks katkisasie-handleidings.

### 11.5.4.3 Onderhandelings met MEMA

Die katkisasiedeputate het met MEMA[1143] onderhandel oor die moontlike uitgee van die handleidings ook vir breër gebruik. MEMA was bereid daartoe maar wou as voorvereiste verdere insette lewer oor die leerplan. Dit was egter buite die mandaat van die deputate; derhalwe is die onderhandelings gestaak.

### 11.5.4.4 Vordering tot einde Junie 1999

Aan die Nasionale Sinode 2000[1144] rapporteer die katkisasiedeputate insake die vordering met die handleidings tot einde Junie 1999.

i. Wat **grade 1** en **2** betref, word gerapporteer dat die handleidings vir hierdie grade einde 1998 beskikbaar gestel is. Drie handleidings vir elke jaargroep is beskikbaar gestel.
   * 'n Handleiding vir voorbereiding van die les gerig op die ouers en die katkisante.
   * 'n Handleiding vir die kategeet. Dit is van belang om aan te toon dat elke les een deurlopende tema het in die drie dimensies van ken, vertrou en doen. Elke les is soos volg ingedeel: ➡ Lees; ➡ Doelwitte; ➡ Wegspring; ➡ Verkondiging; ➡ Versterking van die hoofgedagte; ➡ Praktykmaking; ➡ Evaluering; ➡ Gebed; ➡ Memoriseerwerk; ➡ Hulpmiddele.
   * Werkboek vir die katkisant.

1143 MEMA = Moderne Evangelisasie Metode in Afrika.
1144 Handelinge 47e Nasionale Sinode, 10 Januarie 2000, artikel 18.3, punt C 2.5, bladsy 359.

ii. Ten opsigte van **graad 3** beoog die deputate om die handleidings teen die einde van 1999 gereed te hê vir publikasie. Dieselfde styl is gebruik soos in die handleidings van grade 1 en 2.

iii. Die deputate werk aan die handleidings vir **graad 4** met die doel om dit te voltooi so na as moontlik aan die einde van 1999. Dieselfde styl is gebruik soos in die handleidings van grade 1 en 2. Twee handleidings word voorberei. Die een handleiding is 'n riglyn vir die ouers en die kinders vir hulle voorbereiding van die lesse. Verder is daar riglyne vir Bybelstudie vir drie tot vier dae. Die handleiding vir die kategeet is in dieselfde styl as dié vir grade 1 tot 3 opgestel.

iv. Die lesse vir **graad 5** is voltooi en die handleidings word deur die eindredakteur verwerk. Die handleidings word aan die einde van 1999 gedruk. Die handleiding vir die kategeet het dieselfde onderafdelings as die vir die vorige jaargroepe.

v. **Graad 6** se handleidings is by die eindredakteur vir afronding. Daar word gepoog om die handleidings einde 1999 te finaliseer.

vi. Vir **grade 7** tot **11** word van verskillende skrywers gebruikgemaak wat elkeen in 'n bepaalde rigting spesialiseer. Hulle is: dr. A.G.S. Venter (Kanoniek); dr. J.M. van Tonder (Kerkgeskiedenis); dr. H.G. Stoker (Sektewese); ds. D. Postma doen die dogmatiese keuring en sr. Ronel Pieterse help met die kategete-handleidings. Daar word goeie vordering gemaak met die handleidings, maar 'n datum vir die verskyning van die handleidings kan nog nie aangedui word nie.

Die Katkisasiedeputate van die termyn 2000 tot 2003 was volstoom besig om die handleidings te voltooi en ook deurlopend te evalueer. Derhalwe was die rapport aan die 48e Nasionale Sinode 2003 kort en bondig:[1145] Met vreugde kon aan die sinode gerapporteer word dat alle handleidings voltooi en aan die kerkrade beskikbaar gestel is. Positiewe kommentaar is by twee geleenthede van die kerkrade ontvang. Alle kommentaar is by die hersiening van die handleidings oorweeg. 'n Byvoeging by elke handleiding word saamgestel om aan kinders 'n geheeloorsig oor die Bybelse geskiedenis te gee.

Die derde en hersiene katkisasie-handleidings is in **2000** voltooi, gepubliseer en aan die gemeentes beskikbaar gestel, waarna die katkisasiedeputate dadelik met 'n hersiening van die kurrikula, sillabusse en die handleidings begin.

1145 Handelinge 48e Nasionale Sinode, 6 Januarie 2003, artikel 18.2, punt E, bladsy 459.

## 11.6 Die *moderniseringsfase* ten opsigte van die katkisasie-handleidings in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 2000-2009

Deur die katkisasiedeputate vir die periode 2003 tot 2006 is daar opnuut baie hard en deeglik gewerk aan die kurrikula en die sillabusse, en die katkisasiedeputate het in die periode 2006-2009 'n reusetree vooruit gegee met die vernuwing van die handleidings en alles wat daarmee gepaard gaan.

### 11.6.1 Werkswinkel te Wapadrant

Die handleidings is opnuut hersien in die lig van kommentaar en volgehoue studie oor die beste metodes. Kommentaar is van gemeentes en individue ontvang en verwerk. Hieruit het geblyk dat daar 'n grondige behoefte aan handleidings bestaan wat veral kinders in grade 1 tot 3 vertroud maak met die lyn van die Openbaringsgeskiedenis. Op 26 Augustus 2006 het die deputate 'n werkswinkel in die Gereformeerde Kerke Wapadrant gehou om die formaat van die nuwe sillabus vir grade 1-3 te bespreek. Konsensus het bestaan oor die sillabus vir die nuwe handleidings. Suster Marieta Reyneke het ingewillig om die handleidings van grade 1 tot 3 te skryf. Die suster beskik oor jarelange ervaring in die onderrig van veral kleiner kindertjies. Elke les is deur die deputate gekeur en daarna dogmaties nagesien deur ds. Chris Hattingh (emeritus).

### 11.6.2 Bosberade September 2007 en Februarie 2008 en kursusse

Gedurende September 2007 en Februarie 2008 is twee suksesvolle bosberade gehou om die lesmetodiek te beplan en te finaliseer. Die voorafgaande drie jaar (2005-2007) is kursusse by gemeentes aangebied. Sinvolle vrae is op die wyse gestel en nuttige wenke het na vore gekom. Een van die wenke was die noodsaak van 'n handleiding vir Kerkgeskiedenis wat nie die omvang en status van 'n handboek het nie. Twee skrywers, naamlik dr JM van Tonder (Krugersdorp-Wes) en ds DF Muller (Buffeldoorns) is genader om die handleiding te skryf.

Die Engelse vertaling van vyf jaargroepe is reeds op CD beskikbaar. Die ander handleidings sal mettertyd ook vertaal word, nadat die hersiening daarvan voltooi is.

'n Gids vir ouers is saamgestel en sal mettertyd aan kerkrade beskikbaar gestel word. In die gids word die belangrike saak van verbondsonderrig benadruk asook die gesamentlike verantwoordelikheid van ouers en die kerk ten opsigte van kategese.

### 11.6.3 Uitgangspunte in die samestelling van die sillabus

Uit die kommentaar wat ontvang is, blyk die noodsaaklikheid om weer kortliks die uitgangspunte in die samestelling van die bestaande sillabus aan alle kerke duidelik te maak. Die volgende 3 beginsels word in berekening gebring:

1. *Beginsel 1*: Ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die geloofsonderrig van hulle kinders
2. *Beginsel 2*: Geloofsonderrig stel God aan die kind bekend deur die Woord
3. *Beginsel 3*: Die doel van die onderrig is om die kind tot kennis, vertroue en uitlewing van die geloof te bring

#### 11.6.3.1 Beginsel 1: Ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die geloofsonderrig van hulle kinders

Uit Deuteronomium 6:4-9 word die volgende duidelik: "*Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.*" In die handleidings word die ouers doelbewus by die onderrig betrek.

#### 11.6.3.2 Beginsel 2: Geloofsonderrig stel God aan die kind bekend deur die Woord

God gee ons hierdie beginsel van die geloofsonderrig in Psalm 78: *Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, (vs. 3) sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het (vs. 4).* Die Here moet in die geloofsonderrig aan die kinders bekendgestel word. Dit word gedoen deur die openbaringsgeskiedenis waarin sy roemryke dade opgeteken is en

waardeur sy mag en wonders na vore kom asook ander gedeeltes waarin sy ewige waarhede en sy wysheid aan ons geopenbaar word.

#### 11.6.3.2.1 Godsopenbaring

Alle lesse, met die uitsondering van grade 1-3, is deur predikante geskryf en is gegrond op deeglike eksegese van skrifgedeeltes. By die skryf van handleidings vir grade 1-3 is die Skrifgedeelte, die tema en die lewenswaarheid aan die skrywer, Marieta Reyneke, verskaf. Die deputate het tydens twee bosberade moeite hiermee gedoen. Telkens is die Godsopenbaring in die gedeelte gesoek en dit moes as goue draad van verkondiging dwarsdeur elke deel van die les loop. Die skrywer het haar lesse aan die redaksie beskikbaar gestel vir voorlopige kommentaar. Die lesse is ook aan die dogmatiese nasiener beskikbaar gestel vir sy kommentaar. Die lesse is daarna aan die deputate vir beoordeling voorgehou en die kommentaar is ook verwerk.
In die handleidings van grade 4-11 is vier afdelings oftewel brandpunte geïdentifiseer waardeur die kind hierin onderrig moet word: ***openbaringsgeskiedenis, kerk, koninkryk en belydenis.*** Hierdie vier lyne[1146] loop deur die hele handleiding. In die laer grade word die meeste van die lesse egter aan openbaringsgeskiedenis gewy, terwyl die ander drie aspekte in die ouer kinders se handleidings meer aandag geniet.

#### 11.6.3.2.2 Openbaringsgeskiedenis

Daar is gepoog om soveel moontlik van die openbaringsgeskiedenis met die kinders te behandel. Sorg is gedra dat dieselfde Skrifgedeelte sover moontlik nie weer en weer gebruik word nie. In grade 1-3 word slegs openbaringsgeskiedenis met die kinders behandel. Die voordeel hieraan verbonde is dat die katkisant in die loop van drie jaar die geleentheid ontvang om die openbaringshistoriese leerinhoud een maal deur te werk. In al drie jaargroepe word die betekenis van die geboorte, lyding, sterwe, opstanding en die hemelvaart van Jesus Christus behandel. Dit geskied dan elke keer vanuit 'n ander evangelie. In die nuwe handleidings vir grade 1-3 is moeite gedoen met *die bevatlikheid van die leerinhoud* vir die kinders. Die handleiding vir grade 1-3 bestaan uit drie boekies per jaargroep, naamlik 'n handleiding vir kategete, 'n handleiding vir ouers en kinders asook 'n werkboek vir kinders.
Die volgende onderafdelings is in die lesmetodiek gevoeg:

---

1146 1) openbaringsgeskiedenis, 2) kerk, 3) koninkryk en 4) belydenis.

**Kategeethandleiding**

a. Die les-tema

b. Lewenswaarheid

c. Skrifgedeelte

d. Inskerping

e. Inleiding

f. Verkondiging

g. Praktykmaking

h. Aktiwiteit (voltooi aktiwiteit in die werkboek)

i. Afsluiting.

**Ouer en kind**

a. 'n Praktiese taak oor die vorige les

b. Les-tema

c. Lewenswaarheid

d. Skrifgedeelte

e. Praktiese wenk

f. Voorbereidingsaktiwiteit.

Daar is ook gelet op die organiese ontvouing van die openbaringshistoriese lyn vanaf grade 4-7. Vanaf grade 4-7 loop die openbaringshistoriese lyn soos volg:

i. **Graad 4**
   Die volgende openbaringshistoriese momente kom aan die orde:
   intog, konings, profete, ballingskap, terugkeer, opstanding, hemelvaart, pinkster en handelinge van die apostels.

ii. **Graad 5**
   Die volgende openbaringshistoriese momente word behandel:
   skepping, sondeval, uittog, deurtog, geboorte, kruisiging, opstanding en hemelvaart.

iii. **Graad 6**
   Die volgende openbaringshistoriese momente word onderrig:
   intog, konings, profete, ballingskap, terugkeer, hemelvaart, uitstorting van die Heilige Gees en handelinge van die apostels.

iv. **Graad 7**

In die graad 7 handleiding word die volgende openbaringshistoriese momente verduidelik:

Die uitstorting van die Heilige Gees, die kerk in Jerusalem, die kies van die sewe manne, die evangelie in Samaria en Seasarea, die evangelie na Afrika, die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde.

#### 11.6.3.2.3 Samevatting

Die openbaringshistoriese lyn word sodoende drie maal met die kinders deurgewerk in grade 4-7. Die behoefte van die onderskeie gemeentes, naamlik om meer met die Bybel te werk, word op hierdie wyse ondervang.

### 11.6.3.3 Geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis

#### 11.5.3.3.1 Geskiedenis tussen die lesse ingevoeg

Om aan die kinders 'n geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis te gee is daar as 'n inleiding tot die lesse 'n opsomming van die geskiedenis tussen twee lesse ingevoeg. Wanneer les 1 byvoorbeeld oor die skepping handel en les 2 oor die sondvloed, is 'n opsomming van die geskiedenis van Kain en Abel as inleiding tot les 2 ingevoeg. Voor in elke handleiding word daar ook 'n diagram gegee waarin die hooftrekke van die hele openbaringsgeskiedenis weergegee word. By elke les is daar ook 'n verkorte diagram. Ouer en kategeet kan dus voortdurend die kind help om 'n geheeloorsig oor die openbaringsgeskiedenis te kry en die kind is deurentyd bewus van waar elke les in hierdie geskiedenis inpas.

#### 11.6.3.3.2 Handleiding vir openbaringsgeskiedenis

'n Handleiding waarin die openbaringsgeskiedenis in 40 bladsye saamgevat is, is deur ds Chris Hattingh saamgestel en is reeds vroeg in Januarie 2006 gepubliseer. Die titel van die boekie is "*Dieselfde God altyd aan die werk*". Die boekie probeer aantoon dat die kosbare krale van God se openbaring van geslag tot geslag en tot in die verre toekoms strek. Hierdie handleiding is spesifiek bedoel vir die onderrig in grade 8 tot 11, sodat die kinders steeds sal groei in kennis van die openbaringsgeskiedenis en dit kan aanvullend tot die huidige handleidings gebruik word. Die gedagtegang van die deputate is om 'n biblioteek van lesse aan gemeentes beskikbaar te stel

sodat gemeentes uit die beskikbare lektuur self kan kies wat tot die meeste opbou in die plaaslike gemeente sal strek.

### 11.6.3.3.3 Kerk (geskiedenis)

'n Handleiding geskryf in die formaat van *'n antieke koerant*, is in Januarie 2009 beskikbaar gestel. Die handleiding bestaan uit ongeveer 60 bladsye en voldoen aan die behoefte van 'n eenheidslyn in die behandeling van die geskiedenis. Die handleiding kan vanaf grade 8-11 gebruik word en afwisselend of aanvullend tot die ander handleidings vir die onderskeie grade gebruik word. Die handleiding bestaan uit twee boekies, naamlik een vir die katkisant en een vir die kategeet. Die handleiding van die katkisant bestaan uit ongeveer twee bladsye per les. Aan die linkerkant word die antieke koerantberig met die oordrag van kennis gegee, terwyl die regterkantste bladsy bestaan uit die selfwerksaamheid van katkisante. Dit is 'n poging om kerkgeskiedenis, ook by jonger kinders, meer aantreklik en aktueel te maak.

### 11.6.3.3.4 Koninkryk

Ten opsigte van die koninkryk van God word verskillende aspekte van die gelowige se lewe jaarliks behandel. In elke jaargroep word 'n nuwe tema aangeraak.

(a) Vir **graad 4** word aktuele sake behandel soos: God maak owerhede sy dienaars en vra gehoorsaamheid van hulle; ons lewe as huisgesin wys die Here regeer ons; die Here verwag ons moet Hom met ons hele hart dien.

(b) In **graad 5** kom aktuele sake onder die loep soos byvoorbeeld: Satan gebruik slegte mense om God se kinders te verlei; Satan vervolg God se kinders; die Here hou ons vas al probeer Satan ons deur swaarkry van Hom skei; die Bybel is die antwoord op die dwaalleer.

(c) Vir **graad 6** is die behandeling van die eerste tot die vyfde gebod as wegwysers vir ons lewe in die koninkryk van God aan die orde.

(d) As opvolging word in **graad 7** die sesde tot tiende gebod as wegwysers vir ons lewe in die koninkryk van God behandel.

(e) Met die **graad 8**-groep word belangrike aspekte verbonde aan die koninkryk van God op indringende wyse behandel: God vervul sy belofte dat Hy 'n Koning vir die Koninkryk sal gee; Jesus as die Koning van God se Koninkryk, is hier; as Koning is Jesus sterker as

die vyande van die Koninkryk van God; in die Koninkryk van God geld: Ons moet ons naaste liefhê; Jesus is as Koning sterker as die dood.

(f) Belangrike aspekte rondom die koms en wederkoms van Christus word in **graad 9** behandel: Jesus bestyg die koningstroon; Christus se koninkryk op aarde; die wyse waarop Jesus regeer; Christus en die owerhede; die wederkoms; Hoe laat ek my lig skyn?

(g) In **graad 10** kom die etiese beoordeling van kardinale sake na vore: kleredrag, sterk drank en dwelms; rolprente en video's; sondagsport; vriende, gesprekke en groepsdruk; musiek en dans; huisgodsdiens, persoonlike godsdiens, Bybelstudie; gesin, ouer, kind; ons leef uit die geloof.

(h) **Graad 11** word tans (2008-2009) hersien.

Predikante is reeds genader om meer lesse hieroor te skryf. Die proses behoort mettertyd voltooi te wees. In hierdie opsig sou die multimedia van besondere waarde kon wees. Die lesse word gevoeg by die bestaande lesse, gedagtig aan die biblioteekstelsel waarna gestreef word.[1147] Indien daar meer lesse beskikbaar gestel word, kan kategete self besluit wat die mees toepaslike brandpunte vir die gemeente is en die leerinhoud dan dienooreenkomstig aanwend.

#### 11.6.3.3.5 Belydenis

Ons glo dat die Godsopenbaring van die Skrif in die belydenis saamgevat moet word. In grade 4 en 5 word net 3 lesse hieraan gewy. In graad 6 word die kind geleer wat 'n belydenisskrif is en watter belydenisskrifte die Gereformeerde Kerke het. In grade 6 en 7 word die hele wet vanuit die kategismus behandel (sien by koninkryk). In graad 7 word Sondae 1-16 behandel. In graad 8, Sondae 17-31 en in graad 9, Sondag 32-52 – met uitsondering van die wet. In Grade 10 en 11 word temas uit die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls behandel.

### 11.6.3.4 Beginsel 3: Die doel van die onderrig is om die kind tot kennis, vertroue en uitlewing van die geloof te bring

Hierdie beginsel is afgelei uit Psalm 78; veral verse 5-8:
"*Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het om dit aan hulle kinders bekend te maak,* ***sodat*** *die volgende geslag dit kan* ***weet,*** *die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle* ***vertroue*** *op God kan*

[1147] Kyk punt 11.5.3.3.2 Die gedagtegang van die deputate is om 'n biblioteek van lesse aan gemeentes beskikbaar te stel sodat gemeentes uit die beskikbare lektuur self kan kies wat die meeste tot opbou in die plaaslike gemeente sal strek.

*stel en die dade van God nie vergeet nie, maar **sy gebooie kan bewaar**, en nie word soos hulle vaders nie, 'n koppige en wederstrewige geslag, 'n geslag met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou was teenoor God nie."*

#### 11.6.3.5 Samevatting

(a) Die handleidings wil die kind tot selfwerksaamheid begelei en ook om die Bybel self te gebruik.
(b) Weereens is die effektiwiteit hiervan grootliks afhanklik van die kind, ouer en kategeet se toewyding.
(c) Kategete kan, veral by ouer klasse, kontroleer of die werk ingevul is en teksgedeeltes wat in voorbereiding tuis nagegaan moes word.
(d) Ouderlinge kan met huisbesoek na die kinders se boekies kyk en sien of die werk gedoen is.

### 11.6.4 Die indeling van die lesse

Vanaf die begin van die ontwikkeling van die katkisasie-handleidings het die deputate ten opsigte van die indeling van die lesse in kennis gegroei. Dit is duidelik sigbaar as die verskillende indelings met mekaar vergelykword:

***Februarie 1980***

1. Tema
2. Opdrag in die geheel
3. Kind se tuiswerk
4. Riglyne vir die kategeet
5. Toepaslike bronne, indien nodig

***September 1980***

1. Algemene tema
2. Les-temas
3. Lesdoelwit
4. Opdrag aan die katkisant:
   4.1 Lees tuis
   4.2 Vind antwoorde op die volgende vrae
5. Opdrag aan die kategeet
   5.1 Lees tuis
   5.2 Behandel in die klas
6. Evaluering

*Oktober 1980*

1. Afdelingtema
2. Les-tema
3. Lesdoelwitte
4. Behandeling van die leerinhoude

*Januarie 1981*

1. Skrifgedeelte en opskrif
2. Algemene tema
3. Verkondigingsinhoud (tema en doelwit)
4. Tuiswerk: verbondskind (en verbonds-ouer)
5. Opdrag aan die kategeet
6. Evaluering

*Junie 1988*

1. Lees
2. Doelwitte
3. Wegspring
4. Verkondiging
5. Versterking van die hoofgedagte
6. Praktykmaking
7. Evaluering
8. Gebed
9. Memoriseerwerk
10. Hulpmiddele

*Januarie 1995*

1. Die les-tema
2. Lewenswaarheid
3. Skrifgedeelte
4. Inskerping
5. Inleiding
6. Verkondiging
7. Praktykmaking
8. Aktiwiteit (voltooi aktiwiteit in die werkboek)
9. Afsluiting

*Uitgawe 2000*

1. Lees
2. Doelwitte
3. Wegspring
4. Verkondiging
5. Versterking van hoofgedagte
6. Praktykmaking
7. Memoriseer
8. Evaluering
9. Hulpmiddele

## 11.7 Afleidings ten opsigte van die beginsels en praktyk van die kategese uit die periode 1970-2009 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

### 11.7.1 Die *ekklesiologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1970-2009

Die uitgangspunt van die katkisasiedeputate en verskillende sinodes, ten opsigte van die kategese, is dat vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die kategese van die begin af wesenlik **kerklike diens** was in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod wat Hom in sy Woord openbaar. Die verbondskinders is in die kerklike gemeenskap ingelyf deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is waardeur die kerk die verantwoordelikheid het om hulle kategeties te onderrig.

### 11.7.2 Die *diakoniologiese faset* ten opsigte van die *wese* van die kategese as *ampsdiens* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009

In die ontwikkeling van handleidings in die plek van handboeke is 'n bewys daarvan dat, diakoniologies gesien, kategese **kerklike diens** is aan die verbondskinders van die kerk deur middel van die **amp.** Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, deur middel van die amp, het die kategese 'n **amptelike karakter**. Dit kom duidelik na vore in die ontwikkelingsgeskiedenis van die handleidings omdat die predikant beskou word as die kategeet terwyl voorsiening gemaak word vir hulp-kategete wat Skrifgetroue handleidings kry om hulle taak mee te verrig.

### 11.7.3 Die *pistologiese faset* ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die periode 1970-2009

Die doelpunt van geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis word as uitgangspunt erken in die ontstaansgeskiedenis van die handleidings. In 2004 slaag 'n student met 'n Ph.D.-Proefskrif[1148] waarin die leeruitkoms van die kategese verbreed en verdiep is teenoor die gebruiklike standpunt dat die kategese die verbondskind tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis bring. Pistologies is die leeruitkoms van die kategese om die verbondskinders van die kerk deur

[1148] KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK. C.N. van der Merwe. 2004.

onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die Woord van God te lei tot *heilsekerheid* en *heilstoe-eiening* en belydenis van geloof.

### 11.7.4 Die *faseologiese faset* ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009

In die ontstaansgeskiedenis van die handleidings is die dooplidmate van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap deur die verbond ingelyf is, waarvan die doop die teken en seël is erken en aangewys as die objekte van die kategese.

### 11.7.5 Die *teosentriese faset* ten opsigte van die *Subjek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009

Die wyse waarop die katkisasiedeputate die kurrikula en sillabusse opgestel het en die skrywers dit in die handleidings uiteengesit het, dien as die bevestiging dat die Drie-enige Verbondsgod die Subjek van die kategese is. As Subjek van die kategese werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Slegs wanneer God Drie-enig self in die kategese teenwoordig is, kan daar sprake wees van suksesvolle kategese (Hand. 2:47, Hand. 3:26, Hand. 4:19-21, Hand. 20:28 en 32, Rom. 10:15, 1 Kor. 3:6-9, 2 Kor. 5:20). In die kategese as verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging moet wat God **gee** (indikatief), wat God **wil** (paraklese) en wat God **beloof** (belofte) aan die verbondskinders bedien word. Kategese is teosentriese onderrigleer en begeleiding. Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en dit trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8). Die inhoud en die doelpunt van die handleidings bewys dat die teosentriese faset van die kategese deur die kerk aanvaar is.

### 11.7.6 Die *didagonale faset* ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009

In die keuse van leerinhoud van die kategese volgens die kurrikula en sillabusse en eventueel die inhoud en samestelling van die handleidings dui daarop dat, vir die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, leerinhoude alles is wat waardevol is om deur middel van onderrigleer aan die verbondskinders te onderrig en waaruit hulle moet leer, sodat hulle tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid en geloofsgehoorsaamheid kan kom met die oog daarop dat elkeen openlik belydenis van geloof kan doen. In hierdie opsig is die **Bybel**, die **kerklike**

**belydenis** en die **kerkgeskiedenis** geselekteer as die enigste leerinhoude vir die kategese. In die praktyk is leerinhoude een van die elemente van die kurrikulum. Die kurrikulum is die plan of program vir onderrigleer wat saamgestel is om sekere doelstellings te bereik. Dit sal blyk dat die leerinhoude van die kategese **geopenbaarde waarhede** (veritates revelatae) is, wat daaraan 'n heel ander karakter gee. In die leerinhoude van die kategese gaan dit om die Godsopenbaring,

God is die oorsprong van alles (Gen. 1 en 2; Rom. 11:36) en Hy het alles kenbaar geskep. Prinsipieel is die oorsprong van leerinhoude te vind in die skeppingswerk van God. Die mens wat na die beeld van God geskep is (Gen. 1:26-27), ontvang die opdrag en roeping om oor die aarde te heers (Gen. 1:28). God het die mens toegerus om die skepping te kan ken en dit is die mens se roeping, sy opdrag om hierop te reageer. God se opdrag aan die mens was om die wêreld te bewoon, te bewerk, te beheers en op te pas (Gen. 1:28; Gen. 2:15). Om sy heerskappy oor die skepping uit te voer was dit van die begin (van die skepping) af noodsaaklik dat die mens die konkretisering van God se wil (wet) in die skepping ontdek en deur ontsluiting tot kennis bring. Die mens as kennende subjek het dus die taak om die kenbare objekte (die werklikheid) deur bepaalde kenhandelinge te verken en te orden. Die werklikheid is geweldig groot en omvangryk en om die mens in staat te stel om 'n kennisgreep, intellektuele greep en vaardigheidsgreep daarop te verkry, word die inhoude wat sin en betekenis vir die student sal hê, geselekteer en in vakke gebundel, wat dan op 'n sistematiese wyse deur onderrigleer aan hulle ontlsuit sal word. Alle leerinhoude is godgegewe, omdat God die oorsprong is van alles wat bestaan (Joh. 1:3, Ef. 3:9, Kol. 1:16-17). Leerinhoude kry hulle bestaan en gestalte deur en uit die skeppingsdaad van God. Buite die skepping van God bestaan daar geen leerinhoude nie.

### 11.7.7 Die *metodologiese faset* ten opsigte van die *metodes* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** van die katkisasie-onderrig. Die vraag moet gestel word: Hoe moet ek die leerinhoude aan die verbondskinders oordra? 'n Metode is 'n handelswyse of 'n werkswyse. Die metode is die pad waarlangs jy stap om die leerinhoude aan die kind oor te dra. Dit is duidelik dat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1970 tot 2009 die **vraag-en-antwoordmetode**, dus die **erotematiese metode**, gebruik is in aansluiting by die Heidelbergse Kategismus. Dit is 'n metode wat gedurende die vroeë Middeleeue sy ontstaan het. Die katkisasieklas verloop dus aan die hand van die **vraag-en-antwoordmetode** Die kategese is derhalwe 'n erotematiese gesprek. Die ouderlinge en predikante het nie in die besonder besin oor metodes vir onderrigleer nie, maar die gebruikmaking van die kategismus, die Kort Begrip, Borstius en ander vraeboekies toon aan dat

die **vraag-en-antwoordmetode** algemeen gebruik is. Dit beteken dat die metode van die kategese aan die een kant die karakter dra van verkondiging (κερύσσω) en aan die ander kant van onderrigleer (διδάσκειν) en leer (μανθάνω). Gesamentlik dra hierdie twee kante van die metode 'n ***dialogiese karakter***. Dit is verkondig en luister; praat en saampraat, vra en antwoord, stelling en motivering, probleem en ontknoping, analise en sintese, uitleg en toepassing, herhaling en oefening, verduideliking en selfwerksaamheid, kennis en insig (wat afhanklik is van die rypingsgraad van die kinders), induksie en deduksie. Hierdie standpunte kom duidelik na vore in die indeling van die lesinhoud in die handleidings. Die klem moet egter val op die **verkondiging** in die onderrigleer. Daarby kan gebruik gemaak word van vraag en antwoord, assosiasie, aanskoulikheid, analise, gesprek, mededeling, aktivering, selfwerksaamheid, betrokkenheid ensovoorts. Die belangrikheid is dat daar deur die kategese met die leerinhoude ingewerk word op die verstand, gevoel en wil van die verbondskind. Die metode moet die opmerksaamheid en konsentrasie van die verbondskinders voed en 'n positiewe atmosfeer in die klas skep. Die metode wat in die handleidings gebruik word, bewerkstellig 'n ontmoeting tussen God en verbondskind. Dit is ook so dat die aard van die leerinhoud bepalend sal wees vir die spesifieke vorm waarin dit aangebied word. Die keuse van 'n metode moet aan die hand van vier vrae geskied. (1) Eerstens moet die verbondskind se ouderdom en bevatlikheidsvermoë in berekening gebring word. (2) Daarna moet gevra word wat die leeruitkoms van die les is. (3) Die derde vraag wat beantwoord moet word, is in watter stadium van die les gaan die metode gebruik word. (4) Laastens moet vasgestel word watter eksterne faktore die keuse van 'n metode kan beïnvloed, soos hulpmiddele wat die kategeet tot sy beskikking sal hê vir die aanbieding van die les, die beskikbare lokaal, die grootte van die klas ensovoort.

### 7.7.8 Die praktykgerigte faset ten opsigte van die *praktyk* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die periode 1970-2009

#### 7.7.8.1 Die praktykgerigte faset van die kategese

Onder die praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word die volgende verstaan: die **tydsduur** wat vir elke les vasgestel is en die **aantal lesse** wat per jaar beplan is; die **lokaal** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan; die **handleidings** en **hulpmiddele** wat tot beskikking van die kategeet is (muurkaarte, skryfbord of blaaibord, oorhoofse projektor, flitskaarte, modelle ens.); die **aantal katkisante** in die klas en of die klas net bestaan uit kinders van dieselfde jaargroep, en of een of meer jaargroepe in een klas saamgevoeg is.

#### 7.7.8.2 Lokale en hulpmiddele

Ten opsigte van doelmatige **lokale** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan en **hulpmiddele** by die aanbieding van die lesse het die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika baie min of geen hulpmiddele, met die uitsondering van die handleidings, aangebied nie. Dit is aan die kerkrade oorgelaat om self daaroor te besluit.

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA 1859 tot 2009

## SAMEVATTENDE KONKLUSIE

Nico van der Merwe

## Hoofstuk 12

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA - 'N SAMEVATTENDE KONKLUSIE


12.1 Inleidend .......... 452

12.1.1 Die fokuspunt .......... 452

12.1.2 Die probleemstelling .......... 452

12.1.3 Die oorkoepelende doelwit .......... 453

12.1.4 Die basiese hipotese .......... 453

12.1.5 Die samevatting .......... 453

12.2 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die wese van die kategese as kerklike diens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009. .......... 453

12.3 Die diakoniologiese faset van die kategese as kerklike diens deur die amp in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 454

12.4 Die pistologiese faset ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 455

12.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die objek van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 457

12.6 Die Teosentriese faset ten opsigte van die Subjek van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 458

12.7 Die didagonale faset ten opsigte van die leerinhoude van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 459

12.8 Die metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die metodes en aanbieding in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 461

12.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009. .......... 462

# Hoofstuk 12

# GESKIEDENIS VAN DIE KATEGESE IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA – 'N SAMEVATTENDE KONKLUSIE

## 12.1 Inleidend

12.1.1 Die ***fokuspunt*** van die onderhawige studie is die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; in besonder die studie op die ontwikkeling van die *kategese* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die gedoopte verbondskinders word as dooplidmate op grond van die genadeverbond kategeties met God se Woord bedien. Omdat die kategese deur die jare heen op 'n bepaalde wyse in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geskied het, kan die historiese verloop daarvan in die besonder bestudeer word. Die *fokuspunt* is die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009.[1149]

12.1.2 Die ***probleemstelling*** waarop in die studie gekonsentreer is, is om op wetenskaplike vlak navorsing te doen en op te teken hóé die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009 ontwikkel het. Die vraag om in hierdie studie te beantwoord is: *Hóé het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in en deur die kategese, in gehoorsaamheid aan God se opdrag, as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer, dit prakties beoefen deur Woord-opening, Woord-ontsluiting, Woord-vertolking* en *Woord-toepassing om die verbondskinders te bring tot heilsekerheid, heilstoe-eiening en geloofsbelydenis?* Om hierdie doel te bereik is die historiese gegewens ten opsigte van kerkkatkisasie opgediep, geïnterpreteer en georden.

1149 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in April 2009 met vreugde en dankbaarheid hulle 150 jaar van bestaan as kerke gevier.

12.1.3 Die ***oorkoepelende doelwit*** van die studie was om na te gaan op watter wyse die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1859 tot 2009 in die kerklike praktyk God se opdrag om verbondskinders te onderrig, nagekom het. Die doel van die studie is daarop gerig om die geskiedenis van die kerkkatkisasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na te vors en op te teken, en nie die fasette van huiskatkisasie en skoolkatkisasie nie. Die oorkoepelende doelwit was die kerkkatkisasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

12.1.4 Ten opsigte van die ***basiese hipotese*** van die studie word besondere aandag geskenk aan die geskiedenis van die kerkkategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009, gesien teen die agtergrond van die geskiedenis van die kategese in die tydperk van die Nuwe Testament tot en met die Nadere Reformasie en die praktykwording van die kategese aan die Kaap, 1652 tot 1858.

12.1.5 Die ***samevatting*** van die proefskrif geskied op 'n ordelike wyse volgens die beginsels van die kategese.

Dit hou die volgende stappe in:

1) Die **Ekklesiologiese faset** ten opsigte van die *wese* van die kategese as *kerklike diens*.
2) Die **Diakoniologiese faset** ten opsigte van die *karakter* van die kategese as *amptelike diens*.
3) Die **Pistologiese faset** ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese.
4) Die **Teosentriese faset** ten opsigte van die *Subjek* van die kategese ons Drie-enige God.
5) Die **Faseologiese faset** ten opsigte van die *objek* van die kategese die gedoopte verbondskind.
6) Die **Didagonale faset** ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese.
7) Die **Metodologiese faset** ten opsigte van die *metode* van onderrig in die kategese.
8) Die **Praktykgerigte faset** ten opsigte van die *praktyk* van die kategese.

Alle aspekte is bespreek teen die agtergrond van die geskiedenis van die kategese in die voorafgaande eeue.

## 12.2 Die ekklesiologiese faset ten opsigte van die *wese* van die kategese as kerklike diens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009

Kategese is volgens die *Ou Testamentiese* verbondsonderrig 'n opdrag van God (Deutr. 6 en Ps. 78). In die *Nuwe Testament*, deur die ontleding van die begrippe κατηχεω en διδασκω, word kategese aangedui as besondere onderrig, betroubare onderrig, spesiale onderrig en amptelike onderrig. In die Nuwe Testament (Luk. 1:4, Hand. 21:21 & 24, Gal. 6:6) word ook 'n opdrag van God ontvang om die verbondskinders uit die Heilige Skrif te onderrig.

Uit die geskiedenis van die kerk in *die eerste tot die elfde eeu* is dit duidelik dat die kategese wat bedryf is, gedoen is as 'n opdrag van die Drie-enige Verbondsgod. Die kategese is nie buite-kerklik bedryf nie. Vanaf die stigting van die kerk as instituut het die kerk die taak opgeneem om die verbondskinders kategeties volgens die vereistes van die Woord van God te onderrig. Die kategese in die Voor-Reformatoriese en die Reformatoriese tydperk was in wese suiwer **kerklike diens.** Die feit dat die Woord van God sentraal geplaas is, maak van die kategese uitsluitlik **diens van die kerk.** Die verteenwoordigers van die kategese in die Nadere Reformasie het kategese *wesenlik* beskou as kerklike onderrigleer aan die verbondskinders van die gemeente.

Vanweë die Nederlandse agtergrond en veral in die lig van die invloed van die Nadere Reformasie is kategese in die Kaapse situasie prinsipieel gesien as **kerklike diens,** alhoewel die praktyk gewys het dat die kategese is aan die skole oorgelaat. Vanaf sy ontstaan in 1859 het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kategese uitsluitlik beskou as **kerklike diens** aan die kerkjeug. Die kinders wat in die verbond opgeneem is, is kinders van God en lidmate van die gemeente, hoewel nog onmondige lidmate. Hulle is kategeties onderrig om soos kinders van God te lewe. Die verbondskinders is in die kerklike gemeenskap ingelyf deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is waardeur die kerk die verantwoordelikheid het om hulle kategeties te onderrig. Dit is nie pligte wat deur die staat of die skool uitgevoer kan word nie. Dit behoort tot die wese van die kategese. Die periode 1970-2009 in die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is gekenmerk deur intensiewe katkisasie-aktiwiteite van die kerk deur middel van die katkisasiedeputate ten opsigte van die ontwikkeling van katkisasiehandleidings in die plek van handboeke. Dit het 'n heel nuwe dimensie ten opsigte van die kategese gebring wat die voorbereiding wat die kinders doen, ten nouste raak.

## 12.3 Die diakoniologiese faset van die kategese is as kerklik diens deur die *amp* in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Diakoniologies gesien blyk uit die geskiedenis van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat dit **kerklike diens** is aan die verbondskinders van die kerk deur middel van die **amp.** Die kerk is `n vergadering van gelowiges waarin Jesus Christus en al sy weldade geniet word en waar daar onder sy heerskappy geleef word. Die **amp** is in Christus, die Koning van die kerk, gewortel en gegee ter wille van die opbou van die kerk waarvan kategese een faset is (Ef. 2:17-22). Die kerk is nie alleen vrug van Christus se diens nie, maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Die amp kom uit Christus. Dit gee aan die kategese `n **amptelike karakter**. Omdat die kategese *kerklike diens* is, is die opdrag ten opsigte van kategese 'n **ampsopdrag**. Dit kan nie geïgnoreer en nagelaat word nie. Hiermee word bepaal dat die bedienaar van die Woord die werklike kategeet in die gemeente is. In hierdie opsig het die Reformatore die voorbeeld gestel aangesien die kategese vir hulle 'n prioriteit in die gemeentelike aktiwiteite was en derhalwe die opdrag aan die predikant. Die **amptelike karakter** van die kategese is in die periode van die Nadere Reformasie konsekwent gehandhaaf. Die Dordtse Sinode was van oordeel dat die kategese beskou moet word as kerklike diens aan die verbondskinders deur middel van die **predikantsamp.** Verder is die **ouderlinge** ook aangewys om die kinders kategeties te onderrig. Hierdie opdrag is ook van toepassing gemaak op die **proponente**, **voorlesers, hoogleraars** en ook **sieketroosters** volgens besluit van die Sinode van Dordtrecht. Vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is daar geen ander onderrigleer waarvan gesê kan word dat dit amptelike onderrigleer is nie. Christus werk instrumenteel deur die amp in en aan sy gemeente, dit beteken dat die predikant die enigste amptelike kategeet is. Christus se diens aan die verbondskinders van die kerk is amptelike diens deur die amp van die kategeet. Alle sake rakende die kategetiese onderrig is in die periode 1859 tot 2009 in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op kerklike vergaderings besluit waar die amp betrokke is.

## 12.4 Die pistologiese faset ten opsigte van die *leeruitkoms* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009.

Die leeruitkoms van die kategese het telkens verskuif in die periode van die eerste tot die elfde eeu. Die leeruitkoms van die kategese is aanvanklik daarin gesien dat volwassenes en kinders onderrig ontvang het met die doel om gedoop te word en so uit die heidendom en Jodedom by die kerk ingelyf te word. Met die opkoms van die kinderkategumenaat is die leeruitkoms van die kategese gesien in die verbondsonderrig van die verbondskinders met die oog op geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis. Anders gestel: Die leeruitkoms van die kategese is die werking, onderhouding en uitbouing van die

**geloof** van die verbondskinders in wat in die verbond **beloof** is. In die Voor-Reformatoriese tydperk was die leeruitkoms van die kategese die aanleer van kennis. Die doel was om kennis te ontvang sodat die verbondskinders kan weet hoe hulle hulle in die kerk moet gedra en hoe hulle die sakramente moet ontvang. In die reformatoriese tyd is die kinders voorberei met die oog op belydenisaflegging en daarna toetrede tot die nagmaal. Die Dordtse Sinode het van die standpunt uitgegaan dat die kategese die middel is waardeur die verbondskinders tot die nagmaal toegelaat word. By verskillende geleenthede is die betrekking tussen kategetiese of kategismusonderrig en die nagmaal vasgelê. Kategese is as die toelatingsfaktor tot die nagmaal beskou.

Die leeruitkoms van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika het baie nou aangesluit by die situasie in Nederland rondom die tyd van die Dordtse Sinode. Uit die beskikbare bronne blyk dit dat van kerkkatkisasie in Suid-Afrika in hierdie periode weinig tereggekom het en dat die onus baie swaar op die skool gelê het vir godsdiensonderrig aan die jeug. Dit gaan om die bevordering van kennis en 'n Godsalige lewenswandel in die lig van die kennis wat opgedoen word. Die leeruitkoms van die kategese is gesien as voorbereiding vir die toelating tot die nagmaal en om toegewyde en gehoorsame mondige lidmaat van die kerk te wees. Die kinders moet goeie Christelike en sedelike gewoontes geleer word.

- Die kategese dra daartoe by dat die prediking verstaan word.
- Deur die kategese moet die kinders leer om die dwaalleer raak te sien.
- Die kategese bring die katkisant by wat troos is en saligheid bied.
- Die kategese leer die kerkjeug om die betekenis van kerklike lidmaatskap (o.a. openbare geloofsbelydenis en deelname aan die Nagmaal) te verstaan.
- Die kategese open die weg tot 'n verantwoorde lewe in die maatskappy – om op die subjektiewe kennis te antwoord deur objektiewe optrede.

Vir die periode 1859 tot 2009 is kategese vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die middel waardeur die verbondskinders gelei is tot aflegging van belydenis van geloof. Die leeruitkoms van die kategese is die werking, onderhouding en uitbouing van die **geloof** van die verbondskinders in wat in die verbond **beloof** is, sodat hulle tot gehoorsaamheid aan die verbondseis van God kan kom. Die leeruitkoms van die kategese trek op 'n brandpunt saam in die geloof van die verbondskinders: hulle ***geloof**sekerheid*, ***geloof**svolwassenheid*, ***geloof**sgehoorsaamheid* en dit verbreed daarna tot ***heil**sekerheid*, ***heil**stoe-eiening* en ***geloof**sbelydenis*.

Hierdie doelpunt van geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid en geloofsbelydenis word bereik deur die werking van God se Gees en Woord in die kategese.

Dit is die Heilige Gees wat 'n opregte geloof in die hart laat ontvlam. Die genade in die verbond word aan die verbondskinders bedien vanuit die Woord van God en hulle word daardeur begelei tot geloof en bekering as antwoord op die verbondsbelofte van God. Die genade in die verbond word aan die verbondskinders bedien vanuit die Woord van God en hulle word daardeur begelei tot geloof en bekering as antwoord op die verbondsbelofte van God.

Die doelpunt van geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid, heilsekerheid en heilstoe-eiening wat uitloop op geloofsbelydenis word as uitgangspunt erken in die ontstaansgeskiedenis van die handleidings vir kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1970 tot 2009.

## 12.5 Die faseologiese faset ten opsigte van die *objek* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

In die eerste 15 eeue van die bestaan van die Christelike kerk het die objek van die kategese van een periode na 'n ander verskil. Aanvanklik was die objek van die kategese volwassenes uit die Jodedom en ook die heidendom wat tot geloof en bekering gekom het en voorberei moes word vir hulle doop en opname in die kerk. Geleidelik het die kinderkategumenaat posgevat sodat die objek van die kategese verskuif het van die proseliete-kategumenaat na die onderrig aan die verbondskinders. Toe is die objek van die kategese gesien as die kinders van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond. Die objek van die kategese is *verbondskinders,* wat lidmate van die *kerk* is, en in wie se harte die **geloof** gewerk word tot volwassenheid, heilstoe-eiening en geloofsbelydenis.

Vir die Reformatore was die objek van die kategese die gedoopte verbondskinders van die kerk. Kategese is die amptelike opdrag van God aan die kerke om toe te sien dat die gedoopte verbondskinders in die kerke deur kategetiese onderrigleer opgroei tot geloofsekerheid, heilsekerheid, heilstoe-eiening en geloofsbelydenis. Die feit dat die kinders gedoop is, is die motivering dat hulle die leeruitkoms van die kategese sal verstaan en dit najaag. Die doop rig die aandag van die verbondskind op die leeruitkoms van die kategese.

van die doop, die Apostolicum en die Pater Noster. In die *Kateecheesis* van Cyrillus kom die vernaamste dogmata, 'n verklaring van die apostolicum en 'n inleiding in die sakramente voor as leerinhoude vir kategese. In die *De Catechizandis Rudibus* van Augustinus is die leerinhoude die geloof, gebed, gebod en die sakramente. Die volle aandag van die kategese val vir Augustinus op die Heilige Skrif as Godsopenbaring.

Didagonaal is die leerinhoude van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk aanvanklik die simbole uit die ou kerk. Daarna het die dekaloog bygekom, wat saamgehang het met die leer van die verdienstelikheid. Die Credo, Dekaloog en Pater Noster was van die vernaamste leerinhoude vir die kategese tot daardie moment. Die Rooms-Katolieke kerk het die 7 sakramente en die Ave Maria bygevoeg. Aan Bybelse geskiedenis is weinig aandag geskenk en aan Openbaringsgeskiedenis geensins nie. Die Waldense, die Broeders des Gemenen Levens, Jan van Zyric, John Wicliff, Johannes Hus en die Boheemse Broeders het die Bybel 'n sentrale plek as leerinhoud vir die kategetiese onderrigleer gestel, ook die Kategismus van Hus, die Raudnitzer Kategismus en die eerste Kategismus van die Boheemse Broeders.

Die Dordtse Sinode het die Heilige Skrif en die Kategismus as die sentrale leerinhoud vir die kategetiese onderrig aangewys. Die Sinode dui aan dat die kategismus deur middel van die kategismuspreek aan die kinders geleer moet word. Die inhoud van die Heilige Skrif is nie by wyse van 'n afsonderlike leerplan onderrig nie; dit het 'n eenheid gevorm saam met die Heidelbergse Kategismus. Vir die kleiner kinders is as leerinhoude die Apostolicum, Dekaloog, Pater Noster en die sakramente aangedui. Vir die meer gevorderde kinders is as leerinhoud gegee die Heidelberger met teksverse en vir die groter kinders die volledige Heidelbergse Kategismus.

Die leerinhoude van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika was eerstens te vind in die *Statebybel* wat gereeld voorgelees is en tweedens die *Heidelbergse Kategismus*. 'n Leerboek vir voorbereiding vir die kategese was die *Kort Begrip* van Faukelius. Die werklike toestand aan die Kaap was dat die kinders in die gereformeerde leer onderrig is, want die "vrae" was die vrae uit die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus, dus onderwysing in die Christelike leer. Die *kategismuspreek* was ook deel van kategese, en die inhoud van die Heidelbergse Kategismus is verduidelik aan die hand van die verklaring van Ursinus of dié van Landsberghius. Deel van leerinhoude was die praktyk dat die kinders "met Schriftuurplaats twee, drie bewijzen" kan gee ten opsigte van die inhoud van die Kategismusvrae. Die kinders moes ook leer om *Psalms* te sing en ook onderrig word in die *Christelike gebede*. In 'n skrywe aan Klassis Amsterdam meld die Kaapse kerkraad dat die kinders in "*de gronden van de goddelijke*

woordig is, kan daar sprake wees van suksesvolle kategese want dán alleen kan die uitkomste van die kategese suksesvol bereik word. Uit God en deur God en tot God is alle dinge, ook die kategese wat Hy die kerk beveel het.

Die Subjek van die kategese is die Drie-enige Verbondsgod wat wedergeboorte en geloof gee. Die Drie-enige Verbondsgod is Subjek van die kategese omdat Hy sy verbondsvolk verkies, die verbond, waarby die kinders ook ingesluit is, met hulle sluit en die verbond vir hulle 'n werklikheid maak in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Kategese is dus teosentriese onderrigleer en begeleiding. Die feit dat die Drie-enige Verbondsgod die Subjek is wat wedergeboorte en geloof gee, maak kategese anders as sekulêre onderwys, waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur aan die jonger geslag oordra. As Subjek van die kategese, werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Kategese is dus **teosentriese onderrigleer** en begeleiding. Met die ontwikkeling van die Rooms-Katolieke dogma is die **kerk,** en in 'n stadium ook die **Pous,** beskou as die subjek van die kategese.

Vir die kerke in die Voor-Reformatoriese periode was dit 'n aanvaarde waarheid dat die Drie-enige God Subjek is van die kategese vanweë en op grond van die uitverkiesing, die verbond en die wedergeboorte. Tydens die Nadere Reformasie is die Drie-enige Verbondsgod as die Subjek van die kategese aangewys. Die kategese is nie 'n menslike instelling nie; dit is verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging volgens wat God aan die verbondskinders **gee** (indikatief), wat God **wil** (paraklese) en wat God **beloof** (belofte). Kategese is teosentriese onderrigleer en begeleiding. Al die Reformatore het geleer dat God die Subjek van die kategese is. Uit die geskiedenis van die wese van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009 is hierdie standpunt steeds dieselfde.

## 12.7 Die didagonale faset ten opsigte van die *leerinhoude* van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

Die leerinhoude wat in die vroeë Christelike Kerke voorkom, is die gebooie, verklaring van die doop en die nagmaal, die Ons Vader, voorskrifte in verband met die gemeente en sy voorgangers. Die derde tot die vyfde eeu is die periode in die geskiedenis van die Kerk waarin die proselietekategumenaat oorgegaan het in die kinderkategumenaat. Die leerinhoud in hierdie periode was die vernaamste dogmata. Dit was eintlik maar net 'n kort weergawe van die Christelike geloof en die konsekwensies daarvan vir die praktiese lewe, asook 'n kort verklaring

van die doop, die Apostolicum en die Pater Noster. In die *Kateecheesis* van Cyrillus kom die vernaamste dogmata, 'n verklaring van die apostolicum en 'n inleiding in die sakramente voor as leerinhoude vir kategese. In die *De Catechizandis Rudibus* van Augustinus is die leerinhoude die geloof, gebed, gebod en die sakramente. Die volle aandag van die kategese val vir Augustinus op die Heilige Skrif as Godsopenbaring.

Didagonaal is die leerinhoude van die kategese in die Voor-Reformatoriese tydperk aanvanklik die simbole uit die ou kerk. Daarna het die dekaloog bygekom, wat saamgehang het met die leer van die verdienstelikheid. Die Credo, Dekaloog en Pater Noster was van die vernaamste leerinhoude vir die kategese tot daardie moment. Die Rooms-Katolieke kerk het die 7 sakramente en die Ave Maria bygevoeg. Aan Bybelse geskiedenis is weinig aandag geskenk en aan Openbaringsgeskiedenis geensins nie. Die Waldense, die Broeders des Gemenen Levens, Jan van Zyric, John Wicliff, Johannes Hus en die Boheemse Broeders het die Bybel 'n sentrale plek as leerinhoud vir die kategetiese onderrigleer gestel, ook die Kategismus van Hus, die Raudnitser Kategismus en die eerste Kategismus van die Boheemse Broeders.

Die Dordtse Sinode het die Heilige Skrif en die Kategismus as die sentrale leerinhoud vir die kategetiese onderrig aangewys. Die Sinode dui aan dat die kategismus deur middel van die kategismuspreek aan die kinders geleer moet word. Die inhoud van die Heilige Skrif is nie by wyse van 'n afsonderlike leerplan onderrig nie; dit het 'n eenheid gevorm saam met die Heidelbergse Kategismus. Vir die kleiner kinders is as leerinhoude die Apostolicum, Dekaloog, Pater Noster en die sakramente aangedui. Vir die meer gevorderde kinders is as leerinhoud gegee die Heidelberger met teksverse en vir die groter kinders die volledige Heidelbergse Kategismus.

Die leerinhoude van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika was eerstens te vind in die *Statebybel* wat gereeld voorgelees is en tweedens die *Heidelbergse Kategismus*. 'n Leerboek vir voorbereiding vir die kategese was die *Kort Begrip* van Faukelius. Die werklike toestand aan die Kaap was dat die kinders in die gereformeerde leer onderrig is, want die "vrae" was die vrae uit die Kort Begrip en die Heidelbergse Kategismus, dus onderwysing in die Christelike leer. Die *kategismuspreek* was ook deel van kategese, en die inhoud van die Heidelbergse Kategismus is verduidelik aan die hand van die verklaring van Ursinus of dié van Landsberghius. Deel van leerinhoude was die praktyk dat die kinders "met Schriftuurplaats twee, drie bewijzen" kan gee ten opsigte van die inhoud van die Kategismusvrae. Die kinders moes ook leer om *Psalms* te sing en ook onderrig word in die *Christelike gebede.* In 'n skrywe aan Klassis Amsterdam meld die Kaapse kerkraad dat die kinders in "*de gronden van de goddelijke*

*waarheden*" ingelei word en dat hulle onderrig word in "*de beginselen van de leer der waarheid*". Ooreenkomstig die bevatlikheid van die kinders is hulle onderrig in die Ons Vader, die Tien Gebooie, die Geloofsartikels, die aand- en môregebed, die gebede voor en na die ete en ook die gewone gebede, en verder die vrae en antwoorde uit die Heidelbergse Kategismus. Dít dui op die volledige kurrikulum wat in die kategese gevolg is in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009, naamlik Bybelgeskiedenis en Openbaringsgeskiedenis, die Heidelbergse Kategismus, Kerkgeskiedenis en geloofsleer.

## 12.8 Die metodologiese faset van die kategese ten opsigte van die *metodes* en aanbieding in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** daarvan. Die vraag moet gestel word: Hoe moet die leerinhoude aan die verbondskinders oorgedra word? Die metodes van onderrigleer in die kategese word nie duidelik vermeld nie. Uit die beskikbare bronne kan die volgende afgelei word: Die metode van kategese in die vroeg-Christelike kerk was prediking; dus mondelinge oordrag. Die onderrigleer was homileties-verklarend en die metode word die analitiese metode genoem. Gedurende die vroeë Middeleeue geskied die onderrigleer volgens die samespraakvorm in vraag-en-antwoord, bekend as die erotematiese metode. In die periode van die latere Middeleeue, vanweë die opkoms van die skolastiek, is tot 'n nuwe metode geraak, te wete die logies-deduktiewe metode. Terselfdertyd het die intellektualisme gelei tot die dialektiese metode. Die elfde eeu word beheers deur die skolasties-tematiese metode en die twaalfde eeu, wat die kenmerk van die nominalisme van Abelardus en Lombardus dra, het die nomisties-moralistiese onderrigleermetode in die praktyk van onderrigleer ontwikkel. Die dertiende en veertiende eeu belewe die mistiek as reaksie teen die strenge skolastiek en die kategetiese metode van dikteer en memoriseer maak plek vir die mistieke metode van meditasie en kontemplasie. Met die opkoms van die biegpraktyk moes die kinders 'n deeglike kennis van die hoofsondes hê en by die biegstoel is die sondes behandel aan die hand van die **vraag-en-antwoordmetode**. Die bieg het dus verloop as 'n erotematiese gesprek.

In die metodiek gaan dit om *oordrag* en nie *voordrag* nie. Daar is sterk nadruk gelê op die geheue van die kinders. Die leerinhoude is die kinders monologies ingeprent en hulle moes dit van buite leer. Dit hang in 'n groot mate saam met die Intellektualisme van die Skolastiek. Hierdeur is die erotematiese metode (vraag-en-antwoordmetode) in die praktyk van die kategese

in die Voor-Reformatoriese tydperk gebruik. Die metode is veral met die oog op die biegonderwys toegepas. Die priester moes, voor die kind toegelaat is om te bieg, hom van die kennis en insig van die kind vergewis en dit is erotematies gedoen.

Met die Sinode van Dordtrecht (1618/1619) se besluit oor die opstel van die verskillende kategismusse, blyk dit dat met die **vraag-en-antwoordmetode** volstaan is. Dit beteken dat die metode van die kategese aan die een kant die karakter dra van verkondiging en aan die ander kant van onderrigleer en leer. Gesamentlik dra hierdie twee kante van die metode 'n ***dialogiese karakter***. Dit is verkondig en luister; praat en saampraat, vra en antwoord, stelling en motivering, probleem en ontknoping, analise en sintese, uitleg en toepassing, herhaling en oefening, verduideliking en selfwerksaamheid, kennis en insig (wat deur al hierdie jare afhanklik was van die rypingsgraad van die katkisante).

Die metodologiese faset van die kategese in die periode 1652 tot 1858 in Suid-Afrika was hoofsaaklik erotematies, vrae en antwoorde. Die kategismuspreek elke tweede Sondag het gedien as verduideliking of uitleg van die besondere Sondagsafdeling van die Kategismus. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika , 1859 tot 2009, is van dieselfde metodes gebruik gemaak. Hoofsaaklik was die erotematiese metode aan die orde. Wat in die jare 1970 tot 2009 verander het, is dat met die gebruik van katkisasie-handleidings selfwerksaamheid van die kinders geverg is ten opsigte van die *werkboek* wat vir elke jaargroep gegee is. Die gevolg was dat die *dialogiese metode* sterk op die voorgrond getree het waar die kategeet die leerinhoud met die katkisant bespreek aan die hand van die werkboek. Die onderrig was nie suiwer vraag-en-antwoorde nie maar **dialogies;** die werk wat voorberei is wat en 'n neerslag in die werkboek vind, word met die katkisante bespreek, waarop hulle van hulle kant, soos hulle voorberei het, dialogies aan die "gesprek" deelneem.

## 12.9 Die Praktykgerigte faset van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009

In die beskikbare bronne is die praktyk van die kategese gedurende die verskillende fases nie pertinent genoem nie. Dit is sake soos: die tydsduur van elke les, die aantal lesse wat per jaar beplan is; die lokaal waarin die kategese plaasgevind het, die hulpmiddele wat gebruik is.

i. Wat die **tyd** van die kategese betref, is as uitgangspunt geneem dat die kategese moet geskied "nae de meeste stichtinghe der gemeenten". Wat in werklikheid in die jare 1652

tot 1858 die geval in Suid-Afrika was en in die praktyk toegepas is, is dat die deursnee kinderkatkisasie die Kategismuspreek was, "op kinderlijke leest geschoeid". Na die preek "wordt dan aangevuld door de recitatie van de vragen en antwoorden". Ten opsigte van die **tydsduur** van die katkisasieklasse is een uur aanbeveel. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 tot 2009 is die tye van die katkisasie gereël volgens die omstandighede van elke gemeente. Soms is die katkisasie voor die erediens gehou en in ander gevalle na die erediens. In die jongste tye is daar gemeentes wat katkisasie laat plaasvind laat Sondagmiddag waarna 'n erediens vir die jeug volg. Elke gemeente het 'n eie reël vir die kategese en daar was nooit 'n kerklik nasionale voorgestelde tyd nie.

ii. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1859 tot 2009 is katkisasieklasse gewoonlik op **Sondae** gehou volgens 'n tyd deur die plaaslike kerkraad gereël. Tog is daar in sommige gemeentes ook in die week katkisasie aangebied variërend van die Maandag tot die Saterdag, afhangende van die plaaslike behoeftes.

iii. Die **lokaal** waarin die katkisasieklas in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika plaasgevind het, was meestal die kerkgebou, dikwels in die konsistorie. Soms het kategese in 'n skoolgebou plaasgevind. Gemeentes wat daartoe in staat was, het katkisasielokale gebou en baie ander het kategese in hulle saalkompleks aangebied.

iv. Wat die **groepsindeling** van katkisasieklasse betref, is daar gedifferensieer tussen die seuns en die dogters, hulle leeftyd en ook hulle stande. Voetius en Cloppenburch was voorstanders daarvan dat die seuns en die dogters afsonderlik van mekaar kategeties onderrig moet word – die meisies Sondagmiddag van 16:00-17:30 en die seuns van 17:30-19:00. Wat **leeftyd** betref, gesien in die lig van die geloofsbelydenis wat al meer op 'n latere leeftyd plaasvind, het 'n behoefte ontstaan aan afsonderlike kategese vir die ouer jeug. Ook **standverskille** het in die indeling van katkisasieklasse 'n rol gespeel. Dit het gebeur dat die kinders van arm ouers kategetiese onderrig in die vroeëre Suid-Afrikaanse situasie, 1652 – 1859, afsonderlik ontvang het.. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se katkisasie van 1859 tot 2009 is die groepe ingedeel volgens die grade waarin die kinders in die skool ingedeel was. Daar is geen ander indelingsprinsiepe toegepas nie. Selfs kinders wat verstandelik minder begaafd is, word in die "klasgroep" geakkomodeer.

